

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE  
GEREFORMEERDE KERKE IN DIE GOUDVELD (1946 – 1961): 'N HISTORIESE  
PERSPEKTIEF

deur

JAMES GEORGE GILLMER

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die  
graad Philosophiae Doctor in die Fakulteit Teologie (Afdeling B).

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

PROMOTOR: PROF. J. W. HOFMEYR

MEI 2005

INHOUDSOPGAWE

	Voorwoord	i - ii
1.	Inleiding	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Historiese aard en omvang	2
1.3	Die mynbou-ontwikkeling in die Goudveld	4
1.3.1	Ontwikkeling en uitbreiding van die mynbousektor	6
1.3.2	Die kulminasie van die kerklike raamwerk	7
1.4	Die historiese rol in die navorsing	8
1.4.1	Metodologie	9
1.5	Doel van die ondersoek	10
1.6	Verloop van die ondersoek	11
1.7	Historiese opstelling	12
	<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>14</b>
	<b>DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN WELKOM EN DIE GOUDVELD MET 'N KORT VERWYSING NA BEPAALDE KERKE SE VROEË ROL</b>	<b>14</b>
1.	Inleiding	14
1.1	Die ontstaan van Welkom	15
1.2	Redes vir Welkom se ontstaan	20
1.3	Die ontwikkeling van plaaslike bestuur	24
1.4	Die beplanning van Welkom	26
1.4.1	Die beplanning van die dorp	26

1. 4. 2	Funksionele gebiede	30
1. 4. 3	Thabong	32
1. 5	Die sosio-kulturele en opvoedkundige aspekte	38
1. 6	Die kerk as belangrike infrastruktuur in die beginjare	47
1. 7	Interpretatief en gevolgtrekking	49
1. 7. 1	Interpretasie	49
1. 7. 2	Gevolgtrekking	53
	<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>55</b>
..	<b>DIE VROEË BEDIENING VAN DIE N. G. KERK IN DIE GOUDVELD</b>	<b>55</b>
2.	Die bearbeiding van lidmate deur die Moedergemeente van Odendaalrus	55
2. 1	Agtergrondskets van die gemeente	55
2. 2	Die leraars van die moedergemeente	57
2. 3	Die oprigting van die bestaande kerkgebou	61
2. 4	Die aanvanklike totstandkoming van die goudmyne	62
2. 5	Die afstigting van gemeentes	70
2. 5. 1	Afstigting van Welkom	70
2. 5. 2	Afstigting van Virginia	77
2. 5. 3	Afstigting van St. Helena	83
2. 5. 3. 1	Enkele herinneringe uit die eerste jare van die gemeentelike lewe	87
2. 5. 3. 2	Enkele grepe uit die tyd van ds. H. M. De Vos	88
2. 5. 4	Afstigting van Dagbreek	89

HOOFSTUK 3	94
DIE LATERE BEDIENING VAN DIE N. G. KERK IN DIE GOUDVELD	
3. Afstigting van die gemeente Odendaalsrus-Oos	94
3. 1. Die beroep van 'n leraar	95
3. 2 Afstigting van die gemeente Bedelia	100
3. 3 Afstigting van Allanridge	105
3. 4 Afstigting van Harmonie	112
3. 5 Die stigting van Reitzpark	121
3. 6 Interpretatief en gevolgtrekking	126
3. 6. 1 Interpretasie	126
3. 6. 2 Gevolgtrekking	128
HOOFSTUK 4	130
DIE GEREFORMEERDE KERK VAN ODENDAALSRUS SE AANVANKLIKE BEARBEIDING IN DIE GOUDVELD	
4. Die Moedergemeente se bearbeiding van lidmate in Odendaalsrus	130
4. 1 Agtergrondskeits	130
4. 2 Die periode van afstigting 1933 – 1961	133
4. 3 Die ontdekking van goud	136
4. 4 Omvangryke arbeidsveld	138
4. 5 Die versoek van Welkomwyke om afstigting	141
4. 5. 1 Die eerste leraar vir die gemeente	143

4. 5. 2	Die kerkgebou	146
4. 6	Die predikante se herinneringe van die gemeente	149
4. 6. 1	Ds. J. van Rooy (1933 – 1942)	149
4. 6. 2	Ds. J. L. Vorster (1942 – 1944)	149
4. 6. 3	Dr. B. J. de Klerk (1944 – 1945)	149
4. 6. 4	Dr. J. M. De Wet (1946 – 1948)	149
4. 6. 5	Ds. P. W. Buys (1948 – 1950)	149
4. 6. 6	Ds. D. F. Malan (1950 – 1953)	150
4. 6. 7	Dr. B. Duvenhage (1953 – 1958)	150
4. 6. 8	Dr. L. S. Kruger (1958 – 1962)	151
4. 7	Welkom as selfstandige gemeente	151
4. 8	Die afbrand van die kerkgebou	157
4. 9.	Die stigting van Virginia-gemeente	159
4. 10	Interpretatief en gevolgtrekking	166
4. 10. 1	Interpretasie	166
4. 10. 2	Gevolgtrekking	167
	<b>HOOFSTUK 5</b>	<b>169</b>
.	<b>DIE NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA SE SE BETROKKENHEID IN DIE BEGINJARE IN DIE GOUDVELD</b>	<b>169</b>
5.	Die bearbeiding van lidmate in St. Helena omgewing	169
5. 1	Agtergrondskeits	169
5. 2	Die stigting van die gemeente	169

5.3	Die eerste leraar word beroep	171
5.4	Die stryd om finansies	172
5.5	Sosiaal-maatskaplike en kerklike aangeleenthede	176
5.6	Kerkpersele en aanverwante sake	181
5.7	Verkiesing van kerkraadslede	187
5.8	Afstigting van Allanridge	189
5.8.1	Die redes vir afstigting	190
5.8.2	Die verkiesing van kerkraadslede	191
5.9	Die aangeleentheid van kerkeiendom	192
5.10	Die kombinasie van gemeentes	194
5.11	Beroep van 'n leraar vir die kombinasie-gemeentes	195
5.12	Algemene sake en aktiwiteite van die gemeente	196
5.12.1	Bydraes van lidmate	196
5.12.2	Erediensgeriewe	197
5.12.3	Fondsinsameling vir nie-gemeentelike doeleindes	198
5.12.4	Huisbesoek	198
5.12.5	Sondagskool	199
5.13	Afstigting van Odendaalsrus	199
5.13.1	Die redes vir afstigting	200
5.13.2	Die kerkraadslede	200
5.14	Kombinasie van gemeentes	200
5.14.1	Beroep van eerste leraar	201
5.14.2	Bouplanne van die kerk	201

5. 14. 3 Erediensgeriewe	201
5. 14. 4 Konsolidasie van fondse	201
5. 14. 5 Evangelisasie	201
5. 14. 6 Balletdanse	202
5. 14. 7 Statistiese gegewens	202
5. 14. 8 Dankbetuiging	202
5. 15 Die stigting van Virginia-gemeente	203
5. 15. 1 Die redes vir afstigting	203
5. 15. 2 Boukommissie	204
5. 15. 3 In kombinasie	204
5. 16 Die beroep van eerste leraar	205
5. 16. 1 Finansiële komitee en enkele administratiewe ampte	207
5. 16. 2 Erediensgeriewe	208
5. 16. 3 Kerkgrond	209
5. 16. 4 Verkiesing van kerkraadslede	201
5. 16. 5 Die amp	211
5. 16. 6 Stigting van Jeugvereniging	212
5. 16. 7 Nederduitse Hervormde Sustersvereniging	212
5. 16. 8 Die Sondagskool	213
5. 16. 9 Wyksfunksie	214
5. 17 Interpretatief en gevolgtekking	214
5. 17. 1 Interpretasie	214
5. 17. 2 Gevolgtrekking	216

	HOOFSTUK 6	219
	‘N KORT OORSIG OOR DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK MET VERWYSING NA DIE GEMEENTE VAN WELKOM	219
6.	Agtergrond	219
6. 1	Die aanloop: D. J. J. de Vos	219
6. 2	Die vroeë stadium van sy lewe	219
6. 3	Sy voorbereiding vir die bediening	221
6. 4	Sy bediening	222
6. 4. 1	As predikant in Durban	223
6. 5	Polarisasie tot breekpunt	224
6. 6	Die stigting van die Evangelies-Gereformeerde kerk in Welkom	227
6. 7	Interpretatief en gevolgtrekking	230
6. 7. 1	Interpretasie	230
6. 7. 2	Gevolgtrekking	231
	HOOFSTUK 7	234
7.	SLOTSOM EN FINALE GEVOLGTREKKINGS	234
7. 1	Inleidend	234
	Bibliografie	241
	Opsomming	259
	Summary	261



## VOORWOORD

Dit is met die oog op die afhandeling van die ondersoek dat ek ons hemelse Vader in die besonder wil dank vir Sy hulp en onderskraging wat Hy aan my deur die jare verleen het.

‘n Woord van dank ook aan my promotor prof. J. W. Hofmeyr vir sy bekwame en insiggewende leiding op wetenskaplike wyse wat vir my as onvervangbare lig in my ondersoek gedien het.

Die verskillende argiewe soos die Nederduitse Gereformeerde Kerkargief in Bloemfontein; die Gereformeerde Kerkargief in Potchefstroom; die Nederduitse Hervormde Kerkargief in Pretoria het ongetwyfeld ‘n onmiskenbare rol vervul vir die inligting wat nagevors is. Die argivarisse soos mev. J. Botha van die Gereformeerde Kerkargief en mev. Christa Botes van die N. G. Kerkargief, sowel as mnr. Nandor Sarkady van die Hervormde Kerkargief in Pretoria het almal op ‘n besondere wyse hulp verleen. Ook my dank aan mev. M. S. Coetzee vir die toestemming wat sy aan my verleen het om die argief te kon besoek. Eweseer my dank aan die Openbare Biblioteke van Welkom, Bloemfontein en Johannesburg vir hulle samewerking.

Desgelyks aan al die verskillende persone wat bereid was om hulle inligting regstreeks of onregstreeks met my te deel. Derhalwe ook aan die predikante van die onderskeie kerke en gemeentes wat hulle samewerking vir die verkryging van plaaslike gemeentelike inligting moontlik gemaak het. In dieselfde mate ook die kerkkantore se bereidwilligheid om alle beskikbare relevante inligting tot my beskikking te stel. Desgelyks mag ek ook nie my dank aan die skriba's van die bepaalde kerke en gemeentes nalaat vir hulle hulp in die een of ander verband van my ondersoek nie.

Ek bedank ook die respondente met wie ek onderhoude gevoer het. Afgesien van sommiges se druk programme het hulle nogtans die onderhoude met groot bereidwilligheid toegestaan.

Laastens wil ek vir Marina ook bedank vir haar aanmoediging gedurende my ondersoek. Sy was tevrede om met haar skoolwerk of studies aan te gaan, terwyl ek besig was met die inspanning van my ondersoek.

Al word die kerk vandag van alle kante aangeval, dan bly die liturgie as uiterlike lewensvorm van die kerk soos dit vanuit die staanspoor die geval was steeds van belang. In die vroeg-Christelike beskouing hiervan was die gedagte dat God ‘n God van orde is en dat Hy te vereer is binne die grense wat Hyself daargestel het. Derhalwe is die kerk ‘n goddelike instelling met ‘n goddelike orde wat geroep is om die divinum in die humanum te bevorder. Hiervolgens mag die kerk as instituut nooit misken word nie.

Terstonds, Hy is my krag en sterkte tot lofverheffing van sy Naam.

J. G. Gillmer

Mei 2005

## 1. INLEIDING

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

As gevolg van die mynbou-ontwikkeling het baie mense in groot getalle na die Goudveld gegaan om by die myne te werk. Dit het daartoe bygedra dat die bestaande Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke na hul lidmate se geestelike welsyn moes omsien. Die groter wordende gemeentes moes al hoe meer met die praktiese implikasies daarvan rekening hou. Gevolglik moes die onderskeie gemeentes in verdere wyke ingedeel word, ten einde die gemeentelike werk effektief en funksioneel te maak. Die indeling van wyke is soms genoodsaak deurdat lidmate in gebiede of voornemende dorpe gaan woon het, waar hulle ver van die sentrale punt van die betrokke gemeente was. Dikwels het lidmate in 'n wykgebied gaan woon wat binne die jurisdiksie van 'n bepaalde gemeente geressorteer het, terwyl die bepaalde wyk nog nie as 'n regmatige gemeente gestig is nie.

In die lig hiervan het die gemeentelike werk te uitgebreid en te omvangryk geword. Uiteraard het dit groter gemeentelike verantwoordelikheid en werklading tot gevolg gehad. Dermate moes die kerkraad en veral die predikant sy vingers op die pols van die gemeentelike arbeid hou. Sodanige gemeentes met lidmate wat ver van die kern van aanbidding gewoon het, het gewoonlik praktiese aangeleenthede soos kontak en huisbesoek bemoeilik. Daarmee gepaardgaande was die kommunikasieweë van die betrokke tyd uiters moeilik, omdat die paaie veral oor die algemeen onbegaanbaar was. Die telefoonstelsels het onregstreeks verbindings deur middel van die skakelbord gemaak, sodat die gesprekke oor die algemeen nie as vertroulik beskou is nie.

Daarby het die sosio-ekonomiese en maatskaplike faktore van die betrokke tydsgegewig baie tyd en aandag van die gemeentelike bediening geverg. Die ontbrekende gangbare infrastruktuur as kenmerk van 'n ontwikkelende gemeenskap was in die begin 'n groot bron van frustrasie in die Goudveld, hoewel dit geleidelik na gelang van tyd verbeter het. Ondanks die feit dat Odendaalsrus oor 'n gevestigde infrastruktuur beskik het, was dit nie voldoende om in die omliggende gebiede se behoeftes te voorsien nie.

Die kerk het in die tyd van industriële ontwikkeling en die vestiging van dorpe in die Goudveld met velerlei maatskaplike probleme geworstel: dronkenskap, onsedelikheid, egskeidings, mishandeling van vrouens en kinders, algemene verwaarlosing, sosiale en ekonomiese armoede, wanvoeding, kerkloosheid, sekularisme, allerlei dekadente gedragspatrone en afwaartse neigings. Derhalwe het die predikante van die verskillende Gereformeerde kerke 'n enorme taak gehad, om probleme in gemeentelike verband die hoof te bied, afgesien daarvan dat hulle gedurende die pioniersjare nie steungewende hulp van 'n medeleraar gehad het nie. Insgelyks kon baie van die gemeentes nie 'n medeleraar bekostig nie en gevolglik moes daar gewag word totdat die finansies bykomende hulp van 'n medeleraar sou regverdig. Indertyd het die uitbreiding van bepaalde gebiede en dorpe so vinnig plaasgevind dat fondse vir afstigting daarvoor gegenereer is. Gewoonlik het dit heelwat hoofbrekens besorg om die nodige fondse vir die doel te bekom.

Die onbekende en onsekere faktore rakende mynbou-aangeleenthede was ook vir die kerke sowel as vir die Provinsiale Administrasie 'n bron van kommer. In die beginjare van die mynboubedrywigheede kon daar nie met sekerheid vasgestel word, hoe lank die mynbou-aktiwiteite in die Vrystaat sou voortduur nie. Derhalwe was dit vir die Provinsiale Administrasie moeilik om 'n omvangryke infrastruktuur soos kommunikasieweë, elektriese krag, hospitale, klinieke, skole ensomeer te skep. Die voorsiening van sodanige infrastruktuur moes om logiese redes op 'n redelike lewensduurte van die mynbou-ontginning berus, sodat die uitleg van kapitaal daarvoor nie 'n vermorsing van geld sou wees nie.

Eweseer het die kerke in die beginjare om vanselfsprekende redes oor die lewensvatbaarheid van die goudmynbedrywigheede getop. Nietemin het dit later by wyse van geologiese opnames en wetenskaplike bevindings duidelik geblyk, dat die mynbou-ontginning in die Vrystaat nie van korte duur sou wees nie. Namate die mynbou-aktiwiteite voortgegaan het, het dit algaande duideliker geword dat die ontginning van goud in die Vrystaat oor dekades sou strek.

Intussen het groot getalle mense 'n tuiste in die Goudveld probeer vind, terwyl stedelike gebiede en dorpe al hoe meer vorm begin aanneem het. In die lig hiervan het die kerke voorsorgmaatreëls begin tref om in die geestelike behoeftes van hulle lidmate in die gebiede van ontwikkeling te voorsien. Gevolglik is daar in hul beplanningsraamwerk voorsiening vir funksionele gemeentes gemaak, veral waar die omstandighede dit enigsins geregverdig het.

Afgesien van die feit dat die onderskeie mynhuise in die Goudveld met mekaar om dominansie gekonkureer het, het die streek se ontwikkeling geensins daardeur agterweë gebly nie. As deel van die breë gemeenskapstruktuur is die kerke vandag die ligbakens, wat deur die getuieniswaarheid van die geskiedenis onderstreep word. Die aard van die kerke se ontwikkelingsgang in die Goudveld is aan verskeie faktore toe te skryf en juis dit is die probleemstelling wat hier aangespreek sal word.

## 1.2 HISTORIESE AARD EN OMVANG

Die kerkhistoriese moet rondom die gebeure van die kerk in die Goudveld verstaan word. In die eerste plek moet die kerk as 'n lewensbeweging met sy oorsprong in Christus begryp word. Dié unieke lewensbeweging is nie staties nie, maar is in wisselwerking met die sosiale, die kulturele kragte en lewensvorme van die besondere tyd waarin hy funksioneer. Na aanleiding hiervan moet die historiese as 'n voortbrengsel van die verlede-werklikheid begryp word, dit wil sê, 'n spieëlbeeld waarin die erfenis van die kerk se verlede bespeur word. In die lig hiervan is die historiese 'n voortgaande ontwikkeling waarin die verlede-werklikheid voortgevoer, behou en vermeerder word. Hierdeur word die kerk met al sy voortbrengsels en ook selfs vir Ranke as historikus: "'n sleutel tot die geskiedenis, want dis uitdrukking van Gods heilige intensie, 'n simfoniese

geheel van Gods komposisie wat uit besondere onderdele bestaan, die spieël van die universele, die algemene.”<sup>1</sup>

In die lig van die historiese gebeure moet ‘n objektiwiteitstrewe ten alle tye gehandhaaf word, sodat die verlede-tendense so onveranderd as moontlik deurgegee word. Hierdeur word die subjektiewe groepsfilosie uitgekakel om die historiese kragte voorrang te laat geniet. As sodanig is dit ‘n strewe na “korrektheid, eerlikheid, onpartydigheid en objektiwiteit.”<sup>2</sup>

In terme van die Goudveld is die kerk onregstreeks deur die mynbou-industrie se uitbreidingsdrang gedwing om die historiese tendens van kerkgeboue en gemeentelike stigting vir die lidmate in nuwe woongebiede moontlik te maak. Die kerk moes noodgedwonge onder sekulêre omstandighede uiting aan sy innerlike krag as ‘n lewensbeweging gee. In effek het dit beteken dat die kerk met die mynbousektor se ontwikkelingsprogram moes tred hou. Desnieteenstaande het daar oor die algemeen ‘n goeie gesindheid tussen die kerk en die mynbousektor bestaan.

Samevattend is die aard en omvang van die historiese gebeure in die Goudveld die aanvanklike ontginningsprosesse wat aan die goudmyne te danke is. Nietemin is dit dié deel van die historiese gebeure rakende die eksploitasie van die ekonomies-ontginbare goud, wat ‘n nuwe dimensie van gebeurlikhede in die Goudveld moontlik gemaak het. Derhalwe is ‘n nuwe sosio-ekonomiese sowel as maatskaplike en kulturele milieu vir al die inwoners in die Goudveld geskep.

Die ekonomiese tendense van die mynbouese wat die landbousektor as hoof ekonomiese bron in die Goudveld vervang het, het ongetwyfeld ‘n gunstige klimaat vir die kerke geskep om die bearbeiding van lidmate in gemeentelike verband voort te sit. Die feit van die saak is dat geen gebied of dorp sonder ‘n lewensvatbare ekonomie kan voortbestaan nie. Die ekonomiese omwenteling het mense in die Goudveld laat toeneem en gevolglik moes die kerke by die omstandighede aanpas. Algaande is die sterker wordende gemeentes in staat gestel om voorsiening vir kerklike eiendom en voornemende afgestigte gemeentes te maak.

In die laaste instansie is die gebeure in die Goudveld niks anders as ‘n refleksie van die ontwikkelingsaard en omvang van die historiese kragte waardeur die beeld van die verlede sistematies ontplooi word.

---

<sup>1</sup> F. A. van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie*, (Pretoria, Kaapstad, HAUM, 1980), p. 14.

<sup>2</sup> *Ibid.*, p. 11.

### 1.3 DIE MYNBOU-ONTWIKKELING IN DIE GOUDVELD

Die aanvanklike ontginning van goud in die Goudveld het heelwat probleme vir die mynweese, sowel as vir die kerke in die gebied tot gevolg gehad. In die eerste plek was daar geen uitbreidingsmoontlikhede vir die mynbouweese in Odendaalsrus nie, omdat die stadsraad die bogrondse en die ondergrondse regte van die dorp aan privaat instansies verkoop het. As sodanig het die dorp mettertyd ekonomies gekwyn, omdat al die mynbou-ontwikkeling om Odendaalsrus in die rigting van Welkom en Virginia plaasgevind het.

Na aanleiding van die inhiberende faktore het Ernest Oppenheimer besluit om 'n dorp te stig wat Welkom sou heet. Die ontwikkelingsgang het in breë verband 'n groot omwenteling op sosio-ekonomiese en kulturele gebied tot gevolg gehad. Derhalwe moes 'n hele infrastruktuur geskep word, terwyl die heersende toestande uiters power was.

In die lig hiervan was dit 'n fout van die stadsraadslede om die ontwikkeling van Odendaalsrus deur middel van ondeurdagte grondopsies aan enkele privaat maatskappye toe te ken. Dit het nie alleen die groei en die ontwikkeling van die dorp gefnuik nie, maar 'n nuwe wending in die geskiedenis van die Goudveld se ontwikkeling gegee. Alhoewel die mynbou-eksplorاسies om Odendaalsrus plaasgevind het, was die dorp nietemin strategies geleë om 'n groot deel van die omliggende gebiede te bedien, dit wil sê, as die dorp by die nuwe omstandighede kon aanpas het.

Afgesien van die behuisingstekort moes daar ook 'n omvangryke infrastruktuur in die gebied van die Goudveld geskep word. Die enorme bedrae wat hiermee gepaardgegaan het, het die Provinsiale Administrasie aanvanklik tot versigtigheid gemaak. Sodanige skepping van 'n infrastruktuur het langsaam na gelang van groter duidelikheid oor die mynbouweese se werksaamhede gepaard gegaan. Die tydsame proses daarvan het groot ongerief en frustasie veroorsaak.

Die kerke het ook hul eie probleme van aanpassing en die algemene uitbreidings van gebiede in die Goudveld gehad. Die kwessie van kerklike eiendom en die bearbeiding van lidmate is deur praktiese omstandighede bemoeilik. Soms wil dit voorkom dat sommige van die wyksgebiede in gemeentelike verband te gou afgestig het, veral as die finansiële posisie van die nuut afgestigte gemeentes in aanmerking geneem word. Gevolglik sou dit na alle waarskynlikheid meer sinvol gewees het om eerder met die afstigting te sloer totdat genoeg fondse daarvoor opgebou is. Daardeur word die finansiële las op 'n gegewe tydstip uitgekakel, terwyl die generering van fondse doelmatig en omvangryker kon gewees het. Hierdeur word onnodige finansiële druk op die gemeentes vermy. Trouens, dit geld veral vir die nuut gestigte gemeente wat 'n proses van selfstandigwording moes deurmaak. Daarbenewens was baie van die afgestigte gemeentes nie finansiël selfstandig nie, terwyl hulle ook nie sonder die hulpkrag van 'n eie leraar na behore kon funksioneer nie.

Vanuit 'n historiese oogpunt wil dit voorkom dat daar te veel aandag aan die administrasie en organisasie van 'n voornemende te stigte of selfs aan die afgestigte gemeentes gegee is. Gewoonlik het dit heelwat van die predikante se tyd in beslag

geneem, sodat dit vir hulle moeilik was om hulle herderlike pligte in die gemeente na behore uit te voer. Alhoewel kerklike eiendom vir die nuwe ontwikkelende gebied te begrype is, wil dit nietemin voorkom dat daar ook te lank met die onderskeie transaksies gesloer is.

Dikwels wil dit voorkom dat ondersoek van die aard nie na behore uitgevoer is nie, sodat verdere insae in die betrokke aangeleentheid nodig was.

'n Ander wesenlike probleem is die bekombaarheid van predikante wat normaalweg deur die bekostigbaarheid van die gemeentes bepaal is. Die finansiële aspekte het dikwels as kriteria vir die beroep van 'n predikant gegeld, hoewel die gemeentes soms redelik groot en gevestig was. Terstonds, is dikwels aangevoer dat die fondse van die betrokke gemeentes eerder vir die doel van afstigting aangewend word, hoewel die aanwending van sodanige fondse vir die beroep van 'n leraar meer prakties vir die effektiewe bearbeiding van die lidmate sou gewees het. Indien enige wyksgebied in die gemeente sou afstig, sou die moontlikheid van 'n predikant vir sodanige en voornemende te stigte gemeente bestaan het. Hierdeur word besparingskoste verseker wat aanvanklik op kerklike eiendom bestee sou gewees het. Na aanleiding hiervan word 'n tyds gaping vir die generering van fondse tussen die beroep van 'n predikant en vir die uiteindelijke doel van kerklike eiendomme ondervang. Afhangende van die tydsverloop wat vir die aankoop van kerklike eiendomme toegelaat word. Om logiese redes is die koste vir die beroep van 'n predikant veel minder as die koste wat normaalweg onmiddellik vir die kerklike eiendomme aangewend sou word.

Die ontvouende gebeure in die Goudveld wys op die historiese ontwikkeling van die gebied. Die historiese beeld van die gebied is soos 'n vloeistofdruk wat in beweging is. Insgelyks moet die historiese aard en omvang van die gebeurlikhede as 'n voortdurende proses van waarneming, beklemtoning en interpretasie wees. Hierdeur word die betekenisnuanse van die historiese gebeure rakende die betrokkenheid van die kerke in die gebied duidelik. Derhalwe is die hoofklem die kerke se rol in die Goudveld, sodat die historiese werklikheid in sy partikuliere aard en omvang tot sy regmatige ontwikkeling kan gedy

Op grond van die unieke gebeure in die Goudveld oor die kerk se totstandkoming en ontwikkelingsgang is dit onmiskenbaar duidelik dat God nie los van Sy kerk en van die geskiedenisgang staan nie. Die skema van Sy kerk word deur Homself gerealiseer, sodat Sy hand in die historiese gang van gebeure in die Goudveld waargeneem word. Hy marsjeer deur die geskiedenis-werklikheid van gebeure waartoe Sy kerk hom geroepe voel, sodat elke epog daarvan tot Hom behoort. In die lig hiervan leen die historiese waarheid hom van binne-uit volgens die maatstawwe van die betrokke tyd, waarin die historiese gebeure realiseer wat onder behandeling geneem word.

Ten slotte moet elke fragment van die historiese beeld rakende die kerk se betrokkenheid in die Goudveld, volgens die waardes van die spesifieke tyd beoordeel word. Gevolglik mag daar nooit iets anders ingelees word as die outentieke beeld nie.

### 1. 3. 1 ONTWIKKELING EN UITBREIDING VAN DIE MYNBOUSEKTOR

In die beginstadium moes die mynbousektor velerlei struikelblokke oorbrug, nl. 'n tekort aan materiaal; ambagslui; water; kragvoorsiening, vervoer en behuising. Daarby het tegniese probleme veel tyd en aandag geverg, waarvan slegs enkele daarvan vermeld word: gasontploffings; geologiese waarneming van die hoofrif se ligging; die ondergrondse invloed van water en die verwydering daarvan nadat dit uit die delfplekke gepomp is.<sup>3</sup>

Om die uitvoering van die mynbouskema moontlik te maak het dit groot bedrae geld behoel. Sodanige uitvoering het ingesluit: skagsinking, behuising, ontspanningsfasiliteite ens. Die meeste van die kapitaal vir die uitvoering van die mynbou-bedrywighede was van die “Verenigde Koninkryk in die vorm van aandele en lenings,”<sup>4</sup> hoewel 'n groot deel ook van ander lande soos “Switserland en die Verenigde State van Amerika” voorsien is.<sup>5</sup>

Uiteraard is die goudmyne in die Vrystaat 'n belangrike bydraende komponent tot die land se goudproduksie. Die meeste van die goudproduserende myne word rondom Welkom aangetref. Die betrokke myne is bekend as: Western Holdings, Welkom Gold Mining Co., Ltd., Free State Geduld Mines Ltd., President Steyn Gold Mining Co., Ltd., St. Helena Gold Mines Ltd., en President Brand Gold Mining Co., Ltd. Dié myne is beheer deur die beherende myngroep van Anglo-American Corporation of S.A., behalwe St. Helena Gold Mines Ltd., wat deur Union Corporation as myngroep beheer is.<sup>6</sup>

Die ander Vrystaatse myne is onder andere: Freddie's Consolidated Mines, Limited, wat naby Odendaalsrus geleë is. Die beherende myngroep is Johannesburg Consolidated Investment Co., Ltd.; Harmony Gold Mining Co., Ltd., deur Rands Mines, Ltd.; Virginia O.F.S. Gold Mining Co., Ltd., deur Anglo-Transvaal Consolidated Investment Co., Ltd.; Lorraine Gold Mines, Ltd., deur Anglo-Transvaal Consolidated Investment Co., Ltd.; Free State Saaiplaas Gold Mining Co., Ltd., deur Gold Fields of South Africa, Ltd.<sup>7</sup>

Die vooruitsigte van die mynbouewese is hoofsaaklik deur die groepering van die myne bevorder, dit wil sê, die ses myne is in twee beherende groepe verdeel: elke groep is in die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mywese verteenwoordig.<sup>8</sup> In die lig van die

---

<sup>3</sup> L. J. Joubert, “'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, (Ongep. M. A.

verhadneling, UOFS, 1963, p. 68.

<sup>4</sup> Ibid.

<sup>5</sup> Ibid.

<sup>6</sup> D. J. Viljoen, “'n Beplanningstudie van Welkom” (Ongep. M. Sc. –Verhandeling, Universiteit Pretoria, 1963), p. 36.

<sup>7</sup> Anon., Pamflet. *A Great Mining Enterprise: Gold Mines of the Orange Free State*, p. 27.

<sup>8</sup> Ibid.



tydsagtergrond verskil dit moonlik met die huidige opset, wat in elk geval buite die afbakening van die studieveld val.

Daarbenewens het die myne se goudontginningsprosesse op 'n gesamentlike basis 'n enorme bydrae tot die streeks- en nasionale ekonomie gemaak. Daarby het dit ook 'n positiewe en bydraende invloed op die landbou-, handel- en nywerheidsgebied gehad.

Die ontwikkeling en uitbreidingstendens van die mynbouese in die Goudveld was die begin van 'n breë spektrum van sosio-ekonomiese en kulturele omwenteling in die Goudveldstreek.

In 'n meer partikuliere verband getuig die kerke deur die voortstuwings van die historiese aard en omvang van sodandige rewolusie. Desnoods die belangrikheid van die historiese griffel wat vir die voortgaande gees van die tyd vasgelê is.

### 1. 3. 2 DIE KULMINASIE VAN DIE KERKLIKE RAAMWERK

Die ontstaan en ontwikkeling van die mynbousektor het noodwendig 'n bevolkingstoename tot gevolg gehad. Die ontwikkeling het toegeneem namate die mynbouese al hoe meer in die Goudveld gevestig geraak het. Derhalwe het dorpe en stedelike gebiede ontstaan waarvoor 'n omvangryke infrastruktuur geskep is.

In die proses van struktuurskepping het dit natuurlik ook kerke ingesluit. Die merkwaardige is dat daar 'n korrelasie tussen die onderskeie taalgroepe en godsdiensgroepe bestaan het. Die Afrikaanse kerkgroep het bestaan uit die drie Susterskerke, terwyl die Evangelies-Gereformeerde Kerk in die vroeë sestigerjare slegs in Welkom gefigureer het. Die Engelse kerkgroep het uit die Anglikaanse, die Metodiste en die Rooms Katolieke kerke bestaan. In effek het dit beteken dat geen gedeelte van die stedelike gebied oorwegend pentekostalisties was nie.<sup>9</sup>

Die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Goudveld het hul oorsprong aan die Moedergemeente van Odendaalsrus te danke. Die onderskeie gemeentes se ontwikkeling en uitbreiding het aanvanklik vanuit die Moedergemeente van Odendaalsrus plaasgevind. Daarna het al die bykomende gemeentes in dorpe en in stedelike gebiede na gelang van die toenemende lidmatetal begin ontplooi.

Desgelyks het die Gereformeerde Kerk vanaf Odendaalsrus uitgebrei, hoewel Virginia-gemeente se afstigting vanuit Ventersburg-gemeente sy ontstaan te danke het.

Daarteenoor moet die Nederduitse Hervormde Kerk sy vestiging en uitbreiding in die Goudveld toeskryf aan die gemeente van St. Helena, wat in die beginjare die eerste gemeente in die onmiddellike gebied was, 'n voorstedelike gebied wat nabyliggend aan Odendaalsrus geleë is.

---

<sup>9</sup> L. J. Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 166.

Dit is in die klimaat van die beginjare dat die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Welkom gestig is, terwyl die kerk geen noemenswaardige uitbreiding in die Goudveld gehad het nie. 'n Gemeente is in die sewentigerjare in Virginia gestig, hoewel dit teen die begin van die 21e eeu met die gemeente van Welkom saamgesmelt het.

Trouens, daar kan slegs deur die historiese bril van die ontvouende werklikheid van die kerke se rol en vestiging in die Goudveld kennis geneem word. Gevolglik is daar geen ander medium om kennis van die partikuliere gebeure van die verlede-werklikheid rakende die kerke se betrokkenheid en werksaamhede in die Goudveld in te win nie.

Dit is ewe eens duidelik dat alle historiese raamwerke by gedagtegange en idees van die mens begin, voordat dit uiteindelik in daad gekonkretiseer word. Na aanleiding hiervan is die historiese gebeure wel voorafgaande gekonstrueerde konsepsies, wat die mens later in die hede-werklikheid in staat stel om 'n terugskou vir kennisname van die bepaalde gebeurlikheid te maak. Gevolglik is die nut van die historiese kennis nie alleen 'n verbindinglyn van die hede-werklikheid met die verlede-werklikheid nie, maar dat dit op grond van die unieke historiese aard daarvan selfs vir toekomstige tye voortgedra word. Afgesien van die tydsmilieu van ondersoek is 'n historiese verkenning altyd vir enige sistematiese navorser moontlik.

Ten laaste het die kerke nie intuïtief na willekeur in die Goudveld betrokke geraak nie, maar weens vermelde gebeure het die historiese kragte in die breë raamwerk van tendensies in die Goudveld in werking getree.

#### 1.4 DIE HISTORIESE ROL IN DIE NAVORSING

In die eerste plek word geskiedenis van die Griekse woord *historia* afgelei en dit beteken letterlik: kennis wat deur navorsing verkry word. Dit omvat die objek (die verlede) van ondersoek deur die ondersoeker, die subjek. Die gebeurlikhede van die verlede word deur die ondersoeker, die navorser deurgegee. Die betekenis van geskiedenis verwys dus na gebeurlikhede van die verlede, dit wil sê, of dit opgeteken is of nie.

In terme van die kerkgeskiedenis moet daar in die historiografie rekening gehou word met die kerk as 'n besondere lewensbeweging en Goddelike religieuse instelling. Eintlik is kerkgeskiedenis teologie en geskiedenis, omdat dit ook met die goddelike in die mens gemeed is.

In die ondersoek behoort daar op die partikuliere verlede gefokus te word soos die kerke in die Goudveld, hoewel daar in die verbygaan in 'n geringe mate na die mynbou-eksplorاسies as agtergrond gekyk behoort te word. Die partikuliere, dit wil sê, die kerke bevat dus die vonk van die algemene soos die mynboubedrywighede, wat in die Goudveld aan die orde van die dag was. Hierdeur kry die historiese tendense 'n wyer omvang waarin die partikuliere gebeure beter verstaan word. Die navorser moet 'n oog vir die algemene gebeure hê sodat die behandeling van die besondere hom 'n breër visie gee op die verandering en ontwikkeling wat die historiese tendense ondergaan het. Gevolglik moet daar uit die geïsoleerde waarheid die veralgemening van die historiese

voortspruit, wat omvangryker vorme behoort aan te neem. In die lig hiervan word die oorsake en gevolge van die Goudveld se ontwikkeling al hoe duideliker. Desnoods word die historiese ontwikkelingsgang van die ondersoek na die kerke se betrokkenheid en aktiwiteite in die Goudveld 'n breë omvang van insiggewende historiese kennis.

Daarmee gepaardgaande is dit die begrip van die kousaliteite en gevolge van die algemene historiese gebeure wat noodwendig 'n groter geheelbeeld van die aard en omvang van die partikuliere historiese tendense en ontwikkeling rakende die kerke se rol in die Goudveld besorg.

Derhalwe is die historiese gebeure wat die tydperk van die verlede beheers oop vir alle tydperke, omdat die tendensies in die inwendige samehange daarvan voortgaande is.

In dieselfde mate kan die verlede-werklikheid slegs deur historiese verkenning waargeneem word. Opsigself omvat dit 'n wye spektrum van navorsingmeganismes wat meer spesifiek by die afdeling van die metodologie in die studie van toepassing is.

Ten laaste moet daar 'n korrelasie tussen die subjek en die objek wees, dit wil sê, die ondersoeker as subjek moet 'n verantwoordelikheid teenoor die objek as verlede-werklikheid openbaar. Die historiese begronding van wetenskaplike kennis is van deurslaggewende belang en dit moet voortdurend die prinsipiële oogmerk van die navorser wees. Trouens, die voormelde historiese benaderingswyse sal noodwendig as kriterium vir die doelmatige ondersoek geld.

#### 1. 4. 1 METODOLOGIE

In die eerste plek word die metode deur die aard van die objek bepaal, terwyl die doel van sodanige metode op die versameling van wetenskaplike kennis gerig is. Op grond van die aard van die dissipline word historiese kennis op 'n metodiese wyse deur kritiese toetsing ingewin. Die proses geskied deur die sistematiese ontsluiting van die bronne en die vertolkende plasing van die bronnebevinding in verklaringsamehange om die toetsbare kennis, dit wil sê, die kennis as doel te verkry.

Om die egtheid, die oorspronklikheid en geloofwaardigheid van die versamelde inligting vas te stel, word historiese tegnieke gebruik waarby die eksterne en interne kriteria ingesluit is, met inbegrip van die filologies-kritiese metode van teksuitleg vir die vasstelling van die waarde en betekenis van die getuienis daarvan. Die eksterne kriteria fokus op die historiese of die oorsprong van bronne en hoe dit ontstaan het. Daarteenoor word by die interne kriteria aandag aan die inhoud van die bronne en veral die betroubaarheid en egtheid daarvan gegee.

Die hermeneutiese komponent is 'n belangrike instrument in die historiese proses, omdat dit die instrument vir interpretasie of die korrekte verstaan van die tekste is. Die vertrekpunt van die historiese navorsing moet met noulettende ontleding gepaardgaan, omdat kennis van die bepaalde gebeure die ryk van die gees weerspieël. Daarby is elke historiese gebeurtenis uniek, eenmalig en onherhaalbaar.

Eweseer kan die kerke se verwerking in die Goudveld nooit weer op dieselfde wyse plaasvind nie, omdat die tydsgewrig met alles wat daarmee saamhang verskil. Die presiese omstandighede van die bepaalde tyd en alles wat dit omvat het, het aan die uniekheid van die spesifieke era behoort. Alhoewel geskiedenis 'n konstante beweging is, word dit nietemin deur die teoretiese kennis van die menslike gees voortgedra, terwyl die konkrete vergestaltung van historiese gebeure en tendense deur die ontwikkelingsgange in afhanklikheid van die mens voortstu. In effek beteken dit dat sonder die mens se betrokkenheid by insidente en gebeure is daar nie geskiedenis nie. Gevolglik is daar tussen die historiese gebeurtenis en die mens 'n onlosmaaklike relasie. Hiervan getuig verskeie historiese skakeringe in die Goudveld en meer spesifiek die kerke se vestiging en werksaamhede aldaar.

In die opsig geld die historiese tendense en die noodwendige ontwikkeling daarvan ook vir die kerkgeskiedenis wat met die kerklike gebeure van alle tye gemoeid is. In die lig hiervan is die getuieniswaarhede van die kerk ter sprake wat deur al die eeue deur die kerkgeskiedenis voortgedra en bewaar word.

Met die oog op die metodologiese moet die kritiese vasstelling van die feite uit dokumente met die nodige verstaan daarvan voorafgegaan word. Derhalwe is die bronne die brug tussen die hede en verlede-werklikheid wat die sleutel tot die historiese inligting is.

In die laaste instansie moet die kennisteorie aan die objek (die verlede-werklikheid) van die navorsing onderhewig wees. Dit beteken dat die navorsing die grondwaarheid van die verlede-werklikheid moet weerspieël. Derhalwe is dit slegs moontlik deur die toepassing van die metodologiese meganismes wat deur die aard van die studie bepaal word.

## 1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is om 'n oorspronklike bron van wetenskaplike kennis rakende die kerke se vestiging en ontwikkeling in die Goudveld te verwerklik. In die lig van die tematiese gerigtheid van die studie, is dit veral belangrik om aandag aan die kousaliteite van die kerke se vestiging en ontwikkeling te gee.

Die verlede-tendense van die geskiedenis staan nooit los van die bepaalde tyd in die hede-werklikheid nie. Die kenbron van dinge oor die verlede werk normaalweg voedend in op die hede-realiteite van die lewe. Trouens, dit is nie slegs van toepassing op die partikuliere nie, maar ook op die algemene vorme van realiteite.

Die kerke van die verlede het die spoorslag vir die huidige kerke in die Goudveld gelê, sodat die omvattende tendense daarvan tot nut vir die huidige werklikheid is. As gevolg van die tydsgaping sou dit andersins sonder die kenbron van die historiese kennis nie moontlik gewees het nie.

Die posisie van die kerke in die verlede kan as 'n korrelaat vir die huidige kerke in die Goudveld van nut wees en wel in die volgende gevalle: die kerkbywoning van lidmate, troues, buite-egtelike huwelike en kinders, dronkenskap, kerkraadsvergaderings, bidure, eredienste, Sondagskole, Jeugverenigings ensomeer. Alhoewel dit in 'n ander tydsklimaat was en die sosio-ekonomiese en kulturele omstandighede anders was, is dit nietemin van belang om daarvan kennis te dra. Daarteenoor is die hele ontwikkelingsgeskiedenis van die onderskeie kerke in die Goudveld van belang. Die goue reël behoort te geld: neem uit die verlede wat goed is en bou daarop.

Daarby kan historiese kennis op kerklike gebied in die Goudveld die ryk van die gees verbreed. Hierdeur kan die kerke in die gebied des te meer bewus word van hul identiteit en vanwaar hulle kom en waarheen hulle oppad is. Ewewel om met 'n motor sonder ligte in die donker nag in te jaag, is byna dieselfde as om in die toekoms sonder 'n verlede in te beweeg. Die oë van die lig in die verband is die historiese kennis, wat groter sekuriteit vir die uitdagings van die toekoms bied.

Nietemin moet begryp word dat die doel van die historiese kennis ten diepste met die nut daarvan korreleer. Sondermeer is kerkgeskiedenis nutteloos as die kerk nie enige heilshistoriese bestaansreg het nie. In die sinsverband het die kerk geen relevansie nie. Gevolglik is dit te begrype hoe belangrik kennis van kerkgeskiedenis ook in teologiese verband is.

Eweseer regverdig dit die historiese kennis ten opsigte van die kerke se ontplooiing en ontwikkeling wat in die betrokke gebied teen 'n breë agtergrond van die mynbou-ontploffing plaasgevind het. Des te meer omdat die kerk oor die algemeen 'n heilsordening van God is.

In die finale instansie is die doel van die historiese ondersoek om die verlede-werklikheid te betrek tot die kenbare, sodat dit as hulpkomponent vir toekomstige riglyne in mindere of meerdere mate mag dien.

## 1.6 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

Die veld van ondersoek is voorafgegaan deur eers 'n leeskennis rakende die onderwerp op te doen. Daarna is die opstel en afbakening van die studieveld van belang nadat die probleem van ondersoek vasgestel is. Die probleemstelling van die studieveld is deur middel van vraagstelling geïdentifiseer. Die voorlopige skema impliseer die uitvoering van die ondersoek, hoewel die skema dikwels op grond van bykomende of nuwe inligting gewysig word. Die wysigings moet normaalweg aan bykomende of nuwe inligting toegeskryf word. By die tentatiewe teoretiese skema word 'n omvattende literatuurlys ingesluit wat met die tematiese gerigtheid van die studieveld verband hou. Die literatuurlys is van die uiterste belang deurdat dit die basis van die historiese navorsing vorm.

Die teorie van die skema is nie alleen van belang vir die ondersoek nie, maar is die veronderstelling van die uiteindelijke wetenskaplike antwoord, dit wil sê, die eindresultaat

van die sintese. In die operasionaliseringproses word verskeie bronne gebruik as medium vir die verlede-werklikheid, wat aan verskeie meganismes van die historiese benaderingswyse blootgestel word.

Die feitlike gegewens is belangrik en gevolglik moet uit die behandeling van die besondere 'n breër visie van die algemene voortvloei, sodat die induktiewe sowel as die deduktiewe komponente in die toepassing gehandhaaf word. Alhoewel daar in die suiwer historiese verband groter klem op die analitiese metode geplaas word, hoewel die geskiedenis-tendense in die Goudveld in wyer verband eerder uitgelê as gekonstrueer word. Gevolglik is die fokuspunt op die hermeneutiese van verstaan en vertolking gerig.

Die feit dat die ondersoek primêr oor die Gereformeerde Kerke in die Goudveld handel, is nie in enige mate 'n bewys dat die ander kerke se rol in die betrokke gebied misken word nie. Derhalwe is die ondersoek tot voordeel van ander kerke, omdat dit as wetenskaplike kennis vir hulle eie navorsing voordele inhou. Die wetenskaplike benaderingswyse behoort veral as 'n hulpmiddel te dien.

Nietemin is geen sinvolle navorsing moontlik sonder intrinsieke vraagstelling nie, dit wil sê, 'n tese en 'n antiese waarvan die wetenskaplike sintese onvermydelik is. Die operasionaliseringsproses se bereikingsdoel is alleen moontlik as die stappe van die sistematiese ondersoek stiptelik uitgevoer word.

## 1.7 HISTORIESE OPSTELLING

Die ondersoek fokus op die Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke se betrokkenheid in die Goudveld en alle relevante aspekte wat daarmee verband hou. Vanuit die oogpunt van die historiese individualiteite is die algemene en aanverwante tendense soos die mynbou-ontwikkeling van belang vir die kerke se aktiwiteite en bedrywighede in die gebied. In die lig hiervan word 'n kort verduideliking gegee van die aanleidende faktore wat die kerke se betrokkenheid in die gebied veroorsaak het.

Die sentrale fokus van die ondersoek is die aard en omvang van die Gereformeerde kerke se vestiging en ontwikkelingsgang in die Goudveld, met inbegrip hoe elkeen afsonderlik onder bepaalde omstandighede beslag in die Goudveld gekry het. Eweseer die werkwyse van die onderskeie kerke se doelstellings op kort sowel as op langtermynbasis: die strewe na effektiewe gemeentelike bearbeiding wat tot gemeentelike afstigting gelei het.

Na aanleiding hiervan word die sin van die studie 'n aaneenlopende proses van kerklike en gemeentelike bearbeiding van lidmate, wat andersins nooit deur die algemene historiese tendense moontlik sou gewees het nie.

Die ondersoek behoort selfs tot voordeel van ander kerkgenootskappe te wees, omdat die ondersoek vir alle toekomstige ondersoekers bepaalde riglyne behoort aan te dui. Hiervolgens is die benaderingswyse in die ondersoek 'n algemene hulpmiddel vir 'n

ontsluitende skat van kennis rakende die betrokke Gereformeerde kerke se verlede-werklikheid in die Goudveld.

In die eersvolgende hoofstuk word begin om die grondslag vir die historiese ondersoek te lê.

## HOOFSTUK 1

### DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN WELKOM EN DIE GOUDVELD MET ‘N KORT VERWYSING NA BEPAALDE KERKE SE VROEË ROL

#### 1. INLEIDING

Met die ontdekking van goud in die Oranje-Vrystaat het daar snelle ontwikkeling op die gebied van die mynbou plaasgevind. Die ontwikkeling was van so ‘n aard dat die Parlement dit enersyds nodig geag het om ‘n liggaam in die lewe te roep, sodat bestaande Staatsinstellings gekoördineer kon word. Dit moes geskied sonder om inbreuk op die magte van die Staatsinstellings te maak. Daarteenoor moes ook magte van staatsbeheer wat in bestaande wetgewing ontbreek het, aan die betrokke Staatsinstellings toegeken word. Dit was van die allergrootste belang dat regeringswerkzaamhede gekoördineer moes word vir die voorsiening van behuising, vervoer, krag, water en om ander noodsaaklike dienste moontlik te maak. Derhalwe moes in die proses alle ongewenste en ongeoorloofde dorps- en mynbou-ontwikkeling uitgeskakel word.<sup>1</sup> Met inagneming hiervan is Welkom beplan en uitgelê sodat die dorp daarvolgens ontwikkel het.

In April 1946 is ‘n goudvonds op die plaas Geduld gemaak wat tussen die plaas St. Helena en Odendaalsrus, geleë is. Dit het belangstelling in groot dele van die wêreld gaande gemaak.<sup>2</sup> sodat dit groot sosio-ekonomiese uitbreidingsmoontlikhede vir Odendaalsrus en vir die Goudveld ingehou het. Hierdie gebeure het plaasgevind voordat Welkom amptelik gestig is. Noodgedwonge bring dit die vraag na Welkom se totstandkoming na vore, omdat Odendaalsrus alreeds met ‘n gevestigde infrastruktuur die taak van goudontginning vir die mynboumagnate makliker kon maak.

Kerke vorm normaalweg deel van ‘n dorp se infrastruktuur omdat dit die kerk se prioriteit is om sy lidmate geestelik te bearbei. Sonder om die geskiedenis vooruit te loop is lidmate van die onderskeie kerke in die omgewing van Welkom, deur predikante van gevestigde gemeentes soos Odendaalsrus, op ‘n taamlik gereelde basis bearbei. Baie van die mense het wel tydelike huisvesting gehad in ‘n gebied waar daar tekens van mynbou-ontginning was. In dié tyd voor 1947 het Welkom as dorp nog nie bestaan nie.

---

<sup>1</sup> Streekopname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld deur die Raad van Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. *Verslag*, (Die Staatsdrukker, Pretoria, September 1954), p. 1.

<sup>2</sup> Anon., “World’s Newest, Maybe Greatest, Goldfield”, *Travel in Africa*, vol. 4, July 1952, p. 16; “Welkom - A Tailor-Made Town”, March 1961, vol. II, p. 12; Supplement to *Vista*, 31 May 1988; L.J. Joubert, “‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom” (Ongep. M.A. -Verhandeling, UOFS, 1963), p. 1; “Herinneringe van die Vrystaatse Goudvelde”, *Buurman*, no. 186a, 30.11.1980, n. p.; *Argiefstuk: Welkom Biblioteek, Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.



Om dus die ontstaangeskiedenis van die Afrikaanse Gereformeerde Kerke in die Goudveld te rekonstrueer, is 'n volledige agtergrondskets van die stigting en ontplooiingsfase van Welkom noodsaaklik.

## 1. 1 DIE ONTSTAAN VAN WELKOM

In 1947 is Ordonnansie no. 20 van 1947 deur die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat afgekondig. Hierdie ordonnansie het op dorpsgebiede betrekking gehad en het voorsiening gemaak vir komplikasies wat met die stigting van Welkom kon intree. Dit het ook met die te winnige oprigting van geboue, selfs nog voordat die dorp werklik geproklameer is, te doen gehad.<sup>3</sup>

Die uniekheid van Welkom se stigting is alreeds deur die Koppie Alleen-gebeure voorafgegaan. Koppie Alleen is 'n klein alleenstaande koppie wat ongeveer 11 kilometer vanaf Welkom geleë is. Oppenheimer het op 'n goeie dag naby Koppie Alleen gestaan, toe daar aan hom gewys is waar die toekomstige skagte van Anglo American Corporation opgerig sou word. Nadat hy verneem het waar die mynshagte sou wees, het hy geglo dat Welkom nog die Vrystaatse tuinstad in die gebied tussen dié shagte sou word. Hy het nie aan 'n gewone mynkamp gedink as daar nie meer goud in die gebied ontgin sou word nie. In sy geestesoog het hy 'n modelstad gevisualiseer waarvan die nugterheid vir dié ontwikkeling nie by hom sou verbygaan nie.<sup>4</sup>

Oppenheimer het die stowwerige en verlate deel van die Oranje-Vrystaat, waarheen mense na die goudvonds in 1946 op die plaas Geduld naby Odendaalsrus begin stroom het, as 'n gebied met groot moontlikhede raakgesien. Derhalwe het hy geglo in die voornemende sukses van goudontginning op die Vrystaatse velde, terwyl baie kenners op die gebied van mynbou-ontwikkeling nie sy siening gedeel het nie. Dit kan moontlik te wyte wees aan die verlate en afgesonderde gebied sonder die nodige infrastruktuur wat mynbou-ontginning bemoeilik, veral as die koste-effek vir so 'n groot onderneming in aanmerking geneem word. Daarenteen het Oppenheimer die geloof, optimisme en die moed gehad om miljoene pond aan die ontwikkeling van 'n behoorlike mynbougebied te bestee. Hy was van voorneme om mynbounywerhede te skep vir die ontginning van goud en aan diebeplanning van 'n dorp, waarin die mynwerkers gerieflik kon woon.

Oppenheimer het 'n funksionele modeldorp in gedagte gehad.<sup>5</sup>

---

<sup>3</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom*, 21 *Golden Years*, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968.

<sup>4</sup> *Ibid.*, *Die Volksblad*, 13 Februarie 1968; *Welkom News*, June 1951. Koppie Alleen is 'n klein koppie ongeveer sewe myl vanaf Welkom in 'n noordoostelike rigting geleë.

<sup>5</sup>

J. Mervis, "Oppenheimer's Fabulous Welkom", *The Forum*, vol. 5, no. 10, January, 1955, p. 4; A. Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; M.G.W. de Kock, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; L.B.D. de Jong, *Onderhoud*, 18. 3. 1996.

Om 'n dorp tot stand te bring moes die Dorpsraad eers die stigting van 'n dorp goedkeur. Op 11 Julie 1946 het die Dorpsraad die aansoek van die S.A. Townships Mining and Finance Company vir die stigting van Welkom oorweeg. Die Dorpsraad moes besluit of die nuwe dorp wat Welkom sou heet, wel op sekere plase of op gedeeltes van plase in die omgewing van Uitsigkamp, gestig kon word. Die Uitsigkamp was 'n tydelike kamp om huisvesting aan mynwerkers te verskaf voordat Welkom as dorp gestig is, want in dié tyd voor die stigting van Welkom was behuising 'n wesenlike probleem. Enkele maande later in 1946 het die Raad in die ontspanningsaal by Uitsigkamp vergader en na die pleidooie van Anglo geluister vir die stigting van Welkom. Dit was na alle waarskynlikheid die eerste keer dat die Raad buite Bloemfontein vergader het, want die gebied was nog nooit voorheen deur so baie advokate besoek nie. Die doel van hulle teenwoordigheid in dié gebied was om ten gunste van of teen die stigting van die beplande dorp te besluit.<sup>6</sup> Anglo se saak is deur Abram Fischer en ook A. J. Smit, gehanteer.<sup>7</sup> Hulle het te staan gekom teenoor 'n hele klomp beswaarmakers soos dié van New Nigel Estate and Gold Mining Company en New Union Goldfields, wat deur N. Rosenberg, S.A. en Bertha Solomon verteenwoordig is. Daarby is General Exploration (O.F.S.) Limited, deur I.L. Hurwitz, S. A en B. L.S. Franklin verteenwoordig, terwyl die dorpsraad van Odendaalsrus deur J. N. C. de Villiers en sekere private persone verteenwoordig is. Die prokureurs wat vir Odendaalsrus se dorpsraad opgetree het, was verbonde aan die firma Hauptfleisch en De Bruine. P. J. A. de Bruine het later, na die stigting van Welkom, die dorp se eerste regsadviseur geword. Hy het nog later dié dorp se openbare skakelbeampte geword.<sup>8</sup> De Villiers wat namens Odendaalsrus opgetree het, het later regter geword, terwyl hy ook in sy hoedanigheid as regter die eerste sitting van die Rondgaande Hof op Welkom, waargeneem het.<sup>9</sup>

In 1937 was R. Borchers die hoofgeoloog en bestuurder van 'n boorprogram en met verloop van

---

6

*Argiefstuk*, W B, 21 *Golden Years*, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968;  
Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaatse Goudveld*, p. 20. Die Dorpsraad het 'n baie belangrike funksie in die ontwikkeling van Welkom verrig. Dit was 'n liggaam wat deur die Parlement gestig is om regeringswerksaamhede te koördineer sonder om inbreuk op die magte daarvan te maak en om ongeoorloofde dorps- en mynbou-ontwikkeling uit te skakel.

<sup>7</sup> Ibid; E. S. A. Antrobus (eds.): "Witwatersrand Gold - 100 Years: A review of the discovery and development of the Witwatersrand Goldfields as seen from the geological viewpoint", *Geological Society of South Africa*, (Johannesburg, 1986), pp. 246-247; J. I. Cronje, *Onderhoud*, 17. 3. 1996; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; De Jong, *Onderhoud*, 18. 3. 1996.

<sup>8</sup> R. Bennets and A. Marais, *Welkom City of the Future* (Johannesburg, Thompson Publications, 1983), p.14; Antrobus, "Witwatersrand Gold - 100 Years ...", pp. 246-247.

<sup>9</sup> Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaatse Goudveld*, p. 22; Weeber *Onderhoud* 31. 3. 1996

tyd het Uitsigkamp ontstaan uit tydelike wonings, wat rondom die boorgat U.I. opgerig is. Welkom het mettertyd op plase en gedeeltes van plase in die omgewing van Uitsigkamp tot stand gekom. Afgesien van die geleidelike ontplooiing van Welkom was daar diegene wat vir en teen Welkom se stigting was. Dit bly ook 'n ope vraag waarom daar eers 'n diskoers op regsgebied oor die legitimiteit van Welkom se moontlike stigting was. In getuienis wat voor die Dorpsraad afgelê is, het interessante feite na vore gekom oor die planne en vordering van goudmynmaatskappye in die goudstreek. In dié verband het S.A. Township Mining and Finance Corporation (filiaal maatskappy van Anglo) verduidelik dat 'n myn op St. Helena, suidwes van Welkom, gestig is. Die feit is aangevoer dat ongeveer tien skagte suidwes van die voorgestelde dorp in die vooruitsig gestel is, sowel as die stigting van ten minste vyf myne suid van Odendaalsrus en rondom Welkom, wat hoofsaaklik deur Anglo beheer sou word. Dié mynbou-ontwikkelingsprogram was in 'n gevorderde beplanningstadium wat as goeie rede vir die stigting van die dorp, Welkom, aangevoer is.<sup>10</sup>

Adv De Villiers het in sy pleitstukke namens die munisipaliteit van Odendaalsrus aangevoer dat die aansoek om 'n dorpsgebied (Welkom) voorbarig is, omdat die mynboumaatskappye hulle werknemers tydelik kon huisves totdat 'n volledige streeksplan vir die Goudveld voltooi is.<sup>11</sup>

Die saak wat die stigting van Welkom verder verstewig het, was dat dit selde die geval is dat 'n voornemende dorp op ongeveer vier duisend morg aangelê sou word, met oppervlakte en mineraleregte onder verenigde beheer. Dit was egter nie die geval met Odendaalsrus nie, want die munisipaliteit het toegelaat dat hierdie regte geskei word.

Dit het die saak vir verdere dorpsbeplanning en veral vir uitbreiding en ontwikkeling bemoeilik.<sup>12</sup> Daarbenewens het H.J. Weeber van Odendaalsrus daarop gewys dat groot sake-ondernemings enorme bedrae geld in Odendaalsrus se grond belê het.

Hy het gewys op die kundigheid van die dorp deurdat die munisipale bestuur al jare lank in Odendaalsrus bestaan en dat die omgewing van Odendaalsrus, na verwagting as Landdrosdistrik, verklaar sou word.

---

<sup>10</sup> P. J. van der Vyver, *Die Onststaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus* (Onvoltooide en ongepubliseerde manuskrip) s.a., n. p.; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; Cronje, *Onderhoud*, 17. 3. 1996; M. Sacks, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; A.P. Cartwright, *The Gold Miners*, p. 307. Die afkorting "U.I." dui op nommer 1 boorgat van Uitsigkamp, en die betrokke kamp is deur African and European Investment Company vir geoloë en boormanne in 1942 opgerig. Hierdie kamp het dus die Welkom myngebied ingesluit.

<sup>11</sup> Van der Vyver, *Die Onststaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*, n.p.; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3.1996.

<sup>12</sup> Ibid; H. Oppenheimer, "The Orange Free State Goldfields", *The South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June, 1950, p. 153; Van Zyl, *Onderhoud*, 18. 3. 1996.

Hy het ook melding daarvan gemaak dat dorpsbeplanning in oorleg met New Nigel Gold Mining Co., “... vir ‘n breed opgesette plan vir die dorp wat 8 000 tot 10 000 erwe behels” in die vooruitsig gestel is.<sup>13</sup> Al wat die dorpsuitbreiding toe vertraag het, was die onsekerheid van mynbou-eksplorasies op die dorpsgrond.<sup>14</sup>

F. J. Bowling wat die dorpsbeplanner van New Nigel Gold Mining Company was, was ook van mening dat die voornemende totstandkoming van Welkom, op ‘n tydstip gekom het toe omvangryke streeksbeplanning vir die Goudveld, alreeds ‘n voldonge feit was. Hy het egter geredeneer dat indien Welkom gestig sou word, sou dit beteken dat streeksbeplanning later by plaaslike ontwikkelingsprogramme moes inpas.<sup>15</sup> Hy het ook geglo dat tydelike woonbuurtes geskep moes word, totdat behoorlike streeksbeplanning geïmplementeer kon word. Die opvatting was dat die onmiddellike gebied rondom Odendaalsrus ideaal vir dorpsaanleg sou gewees het. Hierdie opvatting is gerugsteun deur die inskakeling van ‘n nuwe dorp by ‘n alreeds bestaande munisipaliteit, wat oor die nodige ervaring en kundigheid beskik het. ‘n Mynboumaatskappy soos New Union Goldfields, het mynbou-ontginningsbelange in die onmiddellike omgewing van Odendaalsrus gehad en Rosenberg, wat namens dié maatskappy opgetree het, het aanbeveel dat die Dorperaad (Townships Board) die aansoek vir die stigting van Welkom uitstel, totdat die beplanningskommissie sy taak vir behoorlike streeksbeplanning voltooi het.<sup>16</sup> Adv. Rosenberg het verder aangevoer dat dit nie die regering se beleid is om op ‘n deelbasis te beplan nie, want die aansoek om ‘n voornemende dorp word vir die toekoms beplan en aangelê, sodat die onmiddellike behoefte nie ter sake is nie. Die feit dat geen dorp binne 20 myl van ‘n bestaande dorp gestig mag word nie, het as reël ook vir Welkom se moontlike stigting gegeld. Dit was op grond van dié wetlike beginsel dat mense groot bedrae geld in erwe in Odendaalsrus belê het.<sup>17</sup>

Adv. Hurwitz het op sy beurt gewys op die gevaar van willekeurige totstandkoming van dorpe waar daar blyke van behoefte daarvoor was. Hy het ook op die moontlike stigting van Blaauwdrift as ‘n dorp gewys wat ongeveer agtien myl van Odendaalsrus geleë is. Die werklikheid daarvan sou

---

<sup>13</sup> Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*, n.p.; Cronje, *Onderhoud*, 17. 3. 1996; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; M. W. de Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996.

<sup>14</sup> Ibid.

<sup>15</sup> Ibid; De Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; L. Whittle, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; Van Zyl, *Onderhoud*, 18. 3. 1996; Sacks, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; De Jong, *Onderhoud*, 18. 3. 1996.

<sup>16</sup> Ibid; Weeber, *Onderhoud*, 11.3.1996; Van Zyl, *Onderhoud*, 18. 3. 1996; Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 22.

<sup>17</sup> Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*; H. Steyger, *Onderhoud*, 11. 3. 1996.

beteken dat Odendaalsrus, Welkom en Blaauwdrif elkeen groot swart woonbuurte sou hê.<sup>18</sup> Adv. De Villiers het teen oorhaastige optrede vir die stigting van Welkom gewaarsku. Desnieteenstaande het lede van die Dorpsraad aangevoer dat alle beweegredes vir en teen die aansoek vir die stig van Welkom oorweeg behoort te word.<sup>19</sup>

S. Waterson, die Minister van Ekonomiese Sake, het verklaar dat die regering kennis geneem het van die omvangryke uitbreiding wat in die Oranje-Vrystaat sou plaasvind. Nietemin het hy daarop gewys dat die ontwikkeling in die Goudveld volgens 'n goedbeplande-ontwerp moes geskied. Hy het na aanleiding van mynbou-ontginningsaktiwiteite 'n projeksie van nege tot dertien floterings (oprigting) van myne in die vooruitsig gestel en op die reuse onderneming daarvan gewys.<sup>20</sup> Hy het verder die versekering gegee dat die regering alreeds aandag aan die ontwikkeling van die gebied gegee het, sodat die ontwikkeling volgens doelmatige streeksbeplanning sou plaasvind. Gevolglik sou dit nie wees soos die Witwatersrand waar die ontwikkeling doelloos en planloos was nie.<sup>21</sup>

In weerwil van al die pleidooie en teenargumente is Welkom as dorp gestig. Albei partye het met goeie argumente voor die dag gekom, maar die argument wat moontlik die swaarste opgeweeg het, was die van Abram Fischer toe hy gepleit het vir geskikte behuising vir die mynbouwerknemers, wat in daardie stadium nie behoorlike behuising gehad het nie.<sup>22</sup>

Die klaarblyklike rede waarom sy argument van deurslaggewende belang was, was die feit dat die Dorpsraad nie lank hierna nie die aanbevelings aan die Uitvoerende Komitee van die Provinsie bekend gemaak het, wat oor Welkom se amptelike stigting gehandel het. Die brief van die Provinsiale Sekretaris van 15 April 1947 aan die S. A. Township Mining and Finance Corporation het oor die Provinsiale Raad se opdrag aan die Administrateur om Welkom se stigting te bekragtig, gehandel.<sup>23</sup> Hierdie brief wat 15 April 1947 gedateer is, was Welkom se geboortesertifikaat, want die dorp is op dié betrokke datum gestig.

---

<sup>18</sup> Ibid; De Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996.

<sup>19</sup> Ibid; Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 22.

<sup>20</sup> Ibid.

<sup>21</sup> Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*; Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p.22.

<sup>22</sup> "The Birth of a Town: Development and growth of Welkom", *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 60, no. 1, May 1949, p. 299; Supplement to *Vista*, May 1988.

<sup>23</sup> "Welkom: Die Goudstad": *IMIESA*, vol. no. 10 (9), September 1985, p. 424; T. S. du Plessis, "Establishment of Welkom", *The South African Municipal Magazine*, vol. 41, no. 499, March, 1959, pp. 19 - 20; *Die Volksblad*, 13 Februarie 1968.

Nadat Welkom se stigting as dorp goedgekeur is, het ander dorpe soos Blaauwdrift, Riebeeckstad, Allanridge, Hennenman en Virginia gevolg.<sup>24</sup> Dit het Odendaalsrus se kanse om die ekonomiese kern van die Goudveld te word belemmer, want dié dorpe sou voortaan as ekonomiese eenhede deur eie onafhanklike infrastrukture al hoe minder op mekaar aangewese wees.

Dit bly 'n belangrike vraag waarom Odendaalsrus nie die ekonomiese kern van die Goudveld geword het nie, veral as die ontdekking van goud in die onmiddellike omgewing van die dorp met 'n gevestigde infrastruktuur in aanmerking geneem word. Daarbenewens het die goudvonds in 1946 op die plaas Geduld naby Odendaalsrus alle twyfel oor die ekonomies-ontginbare goud waaroor die gebied beskik, finaal uit die weggeruim. Hiervolgens is die proses van goudontginning met alle erns in die Goudveld aan die gang gesit. Die aanvanklike mynbou-ontwikkeling kon 'n reuse effek op Odendaalsrus se sosio-ekonomiese ontwikkeling en uitbreiding gehad het. Odendaalsrus kon die ekonomiese kern in die Goudveld gewees het, maar in plaas daarvan is Welkom gestig. Hierdie vrae en ander soos die redes vir die ontstaan van Welkom, word onder die eersvolgende opskrif behandel.

## 1.2 REDES VIR WELKOM SE ONTSTAAN

Odendaalsrus het die voorkoms van 'n plaasgemeenskap en kon moontlik die moderne Welkom van die Goudveld geword het, as dit nie was vir die agterdog waarmee die nuwe mynboubelange bejeën is nie. Die belanghebbende boeregemeenskap was ook agterdogtig teenoor Oppenheimer, veral toe hy belangstelling in die ontwikkeling van Odendaalsrus as dorp begin toon het. Oppenheimer het toe voor allerhande struikelblokke te staan gekom, terwyl die saak verder vererger is toe die Stadsraad van Odendaalsrus sommige van die dorpsgrond aan spekulante verkoop het. Daarby moet die hardkoppigheid van die ouer garde volgens Joel Mervis nie uitgesluit word nie, want "... the intransigence of some of the old-timers, plus the activities of the new fly-by-night land speculators",<sup>25</sup> het ook die saak vererger. Dit het 'n negatiewe beeld vir Oppenheimer geskep, want hy het van sy plan afgesien om van Odendaalsrus die metropolis van die Goudveld te maak.<sup>26</sup> Oppenheimer het ook om ander redes van die dorp afgesien, soos die afstand tussen die woon- en werkplek van die werknemers. Dit sou nie alleen meer ekonomies wees om die woon- en werkplek so na aan mekaar as moontlik te hê nie, maar baie tyd sou ook daardeur gespaar word. Die nuwe dorp sou in die middel van die ses myne geleë wees wat 'n ideale ligging tussen die woon- en werkplek van die werknemers sou wees.<sup>27</sup>

Daar was ook probleme met die uitbreiding van Odendaalsrus, want die dorp is geleë op die plaas Kalkkuil wat ongeveer 2 400 morg groot is. Daarvan was sowat 50 morg bebou. Daarbenewens is

---

<sup>24</sup> Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*.

<sup>25</sup> *The Forum*, January 1955, vol. 5, no. 10, p. 4.

<sup>26</sup> Ibid.

<sup>27</sup> Joubert, " 'n Geografiese Analise van die stedelike gebied Welkom", p. 4.

in Maart 1942 'n prospekterkontrak, sowel as 'n opsie om 1 600 morg van die dorpsgrond wat te koop was, aan die firma Roberts en Nielsen toegeken. Laasgenoemde het die mineraleregte en die oppervlakteregte aan twee verskillende maatskappye verkoop wat tot Odendaalsrus se probleme van dorpsuitbreiding bygedra het. Derhalwe was nuwe uitbreiding noodsaaklik, maar weens dié toegestane opsies het die Stadsraad van Odendaalsrus geen grond meer gehad om enige uitbreiding moontlik te maak nie. Dit het Odendaalsrus se kanse vir dorpsuitbreiding en ontwikkeling gefnuik, sodat 'n nuwe dorp as alternatief akkommodasiegeriewe aan groot getalle werknemers kon voorsien.<sup>28</sup>

Oppenheimer het hom toe gewend tot die kaal vlaktes waar Welkom vandag geleë is, om sy droomdorp daar tot stand te bring. Odendaalsrus se stagnasie kan dus aan verbeurde kanse toegeskryf word, terwyl dit die ekonomiese reus van die Goudveld kon gewees het.

Nadat Oppenheimer lank en noukeurig na Odendaalsrus gekyk het, het hy besluit om planne vir 'n nuwe dorp te ontwerp: 'n dorp wat vir die stig van ten minste vyf myne voorsiening sou maak. Hierteenoor was daar ook die gebied waarin St. Helenamyn geleë is. Dit het aan Western Holdings en President Brandmyne in die onmiddellike gebied van Welkom gegrens. Hiervolgens is sowat ses myne in die omgewing van Welkom geleë. In totaal sou ongeveer ses myne suidoos van Odendaalsrus met 'n beraamde bevolking van ongeveer 30, 000 blankes en 'n groter aantal Swartes, gestig word. Oppenheimer het dus in die lig van praktiese implikasies besef, dat dit onprakties vir die mynwerkers

sou wees om heen en weer tussen Odendaalsrus en die voornemende myne wat in elk geval ongeveer sewe myl vanaf dié betrokke myne geleë sou wees, te reis.<sup>29</sup>

Na ernstige oorweging het dorpsbeplanners besef dat die suidelike gedeelte van die plaas, Welkom,

---

<sup>28</sup> Ibid; D. J. Viljoen, "'n Beplanningstudie van Welkom" (Ongep. M.Sc. - Verhandeling, Universiteit Pretoria, 1963), p. 10; "Odendaalsrus line opened: Rail link with Free State Gold Field", *The South African Mining and Engineering Journal*, 12 June 1948, p. 425.

<sup>29</sup> A. P. Cartwright, *The Gold Miners* (Cape Town, Purnell & Sons, s.a.), p. 307; S. du Plessis, "Establishment of Welkom", *In The South African Municipal Magazine*, March 1959, p. 11; H. Oppenheimer, "Birth of a Modern Mining Town", *A Collection of Press Periodicals Cuttings, 1948 - 1952*; Oppenheimer, "The Orange Free State Gold Fields", *The South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June 1950, p. 153.

die geskikste vir dorpsaanleg sou wees. Die toekomstige dorpsaanleg op die suidelike gedeelte van die plaas sou dus die naaste aan die betrokke myne geleë wees. Oppenheimer het na aanleiding van dié strategiese dorpsbeplanningsaanleg, ‘n gedetailleerde plan aan Orange Free State Townships Board (Dorpsraad van die Oranje-Vrystaat) voorgelê. Dit was ‘n volledige plan, want dit het al die eienskappe van ‘n dorp soos sakesentrums en selfs ‘n lughawe ingesluit. Die dorp sou na die plaas Welkom vernoem word.<sup>30</sup>

Hiervolgens wil dit blyk dat die oorweging van Welkom se totstandkoming regstreeks met produktiewe mynbou-ontginning verband hou, sodat die effektiewe aanwending van mannekrag oor korter afstande moontlik gemaak kon word. Hierdeur sou dit die stresfaktor van lang afstande se reis tussen die werk- en woonplek uitskakel.

‘n Ander belangrike rede vir die oorweging van Welkom se stigting moet aan die minimale of bykans geen uitbreidingsmoontlikhede van Odendaalsrus soos opsies op minerale -en oppervlakteregte toegeskryf word. Daarbenewens het die Stadsraad van Odendaalsrus alreeds in 1936 erwe op ‘n openbare veiling verkoop toe die pryse van £5 tot £13 per erf gewissel het. Mettertyd het die waarde per erf gestyg, want in 1938 is dit teen £50 per erf verkoop as gevolg van gerugte van goud wat in die gebied versprei is. Gevolglik het die toekoms van Odendaalsrus begin rooskleurig lyk, want A.P. Hauptfleisch, die enigste prokureur op die dorp het ‘n taamlike bedrywige tyd met die opstel van opsie-kontrakte gehad.<sup>31</sup>

Met die ontdekking van die ryk goudrif ten suide van Odendaalsrus het die waarde van eiendomme met rasse skrede toegeneem en alle beskikbare erwe het ‘n skaars item geword. Die ontdekking van ‘n ryk goudvonds het uitbreiding genoodsaak, maar weens die opsieregte wat aan verskillende mynboumaatskappe behoort het, het die Stadsraad van Odendaalsrus voor die probleem van beskikbare grond te staan gekom. Gevolglik het dit dorpsuitbreiding gekniehalter. Dit het Odendaalsrus se uitbreiding om in ‘n groot welvarende dorp te ontwikkel, ge-inhibeer.<sup>32</sup>

Dit was van die uiterste belang dat Welkom se stigting so gou moontlik goedgekeur moes word,

---

30

Cartwright, *The Goldminers*, pp. 307 - 308; *Argiefstuk*, W B Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968; Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*, n.p.

<sup>31</sup> Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 5; Ongeklassifiseerde dokument van die Stadsraad van Odendaalsrus: Geskiedenis van Odendaalsrus, p. 7.

<sup>32</sup> Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 5; Notule van die Stadsraad van Odendaalsrus, 6 Desember 1943; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996; De Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; Steyger, *Onderhoud*, 17. 3. 1996.



want die suksesvolle ontwikkeling van myne het van ‘n nabyliggende dorp afgehang.<sup>33</sup> Derhalwe was S.A. Township Mining and Finance Corporation, gretig om die probleem van geskikte behuising vir die mynwerkers naby aan die onderskeie myne aan te pak, omdat die mynboubedryf se ontwikkeling -en produksieprogramme nadelig deur die vertraging van die Goudveld se ontwikkeling geraak sou word. ‘n Belangrike aspek van die Goudveld se ontwikkeling het die voorsiening van geskikte behuising behels. Die algemene opvatting was dat die voorsiening van geskikte behuising een van die moeilikste probleme was om op te los, aangesien groot getalle huisgesinne binne ‘n kort tydsbestek gehuisves moes word.<sup>34</sup>

H. F. Oppenheimer glo dat die doel van Welkom se stigting was om ‘n groot dorp naby aan Anglo se myne soos President Brand, President Steyn, Western Holdings en Welkom Gold Mining Company te hê. Dit sou ook St. Helena Gold Mines Limited insluit<sup>35</sup> wat deur Union Corporation geadministreer is. ‘n Groter dorp soos Welkom sou deur behoorlike dorpsbeplanning oor uitbreidingsmoontlikhede beskik, om die funksionele taak van die mynboubedryfsektor te vergemaklik. ‘n Goed beplande dorp soos Welkom sou oor die nodige infrastruktuur van behuising, mediese dienste, ontspanningsgeriewe en aanverwante noodsaaklikhede beskik, wat onontbeerlik vir enige gemeenskapsverband is. Volgens Oppenheimer het sy vader, Ernest Oppenheimer op ‘n groter formaat van industrialisasie gehoop as wat in die negentigerjare die geval is, want deur die beplanning van Welkom, is veral in terme van uitleg en ruimte vir dié moontlikheid voorsiening gemaak.<sup>36</sup>

Na aanleiding van al die voorafgaande redes is die dorp Welkom amptelik gestig. Dit was die

---

<sup>33</sup> *Forum*, vol. 5. no. 10, January 1955, p. 4.

<sup>34</sup> R. Bennets and A. Marais, *Welkom City of the Future* (Johannesburg, Thomson Publications SA, 1983), p. 14.

<sup>35</sup> H. F. Oppenheimer, *Onderhoud*, 8. 4. 1993; “Goudmyne in die Welkomse Gebied”, *Mynwese*, vol. 6. nr. 1, Maart 1955, pp.14-15; Viljoen, “ ‘n Beplanningstudie van Welkom”, p. 12; “The St. Helena Mine: Pictures of Free State Operations”, *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 57, no. 2, p. 749; “Odendaalsrus Line Opened: Rail Link With Free State Gold Field”, *The South African Mining Journal*, vol. 59, p. 425, p. 427; *The South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June 1950, p.153; Oppenheimer, “Birth of a Modern Mining Town”, *A Collection of Press Periodicals, Cuttings*, 1948-1952, n.p.; “The Birth of a Town: Development and Growth of Welkom”, *The South African Mining and Engineering Journal*, May 1949, vol. 60, no.1, p. 299.

<sup>36</sup> Oppenheimer, *Onderhoud*, 8 April 1993; *Mynwese*, “Goudmyne in die Welkomse Gebied”, vol. 6, nr. 1, Maart 1955, pp.14 - 15.

verwesenliking van ‘n ideaal van Ernest Oppenheimer.<sup>37</sup>

### 1. 3 DIE ONTWIKKELING VAN PLAASLIKE BESTUUR

Na aanleiding van ‘n proklamasie in die Offisiële Koerant vir die Oranje-Vrystaat provinsie, Vrydag, 23 Julie 1948, is volgens Artikel 207 van die Plaaslike Bestuur Konsolidasie Ordonnansie, 1935 (no. 15 van 1935) bepaal, dat die Administrateur deur middel van ‘n proklamasie in die Amptelike Koerant, enige samelewing wat nie as ‘n munisipaliteit gekonstitueer is nie, aan bepalinge van Hoofstuk 17 van die bepaalde ordonnansie onderhewig kon stel. In effek het die Administrateur vanaf datum van afkondiging van hierdie proklamasie die grense soos dit volgens bylae bepaal is, die nodige goedkeuring vir plaaslike bestuur van Welkom gegee.<sup>38</sup>

Die liggaam wat vir plaaslike bestuur sedert die stigting van Welkom verantwoordelik was, het as Welkom Township Company bekend gestaan,<sup>39</sup> maar in April 1953 het die Village Board of Management deur die sessieregte van Anglo aan laasgenoemde liggaam plaaslike bestuursmagte opgedra.<sup>40</sup> Die aanvanklike doel van Welkom Township Company was om Welkom as dorp te

---

<sup>37</sup> *Argiefstuk*: W B, *Welkom, Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*; *The South African Municipal Magazine*, vol. 41, no. 499, March 1959, p.19; *Welkom News*, June 1951; Van der Vyver, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus*; Supplement to *Vista*, 31 May 1988.

<sup>38</sup> OVS 4/59. no./nr. 40. *O.V.S.- Offisiële Koerant - Official Gazette*, Julie-Desember/July-December 1948; “Die Verhaal van Welkom se Sukses”, *Die Mynwese*, die Transvaalse Kamer van Mynwese P. R. D. Reeks. 43, 1955, vol. 6, nr. 1, Maart 1955, p. 6; O.V.S. -Eeufesbylaag tot Die Vaderland, 13 Februarie 1954; Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 6; “Establishment of Welkom”, *South African Municipal Magazine*, vol. 41, no. 499 March 1959, p. 20; “Die Goudstad”, *IMIESA*, vol. 10, nr. 9, September 1985, p. 424; Anon., *Welkom, Hoofstad van die Oranje Vrystaat Goudveld*, p.87.

<sup>39</sup> “Welkom - Now And In The Future”, *Municipal Affairs*, vol. 18, no. 211, January 1953, p. 31.

<sup>40</sup> *Notule Munisipaliteit Welkom*, Januarie 1954 Junie 1954, p. 63; *Supplement to Vista*, 31 May 1988; *Argiefstuk*, W B, *Welkom 21 Golden Years, 14.2. 1947 - 29. 8. 1968*; “Establishment of Welkom”, *South African Municipal Magazine*, vol.41, no. 499, March 1959, p. 20; *IMIESA*, vol. 10, nr. 9, 424; “The Birth of a Town: Development and growth of Welkom”, *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 60, no. 1, May 1949, p. 299; Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 6; O.V.S. -Eeufesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954; *Mynwese*, “Goudmyne in die Welkomse Gebied”, vol. 6, no. 1, Maart 1955, p. 9.

ontwikkel met die modernste en beste stadsbeplanning denkbaar. Die oogmerk was dat Welkom oor behoorlike akkommodasiegeriewe en infrastruktuur moes beskik. Die voormelde bestuursliggaam het die vernaamste oogmerke met Welkom bereik, sodat die Village Board of Management, Welkom deur middel van 'n bestuursoorname op 'n meer selfstandige en onafhanklike wyse kon bestuur.<sup>41</sup>

Die oorskakeling van Welkom Township Company na die Village Board of Management het meegebring dat laasgenoemde 'n bedrag van £2, 234, 000 aan Welkom Township Company moes betaal. Hierdie geld was die presiese bedrag wat die betrokke bestuursliggaam aan sowel elektrisiteit en rioolstelselinstallasies bestee het. Afgesien hiervan het die Village Board of Management baie waardevolle grond en ander infrastrukture soos geteerde paaie sonder enige kostes ontvang, sowel as geldskenkings wat die totale bedrag op £450, 000 te staan gebring het en waarvan £59 000 as 'n geldskenking gegee is.<sup>42</sup>

Die grond waarop Welkom geleë is, is deur Welkom Township Company, aangekoop. Die winste wat Welkom Township Company behaal het, het bestaan uit die verkoop van persele en die verskaffing

van noodsaaklike dienste.<sup>43</sup>

Die dorp het geleidelik ontwikkel en die Administrateur het voordurend daarvan kennis geneem, sodat die goedkeuring vir die oorskakeling van Welkom Township Company na die Village Board of Management goed verloop het. Mettertyd het instansies soos die Afrikaanse Kamer van Koophandel in die plaaslike bestuur van Welkom begin belang gestel, terwyl die meeste lede op die bestuur van Welkom Township Company, by die myne betrokke was. Dikwels is hulle na ander

---

<sup>41</sup> "Welkom - Now And In The Future", *Municipal Affairs*, vol.18, no. 211, January, 1953, p.31.

<sup>42</sup>

*Municipal Affairs*, vol. 18, no. 209, January 1953, p. 31;; O.V.S. - Eeufeesbylaag tot *Die Vaderland* 13 Februarie 1954; E. Oppenheimer, *Welkom Progress: Annual Statement to holders, Anglo American Corporation of South Africa Limited*, 1954, p. 16; "Orange Free State Interests": AAC of South Africa, Limited, *Report of the Directors with Accounts for the year ended 31 December 1950*, p. 20. "The Free State's New Town", *The South African Engineer*, vol. 40, no. 372, May 1949, p.11.

<sup>43</sup>

Joubert, " 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom", pp. 5-6; Weeber, 11. 3. 1996; De Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996; H. Oppenheimer, "The Orange Free State Goldfields", *The South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June 1950, pp. 153-154; Oppenheimer, *A Collection of Press Periodicals, Cuttings*, 1948 - 1952.

myne verplaas om dan deur ander kandidate op die bestuur vervang te word. Soms het oorplasings so vinnig gebeur dat lede van hulle aanstellings in die koerante gelees het, nog voordat hulle amptelik in kennis gestel is. Met die groei en die ontwikkeling van die dorp het die nuwe bestuursliggaam meer verteenwoordigend van die gemeenskap geword. In 1954 het die nuwe plaaslike bestuursliggaam wat verteenwoordigend van die myne was, die handelswêreld en selfs 'n Afrikaanssprekende predikant toegelaat om op die bestuur te dien.<sup>44</sup>

By wyse van 'n terugskou was dit waarskynlik die rede waarom Welkom Township Company deur die Village Board of Management vervang is, want met dié soort van plaaslike bestuur het die gemeenskap breë verteenwoordiging gehad. Derhalwe blyk dit 'n belangrike voorvereiste vir enige gemeenskap se groei en ontwikkeling te wees.

Die Voorsitter van die Village Board of Management, het in sy jaarverslag van 31 Maart 1960, verklaar dat Welkom aan die einde van 'n pionierstydperk gekom het. Hy het ook bygevoeg dat Welkom 'n toestand van bestendigheid bereik het. Dit beteken nie dat die ontwikkeling en vooruitgang van die dorp stagnasie bereik het nie.<sup>45</sup>

Volgens 'n administrateursproklamasie no. 1 van 1961 in die O.V.S. Amptelike Koerant no.1 van 6 Januarie 1961, het die dorpsgebied van Welkom munisipale status ontvang.<sup>46</sup> Op 24 Maart 1961 is die groot gebeurtenis in die geskiedenis van die dorp deur 'n feesviering gekenmerk. 'n Banket is gehou en J. J. Fouche as voormalige Administrateur, J.W. du Plessis, toenmalige Administrateur, Harry Oppenheimer van Anglo en Colin Anderson van Union Corporation, het die geleentheid bygewoon. Die burgemeestersketting is by daardie geleentheid om die skouers van M.W. de Wet as die eerste burgermeester van Welkom gehang. Dit was 'n baie waardevolle geskenk van die mynbestuurders wat die ses myne rondom Welkom verteenwoordig het. Die publiek het na die banket met 'n optog van sierwaens hulle vreugde getoon, want Welkom het na ongeveer 14 jaar van groei en ontwikkeling die status van 'n selfstandige dorp bereik.<sup>47</sup>

#### 1. 4 DIE BEPLANNING VAN WELKOM

Die beplanning van Welkom was uniek deurdadig dat die tradisionele vroeë ondervinding van 'n vorige myndorp in die gebied ontbreek het, terwyl die myne in die Goudveld min of meer gelyktydig ontstaan het.

---

<sup>44</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p.87.

<sup>45</sup> Joubert, “ 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p.7; *Die Volksblad*, April 1960.

<sup>46</sup> *Ongeklassifiseerde Argieflêer*, Welkom Biblioteek; *The Friend*, 25 Maart 1961, Cronje, *Onderhoud*, 17. 3. 1996.

<sup>47</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 91.

## 1. 4. 1 Die beplanning van die dorp

Die gebied het ook nie pondokke en krotbuurtes of enige lukraak ontwikkeling gehad, soos dit in die meeste myndorpe die geval is nie. Die dorp se ontstaan is voorafgegaan deur deeglike beplanning en nie een steen is sonder 'n plan gelê nie. Hierdie deeglike beplanning moet aan Ernest Oppenheimer se presiesheid toegeskryf word. Hy het die totstandkoming van Anglo se myne met dieselfde presiesheid en deeglikheid aangepak.<sup>48</sup> Oppenheimer het aan W. O. Backhouse, raadgewende stadsbeplanner van Johannesburg, opdrag gegee om 'n dorp te beplan wat in Suid-Afrika, sowel as in die wêreld 'n skitterende voorbeeld van unieke dorpsbeplanning sou wees.<sup>49</sup>

“Om 'n hele nuwe dorp te beplan, is die een ding waarvoor elke dorpsbeplanner droom”, het Backhouse verklaar toe Welkom nog in die beplanningstadium was.<sup>50</sup> Hy het bygevoeg: “Die mense van Welkom het die fundamente van 'n stad wat op die mees moderne beginsels en idees beplan is. Hulle kan deur 'n bietjie individuele aandag aan hulle huise, hul tuine en hul parke te gee, baie doen om hul dorp 'n ware tuinstad te maak. Die basis van die plan is daar; dit hang van elke individu af om dié droom waar te maak.”<sup>51</sup> Die inwoners het wel hul samewerking gegee, want hulle was deur die doeltreffende dorpsbeplanning gestimuleer. Dit het aan hulle behoorlike lewensruimte, geriewe en beter lewensgehalte verseker.<sup>52</sup> Die beplanning van Welkom is destyds voorafgegaan deur die jongste metodes en tegnieke, wat in die buiteland sowel as in Suid-Afrika bestudeer is.<sup>53</sup>

Oppenheimer het by die eerste sooi wat hy van nommer 2 skag van Welkom Mining Company, in Mei 1947 gespit het, verklaar: dat Anglo gretig is om met die provinsiale owerheid en die Regering oor streeksbeplanning vir die gebied saam te werk. Hy het ook verduidelik dat nie slegs Welkom deur die streeksbeplanning en behoorlike uitleg geraak is nie, maar dat die hele goudveldstreek daarby ingesluit is. Derhalwe moet die beste landboukundige resultate sover moontlik bereik word en gronderosie moet ten alle koste vermy word. In die beplanningsraamwerk moet voorsiening gemaak word vir nywerhede sowel as verbindingsweë in aansluiting met ander sentra in die land,

---

<sup>48</sup> *The Forum*, vol. 5, no. 10, p. 4.

<sup>49</sup> *Welkom, Hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p.10; *Welkom News*, June 1951; *Welkom News*, October 1961; PV 451 lêer 1/266/3/2 *Hertzog Versameling*; Antrobus, “Witwatersrand Gold - 100 Years: ...”, p. 247; *Welkom News*, March 1952.

<sup>50</sup> *Ibid*; *Welkom News*, June 1951.

<sup>51</sup> *Ibid*.

<sup>52</sup> *Ibid*.

<sup>53</sup> Joubert, “‘n Geografiese analise in die gebied Welkom”, p. 37; O. V. S. - Eeufesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954; *Welkom , Hoofstad van die Oranje-Vrystaat*, p. 10.

sodat ook ‘n hoë produksie van goedere vir die gebied moontlik sal wees. Verder sou dit aan ‘n voornemende groot inwonertal die sosiale gerief verskaf wat in die streek gevestig is.<sup>54</sup> Hy het bygevoeg: “It is our aim to have the best possible housing conditions for our European population, and to improve their amenities of life to the greatest extent economically possible.”<sup>55</sup> Dit is duidelik dat hy hier aan die sosiale welsyn van die inwoners van die dorp dink.

Backhouse wat verantwoordelik was vir die beplanning van Welkom, het in *Welkom News* in Junie 1951 verklaar dat met die aanvanklike beplanning van die dorp, ‘n keuse gemaak is tussen ‘n plan wat om die beplanners sou draai en ‘n praktiese plan om aan al die behoeftes van die inwoners te voldoen.<sup>56</sup> Daar is toe aan laasgenoemde plan uitvoering gegee.

In die ontwerp van die dorp is ‘n behoorlike studie en analise gemaak van dorpe en stede, nie slegs in Suid-Afrika nie, maar veral oorsee. Die voor- en nadele van dorpe en stede in Europa, sowel as in die Amerikas is teenoor mekaar opgeweeg. In die ondersoek oorsee is bevind dat die meeste stede beknop en kongestief voorgekom het. Daar is te veel geboue op te min grondruimte opgerig wat die natuurlike vloei van verkeer bemoeilik, terwyl parkering ‘n groot probleem is.

Daardeur kom die veiligheid van voetgangers in gedrang met bykans geen ruimte vir veilige winkelvensterkykers nie.<sup>57</sup>

Die nywerhede is tussen winkels en woonhuise opgerig, terwyl die skoolkinders slegs van paaie gebruik kan maak. Dit veroorsaak dat die kinders slegs tussen die huis en die skool kan beweeg,<sup>58</sup> sonder om die gerief en veiligheid van parke of oop ruimtes te hê, waarin hulle kan stap of ry, om

---

<sup>54</sup> E. Oppenheimer, "First Welkom Shaft Begun: Important Free State Development", *The South African Mining and Engineering Journal*, 24 May 1947, pp. 379-380.

<sup>55</sup> Ibid.

<sup>56</sup> *Welkom News*, June 1951.

<sup>57</sup>

Ibid; *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 12; *Welkom News*, October 1961; Joubert, p. 37; "'n Dorpsbeplanner se Droom", *Welkom*, Die Sentraal O. V. S. Streksreklame-Vereniging, en Die Skakeldiens Department van die Munisipaliteit, Welkom, s.a., p.10; Antrobus, "Witwatersrand Gold - 100 Years: ...", p. 247; O. V. S. -Eufeesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

<sup>58</sup> Ibid.

die skool of huis veilig te kan bereik.

Backhouse was van mening dat hoë geboue opgerig word en dit veroorsaak verkeersopeenhopings, omdat mense in die geboue heen en weer tussen woon- en werkplek beweeg. Hierdeur het dit samedromming van mense en verkeersprobleme tot gevolg, wat spanning en uitputting onder die inwoners van die betrokke voorstede, veroorsaak.<sup>59</sup>

Derhalwe het dit nodig geblyk dat 'n dorp beplan moes word wat sover moontlik aan al die praktiese vereistes sou voldoen. In die beplanningsraamwerk moes genoeg ruimte vir bepaalde ondernemings van ekonomies generatiewe aard, geskep word. Die idee was dat die dorp van die grond af opgebou moes word en nie na willekeur ontwikkel het nie.<sup>60</sup>

In die ontwerp van Welkom was daar heelwat fundamentele faktore en elkeen moes gelyktydig oorweeg word. Die kwessie van paaie het aandag geveer, want die mynwerkers sou vanaf hulle huise na die omliggende myne om die voornemende dorp moes reis; en verbindingsweë met ander dorpe het 'n integrale deel in die beplanningsnetwerk gevorm. Dit het ook voorsiening vir die onderskeie spoorlyne gemaak, terwyl parke en oop ruimtes, woongebiede, die vasstelling van 'n swart woonbuurt en rioolgeriewe ook in die beplanningsraamwerk ingesluit is.<sup>61</sup>

Backhouse het geglo dat die ongerief van verspreide regeringskantore-, plaaslike owerheids- en kommersiële kantore in die dorp deur 'n gemeenskaplike Burgersentrum vervang kon word. Hy was van mening dat die voornemende uitleg, die ontwerp en ontwikkeling van die Burgersentrum met internasionale lande moes vergelyk,<sup>62</sup> omdat so 'n projek duur en eenmalig is.

Derhalwe is die groot Sakesentrum tussen twee strate geleë in die patroon van 'n hoefyster wat ongeveer 140 voet breed is. Die straat aan die binnekant is as Mooistraat bekend en dit omsluit 'n park van 14 akker, wat verskeie vertoonwinkels aan die buitekant het. Om 'n veilige deurgang vir voetgangers te verseker, sou geen swaar voertuie in die gebied toegelaat word nie, alhoewel

---

<sup>59</sup> *Welkom News*, June 1951; Backhouse, "Welkom a Town Planned to Serve the New Gold Mines", *Lantern*, August 1952, pp. 81-82; *Welkom News*, March 1952; *Welkom News*, October 1961; Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 11.

<sup>60</sup> *Welkom News*, June 1951; O.V.S. -Eeupeesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954; *The South African Engineer*, vol. 40, no. 372, May 1949, p. 9; "Welkom unique in scope of its planning", H.F. *Oppenheimer Collection* 1953-1955.

<sup>61</sup> *Welkom News*, June 1951, *Rand Daily Mail*, 14. 11. 1950.

<sup>62</sup> Ibid.

geskikte parkeergeriewe deel van die beplanningsopset gevorm het.<sup>63</sup>

Die straat aan die buitekant van die hoefyster is Bokstraat en dit is beplan om voorsiening vir swaar voertuie na die Sakesentrum te maak. In die middel van 'n blok winkels is daar laai- en aflaaioneringsgeriewe wat ongeveer 50 voet wyd is. Die laai en aflaai van goedere vind op die persele van die winkels aan die agterkant plaas. Geen winkel is toegelaat om aan die voorkant laai- en aflaaioneringsgeriewe te hê nie.<sup>64</sup>

Volgens Backhouse is die voorstedelike woongebiede van Welkom so beplan sodat elke voorstad met vinnige en veilige strate omring is, terwyl die interne patroon van ontwikkelende strate in die voorstedelike gebiede so ontwerp is om alle onnodige verkeer uit te skakel. In die middel van elke voorstedelike gebied is meestal parke beplan waar voorsiening vir skole, kleuterskole, speelgronde, tennisbane en rolbalbane gemaak is.<sup>65</sup>

Heelwat moeite is ook gedoen met die beplanning van woonerwe, omdat noordliggende huise gewoonlik meer son kry en geriefliker is om in te woon, alhoewel baie van die erwe eerder noord of suid geleë is. Die woonhuise op suidliggende erwe is so gebou om nie van die son in die noordelike rigting uitgesluit te wees nie. Backhouse het geglo dat die mynwerkers na 'n vermoeiende dagtaak, nie nog met die tuine van hulle wonings opgesaal wou wees nie. Daarom het hy slegs een vyfde van 'n akker vir sommige voorstedelike woongebiede beplan. In die beplanning is ook klein winkelsentrums in ag geneem sodat slegs 'n klein aantal woonhuise ongeveer driekwart myl van die winkels geleë is.<sup>66</sup>

Na aanleiding van dié sorgsame beplanning en uitleg is die gemak en gerief van die inwoners in die voorstedelike gebiede deeglik in oorweging geneem.

#### 1. 4. 2 Funksionele gebiede

“Die benaming ‘funksionele areas’ word gegee aan die verskillende gebiede, binne die stedelike grense waar die grondgebruik eenders is.”<sup>67</sup> Volgens R.E. Dickinson moet daar duidelik tussen

---

<sup>63</sup> “Establishment of Welkom”, *South African Municipal Magazine*, vol. 41, no. 499, March 1959, p. 19.

<sup>64</sup> Ibid.

<sup>65</sup> *Welkom News*, June 1951.

<sup>66</sup> Ibid.

<sup>67</sup> Joubert, “‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 36.



natuurlike en beplande gebiede onderskei word.

Die natuurlike areas van 'n dorp ontstaan gewoonlik deur die prosesse van uitbreiding en ontwikkeling wat met die dorp se natuurlike groei verband hou. Op dié wyse word die dorp se grondgebruik deur sy plaaslike behoefte bepaal. Dit bring gewoonlik mee dat 'n dorp se plaaslike belangstrukture soos skole, kerke, winkelsentrums op 'n onbeplande en op 'n ongekoördineerde wyse opgerig word. Daarenteen werk sorgvuldige beheerde en gemoniteerde stedelike beplanning die effek van funksionaliteit en sinvolle doelmatigheid in die hand, wat allerlei praktiese probleme soos byna onleefbare digtheidsbewoningsnood, uitskakel. Sorgvuldige en deurdagte stedelike beplanning impliseer dat elke stukkie beskikbare grond vir doelmatige benutting in ag geneem behoort te word.<sup>68</sup>

Welkom is dus 'n voorbeeld van deeglike beplanning wat vooraf vir eie unieke doelmatige aanwending beplan is, sodat verskillende stedelike funksies in duidelike afgebakende gebiede gegroepeer is.<sup>69</sup> 'The town of Welkom...has been designed to incorporate, as far as possible, the best features of modern town-planning practice.'<sup>70</sup>

Lt. Kol. H. P. L. Cart de Lafontaine, 'n voormalige president van die Town Planning Institute, London, het na 'n besoek aan Welkom in die vroeë vyftigerjare beweer: "Alhoewel die beplanning van Welkom sommige eienskappe bevat wat in ooreenstemming met moderne idees in Europa is, glo hy nie dat dit al in Suid-Afrika, 'n algemene praktyk is nie."<sup>71</sup>

Die beplanning van woonbuurt-eenhede het beteken dat skole, winkels en gemeenskapsentra veilig bereik kan word, sonder dat besige oorgange van hoofverkeersweë gebruik word.<sup>72</sup> Die aanlê van bome en tuine tot teenaan die oop landskap was 'n verdere kenmerk van goeie beplanning. Dit omvat ook die geskikte voorsiening vir kommersiële areas met doeltreffende parkeergeriewe waar goedere sonder belemmering van die verkeersvloei op en af gelaai kan word. Hy het ook te kenne gegee dat daar baie moderne idees toegepas is, wat tot die gerief en aangenaamheid van Welkom

---

<sup>68</sup> Ibid.

<sup>69</sup> Ibid.

<sup>70</sup> Ibid; O. V. S. -Eeufesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954; Welkom News, June 1951; *Ongeklassifiseerde Argieflêer : Welkom-biblioteek*; Backhouse, "Welkom a Town Planned to Serve the New Gold Mines", *Lantern*, August 1952, p. 72; *Welkom News*, March 1952.

<sup>71</sup>

Joubert, "'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom", pp. 36-37.

<sup>72</sup> Ibid., pp. 37-38.

kan bydra.<sup>73</sup>

Desnieteenstaande was mynboubedryfontginning ‘n belangrike faktor gedurende die oorweging vir die onderskeie woonbuurtes se totstandkoming. Die afstand tussen woon en werkplek was ‘n belangrike faktor vir die bepaling van woongebiede, omdat dit sinvol is om ekonomiese vloeibaarheid deur kort afstande te vergemaklik.<sup>74</sup> Dit skakel nie alleen ekonomiese probleme uit nie, maar veral die vermorsing van tyd van onnodige reiskostes en spanning, wat deur langafstande na die werkplek meegebring word.

Die funksionele beplanning van Welkom het ook vir die skepping van Thabong, die naby liggende swart dorp, voorsiening gemaak.<sup>75</sup> Die rede hiervoor was om die potensiële arbeidsmag op ‘n koste-effektiewe wyse so na as moontlik aan die werkplek te vestig. Hierdeur sou die ongerief van tyd en onkoste om by die woon- en werksplek aan te kom, uitskakel word.

#### 1. 4. 3 Thabong

Met die ontstaan van Welkom was dit duidelik dat ‘n swart woonbuurt gestig moes word, want die meeste Swartes het geen akkommodasie gehad nie. Hulle het gewoonweg op die Goudveld plakkerskampe opgerig, veral die mynwerkers met families wat hulle na die Goudveld gevolg het. Ondanks die probleem van akkommodasie het die meeste swart mynwerkers in mynkampons gewoon. Om plakkerskampe in die Goudveld uit te skakel, het samesprekings in Kroonstad tussen die verteenwoordigers van die mynbounywerhede, die Welkom Township Company, en die regering plaasgevind. Hierdie samesprekings het tot die stigting van die Departement van Bantoesake aanleiding gegee.<sup>76</sup>

Die voorgestelde planne vir die stig van Thabong is op 28 Maart 1950 by ‘n vergadering van die Welkom Township Company, goedgekeur.<sup>77</sup> In dieselfde jaar is skriftelike goedkeuring vir Thabong

---

<sup>73</sup> Ibid., p. 38; Backhouse, “Welkom a Town Planned to serve the New Gold Mines”, *Lantern*, August 1952, p. 72.

<sup>74</sup> Ibid.

<sup>75</sup> *Welkom News*, March 1952; “Wold’s Newest, Maybe Greatest, Goldfields”, *Travel in Africa*, vol. 4, July 1952, p. 39.

<sup>76</sup> *Department of Bantu Affairs*, “The Story of the Place of Joy”, *Report*, July 1985, p. 2; *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*; *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat*, p. 137.

<sup>77</sup> *Stadsraadsnotule van Welkom*, 22 November 1950, p. 34.

se stigting gegee. Die plaas het aan Anglo American Corporation behoort.<sup>78</sup> Op 2 Januarie 1951 het P.R. Smit die eerste Direkteur van die Department van Bantoesake van Welkom geword. Die department moes onmiddelik aandag aan sake soos instromingsbeheer, die toepassing van bepaalde wette en aangeleenthede soos arbeidsvraagstukke, die voorsiening van behuising en noodsaaklike dienste, die vervaardiging en verspreiding van Bantoebier, gee. Dit het ook die verspreiding van alkohol ingesluit.<sup>79</sup>

Die taak van die direkteur was nie maklik nie, veral nie onder omstandighede waar 'n groot aantal huise, so gou doenlik in die heersende behuisingsnood voorsien moes word nie. Daar was ook geen kantore of kantoorryimte vir die personeel van die department beskikbaar nie. Die direkteur het 'n tydelike kantoor in die Riebeeckgebou gebruik en in Mei 1951 het hy in die eerste voltooide huis in Thabong, ingetrek. Die personeel van die department is in Junie aangestel en in September 1951, is die registrasie van dienskontrakte van die Bantoesakekommissaris van Odendaalsrus na Welkom, oorgedra.<sup>80</sup>

Sedert die begin van die departement se stigting is dit in onderafdelings ingedeel om aandag aan die verskillende sake te gee. Die onderskeie afdelings van die departement was met sake soos arbeidsaangeleenthede, drankverskaffing sowel as enige bestuursaspek vir die behoorlike funksionering van die dorp gemoeid.<sup>81</sup>

Die beplanning van Thabong het voorsiening gemaak vir huisvesting van swart werkers, om verskillende soorte werk van huishoudelike, besigheids-en industriële aard in Welkom te verrig. Die oogmerk was dat Thabong selfonderhoudend moet wees en dat dit binne die jurisdiksie van die plaaslike owerheid van Welkom sou val.<sup>82</sup> In die beplanning van die swart woonbuurt is beoog om sowat 30 000 tot 40 000 Swartes op woonerwe, met 'n minimum grootte van 40 voet by 70 voet in losstaande enkelverdieping-wonings te huisves. Dit wil sê, 'n behuisingsdigtheid wat veel laer as

---

<sup>78</sup> Department of Bantu Affairs, "Thabong Structure Plan", *Report*, June 1987, p. 15.

<sup>79</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.

<sup>80</sup> *Ibid.*

<sup>81</sup> *Ibid.*

<sup>82</sup> *Lantern*, August 1952, p. 83; *South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June 1950, p. 155; "World's Newest, Maybe Greatest, Goldfields", *Travel in Africa*, vol. 4, July 1952, p. 39.

die normale opset in Europa en Amerika sou wees.<sup>83</sup>

Die inwoners van Thabong het in 1951 onmiddellik na die voltooiing van die eerste huise ingetrek. In sover dit akkommodasiegeriewe betref, is huisvesting op 'n ongetroude en gesinsbasis voorsien. Die huise is vir gesinne beskikbaar gestel terwyl die ongetroude mans in hostelle gehuisves is.<sup>84</sup>

Die eerste Bantoe Adviesraad van Thabong is in 1951 ingestel. Die raad het bestaan uit R. J. Ngake, E. M. Mokatsane, J. Mokoena, E. Mashele en E. Mabandla, terwyl O.R. Smit die bestuurder was.<sup>85</sup> Hierdie raad het die Departement van Bantoesake op hoogte van bestuursaangeleenthede vir die betrokke swart woonbuurt gehou.

M. C. de Wet Nel, Minister van Bantoe Administrasie, het in Desember 1958 met die amptelike opening van Thabong, die hoop uitgespreek dat die swart woonbuurt 'n simbool geword het waar onmenslike en demoraliserende toestande, nie meer 'n bestaande faktor is nie. Om beskostigbare huisvesting moontlik te maak was die huishuur in die laat vyftigerjare R6 per maand vir 'n vierslaapkamer huis, wat noodsaaklikhede soos water, sanitasie en vullisverwydering ingesluit het.<sup>86</sup>

Welkom het op 15 Oktober 1963, 'n belangrike mylpaal behaal toe die dorp die eerste Munisipaliteit in die land geword het, wat 'n volwaardige Stedelike Bantoe raad gestig het. Die funksie van die Bantoe raad was om na die sosiaal-maatskaplike belange van die swart woonbuurt om te sien. Derhalwe het die raad met die Departement Bantoesake oor die sosiaal-maatskaplike lewe van die Swartes in die Woonbuurt gekoördineer. Daarenteen het die raad elke maand in 'n goed-toegeruste raadsaal in die swart woonbuurt oor sake rakende die swart woonbuurt vergader. Die eerste voorsitter was James Ngake, 'n plaaslike sakeman, wat ook op die Adviesraad sitter gehad het. Ngake het ook in dié tyd as die nie-amptelike burgemeester van Thabong bekend gestaan.<sup>87</sup>

Daar is ook baie ander dienste wat aan Thabong voorsien is soos geteerde strate, terwyl 'n groot moderne polisiestasie ook daar gebou is. Hierdie polisiestasie is in 1965 gebou en dit bevat woonkwartiere vir Swart konstabels. In die swart woonbuurt is ook voorsiening vir 'n kleuterskool

---

<sup>83</sup> Ibid; "Die Verhaal van Welkom se Sukses", *Mynwese*, vol. 6, nr. 1, Maart 1955, p. 6. *Welkom News*, March 1952.

<sup>84</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*

<sup>85</sup> Department of Bantu Affairs, "Thabong Structure Plan", *Report*, June 1987, pp. 15-16.

<sup>86</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.

<sup>87</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, pp. 143-144; Department of Bantu Affairs, "Thabong Structure Plan", *Report*, June 1987, p. 16.

gemaak wat in 1962 teen 'n koste van R60 000 gebou is. In daardie tyd kon dit sowat 300 kinders teen 'n koste van R2 per maand toelaat. Dit het ruim speelgronde met die nodige speeltoerusting wat 'n aangename en ontspanne atmosfeer vir die kinders skep, gehad.<sup>88</sup>

Skolastiese opvoeding was baie belangrik beskou vir swart kinders en in Thabong, het die twee laerskole onvoldoende vir die groot aantal kinders geword. In die laat sestigerjare het die Munisipaliteit van Welkom besluit om 'n bykomende laerskool te bou. Die swart woonbuurt het in daardie tyd ook 'n sekondêre skool en 'n hoër primêre skool gehad. Namate die getal skoolkinders vermeerder het, het die bou van skole onafwendbaar geword.<sup>90</sup>

In Thabong is daar ook sportfasiliteite voorsien soos 'n groot stadion wat in die vroeë sestigerjare gebou is. Dit omvat sokkervelde, atletiekbane en fietsrybane en 'n ontspanningsaal is ook by die stadion gebou. Daar sokker die vernaamste sportsoort vir die Swartes is, is vier bykomende sokkervelde aangebring. Afgesien van al die sportfasiliteite is ook vier tennisbane in 1962 vir die tennisliefhebbers voltooi. In die vroeë sestigerjare was daar sowat 100 tennis ondersteuners, wat belang by die sportsoort gehad het.<sup>91</sup>

Die Ernest Oppenheimer hospitaal in Welkom is al sedert Januarie 1952 in gebruik. Hierdie moderne hospitaal is deur Anglo vir die swart mynwerkers in die Goudveld opgerig. Dit was beskou as een van die merkwaardigste inrigtings van sy soort in die land. In die opset en beplanning van die hospitaal is nie alleen baanbrekerswerk verrig nie, maar ook in stille toewyding word daar op mediese gebied onskatbare werk gedoen. Hierdie hospitaal was veel meer as 'n gewone mynhospitaal waar beseerde mynwerkers steeds mediese behandeling ontvang. Dit het ook gesondheidsvoorligting, welsynsdienste en kliniese sorg aan werknemers en aan gesinne van die werknemers wat in die omgewing woon, verskaf. Daar is ook nasorg en rehabilitasiedienste aan diegene gelewer wat behandeling ontvang het.<sup>92</sup>

In die goudmyngebiede van Suid-Afrika is nywerheidshospitale oor die algemeen volop, want die landswet het nog altyd vereis dat mynmaatskappye hospitaalgeriewe aan hul werknemers moet verskaf. Daar moet in terme van bed-akkommodasie vir 1½ van die totale getal swart mynwerkers

---

<sup>88</sup> *Argiefstuk: WB, Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968; Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld, p. 142..*

<sup>90</sup> Ibid.

<sup>91</sup> Ibid; *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld, pp. 142 - 143; Lantern, August 1952, p. 83; Welkom News, June 1951.*

<sup>92</sup> *Lantern, September 1962, p. 66; 'n Streekopname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld deur die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, Verslag, p. 38.*

voorsiening gemaak word. Daarbenewens het Anglo sowat 26 mynhospitale in die land opgerig, om in die behoeftes van die Swartes te voorsien wat in ongeveer 36 goud en steenkool- en diamantmyne werksaam is. Hierdie hospitale is toegerus en aangepas om aan die besondere vereistes van elke onderneming te voldoen, aangesien omstandighede by goudmyne nogal heelwat van dié by diamant- of steenkoolmyne verskil.<sup>93</sup>

Die Ernest Oppenheimer hospitaal in Welkom was die grootste van al die nywerheidshospitale in Suid-Afrika, omdat swart werkers in aangrensende goudmyne ook geakkommodeer is. Daarteenoor word al die ander nywerheidshospitale aan wydverspreide vertakkings van gesondheids- en mediese dienste gekemer.<sup>94</sup>

Die bou van Ernest Oppenheimerhospitaal moet teen die agtergrond van die verwikkelinge van die laat veertigerjare gesien word, want in daardie stadium was daar nie meer twyfel oor goudontginning in die Goudveld nie. Daarby sou vyf myne van dieselfde mynbougroep, feitlik bymekaar gestig word. Gevolglik het 'n dorp in die onmiddellike omgewing van die goudmyne 'n noodsaaklikheid geword. 'n Dorp met die nodige infrastruktuur sou ook vir 'n hospitaal in die beplanningsraamwerk voorsiening moes maak.. Die noodsaaklikheid van 'n hospitaal het eerder praktiese realiteite in plaas van afsonderlike inrigtings of hospitale vir die onderskeie myne in die vooruitsig gestel. Dit is om dié rede dat een groot gesamentlike hospitaal binne die mynbougroep vir al vyf myne opgerig is.<sup>95</sup>

Ernest Oppenheimer, Voorsitter van Anglo, wat in 1911 die maatskappy gestig het, was ingenome met die idee om 'n gesamentlike hospitaal vir al vyf myne op te rig. Hy was van mening dat die ontwikkeling van die Goudveld unieke geleenthede skep vir naastediens, opheffingswerk sodat doeltreffende vooruitbeplanning 'n noodsaaklikheid is om die lewenspeil van mynwerkers te verbeter. In dié gees is die oprigting van die hospitaal in Welkom aangepak en deurgevoer. Die Ernest Oppenheimerhospitaal na hom vernoem in 'n stadium toe die eerste geboue van die hospitaal in 1952 in gebruik geneem is. Die hospitaal dien as 'n monumentale huldeblyk aan sy gedagtenis.<sup>96</sup>

---

<sup>93</sup> Ibid; "World's Newest, Maybe Greatest, Goldfields", *Travel in Africa*, vol. 4, July 1952, p. 39.

<sup>94</sup> Ibid; *Rand Daily Mail*, 19 December 1950; *Ernest Oppenheimer Collection*, 1946-1953.

<sup>95</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.

<sup>96</sup> Ibid.

Die Swartes wat na die Vrystaatse goudvelde gekom het, was in die meeste gevalle primitief. Baie van hulle wat in die Ernest Oppenheimerhospitaal behandeling ontvang het of wat by die ander gesondheidsdienste ingeskakel het, was mense wat van afgesonderde en verafgeleë gebiede soos Suider- en Sentraal-Afrika gekom het. In daardie gebiede het hulle weinig met die leefwyse van die Westerse beskawing in aanraking gekom en het ook geen kennis van higiëne gehad nie. Heelwat van hulle was nie eers met die mediese wetenskap vertrou nie. Hulle wissellende stamgebruike rakende die behandeling van siekes, beseerdes of gebreklikes was wreed en in die meeste gevalle ru en oor die algemeen uiters primitief. Hulle leefwyse was gekenmerk aan toorkuns en hulle het 'n obsessie met die bygeloof gehad. Gevolglik het hulle die wetenskaplike mediese kennis met vyandelikheid bejeën.<sup>97</sup>

Die Goudveld se myne met hulle gekras van gemaalde klippe, die gekletter van mynklokke, die springstofontploffings, die halfduister tonnells, die rotsbore, die wegduikende mynhysbakke en lang vermoeiende ure ondergrond, is noodgedwonge vreesaanjaend en uitputtend. Dit is teen die agtergrond van die moderne mynbounywerheid dat die oningewyde vreesbevange Swartes onder die toesig van die hospitaal se gesondheids- en opleidingsbeamptes geleer is, om hulle teen beserings en siektes te beskerm.<sup>98</sup>

Afgesien van die feit dat mynbounywerhede volgens die arbeidswet hospitaalgeriewe aan die mynboupersoneel moet verskaf, was dit nogtans 'n onbaatsugtige diens wat verrig is. Die mediese personeel moet bereid wees om lang ure en soms onder groot spanning hul taak met noulettende toewyding te behartig. Hierdie onbaatsugtige diens kon nie noodwendig in terme van geld bereken word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat mediese kundigheid wat in studie en opleiding opgesluit lê, vir die doel van korrekte en effektiewe behandeling toegepas word. Hierdie kundigheid is met die nodige geriewe en apparatuur gerugsteun sodat die beste mediese behandeling vir die pasiënte moontlik gemaak is.

Die verskaffing van gesondheidsdienste moes bepaalde voordele vir die werkgewers inhou, want as 'n werker goeie gesondheid geniet is hy uiteraard meer produktief. Afgesien daarvan is elke hospitaal volgens die beginsels van mediese etiek bestuur en gaan dit nie om ander waardes nie. Nieteenstaande hiervan, kon elke hospitaal slegs doeltreffend binne die toegelate begroting bestuur word.

Dit is duidelik dat die beplanning van die Ernest Oppenheimerhospitaal aan die oorweging van die

---

<sup>97</sup> *Lantern*, September 1962, p. 68.

<sup>98</sup> *Ibid*; L. C. Rudolph, *Onderhoud*, 27. 6. 1995; De Jong, *Onderhoud*, 18. 3. 1996.

moontlike stigting van Welkom toegeskryf word. Hierdie oorweging is te danke aan die ekonomies-ontginbare goud wat in die gebied ontdek is en waar die vyf myne van Anglo sou ontstaan. As gevolg hiervan het die gedagte aan 'n sentrale mynhospitaal, in stede van afsonderlike inrigtings of hospitale as die mees praktiese vir die ekonomiese beplanning van 'n groot moderne inrigting, ontstaan. Dit is na aanleiding hiervan dat die hospitaal gebou is en dat dit in 1952 in gebruik geneem is, nadat dit gedeeltelik voltooi is.

In die behandeling van Thabong is aandag aan verskillende fasette van die dorp se infrastruktuur gegee, veral aan die ligging van Ernest Oppenheimerhospitaal, hoewel dit nie in die swart woonbuurt geleë is nie. Hierdie betrokke hospitaal is wel vir die swart mynwerkers gebou. Thabong is belangrik omdat dit 'n integrale deel in die beplanning en stigting van Welkom was, sodat dit van dag 'n groter deel van Welkom vorm.

Die beplanning en uitleg van Welkom in vergelyking met dié van Johannesburg, wat na die ontdekking van goud in 1887 plaasgevind het, is 'n voorbeeld van goeie en doelmatige beplanning waarop almal met opreg trots kan wees.

#### 1.5 DIE SOSIO-KULTURELE EN OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE

Die sosio-maatskaplike aspek omvat ook die openbare vervoerwese soos spoorvervoer wat deel van 'n gemeenskap se infrastruktuur vorm. Daarom is daar ook in Welkom voorsiening vir spoorweggeriewe vir ligte en swaar industrieë gemaak, terwyl persele vir die opgaartenks van brandstof afsonderlik saamgegroepeer is.<sup>99</sup> Daarby is die aflaai en oplaai sones aan die agterkant van die nywerhede met heelwat ruimte uitgelê om die werk te vergemaklik.

Dit is moeilik om vas te stel in watter mate Welkom se ligging en verbintenis met die spoorsylyn tussen Whites en Allanridge, 'n invloed op die doeltreffendheid van die spoorvervoer het, omdat die spoorsylyn geen aansluiting met die spoorlyn verder wes tussen Klerksdorp en Bultfontein het nie. Dit wil voorkom asof laasgenoemde spoorverbinding in 'n groot mate die doeltreffende en spoedige vervoer van landbouprodukte soos mielies van Wes-Transvaal, beïnvloed het.<sup>100</sup>

Alhoewel die spoorverbinding geensins as ideaal beskou kan word nie, moet dit as 'n noodsaaklikheid beskou word, wat nietemin tot die gerief en welvaart van Welkom se ondernemers en inwoners bydra. 'n Regstreekse spoorverbinding tussen Allanridge en die Klerksdorp-Bultfontein-spoorlyn kon moontlik gedurende die tyd toe die goudprys hoog was baie tot Welkom se ontwikkeling bygedra het.<sup>101</sup> Dit was moontlik in 'n tyd voordat swaarvoertuie verskillende

---

<sup>99</sup> O.V.S. - Eeufeesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

<sup>100</sup> Viljoen, “ ‘n Beplanningstudie van Welkom”, p. 30.

<sup>101</sup> Ibid.



goedere oor langafstande begin vervoer het. Daarbenewens sal die koste om so 'n spoorverbinding in die huidige ekonomiese klimaat te bou onrealisties wees, terwyl die boukoste nie met verhoogde spoortariewe verhaal kan word nie. Sodanige spoorvervoer is nie vir enige ondernemer koste-effektief nie, terwyl dit ook nie met die goedkoper padvervoer sou kon meeding nie.

In terme van lugvervoer het Welkom alreeds in 1954 'n eie lugdiens na Johannesburg gehad, terwyl teerpaai na Johannesburg en Hennenman die padvervoer vergemaklik het. Die pad tussen Welkom en Bloemfontein was in daardie stadium nog besig om geteer te word.<sup>102</sup>

Afgesien hiervan is kommunikasiemiddele soos doeltreffende telefoonverbindinge vir enige beskaafde samelewing onontbeerlik. Gedurende 'n opname in Februarie 1963 wat gemaak is, het Welkom nog nie 'n outomatiese telefoonsentrale gehad nie. Dit het groot ontevredenheid veral onder die sakelui veroorsaak. In dieselfde jaar is 'n outomatiese telefoonsentrale in Welkom geïnstalleer en dit het 'n groot verbetering in die telekommunikasie netwerk teweeggebring.<sup>103</sup>

Die ander noodsaaklike dienste soos riolering vind in Welkom in twee rigtings plaas: Ooswaarts vanaf die sakesentrum na die Witpan-uitvalwerk en weswaarts na die Toronto-uitvalwerke. Die riooldienste in die vroeë sestigerjare was bevredigend en doeltreffend, sodat toekomstige uitbreiding van die rioolstelsel belowend geblyk het.<sup>104</sup>

Die Klippankwekery was net buite Welkom geleë om parke en verkeerseilande in stand te hou, sowel as om aanplantings langs die strate te doen. Daar is ook 'n groot verskeidenheid blomme, struik en bome gekweek. Die kwekery was redelik bekend in die land, terwyl die omliggende dorpe en plase as 'n bestendige mark gedien het. Hierdie kwekery is deur die Munisipaliteit van Welkom bestuur.<sup>105</sup>

Volgens die Verslag van die dorpsbestuur van 1959 en 1960 het die kwekery 'n goeie wins getoon. Daar is plekke soos Port Elizabeth, Randfontein, Harrismith en Kuruman, vanwaar bestelings ontvang is. Die inkomste van die kwekery het teen 31 Desember 1959 op £18, 690 66 te staan gekom, terwyl die uitgawes £15, 950 62 was.<sup>106</sup>

---

<sup>102</sup> *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

<sup>103</sup> Viljoen, “ ‘n Beplanningstudie van Welkom”, p. 32.

<sup>104</sup> *Ibid.*

<sup>105</sup> Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, pp. 140-141.

<sup>106</sup> *Ibid.*, p. 141.

Verder word ook pragtige parke in Welkom aangetref,<sup>107</sup> sodat die inwoners van die dorp behoorlik kan ontspan. Met al die pragtige parke, die plantegroei en bome kan Welkom as 'n tuindorp beskou word. Hierdie parke skep 'n pastorale atmosfeer in 'n andersins woelige mynbouopset met al die uitdagings wat dit bied, As 'n mynbougebied is sodanige geriewe in die woongebiede van Welkom, 'n noodsaaklikheid..

Welkom het boonop bekende afdelingwinkels en is deel van mooi geboue met al die moderne geriewe waaroor dit beskik. Hierteenoor is die onderskeie banke en verskillende takke van versekeringsmaatskappye ook vir die gerief van die publiek beskikbaar.<sup>108</sup>

In Welkom is die Roversklub 'n sosiale klub en sportsoorte soos rugby, sokker, krieket, hokkie, netbal, rolbal, muurbal en biljart word daar aangebied. Gedurende die somermaande word interprovinsiale en ander belangrike krieketwedstryde op die Roversbaan gespeel. Die St. Helena en Welkomklub is slegs vir diegene bedoel wat by die myne werksaam is, terwyl dit ook vir lede van die algemene publiek toeganklik is. Hierdie klubs het ook dieselfde geriewe as Roversklub,<sup>109</sup> sodat die lede van die publiek 'n wye keuse van klubs het.

Benewens al die klubgeriewe is daar ook nog die Oppenheimer Park Golfklub, net buite Welkom wat 'n 18-putjie baan is. Hierdie gholfbaan is op 18 November 1956 amptelik deur Harry Oppenheimer geopen, waartydens hy die gholfbklub vir die hele gemeenskap van Welkom toeganklik gemaak het.<sup>110</sup> Die gras van die gholfbaan is baie groen en dit is veral die setperke waarvan die gholff entoesiaste hou. Die gholfspelers is van mening dat die skoonveld van die baan met die beste setperke van ander gholfbane vergelyk.<sup>111</sup>

Die inry-bioskoop naby Koppie Alleen wat ongeveer 11 kilometer vanaf die sakesentrum was, het ook heelwat vermaak aan die inwoners van Welkom verskaf. Terwyl die diereliefhebbers 'n groot verskeidenheid wilde voëls en flaminke by Flamingo-pan kon besigtig. Hierdie sonderlinge gesig van pienk flaminke is selfs vandag 'n indrukwekkende gesig om te aanskou. Dit behoort 'n lushof vir die voëlliefhebber sowel as vir die voëlwaarnemer/s te wees.<sup>112</sup>

---

<sup>107</sup> Ibid., p. 138.

<sup>108</sup> *Welkom*, Die Sentraal O. V. S. Streeksreklame-Vereniging ... , p. 14.

<sup>109</sup> Ibid., pp. 15-16; *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

<sup>110</sup> *Welkom News*, December 1956.

<sup>111</sup> *Welkom News*, p. 16; *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14.*  
2. 1947 - 29. 8. 1968.

<sup>112</sup> *Welkom*, Die Sentraal O. V. S. Streeksreklame-Vereniging, ... p. 17 en p. 21.

Met die voltooiing van die teater in 1968 het dit duidelik geword, dat Welkom in 'n gunstige posisie is om die kulturele middelpunt in die Goudveld, sowel as in die hele Noord-Vrystaat te word.<sup>113</sup> Derhalwe kan toneelopvoerings in dié deel van die kontrei opgevoer word, wat andersins nooit vir die plaaslike bevolking beskore was nie. "Large productions can be accommodated in this magnificent new theatre and because of its large seating capacity it will be economically possible to bring expensive productions to Welkom."<sup>114</sup> Daarby is die teater vir grootskaalse produksies soos opera, ballet -en musiekopvoerings ontwerp en is die dekoratiewe opset van die verhoog van so 'n aard, dat dit 'n gemeensame atmosfeer vir kleiner produksies moontlik maak.<sup>115</sup>

In die begin jare was Welkom Mynklub en St. Helena Ontspanningsklub die enigste klubs waar baie van die sosiale-aktiwiteite gehou is. Die Welkom Mynklub se naam het in 1957 na Welkom Klub verander. Dit is gedoen sodat die indruk nie geskep moes word, dat dié klub uitsluitlik vir die mynboupersoneel toeganklik is nie.<sup>116</sup>

In die lig van die sosio-maatskaplike verwickelinge is dit noodsaaklik om te wys op die toename in bevolkingsgroei wat as barometer vir die sosio-, kulturele en opvoedkundige ontwikkeling dien.

Die eerste mynbouverhuring is aan St. Helena Gold Mining Company, sowat 6 jaar na die totstandkoming van Welkom toegeken. In daardie stadium het die dorp 'n blanke bevolking van ongeveer 500 inwoners gehad.<sup>117</sup>

Volgens *Welkom News* van 1950, het die blanke bevolkingsgroep vanaf September 1949, meer as verdubbel omdat dié bevolking na beraming op 31 Oktober 1950 op 6,700 was. Dit wil sê, 'n vermeerdering van 1,335 in vergelyking met die sensusopname wat in September 1949 gehou is.<sup>118</sup>

---

<sup>113</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*; Joubert, " 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom", p. 127; J. Wessels, *Onderhoud*, 12. 3. 1992; W. Thorne, *Onderhoud*, 18. 5. 1992; S. van Zyl, *Onderhoud*, 20. 2. 1992.

<sup>114</sup> Ibid.

<sup>115</sup> Ibid.

<sup>116</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 44; Viljoen, "'n Beplanningstudie van Welkom", p. 33.

<sup>117</sup> Davis, Bristow, Small and Associates, *Towns in the O. F. S. Goldfields. A Study of Past Development and Future Growth Potential, Report*, September 1981, p. 14.

<sup>118</sup> *Welkom News*, November 1950.

Die betrokke koerant verduidelik verder dat daar ook ander statistiese gegewens met betrekking tot Welkom en die Goudveld is, wat oor die algemeen ‘n soortgelyke beeld van snelle vooruitgang toon.<sup>119</sup> In Junie 1952, toe Welkom vyf jaar oud was, is Welkom ná Bloemfontein as die tweede grootste dorp in die Oranje-Vrystaat beskou. Die bevolking van die dorp het in die eerste voorafgaande ses maande met 20% vermeerder, want in daardie stadium was daar alreeds 26, 000 inwoners, waarvan 11, 500 Blankes was.<sup>120</sup> Die bevolkingsverspreiding van Welkom was teen September 1954 soos volg: In die dorp self was daar 18, 500 Blankes en 19, 000 Swartes, wat in totaal op 37, 500 te staan gekom het. Daarenteen was daar geen Blankes by die myne woonagtig nie, terwyl daar 23, 000 Swartes by die myne gehuisves is. ‘n Klompie Blankes het tydelik op myneiendom in Odendaalsrus en Virginia gewoon, maar hulle was later in huise op die onderskeie dorpe gehuisves.<sup>121</sup>

In Welkom het sowat 11, 500 van 20, 000 Swartes wat nie by die myne werksaam was nie in Thabong gewoon. In daardie stadium het die swart woonbuurt oor ongeveer 1,704 huise beskik, terwyl 7, 500 Swartes op persele van blanke werkgewers in Welkom gewoon het. Die mynkampongs het sowat 1, 000 Swartes tydelik gehuisves totdat hulle elders gehuisves kon word.<sup>122</sup> Die toename van Swartes by die myne en in die privaatsektor van Welkom, is nie alleenlik ‘n bewys van die snelle mynbou-ontwikkeling van Welkom nie, maar ook ‘n aanduiding van die dorp se groeitendens wat op haas allerlei terreine van die gemeenskap plaasgevind het.

Die getal swart mynwerkers het sedert 1960 aansienlik toegeneem. In 1951 was daar alreeds 15 000 Swartes by ses goudmyne in Welkom werksaam. Die getal Swartes het tot 23 000 in 1954 en tot 48 000 in 1963 onderskeidelik vermeerder. In totaal was daar sowat 80 000 in die Goudveld en die helfte van hulle was in Welkom werksaam.<sup>123</sup>

Dit is nietemin noodsaaklik om die toename in blanke en swart bevolkingsgroei aan te dui, want dit is nie slegs ‘n aanduiding van die dorp se uitbreiding en ontwikkeling nie, maar veral van die aktiwiteite wat op verskillende terreine van die samelewing plaasgevind het. Derhalwe is dit belangrik om, afgesien van die sosio-maatskaplike aktiwiteite ook die kulturele bedrywighede van die dorp se inwoners in oënskou te neem.

---

<sup>119</sup> Ibid.

<sup>120</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 74.

<sup>121</sup> ‘n Streekopname van die Oranje-Vrystaatse Goudveld deur die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, *Verslag*, p. 23.

<sup>122</sup> Ibid.

<sup>123</sup> Viljoen, “ ‘n Beplanningstudie van Welkom”, p. 157.

Die Welkom Klub was die belangrikste kultuursentrum sedert Welkom se stigting, want die klub kon ongeveer 400 mense akkommodeer. Die verhoog is ideaal toegerus vir belangrike toneelopvoerings, dit het ook oor 'n goeie akoestiek beskik. Gevolglik is belangrike toneelopvoerings en musiekuitvoerings in hierdie saal aangebied. 'n Toneelopvoerings soos The "Pirates of Penzance" en "Just Married", is enkele van die eerste opvoerings wat in die Welkom Klub aangebied is.<sup>124</sup>

Die Vroue Landbou-Unie het in die vroeë jare van Welkom se bestaan, belangrike dienste aan die gemeenskap verrig. Hierdie organisasie is in November 1948 gestig, terwyl A.E. Bruns die eerste presidente was. Die organisasie het in Junie 1955 sowat vyf-en-sewentig lede gehad en in 1949 is alreeds twee lede afgevaardig, om 'n kongres van die tak in Bloemfontein by te woon.<sup>125</sup>

'n Tak van die Nasionale Raad vir Vroue in Welkom is op 5 Februarie 1952 gestig, terwyl R. J. Brotherton as eerste presidente verkies is. Daarenteen is Welkom se Sake- en Beroepsvroueklub in Augustus 1955 gestig en H. Loots is as eerste presidente verkies. Daar is ook ander takke van nasionale belang soos die O.F.S. Goldfields Caledonian Society van die Skotte, wat in Junie 1955 gestig is. C.S. Rendall het die eerste verkose leier van die organisasie geword.<sup>126</sup>

Die Scouts van Welkom is in 1950 gestig en F. B. Foster het baie tot die vorming van die groep bygedra. Die Welkom afdeling van die Scouts het binne vier-en-twintig uur nadat dit gestig is, vir R. Rowallan, Hoof-Scout ontmoet. Hierdie ontmoeting het in Kroonstad tydens Rowallan se deurreis na Bloemfontein plaasgevind.

Die eerste vergadering van Welkom se Afrikaanse Kultuurvereniging is in Desember 1950 by 'n skool in Welkom gehou. D. de Wet was die eerste voorsitter en H. S. van der Merwe het as vise-voorsitter gedien. Teen 22 Februarie 1951 het die ledetal al op vier-en-vyftig te staan gekom. Die doel van die Afrikaanse Kultuurvereniging was om die Afrikaanse taal en kultuur in Welkom te bevorder.<sup>127</sup> Die taalmonument wat in Welkom opgerig is, was 'n belangrike bydrae tot die Taalfees, wat in 1960 gehou is. Die monument is oos van en naby aan die sakesentrum opgerig. Die oprigting

---

<sup>124</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 44; Wessels, *Onderhoud*, 12. 3. 1992; Thorne, *Onderhoud*, 18. 5. 1992; Van Zyl, *Onderhoud*, 20. 2. 1992; Sacks, *Onderhoud*, 14. 3. 1994; De Jong, *Onderhoud*, 13. 3. 1996.

<sup>125</sup> *Ibid.*, p. 46.

<sup>126</sup> *Ibid.*

<sup>127</sup> *Ibid.*; pp. 47-48, 49; Van Zyl, 20. 2. 1992; J. Wessels, *Onderhoud*, 12. 3. 1992; Sacks, *Onderhoud*, 14. 3. 1994; De Jong, *Onderhoud*, 13. 3. 1996; De Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1992.

van hierdie monument is meer spesifiek ter herdenking aan die “Wonder van Afrikaans”, sowel as vir die daadwerklike groei en ontwikkeling van Afrikaans, wat die fakkel van die Afrikaanse kultuur is.<sup>128</sup>

By ‘n Vergadering wat in Februarie 1952 gehou is, het tot ‘n besluit vir die stigting van ‘n Voortrekkerkommando in Welkom gelei. J.R. de Villiers was die sameroeper van die vergadering. ‘n Vergadering wat op 6 Mei 1952 gehou is, is T. Prinsloo as eerste Kommandant van die Voortrekkerkommando verkies. Hy was in daardie tyd die superintendent van die munisipale busdiens. Daarbenewens is W. Schoeman by dieselfde vergadering as Assistent-Kommandant verkies.<sup>129</sup> Hierdie beweging het baie tot die kulturele bedrywighede van Welkom bygedra.

Op 14 Junie 1957 is die Rapportryersbeweging in Dagbreek Hotel gestig. Die Komiteelede het bestaan uit R. P. G. Dreyer, voorsitter, W.F. Meyer, vise-voorsitter, J. van Zyl, tesourier. F. P. A. le Roux, J. J. Fourie en B. F. Badenhorst. Hulle was almal gewone lede wat op die komitee gedien het.<sup>130</sup> In wese poog die Rapportryerskorps om goeie betrekkinge tussen die verskillende rassegroepe op nasionale grondslag te handhaaf en streef ook die handhawing van eie kultuurbevordering na. Die Christelike Nasionale karakter van die Rapportryerskorps is weerspieël deur skenkings aan skole en instansies waar dit enigsins nodig was. Eweseer is kennisverbreding deur lesings en toesprake op ‘n gereelde grondslag by die Rapportryerskorpse gehou. Dit was ‘n belangrike aktiwiteit om die eie kultuurgroep op verskillende terreine in te skerp.

Benewens kultuurverryking het die opvoeding van die kinders ook nie agterweë gebly nie, omdat die skole in Welkom na die ontdekking van goud in 1946 toegeneem het. Hierdie toename het veral na die stigting van die dorp plaasgevind. Die eerste skool was ‘n privaat skool wat deur die myne behartig is,<sup>131</sup> en as St. Helena Privaatskool bekend gestaan het. Hierdie skool is in ‘n privaat woning in Oktober 1947 geopen. Die skoolhoof was mev. J. J. M. Dippenaar, wat met 14 leerlinge en 2 personeellede die skool begin het.<sup>132</sup>

Die eerste provinsiale skool wat deur die provinsie voorsien is, was die St. Helena Laerskool en dit

---

<sup>128</sup> Joubert, “‘n Geografiese analise van die stedelike gebied welkom”, p. 127; Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld, pp. 59-60.

<sup>129</sup> Ibid., pp. 58-59.

<sup>130</sup> Ibid; Van Zyl, *Onderhoud*, 20.2.1992; Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1992.

<sup>131</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.

<sup>132</sup> *Welkom, hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld*, p. 42.

was 'n dubbelmedium laerskool.<sup>133</sup> Hierdie skool het in Julie 1948 met J. I. Cronje as skoolhoof begin wat uit 23 permanente en 10 tydelike klaskamers bestaan het. In daardie stadium was daar 1, 200 leerlinge en 'n personeeltal wat op 35 te staan gekom het. Cronje het in 1948 na Welkom toe gekom, waarna hy 'n belangrike bydra tot die ontwikkeling van die gemeenskapslewe gemaak het. Hy het later burgemeester van Welkom geword, nadat hy jare lank as senior raadslid en as voorsitter in verskeie komitees gedien het. Sy eggenote het ook 'n belangrike funksie in die gemeenskapslewe van Welkom vervul. Sy was een van die eerste sekretaresse van die Vroue Landbou-Unie wat die posisie jare lank beklee het.<sup>134</sup>

In die beginjare het baie ouers geglo dat die skoolstandaard van Welkom se skole nie na wense was nie en gevolglik het hulle hulle kinders na ander skole gestuur. Dit het mettertyd verander en vandag het Welkom uitstekende skole.<sup>135</sup> In 1949 het Welkom Primêre Skool met D. Uys as skoolhoof, 268 leerlinge gehad en teen 1953 het die syfer tot 910 gestyg. Hierteenoor is die Laerskool Dagbreek, in 'n ander voorstedelike gebied van Welkom wat in 1953 met 'n leerlingtal van 493 en 17 onderwysers begin het.<sup>136</sup>

In St. Helena, 'n voorstad van Welkom, is 'n kleuterskool in Julie 1950 gestig en mev. M.J. van Lingen was die skoolhoof. Met die aanvang van dié skool was die kleutertal 47 en talle name van kleuters was op die waglys vir inname.<sup>137</sup> St. Agnes wat 'n Rooms Katolieke en privaat skool is, is in Januarie 1952 ingebruik geneem.<sup>138</sup> Die Goudveldse Tegnieëse Instituut het amptelik teen die einde van Maart 1955 'n aanvang geneem.<sup>139</sup> Die grootste aantal ingeskrewe leerlinge by dié instituut het van Welkom gekom, omdat die grootste konsentrasie van myne in die omgewing van Welkom is. F.R. Schmidt was die hoof van die instituut.<sup>140</sup> Met die amptelike opening van die Tegnieëse Instituut in 1955, was dit die grootste opvoedkundige inrigting in die hele Goudveld. Die waardeberaming van die hele kompleks het op R760 000 00 te staan gekom. In 1960 het die instituut 1500 ingeskrewe leerlinge gehad, waarvan 330 voltydse leerlinge was. Daarbenewens het sowat 420 vakleerlinge

---

<sup>133</sup> *Argiefstuk, W B, Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968.*

<sup>134</sup> *Welkom, Welkom hoofstad van die Oranje-Vrystaat Goudveld, p. 42; Vista Newspaper, 9 November 1979.*

<sup>135</sup> *Argiefstuk, W B, Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968; Cronje, Onderhoud, 17. 3. 1996.*

<sup>136</sup> *Ibid; Welkom, hoofstad van die Oranje - Vrystaat Goudveld, p. 42.*

<sup>137</sup> *Ibid.*

<sup>138</sup> *Ibid; J.H. Bruwer du Toit, Onderhoud, 9. 12. 1994.*

<sup>139</sup> *Welkom News, April 1955.*

<sup>140</sup> *Welkom hoofstad van die Oranje - Vrystaat Goudveld, p. 42*

middag -en aandklasse bygewoon. Die mynbouwese in die Goudveld het in dieselfde jaar sowat 100 leerlinge gehad wat klasse by die instituut bygewoon het.<sup>141</sup>

Hierdie skole is 'n uitvloeisel van die mynbou-ontwikkeling waaraan Welkom veral sy bestaan te danke het. Skole wat 'n hoë gehalte opvoeding bied is 'n belegging vir toekomstige ontwikkeling vir die land, veral as dit ook nog aan goeie gehalte onderwys gekenmerk word. Desnieteenstaande is Welkom 'n gemeenskap wat aan die normale standaarde van gemeenskapstrukture as metropolis van die Goudveld voldoen. Daarom is dit belangrik dat Welkom oor skole van kwalitatiewe gehalte moet beskik.

Die Tegniese Instituut het ook voorsiening vir praktiese onderwys by wyse van aandklasse gemaak. Die instituut het praktiese kursusse aangebied soos naaldwerk, houtwerk, handel, tale, liggaamlike opvoeding, sowel as vir die opleiding van werktuigkundiges.<sup>142</sup> Die Hoër Handelskool sowel as die Hoër Tegniese Skool het in April 1968 onder die jurisdiksie van die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement geressorteer. Op dié wyse het die skool wat tegniese en gevorderde onderwys aangebied het, onafhanklik van die Tegniese Instituut geword.

Hierdie skool het van Standaard V1 tot X skoolklasse aangebied, en "all pupils at the school are compelled to take five subjects - English, Afrikaans, Mathematics, Physical Science and Drawing (either technical or building) - in addition to the trade of their choice, Stds V1 to V111 also have history as a subject."<sup>143</sup> Die Hoërhandelskool was ook deel van die Tegniese Instituut en het in Januarie 1965 onafhanklik van die instituut geword. Hierdie skool het ook deel van die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement geword. Die doel van die skool was om leerlinge in 'n handelsrigting op te lei en het die volgende vakke aangebied: Boekhou, handel, handelsreg, ekonomie, tikskrif en snelskrif.<sup>144</sup> Hierdie skool gee slegs vanaf Stds. V111 tot Std. X onderrig en die leerlinge wat 'n slaagsyfer in Wiskunde en Ekonomie behaal het, het vir 'n matriekulasievystellingsertifikaat gekwalifiseer. 'n Groot aantal van die skool se oud-leerlinge het al aan verskillende universiteite gestudeer,<sup>145</sup> 'n prestasie waarop die skool baie trots is. Dié skool staan vandag as Unitas Sekondêre Skool bekend.<sup>146</sup>

In 1961 het Welkom se skole die volgende leerlingtalle gehad: Volksskool St. Helena 1,008, Volksskool Welkom 972, Volksskool Dagbreek 903, Gimnasium Hoërskool 650, Volksskool Reitzpark

---

<sup>141</sup> Joubert, " 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom", p. 128.

<sup>142</sup> Ibid.

<sup>143</sup> *Argiefstuk*, W B, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 - 29. 8. 1968*.

<sup>144</sup> Ibid; Bruwer du Toit, *Onderhoud*, 9. 12. 1994.

<sup>145</sup> Joubert, " 'n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom", pp. 128 - 129.

<sup>146</sup> Bruwer du Toit, *Onderhoud*, 9. 12. 1994.



620, Volksskool Bedelia 590, Volksskool Rheederpark 510, Convent of St. Agnes 439.<sup>147</sup> Daarby het Christian Brothers College 380, Tegnieuse Instituut (voltyds) 350, Welkom Hoërskool 334, Goudveld-Hoërskool 262 gehad.<sup>148</sup> Indertyd het twee laerskole en ‘n hoërskool in Riebeeckstad sowel as ‘n Engelsmediumlaerskool in Dagbreek bygekom. Die Amariskool is gestig vir kinders wat spesiale onderwys ontvang. In St. Helena was St. Andrews Skool eers ‘n laerskool voordat dit ‘n Sekondêre Skool geword het. ‘n Ander voorstad van Welkom, Naudeville, beskik oor ‘n eie laerskool wat naby St. Helena geleë is.<sup>149</sup> Die Volksskool Bedelia en Rheederpark het intussen saamgesmelt,<sup>150</sup> omdat baie van die kinders se ouers by die onderskeie myne afgedank is, waarna hulle verplig was om ‘n heenkome elders te gaan soek. Hierdie afdankings moet basies aan die lae goudprys toegeskryf word.

Al hierdie skole in Welkom is ‘n aanduiding van Welkom se ontwikkelingsfase en veral in ‘n stadium toe die goudprys nog besonder hoog was. Die voortdurende toename in leerlinge by die onderskeie skole is ‘n bewys, dat Welkom die hart van die Goudveld se ekonomiese bedrywighede was en nog is. Bo en behalwe skole het die die onderskeie kerke in die Goudveld ook ‘n belangrike rol in die geestelike bearbeiding van die verskillende lidmate vervul.

#### 1. 6 DIE KERK AS BELANGRIKE INFRASTRUKTUUR IN DIE BEGINJARE

Die gemeente van Odendaalsrus was ten diepste geraak deur die mynbou-ontwikkelinge in die Goudveld. Die dorp Virginia het buite die gemeentelike grense van Odendaalsrus geval, sodat kerklike of geestelike bearbeiding sowel as die administrasie vir die Goudveld deur die Moedergemeente van Odendaalsrus behartig is. Selfs na die afstigting van die onderskeie gemeentes was dit steeds ‘n reusetaak vir een leraar om al die werk in die gemeente te behartig. Na afstigting van die onderskeie gemeentes, het die Moedergemeente van Odendaalsrus in 1954, steeds meer as 2000 lidmate gehad. Om al die werk deur een leraar te behartig was ‘n geweldige taak. Die uitbreiding op kerklike sowel as op onderwysgebied was so omvangryk, dat daar onmoontlik nie met al die verwickelinge tred gehou kon word nie. Derhalwe was daar geen sprake van intensiewe huisbesoek meer nie. Mettertyd het St. Helena en Welkom in selfstandige eenhede of gemeenskappe ontwikkel en die bande al losser van Odendaalsrus geword. Dit het sy eie spanning meegebring.<sup>151</sup> Teen 1950 het Welkom tussen 4000 tot 5000 inwoners gehad, terwyl huise op groot skaal in aanbou was. Daar was ook heelwat ekonomiese bedrywighede in St. Helena, wat ook ‘n voorstedelike

---

<sup>147</sup> Joubert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, p. 129; *Welkom News*, March 1961.

<sup>148</sup> *Ibid.*, 129-130.

<sup>149</sup> *Ibid.*

<sup>150</sup> Bruwer du Toit, *Onderhoud*, 9. 12. 1994.

<sup>151</sup> M.G.W. de Kock, “75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: Ned. Geref. Kerk Odendaalsrus 1905 - 1980”, September 1980, p. 28. S. n.

gebied van Welkom is.<sup>152</sup>

In elke nuwe uitbreiding moes persele vir kerke en pastorieë vir die nuwe afgestigte gemeentes verkry word. Dit was 'n taak wat baie tyd en geduld geverg het. Hierin het ds. W. R. de Kock van die Odendaalsrus Moedergemeente, 'n groot rol vervul weens die goeie samewerking wat hy van die mynowerhede ontvang het.<sup>153</sup>

Die kerk het in die vroeë stadium van ontplooiing mense met geloof en visie nodig gehad, sodat dit kon tred hou met die nodige mynbou-ontwikkelinge wat plaasgevind het.<sup>154</sup> Hierdie mynbou-ontwikkelinge het gebiedsuitbreiding vir nuwe afgestigte gemeentes genoodsaak. Gevolglik moes die kerk gedurig in pas wees met die mynbou-ontwikkelinge waarvoor nuwe woongebiede 'n noodsaaklikheid was.

In die lig hiervan sal die ontvouende gemeentes en kerke in die daaropvolgende hoofstukke behandel word. Volgens 'n oorsigtelike beskouing is dit belangrik om te weet waarom Welkom gestig is, aangesien Odendaalsrus met 'n gevestigde infrastruktuur ongeveer agt myl vanaf Welkom geleë is. Odendaalsrus het dus die potentiaal gehad, om as omvattende mynboudorp te kon ontwikkel. Daar is egter redes wat Odendaalsrus in sy ontwikkeling soos die ligging van die woon- en werkplekke (myne) gestrem het. Groot mynboubedrywighede in die omgewing van Welkom het die afstand tussen die woon- en werkplek aansienlik verkort. Daarteenoor sou die langer afstande na Odendaalsrus, nie alleen onnodige reiskostes en ongerief veroorsaak het nie, maar veral die nadelige beïnvloeding van die myne se produksie wat daardeur geraak sou word.

Daar was ook die onvermoë van Odendaalsrus om die nodige grond vir mynbou-ontwikkeling te voorsien, want Odendaalsrus het probleme gehad met die skeiding van eiendomsreg van minerale- en oppervlakteregte, wat uitbreiding vir die dorp bemoeilik het. Hierdie soort probleme het nie in die Welkomgebied voorgekom nie, want voordat Welkom gestig is, was dit alreeds deel van die beplanning om ongeveer ses myne in die bepaalde gebied te ontwikkel. Gevolglik het Anglo en Union Corporation al in daardie stadium by die Provinsiale Administrasie vir die stigting van Welkom aansoek gedoen. Dit is met dié doel voor oë dat die twee maatskappye deur hulle filiaalmaatskappye grond in die betrokke gebied aangekoop het, waar die toekomstige dorp gestig sou word. Dit het die monopolie van enige instansie of maatskappy om enige moontlike skeiding van minerale- en oppervlakteregte, uitgeskakel. Die gevolg het dié mynbougebied nie die probleme gehad wat in Odendaalsrus voorgekom het nie.

Afgesien van al die probleme en moeite wat voorafgegaan is om 'n dorp soos Welkom te stig, het dit nietemin sy ontstaan en ontwikkeling aan die goudmynboubedryf te danke. Daar word vandag ernstig gepoog om nywerheidsontwikkeling aan te moedig, sodat die mynbounywerheid nie die

---

<sup>152</sup> *Die Kerkbode*, 23. 8. 1950, Deel 2, p. 379.

<sup>153</sup> De Kock, "75 Jaar van Gods Genade ...", p.28.

<sup>154</sup> *Die Kerkbode*, 23. 8. 1950, Deel 2, p. 380.

enigste bron van werkverskaffing in die Goudveld moet wees nie. Die rede is voor-die-hand-liggend, want die oomblik as die myne uitgeput is, is 'n vername bron van werkverskaffing vir duisende mense in die Goudveld verlore. Gevolglik is nywerheidsbevordering van die uiterste belang en moet daar miskien weer na die steenkoolneerslae in die Welkom-distrik vir ekonomiese ontginning opgelet word, aangesien die produktiewe ontginning van steenkool moontlik 'n belangrike alternatief vir werkverskaffing en as belangrike ekonomiese konjunktuur vir die gebied kan dien.

Ten slotte is daar in die ontstaan en ontplooiingsproses van Welkom aan al die vereistes van 'n gewone dorp aandag gegee. Daarom moet daar nie slegs aan Welkom in terme van die bestaande myne as dorp gedink word nie, want die beplanning en uitleg sowel as die infrastruktuur, het voorsiening vir 'n gewone dorp gemaak. Die sosio-kulturele en opvoedkundige aspekte sowel as die rol van die kerk in die beginjare moet ook vermeld word. Benewens die sosio-kulturele moet ook aandag aan die sosio-maatskaplike aspekte van industrieë, spoorwegfasiliteite en kommunikasieweë gegee word. Die lugvervoer met 'n gereelde lugdiens tussen Welkom en Johannesburg kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is steeds vir die sakelui van Welkom van groot belang.

Op sosio-maatskaplike gebied was daar gereeld 'n toename in die bevolkingsgroei wat as maatstaf vir die sosio-ekonomiese-, die geestelik-religieuse-, die kulturele-opvoedkundige ontwikkeling begryp behoort te word.

Om klaarblyklike redes het die kerk ook in die vroeë vormingsjare van die Goudveld se geskiedenis sy merk gemaak. Alle geestelike en kerklike bearbeiding het deur die Moedergemeente van Odendaalsrus plaasgevind. Selfs na die afstigting van die onderskeie gemeentes het alle geestelike, kerklike en administratiewe pligte swaar op die een leraar van die gemeente van Odendaalsrus gerus, voordat ander leraars mettertyd bygekom het. Hierdie situasie het ook in 'n groot mate by ander Afrikaanse kerke voorgekom. Die kerke het oor die algemeen 'n groot taak gehad, omdat hulle voortdurend in pas met die ontwikkeling en uitbreidingsmoonlikhede van die myne moes bly. Die onderskeie Afrikaanse Gereformeerde Kerke het met die gang van dié ontwikkeling tred gehou, sodat 'n weerspreeking en rekonstruksie van die geskiedenis daarvan heeltal geregverdig is.

## 1. 7 INTERPRETATIEF EN GEVOLGTREKKING

### 1. 7. 1 INTERPRETASIE

Die omwenteling wat deur die mynbou-ontwikkeling meegebring is, is hoofsaaklik te danke aan ekonomies ontginbare goud wat in die omgewing van Odendaalsrus in 1946 ontdek is. Die sosio-ekonomiese tendense in die gebied het die regering genoodsaak om ordelike ontwikkeling deur middel van 'n saambindende liggaam vir die onderskeie Staatsinstellings te verseker. Derhalwe is staatsbeheer by wyse van toepaslike wetgewing aan die onderskeie Staatsdepartemente op 'n gekoördineerde basis toegeken. Hierdeur is alle willekeurige dorps- en ongeoorloofde mynbou-ontwikkeling in die Goudveld uitgeskakel.

Die goudmynbounywerheid se ontwikkeling in dié gebied is fenomenaar, omdat dit die ekonomie op 'n nasionale sowel as op plaaslike vlak nuwe momentum gegee het. 'n Eskalاسie van ekonomiese

hoop het in breë verband die werklikheid van 'n toepaslike infrastruktuur 'n onvermydelike noodwendigheid gemaak. Gevolglik was behuising, vervoer, elektrisiteit, water, winkels, kerke en allerlei noodsaaklikhede vir 'n funksionele ontwikkelde gebied onafwysbaar.

Desnieteenstaande het Odendaalsrus met die nodige kapasiteit van 'n infrastruktuur nie aan die verwagting van Ernest Oppenheimer se vooruitstrewende beplande mynbou-ontwikkeling voldoen nie. Die ontdekking van goud en grondopsies wat die Munisipaliteit van Odendaalsrus aan verskillende mynmaatskappye in Odendaalsrus en omgewing toegeken het, het uitbreiding op mynbounywerheidsgebied aldaar onmoontlik gemaak. Gevolglik was bogrondse regte en ondergrondse regte aan verskillende mynmaatskappye toegeken, 'n inhiberende faktor vir enige daadwerklike uitbreiding sodat dit nie in die noodsaaklike omvang van 'n infrastruktuur kon voldoen nie.

Derhalwe het Oppenheimer vergesigte van 'n eie ontwikkelingsgebied vir Anglo gehad. Na vele onderhandelinge is Ordonnansie no. 20 van 1947 deur die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat afgekondig. Die ordonnansie was op dorpsgebiede van toepassing en het voorsiening van enige moontlike moeilikheidsgraad, veral vir Welkom se stigting gemaak. Hierdeur is ook ruimte gemaak vir die vinnige oprigting van noodsaaklike geboue, selfs nog voordat Welkom amptelik as dorp geproklameer is.

Dit is in dié tyd nog voordat Welkom as dorp geproklameer is, dat lidmate van die onderskeie gevestigde kerke deur predikante van gemeentes soos Odendaalsrus gereeld bearbei is. Die woningsnood was groot en baie mense in die kontrei het tydelike huisvesting gehad. Dit was een van die redes waarom Anglo 'n eie dorp met al sy geriewe en woonhuise van werknemers so na as moontlik aan die omliggende myne geleë wou hê. Die nabyliggende huise van die mynboupersoneel aan die myne het 'n gerieflikheids- en ekonomiese doel vir beide werkgewer en werknemer voor oë gehad.

Oppenheimer was bereid om miljoene pond aan mynbou-ontwikkeling vir die ontginning van ekonomiese ontginbare goud te bestee, omdat hy aan die toekomstige sukses van goudontginning in die Goudveld geglo het. Derhalwe het hy ook nie die koste vir die beplanning van 'n funksionele dorp, waarin die mynwerkers gerieflik kon woon ontsien nie.

Om die dorp amptelik te stig moes die dorpsraad dit eers goedkeur. Gevolglik het die dorpsraad die aansoek van S.A. Townships Mining and Finance Company (filiaal maatskappy van Anglo) vir die stigting van Welkom oorweeg. Eweseer moes die Dorpsraad besluit of die nuwe dorp Welkom op sekere plase of op gedeeltes van plase in die omgewing van Uitsigkamp gestig mag word. Daar was egter sekere groepe en instansies wat vir en teen die stigting van die dorp gekant was. Gevolglik het die Raad en advokate van Anglo, Odendaalsrus en sekere mynboumaatskappye in die ontspanningsaal van Uitsigkamp vergader. Die doel was om argumente vir en teen die stigting van Welkom aan te hoor.

Al die partye het goeie argumente aangevoer, maar dit was duidelik dat die regering alreeds aandag aan doelmatige beplanning vir die ontwikkeling van die gebied gegee het. Na aanleiding van

mynbou-ontginningsaktiwiteit is die tot standkoming van myne in die vooruitsig gestel, waarvan die grootste deel in die omliggende gebied van Welkom sou wees. Die argument van geskikte infrastruktuur soos behuising vir die mynbouwerknemers, wat Abram Fischer as advokaat van Anglo aangevoer het, het ook swaar ten gunste vir die stigting van Welkom opgeweeg.

Om klaarblyklike redes het die stigting van Welkom onafwendbaar geblyk, sodat die Provinsiale Sekretaris se brief van 15 April 1947 aan S. A. Townships Mining and Finance Corporation, 'n bekragtiging van die Administrateur se goedkeuring daartoe was. Derhalwe is 15 April 1947 die amptelike stigtingsdatum van Welkom. Hiervolgens wil dit voorkom dat Welkom se stigting regstreeks met produktiewe mynbou-ontginning vir ekonomiese voordele oor 'n breë spektrum verband gehou het.

Op die amptelike stigting van Welkom het dorpe soos Blaauwdrift, Riebeeckstad, Virginia en Allanridge gevolg. Hierdeur is die kans van Odendaalsrus uitgeskakel om die metropolis in die Goudveld te word, omdat Welkom met die grootste sentralisasie van Anglo myne in die gebied op haas elke terrein toonaangewend in die Goudveld sou wees.

Oppenheimer kon dus nou aan die beplanning van Welkom aandag gee en gevolglik het die dorpsbeplanners besluit dat die suidelike gedeelte van die plaas Welkom, die geskikste vir dorpsaanleg sou wees. Hierdie gedeelte was dus die naaste aan die voornemende mynbou-ontwikkeling geleë. Die gedeelte is dus as 'n strategiese dorpsbeplanningsaanleg beskou en gevolglik het Oppenheimer 'n volledige plan aan die Dorpsraad van die Oranje - Vrystaat vir goedkeuring voorgelê. Dit het al die eienskappe van 'n voornemende dorp met die nodige infrastruktuur omvat. Derhalwe is die naam van die dorp na die plaas Welkom vernoem, omdat dit die naam van een van die plase in die omliggende gebied was. 'n Groter dorp soos Welkom sou deur doelmatige dorpsbeplanning aan die mynbou-ontwikkeling se vereistes voldoen, veral as hoë graadse goud eers op groot skaal ontgin word. Al dié faktore is vooraf noukeurig deur Oppenheimer in aanmerking geneem, omdat die vestiging van die mynbounywerheid miljoene pond in die betrokke gebied beloop het. Derhalwe kon Oppenheimer nie anders as om sy huiswerk vir die tot standkoming van die goudmynboubedryf in die omstreke van Welkom behoorlik te doen nie. Benewens die goudmyne sou Welkom as 'n goed beplande dorp oor die nodige infrastruktuur as kenmerk van enige moderne dorp beskik, wat onontbeerlik vir enige samelewing is. Oppenheimer het ook met die beplanningsopset van Welkom vir 'n groter toename van sekondêre nywerhede gehoop, wat nie soseer aan die mynbou verwant sou wees nie.

In die ontwikkelingsgang van Welkom het die Administrateur by wyse van 'n proklamasie in die Offisiële Koerant vir die Provinsie van die Oranje - Vrystaat, op 23 Julie 1948, goedkeuring vir plaaslike bestuur aan Welkom gegee. Die plaaslike bestuur van Welkom het later in 1953 van Welkom Townships Company, na die Village Board of Management verander. Daar is onder eersgenoemde liggaam die aanvoorwerk vir Welkom se ontwikkeling gedoen, terwyl die Village Board of Management in 'n selfstandige en onafhanklike bestuurstyl geglo het. Die Villagel Board of Management het later nie uit slegs verteenwoordigers van die myne bestaan nie, maar ook die sakewêreld ingesluit. Sels 'n predikant van 'n Afrikaanse kerk is toegelaat om op die bestuur te dien. Hierdeur het die plaaslike gemeenskap van Welkom begin om breë verteenwoordiging in die

bestuursake van Welkom te kry. Na enkele jare daarna het Welkom in 1961 deur middel van 'n administrateursproklamasie in die Offisiële Koerant, munisipale status gekry. Dit is 'n besondere prestasie omdat Welkom in daardie stadium slegs 14 jaar tevore gestig is.

Welkom is bekend vir deeglike beplanning en sirkels wat verkeersvloei vergemaklik. Daarteenoor is die ongerief van verspreide regeringskantore sover moontlik deur 'n gemeenskaplike Burgersentrum uitgeskakel.

Die sakesentrum is sover moontlik 'n aaneenskakeling van sake-aangeleenthede wat in die vorm van 'n hoefyster geleë is. 'n Nabyliggende park skep 'n pastorale atmosfeer vir die stadsgewoel en 'n veilige deurgang is deur doelmatige uitleg van die sakesentrum vir die voetgangers verseker.

Eweseer is voorstedelike woongebiede op so 'n wyse beplan dat dit met veilige strate omring is, terwyl die strate in die voorstedelike gebiede so uitgelê is om onnodige verkeer uit te skakel. Daarbenewens is daar in die middel van die voorstedelike gebiede voorsiening vir skole, speelgronde en sportgeriewe gemaak.

Met die stigting van Welkom is ook voorsiening vir 'n swart woonbuurt gemaak, wat as Thabong bekend is. Die woonbuurt het in 1950 ontstaan en beskik oor allerlei nodige fasiliteite wat mettertyd voorsien is. In die tot standkoming van Thabong is voorsiening gemaak vir huisvesting van swart werkers, om werk van allerlei aard in Welkom te verrig. Thabong was wesenlik deel in die beplanningnetwerk van Welkom en vandag is dit 'n verlengstuk van Welkom.

Welkom het soos enige samelewing met beskawingsnorme sy stempel op sosio-kulturele en opvoedkundige gebied sy stempel afgedruk. Alle aanverwante aspekte daaraan verbonde is vanselfsprekend, omdat geen funksionele gemeenskap daarsonder kan klaarkom nie.

Daarbenewens moet ook aandag aan die kerk as geestelike voedingsbron in die ontwikkelingsgebied van Welkom gegee word. In dié verband het die N. G. Moedergemeente van Odendaalsrus 'n reuse taak onder leiding van ds. De kock vervul. Die bedieningswerk in die Goudveld het in die beginjare vanuit die gemeente van Odendaalsrus plaasgevind. Namate die toestroming van mense na die Goudveld plaasgevind het, het die werk vir een leraar te veel geword en gevolglik is selfstandige gemeentes van die onderskeie gevestigde kerke gestig. Die stigting van gemeentes wat na gelang van gebiedsuitbreiding veroorsaak is, het doelgerigte gemeentelike bearbeiding onafwendbaar gemaak. Al die gevestigde kerke het die groeipyne van afstigting en die aankoop van geskikte kerk- en pastorie erwe deurgemaak. Daarby was die lenings wat daarvoor toegestaan is, 'n formaliteit wat soms met kommerwekkende rente voorwaardes vir die gestigte gemeentes gepaard gegaan het. Gevolglik het die gemeentes gepoog om deur fondsinsamelings die betrokke skuld so gou moontlik te delg.

Daarteenoor het die gestigte gemeentes pionierswerk gedoen, omdat alles van die grond af opgebou is. Die administrasie en die organisatoriese opset van die onderskeie gemeentes van bepaalde kerke, het dikwels eiesoortige probleme ervaar waarvoor durf en geloof nodig was. Die vasstelling en handhawing van gemeentelike grense om gemeentelike besoekpunte moontlik te maak, was

uiteraard geen maklike taak nie. Die gemeentelike arbeid het in 'n tyd plaasgevind toe begaanbare strate of kommunikasieweë nog in die begin stadium was en dit oor die algemeen moeilik was om by die besoekpunte van gemeentede uit te kom. Nietemin het die gemeentes van die gevestigde kerke gegroei en vandag getuig daardie gemeentes van 'n pioniersera van volhardende toewyding.

### 1. 7. 2 GEVOLGTREKKING

Volgens afleiding van die vermelde gegewens is die generatiewe ekonomiese krag van die mynbou-ontwikkeling vir die ontstaan en ontwikkeling van Welkom verantwoordelik. Die sorgsame beplanning wat voorafgegaan is, is 'n bewys van 'n beplanningsopset met 'n langtermyn oogmerk. Nieteenstaande dat daar geen definitiewe oogmerke oor die duur vir die ontginning van goud was nie. Die geoloë en mynboueskundiges kon slegs peilings na aanleiding van goudneerslae en ekonomies-ontginbare goud maak. Nietemin was die doelwit om 'n volwaardige dorp met die nodige infrastruktuur daar te stel.

Derhalwe is die mynbou-ontwikkeling in die Goudveld 'n groot hulpkomponent om buitelandse valuta vir die land te verdien. Afgesien daarvan dat die myne op die Oos - Rand steeds belangrike kwotas vir die land se ekonomie gelewer het. Hoewel die myne op die Oos - Rand besig was om uitgeput te raak is daar nietemin al hoe meer aandag aan die myne in die Oranje - Vrystaat vir die ontginning van goud gegee. Derhalwe is die beplanningswyse van die dorp by wyse van uitleg en die beskikbaarstelling van 'n infrastruktuur met die oog op 'n langtermyn basis aangepak. Nieteenstaande die voorsiening van paaie, elektrisiteit, water, riool en allerlei noodsaaklikhede wat lingersamerhand gerealiseer het. Die rede daarvoor moet aan die Provinsiale Administrasie se onsekerheid oor die blywende aard van die mynboubedryf toegeskryf word. Uiteraard is dit onprakties om enorme bedrae geld te bestee aan 'n plek vir die voorsiening van 'n infrastruktuur, waar daar geen waarborg van 'n redelike lewensverwagting van kontinue goudontginning bestaan het nie. Namate sekere geologiese opnames rakende die kwalitatiewe en die kwantitatiewe omvang van ekonomies-ontginbare goud gemaak is, is al hoe meer kapitaalbesteding vir die ontwikkeling van Welkom en omliggende gebiede aangewend.

Die enorme ontwikkeling het tot die daarstelling van sosio-maatskaplike aspekte soos die oprigting van skole, hospitale, klinieke, apteke, kerke en staatsdepartemente tot gevolg gehad. Eweseer het 'n breë spektrum van sakelui na vore gekom, sodat Welkom en die omliggende gebiede algaande die vorm van 'n dorp begin aanneem het. In die lig van dié ontwikkelingsgang is werksgeleenthede geskep wat 'n bevolkingstoename na die Goudveld tot gevolg gehad het. Dermate is dit te begrype dat daar nie slegs in samelewingsverband aan die stoflike aandag gegee is nie, maar ook aan die geestelike komponent waarsonder die mens nie kan klaarkom nie..

Daar is ook aandag aan 'n swart woonbuurt gegee wat later as Thabong bekend geword het. Die doelstelling was dat Thabong uiteindelik binne die plaaslike owerheid van Welkom selfonderhoudend sou wees. Die gebied het mettertyd al die eienskappe van 'n normale funksionele gebied gehad. Derhalwe is skole, kerke en selfs 'n moderne nabyliggende hospitaal gebou wat mettertyd al die aspekte van 'n sosio-maatskaplike en kulturele gebied omvat het. Thabong vorm nie slegs 'n groter deel van Welkom nie, maar ook ook ekonomiese stukrag deur middel van

koopkrag wat in die dorp plaasvind. Op dié wyse dra hulle by tot die plaaslike ekonomie van Welkom en selfs die omliggende gebiede.

Die geestelike waardes het ook nie in Welkom agterweë gebly nie, omdat die dorp oor verskillende kerklike denominasies beskik het. Derhalwe het 'n kerklike gemeenskap in breë verband in die Welkom ontstaan.

Die kerk en veral die N. G. Moedergemeente van Odendaalsrus het voor en na die stigting van Welkom, dikwels verlei praktiese probleme ervaar om die lidmate effektief te bearbei. Die ander Gereformeerde Kerke en gemeentes het soortgelyke probleme van doelmatige bearbeiding vir 'n steeds toenemende lidmatetal ondervind. Die kwessie van finansies rakende afstigting waar 'n bruidskat oor die algemeen voorsien is, het ook baie hoofbrekens besorg. Daarby moes die kerk sy voete vind binne 'n gebied wat gedurig deur uitbreidingsmoontlikhede van die mynbou geraak is. Dit het beteken dat besluite oor bepaalde projekte dikwels herroep is om by nuwe of veranderde omstandighede aan te pas. In 'n veranderde milieu van industriële omwenteling moes die kerk voortstu om uiting aan die geroepe taak te gee.

In dié tydsgewrig het materialisme sekularisme bevorder, sodat die kerk 'n moeilike taak gehad het om sy boodskap by baie van die lidmate te laat posvat. Nietemin het die kerk voortgegaan om sy werk getrou onder sy lidmate te doen.

Die kerk het in breë verband daarin geslaag om aan die praktiese eise van die dag te voldoen. Die toename van lidmate op kerklike vlak is deurentyd geakkommodeer en gevolglik is al hoe meer gemeentes gestig. Hiervolgens is die Gereformeerde Kerke soos gebeitelde monumente, wat vandag onmiskenbaar oor God se genadewerking in die geskiedenis van die Goudvelde se kerke getuig.

.....



## HOOFTUK 2

### DIE VROEË BEDIENING VAN DIE N. G. KERK IN DIE GOUDVELD

#### 2. Die bearbeiding van lidmate deur die Moedergemeente van Odendaalsrus

##### 2.1 Agtergrondskeits van die gemeente

Die dorp Odendaalsrus soos dit vandag bekend is, maar voorheen as Odendaalsrust bekend was, is in die distrik Hoopstad geleë. Daarenteen is dit ook aangrensend aan die distrikte Kroonstad en Winburg. 'n Belangrike oorwegende rede vir die daarstelling van Odendaalsrus moet aan die kerklike behoeftes van die inwoners in die kontrei toegeskryf word. Hulle moes vir hul kerkbywoning per ossewa na plekke soos Kroonstad, Ventersburg of Bothaville reis.<sup>1</sup> Om begryplike redes was die afstande te ver en moeisam sodat 'n eie dorp met 'n kerk en die nodige infrastruktuur die enigste alternatief was.

Met die ondertekening van die Vredesverdrag in 1902, was die bevolking in die gebied ekonomies verarm sodat hulle nie 'n eie selfstandige gemeente kon bekostig nie. Derhalwe het predikante soos ds. G. W. B. van der Lingen van Kroonstad en ds. C. J. Snyman van Ventersburg kerkdienste onder 'n wilgerboom by 'n dam gehou. Die sakramente van die doop en nagmaal was dikwels onder dié omstandighede bedien.<sup>2</sup>

Die dorp Odendaalsrus is die oudste dorp in die Goudveld. Dit was in 1899 gestig en dertien jaar later in 1912 het dit munisipale status verkry. Odendaalsrus se naam is aan J. J. Odendaal te danke, wat in 1878 die plaas van H. W. Huyser gekoop het.<sup>3</sup>

In September 1905 het die twee onderskeie Ringskommissies van die 'Centrale Ring' en 'de Rings Commissie van den Noordelijken ring' op voorstel van 'n predikant van Thaba Nchu, die nodige aanvoerwerk vir die stigting van 'n gemeente op 8 November 1905 in Odendaalsrus, gedoen.<sup>4</sup> Ds. C. H. Boshoff van Bethulie het as eerste Konsulent vir die gemeente gedien, terwyl die eerste kerkraadsvergadering amptelik op 6 Januarie 1906 plaasgevind het.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: Ned. Geref. Kerk Odendaalsrus 1905 - 1980*, p. 10.

<sup>2</sup> Ibid. Ds. van der Lingen was die seun van die bekende ds. G. W. A. van der Lingen van die Paarl.

<sup>3</sup> M. H. Chawane, *Black Urbanization on the Orange Free State Goldfields 1946 – 1957* (Unpub. M. A. dissertation, Vista, 1996), pp. 28 - 29; B2209 J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: Halfeeufees 1905 - 1955*, p. 3; D. Jacobson, *Maize Turns to Gold*, p. 51; A. P. Cartwright, *The Gold Miners*, pp. 306 - 307; M. G. W. De Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 9.

<sup>4</sup> Ibid., pp. 10 - 11; *De Fakkel*, 6.12.1905, p. 362.

<sup>5</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus ...*, p. 3.

By die eerste kerkraadsvergadering is die volgende kerkraadslede volgens art.52 verkies: Die ouderlinge was onder andere: Cornelis Janse Wessels, Jacobus Stiglingh, Daniël Rudolf Pretorius en Albert Grobbelaar. As diakens: Andries Hauptfleisch, Abraham Pretorius, Daniël Benjamin Lombard, Barend Klopper, Rudolf Odendaal, Mattheus Marais, Christoffel Viljoen en W. Immelman. Daar is ook by die betrokke kerkraadsvergadering besluit om nie 'n predikant vir die eerste jaar te beroep nie, aangesien die gemeente se finansiële posisie nie na wense was nie. Alternatiewelik het ds. Boshoff as konsulent die gemeente teen 'n vergoeding van £33 per jaar bedien.<sup>6</sup>

By dieselfde kerkraadsvergadering is op voorstel van ouderling Wessels besluit om 'n kerk te bou. Die aanvanklike bedoeling was om 'n sinkgebou van 40 vt. by 80 vt. op te rig. Derhalwe is die volgende lede tot die Boukommissie benoem: D. Pretorius, C. Wessels, W. Immelman, A. C. Hauptfleisch, B. Klopper, G. Goosen, F. Rossouw en A. du Randt.

Daar was geen fondse beskikbaar vir die bou van die kerk nie en die kommissie is gevra om die geld te leen.<sup>7</sup> So 'n persoon het hulle dan ook in F. J. Lategan gevind.<sup>8</sup> Daarenteen is die kommissie bygestaan deur 'n besluit van die kerkraad, om benewens die Nagmaal in April, ook 'n basaar vir die insameling van fondse te hou. Vervolgens kan gemeld word dat die kerkraad en gemeente vanuit die staanspoor die behoefte aan 'n doelmatige aanbiddingsplek gehad het. Derhalwe is die nodige stappe geneem om in die behoefte te voorsien. Intussen was die gemeente besig om geleidelik te konsolideer. In die daaropvolgende jaar is die wens vervul toe die voornemende kerkgebou ingebruik geneem is.<sup>9</sup> Die inwyding van die kerk het in 1907 plaasgevind. By dié geleentheid het di Van der Lingen van Kroonstad en Boshoff die inwyding behartig. Die sinkkerk se koste het £1,300 beloop en is deur 'n bouer van Ventersburg voltooi. 'n Konsistorie het ontbreek wat later deur dieselfde bouer teen 'n koste van £110 voltooi is.<sup>10</sup>

Ds. Van der Lingen se teks vir die inwydingsrede was Psalm 132 verse 7,8 en 9: 'Wij zullen in Zijne woningen in gaan, wij zullen ons nederbuigen voor de voetbank Zijner voeten. Sta op, Heere! Tot Uwe ruste, Gij en de ark Uwer sterkte! Dat Uwe priesters bekleed worden met gerechtigheid, en dat Uwe gunstgenoten juichen.' Die Kanselbybel is by die inwyding deur ouderling C. Wessels, 'n oud-generaal ingebring.<sup>11</sup>

Die gemeente was na 'n jaar steeds sonder 'n leraar en ds. Boshoff is gevra om steeds behulpsaam te wees. Sy vergoeding was nou £45 per jaar.<sup>12</sup>

<sup>6</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 11.

<sup>7</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 5.

<sup>8</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 12.

<sup>9</sup> Ibid.

<sup>10</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 5.

<sup>11</sup> Ibid.

<sup>12</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 12.

Die voorwaarde aan die vergoeding was dat 'n deel van die geld terugbetaal moes word indien ds. Boshof nie langer as konsulent kon voortgaan nie.<sup>13</sup>

Die gemeente kon geleidelik opstaan van die verwoestende effek wat die Anglo-Boereoorlog op gemeentelike gehad. Daar was baie gemeentelike wat in armoede gedompel was en die kerkraad moes na hulle omsien. Die gevalle van allementasie het gereeld voorgekom sodat die kerkraad aandag daaraan moes gee.<sup>14</sup>

Ten spyte van die na-oorlogse swaarkry en stryd het die gemeente en kerkraad hul voete geleidelik gevind. Dermate is op 27 Julie 1907 'n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou om 'n leraar vir die gemeente te beroep. Die traktement vir die betrokke leraar is op £300 vir 'n getroude en £250 vir 'n ongetroude leraar vasgestel. By die betrokke vergadering is besluit om ds. Naude van Kroonstad te beroep. Hy het egter vir die beroep bedank<sup>15</sup> en op 14 September 1907 is weer 'n gekombineerde kerkraadsvergadering belê, waarop besluit is om 'n leraar teen 'n algemene bedrag van £300 te beroep.

## 2. 2 DIE LERAARS VAN DIE N.G MOEDERGEMEENTE

Die keuse het op ds. J. P. van der Walt van die Paarl geval. Hy het die beroep aanvaar en op 20 Desember 1907 is hy op Ventersburg-weg (Hennenmanstasie) saam met die ander leraars, wat die bevestiging moes behartig, ingewag. Hy is die eerste naweek na sy aankoms in die gemeente as leraar bevestig.

In die gemeente was geen pastorie beskikbaar nie en hy en sy gade moes by Izak van der Vyver, op die hoek van Weeber- en Steynstraat, tydelik inwoon. Die kerkraad het op 18 Januarie 1908 besluit om 'n pastorie te bou wat in dieselfde jaar voltooi is. Die voorsiening van water was 'n probleem en die kerkraad het toe besluit om watertenk vir die opvang van reënwater aan te bring.<sup>16</sup>

Gedurende die bediening van ds. Van der Walt is in Oktober 1908, 'n versoek van die Kleurlingbevolking (waarskynlik naturelle) gehanteer, om 'n kerkie naby die lokasie op te rig. Die kerkraad het gevolglik toestemming om in die gemeente vir dié doel te kollekteer toegestaan.<sup>17</sup> Ds. Van der Walt het in September 1909 'n beroep na Frankfort ontvang. Hy het dit aangeneem en daar gearbei totdat hy sy emeritaat in 1941 aanvaar het.<sup>18</sup>

---

<sup>13</sup> Ibid.

<sup>14</sup> Ibid., p. 13; *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 26. 7. 1907, VKA.

<sup>15</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 26.7.1907, VKA, 12.

<sup>16</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 15; *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18.1.1908, VKA, 23; J.D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus*, p. 9.

<sup>17</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N.G. Kerk Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 9

<sup>18</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 16

Ds. T. C. Dönges van Hoopstad was die tweede konsulent van die gemeente toe ds. J. R. Hugo van Niekerkshoop in die plek van ds. Van der Walt beroep is.<sup>19</sup> Hy het egter die beroep bedank waarna prop. G. B. A. Gerdener (latere professor aan die Universiteit van Stellenbosch) beroep is. Hy het ook die beroep bedank.<sup>20</sup> Hierna is prop. W. J. J. A. du Toit op 29 Januarie 1910 beroep en hy het dit aanvaar.<sup>21</sup> Hy is dus in April 1910 as tweede leraar van Odendaalsrus bevestig.

Die gemeente se finansiële posisie was nog swak en gevolglik moes twee basaars per jaar gehou word, om fondse aan te vul.<sup>22</sup> Die gemeente het nog 'n skuld van £400 gehad. Gedurende 'n kerkraadsvergadering op 4 Februarie 1911 is besluit om die aangeleentheid indringend by 'n gemeentevergadering te bespreek.<sup>23</sup> Daar is ook besluit dat die bank in die vervolg alle sake-aangeleenthede sou behartig, aangesien 'n bankrekening nodig geblyk het.<sup>24</sup> 'n Besluit is ook geneem dat die gemeentelêde "een deel uit elke honderd van hul inkomste sou bydra" om die geld wat by F. J. Lategan geleen is, terug te betaal.<sup>25</sup>

Die sinkkerkgebou het te klein geword, omdat al hoe meer mense in die gebied kom woon het. Derhalwe is die aangeleentheid by 'n kerkraadsvergadering op 25 April 1914 bespreek.<sup>26</sup> Daar is besluit in stede daarvan om die kerkgebou groter te maak, om eerder 'n nuwe kerk te laat bou. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 'n kerkboufonds gestig is. 'n Nuwe kerkgebou is mettertyd opgerig.

Die Rebelle in 1914 het groot beroeringe in die gemeentes veroorsaak en gevolglik was Odendaalsrus nie gespaar nie. Die lidmate van die gemeente was in twee verdeel en baie lede van die kerkraad het bedank. Daarenteen moes kerkraadslede bedank wat die wapen opgeneem het.<sup>27</sup>

Nadat ds. Du Toit ses weke siekteverlof gehad het, het hy in Januarie 1916 sy demisie aangevra. Op 24 Januarie 1916 het hy sy akte van demisie ontvang.<sup>28</sup>

---

<sup>19</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 4. 9. 1909, VKA.

<sup>20</sup> *Ibid.*, 30. 10. 1909, VKA.

<sup>21</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods genade in die Goudveld: ...*, p. 16.

<sup>22</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 11.

<sup>23</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 15.4.1911, VKA.

<sup>24</sup> *Ibid.*, 4. 2. 1911, VKA.

<sup>25</sup> *Ibid.*, 15. 4. 1911, VKA; J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p.11.

<sup>26</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 25. 4. 1914, VKA

<sup>27</sup> *Ibid.*, 6. 11. 1915, VKA.

<sup>28</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 12.

By 'n kerkraadsvergadering op 12 Februarie 1916, is die konsulent, ds. J. J. Krige van Bothaville, beroep. Hy het dit egter bedank en daarna is ds. P. S. Z. Coetzee beroep.<sup>29</sup> Hy en sy gade is in April 1916 op Odendaalsrus verwelkom.

Daar was verdeeldheid in die gemeente weens die Rebelle en sy intrepreek het oor die volgende Skrifgedeelte gehandel: 'Voorts, Broeders! Zijt blijde, wordt volmaakt, zijt getroost, zijt eensgezind, leeft in vrede; en de God der liefde en des vredes zal met u zijn' (2 Kor 13:11). Dit wil voorkom dat die preek die gewenste uitwerking gehad het.<sup>30</sup>

Hy was die eerste predikant in die gemeente vir wie 'n motor in stede van 'n kar en perde aangekoop is.<sup>31</sup> Gedurende sy huisbesoek moes hy die gemeentelide wat oor die politiek verdeeld was, weer bymekaar kry. Hy het deur volhardende geestelike bearbeiding daarin geslaag om die gemeentelide tot 'n hegte eenheid saam te snoer.<sup>32</sup>

Daar het ook 'n donkertyd vir die gemeente weens die griep in Oktober 1918 aangebreek. Selfs die pastorie is in 'n hospitaal omskep. Baie mense moes in die bed bly as gevolg van die siekte. Hierdie griep het baie lewens geëis, sodat baie vrouens met die eerste doop voor die kansel in swart geklee was. Hulle was weduwees wat hul mans deur die gevreesde griep verloor het.<sup>33</sup>

Daarenteen het 'n skoolkoshuis onder ds. Coetzee se leiding tot stand gekom. Hy het self die pligte van 'n onderwyser vir ongeveer nege maande vervul, toe die eerste matriekklas 'n werklikheid geword het. Hy het vakke soos rekeningkunde en algebra aangebied, al het dit beteken dat hy met slegs vier ure se slaap in die nag moes klaarkom.<sup>34</sup>

Ds. Coetzee is in Desember 1919 na Philippolis beroep. Hy het die beroep na 'n verblyf van driejaar en ses maande in die gemeente aangeneem.<sup>35</sup> Hy was 'n merkwaardige mens wat ook by die inhuldiging van die eerste twee staatspresidente opgetree het.<sup>36</sup>

Nadat hy sy emeritaat aanvaar het, het hy hospitaalbearbeiding in Bloemfontein se hospitale gedoen. Sy wens was om in diens van sy Meester te sterf. Hy sou nog pasiënte

<sup>29</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 13. 2. 1916, VKA.

<sup>30</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 21; J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 13.

<sup>31</sup> *Ibid.*, p. 12.

<sup>32</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 6. 5. 1916, VKA.

<sup>33</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 21.

<sup>34</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus, ...*p. 5; Ongepubliseerde manuskrip: *Geskiedenis van die skool op Odendaalsrus, 1916 – 1971*, M. G. W. de Kock, N.G. Kerk Pastorie, Odendaalsrus, pp. 1 - 2.

<sup>35</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 8.11.1919, VKA.

<sup>36</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 22.

in die Nasionale Hospitaal besoek het toe hy gedurende sy middagslapie op 3 September 1975, oorlede is.<sup>37</sup>

Die gemeente was vir 'n jaar sonder 'n leraar, omdat al die beroepe op predikante onsuksesvol was.<sup>38</sup> Ds. D. L. Steyl is op 16 Oktober 1920 beroep. Hy was 'n hulpprediker in die gemeente van Humansdorp, toe hy na die gemeente in Odendaalsrus beroep is.<sup>39</sup> Hy het die beroep aangeneem en is op 22 Januarie 1921 in die gemeente bevestig.<sup>40</sup>

Hy het in 'n moeilike tyd predikant van die gemeente geword, want die land was toe deur 'n ekonomiese depressie geraak. Die depressie van 1921 het ook die gemeente swaar getref. Eweseer moet met die uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog van (1914 - 1918) op die ekonomie van die land en die gemeente as sodanig rekening gehou word. Daarmee gepaardgaande was die gemeente lank sonder 'n herder en die aankoop van hostelgeboue en kerksaal het 'n taamlieke negatiewe effek op die finansiële posisie van die gemeente gehad. Daar was ook 'n insinking in die waarde van landbouprodukte en Merinoskape, wat teen laer pryse as gewoonlik verkoop is.<sup>41</sup>

Die leraar het sy voete gou in die gemeente gevind en die skuld is geleidelik afgewerk. Die kerlike lewe was in dié tyd tog bemoedigend, want die lidmate was meelewend en getrou wat kerkbesoek aanbetref. Lidmate het selfs sover as die Sandrivier en Wesselsbron met ossewaens gekom om die Nagmaalsviering by te woon, sodat 'n gesig van wit tente by die uispanplek naby die kerk waarneembaar was. Vanweë die nood was daar 'n dieper sin vir die geestelike lewe en toewyding onder die lidmate te bespeur.<sup>42</sup>

'n Boufonds wat in die tyd van ds. Du Toit gestig is, het 'n goeie hupstoot in die tyd van ds. Coetzee gekry, want toe laasgenoemde die gemeente verlaat het, het die bedrag op £327 te staan gekom. Gedurende die bediening van ds. Steyl het die boufonds weer momentum gekry, maar weens die depressie van 1929 het dit 'n negatiewe impak op verdere insameling veroorsaak. Dit was ook die jaar toe ds. Steyl 'n beroep na Port Elizabeth aangeneem het.<sup>43</sup>

Ds. Steyl het hom veral vir die opvoeding en die opheffing van die minderbevoorregte Afrikaners beywer.

Hy was toegewyd en getrou in die uitvoering van sy pligte en dit het hom geliefd onder die mense gemaak met wie hy te doen gehad het.<sup>44</sup>

<sup>37</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods genade in die Goudveld: ...*, p. 22.

<sup>38</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 22.12.1919, VKA.

<sup>39</sup> *Ibid.*, 16. 10. 1920, VKA.

<sup>40</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 23.

<sup>41</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 17.

<sup>42</sup> *Ibid.*

<sup>43</sup> *Ibid.*, p. 23; M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 24.

<sup>44</sup> *Die Kerkbode*, 8.3.1957, p.325 VKA.

Nadat twee ander beroepe onsuksesvol was het die mantel op ds. De Kock van Springs geval.<sup>45</sup> Dit was nie 'n baie aangename dag toe hy en sy gesin teen die einde van Julie 1929 by Koppie Alleen (huidige Riebeeckstad) verwelkom is nie. Teen die tyd van sy aankoms het die Augustus winde alreeds begin waai.<sup>46</sup>

Sy teks vir sy intrepreek was (1 Kor 2.2.) 'Want ik het niet voorgenomen iets te weten onder u, dan Jesus Christus en dien gekruisigd.' Hieraan het hy die volgende 25 jaar uiting gegee.<sup>47</sup> Die finansiële posisie van die kerk was van so 'n aard, dat hy deur middel van die gemeentede se samewerking gepoog het om dit te verbeter. In die gemeente was sitplekke verhuur waaroor die kerkraad besluit het om dit nie langer toe te laat nie.<sup>48</sup> Hieraan het die gemeente heelwat inkomste verloor. Dit was 'n beginselsaak en dit moes reggestel word, want die kerk is nie 'n bioskoop of teater waar sitplekke bespreek word nie.

Hierdie gemeente het ook sy onstuimighede soos enige ander gemeente gehad. In 'n plattelandse gemeente soos Odendaalsrus was daar vir hulle geen vermaak in die dorp nie. Die gedagte van volkspele is deur ds. De Kock verwelkom. Die enigste lokaal wat geskik vir dié doel was, was die ou kerksaal wat in 1917 aangekoop is. Dit het ook as 'n bioskoop, kerksaal, raadsaal en toneellokaal gedien. Die kerkraad het na goeie hulle toestemming gegee sodat die jongmense dit vir volkspele kon gebruik.<sup>49</sup> Dit het aanleiding tot groot ontevredenheid gegee, want sowat 150 lidmate het as afvaardiging die kerkraad ontmoet met 'n versoekskrif dat die "toestand van sake verander moes word."<sup>50</sup> Die kerkraad en ds. De Kock het volstaan by die oorspronklike besluit rakende die gebruik van die ou kerksaal.<sup>51</sup> Dit het groot ontevredenheid in die gemeente meegebring, maar gelukkig het die ongelukkigheid mettertyd verdwyn.

## 2. 3 DIE OPGRIGTING VAN DIE BESTAANDE KERKGEBOU

Alhoewel verskeie pogings in die verlede misluk het om 'n effektiewe boufonds te stig, het die kerkraadsbesluit van 4 Augustus 1936 wel daarin geslaag om sodanige boufonds deur te voer.<sup>52</sup> Ds. De Kock het self met sy ouderlinge en diakens deur die wyke gegaan om die posisie van insameling oor 'n tydperk van drie jaar vas te stel. 'n Tydperk van vyf jaar was vir diegene gestel wat nie by die drie jaar kategorie kon inskakel nie. Volgens 'n kerkraadsnotule van 13 Julie 1936 het die voorsitter in sy verslag aan die komitee van die kerkboufonds meegedeel, dat na byna vyf wyke hy 'n

<sup>45</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 27. 4. 1929, VKB.

<sup>46</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 23.

<sup>47</sup> *Ibid.*

<sup>48</sup> *Kerkraads notule*, 6. 1. 1934, VKA.

<sup>49</sup> *Ibid.*, 3. 8. 1940, VKA.

<sup>50</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld*, ...p. 26.

<sup>51</sup> *Kerkraadsnotule*, 3. 8. 1940, VKA.

<sup>52</sup> *Ibid.*, 4. 4. 1936, VKA.

bedrag van £1, 700 belowe is. Benewens die geld is 'n orrel ook belowe.<sup>53</sup> Die orrel was 'n skenking van mnr. en mev. Martin Steenkamp van die plaas Nooitgedacht.<sup>54</sup>

Die hoeksteenlegging van die kerkgebou te Wesselsbron in Oktober 1939, het as belangrike aansporing vir die bou van die kerk in Odendaalsrus gedien. Die kerkraad was die mening toegedaan dat die dogtergemeente nie die moedergemeente in dié verband moes voorgaan nie. Die aanvanklike bouwerk aan die kerk het kort na die Tweede Wêreldoorlog 'n aanvang geneem. In Desember 1939 het twee hoeksteenleggings plaasgevind. Die een is deur ds. De Kock, terwyl die ander een tot eer van die Hugenote, deur sy eggenote gelê is.<sup>55</sup>

Die inwyding van die nuwe kerkgebou het in Augustus 1940 plaasgevind. Die twee vorige leraars: di Coetzee en Steyl, het saam met ds. De Kock aan die verrigtinge deelgeneem. Die alles insluitende koste vir die bou van die kerk het £12.500 beloop. Daarbenewens is die skuld van oor die £2000.00 binne 'n kort tydjie met 'n Dankoffer van £4.341 gedelg.<sup>56</sup>

Die pastorie as woonhuis was nie in 'n goeie toestand nie en alreeds in 1937 het dit by die kerkraad kommer gewek. Die aanvanklike bou van die pastorie het 'n proses deurgemaak, want 'n kommissie van ondersoek is eers na Schweizer-Reneke afgevaardig om die houthuise aldaar te ondersoek. Die gedagte was om die bouvallige pastorie so gou as moontlik te vervang.<sup>57</sup> Die kommissie het na hul terugkeer gerapporteer dat houthuise teen ongeveer £800 00 verkrygbaar is. Ondanks dit alles is daar gesloer met die bou van die pastorie, want eers in 1943 het die saak van die pastorie weer ter sprake gekom. Die nuwe dubbelverdieping pastorie is eers in 1946 in Kerkstraat teen 'n koste van £700.00 voltooi.<sup>58</sup>

Die behuisingsnood in die Goudveld is met die instroming van mense vererger en gevolglik is 'n woning met die doel om hulppredikers te huisves, opgerig.

Dit het uiteraard in die diepgevoelde behoefte van die gemeente voorsien.<sup>59</sup>

## 2. 4 DIE AANVANKLIKE TOTSTANDKOMING VAN DIE GOUDMYNE

Ds. De Kock se bediening was gekenmerk deur die goudbore wat vanaf 1934 begin gedreun het. Hierdie gedreun van goudbore het geleidelik vir die opeenvolgende skagte vanaf Virginia tot by Allanridge opgeklink.<sup>60</sup>

<sup>53</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 13. 6. 1936, VKA.

<sup>54</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld ...*, p.26;  
J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p.25.

<sup>55</sup> *Ibid.*, p. 27; *Die Volksblad*, 15.12.1939.

<sup>56</sup> *Ibid.*

<sup>57</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 19. 3. 1937, VKA.

<sup>58</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente in die Goudveld ...*, p. 27.

<sup>59</sup> *Ibid.*

<sup>60</sup> *Ibid.*, p. 29



Die aanvanklike geskiedenis om die ondersoek na goud in die dertigerjare het by Allan Roberts (na wie die huidige Allanridge genoem is) en Ben Emmanuel Jacobson begin. Roberts 'n tandheelkundige en amateur-prospekteerder, terwyl Jacobson as vennoot 'n prokureur was. Hulle het besluit om 'n maatskappy, Witwatersrand Extensions Bpk. te stig. Die doel was om 'n toetsboorgat op Aandenk te boor. Die plaas Aandenk het aan H. P. Kloppers behoort en gevolglik is die eerste geregistreerde prospekterkontrak op 8 November 1933 tussen die eienaars van die maatskappy en Kloppers aangegaan.<sup>61</sup>

Die grond waarop opsies in die omgewing van die huidige Welkom geneem is, het bestaan uit enkele plase in die kontrei van St. Helena waar die oorspronklike Western Holdings-maatskappy saam met 'n Junior maatskappy African and European Investment Bpk., gewerk het.<sup>62</sup>

Die eerste ekonomies-ontginbare neerslae is in Mei 1938 gevind. Hierdie neerslae is nie in die Basaalrif (hoofrif) gevind nie, maar die uitslae het as aansporing vir verdere ondersoek gedien. Kort voor lank is op die plaas Uitsig 694 deur die maatskappy African and European Investment die basaalrif op 'n diepte van 2701 voet deurgedring. Slegs 'n maand daarna is 'n groter ekonomiese ontginbare neerslag op die plaas St. Helena 642 ontdek.<sup>63</sup>

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is die prospektering na goud in die Goudveld hervat. Op 16 April 1946 is die mees ekonomies-ontginbare goudrif ter wêreld op die plaas Geduld, wat ongeveer 3 myl (4,8 km.) van Odendaalsrus geleë is, raak geboor. Die resultaat hiervan was op 23, 000 duim penniegewig bevind. Dit het die wêreld geruk, want niks wat aan die fonds gelykstaan, is ooit in Suid-Afrika gevind nie. Dit was baie meer ekonomies-ontginbaar as die goudneerslae wat op die Witwatersrand gevind is.

Odendaalsrus was vir sowat twee maande lank die voorbladnuus van alle koerante en tydskrifte. Daarna was Odendaalsrus gereeld in die nuus.<sup>64</sup>

Die N.G. Moedergemeente van Odendaalsrus se kerkraadslede was in 1946 uit die volgende ouderlinge en diakens saamgestel, nl. Ouderlinge: G. Conradie, I. Spannenberg, P. Lategan, M. Barnard, J. P. van der Vyver, H. Delpport, D. de Bruyn, J. Wessels, J. Ferreira, W. Taljaard, J.C. du Rand, J. A. Pretorius. Daarenteen was die diakens: P. C. van Rensburg, L. P. Grobbelaar, W. Pienaar, M. W. Welman, J. Delpport,

<sup>61</sup> *Argiefstuk*, Welkom-Biblioteek, *Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1968 – 29 .8. 1968*; M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 27.

<sup>62</sup> *Ariefstuk*, W. B., *Welkom, 21 Years, 14. 2. 1968 – 29. 8. 1968*.

<sup>63</sup> *Ibid.*

<sup>64</sup> L. J. Jourbert, “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom” (Ongep.M. A. –Verhandeling, UOFS, 1963), p.1; *Die Brandwag*, 29.6.1945, pp. 20-21; *Die Huisgenoot*, 17. 5. 1946, p. 5.

R. Fourie, J. H. Barnard, J. le Roux H.D. Smit, J. Kock, D. van der Walt, R. van Nierkerk, M. Singleton.<sup>65</sup>

Op kerklike gebied was die gemeente deur al die mynbou-ontwikkelinge geraak. Dit het natuurlik Virginia uitgesluit omdat dit buite die gemeentelike grense van Odendaalsrus geval het. Gevolglik is alle gemeentelike aangeleenthede in dié tyd deur die Moedergemeente van Odendaalsrus behartig.<sup>66</sup>

In Junie 1946 skryf J. C. Mentz in *Die Kerkbode* onder die opskrif: “Ons kerk en die ontdekking van Goudvelde in die O.V.S ”, dat hy as seun van die gemeente in Odendaalsrus groot geword het. In die artikel voer hy aan dat hy twee jaar lank ernstig oor die ontwikkelinge as gevolg van die goudontdekking in die gebied gedink het. Hy stem ook saam met ‘n ene J. de Wet oor sy brief in die jongste uitgawe van *Die Kerkbode*, dat die Kerk baie keer by sodanige ontwikkelinge te laat is. Mentz voer aan dat oral word voorbereidings vir toekomstige ontwikkeling gemaak en dat planne daarvolgens opgestel word. Hoewel dit gebeur is daar geen gewaarwording van enige beplanningsraamwerk van die Kerk se kant nie.

Na aanleiding van sy studie van die Kerk en sy arbeid in die stad, is dit gewoonlik ‘n groot bate as ‘n subekonomiese saal- en pastorieboufonds gestig word. Hy was van mening dat met die ontplooiing van ‘n hele aantal myne en die nodige arbeidskragte, sowat vyf gemeentes binne enkele jare onontbeerlik sou wees.<sup>67</sup> Die ondervinding het hom geleer dat indien ‘n leraar beroep word, die nodige fondse altyd vir die traktament gevind word. Hy het ook op die noodwendigheid van ‘n kerk en pastorie, om ‘n leraar vir een van die toekomstige gemeentes te beroep, gewys. Derhalwe word “ ‘n Kerklike Ontwikkelingsfonds vir die Vrystaatse Goudvelde” voorgestel.<sup>68</sup>

Hy het ook aangevoer dat baie van die boere wat hom ken sy tydgenote is. Hy was van mening dat hulle wat finansiële sterk is, behoort ‘n tiende van hul inkomste vir sodanige fonds af te staan. Hy het ook geen twyfel gelaat oor hulle toegeneetheid vir die saak van die Here nie.

In sy skrywe aan die redakteur het hy dit as ‘n oopbrief aan sy “ou gemeente-makkers en bekendes van sy kinderjare” gerig.<sup>69</sup> Hy het gehoop dit word nie as voorbarig beskou nie. Hy was oortuig daarvan dat die uitvoering van sodanige voorstelle slegs tot heil vir die kerk en nageslag sou wees.<sup>70</sup>

In *Die Kerkbode* van 1948 is dit duidelik volgens ds. De Kock, dat die gemeente in die laat veertigerjare heelwat uitgebrei het. Onder diegene wat na die Goudveld toe gekom

<sup>65</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 10. 2. 1946, VKA.

<sup>66</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 29 en p. 31.

<sup>67</sup> *Die Kerkbode*, 06. 1946, Deel 1, p. 807 VKA.

<sup>68</sup> Ibid.

<sup>69</sup> Ibid.

<sup>70</sup> Ibid.

het, was gelowiges wat in diens van die Here kon staan. In St. Helena wat ongeveer 11 myl suid van Odendaalsrus geleë is, is 'n ouderling en diaken in dieselfde jaar benoem. Vanweë die uitbreiding in die gemeente het twee Sondagskole die godsdiensoonderrig aan die kinders verskaf, terwyl die gewone skool ook nie volgens hulle aard en funksie agterweë gebly het nie. Die snelle mynbou-ontwikkeling het ook 'n effek op die uitbreiding op kerlike gebied gehad, omdat die kerkraad ook indertyd heelwat vergroot is. Daarenteen was die kerkraad verplig om 'n derde pastorie sedert 1905 te laat bou, omdat die eerste bouvallige pastorie gesloop is. Die tweede pastorie het letterlik uitmekaar gebars, sodat 'n derde pastorie volgens moderne en wetenskaplike vereistes opgerig is. Laasgenoemde pastorie is teen 'n koste van £7000 00 gebou. Die toestroming van die naturelle het ook 'n Sendingpastorie vir die ywerige Eerw. F. Boshoff 'n noodsaaklikheid gemaak.<sup>71</sup>

Eweseer was die Sending vir ds. De Kock 'n ernstige saak en dit was vir hom na aan die hart.<sup>72</sup> Voor die koms van die sendelinge was T. Hlabahlaba die enigste evangelis van sowat 180 lidmate, wat hy moes bearbei. Dit het spoedig geblyk dat die Sendinggemeente nie finansiëel die mas kon opkom nie. Daarteenoor was die Moedergemeente se uitgawe ongeveer £60 00 per jaar, wat die gemeente nie kon bekostig nie. Die evangelis was getrou aan sy kerk en het sy pligte met nougesetheid uitgevoer tot hy later afgetree het.<sup>73</sup>

Met die stig van goudmyne het die gedaante van die Sendingveld aansienlik verander. Die kampongs by die myne sowel as die getroude naturellekwartiere, asook die groot getalle in die lokasie, het die werk onmoontlik vir een gemeente gemaak. Dit het daartoe aanleiding gegee dat 'n Sendinggroep bestaande uit die gemeentes van Wesselsbron, Odendaalsrus en Hennenman tot stand gekom het. Gevolglik het die gemeentelike sendingwerkzaamhede deel van die Sendingaksie van die Goudveld in die geheel geword.<sup>74</sup>

Die leraar het ook sy dank uitgespreek teenoor die Here vir al die seëninge, hoewel ook verliese deur die dood gely is.<sup>75</sup>

By 'n vergadering van die Weleerwaarde Ring van Winburg, wat in Welkom op 8 April 1953 gehou is, het sendingwerk sterk as roeping van die kerk na vore gekom. Die klem is sterk op die doen van sendingwerk geplaas, in stede daarvan om slegs daarvoor te praat.<sup>76</sup>

Die eerste sendeling was eerw. W. F. Boshoff en hy is deur eerw. W. P. Dippenaar opgevolg.<sup>77</sup> Laasgenoemde is op Saterdag, 25 November 1951, 'n paar myl buite

<sup>71</sup> *Die Kerkbode*, 1948, Deel 1, p. 570 VKA.

<sup>72</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 28.

<sup>73</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 31.

<sup>74</sup> *Ibid.*

<sup>75</sup> *Die Kerkbode*, 1948, Deel 1, p. 570 VKA.

<sup>76</sup> RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg*, 1949 - 1965.

<sup>77</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 31.

Odendaalsrus ontvang, waarna hy en sy gade na die pastorie geneem is. Hulle is die middag op 'n amptelike wyse in die kerkkoshuis ontvang. Die onderskeie sprekers het by dié geleentheid die groot taak beklemtoon wat op die sendeling gewag het. Onder die sprekers wat opgetree het, was ds. B. A. Muller (later Professor aan die Kweekskool van Stellenbosch), Voorsitter van die Gesamentlike Sendingkommissie, ds. D. van der Merwe, Algemene Sendingsekretaris,<sup>78</sup> eerw. J. de Beer konsulent, en D. Groenewald, die Naturellekommissaris.

By die ontvangs van 'n versierde koek wat aan mev. Dippenaar oorhandig is, het laasgenoemde dit duidelik gemaak dat hulle van nature pioniers is en wel vir die uitdaging kans sien. Daarop het eerw. Dippenaar geantwoord dat hy as 'n Vrystater 'n "ere-skuld het om by die Vrystaatse Kerk te vereffen."<sup>79</sup> Hy het dit ook duidelik gestel dat hulle nie slegs gekom het om die evangelie te verkondig nie, maar veral ook om 'n beter verstandhouding tussen Blankes en die Bantoes te bewerkstellig. Eweseer het hulle ook groot ideale vir die werk gekoester en derhalwe gaan hulle die toekoms met geloofsmoed tegemoet.<sup>80</sup>

Ds. Dippenaar het in *Die Kerkbode* van 1953 die doel van die Vrystaatse Kerk met betrekking tot sendingwerk, "die opbouing van 'n Christelike gemeente as uitgangpunt" voorgehou. Daarenteen ook "die bearbeiding en evangelisasie van die instromende Bantoes." Sy doel was nie om proseliete van reeds bestaande kerke te maak nie. Hy het geglo dat die wat tot die lig van die waarheid gekom het, die lig van die evangelie na die plekke sou neem vanwaar hulle gekom het. Hy was van oortuiging dat op die wyse die hele Afrika eendag met die ware God bekend sou wees.<sup>81</sup>

Die Vrystaatse Goudgebied het as Sendinggebied dorpe soos Hennenman, Virginia, Harmonie, Welkom, St. Helena, Odendaalsrus, Allenridge Wesselsbron en Odendaalsrus as brandpunt van die ontwikkelinge omvat. Die uitbreiding van die gebied na weerskante wat in digbewoonde distrikte ontwikkel het, het die werk soveel te meer moeiliker gemaak vir twee sendelinge om te behartig. Derhalwe was 'n derde sendeling vir die bearbeiding van die Vrystaatse Goudveld onontbeerlik.<sup>82</sup> Vanweë die omvang van die werk is die sendelinge ook mettertyd deur etlike evangeliste bygestaan.<sup>83</sup>

Met die uitbreiding van die Moedergemeente het ouderling J. J. Odendaal ter gedagtenis aan sy moeder 'n huis as Sendingpastorie, geskenk.

Hy het dit grotendeels ter gedagtenis aan sy moeder, wat 'n ruim hart vir die Sending gehad het, gedoen.<sup>84</sup>

<sup>78</sup> *Die Kerkbode*, 3. 1. 1951, Deel 1, p. 9 VKA

<sup>79</sup> Ibid.

<sup>80</sup> Ibid.

<sup>81</sup> *Die Kerkbod*, 8. 4. 1953, Deel 2, p. 456.

<sup>82</sup> Ibid.

<sup>83</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 31.

<sup>84</sup> Ibid.

Die Ring van Odendaalsrus het deur middel van die Ringskommissie ‘n nuwe gemeente van die Ned. Geref. Sendingkerk in die O.V.S. goedgekeur. Hierdie gemeente is op 24 Junie 1952 gestig en staan as Virginia Ned. Geref. Sendinggemeente bekend.<sup>85</sup>

Die grense van die gemeente is soos dié van die Moedergemeente van Virginia vasgestel. Derhalwe is die grense soos volg bepaal: “Tussen Ventersburg en Virginia: Vanaf Bloemskraal met Maselspruit tot in Sandrivier. Aan die oorkant van die plase Vaalbankskuil, onderverdeling no.1, Doornhoek Katie Robyn. Tussen Hennenman – Virginia: Goedbegin, Onverwag, Gelukspan, Somerveld, Saaiplaas met onderverdelings, Kaal Veli, Dirksburg Vido Jurgenshof Tarka, Dupreezlaer, Jonkersrust tot aan die rivier. Tussen Theunissen, Rietfontein, Winburg – Virginia: Stille Woning, Glen Ross, Kalkoenkrans, Welkom, Doornrivier, Weltevrede, Richeleu Plecy, Miraal, Donkerkloof, Bosrand, Krugerskraal, Le Roux, De Rust (laasgenoemde drie plase behoort aan Virginia), en dan weer tot by Bloemskraal.”

Die kerkraadslede het uit die volgende ouderlinge en diakens bestaan: Die ouderlinge was Daniel Mangoejane, Abiel Mtingoe, Johannes Mohali. Hulle was vir twee jaar verkies. Michael Ramabolu, Jacob Kholoanyane, David Moagi, was vir vir een jaar jaar gekies. Die diakens was Maythan Lepita, Abram Motsei, Jaftha Motsoane. Hulle sou ‘n twee jaar termyn dien, en Isaac Kolisang, Gert Molipa, Jaco Monokoane slegs vir een jaar. Daarenteen was die gemeente onder die Ring van Odendaalsrus ingedeel. Die konsulent was die leraar van Ventersburg, terwyl J.P. Jacobs die Scriba Synodi was.<sup>86</sup>

Ds. De Kock het in *Die Kerkbode* van 1954 oor die omvattende werk op die gebied van die Sending geskryf. Hy het onder andere op ‘n besoek aan die lokasie naby Welkom gewys en melding van die baie natuurlike huise gemaak. Eweseer van die nuwe doelmatige kerkzaal wat daar opgerig is. Hy was van mening dat die saal in ‘n groot behoefte voorsien en dat dit die taak sou vergemaklik.

In teenstelling hiermee was die posisie van die Sendinggemeente in Odendaalsrus redelik haglik. Die nagmaalsdienste is buite die kerkgebou gehou en baie natuurlike moes buite die kerk op die grond gesit het. Gevolglik het eerw. Dippenaar soms in die versengende hitte ‘n uiters moeilike taak gehad. In dié tyd voor die oprigting van ‘n gebou van samekoms, is goeie vordering met die boufonds gemaak. Die nuwe lokasie naby Odendaalsrus sou volgens bespiegeling eers oor ‘n geruime tyd van twee jaar ‘n voldonge feit wees. Daarenteen het die gemeente al etlike jare vir die oprigting van ‘n nuwe kerkgebou in die lokasie voorbereidings getref, sodat hulle slegs op die finale kennisgewing daarvoor gewag het. Die Kerk Jeugvereniging het ook nie agterweë gebly om die Sendinggemeente by te staan nie, want hulle het aan die gemeente ‘n “pragtige silwer nagmaalservies” geskenk.<sup>87</sup>

<sup>85</sup> *Die Kerkbode*, 13. 8. 1952, Deel 2, p. 327 VKA.

<sup>86</sup> Ibid.

<sup>87</sup> *Die Kerkbode*, 24. 3. 1954, Deel 1, p. 396 VKA.

Die sendingwerk in St. Helena was ook aan die gang en heelwat uitbreiding het ook daar plaasgevind. Die gebou wat as skool daar gebruik is, was ook vir eredienste aangewend.<sup>88</sup> Daar was 'n tyd toe dit moeilik was om vir elke nuwe uitbreiding persele te kon kry. Hierdie probleem is later met die goeie samewerking van ds. de Kock en hulp van die mynowerhede uitgeskakel.<sup>89</sup> Hiervolgens is die tempo van uitbreiding geleidelik versnel. Alhoewel nog 'n moeilike pad in die vooruitsig gestel is, was dit terselfdertyd as 'n goeie geleentheid beskou om die evangelie aan naturelle van verskillende dele van die land en Afrika te verkondig. Die opvatting was dat die Kerk van die O.V.S. dit so gou moontlik moes doen.

In Virginia is 'n huis vir die evangelis opgerig, terwyl 'n kerkgebou vir die blanke gemeente bykans voltooi was. Daarenteen het Hennenman die oprigting van 'n kerkgebou vir die nuwe lokasie met mening aangepak. Hierteenoor het Wesselsbron wat nie binne die dampkring van die mynbou-ontwikkelinge en invloed is nie, 'n tweede evangelis vir sendingwerk aangestel.<sup>90</sup>

Op die gebied van sendingaktiwiteite is al hoe meer besef dat die naturelle vinnig die mag van kennis en getalle raaksien. Ds. De Kock het ook te kenne gegee dat selfs op godsdienstige gebied, die naturelle later aan die spits van hul eie sake sou wou staan. In dié tyd wou die naturellekinders na std. V1 ook hul skoolonderrig in beide ampstale gehad het. Daardeer word die verkryging van werk in die land vergemaklik.<sup>91</sup>

Metertyd is ook twee vroue verenigings, die Vroue Sendingbond en die Oranje Vrouevereniging op die been gebring. Op Sending- en Welsynsgebied is uitmuntende werk gedoen. Dit was alles deel van die gemeentelike werksaamhede van Odendaalsrus wat as groot geestelike inspirasie vir ander gedien het.<sup>92</sup>

Dit was gedurende die ampstermyn van ds. De Kock, dat twee gemeentes, nl. Welkom (wat St. Helena nog ingesluit het) afgestig is. Die rede vir die betrokke gemeente se afstigting moet aan die mynbou-ontwikkeling in Welkom toegeskryf word. In dié tyd het die nuwe afgestigte gemeente ook nog die gebied van St. Helena bedien.<sup>93</sup>

Intussen het daar bepaalde ontwikkelinge in die Moedergemeente in Odendaalsrus plaasgevind. Die gemeente het in 1952 vir ds. H. J. Vorster as hulpprediker beroep. Die werk het net eenvoudig vir ds. De Kock te veel geword en die kerkraad het dit besef.<sup>94</sup>

Ds. De Kock het op 31 Oktober 1954 Organiserende Sendingsekretaris en sendeling onder die Jode geword. Dit was in 'n tyd toe die Vrystaatse Kerk 'n Organiserende Sending-Sekretaris nodig gehad het.

---

<sup>88</sup> Ibid.

<sup>89</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 28.

<sup>90</sup> *Die Kerkbode*, 24. 3. 1954, Deel 1, p. 396 VKA.

<sup>91</sup> Ibid.

<sup>92</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 32.

<sup>93</sup> Ibid.

<sup>94</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 26. 3. 1953, VKA.

Hy het eers in Hennenman gewoon en vandaar sy pligte behartig, hoewel hy gedurende 1960 na Bloemfontein verhuis het.<sup>95</sup>

In ds. Vorster se tyd is verskeie pogings aangewend om 'n medeleraar te bekom, maar al die pogings het misluk. Nadat 'n kommissie benoem is om die aangeleentheid te ondersoek wat daarna aan die kerkraad terug gerapporteer het, is besluit om 'n aanbeveling aan die Ring te maak te maak vir 'n nuwe gemeente wat van die Moedergemeente kon afstig.<sup>96</sup>

Hierna is die Gemeente Odendaalsrus-Oos in 1955 gestig.<sup>97</sup> Hierdie gemeente sal breedvoerig in die betrokke hoofstuk behandel word. In 1955 het ds. Vorster die gemeente verlaat en het hy Organiserende Sekretaris van die K.J.V. in die O.V.S geword.

Ds. P. W. Marais het die beroep van die kerkraad op 3 September 1955 aangeneem en hy was die sewende leraar wat die gemeente bedien het.<sup>98</sup>

Gedurende sy bediening het die kwessie van die beker en die kelkies ter sprake gekom. Die kerkraad het met 'n meederheid van drie stemme op die kelkies besluit.<sup>99</sup> Die kerk was gewoonlik stampvol en veral met die Nagmaalbediening. Gevolglik was daar gewoonlik 'n probleem om almal in die kerk te akkommodeer. Gevolglik het die kerkraad besluit dat kerkgangers en kinders wat nie Nagmaal gebruik nie, in die motors moes wag totdat almal bedien is. Diegene wat in die motors gewag het, is gewoonlik daarna van verdere reëlings verwittig.

In 1958 het ds. Marais 'n beroep na Brixton aanvaar en op 25 Mei 1958 het hy en sy gesin van die gemeente afskeid geneem.<sup>100</sup> Hy het dikwels tydens sy bediening groot skares na die eredienste gelok.

Nadat verskeie beroepe uitgebring is, het die kerkraad vir 'n tweede maal ds. D. J. Conradie van Transkei-Sending in Decoligny beroep. Hierna het hy die beroep aanvaar en op 30 Januarie 1959 word hy en sy gade vriendelik ontvang.

Hy het ook soos ds. Marais 'n behoefte aan 'n kerksaal gehad. Dit is op 13 Mei 1960 met die huidige kerksaal wat ingebruik geneem is, verwesenlik.<sup>101</sup>

---

<sup>95</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: ...*, p. 29; *Die Kerkbode*, 13. 11. 1963, Deel 2, p. 663.

<sup>96</sup> *Ibid.*, p.32.

<sup>97</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1956*, p. 326.

<sup>98</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 30. 7. 1955, VKA.

<sup>99</sup> *Ibid.*

<sup>100</sup> *Ibid.*, 3. 5. 1958.

<sup>101</sup> *Ibid.*, 26. 3. 1960; M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld, ...* . p. 35.

Hy was veral bekend vir sy diens van barmhartigheid, want in die gemeente het allerlei sosiale en maatskaplike probleme bestaan. Die mees degraderende maatskaplike ewels soos dranksmokkelary was aan die orde van die dag. In baie ouerhuise was verslegtende toestande heersend. Hawelose gesinne was in die ou dubbelverdieping pastorie gehuisves. Dikwels was beide ouers in die tronk vanweë dranksmokkel of ander misrabele ewels. Hierdie verswakkende en neerdrukkende heersende toestande het daartoe bygedra, dat ds. Conradie die Herwinvereniging gestig het. Trouens, dit het later die Herwintehuis geword, maar vandag is dit as die Huis-Conradie bekend. In die kerksaal was ook werkers vir die Raad van Diens van Barmharigheid ingeruim.<sup>102</sup>

In 1961 het die Moedergemeente van Odendaalsrus 1 677 siele en 863 lidmate<sup>103</sup> teenoor 1 740 siele en 1 076 lidmate van 1950 gehad. Die daling veral in lidmaattal moet hoofsaaklik aan die afstigtings toegeskryf word.<sup>104</sup>

Op 14 Junie 1962 het ds. Conradie sy demissie ontvang. Hy het 'n beroep na sy geboorte dorp Hoopstad in die Vrystaat aanvaar. Ongelukkig is sy lewe kort geknip toe hy tragies op 11 Januarie 1978 gesterf het. Die gemeente was vir ongeveer twee jaar herderloos na ds. Conradie se vertrek.<sup>105</sup>

Vanweë die historiese ontvouting word die stigting van die onderskeie gemeentes volgens historiese verloop behandel. Desondanks, kan dit nie die geheelbeeld van die ontstaan en ontwikkelingsgang van gemeentelike bearbeiding in die Goudveld versteur nie.

## 2. 5 DIE AFSTIGTING VAN GEMEENTES

### 2. 5. 1 Afstigting van Welkom

Die Ring van Winburg wat te Hennenman byeengekom het, het besluit dat die afstigting van die gemeente op 17 Maart 1950 om 7:30 in St. Helena sou plaasvind. Daar is ook besluit dat die naam vir die nuwe afgestigte gemeente as Welkomgemeente bekend sou wees.<sup>106</sup>

Die grense van die gemeente is by 'n Kerkraadsvergadering op Saterdag, 11 Maart 1950 soos volg vasgestel: "beginnende by die Sandrivier – die plase Vaalbank, Kaalpan, Wolwepan, Rietpan, Katbosdraai, Theronia, Rietkuil, Jacobsrust, Meriba, Erfdeel en na die Meinskag Geduld no.2, dan na Bothmasrust, Kaalvallei, Homestead, Klippan, Stuurmanspan, Tarka, Lourine, Sandrivier."<sup>107</sup>

---

<sup>102</sup> Ibid., pp. 35 – 36.

<sup>103</sup> Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1961, p. 287.

<sup>104</sup> Ibid., 1950, p. 289.

<sup>105</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld, ...*, p. 35.

<sup>106</sup> Ibid., 1945 - 1955, VKA; 1/1/3 RCH *Ringsnotule Winburg*, 1 Februarie 1950.

<sup>107</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 11. 3. 1950.



Die eerste kerkraadslede van die gemeente het uit die volgende lede bestaan, nl. Ouderlinge wat vir twee jaar verkies is: D. C. Uys, P. N. Lategan, G. S. P. Laubser, J. D. van Schalkwyk, A. J. M. van Aarde, A. C. Grotius. Die volgende lede was vir een jaar verkies: D. R. de Wet, M. S. Fourie, S. J. van der Berg, P. C. Janse van Rensburg, F. A. Kokett, J. I. Kruger.

Die volgende diakens was vir twee jaar: W. Botes, B. Fouch, A. C. van Wyk Oosthuizen, G. van der Merwe, V. Kruger, A. P. Oosthuizen. Die daaropvolgende was vir een jaar verkies: J. H. van Schalkwyk, D. J. Uys, B. R. L. van Wyk, P. L. Jacobs, C. Steenkamp, I. Cronje.<sup>108</sup> Hierdie kerkraadslede is in April voorgestel, terwyl die eerste beroep op 'n leraar uitgebring is.<sup>109</sup>

By die tweede kerkraadsvergadering van die gemeente op 13 Mei 1950 onder die voorskitterskap van die konsulent, ds. De Kock, is aan die kerkraad meegedeel, dat ds. D.W. Krynauw die beroep aangeneem het. Die voorgenome predikant het laat weet dat hy nie voor 20 Augustus 1950 in die gemeente kon begin nie.<sup>110</sup> By dieselfde vergadering is besluit dat die gemeentlike ontvangs van ds. Krynauw in die ontspanningsaal van St. Helena sou plaasvind. Die ontvangs is vir die eerste Vrydag na sy aankoms gereël. In opeenvolging van die voorbereidingsdiens om 7:00, die Saterdagoggend, die Sondagoggend se vroeë biduur om 7:00, die Nagmaal gedurende die erediens om 10:00. Daarenteen is ds. Krynauw se intreepreek vir na die bediening van die Nagmaal beplan.<sup>111</sup>

Ds. Krynauw is deur proponente H. J. van Niekerk en L. A. D. Roux in die pas gestigte gemeente bygestaan. Weens die groot bevolkingsgroei in die Goudveld en die steeds toenemende getalle van Moedergemeente in Welkom, het die totstandkoming van nog 'n gemeente, 'n voldonge feit geword.<sup>112</sup>

By 'n Kerkraadsvergadering van die Gemeente Welkom op 26 Augustus 1950 en onder die voorsitterskap van ds. Krynauw, is die aangeleentheid van Bedelia as 'n nuwe uitbreiding aangeroei. Ds. De Kock het by dié vergadering die kerkraad meegedeel, dat die uitbreiding Bedelia uitgelê word. Volgens hom was dit noodsaaklik om vir 'n kerk en pastorie-erwe aansoek te doen. Die gesamentlike onderhandeling van erwe tussen di. Krynauw en De Kock is deur eersgenoemde leraar voorgestel.<sup>113</sup>

Na aanleiding van 'n kerkraadsvergadering op 11 Augustus 1951, is sake rakende 'n bouplan van 'n kerksaal in St. Helena behandel. Die voorsitter het die kerkraad meegedeel, dat die Boukommissie 'n saal voorgestel het, wat min of meer soos die saal

<sup>108</sup> *Die Kerkbode*, 1950, Deel 1, p. 742 VKA.

<sup>109</sup> *Ibid.*, p.712.

<sup>110</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 13. 5. 1950, VKA.

<sup>111</sup> *Ibid*

<sup>112</sup> *Gedenkalbum: F. en J. Meyer, N. G. Kerk St. Helena 1952 - 2002: Halfeeuvesvieringe*, p.10, SKK.

<sup>113</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 26. 8. 1950, VKA.

van Welkomgemeente lyk. Die kerkraad het tentatief op die aankoop van boumateriaal deur die Boukommissie besluit.<sup>114</sup>

Op 'n meer geestelike nood het die sendingaktiwiteite van die gemeente het by 'n kerkraadsvergadering op 2 Februarie 1952 ter sprake gekom. Die kerkraad het die aanbeveling van die gesamentlike Sendingkommissie oor die stigting van 'n selfstandige Sendinggemeente oorweeg. Die kerkraad was in beginsel die saak goedgesind en het die aangeleentheid aan die plaaslike Sendingkommissie opgedra. Die taak van die kommissie was om die nodige inligting in te win, sodat die kerkraad oor die kommissie se bevindings ingelig kon word.<sup>115</sup>

In terme van konkrete verwickelinge in die gemeente is die aangeleentheid oor 'Kerkgrond by Dagbreek' op 11 Augustus 1951 in oënskou geneem.<sup>116</sup> Die voorsitter het aan die kerkraad gerapporteer dat 'n erf vir 'n pastorie teen £225.00 verkry is. Daarenteen het die koste van die erf vir die kerk op £550.00 te staan gekom. Die kerkraad het derhalwe besluit dat die koopkontrak aan Townships Board (Dorperaad) gestuur word. Eweseer moes aansoek gedoen word vir die wysiging van die klousule om binne drie maande te bou nadat die kooptransaksie afgehandel is. Die kerkraad se besluit was dat die drie maande eerder na drie jaar gewysig moes word.<sup>117</sup> Die afleiding van dié kerkraadsbesluit kan moontlik toegeskryf word aan die berekende koste vir die voorgenome geboue en die finansies wat nie onmiddellik voorhande was nie.

'n Verdere besluit van die kerkraad om die kontrak slegs te teken en van krag te maak, as die plaaslike owerheid die vergunning van drie maande na drie jaar toegestaan het. Om die kontrak van krag te maak sou ds. Krynauw en C. J. Steenkamp as skriba, dit geteken het.

By 'n daaropvolgende kerkraadsvergadering wat op 5 April 1952 in die skoolgebou in St. Helena gehou is, het sake soos die aankoop van kerkgrond in St. Helena te berde gekom. Daar was onder meer besluit dat die voorsitter en skriba die nodige dokumentasie vir die aankoop van die erwe 711 en 718 teen £650 namens die kerkraad sou teken.

Die kerkraadsvergadering het ook sake rakende kerkgrond in Dagbreek, 'n nuwe uitbreiding in Welkom behandel. Die kerkraad het besluit dat die voorsitter 'n opsie sou neem op die grond wat aan hom in Dagbreek uitgewys is.<sup>118</sup> Hierdie gemeentelike uitbreidings moet hoofsaaklik aan die ontwikkelinge van die Goudmynbedryf toegeskryf word, omdat al hoe meer indiensnemings by die goudmyne plaasgevind het.

Dit was by 'n Buitengewone Ringsvergadering in Welkom op 17 April 1952, dat die versoek van die Kerkraad van Welkomgemeente oor die afstigting van St. Helena, wat

---

<sup>114</sup> Ibid., 11.8.1951.

<sup>115</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 2. 2. 1952, VKA.

<sup>116</sup> Ibid., 11. 8. 1951.

<sup>117</sup> Ibid.

<sup>118</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 5. 4. 1952, VKA.

toe nog 'n wyk van Welkomgemeente was, gehanteer is. Die Ring van Winburg het aan die Ringskommissie aanbeveel om oor te gaan tot afstigting van dié deel van Welkomgemeente en om die grense te handhaaf soos die Kerkraad van Welkomgemeente dit aanbeveel het.<sup>119</sup> Dit het die dorpsuitbreidings soos Bedelia, Rheerderpark en ses plase omvat met inbegrip van St. Helena, wat binne die gebied van die Ring van Winburg was.<sup>120</sup>

Op 13 September 1952 is die stigting van die Sendinggemeente by die betrokke kerkraadsvergadering behandel. Die kerkraad het besluit dat die stigting op 20 September 1952 sou plaasvind. Derhalwe het die kerkraad besluit dat die plaaslike Sendingkommissie die plegtigheid van die Sendinggemeente se stigting sover moontlik moes bywoon. Die voorsitter het ook by die geleentheid gedurende die kerkraadsvergadering, die kerkraad meegedeel dat hy met die Armsorgkommissie oor die betrokke bedrag van £108 as moontlike betaling aan die skriba van Odendaalsrus ooreengekom het. In effek sou dit die betaling van twee sendelinge se salarisse vanaf Julie tot September voorsien. Hy het die kerkraad daarop gewys dat indien sodanige betaling deur die kerkraad gemaak sou word, dat die kerkraad vanaf Oktober tot Desember 1952 van enige finansiële verpligtinge gevrywaar sou wees.<sup>121</sup>

Die gemeentes wat van die Moedergemeente Welkom afgestig het, is St. Helena, Dagbreek en Reitzpark.<sup>122</sup>

Die statistiese gegewens van die gemeente in 1952 in terme van siele en lidmate is soos volg: Siele 2 400 en lidmate 1 200;<sup>123</sup> en in 1956 was daar 3 725 teenoor 1 614 lidmate.<sup>124</sup> Die toename in getalle gedurende die middel vyftiger jare is aan die mynboubedryf toe te skryf wat in volle swang was. Dit het daartoe bygedra dat al hoe meer mense na die Goudveld toe gekom het.

Die leraars wat die Moedergemeente van Welkom sedert die stigting tot so ongeveer die laat sestiger jare bedien het, was di. Krynauw, maar voor sy koms het M. T. R. Smit met die bediening in die gemeente gehelp. As hulppredikers het J. J. van Niekerk en L.A.D le Roux bygekom. Gedurende 'n kerkraadsvergadering van 24 Junie 1953 het die kerkraad besluit om ds. Krynauw se demissie na afloop van die aanddiens op Sondag, die 28 Junie 1953 aan hom te oorhandig. Hy het 'n beroep na Theunissen aanvaar. In die tyd het ds. A. du Toit as konsulent vir die gemeente opgetree. 'n Groslys van moontlike kandidate is tydens 'n kerkraadsvergadering op 14 September 1953 vir die doel om 'n predikant te beroep, opgestel. Die groslys het name van kandidate soos onder andere bevat: Di J. Joubert, N. de Lange, G. Higgs, Otto, J. J. C. Reyneke, G.

<sup>119</sup> RCH 1/1/3 Ringsnotule van Winburg, 17 April 1952.

<sup>120</sup> F. en J. Meyer, *N. G. Kerk St. Helena 1952-2002: ...*, p.11.

<sup>121</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 13. 9. 1952, VKA.

<sup>122</sup> *Die Kerkbode*, 1952, Deel 2, p.39 VKA; RCH 1/1/3 Ringsnotule van Winburg, 1 Desember 1954; *Die Ramshoring*: Gemeentebled N. G. Gemeente WELKOM: 50 Jarige Feesuitgawe, 8 – 10 September 2000, ..., p. 1.

<sup>123</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1952, p. 391.

<sup>124</sup> *Ibid.*, 1956, p. 320.

Koornhof, A. L. Badenhorst, G. J. J. Boshoff en prop. B. Van Rensburg. Die beroepskeuse het op ds. Boshoff geval, maar hy het nooit die beroepsbrief ontvang nie. Die kerkraad het toe besluit om later so 'n brief te voltooi.<sup>125</sup> Na afloop van 'n kerkraadsvergadering wat op 16 Oktober 1953 gehou is, het die kerkraad weer vergader om die gebruiklike prosedure te volg ten einde 'n predikant vir die gemeente te beroep. Die name van die kandidate wat by die geleentheid op die groslys verskyn het, was soos volg: Di. B. J. de Klerk, A. L. Badenhorst, prop. B. van Rensburg, J. T. Jordaan, P. J. Jourbert en J. J. Jordaan. Die keuse het op ds. Badenhorst geval.<sup>126</sup>

Laasgenoemde leraar het die beroep na Welkomgemeente aanvaar, aangesien 'n reëlingskomitee vir die ontvangs van ds. Badenhorst en sy gade by 'n kerkraadsvergadering op 5 Desember 1953 saamgestel is. Die komitee is uit die volgende kerkraadslede saamgestel: Die ouderlinge was D. de Wet, B. Stapelberg, G. Loubser, N. Joubert, terwyl die diakens L. le Roux, L. Weeber en H. Wessels was. Ouderling Joubert het as sameroeper opgetree. Die kerkraad het ook by die geleentheid besluit dat prop. Van Rensburg sy verlof na die bevestiging van ds. Badenhorst kon neem.<sup>127</sup> Dit was gedurende ds. Badenhorst se bediening dat 'n mooi sierlike kerkgebou opgerig is.<sup>128</sup>

Op 1 Mei 1954 gedurende 'n kerkraadsvergadering het die voorsitter die vergadering meegedeel, dat Welkom op die vooraand van nuwe uitbreidings staan. Hierdie uitbreidings het die Stadsklerk aan die voorsitter meegedeel. Hierdie inligting was vir die gemeente van Welkom van groot belang, aangesien 'n terrein of erf in daardie tyd sowat £1000 00 gekos het. Om met die uitbreidings tred te hou het die gemeente geen alternatief gehad, anders as om die geld te leen nie. In effek sou al die uitbreidings min of meer op 'n bedrag van ongeveer £8000 00 te staan kom. Die voorsitter was van mening dat die gemeente nie vir al die terreine verantwoordelik gehou kon word nie. Die gemeente mag nie volgens hom as die plek beskou word waar die kerkkantoor sy geld belê en dat die gemeente rente daarop moet betaal nie. Inteendeel die kerkkantoor behoort eerder hul geld in die terreine te belê, terwyl die kerkraad van die gemeente die kerkkantoor gereeld op hoogte van sake in verband met al die verwickelinge van moontlike uitbreidings sou hou.

Die kerkraad het op 'n voorstel eenparig besluit dat daar by die kerkkantoor aangedring moet word, om verantwoordelikheid rakende terreine vir toekomstige uitbreiding te aanvaar.<sup>129</sup>

<sup>125</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 24. 6. 1953, VKK.

<sup>126</sup> *Ibid.*, 16. 10. 1953.

<sup>127</sup> *Ibid.*, 5. 12. 1953.

<sup>128</sup> A 500 Brosjure. Bloemfontein Kerkargief Brosjure: *Ned. Geref. Kerk Welkom*, 1957.

<sup>129</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 1. 5. 1954, VKK.

‘n C. S. V. –kollekte het ook by die betrokke kerkraadsvergadering ter sprake gekom. Die kerkraad het eenparig besluit dat met die oog op al die kollektes, dat hulle eerder ‘n nominale bedrag van £2.10s. aan die C. S. V. –kantoor sou stuur in plaas daarvan om ‘n kollekte te hou.<sup>130</sup>

Die gemeente se sendingaktiwiteite het ook onder die Goudveldse Sendingraad geressorteer.<sup>131</sup> Op ‘n kerkraadsvergadering van 16 Oktober 1954 is die gekonsolideerde salarisskale vir die sendelinge behandel. Nadat die voorsitter die gekonsolideerde salarisskale vir die Sendelinge verduidelik het, het hy daarop gewys dat die skale ‘n verhoging van £14 per jaar is. Dit het vir die gemeente ‘n verhoging van £42 per jaar ingehou. ‘n Voorstel is toe gemaak dat die kerkraad by die gekonsolideerde salarisskale van die Sendingraad moes inval. Die hele verandering was eenparig met die voorstel wat gemaak is.<sup>132</sup> Hierna het die gemeentelike posisie met die oog op ‘n moontlike afstigting van St. Helenawyk ter sprake gekom. Afgesien van die afstigting van die wyk Dagbreek wat by ‘n vorige kerkraadsvergadering ter berde gekom het, is Reitzparkwyk ook later op 10 Augustus 1957 by ‘n kerkraadsvergadering vir moontlike afstigting behandel.<sup>133</sup> Dit sal by die toepaslike afdelings behandel word.

In terme van die ontwikkelingstendens in die gemeente is die volgende kerkraadslede op 15 September 1957 verkies: Die ouderlinge is D. C. Uys, P. Lategan, A. C. Grotius, J. van Schalkwyk en J. J. Scheepers. Hulle is almal herverkies tot die kerkraad. Die diakens wie almal tot die kerkraad verkies is, was onder andere: B. Fouche, A. C. van Wyk Oosthuizen, G. van der Merwe, J. Kok, M. Marx en M. P. Prinsloo. Hierteenoor is die volgende ouderlinge tot die kerkraad verkies: J. Pieterse, J. Wasserman, E. P. Sevenster, F. Rossouw, asook die diakens H. Viljoen, L. Moolman.<sup>134</sup>

By bovermelde vergadering is ook die inwyding van die kerksaal behandel en gevolglik is ‘n reëlingskomitee aangewys. Dit het uit ds. Krynauw en twee proponente bestaan.<sup>135</sup>

In die notule van die kerkraad wat op 3 Mei 1958 dui, is ds P. de Villiers Mellet op 15 Maart 1958 in die Moedergemeente Welkom as leraar bevestig.

Hy het as leraar in die gemeente ongeveer nege jaar gearbei, voordat hy die gemeente verlaat het.<sup>136</sup>

Op 29 Augustus 1958 het Mej. E. M. Ehlers, plaaslike maatskaplike werkster die kerkraad oor maatskaplike probleme in die gemeente kom toespreek. Nadat die kerkraadsvergadering amptelik geopen is, het sy aan die woord gekom en aangevoer dat drankmisbruik, egskeiding en kinderverwaarlosing die grootste probleme is

<sup>130</sup> Ibid.

<sup>131</sup> A 500 Brosjyre. *Ned. Geref. Kerk. Welkom, 1957.*

<sup>132</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 16. 10. 1954, VKK.

<sup>133</sup> Ibid., 10. 8. 1957.

<sup>134</sup> Ibid., 15. 9. 1957.

<sup>135</sup> Ibid.

<sup>136</sup> *Die Ramshoring*. Gemeentebld N. G. Gemeente WELKOM ..., p. 2; *Kerkraadsnotule Welkom*, 3. 3. 1958, VKK.

waarmee sy in die gemeente te doen gekry het. Na afloop hiervan is enkele vrae aan haar gestel wat sy beantwoord het. Sy is hierna hartlik bedank waarna sy die vergadering verlaat het.<sup>137</sup>

Die moontlikheid van verdere uitbreiding in Sandania ('n Voorstedelike woongebied) het ook by 'n kerkraadsvergadering op 30 Junie 1958 na vore gekom. Die voorsitter het met die oog op verdere uitbreiding in die gebied gewys op moontlike afstigting en dat niemand daarteen gekant is nie. Alhoewel dit om praktiese redes nog nie 'n prioriteit hoef te wees nie. Op versoek van die voorsitter is besluit om die Dorpsbestuur te nader rakende die verkryging van 'n kerkperseel, sodra genoemde bestuur 'n nuwe uitbreiding in die omgewing van Sandania beplan het. Hy het die moontlikheid van 'n medelaar behandel in die lig van die voorafgaande verwickelinge. Na aanleiding van vermelde verwickelinge het die kerkraad besluit om by 'n latere kerkraadsvergadering die kwessie van 'n medeleraar te bespreek.<sup>138</sup>

Die gemeente se hart het ook warm geklop in verband met die Sending, want op 30 Januarie 1959 het die kerkraad besluit om in die vervolg £2 per maand aan die Sendingraad te gee. Dit moes slegs vir opleiding van evangeliste aangewend word.<sup>139</sup> Hiervolgens het die gemeente geensins neutraal teenoor die belangrikheid van sendingwerk gestaan nie. Die gemeente het juis by die Goudveldse Sendingraad aangesluit, sodat sy roeping ook op daardie gebied tot vervullking kon kom.

Desnieteenstaande is die Sondagskoolverslag op 13 Januarie 1961 gedurende 'n kerkraadsvergadering behandel. Volgens die verslag het die Sondagskool in die begin van 1960 'n tekort aan personeel gehad. Die wisseling van personeellede by die Sondagskool is aan gereelde verhuisings te wyte. Alhoewel daar altyd weer nuwe Sondagskoolpersoneellede bygekome het, het die gemeente nog altyd 'n tekort aan personeellede gehad.

In die begin van die tweede kwartaal is daar ook met die hou van weeklikse voorbereidingsklas onder leiding van ouderling H. J. Kleynhans 'n aanvang geneem. Hierdie klasse het gelei tot groot inspirasie en krag vir dié wat dit gereeld bygewoon het.

Die verslag maak melding dat slegs 'n geringe persentasie van die kinders die Sondagskool uiters swak besoek het en daar is sekerlik kinders in die gemeente wat geheel-en-al nie die Sondagskool besoek nie. Daar is volgens die verslag 'n gewag gemaak dat die ouderlinge gedurende hul huisbesoek wel die aangeleentheid sou aanspreek. Die kinders moes dus aangemoedig word om Sondagskoolklasse by te woon.

---

<sup>137</sup> Ibid., 29. 8. 1958, VKK.

<sup>138</sup> Ibid., 30. 6. 1958.

<sup>139</sup> Ibid., 30. 1. 1959.

Die insentief om pryse uit te loof vir gereelde bywoning van Sondagskoolklasse het byval gevind. Dit het daartoe bygedra dat vyf-en-sewentig kinders elkeen ‘n hallelujaboekie as erkenning ontvang het.<sup>140</sup>

Volgens die verslag het die diplomas en seëls die doel waarvoor dit oorspronklik ingestel is, gemis. Die verslag lui verder só: “Die personeel het heelwat besprekings in hierdie verband gehad en het besluit dat dit beslis regstelling verdien. Daar is alreeds daarmee ‘n begin gemaak aan die einde van 1960 en ons hoop en vertrou dat dit aan die einde van die nuwe jaar ten volle sal beantwoord aan die doel waarvoor dit oorspronklik ingestel is.”<sup>141</sup>

In 1961 het die Moedergemeente van Welkom 1 957 siele teenoor 1 015 lidmate gehad.<sup>142</sup> Hierteenoor is die gemeente in 1950 met 289 dooplidmate en 297 belydene lidmate gestig.<sup>143</sup> As in aanmerking geneem word dat drie gemeentes in ‘n periode van ongeveer drie-en-vyftig jaar van die gemeente afgestig is, dan is dit ongetwyfeld ‘n merkwaardige prestasie in die geskiedenis van die gemeente.

## 2. 5. 2 Afstigting van Virginia

Na aanleiding van ds. A. J. de Villiers se skrywe het hy in Januarie 1951, pas uit die kweekskool per trein by die spoorwegstasie Lin Abo in Virginia aangekom. Volgens hom was die spoorwegstasie net voor die treinbrug van die Sandrivier. Hy is egter in ‘n saaltjie op Lin Abo ontvang wat net na sy aankoms afgebreek is. Hy het sy intree-preek in ‘n monteersaal van die skool op Lin Abo gelewer. Daarin het hulle ook die eredienste gehou. Hulle het ook dienste beurtelings in Virginia- en Harmoniemyne se enkelkwartiere gehou. In dié tyd was Virginia nog deel van Hennenman en daar was geen pastorie, saal of kerk beskikbaar nie. Hy het saam met ds. J. F. Mentz as leraar van Hennenman gewerk. Die interessante is dat hy ook in laasgenoemde se belydenisklas in die Paarl was. As ongetroude en later ook as getroude moes hulle tydelik by mense loseer.<sup>144</sup>

By ‘n Ringsvergadering op 14 April 1951 het die Kerkraad van Hennenman ‘n skriftelike versoek aan die Ring van Winburg om afstigting van Virginia, as ‘n eie selfstandige gemeente voorgelê. Die Ring het opdrag gegee dat al die relevante dokumente rakende afstigting aan die Ringskommissie vir spoedige afhandeling oorhandig moes word. Daarbenewens het die Ring opdrag tot stigting van die voorgename gemeente en vir die bepaling van gemeentelike grense gegee.<sup>145</sup>

<sup>140</sup> Ibid., 13. 1. 1961.

<sup>141</sup> Ibid.

<sup>142</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1961, p. 295

<sup>143</sup> Ibid.

<sup>144</sup> Privaatbrief van ds. A. J. de Villiers aan ds. J. P. Möller, i.v.m. ‘n *Historiese oorsig oor Virginia Gemeente*, 24. 4. 2001, pp. 1 - 2.

<sup>145</sup> RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg*, 14. 4. 1951 VKA

‘n Skrywe gedateer 13 Mei 1951 van die Skriba van die Ring van Winburg aan die Redakteur van *Die Kerkbode* in Kaapstad, is ook ‘n duidelike bevestiging dat die Ringskommissie in opdrag van die Ring die stigting van Virginia Gemeente goedgekeur het. Desgelyks is die stigtingsdatum vir 9 Junie 1951 bepaal. Die gemeente sou voortaan binne die Ringsressort van Winburg val.

Die gemeente se grense is ook tussen Ventersburg en Virginia bepaal: “Vanaf Bloemskraal is Maselsspruit die grens tot waar dit in die Sandrivier loop; vanaf die oorkant van Sandrivier dan die plase Vaalbankskuil, Vaalbankskuil – Onderverdeling nr.1, Doringhoek, Kalie, Robyn.

Tussen Hennenman en Virginia: Goedbegin, Onverwag, Gelukspan, Somersveld, Saaiplaas met onderverdelings, Kaal Valley, Dirksburg, Video, Jurgenshof, Tarka, Du Preezslaer, Jonkersrus tot aan die rivier.

Tussen Theunissen, Rietfontein, Winburg en Virginia: Stillewoning, Glenross, Kalkoenkrans, Welkom, Doringrivier, Weltevrede, Welgeleë, Richelieu, Plooy, Admiraal, Donkerkloof, Boskop, Bosrand, Hazor, Perdekuil, Eureka, Palmietfontein tot weer by Bloemskraal.”<sup>146</sup>

Die ouderlinge van die kerkraad wat vir een jaar verkies is, was soos volg: “L. F. Erasmus ((Harmoniewyk), L. F. Erasmus (Tarka), C. P. Bitzer, J. A. Fourie, S. J. L. van Niekerk. Die ouderlinge om twee jaar te dien: P. J. Pienaar, J. L. Mentz, W. H. Steyn, B. J. Stapelberg, D. F. Stassen, V. H. Adendorf. Die diakens daarteenoor vir een jaar: J. W. J. Steyn, R. J. Wolfaardt, W. J. Pretorius, W. A. Hawley, J. H. F. Stip, H. L. S. Scholtz. Diakens vir twee jaar: M. H. Wessels, E. H. Wille, A. B. Bosman, E. A. Conroy, J. A. C. Niemann.”<sup>147</sup>

By ‘n Kerkraadsvergadering op 24 Junie 1951 is proponent A. J. de Villiers, wat alreeds in die gemeente werksaam was, beroep. Gedurende ‘n daaropvolgende kerkraadsvergadering van 27 Julie 1951 het dit by die betrokke vergadering bekend geword, dat prop. De Villiers die beroep aanvaar het. Hy het in sy telegram dit duidelik gemaak dat hy graag die naweek van 18 Augustus 1951 in die gemeente terug wou wees.<sup>148</sup>

Op ‘n kerkraadsvergadering van 17 November 1951 het die aangeleentheid oor die bou van ‘n kerk of twee sale ter sprake gekom. Ds. De Villiers was van mening dat Harmonie, ‘n nabyliggende gebied wat binne die bedieningsveld van Virginia geressorteer het, besig is om verlore te gaan. As rede daarvoor is aangevoer dat daar geen vergaderplek was nie. Hy was verder van mening dat twee kerksale die oplossing was, sodat Virginia en Harmonie elkeen hul eie kerksale kon hê.

---

<sup>146</sup> Byvoegsel. ‘n Brief van die Skriba van die Ring aan die Redakteur van *Die Kerkbode*, 13. 5. 1951 tot *Kerkaadsnotule Virginia*, 1951 – 1956 VKA.

<sup>147</sup> Ibid.

<sup>148</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 27. 7. 1951 VKA.



Daar is ook by die kerkraadsvergadering melding gemaak van die planne vir die bou van 'n pastorie. Die voorneme is ook by die vergadering gemaak om dit so gou moontlik by die boukontraakteurs in te handig, sodat hulle so gou moontlik hul tenders kan indien. By die geleentheid is ds. De Villiers versoek om by die Kerkkantoor vir 'n lening van ongeveer £20 000 aansoek te doen en om uit te vind teen watter voorwaardes en rentekoers dit kon geskied. Daarenteen het die Finansiële Kommissie opdrag ontvang om by daaropvolgende kerkraadsvergadering oor die finansiële stand van sake van die gemeente te rapporteer, benewens uitsluitel oor die bou van 'n kerk vir die gemeente of twee onderskeie kerksale om sodoende ook in die behoefte van Harmonie te voorsien.<sup>149</sup>

Na aanleiding van 'n kerkraadsvergadering is daar op 12 Desember 1951 besluit om 'n pastorie vir die gemeente van Virginia te laat bou. Die kerkraad het ook aan ds. De Villiers en ouderling P. J. Pienaar tekenregte op dokumente vir die aankoop van die grond en die oprigting van die pastorie gegee.<sup>150</sup>

Intussen is met die oprigting van die pastorie 'n aanvang geneem wat op 28 Junie 1952 vir gebruik beskikbaar was. Daarteenoor is ook uiteindelik besluit om 'n kerkgebou op te rig waarvan die hoeksteenlegging op 13 Junie 1953 plaasgevind het. In opvolging hiervan is die kerkgebou die naweek van 3 - 4 April 1954 ingebruik geneem.<sup>151</sup>

Die kerkraad het by 'n kerkraadsvergadering op 22 Mei 1954 toestemming tot die voorbereiding vir die bou van 'n plaaslike Sendingkerk gegee. 'n Sendingkerk was van kardinale belang, aangesien die plaaslike Sendinggemeente nie 'n vergaderplek vir kerkdienste gehad het nie. Om uitvoering hieraan te gee is dit aan die Plaaslike Sendingkomitee opgedra om die nodige fondse van die Kerkkantoor te bekom. Die kerkraad was van mening dat die lening deur die Sendinggemeente terugbetaal moes word. Met inbegrip hiervan was dit die Plaaslike Sendingkomitee se verantwoordelikheid om toe te sien dat die lening wel aan die Kerkkantoor terugbetaal word. Daarby was die plaaslike sending ook toegelaat om onder die blanke van die gemeente te kollekteer. Die besluite wat in terme van bovermelde aangeleentheid geneem is, was eenparig.<sup>152</sup>

Intussen het die limatetal in die gemeente toegeneem weens die ekonomiese omwenteling wat uitgeheel die Goudveld plaasgevind het. 'n Daaglikse instroming van mense het letterlik na 'n alledaagse verskynsel gelyk. Die ontwikkeling en uitbreiding moet hoofsaaklik aan die ontwikkelingstendens van die goudmynboubedryf toegeskryf word. Dit opsigself het 'n ingrypende sosio-ekonomiese verandering in die goudveldstreek teweeggebring. Dit is in die lig hiervan dat die kerkraad op 25 Junie 1955 by 'n Gewone Kerkraadsvergadering besluit het, om 'n mede-leraar te beroep as 'n hulpkrag in gemeentelike werksaamhede. Daar was aanvanklik eers gedink in terme

<sup>149</sup> Ibid., 17. 11. 1951 VKA.

<sup>150</sup> Ibid., 12. 12. 1952 VKA.

<sup>151</sup> J. P. Möller, Ongeklassifiseerde historiese oorsig: *Virginia 50 Jaar*.

<sup>152</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 22. 5. 1954 VKA

van afstigting, maar die gemeente se finansies het dit nie op daardie stadium toegelaat nie. Dientengevolge het die kerkraad na gelang van 'n meerderheidsbesluit sanksie aan 'n mede-leraar in die gemeente gegee.<sup>153</sup> In daardie stadium het die gemeente 1 551 siele en 823 lidmate gehad.<sup>154</sup> Na aanleiding hiervan was 'n mede-leraar geregverdig, aangesien die hele situasie rakende inkomende nuwe lidmate in die gemeente daagliks vloeibaar was.

By bovermelde kerkraadsvergadering is na aanleiding van verskillende gedagtegange besluit om 'n tweede pastorie in Harmonie te laat bou. Die verkose Boukommissie moes tot dien effekte planne vir die pastorie laat optrek wat op die daaropvolgende kerkraadsvergadering voorgelê moes word.<sup>155</sup>

Intussen is daar groot vordering met die Sendingkerk gemaak, want by 'n kerkraadsvergadering op 26 November 1956 het die kerkraad besluit dat die hoeksteenlegging op Saterdag, 3 Desember 1956 moes plaasvind. In aansluiting hiertoe sou die hoeksteen deur ouderling M. H. Wessels, Voorsitter van die Boukommissie gelê word. Intussen het die kerkraad ook verneem dat goeie vordering met die bou van die Sendingkerk gemaak is.

Die saak van afstigting het by die kerkraadsvergadering op 24 Maart 1956 ter sprake gekom. Die wyk Harmonie was in daardie stadium nog deel van Virginia Moedergemeente. Die rede vir die afstigting wat by die kerkraadsvergadering in beginsel goedgekeur is,<sup>156</sup> was toe te skryf aan die groot aantal lidmate wat die gebied binnegestroom het. Hierdie toestroming moet andersins regstreeks aan die ontwikkeling en uitbreiding van die goudmyne toegeskryf word. Benewens die ekonomiese ontwikkelingstendens het dit ook ander sektore van die samelewing soos die kerk in die besonder geraak. Dit moet hoofsaaklik gewyt word aan die feit dat die mens nie net liggaam is nie, maar ook gees en siel is. Derhalwe moes die kerk met die snel toenemende ekonomiese ontwikkelingsgang van die Goudveld sedert die vroeë vyftigerjare tred hou. Dientengevolge die voornemende afstigting van Harmonie van Virginiagemeente wat by die betrokke kerkraadsvergadering ter sprake gekom het.

By bovermelde kerkraadsvergadering is 'n Kommissie van Ondersoek saamgestel om eers die lewensvatbaarheid en wenslikheid van afstigting te ondersoek. Die kommissie het by 'n kerkraadsvergadering op 26 Mei 1956 gerapporteer dat al die waarborglyste wat in opdrag van die vorige kerkraadsbesluit uitgestuur is, terug ontvang is. Hulle het by die vergadering verklaar dat al die waarborlyste nagegaan is en aanbeveel dat afstigting moes plaasvind. Die kommissie het die naam as Gemeente Harmonie voorgestaan. Hulle het ook die grense van die voornemende gemeente aanbeveel. Die kerkraad het dit alles goedgekeur en die voorsitter het Art. 104 aan die kerkraad voorgehou en die volgende aan hulle meegedeel: "Die stigting van 'n nuwe gemeente kan alleen deur die Ringskommissie op las van die Ring plaasvind en mag nie geskied

<sup>153</sup> Ibid., 25. 6. 1955 VKA

<sup>154</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1955, p. 343.

<sup>155</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 25. 6. 1955 VKA.

<sup>156</sup> Ibid., 24. 3. 1965 VKA.

voordat aan die vereistes voldoen is nie, soos in Art. 104 beskryf word nie.”<sup>157</sup> In die lig hiervan is die amptelike stigting van Harmonie onder die toepaslike afdeling behandel.

Intussen het in die gemeente van Virginia verdere ontwikkelinge plaasgevind, want by ‘n daaropvolgende kerkraadsvergadering op 22 September 1956, het ds. De Villiers verduidelik dat na die afstigting van Harmonie die lidmaattal op 1 626 te staan gekom het. Hiervolgens is besluit om ‘n aanvang met die bou van ‘n pastorie in Merriespruit te maak. ‘n Boukommissie is saamgestel om die belangrikheid van die aangeleentheid te hanteer.<sup>158</sup>

Die toenemende instroming van mense na die Goudveld in die klimaat van die ekonomiese eksploitasie van die Goudveld, was geensins maklik vir ‘n leraar met ‘n gemeente met lidmate van breë omvang nie. Om nie eens die sosiaal-maatskaplike dekadensie van ‘n gemeenskap in dié tyd te noem nie. Daarenteë het mense se lewens grotendeels om die materiële gewentel en het apaties teenoor die kerklike lewe gestaan. Desgelyks onder dié omstandighede het die kerkraad op 22 September 1956 op ‘n mede-leraar besluit. Nadat die gebruikelike prosedure by die kerkraadsraadsvergadering gevolg is, het die mantel as beroepskeuse op prop. J. G. Venter geval.<sup>159</sup> Alhoewel hy tydelik in die gemeente uitgehelp het, het die kerkraad waarskynlik gevoel om ‘n leraar op ‘n meer amptelike basis as ‘n mede-leraar vir die gemeente te beroep. Prop. J. G. Venter het die beroep aanvaar en het in die gemeente vanaf 9 Desember 1956 tot 28 Mei 1961 gearbei.<sup>160</sup>

Op 25 November 1957 het ds. De Villiers sy demissie by ‘n kerkraadsveradering aanvaar omdat hy ‘n beroep na Queenstown aanvaar het. In die lig van die verwickelinge het die kerkraad die beroep van ‘n mede-leraar goedgekeur.<sup>161</sup>

By dieselfde kerkraadsvergadering is ‘n nominasielys opgestel, waarop al die kandidate op ‘n groslys vir ‘n moontlike beroep na die gemeente verskyn het. Die keuse om ‘n predikant te beroep het op ds. C. F. B. Naude van Potchefstroom geval. Na alle waarskynlikheid het laasgenoemde nie die beroep aanvaar nie, want by ‘n kerkraadsvergadering op 6 Januarie 1958 is ‘n nominasielys vir ‘n aantal kandidate, wat op die groslys verskyn het, opgestel. Na die gebruikelike prosedure stiptelik gevolg is, het die keuse vir die beroep op ds. H. A. Roux van Senekal geval.<sup>162</sup>

Desnieteenstaande was die beroep op laasgenoemde leraar ook onsuksesvol. Derhalwe het die kerkraad op 24 Maart 1958 besluit om ‘n beroep op ds. M. C. Hattingh van Oos-Londen uit te bring.<sup>163</sup> In 1959 was die kerkraad soos volg saamgestel: Ouderlinge J. J.

<sup>157</sup> Ibid., 26. 5. 1956 VKA.

<sup>158</sup> Ibid., 22. 9. 1956 VKA.

<sup>159</sup> Ibid.

<sup>160</sup> J. P. Möller, ... *Virginia 50 Jaar*.

<sup>161</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 25. 11. 1957 VKA.

<sup>162</sup> Ibid., 6. 1. 1958 VKA.

<sup>163</sup> Ibid., 24. 3. 1958 VKA.

Viljoen, H. J. Cilliers, P. C. Kritzing, A. F. de Kock, N. J. Smit, J. A. Whiteman, M. H. Wessels, J. A. de la Harpe, P. J. P. Ackerman, G. T. C. Bosch. D. H. de W. Jacobs, L. C. Gresse, A. C. Roode, G. J. N. Kruger, S. H. van Dyk, J. F. G. Lorenzen, J. A. M. van Rooyen, P. J. Pienaar, J. J. C. Williamson, W. Groenewald, E. H. Wille, E. A. Relling, C. J. Steyn, M. C. C. Mentz, J. P. Blignaut, C. J. Steenkamp, J. A. C. Nieman, J. D. Human, A. W. A. Human, H. F. Prinsloo, H. P. Gunter, J. H. Carstens, W. H. Steyn, W. H. de S. Snyman, P. B. Venter, D. J. Pienaar, J. A. F. Fourie. Daarteenoor was die diakens D. Hattingh, J. L. Theron, I. Marais, A. Lourens, M. C. Pretorius, J. H. Snyman, C. J. Barlow, M. R. Pritchard, A. W. Wessels, J. H. Truter, L. C. Blom, W. A. van Zyl, C. J. Geel, L. J. Looek, J. H. Steenekamp, D. van Niekerk, P. J. de Kock, P. Lamont, C. O. Viljoen, A. J. Lubbe, P. S. de Wit, F. J. Theron, J. J. Pietersen, S. A. J. Esterhuizen, A. L. Luwes, J. Bothma, G. J. Pretorius, G. D. Joubert, C. F. Zietzman, B. F. van Huysteen, J. A. Louw, P. W. de Vos, B. van Rensburg, J. A. Naudé.<sup>164</sup>

Ds. Hattingh het die beroep aanvaar en hy was in die gemeente werksaam tot 10 Maart 1961. Na aanleiding van sy demissie het ds. McDonald by 'n kerkraadsvergadering op 10 Maart 1961 dit só gestel: "Die erns van hierdie oomblik. Dis nie 'n demissie om na 'n ander gemeente gaan nie, maar een van losmaak van bande met die bediening weens swak gesondheid." Hierna het ds. McDonald met die volgende Skrifgedeelte in Ps 62:6 gelees: "Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!" Hy is ten laaste bedank vir sy aandeel in die Ring en ook vir wat hy vir die Kerk in die Oranje-Vrystaat beteken het.<sup>165</sup>

Teen 1961 het die gemeente 1 533 lidmate<sup>166</sup> teenoor die 503 lidmate in 1953<sup>167</sup> gehad. Dit wil sê, drie maal meer as in die begin vyftigerjare van die gemeente se bestaan. Derhalwe is dit te verstane dat Harmonie, Virginia-Wes en Virginia-Oos van Virginiagemeente afgestig is, terwyl Saaiplaas later weer van Harmonie O.V.S gemeente afgestig is.<sup>168</sup> Benewens Harmonie O.V.S. gemeente het al die ander afstigtings na 1961 plaasgevind. Gevolglik is daardie gemeentes buite die behandelingstydperk van die betrokke studie.

Die leraars van die gemeente het gekom en gegaan, maar elkeen het 'n bydrae tot die waarmaak van bepaalde bedieningsoogmerke gemaak. As dit nie 'n kerksaal of kerkbou was nie het dit nietemin deurtentyd met aanverwante aangeleenthede verband gehou. Die merkwaardige is dat die kerk nie in sy eiesoortige omvang en voortstuwende aard in vergelyking met die ekonomiese eksplorasies en eksplorasies agter gebly het nie. Alhoewel die sosio-ekonomiese wel toonaangewend vir die blootlegging van die Goudveld was, het die geestelik-religieuse en kulturele kragte ook op die ontwikkelingsdinamika van die Goudveld ingewerk. Die ekonomiese konjunktuur word wel op 'n tydskaal van vraag en aanbod gebalanseer, maar is

<sup>164</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1959*, p. 312.

<sup>165</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 10. 3. 1961 VKA.

<sup>166</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1961*, p. 571.

<sup>167</sup> *Ibid.*, 1953, p. 323.

<sup>168</sup> J. P. Möller, .... *Virginia 50 Jaar*.

terselfertyd nooit onafhanklik van enige generatiewe kragte wat voedend of bydraend tot die algemene ekonomie inwerk nie.

Dit is in die lig hiervan dat ander dikwels onwaarneembare inwerkende kragte soos kerk en skole ook tot die ontwikkelingsaard en wese van die Goudveld bygedra het. Alhoewel die kerk in sy diepste wese en aard nie soseer altyd vooropgestel is nie, is dit as institusionele inselling onmiskenbaar vir die geestelike behoefte van die mens. Hierdeur het die kerk tot die ontwikkelingsgang en selfs tot die kwalitatiewe aard van die mense in die Goudveld 'n bydrae gemaak.

Uiteraard is die ontwikkeling van die Goudveld aan die veelheid van gemeenskapsfasette afhanklik. In dié veelheid en omvangrykheid van ontwikkelingskragte het die kerk in braak ontvouende Goudveld steeds aan sy roepingsbewustheid vasgehou. In dié klimaat van braak en ongerepte ontwikkeling het die kerk wel as sigbare simbool verrys. Derhalwe het kerkgeboue en gemeentes oral in dorpe van die Goudveld soos reuse monumente gestalte gekry. 'n Konkrete bewys van die kerk se roeping en sy gerigtheid en dat die Goudveld ook veel aan die kerk vir sy geskiedenis verskuldig is.

### 2. 5.3 Afstigting van St. Helena

As gevolg van die bevolkingsaanwas en die toenemende getalle in Welkomgemeente, het dit onafwendbaar vir die stigting van 'n nuwe dogtergemeente op 3 Junie 1952 geword. Die afstigting van die gemeente het gepaardgegaan sonder 'n bruidskat en moes onder 'n gedeeltelike skuldslas van Welkomgemeente gebuk gaan. Die pastorie is wel aan die afgestigte gemeente gegee wat binne gemeentelike grense ressorteer. Die bou van die (tweede) pastorie was deur die hulp en ondersteuning van die goudmyn van St. Helena moontlik gemaak. Hulle het die nodige boumateriaal vir die oprigting van die pastorie voorsien. Daarenteen is verskeie bydraes deur die kerkraad, gemeentelike en instansies gemaak. Die hoeksteenlegging is deur R. H. MacWilliam, die eertydse mynbestuurder van die goudmyn in St. Helena gemaak. Dit opsigself is iets besonder, want nêrens sover bekend het dit in die geskiedenis van die N. G. Kerk gebeur nie.<sup>169</sup>

Die volgende gemeentes het in dié tyd onder die Ring van Winburg geval, nl. Winburg, Rietfontein, Ventersburg, Hennenman, Odendaalsrus, Allanridge, Welkom, Virginia, Wesselsbron, Bothaville en St. Helena. Ds. A. J. de Villiers van Virginia was die konsulent van St. Helenagemeente.<sup>170</sup>

Gedurende die eerste kerkraadsvergadering van St. Helena op 25 Junie 1952 is die eerste kerkraadslede gekies. Die ouderlinge was F. van Eeden, J. Fourie, A. C. Grotius, F. A. Kokott, R. R. Pretorius, F. B. Labuschagne, P. N. Lategan, P. C. J. van Rensburg, J. J. Scheepers, J. M. de Villiers, B. B. Buitendag, B. Badenhorst, J. J. Pretorius en M. S. Fourie. Die diakens was J. I. Cronje, M. J. Marx, W. H. Nieman, P. P. van Rooyen,

<sup>169</sup> F. en J. Meyer, *N.G. Kerk St. Helena 1952 - 2002: ...*, pp. 10 - 11; *Die Kerkbode*, 1950, Deel 1, p. 6; *Die Kerkbode* 1952, Deel 2, p. 39 VKA.

<sup>170</sup> F. en J. Meyer, *St. Helena N. G. Kerk 1952-2002: ...*, p. 11.

J. J. D. van Schalkwyk, J. H. van Schalkwyk, C. J. Steenkamp, S. van der Westhuizen, G. Opperman, H. Prinsloo, J. L. Gibson, J. M. Moolman en H. van Niekerk.<sup>171</sup>

Die afbakening van die gemeentelike grens was meer spesifiek soos volg vasgestel: “Vanaf Vrystaat Geduld, no.2 tot by Friedesheim-halt en vandaar al met die treinspoor tot by die noordwestelike hoekbaken van die plaas Uitkyk no.534. Vandaar met ‘n denkbeeldige reguitlyn tot by die noordoostelike hoekbaken van die plaas Vlakplaas no.667 waar Tempest-weg in Toronto-weg loop. Vandaar met ‘n denkbeeldige reguitlyn tot by die gesamentlike hoekbaken van die plase Vlakplaas, St. Helena en Marmagelli. Vandaar met ‘n denkbeeldige reguitlyn tot by die suidoostelike hoekbaken van die plaas St. Helena en Mynbaken St. H.1. Vandaar met ‘n denkbeeldige reguitlyn na die gesamentlike hoekbaken van die plase Stuurmanspan, Ongegend, Jonkersrust, Du Preezlaer en Tarka, dan die plaas Jonkersrust tot aan die rivier; aangesien Rheederpark in die nuwe gemeente val, sal die grens sodanig wees dat dit ook die hostel in Rheederpark by die nuwe gemeente insluit.”<sup>172</sup>

By dieselfde vergadering is die kwessie van die pastorie bespreek. Daar ds. Krynauw leraar van die N. G. Gemeente Welkom nog in die pastorie in St. Helena gewoon het, het die vergadering op voorstel van diaken H. van Niekerk besluit, dat die skriba ‘n brief aan die Kerkraad van Welkom rakende die betrokke aangeleentheid moes skryf. Hierdie voorstel was eenparig ondersteun.<sup>173</sup>

Op 25 Junie 1952 is ‘n Gekombineerde Kerkraadsvergadering in die skoolgebou in St. Helena gehou. Al die kerkraadslede was teenwoordig by die vergadering waar ‘n beroep op ‘n leraar vir die gemeente uitgebring is. Die name van predikante wat op die groslys verskyn het was onder andere: Di. G. P. Badenhorst van Ventersburg, M. van Niekerk, Brakpan-Oos, D. Krynauw, Welkom, P. Els, Uitenhage, proponente H. J. van Niekerk, Welkom en L. A. D. Roux, Welkom, J. Crotz, Benoni-Oos, J. Louw, Selection Park, C. Perold, Brakpan, P. Z. Coetzee, De Bloem, C. Mouton, Uitenhage, P. Moodie, Petrus Steyn, G. Boshoff, Linden, E. P. J. Kleynhans, Kensington, Port Elizabeth, J. Ros, Bellville, A. Raats, Alberton, J. Luckhoff, Pretoria-Oos, R. van Tonder, Geduld-uitbreiding, J. Lombard, Florida, J. de Wet, Kokstad.

Nadat die gebruiklike prosedure van stemming plaasgevind het, is daar toe uiteindelik tussen di. Kleynhans, Krynauw en Van Niekerk gestem Ds. Kleynhans het in die uitdun rondte die meeste stemme gekry. Gevolglik was ds. Kleynhans as leraar van die nuwe gemeente beroep. Ds. Kleynhans het nie die beroep aanvaar nie en gevolglik is ds. Van Niekerk van Brakpan-Oos gemeente by ‘n Gekombineerde Kerkraadsvergadering op 30 Julie 1952 beroep.<sup>174</sup> Laasgenoemde het nie die beroep aanvaar nie, sodat ‘n verdere beroep op 8 Oktober 1952 op prop. A. du Toit van Hartbeesfontein uitgebring is.

<sup>171</sup> *Kerkraadsnotule St. Helena*, 25. 6. 1952, SKK.

<sup>172</sup> *Die Kerkbode*, 1952, Deel 2, p. 39 VKA.

<sup>173</sup> *Die Kerkraadsnotule, St. Helena*, 25. 6. 1952 SKK.

<sup>174</sup> Ibid.

Alhoewel hy die beroep aanvaar het, het hy eers op 1 Februarie 1953 met sy herdelike pligte in die gemeente begin.<sup>175</sup>

Die nuutgestigte gemeente het baie gou 'n eie plek van aanbidding gehad, want die kerksaal wat gedurende die stigting van die gemeente in aanbou was, is in September 1952 ingewy. Dit was ook vir troues aangewend en mev. R. M. van Schalkwyk was die orreliste wat haar dienste gratis aan die kerk gelever het.<sup>176</sup>

Die kerkraad het by 'n kerkraadsvergadering wat op 13 Maart 1953 gehou is, besluit om 'n basaar te hou. Dit was aan die Funksiekomitee opgedra om 'n datum vir die aangeleentheid te bepaal. 'n Besluit was ook geneem dat die basaar in die kerksaal sou plaasvind.<sup>177</sup> Op die wyse het die jong gemeente al hoe meer momentum begin kry om soos 'n gewone gemeente te kon funksioneer.

Ds. Du Toit het in die Godsdienverslag van 8 April 1953 oor die geestelike lewe van St. Helenagemeente gerapporteer: “ Op hierdie stadium is dit nog veelal moeilik om oor die geestelike lewe in die algemeen te oordeel. Maar dat hier baie opregte en oortuigde, eerlikmenende kinders van die Here is, is nie te betwyfel nie.”<sup>178</sup>

By 'n kerkraadsvergadering wat op 12 Junie 1953 onder voorsitterskap van ds. Du Toit gehou is, het die kwessie van 'n derde sendeling vir die Goudveldse Sendingraad te berde gekom. Di. De Kock en MacDondald het die vergadering vir dié doel bygewoon en het 'n ernstige beroep op die kerkraad gedoen om hul besluit vir 'n derde sendeling te heroorweeg. Ds. De Kock het die lede van die vergadering ook meegedeel dat die Sinodale Armsorg- en Sendingkommissie 'n £100 sou bydra, indien St. Helena ook soos die ander gemeentes ten gunste van 'n derde sendeling sou besluit.<sup>179</sup> Dit wil voorkom dat vanweë die groot skuld las van die gemeente, die kerkraad hulle nie op daardie stadium tot 'n derde sendeling kon verbind nie.<sup>180</sup>

In 1959 het ds. Du Toit 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar. Dit was gedurende die kerkraadsvergadering van 14 Mei 1959, dat eenparig besluit is om aan ds. Du Toit 'n afskeidsgeskenk te gee. Die kerkraad het ook op 'n afskeidfunksie vir hom en sy gade besluit en dat ouderling B. Badenhorst vir ds. Du Toit aan die nuwe gemeente sou afstaan.<sup>181</sup>

Volgens die Notule van 'n Spesiale Vergadering of Buitengewone Kerkraadsvergadering op 22 September 1959, is ds. H. M. de Vos van Grahamstad

<sup>175</sup> F. en J. Meyer, *N. G. kerk St. Helena 1952 - 2002:...*, p. 13.

<sup>176</sup> Ibid.

<sup>177</sup> *Kerkraadsnotule St. Helena*, 13. 3. 1953, S.K.K.

<sup>178</sup> Bylae 16:1 “Staat van Gods Godsdien en Bylae 16:11 “Die Kerklike Ondersoek” : Verslag van die Staat van die Godsdien: *Die N. G. Gereformeerde Kerk in die O.V.S.*

<sup>179</sup> *Kerkraadsnotule St. Helena*, 12. 6. 1953, SKK.

<sup>180</sup> F. en J. Meyer, *N. G. Kerk St. Helena 1952 - 2002: ...*, p. 12.

<sup>181</sup> *Kerkraadsnotule St. Helena*, 14. 5. 1959, SKK.

beroep. Hy is beroep nadat die gebruiklike prosedure van die aanwys van kandidate gevolg is. Ds. De Vos het die beroep aangeneem en hy het vir ds. Du Toit op 14 November 1959 opgevolg.<sup>182</sup>

Dit was onder sy dinamiese leiding dat 'n doelmatige kerkgebou opgerig is. Dit was op 1 Oktober 1960, dit wil sê, op ds. De Vos se verjaardag dat die sooispitseremonie plaasgevind het. Hy het ook die hoeksteen van die kerkgebou op 3 Desember 1960 gelê. By die betrokke geleentheid het ds. Du Toit, die voormalige leraar van die gemeente die rede gevoer. Die ander sprekers wat by dié geleentheid opgetree het, is M. W. de Wet LPR en Voorsitter van die Dorpsbetuur, J. L. Cronje namens die onderwys, K.A.B. Jackson, bestuurder van die St. Helenamyn, asook lid van die SA Stigting namens die Mynbedryf, ds. W. Botes namens die Ring van Odendaalsrus.<sup>183</sup>

By 'n kerkraadsvergadering wat op 25 Julie 1960 gehou is, het die kerkraad finaal op F. P. van Heerden as bouaannemer van Germiston besluit. Daar is ook aan die Boukommissie opdrag gegee om die kontrak met Van Heerden te sluit. Die bouaannemer het ook 'n uitnodiging ontvang om die kerkraadsvergadering op 18 Augustus 1960 by te woon.<sup>184</sup> Dit het klaarblyklik oor bou-aangeleenthede van die kerkgebou gehandel.

Op 9 Maart 1961 is by die kerkraadsvergadering besluit, dat dr. A. P. Treurnicht as primarius en ds. J. S. Gericke as secundus by die inwyding sou optree. Daarteenoor het die kerkraad besluit, dat ds. Gericke ook 'n erediens moes waarneem, indien beide predikante teenwoordig kon wees.

Daar is by 'n kerkraadsvergadering van 20 April 1961 oor die kerkinwydingstye en predikers soos volg besluit: "Saterdag, 20 Mei om 2:30 afskeidsdiens in kerksaal. Die oopluit van die deur van kerkgebou om 3:00 deur ds. De Vos se gade. Daarna sou die besoekers en lidmate die kerk kon binnegaan waar dr. Treurnicht sou optree. Saterdagmiddag, die gewone Pinksterdiens wat deur ds. Krynauw behartig sou word. Die Sondagmiddag, die afsluiting van die Pinksterbidure deur ds. De Vos."<sup>185</sup> Daar is ook by dié vergadering besluit om ds. W. C. Oosthuisen van Petrus Steyn vir die naweek van 27 Mei 1961 vir die Nagmaalviering oor te nooi.

In 1954 het die gemeente 1 990 siele en 980 lidmate<sup>186</sup> teenoor 1 600 siele en 960 lidmate in 1961 gehad:<sup>187</sup> 'n Geringe afname in die getal lidmate sedert die stigting van die gemeente in 1952.

<sup>182</sup> Ibid., 22. 9. 1959., F. en J. Meyer, *N. G. Kerk St. Helena 1952 - 1961: ...*, P. 23.

<sup>183</sup> F. en J. Meyer *N. G. Kerk St. Helena 1952 - 2002: ...*, p. 23; *Ongeklassifiseerde Argiefstuk*, Welkom-Biblioteek, 14. 2. 1968 - 29. 8. 1968.

<sup>184</sup> *Kerkraadsnotule St. Helena*, 25. 7. 1960 en 18. 8. 1960, SKK.

<sup>185</sup> Ibid, 20 April 1961.

<sup>186</sup> Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1954, p. 335.

<sup>187</sup> Ibid., 1961, p. 296.



Nadat die Kerkraad van Welkomgemeente die aangeleentheid van afstigting van St. Helena behandel het, het die saak van afstigting van Dagbreek by 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering op 5 Junie 1954 om 7:30 te berde gekom. 'n Kommissie is aangewys om die saak van afstigting te ondersoek.<sup>188</sup>

Die saak van afstigting wat by die Ring van Winburg op 1 Desember 1954 gedien het, het aan die Ringskommissie opdrag gegee om voort te gaan met die afstigting van Dagbreek tot 'n selfstandige gemeente. Die Ring het ook aanbeveel dat die gemeente tot die Goudveldse Sendingraad toetree, asook tot die Raad van Maatskaplike Sorg vir die Goudstreek.<sup>189</sup>

Die Kommissie het by 'n Gewone Kerkraadsvergadering op 14 Augustus 1954, die kerkraad meegedeel dat afstigting in die lig van doelmatige geestelike bearbeiding gewens is.<sup>190</sup>

Nadat die voorsitter die artikels rakende afstigting gelees en verduidelik het, het die Kerkraad van Welkom hul goedkeuring vir die bekendmaking van die memorielyste aan die wykslede in Dagbreek gegee.<sup>191</sup>

Die redes vir die voornemende stigting van 'n nuwe gemeente was aan meer effektiewe bearbeiding te wyte, asook die menigvuldige gemeentelike verpligtinge wat nagekom moes word. Hierdie nuwe gemeente het voortaan as die Dagbreek Gemeente bekend gestaan.<sup>192</sup> Benewens die geestelik aspek het daar ook uitbreidings in die Goudveld plaasgevind, want ongeveer ses myne het produksiestadium bereik. Na beraming was daar tussen 30 000 en 40 000 blankes in die Goudveld woonagtig. Hiervolgens is kerlike en gemeentelike uitbreiding voor-die-hand-liggend.<sup>193</sup>

#### 2. 5. 3. 1 Enkele herinneringe uit die eerste jare van gemeentelike lewe

Ds. Du Toit is met die 40 jarige feesvieringe van die gemeente gevra om 'n kort oorsig oor sy bediening gedurende 1953 tot 1959 te gee. Hy het onder meer verklaar dat dit 'n gemeente was waar baie hard gewerk moes word, veral om 'n samehorigheidsgevoel op te bou. Volgens hom kan dit die "*esprit de corps*" genoem word.<sup>194</sup> Hy het nietemin die klem laat val op getroue, hardwerkende en toegewyde lidmate. In sy eie woorde: "Maar miskien meer as op 'n ander plek, was die spreekwoord ook tiperend: Soveel hoofde, soveel sinne."<sup>195</sup>

Die huisbesoek was nooit maklik nie, want dit het soms gegaan oor die opspoor en bymeekaarmaak van N. G. Kerklikmate. 'n Algemene kenmerk van kerkvervreemdes

<sup>188</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 5. 6. 1954, VKA.

<sup>189</sup> RCH 1/1/3 Ringsnotule van Winburg, 1. 12. 1954, VKA.

<sup>190</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 14. 8. 1954, VKA.

<sup>191</sup> Ibid.

<sup>192</sup> Ibid., *Die Kerkbode*, 26. 1. 1955, Deel, p. 121 VKA.

<sup>193</sup> *Handelinge van die N. G. Kerk Sinode O.V.S.* 1956, p. 22 VKA.

<sup>194</sup> F. en J. Meyer, *St. Helena N. G. Kerk 1952 – 2002: ...*, P. 17.

<sup>195</sup> Ibid.

en selfs diegene wat los van die kerk gestaan het. Die gemeente het voortdurend 'n tekort aan kerkraadslede gehad. Hy maak ook melding van die sinode se hulp in die vorm van werkkragte wat verleen is. Die hulpkragte het uit twee proponente bestaan wat vir twee tydperke in die gemeente behulpsaam was, hoewel die tydperke nie genoem word nie. Roelf Cronje en Bernard Ter brug was die twee proponente wat die werkslas in die gemeente kom verlig het. In 1956 het die gemeente besluit om af te stig, sodat Bedelia 'n eie selfstandige gemeente geword het.<sup>196</sup>

Ds. Du Toit het ten slotte op die finansiële posisie van die gemeente gewys wat dikwels 'n opraende stryd moes voer. Die troos was dat hulle nie alleen in die stryd in die Goudveld gewikkeld was nie.

#### 2. 5. 3. 2 Enkele grepe uit die tyd van ds. H. M. De Vos

Hy het vir ds. Du Toit in November 1959 opgevolg. Hy was dinamies en baie gou is die finansiële posisie in die gemeente verbeter. 'n Nuwe sierlike en doelmatige kerk is in sy tyd in die gemeente opgerig. 'n Pyporrel wat in Holland gebou is, het sowat R8 750 00 (£4375) gekos. Dit is deur Gerrit de Waardt van die SA Orrelbouers geïnstalleer en op 18 November 1961 is dit feestelik in gebruik geneem.<sup>197</sup>

'n Ander merkwaardige gebeurtenis was toe dr. Danie Craven, Voorsitter van die SA Rugbyraad, die kansel bestyg het en die opmerking gemaak het, dat 'n sportman moet bid voordat hy op die sportveld gaan.

Ds. De Vos het vir die Maties vleuel gespeel en ook vir die Westelike Provinsie, terwyl hy ook vir die Vrystaat rugby gespeel het. In dié tyd het verskeie provinsiale spelers van die Vrystaat op die kerkraad gedien. Hulle was onder andere: Vossie du Plessis, Jannie Coetzer en Paal Pretorius. Daar was J.H. (Tielman) van Schalkwyk, voorsitter van die St. Helena Rugby Klub en A. van Breda, die ondervoorsitter, wat albei as ouderlinge op die kerkraad gedien het.

Ds. De Vos was in 1961 die eerste Voorsitter van die Ring van N. G. Kerk in Welkom. Die N. G. Gemeentes van Welkom was voorheen deel van die Ring van Odendaalsrus. Dit was onder sy leiding dat die Sentrale Sendingraad van Welkom gestig is. Die Gemeente St. Helena het ook 'n aansienlike finansiële bydrae tot die boukoste van die Thabong kerk, die Sendingkerkie by St. Helenamyn en die aankoop van 'n pastorie gemaak, wat aan die Sendingkommissie beskikbaar gestel is.<sup>198</sup>

Die nuutgestigte gemeentes het onmiddellik ingesien dat die baie swartmense net effektief bearbei kan word, as dit gesamentlik aangepak word. Soos alreeds vermeld het die Sentrale Sendingraad in ongeveer 1960 ontstaan. Derhalwe was die taak enorm en hulp is by die Sinode OVS aangevra. Hierop het die sinode besluit dat die gemeentes van die N.G. Kerk in die OVS die Goudveldse mynwerkers as 'n arbeidsveld van die

<sup>196</sup> Ibid.

<sup>197</sup> Ibid., pp. 23 – 24.

<sup>198</sup> Ibid., p. 25.

Vrystaatse Kerk, op 'n gesamentlike grondslag moes bearbei. Die sinode het wel die kostes van salarisse, pastorieë en diesmeer van sendelinge, leraars en evangeliste gedra, terwyl die plaaslike gemeentes die verantwoordelikheid vir die swartwoonbuurtes in die Goudveld deur die Sentrale Sendingraad moes aanvaar. Die Sinodale Sendingkommissie het vir die kampongs by die myne ingestaan.<sup>199</sup>

Die swart mynwerkers het glad nie met die plaaslike swart gemeenskap geïntegreer nie, sodat 'n gemeente Merafong in 1965 gestig is. Dit het hoofsaaklik slegs uit kampongs bestaan. Hierdie gemeente het nie geografiese grense gehad nie, omdat dit met die mynbounerwerheid se eie grense in die Goudveld saamgeval het.<sup>200</sup>

Hierdeur het die Ned. Geref. Kerk se gemeentes in die Goudveld, sowel as St. Helenagemeente deur middel van die Sentrale Sendingkommissie en die Sinodale Sendingkommissie, al die sendingwerksaamhede behartig.

Die werk in die kampongs het baie gespesialiseerd geword, sodat slegs evangeliste en geordende leraars die werk kon doen. Ds. H. C. S. van der Mewe het namens die SSR in Thabong gewerk, terwyl die swart leraars in die swart dorpe by Odendaalsrus en Virginia werksaam was.<sup>201</sup>

Die gemeente het in dié tyd ook van hulpleraars gebruik gemaak. Hulle was di. I. Heyns en L. Heyns.

In die laat sestigerjare het ds. De Vos 'n beroep na Vierfontein aanvaar, dit wil sê, September-November 1968. Hierna is ds. Gerrie Mostert na die gemeente beroep. Die gemeente het in afwagting op ds. Moster van 'n teologiese student, Markus Gertenbach, se dienste tussen 11 Desember 1968 en 14 Januarie 1969 gebruik gemaak.<sup>202</sup>

In die lig van die omvattendheid van die betrokke hoofstuk, word die opvolgende gedeelte in die daaropvolgende hoofstuk behandel.

#### 2. 5. 4 Afstigting van Dagbreek

Die gemeente is op 17 Desember 1954 gestig<sup>203</sup> en het in die Ringsressort van Winburg geval. Die grense van die gemeente is soos volg vasgestel: "Vanaf die kruising van Arraratweg en die Welkom-Odendaalsrus-spoorlyn met Arraratweg 'n noordoostelike rigting tot by die noordelike grens van Welkom-Odendaalsrus en vandaar in 'n westelike rigting tot by die Odendaalsrus-Welkom-spoorlyn, vandaar al met die spoorlyn in 'n suidoostelike rigting tot by die kruising van Arraratweg en die Odendaalsrus-Welkom-spoorlyn."<sup>204</sup>

---

<sup>199</sup> Ibid., p. 60.

<sup>200</sup> Ibid.

<sup>201</sup> Ibid., pp. 60 - 61.

<sup>202</sup> Ibid., pp. 24 - 26.

<sup>203</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk* 1957, p. 331.

<sup>204</sup> *Die Kerkbode*, 26. 1. 1955, p. 121 VKA.

Die eerste kerkraadslede: Ouderlinge: H. J. Pretorius, B. J. Stapelberg, D.R. de Wet, J.J. Kriel, G. J. Herholdt, S. F. Kloppers, P. J. Terblanch, J. H. van Dyk, L. C. Geldenhuys, P.L. Kleynhans. Diakens: L. Oberholser, C. Wessels, M.S. Feireira, J. Erwee, J. J. van Heerden, C. J. Bekker, F. B. v.d. Berg, L. Roodt, C. van der Post, C. J. Britz.<sup>205</sup>

By die eerste Spesiale Kerkraadsvergadering op 22 Januarie 1955 is prop. S. B. J. van Rensburg beroep.<sup>206</sup> ‘n Boukommissie is ook saamgestel wat uit die volgende kerkraadslede bestaan het, nl. D. R. de Wet, B.J. Stapelberg, G. C. Schoeman, J. J. van Heerden, L. Roodt. Ds. du Toit van St. Helena Gemeente het as waarnemende konsulent en voorsitter by die kerkraadsvergadering opgetree. Prop. Van Rensburg het die beroep aangeneem. Hy het in die Gemeente van Dagbreek vanaf Maart 1955 tot Augustus 1964 as predikant gedien.<sup>207</sup>

By die betrokke vergadering is besluit om by die Kerkkantoor vir ‘n bedrag van £750 vir kerk en pastorie-erwe aansoek te doen. Daarenteen is opdrag aan die Boukommissie gegee om al die nodige stappe vir die bou van ‘n pastorie te neem. Derhalwe moes die lede van die Boukommissie ook die koste vir die bouwerk vasstel.<sup>208</sup>

Die eredienste was in ‘n monteersaaltjie gehou en ‘n tydsduur van baie jare het verloop, voordat die gemeente in staat was om hul eie kerk te kon bou. Die beginjare in die tyd van ds. Van Rensburg was gekenmerk aan pioniersjare. Ds. Van Rensburg se bydra tot die *Silwer Jubileum* van die gemeente in 1979 het so gelui: “... die vaal ou opslaangeboutjie – ons eerste gemeentesentrum – was as ‘n plek bestempel waar dopelinge hulle dood in plaas van hulle doop gaan vind. ‘n Waardige evangeliedienaar het selfs getwyfel of die Woord met seën daarin bedien kon word. Hoe moedig het die kerkraad nie geworstel met probleme in verband met bouprojekte nie.”<sup>209</sup>

Na aanleiding van ‘n kerkraadsvergadering op 10 Mei 1955, het die kerkraad besluit om mede-verantwoordelikheid vir ‘n lening van £3 300 te aanvaar vir ‘n Sendingpastorie, wat in Welkom aangekoop sou word. Ouderling L. Geldenhuys en diaken H. van Heerden sou die dokumente namens die kerkraad onderteken. Die kerkraad het geen beswaar daarteen gehad, dat die voornemende eiendom in die naam van die kerkraad van Welkom tot voordeel van die Sendingraad van die Goudveld geregistreer is nie.<sup>210</sup>

Die salaris van die koster is by bovermelde vergadering op £2.10s. 6d. vasgestel, terwyl die eerste skriba/kassier H. J. van Heerden was. Hy het in die *Silwer Jubileum*: ...as ‘n vyf-en-twintigjarige gedenkuitgawe verklaar: “Ek het die eerste skriba/kassier geword

<sup>205</sup> Gedenkboek A350. Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 - 1979* p. 5 VKA.

<sup>206</sup> Ibid., p.6.

<sup>207</sup> Ibid., p. 3.

<sup>208</sup> *Kerkraadsnotule Dagbreek*, 22. 1. 1955, VKK.

<sup>209</sup> Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 - 1979*, p. 3

<sup>210</sup> *Kerkraadsnotule Dagbreek*, 10. 5. 1955, VKK.

sonder enige vergoeding omdat daar nie fondse was nie. Later het dit beter gegaan. Ons woonhuis was die kantoor sonder enige vasgestelde ure. Die pos het ek beklee vir byna twintig jaar. Die eerste kerk was 'n monteersaaltjie waarvan die tekens nog bestaan. Die konsistorie was in die buitelig ongeag weerstoestande. As die gemeente die Sondag die erediens goed bywoon, moes die kerkraad rondom die kateder stelling inneem en op die verhogie sit.”<sup>211</sup>

Volgens die kerkraadsnotule van 12 Julie 1955 was losiesgelde te hoog <sup>212</sup> en derhalwe het ds. Van Rensburg tydelik in 'n mynhuis gewoon.<sup>213</sup> Sy eerste prioriteit was om 'n kerkgebou te laat oprig, hoewel dit nie gedurende sy bediening in die gemeente plaasgevind het nie. Die kerkraad het wel by dieselfde kerkraadsvergadering na 'n lang beplanningsproses besluit om die gewysigde grondplan vir die bou van 'n pastorie goed te keur. Hulle was van oortuiging dat die huur vir die mynhuis te hoog geword het.<sup>214</sup> By 'n daaropvolgende kerkraadsvergadering van 8 Mei 1956 het die kerkraad ook aanbevelings om 'n kerkgebou op te rig aanvaar.<sup>215</sup>

Gedurende 'n kerkraadsvergadering van 4 September 1956 het die saak van ruimte vir eredienste, bidure en aanverwante aspekte na vore gekom. Die kwessie van veelvuldige besluite wat die kerkraad vir groter doelmatigheid geneem het, het in daardie stadium onwaarskynlik weens gebrekkige fondse geblyk. Dermate was daar ook verskille of 'n kerkgebou of saal opgerig moes wees. Die bespreking by die vergadering het daarop neergekom, dat eers £7000 vir 'n kerkgebou bymekaar gemaak moes word. 'n Verdere punt van belang was dat alle besluite wat die kerkraad rakende lenings vir kerkgebou of saal geneem het, voorlopig ter syde gestel word. In daardie stadium was die gedagtegang dat die gemeente nog nie vir so 'n koste-effektiewe projek gereed is nie. Derhalwe is alle voornemende bouplanne waaroor die kerkraad besluite in die verlede geneem het, voorlopig herroep.

Die kerkraad het ook sy besluit van 25 Mei 1956 rakende spesifieke bouplanne herroep, sodat die toekomstige kerkraad die nodige vryheid vir sodanige bouplanne kon hê.<sup>216</sup>

In 1956 was die kerkraadslede onder andere: Ouderlinge P. J. Terblanche, J. H. van Dyk, L. C. Geldenhuys, P. L. Kleynhans, B. J. Stapelberg, D. R. de Wet, H. J. Kriel, G. J. Herholdt; en die diakens was C. Wessels, M. S. Ferreira, J. Erwee, J. J. van Heerden, C. J. Bekker, D. H. Smith, L. Roodt, C. van der Post, C. J. Britz, L. Oberholzer.<sup>217</sup>

<sup>211</sup> Anon., *Silwer Jubileum: ...*, p. 7.

<sup>212</sup> *Kerkraadsnotule Dagbreek*, 12. 7. 1955, VKK.

<sup>213</sup> Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 - 1970*, p. 6.

<sup>214</sup> *Kerkraadsnotule Dagbreek*, 12. 7. 1955, VKK; Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 - 1979*, p. 6.

<sup>215</sup> *Kerkraadsnotule Dagbreek*, 8. 5. 1955, VKK.

<sup>216</sup> *Ibid.*, 4. 9. 1956.

<sup>217</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1956*, p. 325.

Afgesien van al die groeipyne waardeur ‘n nuutgestigte gemeente gewoonlik gaan, het die kerkraad op 9 Februarie 1957 die planne ook vir ‘n kerksaal finaal goedgekeur.<sup>218</sup> Ds. Van Rensburg het enkele maande daarna siek geword en hy was tydelik deur ‘n proponent afgelos.<sup>219</sup>

In 1957 was die kerkraad soos volg saamgestel: Ouderlinge D.P. Naude, J. H. van Dyk, G.J. Herholdt, S. L. Naude, L. B. Kloppers, P. L. H. Kleynhans, D. R. de Wet, B. J. Stapelberg, S. A. Visser, L. C. Geldenhuys, R. P. J. Knoetze, P. J. de Villiers, G. C. Olivier, F. A. J. Krüger, W. J. Van Aswegen, M. J. Beytelll, M. S. Ferreira; en die diakens was L. J. Oberholster, J. Erwee, D. A. Smith, T. E. Deacon, J. H. Nel, C. H. van der Post, P. A. Wessels, K. C. J. Britz, L. Roodt, F. J. Breytenbach, J. J. van Heerden, C. J. Bekker, M. J. Steyl, N. F. Marais, N. van W. de Jager. W.J. Snyman, J. J. Swart, J. H. Vorster.<sup>220</sup>

Volgens die *Verlag van die Staat van die Godsdien* het ‘n gemiddeld van 77% geen huisgodsdien gehou nie. Dis nog erger in woonstelle, terwyl die Sondagskool bywoning as bevredigend beskou is. “Van owerheidsweë word Godsdiensoonderrig bevorder en in die plaaslike skole gehandhaaf. Huisgodsdien vir bediendes is nie noemenswaardig nie.”<sup>221</sup>

In terme van die geestelike lewe in die gemeente was die leraar ook nie tevrede nie. Volgens hom was daar ook diegene wat getrag het om ‘n Godwelbehaaglike lewe te voer, hoewel hulle in die minderheid was. Lidmate het ook nie meer ‘n idee van die aflegging van geloofsbelofte gehad nie. ‘n Grondige en dieperliggende kategetiese onderrig het alternatiewelik as antwoord gegeld.<sup>222</sup>

Die gemeente het algaande die normale prosesse van ontwikkeling deurgemaak en by wyse van fondsinsameling en dankoffers al die nodige vir ‘n funksionele gemeente bekom. Ds. Van Rensburg wat al die groeipyne van die gemeente deurgemaak en beleef het, het sy demissie op 9 Augustus 1964 ontvang.<sup>223</sup>

Ds. S. van Wyk het vir ds. Van Rensburg opgevolg en eersgenoemde was vanaf November 1964 tot November 1970 in die gemeente werksaam. Dit is ook in sy tyd dat die kerkgebou opgerig en op 25 November 1967 ingewy is: ‘n groot en belangrike mylpaal wat in die geskiedenis van die gemeente bereik is.<sup>224</sup>

Ds. Van Wyk het onder andere met die *Silwer Jubileum* verklaar: “Sodanig was die groei en bloei van die gemeente dat die kerkraad toentertyd ‘n hulpwerkkrag kon vra, in die persoon van ds. S.O. Skeen, ‘n emeritus leraar. Die gemeente het steeds gegroei,

<sup>218</sup> Ibid., 19. 2. 1957.

<sup>219</sup> Ibid., 4. 5. 1957.

<sup>220</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1957, p. 331.

<sup>221</sup> Bylae 16. 1 Dagbreek. *Verlag: Staat van die Godsdien*, 12. 4. 1960.

<sup>222</sup> Ibid.

<sup>223</sup> Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 - 1979*, p. 6.

<sup>224</sup> Ibid.

sodat 'n beroep op 'n medeleraar, ds. F. J. Fourie, uitgebring is. Daarenteen het die gemeente ook 'n tweede pastorie aangekoop.”<sup>225</sup>

In 1956 het die gemeente se lidmate op 461<sup>226</sup> teenoor 1170 siele en 800 lidmate in 1961 te staan gekom.<sup>227</sup> Hiervolgens het die gemeente 'n beduidende groei sedert die afstigting van Welkom Gemeente in 1954 gehad.

Vanweë die historiese ontvouing van gemeentelike stigting in die Goudveld, sal daar nou aandag aan Odendaalsrus-Oosgemeente se afstigting gegee word.

---

<sup>225</sup> Ibid., p. 5.

<sup>226</sup> *Jaarboek*, 1956, p. 325.

<sup>227</sup> Ibid., 1961, p. 298.

## HOOFSTUK 3

## DIE LATERE BEDIENING VAN DIE N. G. KERK IN DIE GOUDVELD

## 3. Afstigting van die gemeente Odendaalsrus-Oos

Na aanleiding van die toenemende omvang en grootte van die Moedergemeente Odendaalsrus, het die werksaamhede te veel vir die twee predikante geword. In daardie tyd was di. W. R. de Kock en H. J. Vorster die predikante van die gemeente. Gevolglik is daar oorweging gegee aan die verdeling van Odendaalsrus in twee gemeentes, sodat Odendaalsrus-Oos gemeente na die gebruikelike prosedure amptelik op 26 Augustus 1955 gestig is.<sup>228</sup> Hierna het die nuwe gemeente met alle erns vorentoe gebeur om die kinderskoene van onervarenheid te ontgroei.<sup>229</sup>

Die eerste kerkraadsvergadering van die gemeente is op Saterdag, 17 September 1955 in die skoolsaal gehou. Die vergadering het onder die bekwame leiding van ds. D. J. MacDonald van Hennenman, die konsulent, plaasgevind. By die geleentheid het die vergadering eers met gebed geopen waarna hy 'n teks uit 1 Kor. 3:9 geles het: "Want ons is medewerkers van God; die saailand van God, gebou van God is julle."<sup>230</sup>

Nadat ds. MacDonald oor die Skrifgedeelte gepraat het, het hy sy spyt uitgespreek dat hy as konsulent nie die verkose kerkraadslede mag bevestig nie. Hoewel hy die nodige reëlins in terme van Artikel 104 (23) daarvoor getref het, het hy nietemin die bepalings van die betrokke artikel aan die kerkraad verduidelik. Die ouderlinge wat vir 'n tydperk van tweejaar verkies is, is soos volg: M. Welman, D. Grobbelaar, C. van Aswegen, W. Maree, J. J. Odendaal, J. D. Wessels, D. G. du Preez, R. R. Louw, J. Buitendag; asook die diakens vir dieselfde tydperk, nl. A. M. Taljaard, J. S. Delpport, D. van Huysteen, P. van Biljon, J. Esterhuizen, S. W. J. Saayman, C. Kleynhans, J. van der Wat. Met inbegrip van ouderlinge vir die eenjaar tydperk: J. C. Durandt, H. L. van Rooyen, J. J. Roos, C. J. van der Watt, M. M. van Rooyen, C. Swanepoel, C. V. Heckroodt, G. Botha. Hierteenoor is die daaropvolgende diakens vir dieselfde periode verkies: J. H. Barnard, G. S. Hauptfleisch, A. Weeber, G. Nieuwoudt, J. Verster, A. Pieterse, H. Esterhuizen, J. van der Spuy.<sup>231</sup>

By dieselfde vergadering van 17 September 1955 is komitees vir gemeentelike aktiwiteite eenparig verkies soos onder andere: die *Finansiële en Eiendomskommissie* wat die volgende komiteede omvat het: J. Odendaal, W. Maree, J. Wessels, D. van Huysteen, J. Verster; *Uitvoerende Kommissie*: M. van Rooyen, M. Welman, G. S. Hauptfleisch, D. Grobbelaar, S. van der Watt; *Sendingkommissie*: J. Buitendag, C. Swanepoel, C. Kleynhans, H. Esterhuizen, A. M. Taljaard, J. van der Spuy; *Kommissie vir Maatskaplike Sorg*: M. van Rooyen, S. van der Watt, A. Pieterse, G. Nieuwoudt, C.

<sup>228</sup> M. G. W. de Kock, *75 Jaar van Gods genade in die Goudveld: ...*, p. 28.

<sup>229</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus ...*, p. 37.

<sup>230</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus-Oos*, 17. 9. 1955.

<sup>231</sup> Ibid.



Heckroodt; die *Boukommissie*: J. S. Delpont, R. R. Louw, J. J. Odendaal, W. Maree, J. H. Barnard, M. van Rooyen, G. Nieuwoudt, J. Verster, A. Weeber.<sup>232</sup>

Intussen is die gewone gemeentelike werksaamhede soos huisbesoek en derglike meer van belang, sodat die kerkraad by die kerkraadsvergadering van 17 September 1955 intussen op die hulp van 'n emeritusleeraar besluit het. Dit was egter vir die waarnemende voorsitter onmoontlik om in die proses van sy werksaamhede ook huisbesoek in die gemeente te doen, sodat die hulp van 'n afgetrede leraar as noodsaaklik onder die bepaalde omstandighede beskou is.

Ds. MacDonald het die vergadering daarop gewys dat dit tot voordeel van die gemeente sou wees, indien 'n predikant so gou as moontlik beroep word. Na aanleiding hiervan het die kerkraad 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering vir die 15 Oktober 1955 vir die beroep van 'n predikant bepaal. By dieselfde geleentheid is daar eenstemmigheid oor die traktement vir die voornemende predikant van die gemeente verkry.<sup>233</sup>

### 3. 1. Die beroep van 'n leraar

By die Gekombineerde Kerkraadsvergadering van 15 Oktober 1955 is ds. C. H. L. Mouton van Uitenhage beroep, nadat die gebruikelike prosedure vir sodanige beroep uitgevoer is.<sup>234</sup>

Intussen het die normale werksaamhede in die gemeente voortgegaan, terwyl daar gereeld eredienste Sondae in die skoolsaal gehou is. Hoewel die konsulent en die kerkraad bekommerd oor baie lidmate se kerklike en geestelike lewe was. Hierdie toedrag van sake is aan die algemene tendens van die Goudveld te skryf waar die mense gedurig gekom en gegaan het.<sup>235</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering van 14 Januarie 1956 is die brief van ds. Mouton se beroepsaanvaarding aan die kerkraad voorgehou. In die lig hiervan is 'n reëlingskomitee vir die voornemende predikant se ontmoeting, ontvangs en bevestiging saamgestel, wat uit die volgende komiteelede van ouderlinge en diakens bestaan het: M. van Rooyen, J. Odendaal, J. Wessels, W. Maree; A. Weeber, J. Verster, H. Barnard, J. Delpont, S. van der Watt.<sup>236</sup>

Eweseer is by die genoemde kerkraadsvergadering besluit dat ds. E. Ellis van Uitenhage vir die bevestigingsrede van ds. Mouton se bevestiging as leraar in die gemeente verantwoordelik sou wees. Ds. Ellis het saam met ds. Mouton as medeleraar die gemeente van Uitenhage bedien, sodat dit te begrype is dat hy die bevestigingsrede sou hou.<sup>237</sup>

---

<sup>232</sup> Ibid.

<sup>233</sup> Ibid.

<sup>234</sup> Ibid., 15 Oktober 1955.

<sup>235</sup> *Die Kerkbode*, 21. 3. 1956, p. 514.

<sup>236</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus-Oos*, 14. 01. 1956.

<sup>237</sup> Ibid.

In die *Die Kerkbode* van 21 Maart 1956 word ds. Mouton se ontvangs in die gemeente van Odendaalsrus-Oos soos volg gestel: “Maar die here het vir ons ryklik voorsien en gedurende die naweek van 10 – 12 Februarie is ons eerste leraar ontvang. Die volgende naweek het ons ons eerste Nagmaal van die jaar gevier, en dit was ‘n groot en geseënde fees. Ons hoop om binne die volgende paar weke te begin met die bou van ‘n nuwe pastorie en binnekort ook ‘n nuwe kerkgebou.”<sup>238</sup>

Op 3 Maart 1956 is die kerkraad by ‘n kerkraadsvergadering meegedeel dat die tenders vir die bou van ‘n pastorie gesluit het en dat die Boukommissie aanbeveel dat die laagste tender van £6500 aanvaar word.

Daar is ook aan die vergadering meegedeel dat die betrokke bedrag nie die argiteksfooie en voorsieningsfooie vir elektrisiteit dek nie en gevolglik is die kommissie verplig om ‘n bedrag van £7500 vir die allesomvattende koste vir die bou van die pastorie ‘n aanbeveling te maak. Die kerkraad het die aanbeveling met eenstemmigheid aanvaar.

Hierna is die moontlike en spoedige oprigting van ‘n kerkgebou behandel, terwyl daar ook gedagtegeane was om die kerk en saal gelyktydig te bou. Na gelang van die bespreking is die voordeligste moontlikhede om ‘n lening te verkry in oënskou geneem, waaroor die kerkraad eenparig was.<sup>239</sup>

Op 24 Maart 1956 het die kerkraad ook aandag aan die gemeente se sendingaktiwiteite en veral die moontlike oprigting van ‘n nuwe tydelike kerkgebou in die nuwe lokasie gegee. Die kerkraad het op voorstel van diaken P. van Biljon besluit dat die plaaslike Sendingkommissie met die betrokke Behuisingskomitee van die Stadsraad oor die aangeleentheid moes onderhandel.

Die kerkraad het op 26 Mei 1956 besluit dat die aangeleentheid oor die oprigting van ‘n kerkgebou en dat die finansiële posisie van die gemeente so gou as moontlik uitgeklar word. Gevolglik het die kerkraad besluit om ‘n vergadering vir die doel op 14 Junie 1956 te belê en dat die Finansiële Kommissie ‘n verslag van die gemeente se inkomste en uitgawes sou opstel.<sup>240</sup>

By die betrokke vergadering van 14 Junie 1956 het die gedagtewisseling gegaan oor die generering van fondse vir die oprigting van die kerkgebou en nadat ‘n voorstel gemaak is om van die gemeente se eiendomme vir die bou van ‘n kerk te verkoop, is die aangeleentheid toe met die kerkraad se goedkeuring na die Finansiële Kommissie verwys.<sup>241</sup>

---

<sup>238</sup> *Die Kerkbode*, 21. 3. 1956, p. 514.

<sup>239</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus-Oos*, 3. 3. 1956.

<sup>240</sup> *Ibid.*, 26. 5. 1956.

<sup>241</sup> *Ibid.*, 14. 6. 1956.

Op 1 Augustus 1956 het 'n lid van die Boukommissie aan die kerkraad verduidelik dat die Strydom Broers bereid is om die kerkgebou binne die perk van £30 000 op te rig en dat die kerk volgens die koste-plus stelsel gebou word. In effek beteken die koste-plus stelsel dat die Boukontraakteur slegs 5% op die kosprys van die boumateriaal en lone mag kry, terwyl elektriese installasies, die kerkklok, die horlosie, die ventsters, die orrel en preekstoel daarvan uitgesluit is. Alhoewel kerkraad dit in beginsel goedgekeur het, is die opstel en voltooiing van die boukontrak onderhewig aan die finale goedkeuring en ondertekening van die kerkraad.<sup>242</sup>

Intussen is goeie vordering met die bou van die pastorie gemaak, behalwe vir geringe wysigings wat aangebring is. Daarby is die ontwerp-kontrak vir die oprigting van die kerkgebou aan die Voorsitter van die Kerkraad vir ondertekening voorgelê. Die voorstel vir die ondertekening van die boukontrak namens die kerkraad is deur ouderling J. Odendaal gemaak wat deur ouderling J. Wessels gesekondeer is.<sup>243</sup>

Op 17 November 1956 het ouderling J. Odendaal van die Finansiële Kommissie aan die kerkraad meegedeel dat die geldelike sake van die gemeente in 'n bevredigende toestand is en dat dit nie in daardie stadium nodig was om oortrokke fasiliteite vir die oprigting van die kerkgebou aan te vra nie. Hoewel die uitstaande bedrag van £2500 nog ingevorder moet word op grond van beloftes wat sommige gemeentelêde vir die oprigting van die kerkgebou gemaak het.<sup>244</sup> Hiervolgens is die finansiële posisie van die gemeente heelwat positief.

Na gelang van die ontwikkelingsgang in die gemeente is bepaalde mylpale bereik, deurdat die pastorie en kerkgebou ongeveer twee jaar na die amptelike afstigting van die gemeente opgerig is. Daarmee gepaardgaande is die orrel en meublement so-te-sê klaar betaal en dit moet as 'n prestasie beskou word. In die lig van die verwicklinge is die kerkgebou en die pastorie gedurende die naweek van 20 – 21 Julie 1957 ingebruik geneem.

In die lig van die gebeure het baie predikante die verrigtinge van die naweek bygewoon wat ondermeer ds. P. S. Z. Coetzee, die toenmalige moderator van die Vrystaatse Sinode ingesluit het. Ds. Coetzee was 'n oud-leraar van die Moedergemeente Ondendaalsrus wat die inwydingsdiens behartig het, terwyl ds. McDonald van Hennenman op sy beurt die Saterdagavond verantwoordelik vir die diens was. Ds. McDonald was in daardie stadium die Vorsitter van die Ring van Ondendaalsrus. By die Saterdagavondse diens het prof. Cilliers van Stellenbosch 'n orreluitvoering vir die aanwesiges gelewer. Ds. W. R. de Kock, Organiserende Sekretaris van die Vrystaatse Kerk en oud-leraar van die Moedergemeente Ondendaalsrus, het weer die middagdiens op die bepaalde Sondag van die naweek gelei.

Ds. Mouton het ook by geleentheid gedurende die naweek se verrigtinge melding gemaak van die besondere samewerking wat die oprigting van die kerkgebou moontlik

---

<sup>242</sup> Ibid., 1. 8. 1956.

<sup>243</sup> Ibid., 24. 8. 1956.

<sup>244</sup> Ibid., 17. 11. 1956.

gemaak het. In die lig hiervan is aansienlike bedrae deur verskeie kerklike organisasies gegee. “Die susters van die gemeente het byvoorbeeld die orrel geskenk – dit is geïnstalleer teen ‘n koste van £3500. Die Sondagskool het ingestaan vir die koste van die klok en horlosie. So was daar talle ander skenkings – te veel om op te noem. Besondere dank is betuig aan oudl. J. J. Odendaal wat gedurende al die maande wat die kerk in aanbou was, so te sê voltyds al syaandag aan hierdie belang werk gewy het.”<sup>245</sup>

Ds. Mouton het ook aangevoer dat ouderling Odendaal alle boumateriaal deur homself aangekoop het en dat al die bouwerk onder sy persoonlik aandag plaasgevind het. Desgelyks is die nodige dank aan ouderling Odendaal vir sy toewyding en dienste op ‘n gulhartige wyse betuig.<sup>246</sup>

Die grensbepalings het by die kerkraadsvergadering van 17 Augustus 1957 te berde gekom waarvoor kerkraadslede soos J van der Watt, P. E. K. van Niekerk, J. T. Ferreira, H. F. Prinsloo, die grensafbakening met die ander gemeentes moes uitklaar. By die betrokke kerkraadsvergadering het ouderling W. Maree ‘n amptelik dokument aan die vergadering voorgelê waarvolgens die grensafbakening met die ander gemeentes amptelik vasgestel is.

Die amptelike vasstelling van die grens tussen Odendaalsrus-Oosgemeente en Odendaalsrus is soos volg: “Waar die ou Bothaville-pad die spoor tussen Odendaalsrus en Allanridge sny, ooswaarts met die spoor tot b die punt waar die verlenging van Odendaalsrus die spoor by die stasie van Odendaalsrus sny; daarvandaan in ‘n suidelike rigting met die middellyn van Odendaalsrus deur Blok C tot dit die Theunissen-Odendaalsrus-teerpad bereik; daarvandaan met die teerpad suidoos tot waar hierdie teerpad die lyn tussen Erfdeel en die skag van Geduld no. 2 sny.”<sup>247</sup>

Na aanleiding van die praktiese en funksionele sy van die gemeente het die noodsaaklikheid van ‘n kerksaal by die kerkraadsvergadering op 22 Januarie 1958 te berde gekom, waarvan die redes daarvoor genoem is: die aanwending van Sondagskooldoeleindes; K. J. V. en alle Jeugorganisasies se aktiwiteite; kinderdienste gedurende die viering van Nagmaal; onderdakgeriewe vir kinders en volwassenes gedurende Nagmaal tussen die onderskeie dienste. Hiervolgens sou die voorsiening van ‘n kerksaal in ‘n dringende praktiese behoefte van die gemeente voorsien.<sup>248</sup>

In die lig van ‘n ondersoek na die moontlike oprigting van ‘n kerksaal het ‘n kommissie van vyf kerkraadslede, wat daarmee gemoeid was op 21 Junie 1958 bepaalde aanbevelings aan die kerkraad oor die grootte, posisie, die kosteberaming sowel as die moontlike lening daarvoor voorgelê. Die kerkraad het besluit dat die boukoste van die kerksaal nie die bedrag van £15000 mag oorskry nie en dat terugbetaling van die lening nie langer as vyfjaar mag duur nie.<sup>249</sup>

<sup>245</sup> *Die Kerkbode*, 18. 9. 1957, pp. 516 - 517.

<sup>246</sup> *Ibid.*, p. 517.

<sup>247</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus-Oos*, 17. 8. 1957.

<sup>248</sup> *Ibid.*, 22. 01. 1958.

<sup>249</sup> *Ibid.*, 21. 6. 1958.

Die gemeente het in die stadium 'n groter wordende proses van uitbreiding ervaar, sodat die kerkraad vir effektiewe en doelmatige bearbeiding van die gemeente op 23 November 1958 'n aantal kommissie vir die doel saamgestel het. Die kommissies was onder andere: die Finansiële Kommissie, die Sendingkommissie, die Kommissie vir Maatskaplike Sorg, die Sondagskoolkommissie, die Boukommissie, die Wykskommissie, die Jeugkommissie, die Afskrifkommissie, die Evangelisasiekommissie, die Gesinskommissie, die Eiendomskommissie.<sup>250</sup> Die onderskeie kommissies het volgens die eie-aard van samestelling 'n bepaalde doel en funksie in die gemeentelike opset gehad. Die doel van die kommissies was dat al die raakpunte en behoeftes in die gemeente aangespreek en verbeter word. Hierdeur is daar op 'n praktiese en organisatoriese wyse te werk gegaan, sodat die gemeente se bestaansreg geestelik sowel as sosiaal-maatskaplik geregverdig is.

Op 20 Junie 1959 is aan die kerkraad gerapporteer dat die kerksaal na verwagting vroeg in Augustus 1959 voltooi sou wees, sodat die inwyding van die saal vir 22 Augustus 1959 bepaal is, dit wil sê, die naweek van die viering van die Nagmaal. Eweseer het die kerkraad besluit dat die kerksaal as die Moutsaal bekend sou wees. In effek beteken dit dat die kerksaal na ds. Mouton as die eerste predikant van die gemeente vernoem is. By die geleentheid is ook 'n besluit geneem dat die Boukommissie vir die opstel van die inwydingsprogram van die kerksaal verantwoordelik sou wees.<sup>251</sup>

In 1959 het die gemeente op 2360 siele en 1237 lidmate te staan gekom. Daarbenewens het die kerkraad bestaan uit ouderlinge: H. N. Lombard, S. W. Grobler, G. J. S. Booyen, J. d. Hofmann, J. J. Odendaal, J. G. Calitz, W. Maree, J. J. Potgieter, S. W. J. Zaayman, C. J. Womarans, C. C. Maartens, J. P. van Niekerk, H. C. van der Vyver, P. W. A. Nel, J. P. Fourie, A. de Graad, C. M. van der Merwe, J. T. Ferreira, C. J. van Straaten, S. J. S. Botha, A. J. J. Brancken, D. P. Krugel, J. de B. Dassonville, M. W. Welman, M. J. Meyer, D. A. Grobbelaar, H. H. van Niekerk, D. J. Wolfaardt, C. H. J. van Aswegen, G. S. Hauptfleisch, D. G. du Preez, K. J. A. Koen; diakens J. Rossouw, C. P. Snyman, J. Esterhuizen, H. L. Steyl, J. A. Bester, J. G. Stiglingh, H. T. Strydom, C. J. Smith, J. Jordaan, P. E. K. van Niekerk, J. S. S. Vermaak, F. de la Rey Cloete, H. J. Gildenhuys, M. J. Blom, S. H. Schutte, P. W. A. Rheeder, J. S. van der Watt, P. G. du Plessis, J. F. Hatting, W. H. Coetzee, D. du Plooy, P. J. Delpont, A. Chamberlain, A. M. Taljaardt, A. Ras, J. S. Delpont, J. L. Fourie, J. H. Britz, W. J. de Beer, P. du T. de Villiers, D. H. van Heerden, C. R. Kleynhans.<sup>252</sup>

Die program van die inwyding van die kerksaal is op 15. 8. 1959 aan die kerkraad voorgelê en finaal goedgekeur: "Die samesang is Ps. 100: 1 en 2; die gebed deur ds. Mouton; die verwelkoming deur ds. Mouton; die bekendmaking van die kerksaal se naam deur ouderling W. Maree; die kinderkoor; die oopsluit van die deur deur Mev. Mouton; onthulling van die koperplaat deur mev. Mouton; oorhandiging van skildery deur ouderling C. M. van der Merwe 'n verduideliking daarvan; wydingswoord deur ds.

<sup>250</sup> Ibid., 23. 11. 1958.

<sup>251</sup> Ibid., 20. 6. 1959.

<sup>252</sup> *Jaarboek*, 1959, pp. 315 – 316.

Mouton; gelukwensing; inwydingskollekte; die bediening van verversings tydens die Sondagskool se silwerlegging op die verhoog; die voorsiening van verversings aan die kinders.”<sup>253</sup>

Die kerkraad het op 28 Januarie 1961 kennis geneem van die plaaslike Sendingkerk se skrywe, waarin hulle om finansiële hulp vra om ‘n kerkgebou teen die koste van £1000 op ‘n perseel van die mynboumaatskappy, Freddie-Noord, op te rig. Die kerkraad het dit eenparig goedgekeur as ‘n belangrike sprong in die rigting van die gemeente se plaaslike sendingwerk.<sup>254</sup>

By bovermelde vergadering het die moontlikheid van ‘n medeleraar ter sprake gekom wat vir behandeling op ‘n spesiale vergadering van 1 Februarie 1961 bepaal is.<sup>255</sup> Die moontlikheid van ‘n medeleraar is in die lig van die lidmatetal te begrype, omdat die gemeente in 1961 ‘n sieletal van 2600 en ‘n lidmatetal van 1398 gehad.<sup>256</sup> Die omvangrykheid van die gemeentelike werklading en die groeiende gemeenskap het dit vir die predikant van die gemeente ontmoonlik gemaak om al die werk alleen te behartig.

Volgens die predikant het die geestelike lewe van baie lidmate teen 1961 ‘n hoër peil bereik, hoewel hy ook vermeld: “Tot ons spyt moet ons konstateer dat die drinker, dobbelaar, wêrelddienaar en ander nog maar op die pad van die vlees en die sonde voortsnel sonder Christus.”<sup>257</sup>

Nietemin is die totstandkoming van die gemeente ‘n geestelike ligbaken vir die gereelde verkondiging van die heilsboodskap, sodat daar vir die onhoopvolle selfs hoop teen hoop is. Derhalwe mag ons glo dat die totstandkoming van elke gemeente altyd in die teken van God se genadewerk staan.

Daar sal nou aandag aan die afstigting van Bedelia gegee word, aangesien ondergenoemde gemeente in 1956 gestig is.

### 3. 2 Afstigting van die gemeente Bedelia

‘n Kerkraadsvergadering wat op 8 Junie 1956 in die kerksaal gehou is, het die afstigting van Bedelia wat in daardie stadium nog deel van St. Helena was, ter sprake gebring. Daar is besluit om die memorandum wat oor die afstigting van die nuwe gemeente gehandel het, aan die Ring voor te lê. Derhalwe is aan die kommissie vir afstigting volmag gegee om die saak van afstigting te hanteer. By die betrokke vergadering is ook besluit dat die nuwe gemeente se naam Bedelia sou wees. Die kerkraad het dit ook gerade geag om namens die voornemende gemeente by die Vrystaatse Kerkkantoor vir

---

<sup>253</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus-Oos*, 15. 8. 1959.

<sup>254</sup> *Ibid.*, 28. 01. 1961.

<sup>255</sup> *Ibid.*

<sup>256</sup> *Jaarboek*, 1961, p. 298.

<sup>257</sup> *Bylae 16:1. Odendaalsrus-Oos. Verslag: Staat van die Godsiens*, 12. 4. 1961.

£6000 rentevry aansoek te doen, benewens die magtiging om kerkerwe aan te koop, sowel as ‘n bedrag vir die predikant se traktament vir ten minste een jaar.<sup>258</sup>

Nadat die Ringskommissie die saak van afstigting van Bedelia aan die Ring voorgelê het, het die Ring goedkeuring vir afstigting gegee. Gevolglik het dit aanleiding tot die stigting van die gemeente in 1956 gegee.<sup>259</sup>

Die presiese stigtingsdatum van Bedelia Gemeente is 9 Augustus 1956 en die gemeentelike grense is vasgestel, nl.: a) “Tussen *Bedelia en St. Helena*: Van die kruising van Longstraat en Tempestweg, met Longstraat in die westelike rigting tot waar dit die gemeentelike grens van Odendaalsrus sny, nl. die plaas Jacobsrus, wat aan Bedelia behoort. b) Tussen *Bedelia en Odendaalsrus*: “Van die plaas Jacobsrus, Meriba, Erfdeel, wat almal aan Bedelia behoort, tot aan die Odendaalsrus – Bloemfontein-teerpad. c) Tussen *Bedelia en Odendaalsrus-Oos*: Van die punt by genoemde teerpad in ‘n oostelike rigting met ‘n reguit lyn tot by Mynskag – Geduld Nr. 2 en vandaar met ‘n regluitlyn tot by Fredesheimhalt-spoorwegstasie. d) Tussen *Bedelia en Welkom*: Van die kruising van Longstraat en Tempestweg met Tempestweg in die noordelike rigting tot by die Odendaalsrus – Welkom-spoorlyn. e) Tussen *Bedelia en Dagbreek*: Van die kruising van Tempestweg en die Odendaalsrus – Welkom-spoorlyn met die spoorlyn tot by Friedesheimhalt-spoorwegstasie.”<sup>260</sup>

Daarenteë was die eerste kerkraadsvergadering op 27 Augustus 1956 in die kerksaal van St. Helena Gemeente gehou. Die voorsitter by die geleentheid was ds. A. du Toit, leraar van bogenoemde gemeente. By die betrokke kerkraadsvergadering is die volgende lede gekies, nl. Ouderlinge vir een jaar: L.J. Pretorius, V. M. Groenewald, F. R. Pretorius, H. J. N. du Toit, A. S. Fourie, J. Saayman, J. J. C. Venter, W. C. Kasselmann. Diakens vir een jaar: M. H. Kirchner, D. Morrison, A. F. Greyling, S. Kemp, P. J. Posthumus, N. M. J. Basson, W. Roelofse. Ouderlinge vir twee jaar: S. Pritchard, D. H. Viljoen, B. J. Kruger, N. Klopper, J. C. Harms, H. J. Liebenberg. Diakens vir twee jaar: G. Snyman, B. Barnard, A. H. J. Scholtz, W. Hoogenhout, J. H. Olivier, T. Gildenhuis, S. J. D. Nel, J. J. P. Crous.<sup>261</sup>

Die betrokke kerkraad het by dieselfde vergadering ‘n kommissie benoem en hulle was: A. S. Fourie, H. J. V. du Toit as ouderlinge; en D. Morrison, M. H. Kirchner as diakens. Hulle taak was om aandag aan erwe vir die bou van ‘n kerk- en pastorie te gee. Benewens erwe moes hulle ‘n emeritus-leraar op ‘n tydelike basis vir die behartiging van die eredienste probeer kry. Daar moes ook skriftelik aansoek by die Sinodale Kommissie van Maatskaplike Sorg vir lenings gedoen word. Die kerkraad het ook besluit dat ‘n rekening met die geld wat St. Helena aan Bedeliagemeente verskuldig is, in ‘n bankrekening by Barclays Bank inbetaal moes word. ‘n Besluit is ook by die

<sup>258</sup> Ibid., 8. 6. 1956, SKK.

<sup>259</sup> *Kerkbode*, 5. 9. 1956, Deel 2, p. 472 VKA.

<sup>260</sup> *Die Kerkbode*, 5. 9. 1956, Deel 2, p. 471 VKA ; RBV 1/1/1

*Buitengewone Ringskommissie: Ringsnotule Odendaalsrus*, 9. 8. 1956.

<sup>261</sup> *Kerkraadsnotule Bedelia*, 27. 8. 1956, VKK; RBV 1/1/1 *Ringsnotule Odendaalsrus*, 9. 8. 1956, VKK.

vergadering geneem om te wag met lidmaatskap aan die Sendingraad en Maatskaplike Sorg, totdat 'n leraar die beroep aangeneem het. Desgelyks is geen basaar in die stigtingsjaar van die gemeente gehou nie; hoewel dit 'n geskiedkundige jaar was, het die kerkraad op 'n spesiale dankoffer vir Oktobermaand besluit.<sup>262</sup>

Na aanleiding van die inwydingsprogram: *Plegtige Inwyding – Kerk en Saal van die Ned. Geref. Gemeente Bedelia*, lees ons: “Dit, en die feit dat, die plaaslike Dorpsbestuur gewillig was om 'n stukkie grond wat vir ander doeleindes bestem was, aan ons af te staan, was 'n aansporing om dadelik skouer aan die wiel te sit.”<sup>263</sup> Hiervolgens het die oogmerk om 'n kerkgebou en saal op te rig, nie meer na 'n onwaarskynlikheid gelyk nie.

Nadat die gebruiklike prosedure by 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering op 24 September 1956 gevolg is, het die keuse op ds. P. A. de Wet van Willowmore geval. Ds. De Wet het die beroep na Bedelia Gemeente aanvaar<sup>264</sup> en was dus die eerste leraar van die gemeente.

In die *Kwarteeufees-uitgawe* van die gemeente verklaar ds. De Wet, dat die beginjare in die gemeente baie moeilik was. Soos onder andere moes eredienste in die Gimnasium Hoërskool se saal gehou word. Daarteenoor moes hulle vir ander samekomste gedurende die week, na gelang van omstandighede hul skik. Hulle was verplig om by een of ander skool, die Jeugsentrum of by die pastorie of privaat-woning geholpe te raak. Desondanks die moeilike omstandighede, het 'n mooi Christelike gesindheid onder die mense bestaan. 'n Hartlike gees van samewerking was 'n algemene kenmerk wat by die gemeentede bespeur is. Die bidure en ander byeenkomste het dikwels in wonings van gemeentede plaasgevind. Die gasvryheid en aangename gees het tot die rykste seën daarvan bygedra.<sup>265</sup>

Intussen is met alle erns aan die werk gesprong om fondse vir 'n eie aanbiddingsplek in te samel. Ds. De Wet het 'n beroep op die gemeente gemaak om ten minste een dag se salariegeld per maand af te staan. Eweseer het daar goeie samewerking van die gemeentede se kant gekom. Daarenteë het die diakens ook met groot sorg en erns die maandelikse bydraes ingevorder.

Hierdie goeie gees van samewerking het die maandelikse bydraes van £130 tot £500 laat verhoog.<sup>266</sup>

<sup>262</sup> *Kerkraadsnotule Bedelia*, 27. 8. 1956, VKK.

<sup>263</sup> E. T. Fourie, “Grepe uit die Geskiedenis van ons Gemeentes.

” In *Plegtige Inwyding: Kerk en Saal van die Ned. Geref. Gemeente Bedelia* 6. 6. 1959.

<sup>264</sup> *Kerkraadsnotule Bedelia*, 24. 9. 1956.

<sup>265</sup> W. Botes, e. a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bedelia Welkom OVS 1956-1981: Kwarteeufees*, p. 7.

<sup>266</sup> E. T. Fourie, “Grepe uit die Geskiedenis van ons Gemeente.” In *Plegtige Inwyding:*



Alreeds in 1957 by 'n kerkraadsvergadering is die moontlike afstigting van Rheederspark in oënskou geneem.<sup>267</sup> Dit moet toegeskryf word aan die uitbreiding van die gebied en omstreke, wat daar plaasgevind het. In daardie tyd voor afstigting was Rheederspark 'n wyk van Bedeliagemeente. Derhalwe het die kerkraad begin om te besin oor 'n bruidskat wat by afstigting die nuwe gemeente sou toeval.<sup>268</sup>

In 1957 is besluit om 'n kerkgebou en saal as 'n eenheid op te rig en 'n kommissie was vir die aangeleentheid benoem.<sup>269</sup> Ds. De Wet verklaar weer eens in die *Kwarteeufees-uitgawe*, dat "... die kerkraad besluit om te bou, en aangesien daar in die gemeente bekwame bouaannemers was wat bereid was om met raad en daad by te staan, het ons nie tenders gevra nie, maar van hulle gewilligheid, kennis en dienste gebruik gemaak, om naamlik die beste ambagsmanne en ander werkers te huur en ook toesig te hou oor die bouery."<sup>270</sup>

Op 14 Junie 1958 het die sooispit plaasgevind, terwyl die hoeksteen op 1 November 1958 gelê is.<sup>271</sup> Insgelyks het die bouery vlot verloop sodat die kerkgebou-kompleks (kerk en saal as 'n eenheid) op 6 Junie 1959 op ds. De Wet se verjaardag ingewy is.

Volgens die Staat van Godsdienverslag van 1958 was daar wel van die lidmate wat gereeld huisgodsdien beoefen het, hoewel dit in die minderheid was. Daarenteen was die Sondagskool se bywoning ook bevredigend. Die openbare godsdiensoefening was swak. Die swak bywoning van die eredienste is aan praktiese omstandighede toegeskryf. Die eredienste is in 'n skoolsaal gehou wat nie naby die woonbuurtes geleë is nie. Daarbenewens het 'n groot persentasie van die lidmate Sondae gewerk. Gevolglik was die swak bywoning van die eredienste in 'n groot mate daaraan toe te skryf. Daarteenoor was die bidure gewoonlik goed bygewoon.<sup>272</sup>

Alhoewel die beginjare moeilik was, het baie van die gemeentes se lidmate, veral van die Oos-Rand gekom, waar hulle in gemeentelike verband op kerkrade gedien het.<sup>273</sup> Hierdie ondervinding moes van onskatbare waarde vir enige nuutgesigte gemeente in die Goudveld gewees het.

Di De Wet was in die gemeente vanaf 1956<sup>274</sup> tot 1960 as eerste leraar, want B. R. Buys het vanaf Augustus 1960 tot 1968 in die gemeente as tweede leraar opgetree.<sup>275</sup> Laasgenoemde het van sy ervarings in die gemeente geskryf:

<sup>267</sup> *Kerkraadsnotule*, 21. 5. 1957, VKK

<sup>268</sup> Ibid

<sup>269</sup> E. T. Fourie, "Grepe uit die Geskiedenis van ons Gemeente." In *Plegtige Inwydig: ....*

<sup>270</sup> W. Botes, e. a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente: ....*, p. 8

<sup>271</sup> E. T. Fourie, "Grepe uit die Geskiedenis van ons Gemeente." In *Plegtige Inwyding: ....*

<sup>272</sup> Bylae 16.1 Bedelia. *Verlag: Staat van die Godsdien*, 23. 4. 1958.

<sup>273</sup> W. Botes, e. a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bedelia: ....*, p. 9.

<sup>274</sup> *Kerkraadsnotule Bedelia*, 24. 9. 1956.

<sup>275</sup> W. Botes, e. a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente: ....*, p. 13.

“Die gemeente het destyds voor die afstigting van die gebiede Rheederspark en Jim Fouchépark bekend, as Welkom-Wes, uit 1 200 – 1 300 lidmate bestaan. Talle kerkraadslede het ook gedeel in hierdie wonderlike vernuwing. Dit het meegebring dat ons op versoek van die Sinodale Evangelisasiekommissie ‘n mede-leraar beroep het as evangelisasie-predikant vir die Goudvelde, in die persoon van ds. Dana Minaar, wat met groot vrug by ons en ander gemeentes evangelisasiewerk gedoen het totdat ons dogtergemeente, Welkom-Wes hom in 1963 beroep het.”<sup>276</sup>

Die dominee het ook van hartseer ervaringe in die gemeente melding gemaak. Dit is seker meer van pas om die hartroerende in sy eie woorde deur te gee. “Saam met baie lidmate wat dierbares aan die dood moes afgee, het ons as pastoriepaar, op my verjaardag, 22 Augustus 1961, ‘n lieflingdogtertjie, Susan, een-en-‘n halfjaar oud, aan die Here afgegee. Haar graffie is in die kinderakker van die Welkomse begraafplaas, met ‘n wit marmersteen daarop, waar die arm van die Goeie Herder ‘n lammertjie in Sy arm dra (Jes. 40:11b). Dit trek ons hart altyd weer na Bedelia, maar ook hemelwaarts.”<sup>277</sup>

Hy onthou goed die smart en hartseer van menige huis as ‘n mynongeluk plaasgevind het en ‘n man of seun is skielik na die ewigheid weggeruk. Daar was ook diegene wat na ‘n lang siekbed tuis of in die hospitaal oorlede is.

Volgens die leraar moes hy een oggend om vieruur, toe hy deur ‘n mynbeampte opgeklop is om saam met hom na ‘n huis in Bedelia-Wes te gaan. Daar moes hy aan ‘n jong vrou tjie wat hy ‘n jaar tevore in die huwelik bevestig het, die tyding mededeel dat haar man in ‘n mynongeluk gesterf het. In die dominee se eie woorde: “Toe ons klop en op haar vraag antwoord dat dit dominee is, roep sy uit: ‘Ag, ek weet dis my man wat verongeluk het!’<sup>278</sup>

In die ontwikkelingsfase van die Goudveld was dit ‘n moeilike arbeidsveld vir ‘n predikant, wat roepingsgetrou aan sy amp gebly het. Alles was in ‘n stadium van ontwikkeling en dit het tyd geneem voordat dinge ‘n vaste patroon aangeneem het. Die nuutgestigte gemeentes moes daagliks met snel veranderde omstandighede tred hou. Nuwe dorpe en uitbreidings het ontstaan, sodat die kerk voortdurend met die voorsiening van fasiliteite rekening moes hou. Die voortdurende nuwe intrekkers het al hoe meer besoekpunte in gemeentelike verband tot gevolg gehad, sodat gereelde huisbesoek ‘n alledaagse verskynsel was.

Die gemeente het in 1957 1 664 siele en 815 lidmate gehad. Dit was nog voordat ds. De Wet leraar van die gemeente geword het.<sup>279</sup> Hierteenoor was die statistiese gewens in

---

<sup>276</sup> Ibid., p. 14

<sup>277</sup> W. Botes, e.a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente: ...*, p. 15.

<sup>278</sup> Ibid.

<sup>279</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1957, p. 815.

1961 die volgende: Die aantal siele het op 2 336 en lidmate op 1, 248 te staan gekom.<sup>280</sup>

Die Ned. Geref. Kerkraad van Bedelia was in 1961 soos volg saamgestel: Ouderlinge S. J. R. Dennis, S. J. Reyneke, W.C. Kasselmann, G. F. F. Coetzer, E. R. Pienaar, F. R. Pretorius, N. J. A. Lubbe, C. G. B. Fouché, H. T. Burger, L. B. Klopper, A. J. Grundling, J. L. F. Kock, N. M. J. Basson, G. J. Beukes, J. J. Wagner, P. J. Terblanche, C. P. Coertzen, D. F. Greyling, T. C. Prinsloo, G. Buter, J. J. B. Els, H. M. Stander, J. H. Oliver, Skriba M. H. Kirchner, Diakens: J. H. Schuttte, G. L. Meyer, J. F. M. Oosthuizen, J. A. de Villiers, S. Wicks, Germishuys, H. W. van der Berg, C. D. Cruywagen, S. J. Burger, I. A. Jacobs, H. J. Smal, J. C. van Heerden, L. J. H. Maree, J. N. Benson, C. J. S. Burger, H. S. Smit, S. E. T. van Heerden, A. J. M. Fourie, N. M. J. Harmse, H. F. Stander, P. A. le Roux.<sup>281</sup>

In die ontwikkelingsgang van die gemeente het bepaalde groepe en komitees mettertyd bygekom. Die Evangelisasiediensgroep, Die Kinderkrans, Vroue-Aksie Gemeente-Komitee, Barmhartigheidsdiensgroep, Sendinggroep, Jeugdiensgroep.<sup>282</sup> Dit was alles daarop gemik om aan die doel van velerlei aspekte van gemeentelike bearbeiding te voldoen. Hierdie komitees of hulpgroepkomponente is dikwels na gelang van behoeftebepalings in die gemeente geïdentifiseer, sodat dit geleidelik in gemeentelike aktiwiteite vergestalt is.

Waar daar ook in dié deel van die gemeentelike grense voorheen net mielielande was, het die ontdekking van goud Welkom op die landkaart geplaas. Derhalwe het mense van oral in die land na die Goudveld gestroom. Namate dit gebeur het moes daar noodwendig ook vir die geestelike bearbeiding van die lidmate van die kerk gesorg word. Die omvang van gemeentelike bearbeiding het tot verskillende stigtings van nuwe gemeentes gelei. Hierdie onderskeie gemeentes kan as baanbrekerswerk in die Goudveld beskou word. Daarenteen moes hulle self sukkel om die mas op te kom, omdat die gemeentes basies met niks begin het nie. Uiteraard het dit harde werk geveer, omdat velerlei aspekte soos die vasstelling van lidmate binne die gemeentelike grense, veel inspanning moes geveer het. Daarenteë was 'n patroon en werkwyse van kardinale belang om gemeentelike en kerklike organisatoriese effektiwiteit te bereik. Hierin het die gemeente in 'n kort tydjie geslaag waarvan die kwarteeufeesviering van die gemeente in 1981 'n konkrete bewys is.

### 3. 3 Afstigting van Allanridge

In November 1950 het 'n plaaslike koerant *Die Welkom News* oor die bedrywighede van Allanridge berig. Die koerant het onder meer melding gemaak dat die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee, 'n dorpsraad vir Allanridge goedgekeur het. Die lede wat op die raad gedien het, was onder andere: P.R. Turner, L.W. Adshead, A. Knight, I. A. Gauld en J. Land. In die stadium was grootskaalse bouwerk in die dorp

<sup>280</sup> Ibid., 1961, p. 299.

<sup>281</sup> W. Botes, e. a., *Nederduitse Gereformeerde Gemeente: ...*, p. 12.

<sup>282</sup> Ibid., pp. 16 - 17, p. 21, p. 23, p. 25, p. 27.

aan die gang, sodat dit nog 'n inhiberende faktor was vir gesinne om in die dorp te kom woon. In daardie stadium was daar ongeveer twaalf gesinne wat in die omgewing in plaashuise of tydelike geboue gewoon het. Daarbenewens moes die kinders daaglik na die skool in Odendaalsrus vervoer word.

Behalwe die vermelde gesinne het daar sowat 250 blanke mans in menasies en meer as 1000 naturellewerkers in tydelike kwartiere gewoon. 'n Tydelike winkel is in die dorp vir die ontwikkelende gemeenskap geopen. Derhalwe is die winkel geopen om in die noodsaaklike van die inwoners te voorsien. In daardie stadium was die winkel 'n tydelike maatreël, omdat 'n groot winkelsentrum in die beplanningstadium was. Alle relevante ontwikkeling van die plaaslike infrastruktuur het noodwendig met die skagte van Loraine en Jeannette verband gehou. Die Minister van Mynwese het in dié tyd ook die huurkontrakte van laasgenoemde myne goedgekeur.<sup>283</sup>

Die Kerkraad van Odendaalsrus het op 11 April 1953 skriftelike verhoë aan die Ring van Winburg vir die stigting van 'n gemeentelike gebied voorgelê, wat as Allanridge bekend moes staan. Nadat die Ring die aangeleentheid in oënskou geneem het, is goedkeuring tot afstigting gegee.<sup>284</sup> Nietemin het die Ring aan die Ringskommissie opdrag tot die uitvoering van afstigting gegee.<sup>285</sup>

Die Gemeente Allanridge is op 4 Junie 1953 amptelik gestig en in dieselfde jaar is ds. W. B. Jansen beroep. Hy is in die gemeente gedurende die naweek van 2 – 4 Oktober 1953 ontvang.<sup>286</sup> Hy was dus die eerste leraar van die gemeente.<sup>287</sup> Vanweë die mynbou-ontwikkeling van Loraine en Jeannette wil dit blyk dat 'n sterk onafhanklikheidsgevoel in Allanridge tot 'n eie selfstandige gemeente gelei het. Uiteraard was dit vanselfsprekend dat Allanridge wat ongeveer 10 myl van Odendaalsrus geleë is, ter geleger tyd sou afstig.<sup>288</sup>

Die volgende kerkraadslede is by 'n afstigtingsvergadering op 4 Junie 1953 verkies. Die ouderlinge was D. W. M. du Toit, J. A. Theunissen, J. D. Naude, K. J. Viljoen, M. Ollewagen, W. N. Pienaar, J. S. Grobbelaar, terwyl die diakens J. H. Kok, P. L. Pretorius, L. C. J. Klopper, E. Joubert, C. Lotter, P. J. Cilliers, S. W. v/d Merwe, J. P. J. Cilliers, J. le Roux, B. van der Vyfer en C. Swanepoel was.<sup>289</sup>

By 'n kerkraadsvergadering op 22 Junie 1953 is die grense van die Gemeente Allanridge vasgestel. Dit het gestrek: "Vanaf die Bothaville-pad waar dit die plaas Buitendagshoop vir die tweede keer kruis van Odendaalsrus af, daarvandaan na die plase Leclusa, Graspan, Welgeluk, Blaauwklip; hiervandaan na die pad Odendaalsrus-

<sup>283</sup> *Welkom News*, November 1950.

<sup>284</sup> *RCH 1/1/3 Ringsnotule Winburg*, 11. 4. 1953.

<sup>285</sup> *Ibid.*

<sup>286</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 22. 6. 1953; W. J. R. van As, 'n *Feesuitgawe van die N. G. Gemeente Allanridge: 50-Jaar, 4. 6. 1953 – 4 – 6. 2003*.

<sup>287</sup> *Welkom News*, April 1955.

<sup>288</sup> J. D. Wessels, *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: ...*, p. 32.

<sup>289</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge.*, 22. 6. 1953.

Losdoorns en met die dié pad sover as die plaas Losdoorns; van die plaas Losdoorns na die plase Oogies, The Flats, Alice, Vischkuil, Rustplaas, Kruidfontein, Doornkop, Damhoek, Taljaardsdam, en dan na die Bothaville-pad; met die Bothaville-pad in die rigting van Odendaalsrus tot waar dit die plaas Buitendagshoop vir die eerste keer kruis.<sup>290</sup>

Eweseer by 'n Gewone Kerkraadsvergadering wat op 20 Oktober 1953 plaasgevind het, het die voorsitter die vergadering meegedeel dat 'n bruidskat van £200 000 van die Moedergemeente Odendaalsrus ontvang is. Hierop het 'n skriftelike bedanking aan die Moedergemeente gevolg.<sup>291</sup>

Die kerkraad het op 11 November 1953 besluit om by die Goudveldse Sendinggroep aan te sluit. Hulle het besluit om daarby aan te sluit op voorwaarde dat hulle koste daaraan verbonde nie meer as £200 per jaar beloop nie. Hulle verbintenis aan die Sendinggroep het vanaf 1 Januarie 1954 'n aanvang geneem. Die kerkraad was ook ten gunste van die voorneme om 'n derde sendeling te beroep, mits geen bykomende finansiële las op die gemeente vir die eersvolgende driejaar geplaas word nie.<sup>292</sup>

Op 4 Februarie 1954 is 'n Sustersvereniging gestig wat tans die Sustershulpdiens genoem word. Die Sustersvereniging is deur mev. ds. Jansen gestig. Dit was egter een van die eerste takke in die O.V.S. Mev. Jansen het ook op die eerste dagbestuur as voorsitter gedien. Mev. E. Pienaar was die vise-voorsitter, C. Kok, die sekretaresse, J. Viljoen, die tesouriere. Die vereniging het deur die jare 'n stewige som geld byeengebring. Mev. Jansen het ook Die Kindersendingkrans gestig. Hierdie kindervereniging het ook deur die jare 'n aansienlike bedrag vir Bybelverspreiding, Weeshuise en selfs ook vir die Sending ingesamel.<sup>293</sup>

In April 1954 is in die verslag van huisgodsdien ernstige verwaarlosing vermeld. In die verslag word genoem dat slegs enkele huisgesinne nog godsdien beoefen. In 'n groot mate is dit aan ongereelde werksure van die vader toe te skryf. Daarteenoor is wel tevredenheid met die Sondagskool sowel as met die dagskole uitgespreek.<sup>294</sup> Behalwe die vakansies is die openbare godsdiensoefening redelik goed bygewoon, terwyl die weeklikse gemeente biduur en Sustersbiduur veel ruimte vir verbetering gelaat is.

Die viering van die nagmaal is steeds vir baie 'n teken van geloofsversterking, veral deur gebruikmaking van die uiterlike tekens en seëls daarvan. Insgelyks is ook waardering vir die verbondsgedagte wat deur die doop versinnebeeld word, gekonstateer, alhoewel die doop vir sommiges bloot 'n seremonie geword het. Daar is ook diegene wat min waarde aan die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente heg.

---

<sup>290</sup> Ibid.

<sup>291</sup> Ibid., 20. 10. 1953.

<sup>292</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 11. 11. 1953, VKA.

<sup>293</sup> Anon., *Feesbrosjyre: Ned. Geref. Gemeente Allanridge, 1953 - 1974*, p. 12.

<sup>294</sup> Bylae 16.1 *Allanridge. Verslag: Staat van die Godsdien*, 21 - 25. 4. 1954.

Die bevestiging van huwelike in die kerk is steeds gangbaar en vind oor die algemeen steeds by die lidmate byval.<sup>295</sup>

In terme van die geestelike lewe is groot waardering vir diegene met 'n toegewyde geloofslewe uitgespreek. Inteenstelling hiermee is daar ook die onaktiewe lidmate wie se kerk bywoning veel te wense oorlaat. Helaas, is daar nietemin groot tevredenheid met die getroue lidmate wat soos goeie sout smaak in die samelewing afgee en bydra tot bederf-wering teen enige dekadente vergrype.<sup>296</sup>

In die ontwikkelingsgang op kerklike en gemeentelike verband is 'n groot mylpaal bereik met die hoeksteenlegging van die kerksaal, wat op 30 Oktober 1954 plaasgevind het. Alle belangstellendes was hartlik uitgenooi om die groot geleentheid in die geskiedenis van die gemeente by te woon. By daardie geleentheid het ds.D.J. McDonald van Hennenman die rede gevoer.<sup>297</sup>

Op 19 Januarie 1954 het die Boukommissie by die kerkraadsvergadering verslag oor hul werksaamhede gegee. Die kommissie se aanbeveling was nadat hulle sale en kerke in Krugersdorp, Potchefstroom, Welkom en St. Helena besigtig het. Hulle was van mening dat 'n kerksaal met ongeveer vier-honderd sitplekke opgerig moes word. Die boukoste van die saal moes nie die bedrag van £10 000 oorskry nie. Daar is ook besluit dat die firma Baker en Vermooten van Pretoria as argitekte moes optree. Hierdie Boukommissie is ook by die betrokke vergadering as 'n permanente kommissie gekonstitueer.<sup>298</sup>

'n Verdere mylpaal is in die geskiedenis van die gemeente behaal toe 'n Sustersvereniging op 4 Februarie 1954 gestig is.<sup>299</sup> Derhalwe kan die vrou se rol in die geskiedenis van die kerk nooit onderskat word nie.

'n Ander baie belangrike tendens in die geskiedenis van die gemeente was die nuwe kerksaal, wat op 9 April 1955 ingewy is. Dit was gedurende die bediening van ds. Jansen dat die kerkraad besluit het, om die kerksaal op te rig.<sup>300</sup> Hierdie kerksaal het 'n kapasiteitsvermoë van 400 sitplekke, wat ongeveer £10 000 gekos het.<sup>301</sup> By die inwyding van die kerksaal het J.A. Theunissen as seremoniemeester die gaste verwelkom. Hy het op die kerkraad as ouderling gedien, terwyl H. Pretorius as oudste lidmaat die kanselbybel aan ds. Jansen oorhandig het. D. W. M. du Toit en sy vrou het die kanselbybel aan die gemeente geskenk. Die klein Ina Joubert het op haar beurt die gesangeboek, as 'n geskenk van C. P. van der Vyver en sy vrou, aan ds. Jansen

---

<sup>295</sup> Ibid.

<sup>296</sup> Ibid.

<sup>297</sup> *Die Kerkbode*, 20. 10. 1954, p. 513, VKA.

<sup>298</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 19. 1. 1954, VKA.

<sup>299</sup> W. J. R. van As, *'n Feesuitgawe van die N. G. Kerk Allanridge: ...*, g. p.

<sup>300</sup> Ibid.

<sup>301</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 14. 1. 1954.

oorhandig. Hierbenewens is die Formulierboek as ‘n geskenk van C. Swanepoel en sy vrou, deur C. Kruger aan genoemde leraar oorhandig.<sup>302</sup>

Ds. McDonald het as Voorsitter van die Ring van Winburg, die wydingsrede waargeneem. ‘n Toespraak is ook deur C. McLauchlan, Bestuurder van Lorainemyn gehou. Laasgenoemde het die gemeente gelukgewens met die vinnige vooruitgang en die pragtige kerksaal wat opgerig is. Hy het aangevoer dat dit van goeie samewerking getuig.

Hierteenoor het ds. McDonald die gelukwense van die Ring oorgedra, waarna ouderling D.W.M du Toit, sekretaris van die Boukommissie, een en almal namens die kerkraad en kommissie vir die heelhartige samewerking bedank het. Hy het ook ‘n kort oorsig van die gemeente se ontstaan en stigting gegee en dat ds. Jansen in dieselfde jaar van die gemeente se stigting na die gemeente gekom het. Hy het ook daarop gewys dat sedert die stigting van die gemeente die lidmatetal van 254 tot 425 toegeneem het.<sup>303</sup>

Behalwe ‘n groot geldelike bydrae is ook onder andere ‘n konsistorietafel, doopvont, luiklok, kloktoring, horlosie vir die konistorie deur mense en groepe geskenk. Daarteenoor is ‘n pragtige vleuelklavier geskenk deur ‘n aantal mense soos onder andere H. P. Klopper, aan wie die grond waarop die kerksaal opgerig is, behoort het. Ds. Jansen wat die klavier in ontvangs geneem het, het op sy beurt namens die kerkraad en gemeente almal hartlik bedank vir al die skenkings wat gemaak is.<sup>304</sup>

Ds. Jansen was slegs drie jaar in die gemeente toe hy op 25 November 1956 van die gemeente afskeid geneem het. As eerste leraarspaar het hulle ‘n beroep na die Sendingveld in die voormalige Noord-Rhodesië aangeneem. Ongelukkig is hy al oorlede.<sup>305</sup>

Ds. Jansen is deur ds. T. J. R. Kuun en sy gade in 1957 opgevolg.<sup>306</sup> Dit was gedurende sy bediening dat die skuldlas van die gemeente stelselmatig afgewerk is. Hy het vir die eerste maal by ‘n Gewone Kerkraadsvergadering as Voorsitter op Donderdag, 21 Februarie 1957 opgetree. By daardie geleentheid het hy die klem op samewerking geplaas en aangevoer: “Ons gaan saamwerk met God, omdat God met ons wil saamwerk – nie in ons belang nie maar in belang van God.”<sup>307</sup>

Die Vroue-Sendingbond is onder mev. Kuun se leiding gestig wat uitstekende werk op die gebied van die sending gedoen het.<sup>308</sup> In die gemeente is ook aandag aan sending-aangeleenthede gegee. Eerw. L. v. d. Walt het by ‘n Gewone Kerkraadsvergadering sy

<sup>302</sup> *Welkom News*, April 1955.

<sup>303</sup> *Ibid.*

<sup>304</sup> *Ibid.*

<sup>305</sup> W. J. R. van As, ‘n *Feesuitgawe van die N. G. Gemeente Allanridge: ...*; *Kerkraadsnotule Allanridge*, 25. 10. 1965.

<sup>306</sup> W. J. R. van As, ‘n *Feesuitgawe van die N. G. Gemeente Allanridge: ....*

<sup>307</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 21. 2. 1957 VKA.

<sup>308</sup> W. J. R. van As, ‘n *Feesuitgawe van die N. G. Gemeente Allanridge: ....*

verslag rakende sendingaktiwiteite gelewer. Hy het op die noodsaaklikheid van 'n Sendinggemeente gewys. Die redes wat hy daarvoor aangevoer het, was onder meer: die kwessie van 'n wettige bestaande kerkraad; doelmatige beheeruitoefening oor geldsake, sakramente, aanneming, registers ensovoorts; die aantal lidmate van plus minus 200 regverdig sodanige stigting. In die lig hiervan het die kerkraad die voorneme van sodanige stigting gegee en die skriba versoek om 'n skrywe dienooreenkomstig aan die Ringskommissie van Odendaalsrus voor te lê.<sup>309</sup>

In 1958 was die kerkraadslede soos volg: Ouderlinge U. H. A. Baumgarten, J. F. Burger, W. L. Colyn, H. P. Dreyer, J. L. W. Cremer, C. du Preez, S. J. Eloff, D. C. Fourie, J. P. Greyvenstein, I. W. Hartman, E. Joubert, C. P. Kruger, P. M. Kukuk, P. A. Mattheser, I. A. Naude, G. J. L. Nel, E. Steyn, G. J. van Eeden, C. A. van Vuuren, D. J. Viljoen, J. P. Wentzel; en die diakens was K. J. Boshoff, W. K. Bruwer, P. S. du Plessis, F. J. du Toit, W. C. Grové, J. R. le Roux, J. C. Liebenberg, J. P. Lötter, J. J. Lubbe, C. C. A. Mostert, J. C. Oosthuizen, J. G. Scrooby, A. B. Small, P. P. E. Swanepoel, W. H. Taljaard, D. M. Tredoux, D. G. van Rooyen, G. van Schalkwyk, J. H. v. d. Westhuizen, J. J. Wagner, H. Steyn.<sup>310</sup>

Ds. Kuun en sy gade het van die gemeente op 28 Junie 1958 afskeid geneem, omdat hy 'n beroep na 'n gemeente in Ventersburg aangeneem het. Hy het later uit die N.G. Kerk bedank.

Op 1 November 1959 het ds. P.J. Pretorius se bediening in die gemeente 'n aanvang geneem. Hy het sy aankoms in die gemeente soos volg beskryf: 'Op 'n Oktober-middag het die gemeente in groot getalle, ten spyte van 'n ontsettende stofstorm wat die dag van ons ontvangs letterlik donker gekleur het, ons met baie liefde en toewyding ontmoet.'<sup>311</sup>

Benewens gemeentelike bearbeiding het die bou van 'n geskikte pastorie 'n belangrike prioriteit geword. Hy moes intussen tevrede met 'n spoorweghuis as tydelike maatreël wees, terwyl die kerkkantoor as sy studeerkamer gedien het.<sup>312</sup> Onder sy leiding het die skuld van die gemeente tot 'n skamele R1000.00 beloop.

Hierdie leraar was ongeveer drie jaar in die gemeente werksaam voordat hy 'n beroep na Reitzparkgemeente in Welkom aanvaar het. Hy het op 28 Junie 1959 van Allanridge afskeid geneem. In 1984 het hy sy emeritaat aanvaar.<sup>313</sup>

Ds. en mev. L. M. Celliers het vir laasgenoemde op 9 Desember 1962 in die gemeente van Allanridge opgevolg. Die kerkraad het op 18 Maart 1965 gedurende sy bediening besluit dat 'n kerkgebou noodsaaklik is.<sup>314</sup>

<sup>309</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 19. 6. 1958.

<sup>310</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1958, pp. 328 - 329.

<sup>311</sup> *Ibid.*

<sup>312</sup> Anon., *Feesbrosjyre: Ned. Geref. Gemeente Allanridge: ...*, p. 7.

<sup>313</sup> W. J. R. van As, *'n Feesuitgawe van die N.G. Gemeente Allanridge: ....*

<sup>314</sup> *Ibid.*, *Kerkraadsnotule Allanridge*, 18. 3. 1965, VKA.



Sy bediening was gekenmerk deur die sooispitplegtigheid op Vrydag, 11 November 1966; die hoeksteenlegging van die kerkgebou met dié woorde: 'My vrede gee Ek vir julle.' Joh. 14:27 daarop; asook die inwyding van die kerkgebou op 28 Oktober 1967, wat met die 450 jarige herdenking van die kerkhervorming saamgeval het. Die volgende woorde is voor in die kerk op 'n gedenkplaat aangetoon: 'U Woord ... ons Lig'.<sup>315</sup>

Hierdie leraar het na ongeveer twaalfjaar op 21 November 1976 die gemeente verlaat. Ds. Celliers is intussen oorlede.<sup>316</sup>

Die gemeente wat in 1953 gestig is, het in 1954 sowat 650 siele en 254 lidmate gehad.<sup>317</sup> Hierdie getalle het natuurlik toegeneem, sodat teen 1961 die sieletal op 1113 tenoor die 523 lidmate te staan gekom het.<sup>318</sup> Die getal lidmate het teen 1961 met meer as 50% gegroei. Die mynbou-ontwikkeling in die omgewing van Allanridge het grotendeels tot dié toename van lidmate in die gemeente bygedra.

Die Sendinggemeente is in Allanridge in 1953 gestig en was in 1974 met die mondigwording van Allanridgegemeente 21 jaar oud. In die beginjare was die bediening deur die plaaslike Sendingkommissie en later deur die Westelike Sendingraad behartig. Teen 1974 het dit 'n gemiddelde ledetal van 250 gehad. Die gemeente het aanvanklik van evangeliste gebruik gemaak, maar vanaf 1966 het die gemeente haar eie leraar bekom. Rondom die jare van 1974 was Mor. Fritz Khkotha die leraar. Gedurende die laaste week in Julie van 1974 het die gemeente die besoek van dr. A. Hofmeyr van Witsieshoek in die vooruitsig gestel.<sup>319</sup>

Waar daar geografies voorheen slegs mielielande in die noordoostelike deel van die Vrystaat was, het die ontdekking van goud en die ontginning daarvan aanleiding tot 'n selfstandige dorp gegee. Hierdeur het dit demografiese waarde met die ontginning van goud verkry. Alhoewel die omliggende mynskagte as torings van sosio-ekonomiese belang in die gebied verrys het, het ook die torings van die kerk op die gesigseinder as voedende bron van geestelike krag vir al sy mense in die kontrei verskyn. Op die wyse het die kerk ook sy geestelik-religieuse stempel midde in 'n ekonomiese omwenteling kom afdruk.

Dit is in die dor en droë landskap dat die evangelie in harte sou opklink om die allermooiste metaal van geestelike adel en skoonheid na vore te bring. Die samedromming van mense in dié deel van die land het deur middel van hul sosio-

<sup>315</sup> Anon., *Ned. Geref. Gemeente Allanridge, 1953 – 1974*, p. 8;  
*Boukommissie-notule Allanridge*, 26. 6. 1967; *Soewenier-program: Inwyding nuwe Kerkgebou van die Ned. Geref. Gemeente Allanridge*, 28. 10. 1967.

<sup>316</sup> W. J. R. van As, *'n Feesuitgawe van die N.G. Gemeente Allanridge: ....*

<sup>317</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk 1954*, p. 336.

<sup>318</sup> *Ibid.*, 297.

<sup>319</sup> Anon., *Feesbrosjyre Ned. Geref. Gemeente Allanridge: ....*, P. 12.

ekonomiese behoeftes, die dorp, maar veder ook 'n eie kerkgebou op 4 Junie 1953 by wyse van afstigting van die Moedergemeente Odendaalsrus verwesenlik.

Ons het hier 'n natuurlike tendens waar die sosio-ekonomiese die fokus op die mens met sy behoeftes plaas. Hierdie behoeftes omvat die natuurlike infrastrukture wat die komplekse aard soos kerke, skole, hospitale en klinieke, winkels, banke en allerlei openbare behoeftebepalinge van 'n beskawing insluit. Hierteenoor het die geestelik-religieuse 'n onvervangbare rol as voedende krag vir die samelewing op tydelike, maar veral op geestelike terrein geword wat alle aspekte van die maatskaplike lewe omsluit.

Dit is in die lig hiervan dat die kerk en gemeente van Allanridge op 4 Junie 1953 as 'n toring van geestelike krag tot heilwese van die mens se ewigheidswaardes moes verskyn. Hiervolgens is die kerk en gemeente besig om hul aardse roeping volgens Sy genade te vervul.

### 3. 4 Afstigting van Harmonie

Die ontwikkelingstendens op ekonomiese gebied in Virginia het 'n getalle toename tot gevolg gehad, sodat afstigting van die wyk Harmonie by 'n kerkraadsvergading op 24 Maart 1956 sterk na vore gekom het.<sup>320</sup>

Volgens *Die Kerkbode* van 29 Augustus 1956 het die skriba van die Ring van Odendaalsrus berig ontvang dat die Ringskommissie in opdrag van die Ring, die stigting van 'n nuwe gemeente goedgekeur het. Dit is 'n verwysing na die nuwe Gemeente Harmonie, wat op 3 Augustus 1956 gestig is.<sup>321</sup>

Weens die stigting van die gemeente was dit noodsaaklik dat die grenslyne afgebaken moes word, sodat gemeentelike bearbeiding wettig vasgestel is. Die gemeente se grensgebied tussen Harmonie en Virginia is duidelik omlin: “Die Sandrivier van die plaas Jonkersrus af tot by Rietspruit, dan met Rietspruit tot waar Rietspruit die huidige grootpad tussen Harmonie en Ventersburg kruis, waarna genoemde grootpad tot by die bestaande grenslyn tussen Ventersburg en Virginia strek, nl. Doornhoek wat aan Virginia behoort en Carlie wat aan Ventersburg behoort.”<sup>322</sup>

'n Afbakening tussen Harmonie en Hennenman-Oos: “Die dele van die plase Rebelkop en Doornkop ten noorde van die Harmonie-Ventersburg-pad, Goedbegin, Onverwags, Gelukspan, Somersveld en Saaiplaas met onderverdelings. Al hierdie plase behoort aan Harmonie.”<sup>323</sup>

Die bepaling van grenslyne tussen Harmonie en Welkom: “Saaiplaas met onderverdelings, Kaalvallei, Diamond Mine, Dirksburg en Video behoort aan

<sup>320</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 24. 3. 1956 VKA.

<sup>321</sup> *Die Kerkbode*, 29. 8. 1956, p. 421; B2031 Gedenkblad, *Ned. Geref. Kerk OVS Kerkgebou (10-jarige) 1982 - 1992*.

<sup>322</sup> *Die Kerkbode*, 29. 8. 1956, p. 421.

<sup>323</sup> *Ibid.*

Harmonie. Die grense is ook tussen Harmonie en St. Helena vasgestel, nl. “Jurgenshof, Tarka, Du Preezlaer en Jonkersrust tot aan die rivier behoort aan Harmonie.”<sup>324</sup>

Die eerste verkose kerkraad van die Gemeente Harmonie het uit die volgende lede bestaan: Die ouderlinge wat vir een jaar verkies is, was L. F. Erasmus, J. W. J. Steyn, H. C. M. Jonker, J. D. Marais, C. J. Joubert, H. H. Steyn, R. J. van Niekerk. Die daaropvolgende ouderlinge was vir twee jaar verkies: M. J. Raath, J. J. Bezuidenhout, C. Erasmus, T. I. Delpont, S. J. L. van Niekerk, J. F. Greyvenstein en J. P. Maré.

Die diakens wat vir een jaar verkies is, was J.J. Hurter, D.J. van Deventer, M.J. van Schalkwyk, A. M. Boshoff, C. M. Blignaut, S. J. M. Botha en L. V. Bezuidenhout, terwyl die daaropvolgende diakens vir twee jaar verkies is: W. A. Rabie, M. E. Oosthuizen, H. W. J. van den Berg, J. J. Pretorius, J. F. Fourie, R. J. Wolvaardt en J. van Rensburg.

In dié tyd na afstigting en nog voordat Harmoniegemeente ‘n predikant beroep het, was ds. A. J. de Villiers van Virginia die konsulent wat as voorsitter by die kerkraadsvergadering opgetree het.<sup>325</sup>

Die kerkraad het by ‘n kerkraadsvergadering op 3 Augustus 1956 dit wel goed gedink, om vir die eersvolgende drie Sondae vir eredienste, sowel as vir die nagmaal by Virginiagemeente in te skakel. Daar is ook by dié kerkraadsvergadering besluit om die nuutgekose kerkraadslede, die Sondagaand op 19 Augustus 1956 in die kerksaal van Virginia voor te stel. Hierdie kerkraadsvergadering wat op 3 Augustus 1956 gehou is, was ‘n gekose vergadering van onbevestigde kerkraadslede.<sup>326</sup> Gevolglik kon die gekose kerkraad eers met die amptelike voorstelling in die amp van ouderlinge en diakens bevestig word. Hiervolgens is dit voor-die-hand-liggend waarom ‘n datum en tyd daarvoor bepaal is.

Nieteenstaande die doop wat as ‘n tussentydse maatreël saam met Virginiagemeente bedien is, het die kerkraad op 3 Augustus 1956 nietemin besluit dat, die dopelinge van Harmoniegemeente wel in die doopregister van laasgenoemde gemeente aangetoon moes word.<sup>327</sup>

In terme van die ontwikkelingsgang in die gemeente het die voorsitter by die betrokke vergadering die kerkraad meegedeel, dat die pastorie in Harmonie voltooi is. Die kerkraad het in die lig hiervan besluit om ‘n omvattende polis van £6 500 op die pastorie uit te neem. Na aanleiding van die besluit is dit aan die voorsitter en skriba opgedra om ‘n polis tot dien effekte uit te neem.

By die kerkraadsvergadering op 3 Augustus 1956 is ook die dankofferlyste bespreek en besluit om dit in al die wyke te laat sirkuleer. Hierdie lyste moes voor of op 10

---

<sup>324</sup> Ibid.

<sup>325</sup> Ibid., *Kerkraadsnotule Harmonie*, 3. 8. 1956, VKK.

<sup>326</sup> Ibid., 3. 8. 1956.

<sup>327</sup> Ibid.

September 1956 ingehandig word. Dit het daartoe bygedra dat die dankoffer-basaar op 'n latere onbepaalde datum sou plaasvind.<sup>328</sup> Die kerkraad het by 'n kerkraadsvergadering op 20 Augustus 1956 op voorstel van ouderlinge L. F. Erasmus en J. J. Bezuidenhout as sekondant besluit, dat die eredienste van Harmoniegemeente tentatief nog saam met Virginiagemeente gehou word. Die besluit is geneem op afwagting vir die ingebruikneming van Harmoniegemeente se kerksaal, wat in daardie stadium nog nie beskikbaar was nie.<sup>329</sup>

By dieselfde vergadering is besluit om tot die Raad van Maatskaplike Sorg toe te tree. Derhalwe is drie verteenwoordigers afgevaardig om die kerkraad op die Raad van Maatskaplike Sorg te verteenwoordig.

Na afloop van bogenoemde kerkraadsvergadering is 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering op 20 Augustus 1956 gehou. Die doel van die vergadering was om na die gebruikelike prosedure 'n kandidaat te nomineer wat as leraar beroep kon word. Die keuse van beroep het op ds. H. S. Theron geval wat 'n medeleraar van Virginiagemeente was.<sup>330</sup>

Benewens die Raad van Maatskaplike Sorg is alreeds aandag aan die Sending by die kerkraadsvergadering op 20 Augustus 1956 gegee. Die kerkraad het te kenne gegee dat hulle ten minste drie verteenwoordigers op die Sendingraad moes hê. Die kerkraad het ds. Theron, ouderlinge S. van Niekerk, H. C. M. Jonker verkies om op die Sendingraad te dien. Daarmee gepaardgaande het die kerkraad voorlopig besluit, om die plaaslike Sendingkomitee met die Sendingkomitee van Virginiagemeente, op 'n gesamentlike basis in belang van die sending van die twee gemeentes te probeer koördineer.

Die kerkraad het by laasgenoemde vergadering 'n uitvoerende komitee saamgestel wat uit die volgende lede bestaan het: Ouderlinge R. J. van Niekerk, L. F. Erasmus, S. J. L. van Niekerk, J. P. Maré, J. D. Marais en J. J. Bezuidenhout. Die taak van die komitee was om reëlins vir die ontvangs van die leraar te tref, asook om alle aanverwante aangeleenthede rakende die inwyding van die pastorie te behartig.<sup>331</sup>

Na aanleiding van 'n kerkraadsvergadering wat op 8 Oktober 1956 gehou is, is dit duidelik dat ds. H. S. Theron die beroep na Harmoniegemeente aangeem het, omdat hy as voorsitter by bogenoemde vergadering opgetree het.<sup>332</sup>

Na gelang van die tyd het die gemeente al hoe meer gestalte as 'n volwaardige gemeente gekry, aangesien daar by 'n kerkraadsvergadering 'n besluit geneem is, om nie slegs ongetroude lidmate te katkiseer nie, maar ook om getroudes te katkiseer. Ds. Theron wat as voorsitter by die vergadering opgetree het, het baie sterk daarvoor gevoel dat die onderskeie katkisasieklasse vir beide groepe afsonderlik moes plaasvind. Die

<sup>328</sup> Ibid.

<sup>329</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 20. 8. 1956, VKK.

<sup>330</sup> Ibid., Anon., *Ned. Geref. Kerk Harmonie OVS*.

<sup>331</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 20. 8. 1956, VKK.

<sup>332</sup> Ibid., 8. 10. 1956.

katkisasieklasse het op die 21 Oktober 1956 na die kinderdien, die Sondagoggend, ‘n aanvang geneem.<sup>333</sup>

Die voorsitter het na aanleiding van die Evangelisasie Komitee, wat op 31 Januarie 1957 gehou is, by ‘n gekonstitueerde kerkraadsvergadering van 12 Februarie 1957, die volgende komitees voorgestel en goedgekeur: Die komitees vir finansies, huisbesoek, probleme en die jeug. Na aanleiding hiervan was die werksaamhede van die Evangelisasie Komitee afgehandel, sodat die kerkraad aandag aan die aangeleentheid van die komitee vir diakoniale aangeleenthede kon gee. Dit het onder meer aangeleenthede soos die hulp van ‘n ouderling gedurende ‘n diaken se afwesigheid, sowel as die teenwoordigheid van die Sosiale Werkster by die vergaderings omvat.

Daar is ook aandag gegee aan die Finansiële Komitee by die betrokke kerkraadsvergadering, waar sake rakende die komitee op Maandag, 10 Desember 1956 afgehandel is.

Die kerkraad het ook op 12 Februarie 1957 by ‘n Gewone Kerkraadsvergadering aandag aan bou-aangeleenthede soos kerkbou gegee. Die tipe en grootte van die kerkgebou is deur die kerkraad aanvaar. Die kerkraad het ook algemeen aanvaar dat ‘n orrel ten bedrae van £2150 00 bestee word. Op voorstel van L. F. Erasmus en gesecondeer deur S. J. L. van Niekerk het die kerkraad toestemming verleen dat ‘n orrel wel bestel mag word, mits ‘n lening daarvoor van £20 000 toegestaan kon word. Desnieteenstaande is die aangeleentheid aan die Uitvoerende Komitee opgedra om die nodige reëlings vir sodanige lening te bekom. Hierna het die kerkraad voortgegaan om algemene sake op die agenda te bespreek.<sup>334</sup>

In 1957 het die kerkraad uit die volgende lede bestaan, nl. Ouderlinge L. F. Erasmus, J. W. J. Steyn, H. C. M. Jonker, J. D. Marais, C. J. Joubert, H. H. Steyn, J. J. Bezuidenhout, C. Erasmus, L.J. van Niekerk, T.I. Delport, S.J.L. van Niekerk, J. F. Greyvenstein, J. P. Maré; en die diakens was J. J. Hurter, W. A. Rabie, M. E. Oosthuizen, H.W.J. van den Berg, D.J. van Deventer, M.J. van Schalkwyk, J. J. Pretorius, J. F. Fourie, A. M. Boshoff, R. J. Wolvaardt, C. M. Blignaut, S. J. M. Botha, J. V. Bezuidenhout, J. van Rensburg.<sup>335</sup>

Volgens die *Verslag van die Staat van die Godsdien* het ds. Theron op 10 April 1957 met betrekking tot “Die waarneming van die huisgodsdien; die onderwys van die kinders – godsdienstig en sekulêr; die persoonlike geestelike bearbeiding van die onderhawiges” soos volg gerapporteer:

Hieroor kon hy moeilik daarvoor rapporteer, aangesien hy slegs ‘n bietjie meer as twee maande in die gemeente was om te rapporteer. Volgens hom was daar voldoende onderwysfasiliteite en dat godsdien in die gemeente ook sy regmatige plek kry. Volgens hom het ongeveer 25% van die lidmate die eredienste bygewoon. Daarteenoor

<sup>333</sup> Ibid.

<sup>334</sup> Ibid., 12. 2. 1957.

<sup>335</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1957, p. 332.

het tussen 30 tot 40% die nagmaaldienste bygewoon en dat die ouers gereeld hulle kinders laat doop het.

Die verslag wat 'n omskrywing van kerklike eiendom omvat, het ds. Theron soos volg verklaar: "Slegs 'n tydelike monteersaal is opgerig vir openbare geleentehede. 'n Doelmatige pastorie is ook reeds opgerig voor afstigting."<sup>336</sup>

Hy het oor die geestelike lewe in die gemeente verklaar dat hy graag meer daarvoor wou rapporteer, aangesien weinig daarvan tereg kom. Hy was van mening dat dit moeilik is om vas te stel wat met die geestelike lewe bedoel word. Sy opvatting was dat die Ring dit duideliker moes uitspel.<sup>337</sup>

Hierdie gemeente was ook by sendingwerkzaamhede betrokke, aangesien gereelde verslae oor sendingaktiwiteite aan die kerkraad voorgelê is. 'n Voorbeeld hiervan is die verslag oor die betrokke jaar se sendingaktiwiteite wat aan die kerkraad op 9 April 1957 voorgehou is. Die betrokke sendeling wat die jaarlikse verslag aan die kerkraad voorgelê het, het die kerkraad bedank vir die voorreg dat hy die kerkraad kon toespreek. Daarnaas het hy ook die hoop uitgespreek dat al die verrigtinge en besprekinge in die gemeente nog van groot waarde sou wees.<sup>338</sup>

Ds. Theron was in 1957 erg bekommerd oor die ongewenste kerkbesoek van die kerkraadslede. Hierdie saak is gedurende 'n kerkraadsvergadering op 11 Junie 1957 aangespreek. Na aanleiding van die register wat in die konsistorie gehou is, het hy syfers aan die kerkraad voorgehou wat sy bewering van swak kerkbywoning gestaaf het. Die leraar het aangevoer dat dit 'n ernstige saak is wat nie langer geduld kon word nie.

Ouderling J.P. Maré het voorgestel dat die aanbeveling soos met die jongste Evangelisasie Komitee aanvaar is, oorweeg word. Die aanbeveling was dat 'n komitee uit twee ouderlinge en een diaken saamgestel word. Die oogmerk van die komitee was om dissiplinêre stappe te neem teen kerkraadslede wat hulle aan pligversuim skuldig maak. Ouderling J.J. Bezuidenhout het die aanbeveling gesekondeer, terwyl ouderling S. J. L. van Niekerk ook die effektiwiteit van sodanige verkiesingstelsel van kerkraadslede bevraagteken het. Die vraag is dus gevra: of daar van die beste manier gebruik gemaak word, om die gewenste persoon tot die kerkraad te verkies.

'n Voorstel is ook gedurende die kerkraadsvergadering gemaak om aan elke kerkraadslid 'n skrywe te rig, waarin hy gevra word of hy nog op die kerkraad wil dien. Hierdie voorstel het algemeen byval gevind. Hierdie verwikkelinge het daartoe bygedra om die Sekretaris vir Kerkherstel en Evangelisasie vir 'n konferensie te nader, sodat 'n moontlike oplossing vir die aangeleentheid gevind kon word.

---

<sup>336</sup> Bylae 16.1. Harmonie. *Verslag: Staat van die Godsdienste*, 10. 4. 1957.

<sup>337</sup> Ibid.

<sup>338</sup> Ibid., 9. 4. 1957.

Na afloop van die bespreking is drie kerkraadslede verkies om op die komitee van dissiplinêre aksie te dien. Hierdie lede was ouderlinge J. P. Maré, J. J. Bezuidenhout en diaken M. J. van Schalkwyk. Die kerkraad het hierna die verslae van die verskillende komitees behandel.<sup>339</sup>

Die gemeente het 'n verdere sprong geneem toe die stigting van 'n Bybelskool gedurende 'n kerkraadsvergadering op 11 Februarie 1958, deur die voorsitter behandel is. Volgens die voorsitter is die hele idee van 'n Bybelskool om die gemeentelike met die nodige agtergrondkennis van die Bybel toe te rus. Die kennisverryking sou ook vir die ouderlinge by hulle wyksbidure goed te pas kom. Hieroor was die kerkraad eenparig en die Bybelskoolklasse sou voortaan op Donderdagaande, na afloop van die weeklikse bidure in die kerksaal plaasvind. Die kerkraad het ook besluit dat die bidure in die vervolg om 7:00 die aand begin.<sup>340</sup>

In die ontwikkelingsgang van die gemeente is nog 'n mylpaal behaal toe die kerkraad op 2 Augustus 1958, die inwyding van die kerkgebou behandel het. Die voorsitter het aan die kerkraad meegedeel dat die inwyding van die kerkgebou na verwagting gedurende die eerste naweek van Oktober sou plaasvind.<sup>341</sup> Daarbenewens is op 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering van 12 Augustus 1958, die volgende kerkraadslede verkies: Ouderlinge ? Brandt, (i.s.) Rautenbach, H. J. Bam, P. J. van Zyl, J. J. Bezuidenhout, F. F. Greyvenstein, J. P. le Roux, V. Louw, H. G. Venter, J. P. Maré, D. S. Pringin, Horn, A. S. Roux, P. M. Bester, S. J. Grové, F. J. Malan. Hierteenoor was die diakens L. van der Berg, C. M. Blignaut, R. Pretorius, C. Würth, J. P. Marx, M. T. S. Meyer, R. J. Wolvaardt, J. Williamson, E. T. Pretorius, L. J. J. Spies, W. Watermeyer.<sup>342</sup>

In dié tyd was gemeentelike uitbreiding 'n algemene verskynsel, wat ongetwyfeld aan die ekonomiese uitbreiding van die mynboubedryf toe te skryf is. Die uitbreiding het veroorsaak dat al hoe meer mense in die Goudveld geakkommodeer moes word. Gevolglik was die kerke oor die algemeen allermens gespaar. 'n Voorbeeld hiervan is toe die voorsitter op 11 Augustus 1959 by 'n kerkraadsvergadering die kwessie van gemeentelike uitbreiding behandel het. Die kerkraad het voor 'n belangrike keuse te staan gekom. Hulle moes besluit op 'n medeleraar vir die Saaiplaaswyk, of andersins die deurvoer van gemeentelike afstigting. In die geval van afstigting was die gemeente genoop om aan die afgestigte gemeente 'n bruidskat te gee. Dientengevolge hiervan het die voorsitter die vergadering vir bespreking oopgestel. Diaken Meyer was ten gunste van afstigting wat moontlik aan die uitbreiding op Harmonie toegeskryf kon word.

Volgens voormelde bespreking wou diaken Watermeyer weet hoe groot 'n gemeente moet wees, om vir 'n medeleraar in aanmerking te kom. Die voorsitter het geantwoord dat plus minus 800 lidmate as voldoende beskou is.

<sup>339</sup> Ibid., 11. 6. 1958.

<sup>340</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 11. 2. 1958, VKK.

<sup>341</sup> Ibid., 2. 8. 1958; *Ned. Geref. Kerk OVS*.

<sup>342</sup> Ibid.

Die afgestigte gemeente sou in elk geval nie 'n tekort aan lidmate hê nie, omdat die gemeente na beraming teen die einde van 1960 steeds 'n lidmatetal van ongeveer vyf honderd in die vooruitsig gestel het. Die voorsitter het die kerkraad meegedeel dat sowat twee honderd-en-vyftig lidmate alreeds in Saaiplaas woonagtig is. Volgens ouderling Maré mag daar nie met die bearbeiding van die lidmate aldaar gesloer word nie. Hy het verder geglo dat die nuwe intrekkers behoort deel van die gemeenskap te wees. Die voorafgaande beweegredes het die spreker oortuig dat 'n medeleraar so gou moontlik beroep moes word. Nadat alle besonderhede van die gemeente se inkomste nagegaan is, het die kerkraad besluit om 'n medeleraar te beroep. Op voorstel van diaken Watermeyer het die kerkraad besluit om 'n medeleraar by die eersvolgende kerkraadsvergadering te beroep. Hierdie voorstel is met 26 teenoor 4 stemme aanvaar.<sup>343</sup>

Ds. H.A. Roux van Senekal-Noordgemeente is op 8 September 1959 deur die kerkraad beroep, dit wil sê, nadat die gebruikelike prosedure vir sodanige beroep deurgewerk is. Die voorsitter het ook by die vergadering gemeld dat die komitee van die Sendingraad toestemming vir die beroep van 'n naturelle leraar vra, om die gemeentes van Harmonie en Virginia met die bearbeiding van die naturelle behulpsaam te wees. Die voorsitter het die kerkraad meegedeel dat die salaris van die leraar deur twaalf gemeentes in die Goudveld betaal word. Daarby sou die salaris van die evangelis wat van Virginia na Harmonie oorgeplaas is, deur laasgenoemde gemeente betaal word. Die kerkraad het ook hulle goedkeuring hiervoor gegee.<sup>344</sup>

Ds. H. A. Roux het nie die beroep aanvaar nie en 'n beroep is toe op ds. P. Grobbelaar van Oos-London Noord uitgebring.<sup>345</sup> In effek moes ds. Grobbelaar die beroep bedank het, omdat ds. F.J. van der Merwe van Jagersfontein op 10 November 1959 deur die kerkraad beroep is.<sup>346</sup>

Die mislukte pogings om 'n medeleraar te beroep het op voorstel van ouderling Malan by 'n kerkraadsvergadering op 8 Desember 1959 daartoe gelei, dat Saaiplaas die geleentheid gegun moes word om oor afstigting te besin. Die kerkraad het dit so aanvaar en besluit om gedurende Februarie 1960 daarmee voort te gaan. Die aangeleentheid tot afstigting is toe in beginsel goedgekeur. Derhalwe is 'n afstigtingskomitee vir die afstigtingsaangeleentheid goedgekeur.<sup>347</sup>

Op 9 Februarie 1960 het die voorsitter gedurende 'n kerkraadsvergadering vermeld dat die afstigtingskomitee by die kerkraad wil aanbeveel om 'n medeleraar te beroep, maar dat die kwessie van afstigting ook die nodige aandag moes geniet. Hierdie verwickelinge om 'n medeleraar te beroep het daartoe gelei dat dit eers by 'n gekombineerde kerkraadsvergadering bespreek word, wat deur 'n gewone kerkraadsvergadering voorafgegaan sou word.

<sup>343</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 11. 8. 1959, VKK.

<sup>344</sup> *Ibid.*, 8. 9. 1959.

<sup>345</sup> *Ibid.*, 13. 10. 1959.

<sup>346</sup> *Ibid.*, 10. 11. 1959.

<sup>347</sup> *Ibid.*, 8. 12. 1959.



Die kerkraad het op 12 April 1960 voortgegaan om 'n medeleraar te beroep. Die keuse het op ds. J. C. Bezuidenhout van Barkley-Oos geval. Hierdie beroep was nie suksesvol nie, sodat die kerkraad op 14 Junie 1960 'n beroep op J. H. Louw van Luckhoff uitgebring het.<sup>348</sup> Die voorafgaande beroep was ook nie suksesvol nie, sodat die kerkraad op 15 Augustus 1960 deur middel van 'n finale loting op ds. E. C. Kriel besluit het.<sup>349</sup>

Teen 1960 het Harmoniegemeente 2160 siele teenoor die 950 lidmate gehad. Hiervolgens is dit te begrype dat die gemeentelike omvang 'n medeleraar geregverdig het.<sup>350</sup>

Nadat 'n hele aantal beroepe op medeleraars misluk het, het die voorsitter die kerkraad weer eens versoek om 'n medeleraar te beroep. Hy het ook om toestemming by die kerkraad gevra vir die sirkulasie van waarborglyste in Saaiplaas, wat toe nog 'n gedeelte van die gemeente was. Die bedoeling was om die gevoelens van die lidmate vir moontlike afstigting te toets.

Die kerkraad het hierna die gebruiklike prosedure gevolg om 'n medeleraar te beroep. Die name van kandidate wat op die groslys verskyn het, was onder andere: di. E. A. van Niekerk van Springs-Noord, J. H. L. Wannenburg van Carletonville, H. B. Huisamen van Theunissen, D. H. Botes van Exelsior, F. P. Myburgh van Pietermaritzburg, B. J. Schutte van Vryburg, C. P. Brandt van Roodepoort, F. J. C. van Loggerenberg van Richmond, M. Kruger van Ontdekkers, S.B.J. van Rensburg van Dagbreek, H. A. Roux van Senekal, en F.F. de Vos. Die beroepskeuse het op laasgenoemde leraar geval.<sup>351</sup>

Die kerkraad het in die lig van ds. De Vos se aanvaarding van die beroep op 11 Oktober 1960 by 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering, 'n reëlingskomitee saamgestel vir die leraar se ontvangs<sup>352</sup>

Enkele maande nadat ds. De Vos in die gemeente werksaam was, is by 'n kerkraadsvergadering op 9 Mei 1961 'n besluit geneem dat, beide di. Theron en De Vos oor Pinkster as tema sou praat. Ds. Theron sou 'n historiese agtergrond skets hoe die idee van Pinkster ontstaan het. Daarteenoor sou ds. De Vos in breë trekke oor Pinkster uitwei.

Ds. Theron het breedvoerig oor die ontstaan van die Pinksterbidure gepraat. Volgens hom het dit vanaf 1861 'n vaste instelling in die Ou Kaapse Kerk geword. Die feit is gekonstateer dat dit in die Ou Paarl posgevat het. Die N.G. Kerk is die enigste kerk wat Pinksterbidure hou wat net na Hemelvaart plaasvind. Hierdie idee het by 'n klein kern begin en daarna het dit versprei en vinnig posgevat. Dit het volgens hom aanleiding tot

<sup>348</sup> Ibid., 12. 4. 1960; Ibid., 14. 6. 1960.

<sup>349</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 15. 8. 1960, VKK.

<sup>350</sup> *Jaarboek Ned. Geref. Kerk*, 1960, p. 299.

<sup>351</sup> *Kerkraadsvergadering Harmonie*, 13. 9. 1960, VKK.

<sup>352</sup> Ibid., 11. 10. 1960.

‘n herlewing gegee. Dit het oorspronklik by ‘n ds. G. W. A. Van der Lingen posgevat en vandaar uitgebrei.<sup>353</sup>

Ds. De Vos het vir ds. Theron hartlik bedank vir die verduideliking en na die sing van Ges.62 vers 1, was ds. De Vos aan die woord. Hy het in sy rede uitgewei oor Pinkster en uit Matt. 28:19 aangehaal. Hy het onder meer aangevoer: “Ons is nou in die bediening van die Heilige Gees, soos die dissipels saam met Jesus beweeg het. Jesus was aan die ou wêreld bekend en sigbaar in sy oorspronklike staat, soos God die Vader Jesus geskep het in geregtigheid en heiligheid. Pinkster moet die algemene alledaagse toedrag van sake wees. Dit moet nie abnormaal wees nie.”<sup>354</sup>

Hierna het die kerkraad vir pouse verdaag. Nadat ds. Theron en ds. De Vos en verskeie van die kerkraadslede hulle opinies gegee het, het die volgende lede aan gebed deelgeneem. Ds. Theron, ouderlinge J. P. Marx, C. Joubert en ds. De Vos. Hierna het die vergadering verdaag.<sup>355</sup>

Intussen het ds. Theron besluit om die gemeente te verlaat, omdat die Finansiële Komitee gedurende ‘n kerkraadsvergadering op 11 Julie 1961 besluit het, om ‘n R100 aan ds. Theron te skenk. Dit sou aan hom oorhandig word die dag waarop hy die gemeente verlaat. Hiervolgens het ds. Theron die gemeente in 1961 verlaat. Dit is ook nie genotuleer of hy na enige gemeente beroep is nie.

By dieselfde kerkraadsvergadering het die kerkraad aan die kommissie van ondersoek opdrag gegee om die moontlikheid van afstigting van Saaiplaas te ondersoek. In hulle taak moes hulle met die volgende aspekte rekening hou: a) “Die posisie van die Gemeente Harmonie met die oog op afstigting; b) Die moontlike verkryging van persele vir ‘n kerksaal en pastorie; c) Die bepaling van grense vir die onderskeie gemeentes; d) Die verdeling van bates en laste tussen die gemeentes sowel as die bruidskat wat gewoonlik by afstigting ter sprake kom.”<sup>356</sup> In die laaste plek is ook die korrekte hantering van alle relevante gewens as van wesenlike belang aangeraak.<sup>357</sup>

Teen 1961 het die gemeente 3 250 siele teenoor 1 300 lidmate gehad.<sup>358</sup> Die gemeente was taamblik groot en die mynbounywerheid het al hoe meer ‘n oorheersende ekonomiese rol op plaaslike sowel as op nasionale vlak vervul. Die Vrystaatse goudmyne kan nie in dié verband onderskat word nie, want die Oos-Randse se goudmyne was geleidelik besig om uitgeput te raak. ‘n Verdere toestroming van mense na die Goudveld sou dus meer lidmate vir die gemeente en selfs vir die ander

<sup>353</sup> Ibid., 9. 5. 1961; G. Hofmeyr, red., *N. G. Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 2002*, p.120.

<sup>354</sup> Ibid., 9. 5. 1961.

<sup>355</sup> Ibid.

<sup>356</sup> *Kerkraadsnotule Harmonie*, 11. 7. 1961, VKK.

<sup>357</sup> Ibid.

<sup>358</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1961.

gemeentes tot gevolg hê. Hiervolgens was dit sinvol in die stadium om die moontlike afstigting van Saaiplaas van Harmoniegemeente te ondersoek.

### 3. 5 Die stigting van Reitzpark

Dit was voorheen 'n wyk van Welkomgemeente. Die feit dat die wyk meer intensiewe bearbeiding moes kry, het noodgedwonge tot die stigting van die gemeente aanleiding gegee. Hierdie gemeente is op 9 Augustus 1957 gestig. Dit het onder die Ringsressort van Odendaalsrus geval.

Die noordelike grenslyn van Oos na Wes is soos volg bepaal: “Die ou grens tussen Odendaalsrus-Oos en Welkom, wat nou as die grens tussen Odendaalsrus-Oos en Reitzpark bekend staan.

Die westelike grens: Van 'n punt waar die verlenging van Arraratweg tot waar dit die Odendaalsrus-Welkom-spoorlyn sny, dan van Wes na Oos al met die spoor tot in Koppie Alleen-weg; dan suid met Koppie Alleen-weg tot by Vaalsirkel; dan in 'n oostelike rigting met Jan Hofmeyrweg tot waar dit Hennenman-Oosgemeente raak by die plaas Homestead (wat aan Hennenman-Oos behoort); dan in 'n noordelike rigting oor die treinspoor tot by Kaalvalleyplaas (wat aan Reitzpark behoort), en verder noord al met die bestaande grens tussen Hennenman en Welkom, tot waar die grens die Odendaalsrus-oosgrens raak.”<sup>359</sup>

Die kerkraadslede – ouderlinge vir een jaar: A. Strydom, Z. van Staden, J. H. Schultz, H. P. de Necker, P. J. Theron, J. L. du Plessis en J. P. Sheriff. Die ouderlinge vir tweejaar: J. J. Swanepoel, D. van Tonder, C. Matthee, A. Steynberg, H. J. Pretorius, P. W. Venter, A. J. Oosthuizen en A. J. du Plooy. Diakens vir eenjaar: S. Niemann, T. Prins, G. Viljoen, J. H. Gouws, J. van Tonder, A. J. de Klerk, E. C. le Roux en H. Engelbrecht. Diakens vir tweejaar: M. Wehmeyer, F. Pritchard, J. J. C. Schultz, J. Vermeulen, J. J. Gerber, J. S. van Biljon en J. B. van Niekerk.”<sup>360</sup>

Nadat die gebruikelike prosedure op 'n kerkraadsvergadering op 11 Oktober 1957 gevolg is, het di. J. W. W. du Preez van Hennenman, P.W. Marais van Odendaalsrus, E. Ellis van Uitenhage en R. Cronje van Bremersdorp op die nominasielys verskyn.

Die keuse van die vergadering het op ds. Du Preez geval. Daarna is oorgegaan om kerkraadslede te kies om die vakatures te vul. J. de Wet en P. J. Bronkhorst is toe as diakens gekies.

Hierna is die kommissie van ondersoek ontbind wat met die bedankings van gekose kerkraadslede gemoeid was. Dit is op voorstel van diaken J.B. van Niekerk en ouderling J. J. Swanepoel gedoen. Die aangeleentheid van die huur van 'n pastorie het toe by die vergadering te berde gekom. Die kerkraad het die betrokke kommissie

<sup>359</sup> *Die Kerkbode*, 11. 9. 1957, p. 483.

<sup>360</sup> *Ibid.*

versoek om 'n geskrewe kontrak van die verhuurder met al die relevante bepalings van huurgelde, termynvoorwaardes ensovoorts so gou moontlik te verky.<sup>361</sup>

'n Boukommissie is ook by die vergadering saamgestel en het uit J. L. du Plessis, J. J. Swanepoel, H. P. de Necker, A.J. du Plooy en die Skriba bestaan. Die Boukommissie sou tentatief vir die onderhandelinge met 'n argitek rakende die bouplanne van 'n pastorie verantwoordelik wees.

Die vergadering het ook op 'n Aksiekomitee besluit, hoewel die doelstelling daarvan nie verklaar is nie. Hierdie komitee is ook deur enkele kerkraadslede soos die voorsitter, H. P. de Necker, J. H. Schultz, D. F. van Tonder en die Skriba saamgestel.<sup>362</sup>

Benewens die voorafgaande het die kerkraad ook op 'n Finansiële Kommissie besluit. Die kommissie het die voorsitter en kerkraadslede soos J. M. van Tonder, Z. A. van Staden, E. C. le Roux, J. B. van Niekerk, A. Engelbrecht en die Skriba ingesluit.

Die kerkraad het by dieselfde vergadering 'n brief van die susters in die gemeente behandel, om funksies te hou ten bate van die boufonds, orrelfonds of enige ander fonds waarvoor die geld aangewend kon word.<sup>363</sup>

Op 14 Desember 1957 het die kerkraad ouderling P. J. Theron as lid van die Boukommissie in die plek van ouderling J.L. du Plessis benoem. Die lede van die Boukommissie soos De Necker, du Plooy en Theron moes as afvaardiging vir die moontlike huur van 'n pastorie in Koppie Alleen onderhandel of andersins vir 'n verminderde huurgeld van 'n pastorie in Nyalastraat wat nie oor 'n stoof beskik nie.

Die kerkraad het intussen besluit om 'n lening van £6 500 van die Kerkkantoor te leen, asook die rente op die bedrag wat oor 'n tydperk van eenjaar strek. 'n Verdere bystand van £600 is ook vir die lopende uitgawes vir eenjaar aangevra.

Die kerkraad het ook besluit om 'n salaris van £7.10s. aan die koster te betaal, maar met voorbehoud dat hy 'n naturel of hulpwerker op eie onkoste moes aanstel om hom met die skoonmaak van die saal behulpsaam te wees. Hierby inbegrepe ook die bereidwilligheid van ten minste twee diakens, om Sondagaande, na afloop van die erediens met die wegpak van die stoele te help.

Dit wil voorkom dat ds. Du Preez die beroep aanvaar het, omdat die kerkraad 'n Program Komitee benoem het vir die ontvangs van die leraar en sy gesin. Hierdie komitee het uit die waarnemende voorsitter en drie kerkraadslede bestaan.

Die kerkraad het ook aandag aan relevante korrespondensie gegee soos die nuwe bestuur van die K.J.V., wat aan die kerkraad vir goedkeuring voorgelê is.

---

<sup>361</sup> *Kerkraadsnotule Reitzpark*, 11. 10. 1957, VKK.

<sup>362</sup> *Ibid.*

<sup>363</sup> *Ibid.*

Daarbenewens is ‘n skrywe van die Dorpsbestuur rakende die aanbieding van erf 7208 in plaas van erf 7543 teen ‘n bedrag van £555 plus £15 vir die opstel van die koopakte, seëls, diagramme en diesmeer in oënskou geneem. Die kerkraad was tevrede met die alternatiewe perseel wat aangebied is.<sup>364</sup>

Gedurende ‘n kerkraadsvergadering wat op 21 Desember 1957 gehou is, het die argitek die bouplan van die pastorie aan die kerkraad voorgehou. Die kerkraad het die bouplan met geringe wysigings goedgekeur. Daarna het die argitek die kerkraad bedank vir die vertrouwe wat in hom gestel is. Hy het ook sy wens vir ‘n aangename samewerking in die toekoms uitgespreek. Hierna het die kerkraad die program van die komitee vir die ontvangs van ds. Du Preez en sy gade goedgekeur.<sup>365</sup>

By ‘n daaropvolgende kerkraadsvergadering wat op 8 Februarie 1958 gehou is, het die bearbeiding van die gemeente ter sprake gekom. Die kerkraad het besluit dat die bearbeiding van die gemeente deur ‘n registerstelsel gereguleer word. Die diakens en ouderlinge sowel as die leraar sou elkeen van ‘n register voorsien word. Die idee was om te handel volgens aantekeninge wat in die register of registers aangetoon is. Daarnaas sou die ouderlinge en diakens afsonderlik vergader om verslag aan die leraar en skriba te doen. Die diakens moes maandeliks die wyke besoek, terwyl die ouderlinge dit kwartaalliks moes doen. Hiervoor is waardering vir die registerstelsel uitgespreek, asook vir die registers wat aan die kerkraad geskenk is.

Daar is ook by die vergadering besluit om verteenwoordiging op die Raad van Maatskaplike Sorg te hê. In die lig hiervan is die voorsitter, diaken J. J. C. Schultz en ‘n suster van die Sustersvereniging aangewys om die gemeente op die betrokke Raad te verteenwoordig.

Die kerkraad het ook komitees vir die Sending, Sondagskool, Evangelisasie en ‘n Eiendomskommissie in die lewe geroep. Die onderskeie lede is deur die kerkraad verkies om aan die diversiteit van gemeentelike bearbeiding te voldoen. Elke partikuliere funksie rakende gemeentelike werksaamhede is deur die onderskeie komitees en kommissies as hulpvoorsieningskomponente daargestel.<sup>366</sup>

Volgens afkondigings wat by die eredienste in Maart 1958 gemaak is, is dit duidelik dat die K.J.V. by verskillende lidmate in die gemeente gesing het. Daarby is ‘n Evangelisasie-veldtog ook in dieselfde maand in die gemeente geloods. Die gemeentelike biduur het gewoonlik Woensdagaande om 7:30 plaasgevind. Daarenteë het die Sustersbiduur gewoonlik op Donderdagmiddag om 3:30 plaasgevind.<sup>367</sup>

Volgens die *Verslag van die Staat van die Godsdienste* is in April 1958 soos volg gerapporteer: “Volgens waarneming van die ouderlinge is die pligte teenoor huisgodsdienste groteliks verwaarloos, behalwe by ‘n minderheid. Die onderwys van die

<sup>364</sup> *Kerkraadsnotule Reitzpark*, 14. 12. 1957, VKK.

<sup>365</sup> *Ibid.*, 21. 12. 1957.

<sup>366</sup> *Ibid.*, 8. 2. 1958.

<sup>367</sup> *Afkondigingsboek Reitzparkgemeente*, 2 – 24 Maart 1958, VKK.

kinders word goed behartig, die sekulêre van die godsdiensonderwys kom daar nie veel meer tereg as om die kinders Sondagskool toe te stuur nie, hier is gelukkig uitsonderings. Geestelike onderrig aan onderhoriges geskied baie seldsaam.”<sup>368</sup>

Volgens ‘n kerkraadsvergadering op 5 Julie 1958 het die kerkraad reëlings getref vir die verhuising vanaf die ou huurhuis as pastorie in Nyalastraat na die nuwe pas voltooide pastorie. Alle reëlings vir die inwyding daarvan is getref en dat ds. McDonald die wydingsrede sou hou. Die kerkraad het ook aan die Boukommissie opdrag vir die uitleg van die tuin gegee. Alle praktiese en aanverwante aangeleenthede rakende die tuin, sowel as die pastorie sou die verantwoordelikheid van die Boukommissie wees.<sup>369</sup>

Ds. Du Toit was die waarnemende voorsitter by die kerkraadsvergadering op 24 Julie 1958, aangesien ds. Du Preez op 24 Julie 1958 oorlede is. Dit wil blyk dat hy slegs enkele maande in Reitzparkgemeente was toe hy oorlede is. Daar is egter ongelukkig leemtes in die notule van die plaaslike gemeente, wat nie spesifiek sy aankoms in die gemeente aantoon nie.

Die nodige begrafnisreëlings het om 2:30, op Saterdag, 26 Julie 1958 uit die Kroonheuwelkerk in Kroonstad plaasgevind. Die roudiens is deur ds. McDonald van Hennenman waargeneem. By die geleentheid het twaalf lede van die kerkraad as draers opgetree. Hulle was Z. A. van Staden, J. J. Swanepoel, A. J. du Plooy, D. F. van Tonder, A. H. Strydom, H. J. Pretorius, F. O. Pritchard, T. J. Prins, G. J. Viljoen, J. J. C. Schultz, J. J. van Zyl en E. C. le Roux.<sup>370</sup>

By bovermelde kerkraadsvergadering is ook die hoeksteenlegging van die kerkgebou behandel. Die kerkraad het besluit om nie die datum van die hoeksteenlegging te verander nie. Die datum was steeds 30 Augustus 1958 waarop besluit is. Die kerkraad het ook besluit dat wyle ds. Du Preez se gade die hoeksteen moes lê en dat die bewoording dieselfde moes bly. Die kerkraad het besluit dat ‘Mev’ vooraan op die hoekstaan aangebring moes word, terwyl ‘Ds. Du Preez oorlede 24 Julie 1958’ onderaan op die steen aangetoon moes word.<sup>371</sup>

Die kerkraad het op 9 Augustus 1958 besluit dat ‘n leraar nie voor die einde van Oktober 1958 beroep moes word nie. Die rede hiervoor is nie aangetoon nie, maar moontlik hou dit verband met praktiese oorweginge. Die oorlede leraar se gade was moontlik nog in die pastorie gehuisves. Hoe dit ook al sy, dit is bespiegeling en die notule of aanverwante dokumentasie voer nie die redes aan nie.

‘n Baie netelige aangeleentheid het by genoemde vergadering te berde gekom. Daar is by die kerkraadsvergadering vermeld van kerkraadslede wat hulle skuldig aan drankmisbruik maak. Die opvatting was dat diegene wat op die kerkraad wil dien, ‘n sobere lewe moet voer. Die gedagtegang was dat hulle eerder moes bedank as om hulle

<sup>368</sup> Bylae 16.1 Reitzpark. *Verslag: Staat van die Godsdien, 13. 4. 1958.*

<sup>369</sup> *Kerkraadsnotule Reitzpark, 5. 7. 1958, VKK.*

<sup>370</sup> *Ibid., 25. 7. 1958.*

<sup>371</sup> *Ibid.*

aan sterk drank skuldig te maak. Die kerkraad het dit gerade geag om ouderlinge J.H. Schultz en A.J. du Plooy af te vaardig om sodanige aangeleenthede te ondersoek. Die kerkraad het hulle gemaan om taktvol en ferm op te tree.

Laasgenoemde ouderlinge het ook op die samewerking van die kerkraad staat gemaak, sodat die werk van die Heer en Meester daardeur beter gedien word. Die versoek is ook tot die kerkraad gerig om in die vervolg die nominasies vir kerkraadslede versigtiger te oorweeg.<sup>372</sup> In effek beteken dit dat die kerk strydende, maar ten diepste ook triomferende moet wees. Hiertoe is die kerk geroep om 'n lig in die wêreld te wees. Dit is in die konteks hiervan dat die afgevaardigde ouderlinge op die steungewende bystand van die medebroers in Christus 'n beroep gemaak het.

Die kerkraad het op 6 November 1958 'n beroep op ds. W. P. Roux van Boksborg-Oos uitgebring. Die kandidate wat genomineer is, was di. D. A. Hattingh van Wesselsbron, R. L. Cronje van Breyton, J. O. de Waal van Kroonheuwel, E. J. Matthee van Hermanus, C. A. du Plessis van Middelburg-Suid (Tvl), J. J. K. van der Merwe van Wilgehof, J. D. Heroldt van Brakpan, L. C. S. Haasbroek van Schweizer-Reneke, J. J. Vorster van Kroonstad-Noord, J. J. F. Boshoff van Linden, P. du Toit van Heidelberg (Kaa), A. du Toit van St. Helena.<sup>373</sup>

Dit wil voorkom dat ds. Roux nie die beroep aangeneem het nie, want op 4 Desember 1958 na voltooiing van die nominasielys het die keuse op ds. C. A. du Plessis van Middelburg-Suid (Tvl) geval. Die kerkraad het ook besluit dat die inwyding van die nuwe kerkgebou gedurende die naweek van 6 - 7 Desember 1958 sou plaasvind.<sup>374</sup>

Die gemeente was steeds nie suksesvol om 'n leraar te bekom nie, want op 8 Januarie 1959 is 'n verdere beroep op ds. J. J. de Klerk van Tygerberg uitgebring. Op 'n daaropvolgende kerkraadsvergadering is ds. J. D. Cilliers van Ottosdal andermaal beroep. Op 7 Maart 1959 is ds. A. J. Pienaar van Arcadia, Pretoria beroep. Op 4 April 1959 is weer 'n beroep op proponent W. L. F. Botes van Marquard uitgebring. Hy het die beroep aanvaar en is op Saterdagand, 30 Mei 1959, in die gemeente as leraar bevestig.<sup>375</sup>

In 1959 toe die gemeente nog geen leraar gehad het nie, het die sieletal op 1 237 en die lidmatetal op 596 te staan gekom. In dié tyd was ds. A. du Toit van St. Helenagemeente die konsulent van Reitzparkgemeente. Die kerkraad het toe uit die volgende lede bestaan, nl. Ouderlinge D. F. van Tonder, J. J. Swanepoel, A. J. I. Wasserman, G. J. Viljoen, I. S. du Plessis. Die skriba en kassier was G. J. Viljoen.<sup>376</sup>

Na 'n kort verblyf van ds. Botes in die gemeente het hy sy demissie by 'n kerkraadsvergadering op 10 September 1961 ontvang. Hierna is oorgegaan tot die

<sup>372</sup> Ibid., 9. 8. 1958.

<sup>373</sup> Ibid., 6. 11. 1958.

<sup>374</sup> Ibid., 4. 12. 1958.

<sup>375</sup> Ibid., 8. 1. 1959, 6. 2. 1959, 7. 3. 1959, 4. 4. 1959, 29. 4. 1959.

<sup>376</sup> *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk*, 1959, p. 317, VKK.

beroep van 'n ander leraar. Uit 'n groslys van twintig name is ds. J. F. Kelber van Barkly-Wes beroep.<sup>377</sup> Die kerkraad het by 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering wat op 7 Oktober 1961 gehou is, besluit dat ouderling R.M. Britz vir ds. Botes aan sy nuwe gemeente moes afgee.<sup>378</sup>

Die feit dat die gemeente sonder 'n leraar was, het meegebring dat op 'n kerkraadsvergadering van 11 November 1961 ds. D. W. Krynauw van Welkomgemeente beroep is. Hierdie beroep het daartoe aanleiding gegee deurdat ds. Kelber van Barkley-Wes nie die beroep aanvaar het nie. Met die stemming by bovermelde vergadering was daar egter 'n tweestryd tussen ds. Krynauw en prop. E. L. de Kok. Die uiteindelijke keuse het op ds. Krynauw neergekom.<sup>379</sup>

Met die oog op die verkryging van 'n leraar is 'n kerkraadsvergadering op 18 Desember 1961 gehou. 'n Groslys van agt name is opgestel en na die eerste stemming word daar tussen ds. H. B. Heymans en ds. Kellerman gestem. Na aanleiding hiervan is ds. Heymans as leraar na die gemeente beroep.

Ds. B. R. Buys van Bedeliagemeente het as waarnemende voorsitter by bogenoemde vergadering opgetree. Die kerkraadslede wat by die betrokke vergadering teenwoordig was, is ouderlinge G. J. Landman, P. J. Badenhorst, H. J. Prinsloo, A. M. Boshoff, P. J. van Huyssteen, A. L. J. Coetzer, T. J. Prins, J. A. C. van der Merwe, W. F. Potgieter, A. J. du Plooy, P. Goosen, L. du Pisanie, D.P. Boshoff, P. J. L. Breytenbach, A. H. J. Strydom, F. J. Spies. Die diakens was B. Saaiman, W. H. Oosthuizen, F. Mostert, J. C. C. Smit, H. Olivier, D. H. J. van Rensburg, D. de la Querre, J. J. Lombaard, G. Coetzee, M. Barnardo, W. J. van Dyk, J. Mc Carthy.<sup>380</sup> Daar is vir S. P. le Roux, P. J. Theron en G. J. van Wyk se afwesigheid verskoning gemaak.

Dit was nooit die bedoeling van God dat die mens ledig sonder werksbetragting moet wees nie. Dit is in die lig hiervan dat God die mens in die tuin van Eden geplaas het, om te bou en te bewaar (Gen.2:15). Dit is presies wat dié gemeente en al die gemeentes in die Goudveld gedoen het. Al die eer dus aan God.

### 3. 6 INTERPRETATIEF EN GEVOLGTREKKING

#### 3. 6. 1 INTERPRETASIE

Odendaalsrus het as die oudste dorp in die Goudveld in 1946 'n tydperk van woelinge beleef, toe 'n bevolkingstoename in die Goudveld plaasgevind het. As 'n dorp met 'n gevestigde infrastruktuur het talle mense wat na die Goudveld gekom het, gehoop om huisvesting in Odendaalsrus te kry. Ongelukkig was huisvesting 'n groot skaarste wat juis een van die redes was, wat tot die stigting van Welkom aanleiding gegee het.

<sup>377</sup> *Kerkraadsnotule Reitzpark*, 10. 9. 1961, VKK.

<sup>378</sup> *Ibid.*, 10. 9. 1961.

<sup>379</sup> *Ibid.*, 11. 11. 1961.

<sup>380</sup> *Ibid.*, 18. 12. 1961.



In dié tyd was ds. W.R. de Kock leraar van die Moedergemeente van Odendaalsrus, toe die gemeente deur die mynboubedrywighe geraak is. Na aanleiding van die toename in lidmatetal en die gevolglike wyke wat ontstaan het, het die gemeente 'n reusetaak gehad om al die gemeentelike verpligtinge na te kom. Selfs na afstigting van gemeentes het dit vir een leraar 'n enorme taak gebly om al die werk te behartig. Die Moedergemeente van Odendaalsrus het steeds in die vroeë vyftigerjare 'n groot aantal lidmate van ongeveer 2000 gehad en vir een leraar was dit 'n onmoontlike taak om al die gemeentelike werk effektief te verrig. By Welkom en St. Helena het selfstandige gebiede tot stand gekom wat slegs 'n gemeenskaplike band met die leraar van Odendaalsrus gehad het.

Na aanleiding van die gebiedsuitbreiding is baie tyd in beslag geneem deur persele vir toekomstige gemeentes in die onderskeie gebiede te bekom. Ds. De Kock het deur middel van goeie betrekkinge met die mynbou-owerheid dikwels daarin geslaag om geskikte persele vir toekomstige gemeentes te kry.

Die Moedergemeente van Odendaalsrus het ook heelwat aandag aan die sending gegee, veral die groot aantal swartes wat in die Goudveld werksaam was. Daar is ook aandag aan die onderwys gegee, veral die opvoeding van kinders waarvoor ds. De Kock 'n passie gehad het. Hy het in 1954 die pos as Organiserende Sekretaris en Sending onder die Jode aanvaar.

In 1950 is die 50-jarige herdenking van die Moedergemeente van Odendaalsrus gevier en die gemeente kon met groot dankbaarheid terug dink aan die genadewerk wat die Here deur sy kerk vermag het.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het 'n uitbreidingstendens van gemeentes in die Goudveld plaasgevind, wat aanvanklik by die Moedergemeente van Odendaalsrus begin het. Namate nuwe gebiede deur die invloed van die mynbou-ontwikkeling ontstaan het, was die kerk nietemin verplig om daarmee rekening te hou. Uiteraard kan 'n gemeenskap nie volledig en behoorlik funksioneer sonder die invloed van die kerk nie. Selfs die mynbousektor was moontlik bewus dat geen kwalitatiewe werknemers sonder die invloed van die kerk moontlik is nie. Daarom was dit in belang van die mynbou-owerheid om hulle samewerking aan die kerk te gee waar dit enigsins moontlik is. Na gelang hiervan het die mynwese dikwels die gemeentes in vele opsigte met geskikte transaksies om erwe en die verhuring van sale of huise tegemoet gekom.

In die Goudveld het 'n nywerheidsomwenteling plaasgevind, omdat mielielande vir myne en dorpsgebiede moes plek maak. Derhalwe het elke gebied mettertyd 'n eie omvangryke infrastruktuur ontwikkel, sodat Welkom uiteindelik uit verskillende voorstedelike gebiede bestaan het. Derhalwe is daar vir die verskillende voorstedelike gebiede in die Goudveld op kerklike gebied voorsiening gemaak. Elkeen van die gebiede en dorpe soos St. Helena, Dagbreek, Bedelia, Allanridge, Harmonie, Reitzpark, Welkom en Virginia het sy eie historiese verloop van kerklike of gemeentelike ontwikkeling gehad, wat uiteindelik selfstandige gemeentes geword het.

Derhalwe is die goudvonds wat in 1946 gemaak is en die ekonomiese ontginbaarheid daarvan, die gevolg van die gebiede en dorpe waarin die onderskeie gemeentes deur die invloed en arbeid van die kerk tot stand gekom het. Op dié wyse kan die kerk se rol vir 'n beter samelingslewe gedurende die pioniersjare nie onderskat word nie. Dermate het die kerk ook sy invloed op onderwysgebied laat geld, omdat die meeste Afrikaanssprekende skole 'n Christelike karakter openbaar het. Daar is selfs gereeld in die *Verslae van die Staat van Gods* vrae oor die skoolgang van kinders gestel, 'n bewys dat die kerk daadwerklik in die welsyn van sy lidmate en kinders omgesien het.

Die roepingsbewustheid van die kerk in die Goudveld, is 'n bewys van die belangrike grondwerk wat met toewyding en doelgerigheid uitgevoer is.

### 3.6.2 GEVOLGTREKKING

Die ontwikkeling op kerklike gebied kan nie begryp word sonder die invloed van die mynbou-ontwikkeling nie. Die toename van lidmate moes op kerklike gebied geakkommodeer word, sodat die ontplooiing van sommige wyke tot afstigting van die Moedergemeente van Odendaalsrus gelei het. Hierdeur is die taak van effektiewe geestelike bearbeiding vergemaklik, omdat die werk in die moedergemeente vir een leraar te veel was. Ds. De Kock kon onmoontlik nie al die werk behartig nie, veral nie na die ontdekking van ekonomies-ontginbare goud toe daar 'n groot toestroming van lidmate na die Goudveld was nie. Die kerkraad was bewus van ds. De Kock se veeleisende taak in die gemeente, maar het eers aan die einde van 1952 vir ds. J.J. Vorster beroep. Die rede dat ds. Vorster eers aan die einde van 1952 as hulpprediker na die gemeente beroep is, is moontlik aan die finansiële posisie van die gemeente te wyte. In 1950 is Welkom van Odendaalsrus afgestig en St. Helena was daarby ingesluit, alhoewel laasgenoemde eers in 1952 as gemeente gestig is. Die daaropvolgende afstigtings soos Allanridge in 1953 en Odendaalsrus-Oos in 1955 het gevolg.

In die lig hiervan is dit duidelik dat ds. De Kock in die begin van gemeentelike afstigtings in die vroeë vyftigerjare, 'n toonaangewende rol vervul het. Alle relevante aangeleenthede soos die onderhandelinge van kerkeiendomme en die finansiële aangeleenthede wat daarmee gepaardgegaan het, het hoofsaaklik van ds. De Kock se leiding afgehang. Daarteenoor het die beplanning en ontplooiing van toekomstige gemeentes die grootste omsigtigheid geverg, omdat groot bedrae op die spel was. Die voortdurende skepping van dorpsgebiede en meegaande ontwikkeling, het die kerk genoop om voortdurend daarmee rekening te hou. As 'n dorp gestig is, het dit noodwendig 'n funksionele infrastruktuur geïmpliseer wat ook eiendomme vir die kerk geverg het. Die doelmatige beplanning en voorsiening van sodanige eiendomme het groot inspanning en eise aan die kerk gestel. Afgesien van al die ontberinge en inspanning om die werk van die Here op die Goudveld te bevorder, het die vrugte van die moeisame arbeid nie uitgebly nie.

Ten laaste is die gemeentes vandag ‘n bewys van die kerk se erns om die opdrag van die evangelie uit te dra: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom” (Mark. 16:15). Gevolglik al die dank en lof aan die Here, omdat Hy aan Sy kerk die genade gegee het, om Sy opdrag in ‘n moeilike arbeidsveld uit te voer.

.....

## HOOFSTUK 4

### DIE GEREFORMEERDE KERK VAN ODENDAALSRUS SE AANVANKLIKE BEARBEIDING IN DIE GOUDVELD

#### 4. DIE MOEDERGEMEENTE SE BEARBEIDING VAN LIDMATE IN ODENDAALSRUS

##### 4.1 AGTERGRONDSKETS

In die tyd tussen 1907 en 1927 is die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus ten nouste met H. S. van der Walt (Oom Fanie) verweef. Odendaalsrus en Theunissen was tot 1907 een wyk van Ventersburg. Hierdie wyk is deur ouderling Van der Walt bedien wat vanaf die Vetrivier tot aan die Vaalrivier gestrek het.<sup>1</sup> Nadat ds. T. N. Venter in 1907 predikant van Ventersburg geword het, is Theunissen kort daarna tot 'n afsonderlike wyk verklaar. In 1919 is ouderling Van der Walt oorlede en hy is deur ouderling G. van der Berg opgevolg. Na enkele jare het ouderling Van der Berg vir ouderling H. J. (Herklaas) Venter vervang.<sup>2</sup>

In 1907 het Odendaalsrus as wyk uit sowat vier huisgesinne bestaan, hoewel meer gesinne mettertyd bygekom het. Die eerste gesin was D. Cronje wat ongeveer in 1910 in Odendaalsrus aangekom het.

Daarbenewens het ds. G. Kruger van Parys in 1927 as destydse konsulent van Ventersburg, die eerste erediens in Odendaalsrus en wel in die Ned. Geref. Kerk waargeneem.<sup>3</sup> In dieselfde jaar het ouderling Venter met die Stadsraad van Odendaalsrus oor kerkgrond onderhandel. In dié tyd het die eerste sprake van afstigting van Ventersburg te berde gekom. Die onderhandelinge is in Julie 1929 voortgesit nadat die Kerkraad van Ventersburg 'n kommissie vir dié doel benoem het. Die kommissie het daarin geslaag om die huidige standplaas van die kerk in Odendaalsrus te verkry.<sup>4</sup>

In Maart 1928 is ds. Jacs van Rooy in die gemeente van Ventersburg as predikant bevestig. Die kerkraad het in Augustus 1928 op voorstel van ouderling Venter besluit om nog 'n wyk in Odendaalsrus te stig. Die kerkraadslede wat toe alreeds in daardie gebied diens gedoen het, was ouderling Venter en diaken G. J. Steyn (van Ventersburg). Op grond van dié verwickelinge is ouderling H. S. (Schalk) van der Walt en diaken A. van der Walt as kerkraadslede vir die nuwe wyk geskies. Nietemin is M. F. Heyns later as diaken in die plek van G. J. Steyn gekies.

---

<sup>1</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18. 2. 1933 - 13. 2. 1954. 1.1.1, P. A.

<sup>2</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus, 1933 - 1958*, p. 5.

<sup>3</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18. 2. 1933 - 13. 2. 1954. 1.1.1, P. A.

<sup>4</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 5.

Intussen was daar ontevredenheid in die N.G. Kerk van Wesselsbron oor die instelling van nagmaalke kies, sodat van die kerk se lidmate by die Gereformeerde Kerk in Ventersburg aansoek om lidmaatskap gedoen het. Daar het dus korrespondensie tussen die N. G. Kerkraad van Wesselsbron en die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk in Ventersburg ontstaan.<sup>5</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering van 1 Junie 1929 in Ventersburg, is 'n versoek van Odendaalsrus tot afstigting deur J. S. van der Walt voorgehou. Praktiese oorweginge soos die afstand tussen Odendaalsrus en Ventersburg is as 'n belangrike rede voorgehou. Die lidmate in Odendaalsrus het ook sterk gevoel oor die nagmaalbediening wat by hulle ten minste vierkeer per jaar bedien word. Die versoek was gereeld aan ds. Van Rooy gerig as hy Odendaalsrus besoek het met die doel om eredienste daar te hou. Die kerkraad het besluit om die aangeleentheid van afstigting na die Algemene Vergadering te verwys en dat ten minste vier eredienste in Odendaalsrus per jaar gehou behoort te word. Met inbegrip hiervan moes vir minstens een nagmaalbediening voorsiening gemaak word.<sup>6</sup>

Die kerkraad het op 19 Julie 1929 oor die moontlike afstigting van Ventersburg, die Stadsraad van Odendaalsrus vir erwe genader. Die Stadsraad het nietemin die erwe toegestaan, hoewel die wettige oordrag van die eiendom slegs met die afstigting van Odendaalsrus as 'n selfstandige gemeente kon geskied.<sup>7</sup>

Op 30 November 1929 het die saak van afstigting van Odendaalsrus weer by 'n kerkraadsvergadering te berde gekom. Die kerkraad het besluit om die versoek van Odendaalsrus sonder aanbeveling na die Algemene Vergadering te stuur. Ouderling H. S. van der Walt het namens die lidmate van Odendaalsrus-wyk, die saak van afstigting by die Algemene Vergadering gedurende Januarie 1930 gehanteer. Die kerkraad het op 30 November 1929 besluit dat Odendaalsrus intussen fondse vir kerkbou kon insamel.<sup>8</sup> Dit opsigself skep die indruk van 'n tentatiewe besluit waartoe die kerkraad gekom het. By wyse van toeligting is die Algemene Vergadering die één vergadering waaronder gemeentes van 'n streek of provinsie ressorteer.<sup>9</sup>

By 'n kerkraadsvergadering van 1 Maart 1930 is die verslag van die Algemene Vergadering rakende Odendaalsrus se afstigting deurgegee: 'Die Kerkraad van Ventersburg word geadviseer dat Odendaalsrus filiaal bedien word, en dat sy doel tot afstigting steeds in die oog gehou moet word.'<sup>10</sup>

Hierna is 'n periode van stryd ontketen omdat elkeen sy eie verklaring van die besluit van die Algemene Vergadering gegee het. Die stryd was van so 'n aard dat na 'n kerkraadsvergadering in September 1930, diakens M. F. Heyns en A. van der Walt en

<sup>5</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18. 2. 1933 - 13. 2. 1954. 1.1.1

<sup>6</sup> Ibid.

<sup>7</sup> Ibid.

<sup>8</sup> Ibid; G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus...*, p. 6.

<sup>9</sup> *Die Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, 1934, p. 79.

<sup>10</sup> Ibid.

ouderling H. S. van der Walt die kerkraad bedank het. Hierdie gebeure is met die hulp van 'n naburige kerkraad sowel as die van die Algemene Vergadering genormaliseer.<sup>11</sup> Alhoewel 'n kommissie deur die Kerkraad van Ventersburg benoem is. Die kommissie het uit ds. Van Rooy en 'n ouderling van Ventersburg, sowel as uit kerkraadslede van die wyk Odendaalsrus bestaan. Die taak van die kommissie was om die aangeleentheid van Odendaalsrus se afstigting te ondersoek. Die kommissie het in die huis van ouderling K. Erasmus vergader. Die kommissie se verslag is by 'n kerkraadsvergadering in Julie 1931 voorgelê en dit is feitlik in sy geheel deur die kerkraad aanvaar.<sup>12</sup>

In 'n verslag van 5 September 1932 het die lidmate van Odendaalsrus die Kerkraad van Ventersburg versoek om afstigting aan te beveel. Op 'n kerkraadsvergadering van 12 Januarie 1933 is 'n kommissie saamgestel om die voorwaardes van afstigting te hanteer. Die kommissielede het uit kerkraadslede soos onder andere: J. H. Venter, W. J. A. Wessels, J. D. Venter, D. J. Fourie en die voorsitter bestaan.<sup>13</sup>

Enkele van die voorwaardes was dat Odendaalsrus ten minste vier keer per jaar deur 'n predikant van Ventersburg bedien word. Derhalwe om ook nie die verbintenis met Ventersburg te verbreek voordat laasgenoemde gemeente nie amptelik toestemming daartoe gegee het nie.<sup>14</sup>

Die afstigting van Odendaalsrus het met groot blydschap gepaardgegaan, want: "Groot was die blydskap en hartlik die welkom toe die deputate vir afstigting die Saterdagoggend, 18 Februarie 1933 op Odendaalsrus aankom. Die hele gemeente, miskien met 'n enkele uitsondering, het vir hierdie geleentheid ingekom. Ook tentwaens kon ons van veraf al sien. Dit het ons al dadelik in 'n feesstemming gebring."<sup>15</sup>

Die afstigting van Odendaalsrus van Ventersburg het op die afstigtingsvergadering van 18 Februarie 1933 plaasgevind. Die deputate van die Algemene Vergadering van die O.V.S. by die betrokke vergadering was die volgende: Ds. G. H. J. Kruger van Parys, ouderling M. J. Slabbert van Kroonstad, ds. Jacs van Rooy, ouderling J. D. Venter van Ventersburg, asook die kerkraadslede van Odendaalsrus: H. J. Venter en W. J. A. Wessels en diakens A. J. Venter en J. P. Venter. Die lidmate wat teenwoordig was, is soos volg: D. Wessels, C. Erasmus, M. F. Heyns (Snr.), H. S. van der Walt (Jnr.), C. G. van der Watt (Snr.), J. Reynders, A. van der Walt, D. J. van der Walt, D. Bester, W. Pretorius, J. R. Hall, L. Kruger, I. Scott, E. Scott, M. Heyns (Jnr.), H. Kruger, H. Benter, J. Venter, J. S. (Schalk) van der Walt en ander belangstellendes.<sup>16</sup>

Nadat ds. Kruger die voorsitterstoel ingeneem het, het hy voortgegaan in gebed. Hy het daarna uit Ps. 72: 11-20 geles en enkele paslike woorde gespreek, voordat die gewone

<sup>11</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 6.

<sup>12</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18. 2. 1933 – 13 .2. 1954, P. A; Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, ...p. 6.

<sup>13</sup> Ibid.

<sup>14</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 7.

<sup>15</sup> *Die Kerkblad*, 15.3.1933, p. 475.

<sup>16</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, p.7.

prosedure van afstigting gevolg is. Hierna het die voorsitter die vergadering meegedeel dat die Algemene Vergadering toestemming tot afstigting gegee het. Die afstigtingsvoorwaardes is toe voorgelees wat die volgende omvat het: 1) “Alle skulde en eindomme bly onder die naam van Ventersburg, dit wil sê, Odendaalsrus sien af van alle regte wat hulle in Ventersburg besit, maar word verder nie verantwoordelik gehou vir skulde, wat op die naam van Ventersburg aangegaan word nie. Diaken A.J. Venter sal nog steeds gekollekteerde traktement stort, en bydraes van wyke Odendaalsrus vir die dankoffer 1932 bly die bate van Ventersburg. Vanaf 1 Januarie 1933 word Odendaalsrus vir sy eie onkoste verantwoordelik gehou, en kan hy die agterstallige traktement vir hom self invorder; 2) Odendaalsrus sal vier keer ‘n jaar deur die predikant van Ventersburg bedien word; 3) Odendaalsrus stuur vir die dienste van die leraar jaarliks £40 aan die kassier van Ventersburg, in vier paaiemente te betaal, nl. Februarie, Mei, Augustus en November; 4) Reiskoste, koste van huisbesoek ensovoorts word met die leraar self gereël; 5) Grense tussen die twee gemeentes is: Virginia, Doringpan, Hofontein; 6) Odendaalsrus tree nie uit die kombinasie nie sonder toestemming van Ventersburg.”<sup>17</sup>

Op grond van ‘n voorstel het die meerderheid van die afgevaardigdes besluit om die voorlopige gemeente in drie wyke te verdeel.<sup>18</sup> In opvolging hiervan is die eerste kerkraadslede vir ‘n eie selfstandige gemeente van Odendaalsrus gekies. Hulle is ouderlinge J. H. Venter, W. J. A. Wessels, H. S. (Schalk) van der Walt (wat ook Skriba en Kassier was) en diakens J. P. Venter, A. J. (Andries) Venter met inbegrip van D. J. van der Walt. Laasgenoemde was nie in daardie stadium bereid om op die kerkraad te dien nie. A. van der Walt is toe in sy plek verkies.<sup>19</sup>

#### 4.2 DIE PERIODE VAN AFSSTIGTING 1933 - 1961

Na afstigting het die kerkraadslede van Odendaalsrus vir ‘n onbepaalde tyd in die huis van Dorie (Ouma) De Beer vergader. Die Sondagoggend- en middagdienste is met vergunning in die N. G. Kerksaal gehou. Die Sondagaand se dienste is in die huis van C. Erasmus gehou. In dié tyd, dit wil sê, in 1934 het die gemeente ses-en-setig belydende en drie-en-veertig dooplidmate gehad. In effek het die lidmatetal op ‘n totaal van honderden-nege te staan gekom.<sup>20</sup>

Die behoefte aan ‘n eie kerkgebou het om praktiese redes al hoe dringender geword. Gevolglik is ‘n kerkraadsvergadering vir 19 Mei 1934 belê om die aangeleentheid te bespreek. Derhalwe is ‘n gekose boukommissie by die vergadering saamgestel om ‘n generatiewe boufonds vir die doel van kerkbou inwerking te stel.<sup>21</sup> Die boukommissie het besluit om kollektelyste uit te gee om bydraes in te vorder. Hierdie lyste het teen November in 1934 die bedrag van £6. 3s. 8d. opgelewer en bykans twee jaar daarna is op ‘n vergadering van 8 Februarie 1936 gerapporteer dat £117 ontvang is, terwyl £60 nog moes bykom weens beloftes wat daarvoor gemaak is. In effek het dit op ‘n totale bedrag

<sup>17</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 18. 2. 1933, P. A.

<sup>18</sup> Ibid.

<sup>19</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, p. 8.

<sup>20</sup> *Die Almanak*, 1934, p. 79.

<sup>21</sup> Ibid.

van £177 te staan gekom. Die gemeente het toe uit nege-en-sewentig belydende en sewe-en-veertig dooplidmate bestaan.<sup>22</sup> Ds. Van Rooy het die behoefte aan 'n kerkgebou so verklaar: “Ons het kerk gehou in die ou sinksaal, en sou nog dikwels van die gasvryheid aldaar gebruik maak. Maar vroeg-vroeg al het die verlange ontstaan na 'n eie saal. Mens voel tog maar meer tuis in jou eie goed, en die ou saal was darem so groot, ons groepte het weggeraak daarin.”<sup>23</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering van 10 Mei 1936 het die kerkraad 'n uitsonderlike besluit geneem, nl. Om elke kerkraadslid vir 'n oortrekking van £200 te laat teken. Hierdie besluit is geneem nadat die verslag van die boukommissie behandel is. Die oortrokke bedrag sou later by die gemeentelid gekollekteer word. Die kerkraad het ook besluit om die tender van R. Melverson van £300 te aanvaar, terwyl die kerkraad die verantwoordelikheid aanvaar het om toe te sien dat die boumateriaal van Hennenman na Odendaalsrus aangevry word. Die lidmate sou daarvoor behulpsaam wees. Die kerkraad het verder besluit dat D. P. du Plessis rakende die bouwerk namens die boukommissie kon optree en om toesig daaroor te hou. Nadat die verslag in 'n gemeentevergadering behandel is, is dit aanvaar en goedgekeur.<sup>24</sup>

Intussen het die bouwerk van die kerk so flink gevorder dat die 7 en 8 November 1936 'n groot dag in die geskiedenis van die gemeente was, toe die kerkgebou ingebruik geneem is. Die Saterdagoggend om 11:00 was daar 'n optog van feesgangers vanaf die Ned. Geref. Kerksaal na die nuwe kerkgebou. Ds. Van Rooy het almal voor die kerkgebou hartlik bedank wat tot die bou van die kerk bygedra het. Hierna het hy die deure van die kerk oopgesluit en die feesgangers is toegelaat om in die kerk in te gaan. Prof. C. J. H. de Wet van die Potchefstroomse Teologiese Skool, ds. G. H. J. Kruger van Parys en ds. W. R. de Kock van die N. G. Kerk was teenwoordig. Die kerkraad van die suster gemeente en ouderling K. Steyn van die Moedergemeente van Ventersburg, het as deputaat die geleentheid bygewoon.

Die gemeente het dit as 'n eer beskou om vir Prof. De Wet in hul midde te kon hê. Hy het namens die Teologiese Skool van Potchefstroomse Universiteit die gelukwensinge oorgedra en die feesrede waargeneem.<sup>25</sup>

Hy het 'n pragtige rede gehou oor Matt 5:14: “'n Stad op 'n berg, en die gedagte ontwikkel dat die Kerk die stad van God is, 'n ligpunt in die donker, 'n sterk vesting in die nood, gebou op 'n vaste fondament. Daar is ook 'n wêreld, van die wêreldgees, soos die stad Babel van Nimrod en eindelijk die grote stad Babilon van die toekoms, die stad

<sup>22</sup> *Almanak: Statistieke Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, 1 Julie 1934 – 30 Junie 1935, pp. 35-36.

<sup>23</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Vrystaatse Goudvelde 1933 – 1983* (Ongep. ThB kandidaatsskripsie, Potchefstroom, Julie 1990), pp. 15 - 16.

<sup>24</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 10. 5. 1936, P.A; G. J. J. Venter e. a. (reds.) *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 8.

<sup>25</sup> *Die Kerkblad*, 2. 12. 1936, p. 20.



van die sondemens, wat bestem is om onder te gaan, terwyl ewig bly die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde.”<sup>26</sup>

Die gemeente was bly om ook ds. Kruger by hulle te hê, omdat hy vir hulle soos ‘n vader was. In die verlede het hy die gemeente met die afstigting bygestaan, sodat sy teenwoordigheid by die inwyding ook vir hulle ‘n hoogtepunt was. Hy het namens die Algemene Vergadering die gelukwensing oorgedra aan die gemeente, terwyl ouderling K. Steyn dit vir die Moedergemeente van Ventersburg gedoen het. Hierna het ds De Kock van die Ned. Geref. Kerk van Odendaalsrus, die gelukwense namens sy kerkraad en gemeente oorgedra. Hierna het ds. Van Rooy op sy beurt namens die gemeente kortliks gepraat. Hy het almal hartlik bedank vir hulle teenwoordigheid en vir diegene wat bygedra het om die besondere geleentheid moontlik te maak.

Na afloop van al die formaliteite is die feesgangers genooi om ‘n ete in die kerksaal te nuttig wat deur die susters van die gemeente georganiseer is. Hierdie geselligheid wat die susters gereël het, was ‘n groot sukses en “‘n mooi sommetjie is daar bymekaar gebring.”<sup>27</sup> Hulle het ook die klok vir die kerkgebou geskenk.

Met die opvolgende gebeure is die voorbereidingsdiens die Saterdagmiddag deur ds. Kruger behartig en hy het oor Gen 46:1 gepraat. Hy het veral die klem laat val op die offerande van Jakob te Berseba, die gedenkplek: “So moet die kerk ook sy gedenktekens hê.”<sup>28</sup>

Die Saterdagmiddag is met ‘n lesing van Prof. C. J. H. de Wet oor die onvervulde profesieë opgevolg. Hy het dit op so ‘n wyse verduidelik dat dit vir die aanwesiges uiters insiggewend was. Die Sondagoggend was nagmaal en Prof. De Wet het Joh. 15:15 behandel: “Ek noem julle nie meer diensknegte nie, maar ek het julle my vriende genoem.”<sup>29</sup> Die aanwesiges was deur die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakrament versterk.

Die Sondagmiddag was vir die kinders gereël en ds. Kruger het met hulle oor 1 Kor 6:20 gepraat: “Want julle is duur gekoop.”<sup>30</sup> Hy het op die reinheid van liggaam en gees gewys, die feit dat Christus daarvoor gesterwe het. Eweseer dat dit ‘n tempel is waarin die Heilige Gees is. Die gedenkfees is as ‘n groot seën beskou sodat die gemeente daarop kon voortbou.<sup>31</sup>

Op ‘n kerkraadsvergadering van 8 November 1941 het ds. Van Rooy die vergadering meegedeel dat hy ‘n beroep na Pietersburg aangeneem het. Gevolglik is die skriba deur die kerkraad versoek om met die konsulent te onderhandel, ten einde die losmaking van

---

<sup>26</sup> Ibid.

<sup>27</sup> Ibid.

<sup>28</sup> *Die Kerkblad*, 2. 12. 1936, p. 20.

<sup>29</sup> Ibid.

<sup>30</sup> *Die Kerkblad*, 2. 12. 1936, p. 20.

<sup>31</sup> Ibid.

ds. Van Rooy op die tweede Sondag in Januarie 1942 moontlik te maak.<sup>32</sup> Ouderlinge J. P. van Jaarsveld en H. S. van der Walt het die kerkraad van Odendaalsrus op die kombinasievergadering saam met Ventersburg se kerkraad verteenwoordig. Die vergadering het besluit op 'n tweetal-kandidatuur vir beroepdoeleindes. Di. J. L. Vorster van Durban en Booysen van Frankfurt was die tweetal waarop die kombinasievergadering besluit het.<sup>33</sup>

Die gemeente van Odendaalsrus het op sy beurt op 10 Februarie 1942 'n kerkraadsvergadering gehou om 'n predikant te beroep. Derhalwe is die kerkraadslede C. G. van der Watt en C. P. Steyn benoem om die stemme wat op die vergadering uitgebring is na Ventersburg te neem, sodat dit aan 'n tellingsvergadering voorgelê word. Nadat die prosedure by die betrokke vergadering afgehandel is, is ds. Vorster beroep. Op 12 April 1942 is 'n brief van ds. Vorster voorgelees waarin hy die kerkraad meedeel dat hy die beroep aanvaar het. Die reëlins vir die ontvangs van ds. Vorster is ook by die vergadering bespreek en gevolglik is 'n kommissie vir die doel saamgestel. Die betrokke kommissie het uit H. S. van der Walt, J. P. Venter en M. L. Pretorius bestaan. Die kerkraad het ook besluit om die N. G. Kerkraad met hul eggenotes, die Stadsraad van Odendaalsrus, die skoolhoof met sy personeel, asook die gemeentelede van Ventersburg vir die ontvangs van ds. Vorster uit te nooi. Hiervolgens is ouderlinge J. P. van Jaarsveld en H. S. van der Walt benoem om die Kerkraad van Odendaalsrus met die bevestiging van ds. Vorster in Ventersburg op 30 Mei 1942 te verteenwoordig.<sup>34</sup>

#### 4.3 DIE ONTDEKKING VAN GOUD

Die ontdekking van Goud op die plaas geduld 1946 het 'n geweldige impak op die ontwikkelingsgang van die gemeentes gehad. Die voortdurende instroming van mense na die Goudveld het bepaalde infrastrukture tot gevolg gehad. Desnieteenstaande het die kerk as 'n belangrike samelewingskomponent ook nie agterweë gebly nie.

Ds. Vorster se verblyf was van korte duur omdat hy op 'n kerkraadsvergadering van 20 Maart 1944 bekend gemaak het, dat hy 'n beroep na Johannesburg-Oos aanvaar het. Dit het moontlik in 'n groot mate met die pastorie in Ventersburg verband gehou. Die pastorie was nie bevorderlik vir sy vrou se gesondheid nie. Die pastorie was deurentyd nat en klam sodat hy die kerkraad van Ventersburg versoek het, om liever in Kroonstad te woon. Eweseer het hy aan die lidmate in Kroonstad se geestelike verwaarlosing in daardie tyd gedink. Na aanleiding van 'n staking van stemme by 'n kerkraadsvergadering in Ventersburg, het ds. Vorster dit gerade geag om die beroep na Johannesburg-Oos te aanvaar.<sup>35</sup>

Hierna is die kombinasie met Ventersburg verbreek en 'n kombinasie het tussen Kroonstad, Theunissen en Odendaalsrus ontstaan. Dr. Ben de Klerk is beroep en in

<sup>32</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Vrystaatse Goudvelde ...*, p. 17.

<sup>33</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 11. 01. 1942, P. A.

<sup>34</sup> H.J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Vrystaatse Goudvelde ...*, pp.17 - 18; *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 12. 4. 1942, P. A.

<sup>35</sup> *Ibid.*, 20. 3. 1944.

Kroonstad op 28 Augustus 1944 bevestig. Sy verblyf was van korte duur, omdat hy op 14 Oktober 1945 'n beroep na Bloemfontein aanvaar het.<sup>36</sup>

Al hoe meer mense het na die Goudveld gegaan as gevolg van die ekonomiese ontwikkeling, hoewel dit nie so 'n groot effek op die lidmatetal gehad het nie. Dit is ook in 'n mate te wyte aan die vertrek van gevestigde lidmate wat hulle plase vir goudontginningsdoeleindes verkoop het.<sup>37</sup> Prof. P. W. Buys (emeritus-professor) het dit só onthou: 'Dit lyk asof alles in drie jaar kon gebeur het, want die die dinge het so ontsaglik vinnig gegaan. Eers die noodtoestand omdat 'n hele aantal boere hulle grond verkoop en weggetrek het, terwyl die verwagte stroom van intrekkende stedelinge, maar net nie opgedaag het nie. 'n Mens was op een stadium werklik bevrees die kerk gaan leegloop. En toe meteens het die toestroming gekom. Daar het omtrent nie 'n Sondag verby gegaan dat daar nie nuwe gesigte in die kerk was nie.'<sup>38</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering van 31 Mei 1947 het dr. J. M. de Wet aan die kerkraad 'n kombinasie met Odendaalsrus en Theunissen voorgestel, aangesien die kombinasie met Kroonstad oor ses maande sou verstryk. Hy het die voorstel op grond van die ontwikkeling in die Goudveld gemaak. Hy was van mening dat die predikant in Odendaalsrus gesetel behoort te wees, terwyl die kerkraad dit gerade geag het om die aangeleentheid eers met die gemeente van Theunissen te bespreek. In 1947 was daar sewe-en-negentig belydende en sestig dooplidmate in Odendaalsrus.<sup>39</sup> Volgens dr. J. M. de Wet is die volgende opmerklik: 'Die bediening het ingesluit Kroonstad, Ventersburg, Hennenman (wat in 1947 afgestig is), Theunissen met Winburg en Odendaalsrus. En meer as een Sondag het die predikant na 'n volle bediening van huisbesoek, belydeniskatkisasie, kerkraadsvergadering en die hele nagmaalviering met al die dienste op Theunissen of Odendaalsrus, in die middag, na die nabetragtingsdiens, gaan kerkhou op Hennenman en dan nog dieselfde aand gaan preek op Kroonstad. Die Here het ons die krag gegee en met die oog op die snelle uitbreiding op al die verskillende punte, kon dit nie anders nie'.<sup>40</sup>

In die lig van verskeie kerkraadsvergaderings en besprekings is besluit dat Theunissen, Odendaalsrus en Bultfontein 'n kombinasie vorm en dat die voorgenome predikant in Theunissen sou woon. Die beroepskeuse het op P. W. Buys geval en hy het die beroep aanvaar. By 'n kerkraadsvergadering van 7 Februarie 1948 is reëlins getref vir die ontvangs op Saterdag, 13 Maart 1948 om 11:00, sodat die intree-preek die middag om 2:30 met die voorbereidingsdiens gehou word.<sup>41</sup>

<sup>36</sup> Ibid., 14. 10. 1954.

<sup>37</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 9; H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 19.

<sup>38</sup> Ibid.

<sup>39</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 9; H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 20.

<sup>40</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 7. 2. 1948, P. A.

<sup>41</sup> Ibid.

Ds. Buys het sy ontvangs soos volg verduidelik: ‘Die onthaal moes Saterdagoggend half-elf in die ou sinksaal, langs oom Dirk Coetzee se rollermeule begin. Die tafels was gedek soos net Odendaalsrus se susters dit kon doen, maar al wat opdaag is die predikant. Dis naderhand twaalf-uur, half-een en nog geen teken van die gesalfde nie. Klokslag eenuur kom die vaal twee-sit Chev-karretjie die dorp ingeskuiker, rooi van die modder, die jongeling agter die stuurwiel, deur die as geskrik van al die watervloede wat hy moes deurworstel, en oom Jan Jordaan wat die jong dominee vergesel het, kaalvoet en met opgerolde broekspype van al die vasval en stoot. Wat ‘n intog!’<sup>42</sup> Na aanleiding van dié gebeure is besluit dat die kerkraadsvergadering eers gehou moes word, sodat die onthaal tot om vieruur die middag uitgestel is. By die onthaal het dr. De Wet die gemeente gelukkig met die ‘inmoddering’ van hulle nuwe predikant. ‘Wat ‘n intog!’<sup>43</sup>

In die gemeente het die dinge vinnig begin ontwikkel, omdat die kerkraad alreeds in Maart 1948 die noodsaaklikheid vir die beplanning van ‘n pastorie besef het. Die rede vir ‘n pastorie is te danke daaraan dat daar reeds tekens was dat die gemeente selfstandig kon funksioneer. Op ‘n gemeentevergadering van 13 Maart 1948 is besluit, om £400 van ‘n noodleningsfonds vir die aanwending van die boufonds te gebruik. Hierdie fonds het intussen tot ‘n bedrag van £800 aangegroei.<sup>44</sup>

In die proses van gemeentelike ontwikkeling het die kerkraad op 21 Februarie 1949 op ‘n buitengewone kerkraadsvergadering besluit, om ‘n sub-ekonomiese huis as pastorie van die Munisipaliteit van Odendaalsrus aan te koop. In die lig van dié verwickelinge is ‘n kommissie saamgestel en dit het kerkraadslede soos J. P. van Jaarsveld, D. J. Coetzee en I. D. van der Walt ingesluit. Hulle taak was om onderhandelinge te voer en die kooptransaksie waar nodig af te handel.<sup>45</sup>

By dieselfde kerkraadsvergadering was Theunissen nie bereid om £15 meer tot die traktement van die predikant by te dra nie, maar slegs die £135 soos met die kombinasie ooreengekom is. Hulle was dus nie bereid om meer as die bepaalde bedrag van £135 te gee nie. Die aangeleentheid het weer op ‘n kerkraadsvergadering van 9 April 1949 ter sprake gekom, waar daar eenstemmigheid bereik is om wel die ekstra £15 by te gee.<sup>46</sup>

Intussen het daar ‘n toename van lidmate plaasgevind, omdat die gemeente in 1949 honderd-en-twaalf belydende en vier-en-sewentig dooplidmate gehad het.<sup>47</sup>

#### 4. 4 OMVANGRYKE ARBEIDSVELD

Intensiewe eksplorاسies na Goud in die Welkom-gebied het ook tot die ontstaan van mynbounywerhede in die gedeelte van die Goudveld gelei. Die toename van nuwe

<sup>42</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 19.

<sup>43</sup> Ibid.

<sup>44</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 21.

<sup>45</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 21. 2. 1949, P. A.

<sup>46</sup> Ibid., 9. 4. 1949.

<sup>47</sup> Ibid., 13. 8. 1949.

intrekkers in die gebied het die effektiewe bearbeiding van al die lidmate onmoontlik gemaak. Gevolglik het die kerkraad op 8 Oktober 1949 besluit dat Welkom-wyk in drie wyke verdeel word.<sup>48</sup> Dit was nie lank hierna voordat Welkom 'n versoek tot afstigting gerig het nie. In 1951 het die skagte alreeds vanaf Allanridge in die noorde oor Odendaalsrus na Welkom en vandaar na Virginia gestrek. 'n Afstand van ongeveer 30 myl. Die vier plekke sou in die nabye toekoms die woonbuurtes word vir al die myne in die kontrei. Die beplanning was om nie meer as 50 000 inwoners vir elke dorp te hê nie. Na beraming is die inwonertal op sowat 200 000 gestel nadat die myne die maksimale produksie-kapasiteit bereik het. Daar is statisties bereken dat 3. 2 uit elke 100 Gereformeerde lidmate 'n uiteindelijke omvang van ongeveer 6 400 lidmate vir die kerk tot gevolg sou hê. In effek sou dit beteken 'n eie klassis van ongeveer tien bestaande gemeentes. In dié tyd was daar alreeds 18 mynskagte gegrawe, terwyl daar in 1950 nog twee by Allanridge en twee by Virginia bygekom het. Die verwagting was dat teen die middel van 1951 die St. Helena-myn en teen die einde van die betrokke jaar die Welkom-myn met produksie 'n aanvang sou neem. Ondanks die bevolkingsstatistiek wat in 1951 op 10 000 te staan gekom het, is daar nietemin aanvaar dat dit binne tweejaar sou verdubbel.<sup>49</sup>

Hierdie toedrag van sake het 'n wye arbeidsveld geïmpliseer, waarvoor ds. Buys die opmerking gemaak het: 'Daardie tyd het die predikant op Theunissen gewoon. Die drie gemeentes Theunissen, Odendaalsrus en Bultfontein was in kombinasie. Voorts het die arbeidsveld Winburg, Hoopstad, Wesselsbron en Welkom ingesluit met Hennenman as vakante konsulentgemeente, 'n streep-wêreld wat oorkruis gemeet elke keer omtrent 150 myl lank was. Toe was daar nog nie teerpaaië nie – 'n mens moes maar so al in die slote langs aankruip en kort-kort jou teuels styf vat as jy oor die groot kraters wou spring wat die swaar mynverkeer getrap het. Odendaalsrus het net drie of vier steengeboue gehad, die res was, soos die ou kerkie van sink.'<sup>50</sup>

'n Buitengewone kerkraadsvergadering wat in Februarie 1950 belê is, was vir die doel om 'n eie predikant vir die gemeente te beroep. Die belanghebbende persone by die vergadering was: Ds. Buys, dr. De Wet van Kroonstad as deputaat van die Partikuliere Sinode, ouderlinge J. P. van Jaarsveld, C. G. van der Watt, C. P. Steyn, A. J. Venter, P. C. Steyn, J. R. Hall, A. J. de Buys, S. J. D. Renke, J. de Villiers; en diakens H.S. van der Walt, D. J. Coetzee, I. D. van der Walt en D. J. Venter.

Die Voorsitter, ds. Buys, heet almal by die vergadering en vir dr. De Wet welkom en verduidelik kortliks die doel van die vergadering. Ds. Buys het die bedrag van £300 verduidelik en aangevoer dat dit met die uitsluitlike doel gegee is om 'n predikant te beroep. Die betrokke bedrag is van die sustentasiekas in die gemeente van Odendaalsrus ontvang.

<sup>48</sup> Ibid., 8. 10. 1949.

<sup>49</sup> *Die Kerkblad*, 9. 3. 1951, p. 18.

<sup>50</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 22; G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, p. 20.

Die kerkraad is ten gunste om 'n predikant te beroep, maar slegs as die gemeente nie meer in kombinasie met Theunissen en Bultfontein is nie. Die kerkraad het by 'n kombinasie-vergadering op Saterdag, 4 Februarie 1950 besluit oor die moontlike voortgang van die kombinasie-reëlings in die plek van Odendaalsrus. Die kombinasie-reëlings sou slegs tot in Maart 1951 van toepassing wees, wanneer die oorspronklike kombinasie-akte sou verstryk.<sup>51</sup> As gevolg van die besluit is ouderlinge J. P. van Jaarsveld, C. G. van der Watt en C. P. Steyn benoem om die kerkraad op die kombinasie-vergadering op Theunissen te verteenwoordig. Daarbenewens het die kerkraad op 'n tentatiewe bedrag van £700 besluit vir die leraar wat beroep sou word. Daarmee gepaardgaande sou die reiskoste gedurende die bevestiging en wel in die teenwoordigheid van die deputate van die klassis gereël word.<sup>52</sup>

Die moontlike beroep van 'n leraar het 'n pastorie genoodsaak en in daardie stadium was geen sub-ekonomiese huis, om as pastorie te dien beskikbaar nie. Nietemin is die vooruitsig van 'n plaashuis tussen Odendaalsrus en Welkom in die vooruitsig gestel. Die voorneme om met die Stadsraad van Odendaalsrus te onderhandel oor stroke grond, wat later van kerkerwe afgesny word vir die doel van breër strate, is deur die kerkraad behandel. Die kerkraad was van mening om die ingekorte gedeelte van kerkewe in te ruil vir 'n erf, waarop 'n pastorie gebou kon word. Die kerkraad het geglo dat 'n brief in oorleg met die prokureur geskryf word, sodat ds. Buys met die Stadsraad kon onderhandel, indien omstandighede dit enigsins sou regverdig.<sup>53</sup>

Die kerkraad het ook die bouplan van die pastorie wat deur die argitek, I. D. van der Walt opgestel is behandel en goedgekeur. Daarenteë is die boukommissie soos volg saamgestel: C. P. Steyn, P. C. Steyn, A. J. de Buys, D. J. Coetzee en H. S. van der Walt.<sup>54</sup>

Die kombinasievergadering het op 4 Februarie 1950 besluit dat Theunissen daarmee eens is, dat Odendaalsrus uit die kombinasie tree en dat Hennenman bereid is om in te staan vir Odendaalsrus, totdat die kombinasietyd verstryk het. Op 'n kerkraadsvergadering van 11 Februarie 1950 is op 'n tweetal besluit om 'n predikant te beroep, nl. di B. R. Kruger en M. Postma.<sup>55</sup> Eweseer is besluit dat die traktement met die predikant uitgeklaar sou word. Die kerkraad het ook die verantwoordelikheid vir die belasting, elektrisiteit en die verhuisingsonkoste van die predikant aanvaar. Die kerkraad het op 'n gemeentevergadering van 12 Februarie 1950 besluit om ds. M. Postma van De Aar te beroep.<sup>56</sup>

Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering van 3 Maart 1950 is ds. Postma se brief gelees, waarin hy vermeld dat hy nie oor 'n eie motor beskik nie en dat hy van 'n gemeentemotor gebruikmaak. Daarby wou hy weet of Odendaalsrus 'n eie pastorie

<sup>51</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 1. 2. 1950, P. A; H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 23.

<sup>52</sup> *Ibid.*, 1. 2. 1950, P. A.

<sup>53</sup> *Ibid.*, 11. 2. 1950, P. A.

<sup>54</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 23.

<sup>55</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 11. 2. 1950, P. A.

<sup>56</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 24.

beskikbaar het.<sup>57</sup> Die kerkraad het besluit dat die voorsiening van 'n gemeentemotor nie moontlik is nie en aangevoer om geldelik vir die aankoop van 'n motor by te dra, het afgehang van verwickelinge met die oog op 'n eie pastorie.

Die aangeleentheid rakende die pastorie het ouderling J. P. van Jaarsveld voorgestel dat daar na die moontlike aankoop van 'n huis, vir die gebruik van 'n pastorie gekyk behoort te word. Daar is ook aangevoer dat die saak oor die beplande bou van 'n pastorie nie vorder nie en dat probleme met die beskikbaarstelling van 'n erf te lank voortduur. Hiervolgens het diaken I. D. van der Walt, die argitek, die kerkraad onthef van verdere verpligtinge teenoor hom en gevolglik het hy die eerste paalement van £35 as voldoende beskou vir die werk wat hy alreeds gedoen het.<sup>58</sup>

Intussen is die moontlike aankoop van 'n erf vir die bedrag van £8. 5s. op 'n kerkraadsvergadering van 8 April 1950 goedgekeur. Eweseer is die die beskikbare tenders vir die bou van die pastorie by die betrokke kerkraadsvergadering bespreek. Die kerkraad het op voorstel van P. C. Steyn en H. S. van der Walt besluit om die tender van die Strydom-broers te aanvaar. Desgelyks is aan I. D. van der Walt, die argitek, opdrag gegee om met die bouwerk te begin, sodra die kontrak opgestel en onderteken is. By dieselfde geleentheid is aan ouderling C. P. Steyn opdrag gegee om die kontrak namens die kerkraad te onderteken.<sup>59</sup> Die moontlike beskikbaarheid van kapitaal wat nodig mag word, voordat die lening goedgekeur is, is ook by die vergadering behandel. In die lig hiervan is besluit dat die hele kerkraad by Volksskas vir 'n oortrokke rekening van £1 500 sou teken.

Die brief van ds. Postma waarin hy nie verder op die beroep gereageer het nie, is ook deur die kerkraad behandel. By dieselfde kerkraadsvergadering is di. B. R. Kruger en J. W. J. van Ryssen van Outjo, Suidwes-Afrika, 'n tweetal vir die beroep van 'n predikant daargestel. Die kerkraad het na gelang van die gebruikelike prosedure op 9 April 1950 vir ds. B. R. Kruger as predikant beroep.<sup>60</sup>

#### 4. 5 DIE VERSOEK VAN WELKOM-WYKE OM AFSTIGTING

Intussen het die gemeente uitgebrei weens faktore wat alreeds genoem is, veral die Welkom-wyk van Odendaalsrus. In so 'n mate het die uitbreiding plaasgevind dat ouderling A. J. Buys 'n versoek aan die kerkraad om afstigting van die Welkom-wyk gerig het. Die kerkraad het met die meerderheid van stemme besluit dat die versoek tentatief uitgestel word.<sup>61</sup> Daar is ook by die kerkraadsvergadering besluit om ds. Buys se reiskoste van agt pennies tot 1 sjieling, asook om die traktement met ten minste £5 per maand te verhoog. Dit is gedoen weens die verhoogde pryse van motors, petrol en aanverwante aangeleenthede.

<sup>57</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 3. 3. 1950, P. A.

<sup>58</sup> *Ibid.*

<sup>59</sup> *Ibid.*, 8. 4. 1950.

<sup>60</sup> *Ibid.*, 9. 4. 1950.

<sup>61</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde*, p. 25, P. A.

Ds. Kruger het ook nie die beroep opgevolg nie, sodat die kerkraad na aanleiding van die tweetal van di. J. L. Vorster van Steynsburg en S. C. W. Duvenage van Johannesburg-Suid, besluit het om ds. Vorster te beroep.<sup>62</sup>

Die Stadsraad van Odendaalsrus het deur middel van 'n skrywe aan die kerkraad voorgehou dat as die betrokke kerkraad 'n ander kerkstandplaas bekom, die Stadsraad wel bereid is om die serwituut van die huidige kerkerwe nie langer as bindend te beskou nie. Die kerkraad het die aanbod aanvaar met die voorbehoud dat 'n ander geskikte standplaas gevind moes word. Nietemin is toe besluit om met behulp van die prokureur, P J. A. de Bruine, by die Stadsraad, aansoek om 'n standplaas in die nuwe uitbreiding van Odendaalsrus te doen.<sup>63</sup>

Op 10 Junie 1950 het die afstigting van Welkom weer by die kerkraad te sprake gekom en gevolglik is daar besluit: a) 'n Leesdiens sou elke Sondag wel in Welkom gehou word; b) dat met die hulp van 'n eie predikant twee dienste in Odendaalsrus en een in Welkom gehou sou word; c) dat die aangeleentheid met die beoogde spesiale kerkraadsvergadering op 15 Junie 1950 uitgeklaar sou word; d) dat dr. De Wet van Kroonstad as deputaat van die Partikuliere Sinode die vergadering sou bywoon; e) dat ouderlinge A. J. de Buys en D. J. Venter die geldelike implikasies van Odendaalsrus en Welkom sou ondersoek.<sup>64</sup> Op die betrokke kerkraadsvergadering is bekend gemaak dat ds. Vorster ook nie die beroep aanvaar het nie.<sup>65</sup>

Op 15 Junie 1950 het die kerkraad besluit om die afstigting van Welkom in beginsel goed te keur, mits die finansies dit toelaat. Daar is ook by die kerkraadsvergadering ooreengekom dat Welkom steeds in kombinasie met Odendaalsrus sou bly. Die gemeente van Odendaalsrus het in daardie stadium uit tweehonderd-en-agt belydende en honderd-sewe-en-sestig dooplidmate bestaan.<sup>66</sup>

Na vele beroepe is ds. D. F. Malan van Vryheid se brief op 'n kerkraadsvergadering van 12 Augustus 1950 voorgehou, waarin hy bekend gemaak het dat hy die beroep na Odendaalsrus aanvaar het.<sup>67</sup> Ds. Malan het geskiedenis gemaak, omdat hy die eerste predikant was wat in Odendaalsrus gewoon het. In die lig van die verwickelinge het ds. Jacs van Rooy die interessante onthou: 'Tydens die afstigtingsvergadering van 18 Februarie 1933, het ds. G. H. J. Kruger, die konsulent, en die deputate proponent Malan saamgebring. Hy kon nie saam met die ander eksamen aflê voor die Algemene Vergadering nie, want hy het masels gehad, en die deputate vir afstigting moes hom toe ook sommer namens die Algemene Vergadering ondervra.'<sup>68</sup>

---

<sup>62</sup> Ibid., p. 26.

<sup>63</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 13. 5. 1950, P. A.

<sup>64</sup> Ibid., 10.6.1950.

<sup>65</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudveld ...*, p. 26.

<sup>66</sup> Ibid.

<sup>67</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 12. 8. 1950, P. A.

<sup>68</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus*, p. 15.



In die lig van ds. Malan se koms na die gemeente van Odendaalsrus en ds. Buys se afskeid, is die volgende kerkraadslede benoem om 'n program van ontvangs vir ds. Malan en vir die afskeid van ds. Buys saam te stel: Ouderlinge A. J. de Buys en P. C. Steyn (as sameroeper) en diakens J. M. Venter, H. S. van der Walt en H. A. van Aswegen.<sup>69</sup>

Die kerkraad het op 9 September 1950 besluit dat Welkom op 8 Oktober 1950 moes afstig. Die afstigting is dus vir die tweede Sondag in Oktober bepaal.<sup>70</sup>

Daar is ook opdrag aan oudelinge A. J. de Buys en J. P. de Villiers gegee om 'n skema uit te werk om geld vir die aankoop van 'n erf op Welkom in te samel. Daarteenoor is die grense tussen Odendaalsrus en Welkom soos volg bepaal: "Van Bloudrif na die Odendaalsrus-pad tot by Vrystaat Geduld-Freddiesmyn, die suid-grens. Wes van genoemde grens is Odendaalsrus en Oos is Welkom. Vandaar al met die Vrystaat Geduld-Freddiesmyn se suidgrens tot by die Odendaalsrus-Hennenmanpad. Vandaar met die Hennenmanpad tot by Koppie Alleen."<sup>71</sup>

Welkom het op genoemde datum met tagtig belydende lidmate afgestig en het 'n groot behoefte aan 'n saal gehad. Om 'n saal te bekom was uiters moeilik, omdat daar in Welkom hoofsaaklik op die bou van woonhuise gekonsentreer is.<sup>72</sup>

Die feit dat die gemeente 'n predikant kry, het die kerkraad dit gerade geag om die saak rakende kerkgrond tot na die bevestiging van ds. Malan onaangeroer te laat.<sup>73</sup>

#### 4. 5. 1 DIE EERSTE LERAAR VIR DIE GEMEENTE

Die naweek van die 27e, 28e, en 29 Oktober 1950 sou vir die Gereformeerde Gemeente van Odendaalsrus altyd 'n besondere herinnering wees, omdat dit die naweek was toe die gemeente die voorreg gehad het, om ds. Malan en sy gade as eerste leraarspaar te verwelkom.

Die gemeentelede het op Vrydag, 27 Oktober 1950 om 10:00 vir ds. en mev. Malan, sowat drie myl buite die dorp ontvang. Na die bekendstelling het ds. Buys 'n dankgebed vir die voorsiening van 'n herderspaar aan die gemeente gedoen. Daarna het al die aanwesiges vir ds. Malan en sy gade uit Psalm 134 toegesing.

Die oomblik toe die herderspaar by die pastorie aangekom het, is hulle deur ouderling A. Venter verwelkom. Hierna is die sleutel van die nuwe pastorie aan mev. Malan oorhandig, waarna sy die voordeur oopgesluit het.

---

<sup>69</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde...*, p. 27.

<sup>70</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 9. 9. 1950, P. A.

<sup>71</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 27.

<sup>72</sup> *Die Kerkblad*, 9.3.1951.

<sup>73</sup> *Kerkraadsvergadering Odendaalsrus*, 7. 10. 1950, P. A.

Die Vrydagaand is 'n verwelkomingsgeselligheid in die ontspanningssaal van Freddiesmyn gehou. By die geleentheid het ds. Z. C. Grobler van Parys en konsulent van Odendaalsrus, ds. Malan namens die klassis Ventersburg, verwelkom. Daar het ook verskeie anders sprekers opgetree.<sup>74</sup>

Die gekombineerde kerkraadsvergadering wat op 28 Oktober 1950 plaasgevind het, was 'n mylpaal in die geskiedenis van die gemeente, omdat dit die dag is waarop die eerste predikant van die gemeente bevestig is. Diegene wat by die betrokke vergadering teenwoordig was, was die volgende: di. P. W. Buys, D. F. Malan en Z. C. Grobler; ouderlinge C. P. Steyn en C. G. van der Watt van Odendaalsrus, H. J. Venter en J. P. de Villiers van Welkom, W. H. Steyn en P. J. du Plessis van Hennenman, J. H. du Plooy en J. P. Jordaan van Theunissen. Nadat bevind is dat die geloofsbriewe van Theunissen en Hennenman in orde is, het ds. Z. C. Grobler die voorsitterstoel ingeneem.<sup>75</sup> Die belangrike sake wat op dié vergadering behandel is, was die ontslag van ds. Buys wat opgestel en goedgekeur is, asook die getuigskrif rakende ds. Malan van die kerkraad van Vryheid wat voorgelees is. Daarnaas is die beroepsbrief en byvoegsel voorgehou en bespreek. Die kerkrade van Odendaalsrus en Welkom is daarop attent gemaak dat die traktement van die predikant vanaf 28 Oktober 1950 na sy bevestiging van krag is.<sup>76</sup> Na die behandeling van al die amptelike sake by die vergadering het ouderling J. H. du Plooy van Theunissen vir Odendaalsrus en Welkom gelukkigwens met hulle eie herder en leraar en ook die goeie wense van die gemeente van Theunissen oorgedra.<sup>77</sup>

Die bevestiging van ds. Malan is deur Prof. Jooste van die Teologiese Skool waargeneem, terwyl hy ook die Sondagoggend die erediens behartig het. Nieteenstaande die feit dat dit vir die gemeente 'n naweek van vreugde was, was dit ook 'n naweek van droefheid, omdat ds. Buys na 'n verblyf van bykans drie jaar in die gemeente afskeid geneem het. Die gemeente het swaar van hom afskeid geneem, omdat hulle hom leer liefkry het. 'n Tjek van waardering is aan hom oorhandig vir alles wat hy gedoen het, terwyl die gemeente 'n kombinasie-ooreenkoms met Theunissen en Bultfontein gehad het. Hierna is die seën op dominee en mev Malan se arbeid in die gemeente toegebied.<sup>78</sup>

Die kerkrade van Odendaalsrus en Welkom het direk na die bevestiging van ds. Malan, 'n kerkraadsvergadering gehou. 'n Belangrike besprekingspunt soos die reëling van eredienste het aandag gevestig wat daartoe gelei het dat eredienste beurtelings in Odendaalsrus en Welkom gehou sou word. 'n Voorbeeld hiervan is: "Die oggend om 10:00 op 5 November 1950, 'n erediens in die kerkgebou te Odendaalsrus en die aand om 7:00 in die Skoolsaal te Welkom. Verdere reëlings is op 5 November gefinaliseer: Albei die gemeentes, Odendaalsrus en Welkom, sal elke Sondag 'n erediens hê wat deur die predikant gelei word. Wanneer een van die gemeentes egter Nagmaal vier, sal daardie betrokke gemeente albei die eredienste op die Sondag hê."<sup>79</sup> Daar is ook besluit op

<sup>74</sup> *Die Kerkblad*, 22. 12. 1950, p. 12.

<sup>75</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 28. 10. 1950, P. A.

<sup>76</sup> Ibid.

<sup>77</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 28.

<sup>78</sup> *Die Kerkblad*, 22. 12. 1950, p. 12.

<sup>79</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 5. 11. 1950, P. A.

eweredige en afwisselende oggend sowel as aand-eredienste vir die onderskeie gemeentes.<sup>80</sup>

Later die middag van 5 November 1950 toe nog 'n vergadering gehou is, is die eerste finansiële kommissie verkies, nl: ds. Malan as voorsitter, diaken I. D. van der Walt, ondervoorsitter, D. J. Venter, H. A. van Aswegen en H. S. van der Walt.

Intussen was die uitbreiding in Welkom van so 'n aard dat die Kerkraad van Welkom besluit het, dat hulle dit nie langer gerade ag om in kombinasie met Odendaalsrus te wees nie. Hulle was van voorneme om hul eie predikant te beroep. Gevolglik het die kerkraad van Welkom 'n versoek in verband met die aangeleentheid tot die kerkraad van Odendaalsrus gerig. Die kerkraad van Odendaalsrus het die versoek toegestaan met dien verstande dat die kombinasie nie langer van krag sou wees, sodra Welkom 'n eie predikant verkry het.

Die gemeente van Odendaalsrus het ook so vinnig uitgebrei dat die kerkraad aan die begin van 1952, die kerkraad van Welkom meegedeel het: "Om die predikant op hulle eie te neem."<sup>81</sup> In effek beteken dit dat die gemeente van Odendaalsrus alleen verantwoordelikheid vir die onderhouding van die predikant aanvaar. Hierdeur is die sinspeling duidelik op 'n eie predikant vir Odendaalsrus. Hierdie medeling was slegs enkele maande voordat Welkom met hulle eie beroep geslaag het. In die ontwikkelingsgang van die gemeente van Odendaalsrus, is dit ewe eens van belang om die historiese geheelbeel van Welkom daarin te sien. In dié tyd voordat Welkom tot 'n onafhanklike en selfstandige gemeente ontwikkel het.

Dit is gedurende die bediening van ds. Malan dat Allanridge as naburige dorp geleidelik begin uitbrei het. As gevolg hiervan is daar op 12 Mei 1951 deur die kerkraad van Odendaalsrus besluit, om ook daar eredienste te hou.<sup>82</sup> Benewens Allanridge is daar ook in dié tyd met eredienste in Wesselsbron 'n aanvang gemaak.<sup>83</sup> Daarby het die sendingaksie in Julie 1952 op die Goudveld onder leiding van ds. Malan se bediening begin.<sup>84</sup> In die *Die Kerkblad* van 20 Maart 1953 is verder klem op die mooi sendingpogings van die gemeente gelê. Daarin is vermeld dat 'n groot aantal van die belydende lidmate van die sendinggemeente van die Rand gekom het. Hulle het die kern van die toekomstige Swartgemeente gevorm. Die arbeidsveld is enorm weens die omliggende plase en toekomstige lokasie (Odendaalsrus) wat in die vooruitsig gestel is. By implikasie sou dit beteken dat daar baie sou wees wat geen geestelike bearbeiding sou ontvang nie. In dieselfde mate was daar ook diegene wie ware steunpilare is: "Die gemeente is gelukkig om ou Samuel, vroeër van die Sendinggemeente Brakpan, in hulle midde te kon hê. Hy is voorwaar 'n voorbeeld van getrouheid en nederigheid en dwing respek onder die swartes af."<sup>85</sup>

<sup>80</sup> Ibid.

<sup>81</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 29.

<sup>82</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 12. 5. 1951, P. A.

<sup>83</sup> Ibid.

<sup>84</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 29.

<sup>85</sup> *Die Kerkblad*, 20. 3. 1953.

In dié tyd is die sendingaktiwiteite van die gemeentes en veral die jong gemeentes as 'n besondere uitdaging beskou, wat deurtyd op die kerk se voorbidding in breë verband staat gemaak het.<sup>86</sup>

#### 4. 5. 2 DIE KERKGEBOU

Ds. Malan het op 7 Maart 1953 'n beroep na Vryheid aangeneem. Dit was nie lank voordat die gemeente weer 'n predikant in die gemeente gehad het nie. Die naweek van 9 Augustus 1953 was vir die gemeente 'n geleentheid van groot vreugde en dankbaarheid, omdat ds. B. Duvenage en sy gade van Benoni in die gemeente ontvang is.

Die gebeure het 'n feestelikheid meegebring wat reeds op Donderdag, 6 Augustus 1953, 'n aanvang geneem het. "Ds. Duvenhage en sy gesin is om 4:00 by die derde mylbaken op die Kroonstad-pad deur 'n groot stoet motors ontmoet."<sup>87</sup> Ouderling C. Steyn het 'n verwelkomingswoord gerig aan die leraar en sy gesin, terwyl H. van Jaarsveld vir die gebed en sing van Ps. 146:1 verantwoordelik was. Nadat die aanwesiges aan ds. Duvenage en sy gesin voorgestel is, is die leraar en sy gade na die pastorie begelei. By die pastorie is almal 'n koppie tee aangebied.

Die bevestiging van ds. Duvenhage is op Saterdagmiddag, 8 Augustus 1953 deur prof. S. du Toit waargeneem. Die Sondagoggend is nagmaal bedien, terwyl prof. Du Toit die diens gelei het. In opvolging van die gebeure het ds. Duvenhage sy intree-preek die Sondagmiddag uit Sag 2: 4 en 5 gelewer: 'Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte van mense en vee in hom. Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlijkheid binne-in hom.'<sup>88</sup>

Die gemeente was dankbaar vir 'n herderspaar en die hoop is gekoester dat hulle lank in die gemeente sou bly.<sup>89</sup>

Dit was ongeveer 'n maand na die bevestiging van ds. Duvenhage toe die pastorieskuld vereffen is en 'n balans van £650 in die bank gereflekteer is. Die ou sinkkerk het gaandeweg te klein geword, sodat die kerkraad op 12 September 1953 besluit het om 'n nuwe kerkgebou te laat oprig. Gevolglik is die boufonds vir die doel by die betrokke kerkraadsvergadering behandel.<sup>90</sup>

Dr. J. M. de Wet het die ou sinkkerk soos volg onthou: 'Ons kan ons herinneringe van ons bediening op Odendaalsrus nie afsluit sonder om te verwys na die ou eerste sinkkerkie nie. Hy was netjies en agtermekaar, maar moenie praat van die warm

---

<sup>86</sup> Ibid.

<sup>87</sup> *Die Kerkblad*, 16. 9. 1953, p. 14.

<sup>88</sup> Ibid.

<sup>89</sup> Ibid.

<sup>90</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 12. 9. 1953, P. A.

Sondagmiddagdienste om 2:00 nie. Net te veel amper vir vlees en bloed! En tog kon dit so hartlik wees!.<sup>91</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering in Maart 1954 het die kerkraad besluit om aan die argitek opdrag vir die opstel van bouplanne vir die bou van die kerk te gee.<sup>92</sup>

Die saak is nietemin vertraag omdat die kerkraad in Augustus 1954 besluit het, dat ds. Duvenhage eers oorsee vir die voltooiing van sy studies moes gaan. Die voorbereidings vir die bouery was in daardie stadium voltooi en gevolglik is gemeen dat die predikant eers oorsee behoort te gaan om daarna met die bouery voort te gaan. Die aanvra van tenders het ook met die terugkeer van Duvenhage se oorsese besoek verband gehou. Die kerkraad het aan ds. Duvenhage tien maande studieverlof toegestaan, sodat hy na Nederland aan die begin van November 1954 kon vertrek. Die kerkraad het daarin geslaag om die dienste van ds. H. J. R. du Plessis, 'n emeritus leraar, vanaf Januarie tot Julie 1955, dit wil sê, 'n groot deel van ds. Duvenhage se afwesigheid te verkry. Die gevolg was dat die gemeente op die gewone wyse kon funksioneer.<sup>93</sup>

Intussen is goeie vordering met die aansuiwering van die boufonds gemaak en gevolglik het die kerkraad na die terugkeer van dr. en mev. Duvenhage van Nederland in Junie 1955, besluit om met die oprigting van die kerkgebou te begin. Die kerkraad het die aanbod van die Strydom-broers aanvaar vir die oprigting van die kerkgebou teen kosprys en 'n bykomende vyf persent as heffing vir die gebruik van die gereedskap. Onder die waaksame oog van dr. Duvenhage wat namens die kerkraad as werksbestuurder by die bouery opgetree het, het die bou verrigtinge glad verloop. Hy was ook verantwoordelik vir die boumateriaal wat aangekoop word.<sup>94</sup>

Die hoeksteenlegging van die nuwe kerkgebou het op Saterdag, 24 Maart 1956 plaasgevind en dit was 'n groot dag in die geskiedenis van die gemeente. Die gemeentelede en belangstellendes het almal in die ou sinkkerk, wat toe nog ingebruik was byeengekom. Dr. P. J. Coetzee van Bloemfontein het by die geleentheid opgetree en na aanleiding van 1 Kon 6:7 gepraat. Hy het daarop gewys "hoe God in stilte werk."<sup>95</sup>

Die koste vir die oprigting van die kerkgebou het £18 000 beloop wat in Augustus 1956 voltooi is. Die boufonds het daartoe mildelik bygedra. Die kerk is die naweek van 25 en 26 Augustus ingebruik geneem<sup>96</sup> en dit was met groot verlange dat die gemeente na 'n nuwe kerkgebou uitgesien het. Die Saterdag, 25 Augustus 1956 om 2:30 het die gemeentelede en belangstellendes voor die kerk bymekaar gekom. Dr. Duvenhage het al die aanwesiges verwelkom en daarna tot die sing van Psalm 146:1 oorgegaan. 'n Gebed is hierna deur C. G. van der Walt (senior) gedoen. By die geleentheid is veskeie toesprake

<sup>91</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 30.

<sup>92</sup> Ibid.

<sup>93</sup> Ibid.

<sup>94</sup> Ibid.

<sup>95</sup> *Die Kerkblad*, 23. 5. 1956, p. 13.

<sup>96</sup> Feesblad. R. Maré e. a. (reds.), *Gereformeerde Kerk Odendaalsrus, 19 - 20. 2. 1983*, p. 15.

deur belanghebbende persone gelewer voordat M. J. van Jaarsveld (senior) die kerkdeur oopgesluit het. Prof. S. P. van der Walt van die Teologiese Skool in Potchefstroom, het die erediens waargeneem en na afloop hiervan het gelukwensing van verskillende persone en verteenwoordigers van verskeie instansies gevolg.<sup>97</sup>

Die nuwe orrel is ses maande later teen 'n koste van £2 850 geïnstalleer. Die susters in die gemeente het onder leiding van mev. Duvenage die geld vir die orrel ingesamel wat teen die einde van 1957 betaal is.<sup>98</sup>

Tydens dr. Duvenage se bediening is die sendingaksie van die gemeente verder uitgebrei, sodat aan die begin van 1958 'n Swart gemeente van die Gereformeerde Kerk in die nuwe Swart woonbuurt gestig is.<sup>99</sup> Die ou sinkkerkgebou is deur die kerkraad aan die sendingaksie geskenk wat dit teen die bedrag van £480 verkoop het. Die geld is vir die plaaslike sending aangewend.<sup>100</sup> Dr. Duvenage het op sy beurt met die toestemming van die klassis van Ventersburg vir die bou van 'n sendingkerk gekollekteer. Die poging was geslaag omdat die kerkgebou kontant opgerig is.<sup>101</sup>

Intussen is dr. Duvenage na Florida beroep en op 18 Mei 1958 het hy na die nuwe gemeente vertrek.<sup>102</sup> Na die vertrek van dr. Duvenage is dr. L.S. Kruger van Benoni op 23 Augustus 1958 in die gemeente van Odendaalsrus bevestig.<sup>103</sup>

Na aanleiding van 'n Verslag van die Sendingkommissie aan die Kerkraad van Odendaalsrus van 13 Maart 1959 het dit vir die kommissie by die eerste vergadering duidelik geword, dat die kommissie in die verlede nooit met die Sending Orde rekening gehou het nie. Die stelling berus daarop dat die meeste lede nie eers van die Sending Orde geweet het nie.

Dit het verder vir die kommissie duidelik geword dat die sendinggemeente nie baie aktief is nie en gevolglik het die kommissie besluit dat alles in die vermoë gedoen behoort te word ten einde die posisie te verbeter. Die helper in die gemeente is ook nie bekwaam nie, terwyl daar geen "Maruti" (leraar) is nie. Die kommissie het ook die kerkraad aan die reëling van 2 sjielings en 6 pennies per gesin per maand herinner.

Die kommissie het in die verslag melding van 'n vergadering met die sendingkommissies van Hennenman en Welkom gemaak, waarop heelwat lig op sake van belang gewerp is.<sup>104</sup>

<sup>97</sup> *Die Kerkblad*, 3. 10. 1954, p. 11.

<sup>98</sup> R. Maré e. a. (reds.), *Feesblad Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 15.

<sup>99</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 31.

<sup>100</sup> *Die Kerkblad*, 3.10.1956, p. 11.

<sup>101</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 31.

<sup>102</sup> *Ibid.*, p. 32.

<sup>103</sup> *Ibid.*

<sup>104</sup> 2.1 *Verslag* (2) 1952 - 1959 : Sendingkommissie Odendaalsrus, 13.3.1959.

#### 4. 6 DIE PREDIKANTE SE HERINNERINGE VAN DIE GEMEENTE

4. 6. 1 Ds. J. van Rooy (1933 tot 1942).<sup>105</sup> Hy het met die gemeente se 25 jarige herdenking die volgende onthou: “Die afstigting het in 1933 plaasgevind. In daardie jaar het die ou land op die onderste sport gestaan. Nou-ja, dan kan dit nie verder af nie. En die ou gemeentetjie het dan ook aangehou klim, en kyk net waar staan hy vandag.”<sup>106</sup> In 1942 met sy vertrek was die lidmatetal 60 en elke maand is daar ‘n diens gehou. Hy was van mening dat al het Odendaalsrus ‘n boerdery gemeenskap gebly, sou die gemeentelike getalle steeds vermeerder het. “Moontlikhede was daar en die gees was reg.”<sup>107</sup> Sy boodskap aan die gemeente was: “Aangesien julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging (Kol. 2:6,7).”<sup>108</sup>

4. 6. 2 Ds. J. L. Vorster (1942 tot 1944) Hy het nog die ou sinkkerkie onthou. Dit is vervat in sy woorde: “Ek sien nog die ou sinkgeboutjie op die groot kerkerf waar die perdekarre en motorkarre op ‘n Sondagmôre intrek. Ek hoor die getongel van die kerkklokkie so ‘n endjie van die geboutjie af. Die koster wat baie gesteld was op sy werk was een Sondagmôre baie onthuts toe die horlosies in die oorlogsjare ‘n uur verskuiwe moes word. Daar was ook lidmate wat hulle aan die ou tyd gehou het.”<sup>109</sup> Hy het as boodskap (Efes. 6:10,13) gegee.

4. 6. 3 Dr. B. J. de Klerk (1944 tot 1945).<sup>110</sup> Hy is in 1944 beroep en het weer teen die einde van 1945 na Bloemfontein vertrek. Hy is blykbaar voor die 25 jarige herdenking in 1958 oorlede.

4. 6. 4. Dr. J. M. de Wet (1946 tot 1948). Dit was vir hom ‘n tyd toe groot eise aan hom gestel is. Die bediening het Kroonstad, Ventersburg, Hennenman (wat in 1947 afgestig is) ingesluit. “En meer as een Sondag na huisbesoek, belydeniskatkisasie, kerkraadsvergadering en die nagmaalviering met al die dienste op Theunissen of Odendaalsrus, in die middag, na die nabetragtingsdiens, gaan kerkhou op Hennenman en dan nog dieselfde aand gaan preek op Kroonstad. Die Here het ons die krag gegee en met die oog op die snelle uitbreiding op al die verskillende punte kon dit nie anders nie.”<sup>111</sup>

4. 6. 5 Ds. P. W. Buys (1948 tot 1950). Hy het met verwysing na die ontdekking van goud onder andere verklaar: “Die dinge het so ontsaglik vinnig gegaan. Eers was die noodtoestand omdat ‘n hele aantal boere hul grond verkoop en weggetrek het, terwyl die verwagte stroom van intrekkende stedelinge maar net nie opgedaag het nie.”<sup>112</sup>

<sup>105</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 33.

<sup>106</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 15.

<sup>107</sup> Ibid.

<sup>108</sup> Ibid.

<sup>109</sup> Ibid., pp. 15-16.

<sup>110</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 33.

<sup>111</sup> Ibid., pp. 17 - 18.

<sup>112</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, p. 20.

In ds. Buys se eie woorde: “Ons groet u by hierdie kwarteeufeesviering. Hartlik geluk en veel seën toegewens vir die toekoms. ‘Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie’ “(Open 3:11).<sup>113</sup>

#### 4. 6. 6 Ds. D. F. Malan (1950 tot 1953).

Hy het van sy herinneringe van Odendaalsrus die volgende meegedeel: “Die heel eerste indruk van Odendaalsrus was net kort voor ons daar ontvang is. Oom Piet v.d. Linde van Bloemfontein, waar ons gekuier het, moes op ‘n kort sakebesoek na Odendaalsrus en het sy mense ontmoet. Daar word ook ‘n gereformeerde lidmaat aan my bekend gestel. Die oom was effens hardhorend en ondervra my of ek kan preek, bedoelende hard preek. Daarop was my antwoord: ‘Ja, ek meen so!’ Dadelik antwoord hy terug: ‘Neem maar dadelik die beroep aan. Die vorige predikante kon ook nie preek nie.’”<sup>114</sup>

In sy herinneringe aan die gemeente het hy daarop gewys dat seëninge verantwoordelikhede meebring. Hy het almal in die gemeente aangemoedig om in die geloof te volhard, sodat die besondere roeping van die Gereformeerde Kerk uitgeleef word. Derhalwe het hy bygevoeg: “Mag die Heilige Gees u daartoe gedurig bekragtigt wanneer u met die Woord van God stry ter ere van God-drie-Enig.”<sup>115</sup>

#### 4. 6. 7 Dr. B. Duvenhage (1953 tot 1958).

In die *Die Gereformeerde Kerk, Odendaalsrus* se feesblad van 1958, het hy van sy herinneringe en seënwense soos volg verklaar: “En as ons dan saam met u feesvier, gaan ons gedagtes onwillekeurig terug na die jare van liefdevolle verblyf en arbeid in u midde. Hoe het die 4 jaar en 9 maande nie omgevlieg nie? En een na die ander tafereel kom ons voor die oog. Daar was die ou sinkkerkie, wat vir 20 jaar daar gestaan het. Die sinkkerkie se plek ken hom nie meer nie en vele gelowiges wat daar rondom Gods Woord vergader het se plekke is ook leeg in die nuwe kerk.

Die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus, klein in getalle, maar tog deur Gods genade ‘n krag op die Vrystaatse goudstreek.”<sup>116</sup>

Hy het aan die gemeente met die slotwoorde van Paulus aan die Korinthiërs afgesluit:

‘As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom ‘n vervloeking wees! Maranata! Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle! My liefde met julle almal in CHRISTUS JESUS!’ “<sup>117</sup>

<sup>113</sup> Ibid., p. 20, p. 23.

<sup>114</sup> Ibid., p. 23.

<sup>115</sup> Ibid., p. 25.

<sup>116</sup> G. J. J. Venter e. a. (reds.), *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, pp. 25 - 26.

<sup>117</sup> Ibid., p. 27.



#### 4.6 8 Dr. L. S. Kruger (1958 tot 1962).

Ds. Kruger se bedieningstyd was kort weens swak gesondheid: Amptelik vanaf Augustus 1958 tot Februarie 1962, waarvan twee jaar met goeie gesondheid en krag geskied het. 'n Verdere ses maande wat tussen goeie en swak gesondheid gewissel het. Dr. Kruger kon nie die skok van 'n emeritaat in die fleur van sy lewe heeltemal verwerk nie. Alhoewel sy bediening kort was, was dit nietemin vol en met groot vreugde gekenmerk.

Die kerkbesoek was bemoedigend en hy onthou dit só: "Gedurende 1959 was die gemiddelde kerkbesoek in die oggend 37, 5% teenoor die aand van 28, 9% en die Nagmaalbesoek 72, 2%. Die gemiddelde van al die eredienste was 35, 2%. Dit spreek van aktiewe meelewing. Hier moet in gedagte gehou word dat daar destyds geen teerpaaië in die distrik was nie en 'n groot deel van die gemeente buite die dorp gewoon het."<sup>118</sup>

Sy slot boodskap aan die gemeente is in dié woorde vervat: "As die *Maranáta* vervul is, sal die *Ebenhaér* en die *Immanuel* in ons volkome bewaarheid wees.

Dan is die taak van u as kerk vervul, die stryd verby, u geloof bevestig en u sal deegnote wees aan die vreugde van die Jubeljaar van die ewigheid!

Mag die seën van die HERE op u voortbestaan rus."<sup>119</sup>

Samevattend het die goudmyne van die Vrystaatse Goudveld nie alleen 'n bydrae tot die ekonomie van die land gemaak nie, maar ook lewens deur die kerk se verkondiging van die evangelie verryk. In dié opsig het die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus sy roeping in die Goudveld met groot verantwoordelikheid nagekom en is steeds besig om daaraan uitvoering te gee.

Die gemeente het sedert sy afstigting moeilike tye op geestelike- en sosio-maatskaplike gebied beleef. Die hoop het nie beskaam nie, omdat die gemeente deur 'n proses van ontwikkeling gegaan het. Die een mylpaal na die ander is behaal in gemeentelike verband, sodat selfs 'n eie selfstandige gemeente in Welkom gestig is. Ontwikkeling van die aard getuig van geloofsmoed en durf wat slegs aan die genadewerking van God te danke is. Hierdeur is die roeping van die Gereformeerde Kerk in die Goudveld bevestig.

#### 4.7 WELKOM AS SELFSTANDIGE GEMEENTE

Die gemeente van Welkom het as 'n wyk van die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus ontstaan.<sup>120</sup> Die instroming van mense in groot getalle na die Goudveld het meegebring, dat Welkom op 9 April 1949 'n afsonderlike wyk van Odendaalsrus geword het. Die uitbreiding van Anglo American rondom Odendaalsrus en in die gebied van Welkom het

---

<sup>118</sup> R. Maré e. a. (reds.), *Feesblad van die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus ...*, pp. 8 – 9.

<sup>119</sup> *Ibid.*, p. 9.

<sup>120</sup> Feesblad. J. Venter, (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom, 1950 – 2002*, p. 4.

die kerkraad van Odendaalsrus genoop om Welkom op 8 Oktober 1949 in drie wyke te verdeel.<sup>121</sup>

In die beginjare het baie van die nuwe intrekkers vervoerprobleme gehad en kon moeilik eredienste by die kerk in Odendaalsrus bywoon. Die kerkraad het op 10 Januarie 1950 besluit dat 'n leesdiens elke Sondag in Welkom gehou word, sodat hulle ook na die Woord van God kon luister. Die predikant moes ook twee eredienste hou gedurende sy besoek aan Odendaalsrus, terwyl die hou van een erediens in Welkom ook in die vooruitsig gestel is.<sup>122</sup> Die kerkraad het op 15 Junie 1950 besluit dat die aantal eredienste tussen Odendaalsrus en Welkom eweredig verdeel word.<sup>123</sup> Daar was geen opoffering vir ds. Buys te groot vir die bevordering van God se Koninkryk in die Goudveld nie. Derhalwe was die groepie Gereformeerdes aan die brand vir die saak van die Here. Prof. J. J. van der Walt het destyds as emeritus-professor aangevoer: 'Hulle het, met visie en idealisme, in die geloof 'n groot toekoms vir ons kerk op die Goudveld gesien. Daarom vra hulle op dieselfde vergadering vir die afstigting van Welkom as 'n selfstandige gemeente.'<sup>124</sup>

Welkom is op 8 Oktober 1950 van Odendaalsrus met tagtig belydende lidmate afgestig.<sup>125</sup> Die afstigting het in die asbes-saaltjie van die N. G. Kerk by St. Helena Volksskool plaasgevind. By die geleentheid het ds. Buys 'n toonaangewende rol vervul, terwyl ds. Z. C. Grobler van Parys as konsulent teenwoordig was. By die geskiedkundige gebeure van die Gereformeerde Kerk van Welkom, is die volgende kerkraadslede verkies: As ouderlinge J. T. Venter, A. J. de Buys en J. P. de Villiers; en as diakens D. J. P. Olivier en S. A. C. du Plooy. W. C. Deysel is die daaropvolgende Sondag in die amp van diaken bevestig, omdat hy weens onvermydelike omstandighede nie by die voorafgaande bevestiging teenwoordig kon wees nie. Hy het voorheen in die amp as diaken vir die Welkom-wyk van Odendaalsrus gedien.<sup>126</sup>

Die gemeentes van Welkom en Odendaalsrus het in kombinasie getree en hulle eie herder en leraar beroep.<sup>127</sup> Intussen het ds. D. F. Malan die beroep na Odendaalsrus aanvaar en is op 28 Oktober 1950 as predikant van die kombinasie Odendaalsrus-Welkom bevestig. Hierdie kombinasie is op 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van 5 November 1950 goedgekeur.<sup>128</sup>

Vanweë die behoefte aan eie kerkgeriewe het die kerkraad op 'n kerkraadsvergadering van 17 November 1950 besluit, om 'n boufonds te stig. Die notulering van 'n kerkraadsbesluit op 19 Februarie 1951 is soos volg: 'Die kassier word versoek om

<sup>121</sup> H. J. Venter, *Die Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 34.

<sup>122</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 4.

<sup>123</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 15. 6. 1950, P. A.

<sup>124</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde, ...*, p. 34.

<sup>125</sup> *Die Kerkblad*, 9. 3. 1951, p. 18.

<sup>126</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 8. 10. 1950, P. A.

<sup>127</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde, ...*, p. 35.

<sup>128</sup> *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 5. 11. 1950, P. A.; J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 4.

kwartaalliks 'n tjek op die boufonds in te betaal en slegs 'n lopende rekening van min of meer £40 te hou. Die eerwaarde kerkraad gee sy goedkeuring.<sup>129</sup> In die lig hiervan kon die kerkraad op 14 Maart 1951 verneem, dat die boufonds tot 'n verblydende bedrag van £400 aangegroei het.<sup>130</sup>

Die verwickelinge op kerklike vlak moet aan die uitbreiding van die mynboubedryf in die Goudveld toegeskryf word. Hiervolgens het dit geblyk dat die kombinasie met Odendaalsrus nie langer nodig is nie. Gevolglik het die gekombineerde kerkraadsvergadering van 1 Augustus 1951 tot die besluit gekom, nl. 'Welkom sal net na die eerwaarde klassis-sitting in September kan begin om 'n eie leraar te beroep en die kombinasie sal beëindig wees, sodra sy eie leraar bevestig is. As die beroep egter nie slaag nie, sal 'n kombinasievergadering gehou word na verstryking van agtien maande van kombinasie tussen Odendaalsrus en Welkom, dit wil sê, in Mei 1952.'<sup>131</sup>

Die aangeleentheid van kerkerwe was nog altyd 'n belangrike besprekingspunt, wat tot die aankoop van 'n pastorie en kerkbou-erwe in Jan Hofmeyrweg en Witzenstraat aanleiding gegee het. Die totale bedrag daarvoor was £599. 10s. 2d. wat op 30 Julie 1951 kontant betaal is.

Ds. B. R. Kruger van Springs is die eerste leraar wat vir die gemeente beroep is. Hy het nie die beroep aanvaar nie en gevolglik het die kombinasie met Odendaalsrus voortgegaan. Die kerkraad het die een beroep na die ander uitgebring en agtereenvolgens vir ds. Kruger beroep. Die daaropvolgende beroepe is op Sondag, 30 Maart 1952 by 'n kerkraadsvergadering op prop. B. J. Lombaard, di. J. C. Kruger, B. R. Kruger en J. J. van der Walt uitgebring.<sup>132</sup>

Die beroep is deur ds. J. J. van der Walt aanvaar, maar na aanleiding van onvermydelike omstandighede kon hy eers op 'n later stadium na die gemeente kom. Ds. van der Walt het op 'n spesiale kerkraadsvergadering van 15 Mei 1952 die omstandighede van die gemeente verduidelik waaraan hy verbonde was. Hy het verklaar dat as die beroepe van die gemeente nie slaag nie, hy eers teen die einde van September, begin Oktober 1952 sy opwagting in Welkom sou maak. Dientengevolge daarvan het die kerkraad dit goedgekeur.<sup>133</sup>

Intussen is op 'n kerkraadsvergadering van 19 Junie 1952 die koms van ds. Van der Walt en sy gade na die gemeente beplan. Prof. W. J. Snyman is deur die Kerkraad van Welkom versoek om met ds. Van der Walt se bevestiging op te tree. Die kombinasie met Odendaalsrus is twee dae voor die bevestiging van ds. Van der Walt ontbind.<sup>134</sup> Ds. Van der Walt is op 8 Augustus 1952 in die amp as leraar van die gemeente bevestig.<sup>135</sup>

<sup>129</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 2. 2. 1951, P. A.

<sup>130</sup> *Ibid.*, 14. 3. 1951.

<sup>131</sup> *Ibid.*, 1. 8. 1951.

<sup>132</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde*, p. 37.

<sup>133</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 15. 5. 1952, P. A.

<sup>134</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde*, p. 37.

<sup>135</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 5.

In die lig van omstandighede het dit na 'n logiese stap gelyk om 'n pastorie vir die predikant en sy gade te bou. Ouderling W. H. Pelser het aangebied om die pastorie teen kosprys te bou en 'n boukommissie is toe vir die doel saamgestel, nl. Ouderlinge R. H. Coetzee, A. J. de Buys en G. C. P. Labuschagne. Die nuwe pastorie is 'n maand na die bevestiging van die leraar ingebruik geneem.<sup>136</sup>

Die ingebruikneming van die pastorie was 'n groot dag in die geskiedenis van die gemeente, sodat die behoefte aan 'n eie kerkgebou in die woorde van H. Venter, 'n ou bekende in die gemeente soos volg was: 'Nou moet ons kerk bou waar die Woord verkondig kan word.'<sup>137</sup> By 'n kerkraadsvergadering van 16 September 1952 is 'n boukommissie saamgestel: Ds. van der Walt, ouderlinge H. T. Venter. R. H. Coetzer en W. H. Pelser, waarvan drie lede van die Gereformeerde Sustersorganisasie in samewerking met die boukommissie benoem is.<sup>138</sup> Die boukommissie moes planne ondersoek vir voorlegging aan die kerkraad en ook die moontlikheid van 'n lening vasstel.<sup>139</sup> Op die daaropvolgende kerkraadsvergadering is 'n sketsplan voorgelê van die argitek P. S. Dykstra, waarin 'n kerk en saal 'n afsonderlike eenheid vorm. Die kerkraad en gemeente was veeleerder ten gunste van 'n kerkgebou as 'n saal, hoewel die veeldoeligheid van 'n saal vir gemeentelike aktiwiteite ook 'n belangrike oorweging was. Nieteenstaande die oorweging van 'n saal kon die gemeente nie met 'n groot skuld las opgesaal word nie.<sup>140</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering wat die 19 Mei 1953 gehou is, is die plan van Dykstra goedgekeur en ook 'n tender van die Strydom-broers vir die bedrag van £18 437 aanvaar.<sup>141</sup> 'n Lening van £23 000 is aangegaan en "Die Kommissie van Beheer van die Gereformeerde Kerke in S. A., het aan die kerkraad £3 000 vir die pastorie plus die £20 000 vir die kerkgebou teen 5% rente per jaar geleen wat terugbetaalbaar oor 'n termyn van 20 jaar sou wees.'<sup>142</sup>

Die gedenksteen van die nuwe kerkgebou van Welkom is op Saterdag, 29 Augustus 1953 gelê. Die kerkgebou was die eerste in Welkom, omdat al die ander kerkgeboue in die vorm van kerksale opgerig is.<sup>143</sup> By die geleentheid het ds. J. L. Vorster van Bloemfontein-Wes 'n inspirerende rede gevoer oor 1 Pet 2:4,5. Dit het handel oor: "Die simboliese betekenis van 'n kerkgebou."<sup>144</sup> Nadat ds. Vorster die rede gevoer het, is 'n silwertroffel aan ds. J. J. van der Walt geskenk. Hy het ook die gedenksteen gelê met

<sup>136</sup> Ibid.

<sup>137</sup> Anon., Feesuitgawe: *Ons Gereformeerde Gemeentebled, Welkom: Ingebruikneming van Nuwe Kerkgebou*, 24. 4. 1954, p.18.

<sup>138</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 19. 9. 1952, P. A;

<sup>139</sup> Anon., *Ons Gereformeerde Gemeentebled ...*, p. 18.

<sup>140</sup> Ibid., pp. 18 - 19.

<sup>141</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 19. 5. 1953, P. A.

<sup>142</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 38.

<sup>143</sup> Ibid., p. 38; Anon., *Ons Gereformeerde Gemeentebled ...*, p. 21.

<sup>144</sup> J. Venter, (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom*, p.6; H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 39.

die woorde: ‘Jesus Christus is Self die Hoeksteen’ (Efes 2:20). Daarna het ds. Van der Walt die betekenis van die kerk se seël verduidelik wat op die gedenksteen gegraveer is. Hy het verduidelik hoe dit by die tekswoorde aanpas: ‘Die Here sal Sy kerk bewaar waarvan Jesus Christus Self die Hoeksteen is. Kennelik ervaar die gemeente van Welkom dié waarheid. Dit is alleen die krag en genadevolle seëninge van die Here wat dit vir die klein gemeentetjie moontlik maak om so ‘n groot taak aan te pak.’<sup>145</sup> Die geld vir die gedenksteen is deur F. J. Labuschagne van Steynsburg in die Kaapprovinsie geskenk. Hy was die vader van ouderling G. C. P. Labuschagne.<sup>146</sup>

Die oprigting van die kerkgebou was ‘n geskiedkundige gebeurtenis in Welkom en gevolglik het die kerkraad op voorstel van ouderling S. J. D. Renke die Dorpsbestuur versoek om Witzestraat na Kerkstaat te vernoem.<sup>147</sup> Die Dorpsbestuur het die versoek toegestaan.<sup>148</sup> Soos reeds vermeld was dit in daardie stadium die enigste kerkgebou, teenoor kerksale wat gewoonweg opgerig is.

In ‘n tydbestek van drie-en-half jaar was die belydende lidmate driehonderd, terwyl die dooplidmate op driehonderd-en-twintig te staan gekom het. In die verband is die woorde van ds. Van der Walt selfverklarend: ‘Ons dank ons troue verbondsgod en Koning wat die klein begin van hierdie gemeente laat uitgroeï het tot ‘n lewenskragtige aktiewe gemeente.’<sup>149</sup>

Die kerkgebou is minder as vier jaar na die stigting van die gemeente in gebruik geneem. Die aanvanklike datum vir die in gebruikneming van die kerkgebou was vir 24 en 25 April 1954 vasgestel. Die kerkraad het op 21 April 1954 besluit om die datum na die naweek van 22 en 23 te verskuif. Hierdie besluit is aan onvoorsiene omstandighede te wyte.<sup>150</sup>

Die Saterdagmiddag van die 22 Mei 1954 het prof. W. J. Snyman die erediens gelei. Hy het ook die erediens Sondagoggend waargeneem. Ds. Van der Walt het die diens die Sondagaand gelei. Die hele Saterdag was ‘n bedrywigheid wat tot selfs na die program van die kerkgebou se in gebruikneming voortgeduur het.<sup>151</sup>

‘n Bietjie langer as ‘n jaar later is die orrel op 9 Junie 1955 in gebruik geneem. ‘n Orreluitvoering is toe by die geleentheid gehou.<sup>152</sup> Hierdeur is ‘n verdere mylpaal in die gemeente se ontwikkelingsgang behaal.

---

<sup>145</sup> Ibid.

<sup>146</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 39.

<sup>147</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 17. 11. 1953, P. A.

<sup>148</sup> Anon., *Ons Gereformeerde Gemeentebled ...*, p. 20.

<sup>149</sup> Ibid.

<sup>150</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 6.

<sup>151</sup> Ibid.

<sup>152</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 9. 6. 1955, P. A.

Na 'n periode van bykans vyfjaar het ds. Van der Walt as die eerste leraar van die gemeente en in die moeilike beginjare, 'n beroep na Windhoek aanvaar. Hy het op 28 Julie 1957 sy demissie ontvang.<sup>153</sup>

Gedurende die Klassis Ventersburg se sitting in Welkom op 14 April 1954, is die verslag van die Sendingkommissies van die onderskeie gemeentes se Sendingwerksaamhede onder die aandag van die deputate gebring. In die verslag is vermeld dat die kombinasie Reddersburg-Burgersdorp se taak deur Welkom as sendende gemeente oorgeneem is, om met die sustentasie van die Partikuliere Sinodes van O.V.S, Natal en Kaapland op te tree. Die verwickelinge kan aan die voorafgaande goedkeuring van die kerkraad van Welkom op 17 Januarie 1953 toegeskryf word. Hiervolgens was die kerkraad daarmee eens dat Welkom as sendende gemeente in die Goudveld van die O.V.S. kon optree.

Na aanleiding van die sendingbearbeiding in Welkom is J. S. Matlakala teen die einde van 1953 as evangelis beroep. Volgens die Sendingkommissie se verslag het hy sy studies vir die leraarsamp onder ds. Du Plessis voltooi. Die Sendingkommissie het die stap in die lig van die woorde in die verslag verklaar: "Die Deputate verwelkom hierdie stap van die Sendingkommissie, aangesien natuurlike kragte op hierdie stadium geestelik en finansiële die mees lonende is."<sup>154</sup>

In die betrokke verslag is ook 'n eie Sendinggemeente in Thabong (Welkom) teen die einde van Mei 1954 in die vooruitsig gestel. Die moontlikheid van 'n sendinggemeente is aan die belydende lidmatetal van veertig teenoor die ses-en-dertig in die doopklas, sowel as die ongeveer honderd kinders in Sondagskool te begrype.

Die Sinodale Deputate het dus besluit om 'n som van £1000 aan die Sendingkommissie van Welkom, as steungewende hulp vir die oprigting van 'n kerkgebou te gee.<sup>155</sup>

Dit was gedurende die bediening van ds. Van der Walt dat die sendinggemeente in Thabong, die Swart woonbuurt gestig is. Die gemeente is op 1 Augustus 1954 gestig, terwyl die voltooide kerkgebou op 1 Augustus 1955 in gebruik geneem is. Die sendingwerksaamhede het mettertyd 'n sendingleraar geregverdig en gevolglik is ds. L. J. Botha beroep. Hy is op 26 Februarie 1956 deur dr. J. A. Schutte as sendingleraar bevestig. Uit die aard van sy toewyding en roepingsbewustheid het hy ook waardevolle diens gedurende die afwesigheid van 'n leraar in die gemeente van Welkom, gelewer.<sup>156</sup> Dit is na aanleiding van 'n beroep dat ds. Van der Walt die gemeente verlaat het. Dit het gebeur nadat hy sy afskeidspreek op Sondag, 28 Julie 1957 gelewer het.<sup>157</sup>

<sup>153</sup> Ibid., 28. 7. 1957; J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 6;

H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 40.

<sup>154</sup> 2. 1 (4) Welkom *Verslag*. Sendingrapport: Klassis Ventersburg 1953 - 1954.

<sup>155</sup> Ibid.

<sup>156</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 40.

<sup>157</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 27. 7. 1957, P. A.

Die gemeente was ongeveer dertien maande vakant na die vertrek van ds. Van der Walt. Nadat die gemeente sowat elf keer beroep het, is die elfde beroep deur ds. H. L. M. du Plessis aanvaar. Hy het die beroep aangeneem nadat die kerkraad hom twee maal beroep het. Ds. Du Plessis is op 6 September 1958 deur ds. J. H. Booyens bevestig.<sup>158</sup>

#### 4. 8 DIE AFBRAND VAN DIE KERKGEBOU

Die afbrand van die kerkgebou het die lidmate met skok en verslaenheid gevul. Dit het 'n merk gelaat wat oënskynlik onuitwisbaar geblyk het.<sup>159</sup> Die kerkgebou was 'n bietjie meer as vierjaar oud,<sup>160</sup> sodat die hartseer en trauma 'n logiese uitvloeisel van die gebeure is.

Die kerkraad het op die aand van 12 November 1957 in die kerkgebou 'n kerkraadsvergadering gehou.<sup>161</sup> Die kerkraadslede het teen ongeveer 11:45 die kerkgebou verlaat en enkele ure daarna in die vroeë oggendure van 13 November 1957 het die onbegryplike gebeur, toe die kerkgebou deur 'n brand verwoes is. Dit was 'n onkeerbare brand wat die hele kerkgebou in puin gelê het.

Ds. L. J. Botha het die Sondagoggend van 17 November 1957 troos uit die Woord van God gebied. Hy het na aanleiding van (Jer 30:17) gepreek: 'Want ek sal genesing vir jou totstand laat kom en jou wonde gesond maak, spreek die Here; omdat hulle jou noem: die verjaagde. Dit is Sion, sê hulle, niemand vra na haar nie.'<sup>162</sup>

Die gemeentelede het deur die genade van God weer geloofsmoed aan die dag gelê, omdat 'n boufonds op 19 November 1957 gestig is, dit wil sê, 'n week nadat die tragedie plaasgevind het. Die boukommissie was deur die volgende lede saamgestel: W. C. Deysel, J. van Zyl Alberts, ouderlinge W. Hugo, J. de Klerk, C. F. Hoogendyk en A. Erasmus. Ds. Botha het as voorsitter van die boukommissie opgetree.

Die opdrag aan die boukommissie was onder meer: 'Ondersoek in te stel insake die herbou van die kerkgebou in sy oorspronklike vorm met die moontlike verandering van trappe na die galery, die gewels, die aanbring van 'n pandak in plaas van 'n teëldak, die latrines en vloere.'<sup>163</sup>

Die berekende brandskade het op R45 000 te staan gekom, terwyl die versekeringspolis slegs vir R36 000 was. Santam het goedgunstelik die volle versekerde bedrag van R36 000 uitbetaal. In daardie stadium het die gemeente nog 'n kerkskuld van R39 344 gehad. "Van buite die gemeente en uit die kerkverband is ook donasies ontvang wat in die

<sup>158</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 7.

<sup>159</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, p. 6.

<sup>160</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 41.

<sup>161</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 12. 11. 1957, P. A.

<sup>162</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 41.

<sup>163</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, pp. 6 - 7.

heropboufonds gestort is, en agt maande later het die fonds op R3 420 gestaan.”<sup>164</sup> Die fonds as heropboufonds het daarop gedui dat die afgebrande kerkgebou herbou moes word. By ‘n kerkraadsvergadering van 8 Julie 1958 is besluit om die vorige besluit te herroep, ‘om volgens ‘n nuwe plan te bou.’<sup>165</sup>

Die nuwe plan is eers aan die gemeente voorgelê voordat dit aan die argitek oorhandig is. Die verslag van die boukommissie is op 9 September 1958 deur die kerkraad aanvaar, om groter druk op die argitek vir die spoedige voltooiing van die kerkgebou te plaas.<sup>166</sup>

Vanweë die gebrek aan ‘n aanbiddingsplek moes die kerkraad poog om ‘n saal te vind, waarin die eredienste gehou kon word. Die kerksaal van die N. G. Kerk Welkom is tot die beskikking van die gemeente gestel. Hulle kon ook later van die Hoërskool Gimnasium se skoolsaal gebruik maak.<sup>167</sup>

Ds. Botha het die grootste gedeelte van die tyd die gemeente bedien en bygestaan, terwyl daar nie ‘n predikant was nie. Intussen het hy ‘n beroep na Dordrecht-Indwe aanvaar en gevolglik is hy op 22 Junie 1958 van die gemeente losgemaak. Die kerkraad het op 9 September 1958 besluit om nie weer ‘n Sendingleraar te beroep nie, omdat die plaaslike sending alreeds selfstandig gefunksioneer het. Daarenteë was die kerkraad van mening dat ‘n blanke sendeling meer effektief in ander dele van die Vrystaat gebruik kon word.<sup>168</sup>

Die boukommissie is aan die begin van 1959 hersaamgestel en die lede was: H. C. Griffioen, C. F. Hoogendyk, W. C. Deysel en J. van Zyl Alberts, J. C. de Klerk, F. Buter en ds. Du Plessis. Ouderling A. J. Hechter is gedurende 1960 ook by die betrokke kommissie bygevoeg.<sup>169</sup>

Pogings is intussen aangewend om ‘n ander erf te bekom. Die erf 1410 vir ‘n kerk in Kerkstraat is na heelwat onderhandelinge met die Dorpsbestuur vir erwe 6975, 8976 en 6977 geruil. Die vermelde drie erwe is deur middel van onderhandelinge met die Regering van die Unie van S.A. vir erf 1439 verruil. Die laasgenoemde erf is langs Araratweg geleë waar die tweede kerkgebou opgerig is.<sup>170</sup>

Die kerkraad het op 2 Junie 1959 die tender van Welkom Konstruksie vir die bedrag van R45 230. 89 aanvaar, terwyl ‘n plaaslike argitek, L. Roodt vir die opstel van die planne en toesig oor die bouery aangestel is. Die gedagtegang was om die nuwe kerkgebou sover moontlik volgens die vorm en styl van die afgebrande kerkgebou te bou.<sup>171</sup> ‘n Lening vir

---

<sup>164</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 42.

<sup>165</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 9. 9.1958, P. A.

<sup>166</sup> Ibid.

<sup>167</sup> H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 42.

<sup>168</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 9. 9. 1958, P. A.

<sup>169</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*,p. 7.

<sup>170</sup> Ibid.

<sup>171</sup> *Kerkraadsnotule Welkom*, 2. 6. 1959, P. A.



die finansiering van die kerkgebou is by die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke aangegaan.

Die hoeksteenlegging is 'n jaar later op 23 April 1960 deur ds. Du Plessis gelê, terwyl ds. Van der Walt as vorige leraar van die gemeente die rede gevoer het. Enkele maande na die hoeksteenlegging op 3 September 1960 is die kerkgebou ingebruik geneem. Die argitek het die sleutels van die kerkgebou aan die eggenote van ds. Du Plessis oorhandig, sodat sy die deure van die kerk kon oopluit. Ds. Buys het die erediens by die geleentheid waargeneem.

Die totale koste van die bouprojek het 'n koste van R48 849 beloop. Daarbenewens is die orrel deur die susters van die gemeente teen 'n bedrag van R6 240 geskenk. Die laaste paalement van R580 is in Maart 1963 deur hulle betaal.<sup>172</sup>

Die pastorie in Jan Hofmeyrweg is reeds voor die vertrek van ds. Van der Walt as te klein beskou en gevolglik het die kerkraad op 24 Januarie 1957 besluit om dit te verkoop.<sup>173</sup> Die betrokke pastorie is in Februarie 1960 aan die N. G. Kerk teen R9000 verkoop. Ds. Du Plessis het in 1958 met sy koms na Welkom in die pastorie van die voormalige ds. Botha in Kerkstraat ingetrek. Die pastorie is ook mettertyd as te klein bevind en op 'n buitengewone kerkraadsvergadering van 1 Junie 1964 is besluit om 'n huis in Prosperostraat 46 vir die doeleinde van 'n pastorie aan te koop. Die ou pastorie in Kerkstraat is toe teen R8000 verkoop.<sup>174</sup>

Intussen het ds. Du Plessis 'n beroep na Linden aangeneem en hy is op 12 Augustus 1967 van die gemeente losgemaak. Nadat die gemeente vir ongeveer sewe maande vakant was, het ds. P. J. Pelser die sewende beroep wat op hom uitgebring is, aanvaar. Hy is op 11 Maart 1967 deur dr. G. C. P. van der Vyver in die gemeente bevestig.<sup>175</sup>

#### 4. 9 DIE STIGTING VAN VIRGINIA GEMEENTE

Die gemeente het alreeds sy beslag gedurende die pioniersjare van die Goudveld gekry, toe dit 'n wyk van Hennenman Gemeente gedurende 1949 tot 1955 was. Die eerste ouderling van die wyk was A. van der Linde en die verbondsonderrig van die kinders in sy wyk was vir hom 'n gewigtige saak. Dit was moeilik om die kinders na Hennenman te vervoer, aangesien baie vaders op Sondag moes werk en die moeders nie eintlik kon bestuur nie. Gevolglik is besluit om katkisasieklasse in Virginia te hou. Sommige van die kerkraadslede van Hennenman was nie daarmee tevrede nie. Intussen is kinders wat nie vervoer gehad het nie, deur ouderling Van der Linde heen en weer vervoer.<sup>176</sup>

<sup>172</sup> Ibid., 1. 6. 1964.

<sup>173</sup> Ibid., 24. 01. 1957.

<sup>174</sup> Ibid., 1. 6. 1964; H. J. Venter, *Gereformeerde Kerke in die Goudvelde ...*, p. 44.

<sup>175</sup> J. Venter (red.), *Gereformeerde Kerk Welkom ...*, pp. 7 - 8.

<sup>176</sup> *Die Gereformeerde Kerk Virginia: 25 Jaar (1956 – 1981)*. Herdenkingsdatum: 27 en 28 November 1982, p. 1.

In die lig van praktiese oorweginge het Hennenman se kerkraad aan Virginia toestemming gegee om eredienste te hou. Die eredienste is gehou in 'n saaltjie wat aan Frankfurt-Kardoeks behoort het. Die geriewe in die saaltjie was nie van die beste nie, want die preekstoel was 'n kassie waaroor 'n tafeldoek gehang het. Die vensters van die saaltjie was ook stukkend en die wind het vrylik daardeur gewaai. Insgelyks was daar by die eredienste slegs drie siele met ouderling en predikant teenwoordig. Nietemin was die eredienste met groot dankbaarheid gekenmerk, al het dit slegs een keer per maand plaasgevind.<sup>177</sup>

Die Eerwaarde Klassis het gedurende 'n sitting in Odendaalsrus op 4 Oktober 1956 die afstigting van die wyke Virginia-Harmonie van Hennenman tot 'n selfstandige gemeente goedgekeur. Die klassis het ook die grensreëlings tussen Hennenman en Virginia goedgekeur wat deur 'n kerkraadsvergadering in Hennenman op 23 Augustus 1956 aanvaar is. Die betrokke kerkraadsvergadering se aanvaarding van die grensreëlings het op 'n gunstige kommissieverslag berus.<sup>178</sup>

Die grensreëlings tussen Hennenman en Virginia het die volgende omvat: a) "Ten opsigte van Ventersburg, Theunissen en Welkom sal die bestaande grense tussen Hennenman en die drie Gemeentes ook die grense vir die te gestigte Gemeente wees. b) Die grens tussen Hennenman en die nuwe gemeente van Virginia sal wees: Die pad wat van die winkel by Kaalvlei gaan tot by die stoor te Kalkvlakte, vandaar met die teerpad tot by die Virginia-Ventersburg-pad en vandaar met laasgenoemde pad tot by die grens tussen Hennenman en Ventersburg. Saaiplaas resorteer onder Virginia."<sup>179</sup>

Hiervolgens is Virginia Gemeente op 4 November 1956 gestig. Ds. J. J. van der Walt (later professor) het destyds namens die Klassis Ventersburg die gemeente gelukkig en verklaar: "Dat die gemeente van niks af tot iets moet groei."<sup>180</sup> Desgelyks het niemand vooruit geweet dat dié dag in die teken van rou vir die gemeenskap van Virginia sou staan nie. Op die betrokke dag is 'n roudiens in die N. G. Kerkgebou gehou vir die mynwerkers, wat op 31 Oktober 1956 in No. 1 skag van die myn in Merriespruit verdrink het. Daar was ongeveer 3000 mense wat die roudiens bygewoon het.<sup>181</sup>

Later in die dag na die roudiens is daar met die afstigting van die gemeente met ongeveer 50 belydende lidmate voortgegaan.<sup>182</sup> Ds. van der Vyver van Theunissen het as konsulent by die afstigtingsvergadering op 4 November 1956 opgetree. By die vergadering is besluit dat ds. J. J. Van der Walt van Welkom vir die dienste vanaf 1957 in Virginia verantwoordelik sou wees. Daarteenoor het die diensdoende ouderlinge N. Eksteen, C. du Plessis, A. van der Linde, T. van der Walt en F. J. Smit; asook die diensdoende diakens W. Blanché, A. Markram, A. der Vyver, G. A. Potgieter en Prinsloo eervolle ontslag

<sup>177</sup> Ibid.

<sup>178</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 8. 11. 1956, P. A.

<sup>179</sup> Ibid.

<sup>180</sup> *Die Gereformeerde Kerk Virginia 25 Jaar (1956 - 1981)*. Herdenkingsdatum 27 en 28 November 1982, p. 1.

<sup>181</sup> Ibid., p.2.

<sup>182</sup> Ibid.

gekry. Hierdie reëling is op voorwaarde getref dat ouderling C. du Plessis nog as ouderling van Hennenman sou dien.<sup>183</sup>

By die betrokke kerkraadsvergadering het die gedagte gesentreer om die verkiesing van 'n nuwe kerkraad vir die gemeente of om andersins die kerkraadslede wat ontslag ontvang het weer voor te stel. Op voorstel van M. J. Kruger en gesecondeer deur L. A. S. du Plessis is al die kerkraadslede wat ontslag gekry het, weer voorgestel met uitsondering van C. du Plessis. Daar was geen beswaar teen die voorstel nie en die voorgestelde kerkraadslede het hulle bereid verklaar om weer op die kerkraad van die nuwe gemeente te dien. Die voorsitter het die kerkraadslede geluk gewens en verklaar dat hulle bevestiging na afloop van die vergadering sou plaasvind.<sup>184</sup>

Hierna het die voorsitter aan deputate en andere die geleentheid gegee om hul groete en gelukwensing aan die nuwe gemeente oor te dra. Prof. J. P. Jooste het die gemeente namens die Teologiese Skool van Potchefstroom gelukgewens. Hy het onder andere aangevoer: Ons belewe 'n tyd van afval en tog ook 'n tyd van bloei. Die gemeente moet met dankbaarheid vervul wees om nog sy werk te kan doen. Mag die gemeente krag en genade van die Koning van die kerk kry om hulle pligte getrou te doen."<sup>185</sup>

Ds. Van der Walt het op sy beurt namens die kerkverband en klassikale deputate die gemeente gelukgewens en gesê dat hy glo dat 'n groot toekoms op die gemeente wag. Hy het onder meer na die brief van Paulus aan die gemeente van Philadelphia verwys en verklaar: hulle is klein en het min krag, maar die belofte het berus op die feit dat hulle as pilare van die tempel van God sou dien. Hy het afgesluit met die hoop dat dit ook die geval met die nuwe gemeente sou wees.

Ds. De Villiers van die N. G. Kerk Virginia het die gemeente bedank vir die uitnodiging en sy waardering oor die standvastigheid van die Gereformeerde lidmate uitgespreek. Hy het 'n hand van samewerking aan die leraar van die gemeente uitgereik en die nuwe kerkraadslede met hul verkiesing gelukgewens.

Ds. Viljoen van die Ned. Hervormde Kerk het ook die gemeente vir die uitnodiging bedank. Hy was verheug oor die selfstandigwording van die betrokke gemeente, aangesien hulle kort vantevore ook tot die stigting van 'n selfstandige gemeente oorgegaan het. Hy het die gemeente alles van die beste toegewens.

Die afgevaardigde ouderling van die Gereformeerde Gemeente van Hennenman het ook sy gelukwense oorgedra en het die nuwe gemeente bedank vir hulle samewerking in die verlede. "Alhoewel Hennenman bedroef voel dat die dogter vir Hennenman verlore is, is die moedergemeente nogtans bly dat sy nou mondig is om pionierswerk op die Goudveld te doen."<sup>186</sup> Hy het die gemeente gemaan om deurentyd getrou te wees en nie bevrees te wees nie, sodat die poorte van die hel dit nie oorweldig nie.

<sup>183</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 8. 11. 1956, P. A.

<sup>184</sup> *Ibid.*

<sup>185</sup> *Ibid.*

<sup>186</sup> *Ibid.*

Ouderling Van der Linde het namens die gemeente van Virginia aangevoer dat dit vir hom 'n voorreg is om almal hartlik te bedank vir al die goeie wense wat ontvang is. Hy het onder andere verduidelik hoe hulle in die beginjare met dertien lidmate begin het, sodat die gebeure van afstigting veel wyer as Virginia behoort te strek. Dit moet vir die hele Christelike Kerk in die Goudveld as 'n ligbaken dien. Hy het al die sprekers beurtelings bedank en in die besonder vir ds. Snyman wat die afgelope jaar as herder opgetree het. Hy het ook nie die orrelis en koster vir hulle toewyding vergeet nie.<sup>187</sup>

Die gemeente het vir die eerste keer nagmaal op 18 November 1956 gebruik, terwyl 'n teologiese student J. van Vuuren du Plessis die eredienste gedurende Desembermaand in die gemeente waargeneem het. Hy het later leraar van Welkom-Noord geword. In die vroeë stadium is alreeds twee eredienste in die gemeente op 'n Sondag in die voorportaal van Virginia Volksskool gehou.<sup>188</sup>

Op 29 Januarie 1957 het Virginia en Welkom in kombinasie getree, sodat hulle ook 'n leraar op 'n deelbasis met Welkom gehad het. Ds. Van der Walt was die predikant wat later professor aan die Teologiese Skool van Potchefstroom geword het.<sup>189</sup>

Die eerste kinders wat in die gemeente gedoop is, was W. A. Boshoff, J. A. Fourie, T. van der Walt en I. J. Venter. Hulle is op Sondag, 1 September 1957 gedoop. W. A. Boshoff het later in sy volwasse lewe as diaken op die kerkraad van die gemeente gedien. Die gemeente het in dié tyd ook met die afsterwe van D. Markram te doen gekry wat in daardie stadium nog 'n jongman was.<sup>190</sup>

In *Die Kerkblad* van 18 Junie 1958 lees ons: “Vyf jaar gelede was hierdie gebied, wat vandag die gemeente van Virginia begrens, slegs maar net 'n wyk van Hennenman met nie eers 'n volle twintigtal lidmate nie. Vyftien maande gelede het ons afgestig met honderd-en tien lidmate en vandag deur die geweldige groei hier in die Vrystaat se Goudvelde staan die getal al oor die honderd-en-sewentig belydende lidmate.”<sup>191</sup> Dit is 'n aanduiding van die toenemende ontwikkeling op ekonomiese gebied wat in die Goudveld plaasgevind het.

Intussen het die kerkraad algaande in die rigting van 'n eie leraar vir die gemeente begin dink. Daar was toe honderd-en-twintig belydende en honderd-en-drie dooplidmate. Die gedagtegang om 'n leraar te beroep is aan die praktiese implikasies van die gemeente toe te skryf. Die taak van die kerkraad is bemoeilik sonder die behoorlike vestiging van die gemeente en die voortdurende wisseling van die lidmate. Gevolglik was die kerkraad van mening dat 'n eie leraar alle gemeentelike aangeleenthede beter sou beheer. Die situasie in dié tyd was uiters vloeibaar, omdat lidmate voortdurend gewissel het. Dit opsigself het

---

<sup>187</sup> Ibid.

<sup>188</sup> *Die Gereformeerde Kerk Virginia ...*, p. 2.

<sup>189</sup> Ibid.

<sup>190</sup> Ibid.

<sup>191</sup> *Die Kerkblad*, 18. 6. 1958, p. 11.

‘n gevoel van onsekerheid by die kerkraad gelaat, sodat hulle huiwerig was om ‘n predikant te beroep.<sup>192</sup>

Die kerkraad het die noodsaaklikheid van evangelisasiewerk en sendingwerk in die Goudveld besef. Die belangrikheid van ‘n sendingaksie sowel as die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente het ‘n leraar vir die gemeente onontbeerlik gemaak. ‘n Gemeente kan alleenlik in eenheid en krag groei as so ‘n gemeente onder die bekwame leiding van ‘n predikant is. Hiervolgens is die beroep van ‘n predikant onafwendbaar en die kerkraad was genoop om ‘n predikant so gou moontlik te beroep.<sup>193</sup>

Nadat twee beroepe op kandidate uitgebring is, het ds. J. H. Booyens die beroep aanvaar. Die gemeente het hul herderspaar op 10 Januarie 1958 in die gemeente verwelkom. Die afgevaardigdes en sommige gemeentelede het hom en sy gade die Vrydagmiddag om 4:00 op die Hennenman-pad ontmoet. ‘n Geselligheid was vir die herderspaar in die Metodiste-kerksaal gereël. Die dag daarna, dit wil sê, op Saterdag, die 11 Januarie 1958 is hy deur prof. J. P. Jooste bevestig, sodat hy op Sondagmiddag, die 12 Januarie 1958 sy intrepreek in die N. G. kerkgebou kon lewer.<sup>194</sup>

By ‘n kerkraadsvergadering van 27 Maart 1958 is die visitasieverslag gelees en breedvoerig behandel. Die verslag het verskillende aangeleenthede soos die kollekte by ‘n erediens rakende barmhartigheid; die evangelisasie; die sending; finansiële hulp aan die Gereformeerde Kerk in die vorm van ‘n kollekte by ‘n erediens aangespreek. Die verslag het ook gehandel oor ‘n volkskomitee wat vir die Angola-boere in die lewe geroep is. Die kerkraadslede het hiervan kennis geneem en die aangeleentheid na die diakonie verwys. Die kerkraad het ook die *Woord en Daad*, ‘n Calvinistiese blad teen ‘n koste van tien sjielings per eksemplaar by die kerkraadsvergadering vir die gemeentelede aanbeveel.<sup>195</sup>

Op 24 April 1958 is die aangeleentheid rakende geestelike hulp aan die Gereformeerde Gemeente Welkom bespreek. Die gemeente in Welkom was vir ‘n geruime tyd sonder ‘n leraar en na hul agste beroep wat hulle uitgebring het, was hulle steeds onsuksesvol om ‘n predikant te bekom. Die gemeente van Welkom was vir ongeveer ‘n jaar sonder ‘n herder en gevolglik is geen huisbesoek gedoen nie. Daar is ook gewys op die feit dat die gemeentelede behoefte aan huisbesoek gehad het. Nadat die aangeleentheid in diepte by die kerkraadsvergadering bespreek is, het die kerkraad die versoek eenparig goedgekeur. Die kerkraad het in terme van die praktiese uitvoering daarvan ‘n kommissie bestaande uit die voorsitter, die skriba en ‘n ouderling saamgestel. Die hulpverlening het die volgende omvat: ‘n Erediens op ‘n Sondagoggend met inbegrip van huisbesoek gedurende die betrokke week van minstens twee dae en dit het ook kerkraadsvergaderings ingesluit. Die betrokke gemeente sou vir die leraar se reiskoste verantwoordelik wees, terwyl die diensvergoeding aan die gemeente van Virginia betaal

---

<sup>192</sup> Ibid.

<sup>193</sup> Ibid.

<sup>194</sup> Ibid.

<sup>195</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 27. 3. 1958, P.A.

word. Eweseer is die inwerkingtreding van die voornemende reëlings vir die hulpverlening by die betrokke vergadering behandel.<sup>196</sup>

Op aanbeveling van die kommissie wat met die indeling van wyke gemoeid is, het die kerkraad die wyke van die gemeente van Virginia soos volg goedgekeur: “Wyk 1. Harmonie. Tussen Harmonieweg en die Sandrivier; (2) Merriespruit: Die westekant van Danie Erasmusstraat tot by Hollyweg tot Imbuiaweg plus die Sand en Vetrivierkanale; (3) Virginia: Highlandsweg vanaf Voortrekkerweg tot Bereaweg weer tot Elandlaan. Vandaar tot Elandlaan tot Begoniaweg; (4) Harmonie: oostekant van Queens way tot Monikanalaan wat verder as die noordekant van Monikanalaan en die plase uitkring; (5) Virginia: Die area tussen Valleydrive en Highlandsweg tot by Voortrekkerweg en weer van Voortrekkerweg tot Virginiaweg en die plase; (6) Virginia: Die area tussen Virginiaweg tot Park Crecent en Virginia Gardens tot Gembokweg. Vandaar tot Boomweg tot Cameliaweg en vandaar tot Begoniaweg; (7) Virginia: Die area tussen Highlands vanaf Voortrekkerweg tot Bereaweg; verder aan tot Elandsweg tot Begoniaweg en weer van Begoniaweg tot Cameliaweg; vandaar tot Boomweg tot Burgerweg tot Gembokweg wat tot Virginia Gardens strek.;(8) Harmonie: Die westekant van Queensweg tot Monikanalaan en weer verder die suidekant van Monikanalaan; (10) Merriespruit: Die oostekant van Danie Erasmusstraat tot Hollyweg en die suidekant van Hollyweg tot Apies-doornstraat.”<sup>197</sup>

Na aanleiding van die ontwikkeling van die gemeente van Virginia is ‘n pastorie en kerksaal gedurende 1957 en 1961 gebou, dit wil sê, toe ds. Booyens predikant van die gemeente was.<sup>198</sup> Die koste vir die oprigting van die kerksaal het slegs £5000 beloop. Dit is te wyte aan onnodige luukshede wat vermy is sonder om die gewyde atmosfeer van die gebou te skaad. Die lidmate en die predikant se daadwerklike steungewende hulpverlening het ook tot die kostebesparing daarvan bygedra. Selfs die Voorsitter van die Dorpsraad was beïndruk met die ekonomiese beskostigbare wyse waarvolgens die betrokke kerksaal opgerig is. Hy het hom soos volg in dié verband uitgedruk: “Hierdie gemeenskap het in die geloof ‘n wonder verrig: op ekonomiese wyse ‘n besonder waardige kerk te bou. Dit moet die Christelike kerk se ideaal bly, om geboue met so min skuld moontlik op te rig, sodat groter somme mag vrykom vir die kerk se eintlike roeping, naamlik: die uitbreiding van die koninkryk van God onder die blanke en nie-blanke heidene.”<sup>199</sup>

Om die gemeentelike werk effektief te laat funksioneer is die volgende kommissies saamgestel: sendingkommissie; finansiëlekommissie; katkisasiekommissie; bou- en terreinkommissie; reëlingskommissie; dienstereëlingskommissie; susterskommissie. ‘n Verslag wat oor die onderskeie kommissies opgestel is, het by ‘n kerkraadsvergadering van 31 Oktober 1962 te berde gekom.

---

<sup>196</sup> Ibid., 24. 4. 1958.

<sup>197</sup> Ibid., 22. 5. 1958.

<sup>198</sup> *Die Gereformeerde Kerk Virginia ...*, p. 2.

<sup>199</sup> *Die Kerkblad*, 16. 9. 1959, P. A.

Daarbenewens was die sendingverslag kommerwekkend vanuit 'n finansiële oogpunt. Gevolglik is besluit om 'n finansiële aansuiwering te maak, indien dit enigsins moontlik sou blyk. Die klassisbegroting het wel daarvoor voorsiening gemaak. Die verslag oor die Susterskommissie was oor die algemeen positief en derhalwe gaan hulle voort met hul goeie werk. Die bou- en terreinekommissie is benader vanuit 'n praktiese oogpunt. Daar is gewag gemaak van vrywillige arbeid vir die instandhouding van geboue en die verfraaiing van die terreine om dit met plante en struik te versier. Die voorsitter het namens die katkisasiekommisie op die swak bywoning van katkissante gewys en voorgestel dat die ouderlinge die erns daarvan onder die ouers se aandag moet bring. Sake rakende die finansiële kommissie het positief geblyk en reëlings vir doelmatige effektiwiteit is getref.<sup>200</sup>

Die predikante wat in die gemeente na ds. Booyens in die gemeente gearbei het, was onder andere: di. A. J. du Plessis (1961 – 1964); T. A. Liebenberg (1965 – 1971); M. J. Lourens (1972 – 1975). Hy is gedurende sy bediening in die gemeente oorlede. Daarteenoor was ds. D. Hutcheons vanaf 1975 tot 1981 in die gemeente werksaam, wat noodgedwonge die bediening weens gesondheidsredes moes verlaat.<sup>201</sup>

Die wil voorkom dat die gemeente gedurende die eerste 26 jaar nie lank sonder 'n leraar was nie (hoogstens enkele maande) – die Here het altyd weer voorsien.<sup>202</sup>

Statisties gesproke was die stand van sake in die gemeente teen 1961 soos volg: huisgesinne 82; dooplidmate 205; belydende lidmate 171 en 'n totaal van 376; paartjies getroud 0; lidmate gedoop 15; belydenis van geloof afgelê 3; lidmate met attestate oorgekom na die gemeente 41; lidmate met attestate na ander gemeentes vertrek 29; kerklike lidmaatskap opgesê 8; dooplidmate en belydende lidmate oorlede 0. In die betrokke jaar was die skriba T. P. P. van Graan en die kassier J. G. Meyer, terwyl die predikant ds. Booyens en die konsulent ds. L. S. van der Vyver was.

Desondanks word die kerkraadslede bestaande uit ouderlinge en diakens soos volg aangedui: J. M. O van Sittert, J. A. Kotze, J. C. Steyn, T. P. P. van Graan, W. H. H. Steyn, P. T. B. Erasmus, J. P. Kruger, D. J. P. A. D. van Zyl en die diakens J. G. Meyer, W. G. Kleinschmidt, A. J. Markram, H. Huisinga, L. F. J. Wentzel, L. F. Röhl, G. S. Malherbe, P. J. C. Erasmus.<sup>203</sup>

Dié gemeente met inbegrip van ander gemeentes in die Goudveld het hoofsaaklik hul ontstaan en samestelling aan die goudmynbelange te danke. Die omvang en getalsterkte van die gemeentes is deur die ekonomiese welvaart van die goudmyne bepaal. In dié sin is die omvang van die gemeentes sowel as bepaalde eiesoortige sosio-ekonomiese en maatskaplike infrastrukture in die die Goudveld onlosmaaklik aan die mynboubelange verbind.

<sup>200</sup> *Kerkraadsnotule Virginia*, 31. 10. 1962, P. A.

<sup>201</sup> *Die Gereformeerde Kerk Virginia ...*, p. 3.

<sup>202</sup> Ibid.

<sup>203</sup> *Die Almanak*, 1961, p. 97.

Dit is slegs die Heilige Gees wat lidmate geestelik saambind waar omstandighede so gunstig vir individualisme en materialisme is. Derhalwe moet Virginia en ander gemeentes in die Goudveld voortdurend poog om die geestelike waardes by die lidmate in te boesem, sodat die regte houding en gesindheid teenoor die tydelike gehandhaaf word. Daardeur word die swaartepunt van die gelowige lidmaat se liefde en ywer vir die saak van die Here, nie deur die groot tonnemaat erts wat maandeliks ontgin word, deur ekonomiese waardes verswelg nie.<sup>204</sup>

Die eiesoortige ekonomie in die bepaalde demografie van die Goudveld het nie alleen die ontstaan van die gemeente van Virginia verseker nie, maar wel 'n lewenskragtige indirekte vennootskaplike instansie wat die saak van die kerk bevorder. Vanuit die oogpunt van die ekonomiese demografie van die goudmyne en die rol van die kerk in die breë, is dit voor-die-hand-liggend dat die lidmaat en sy gemeenskap tot kwalitatiewe ontwikkeling verseker is. In dié verband is dit duidelik dat die kerk en mynbosektor mekaar as twee uiteenlopende pole tot voordeel van die gemeenskap komplementeer.

Die gemeente van Virginia en ander in die Goudveld het dus op grond van God se wyse en genadewerking gestalte gekry: “In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon” (Efes. 2:21:22).

#### 4. 10 INTERPRETATIEF EN GEVOLGTREKKING

##### 4. 10. 1 INTERPRETASIE

Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus het sedert 1907 'n verbintenis met die gemeente van Ventersburg gehad. Alhoewel Odendaalsrus en Theunissen vanaf die betrokke datum slegs as 'n wyk van die gemeente van Ventersburg gedien het, het Odendaalsrus nietemin 'n taamlike lang aanloop van kerklike aktiwiteite in die Goudveld gehad, voordat dit 'n gemeente in 1933 geword het. Afgesien van die afstigting was Odendaalsrus deur middel van die kombinasie-ooreenkoms aan Ventersburg onderhewig. Hiervolgens sou die kombinasie van krag bly totdat Ventersburg dit gerade sou ag om dit amptelik te kanselleer.

In dié tyd voor die amptelike goudontdekking in 1946 het die landbousektor in die Goudveld die plaaslike ekonomie instand gehou. Hoewel die goudontdekking op die plaas Geduld nuwe ekonomiese momentum aan die Goudveld en omgewing gegee het. Ongelukkig het sommige boere hulle plase in dié tyd verkoop en die Goudveld verlaat. Die toedrag van sake was vir die kerk 'n groot bron van kommer.

Desnieteenstaande het die instroming van mense na die Goudveld steeds toegeneem, veral met die ontginning van goud toe dit groot sosio-ekonomiese omwenteling tot gevolg gehad het. Desnoods het die gemeente van Odendaalsrus begin met die nodige beplanningsraamwerk, om al die lidmate van die kerk in die Goudveld te akkommodeer. Hiervolgens het Odendaalsrus 'n verdere wyksvedeling ondergaan sodat Welkom 'n wyk

---

<sup>204</sup> Ibid.



van die gemeente van Odendaalsrus geword het. Namate die lidmate van die kerk hulle in die Goudveld gevestig het, het die kerk voor nuwe uitdagings te staan gekom, nl. Die beroep van predikante; die bekombaarheid van erwe; die onderhandelinge met die plaaslike stadsrade; die bekombaarheid van die nodige finansies; die voorsiening van pastorieë en kerkgeboue ensomeer. Die omvangrykheid daarvan in die pioniersgebied waar geen gangbare infrastruktuur bestaan het nie, het die toedrag van sake oor die algemeen 'n veeleisende en soms frustrerende taak gemaak.

Die wydgestrekte gebied in die Goudveld en die arbeidsveld wat soms ver buite die gemeentelike grense gestrek het, het die partikuliere sowel as die doelmatige bearbeiding van die lidmate bemoeilik. Die omstandighede sowel as die toename in lidmatetal het noodgedwonge tot die afstigting van gemeentes gelei.

Die gangbaarheid en die vloeibaarheid van die lidmate het nie slegs rondom Odendaalsrus en Welkomgebied plaasgevind nie, maar ook in Virginia en Theunissen. Hoewel die gemeente van Theunissen nie binne die demografie van die Goudveld en omgewing ressorteer nie. Gevolglik het die voornemende stigting van 'n gemeente die kerk telkemale voor die uitdaging van bepaalde eise te staan gebring. Dit het gewoonlik prosedures en prosesse vir die uiteindelijke vestiging van die gemeente in 'n dorp of gebied omvat. Die afhandeling daarvan was gewoonlik tydrowend en omvangryk, wat veral 'n swaar las op die predikant van die opkomende gemeente geplaas het.

Die ontwikkelingsgang van die Gereformeerde Kerk in die Goudveld is veral duidelik as die totstandkoming van die gemeentes van Odendaalsrus, Welkom en Virginia in oënskou geneem word. Die kerk het in uiters moeilike omstandighede sy pioniersroeping vervul wat uiters lofwaardig is. Daarom moet al die eer aan: die Drie-enige-God, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is. Hy het sy kerk in genade gedra sodat al die lof en dankbetuigings Hom toekom!

#### 4. 10. 2 GEVOLGTREKKING

Eweseer het die Gereformeerde Kerk wel 'n geringe begin in die Goudveld gehad en gevolglik het dit geloofsmoed geverg om baanbrekers werk in die ruwe ontginningsgebied te verrig. Daarby moes die kerk daagliks aandag aan allerlei sosiaal-maatskaplike probleme van sommige lidmate gee. Derhalwe het die kerk voor allerlei tergende probleme te staan gekom en dit het onder andere ook die uitbreidingsmoontlikhede van bepaalde plekke ingesluit. Die spoedeisende uitbreiding van die mynbounywerheid rondom Odendaalsrus het geweldige eise aan die kerk op sosio-ekonomiese gebied geplaas.

Daarbenewens het Welkom en Virginia in al hoe meer die fokuspunt van die ekonomiese kern in die Goudveld geword. Gevolglik moes die kerk met beperkte fondse noukeurig beplan om aan die eise van nuwe ontwikkelingsgebiede te voldoen. Die besinning en beplanning vir die verkryging van fondse om die nodige fasiliteite vir die nuwe gemeentes daar te stel, het heelwat hoofbrekens besorg. Die onderhandelings en korrespondensie wat vir dié doel gevoer is, het baie tyd van die gemeentes geverg.

Daarby was kerkeiendomme wat vir gemeentedoeleindes beoog is, dikwels nie maklik verkrygbaar nie. Uiteraard het dit heelwat spanning meegebring sowel as verlore tyd wat in die proses verspil is.

Die beoogde daarstelling van 'n gemeente het dikwels tot gevolg gehad dat van die predikante nie genoeg tyd tot hul beskikking gehad het, om belangrike geestelike aktiwiteite in die gemeente te kon nakom nie. Daarmee gepaardgaande het die wydgestrekte wyke van betrokke gemeentes die praktiese effektiwiteit van gemeentelike besoeke oor die algemeen bemoeilik. Derhalwe het die verafgeleë gemeentelike gevoel dat hulle verwaarloos word en gevolglik het hulle begin om vir 'n eie gemeente te aspireer. In die lig hiervan het dit soms as aanleidende faktor vir die stigting van gemeentes gedien. Hoewel die gemeentes eers kerkregterlik vir sodanige doel moes kwalifiseer.

Die nuwe gestigte gemeente was dikwels in 'n oorlewingsstryd en as alternatief vir hul voortgang is kombinasie-ooreenkomste aangegaan. Derhalwe het sodanige kombinasies normaalweg die predikant se werk bemoeilik, omdat daar meer as een gemeente op die spel was. Om alle praktiese oorweginge is dit nie moontlik om by meer as een gemeente gereeld huisbesoek te doen nie. Gevolglik het predikante gedurende die pionierstyd in die Goudveld dikwels 'n moeilike taak gehad, om hul roeping op 'n effektiewe wyse uit te voer. Eweseer moes daar met die oudtydse en dikwels oneffektiewe kommunikasiemiddele sowel as onbegaanbare paaie in die Goudveld rekening gehou word. In die lig hiervan is die gemeentelike gang van sake in dié tyd bemoeilik.

Die kerk se pad in die Goudveld is gebaan deur geloof, sodat die lidmate vandag in die nuwe woongebiede van die Goudveld bevoorreg is om oor 'n eie aanbiddingsplek te beskik. Na aanleiding van die ontwikkelende tendense in die Goudveld is daar op kerklike gebied die nodige kerkgeboue vir die lidmate in die onderskeie dorpe voorsien. In die lig hiervan behoort die pionierswerk van die kerk in die annale van die geskiedenis as 'n genadewerk bekend te staan.

In die finale instansie getuig die totstandkoming van die onderskeie gemeentes in die Goudveld, dat die Here nooit los of afsydig staan van die voortstuwung van die geskiedenisgang van Sy kerk nie.

## HOOFSTUK 5

### DIE NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA SE BETROKKENHEID IN DIE GOUDVELD

#### 5. DIE BEARBEIDING VAN LIDMATE IN ST. HELENA EN OMGEWING

##### 5.1. AGTERGRONDSKETS

Die gemeente van St. Helena is in 1950 sonder enige afstigting gestig.<sup>1</sup> Die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het alreeds in 1947 'n skrywe aan ds. N. Ras gerig, waarvan hy sameroeper van een van twee kommissies was vir die onderhandeling oor geskikte erwe in die oostelike gebiede van die Oranje-Vrystaat. Derhalwe moes die kerkraad die Kommissies gereeld oor enige moontlike erwe meedeel.<sup>2</sup> Na aanleiding van 'n Vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat op 8 Januarie 1948 gehou is, is besluit dat die betrokke kommissies vir die verkryging van geskikte kerkerwe in die Goudveld van die Vrystaat, 'n verslag voor 1 Maart 1948 oor die moontlike verwickelinge daarvoor moes voorsien.<sup>3</sup>

Die eerste amptelike kerkraadsvergadering het alreeds op 4 Februarie 1950 onder die voorsitterskap van ds. Du Toit plaasgevind. In dié stadium was dit nog 'n nie-amptelike gemeente, omdat die wettige stigting eers later in die jaar plaasgevind het. Die gemeente het in dié tyd uit enkele wyke bestaan soos: Freddie's, Odendaalsrus, Welkom en St. Helena. Die wyk wat Freddie's genoem is, is na aanleiding van 'n myn in die omgewing van Odendaalsrus benoem. In die beginjare is kerkraadslede verkies om die werk in die voor-stadium van 'n amptelike gemeente te doen en gevolglik het elke wyk alreeds 'n ouderling en diaken gehad.<sup>4</sup>

##### 5.2 DIE STIGTING VAN DIE GEMEENTE

Die amptelike stigting van St. Helena-gemeente het op Saterdag, 5 Augustus 1950, onder die voorsitterskap van ds. P.W. Venter 'n werklikheid geword. Die stigtingsvergadering was ook deur lede van die Ringskommissie bygewoon. Die aanwesiges het ook die gemeentelede ingesluit. Na 'n breedvoerige bespreking is besluit om die voornemende gemeente *St. Helena* te noem.<sup>5</sup> Hierdie naam is ontleen aan die oudste voorstedelik dorp van Welkom, waar die oudste myn in die Goudveld geleë is. Die kerkblad, *Die Hervormer* van 1950 het soos volg oor die stigting van die gemeente berig: "Ons wil hierdie nuwe en jongste gemeente in ons kerk voorspoed, heil en seën toewens. Dis 'n gemeente wat in 'n groeiende omgewing staan en daarom sal hy self groei. Mag die seën

---

<sup>1</sup> J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 2. 01. 2004.

<sup>2</sup> K 1/2 No. 3/31/46 Argief: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. *Gemeentes in die Oranje-Vrystaat, 6 Januarie 1947 – 17 Mei 1948*.

<sup>3</sup> K 1/2 en 1/1/7 *Notule van die Kommissie van Algemene Kerkvergadering*, 8. 01. 1948.

<sup>4</sup> G 156, vol. no. 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering, St. Helena*, 4. 2. 1950.

<sup>5</sup> R4 1/1/3 *Ringsnotule van Potchefstroom*, 5. 8. 1950.

van die Here rus op die aangevange werk!”<sup>6</sup> In die Kerkblad van daardie tyd is ‘n beroep op al die lidmate gemaak, om die skriba van enige moontlike lidmate van die kerk in die Goudveld te verwittig. Indien moontlik moes die adresse van sondaniges verstrek word.<sup>7</sup>

Indertyd is die grense van die gemeente geleidelik vasgelê, terwyl die distrikgrense van Odendaalsrus met Bultfontein en Wesselsbron ook by die gemeente ingesluit is.<sup>8</sup>

Daarbenewens is kerkraadslede vir die volgende wyke gekies: die wyk St. Helena en Western Holdings ouderling C. A. P. van Tonder en diaken H. J. van Zyl; vir Welkom en Uitzicht-wyke is ouderling Basson en diaken J. H. Grobler; vir Odendaalsrus-wyk (Freddies) is ouderling M. J. Pienaar en diaken Botha verkies.

Die skriba-kassier was J.A. Carstens en sy eggenote die koster en ene Cronje die Superintendent van die Sondagskool.

Ds. Du Toit is as eerste konsulent en ds. F. J. J. Roos, is as tweede konsulent verkies. Nadat ds. Roos met gebed die vergadering afgesluit het, is gesang 52:2 gesing, waarna die seënbede uitgespreek is. By die betrokke vergadering was 22 lede en 7 kinders teenwoordig.<sup>9</sup>

Die gemeente het in die vroeë vyftigerjare geen kerkgeboue gehad nie, sodat eredienste in beskikbare geboue en veral in die skoolsaal van St. Helena Laerskool gehou is. Tydelike geboue is later in die omgewing van St. Helenamyn opgerig.<sup>10</sup>

Die lidmatetal het toegeneem namate besighede ontstaan en nuwe intrekkers hulle in die Goudveld gevestig het. Trouens, hulle het gekom en gegaan, maar die getalle het aangegroei.<sup>11</sup>

Nadat die gemeente vir ongeveer vyfjaar ‘n groeiproses deurgemaak het, het die tyd aangebreek dat die onderskeie wyke van die gemeente kon afstig. Derhalwe is die aangeleentheid van afstigting op die laaste gekombineerde kerkraadsvergadering van 16 September 1955 behandel, voordat tot afstigting van die wyksgebiede oorgegaan is. By die vergadering is besluit dat Hennenman op 27 September 1955 met plus minus 55 lidmate afstig. Die afstigting van die wyke het opeenvolgend plaasgevind, want Allanridge is op 28 September 1955 met ongeveer 120 lidmate afgestig; Odendaalsrus op 29 September 1955 met ‘n lidmatetal van 150; Virginia op 30 September 1955 met 180 lidmate. Ds. P.T. Jacobs van St. Helena-gemeente het verklaar dat die afgestigte gemeentes in die toekoms moontlik met mekaar kombinasies sou vorm, sodat die kombinasie tussen Odendaalsrus en Allanridge met Bothaville en Virginia nie uitgesluit is nie, terwyl Hennenman met Kroonstad ‘n kombinasie kon aangaan. In werklikheid

<sup>6</sup> *Die Hervormer*, Jg. 41, no. 6. September 1950, p. 9.

<sup>7</sup> Ibid.

<sup>8</sup> Ibid., R 4 1/1/3 *Ringsnotule van Potchefstroom*, 5. 8. 1950.

<sup>9</sup> Ibid.

<sup>10</sup> Coetzer, *Onderhoud*, 12. 01. 2004.

<sup>11</sup> Ibid.

kom dit daarop neer dat twee predikante vir sodanige kombinasies beroep behoort te word.<sup>12</sup>

Ds. Jacobs het op 18 November 1955 die kerkraad meegedeel dat hy heelwat tyd aan die organisasie van Virginia en Hennenman bestee het, sodat die stadium om 'n predikant op 'n gesamentlike basis te beroep aangebreek het. Op versoek van die betrokke gemeentes is finansiële bystand deur die Kerkraad van St. Helena gewaarborg, veral as die gemeentes se maandelikse lopende uitgawes die inkomste oorskry. Die waarborg sou van krag wees totdat die gemeentes finansiëel onafhanklik is.<sup>13</sup>

St. Helena-gemeente is op 23 Januarie 1956 van die voorlopige ontvangs en bevestiging van prop. C. J. Viljoen vir die gemeentes van Virginia en Henneman meegedeel. Ds. Jacobs het die koms van die voornemende leraar as 'n aanwysing vir die Goudveld en vir die Hervormde Kerk in die Vrystaat beskou.<sup>14</sup>

### 5. 3 DIE EERSTE LERAAR WORD BEROEP

Die kerkraadsvergadering van 14 April 1951 het besluit om eers in Augustus 1951 'n predikant vir St. Helena-gemeente te beroep. Die rede daarvoor was om vas te stel of die finansiële posisie van die gemeente nie teen daardie tyd sou verbeter nie.<sup>15</sup>

Na aanleiding van 'n gemeentevergadering van 19 Augustus 1951 is die voorneme om 'n predikant te beroep voorlopig uitgestel, omdat die gemeente se finansies nie na wense is nie. Die kerkraad was van mening dat nie alvorens die gemeente 'n maandelikse inkomste van ten minste £125 per maand het nie, daar geen sprake is om 'n beroep op 'n predikante uit te bring nie.<sup>16</sup>

Op 3 November 1951 is 'n beroep op ds. J. J. Prinsloo van Brakpan uitgebring, nadat die gebruikelike prosedure vir die aanwysing van 'n kandidaat gevolg is. Die beroepskeuse het op ds. Prinsloo van Brakpan geval teen die volgende voorwaardes: Traktement £550 per maand; lewenskoste £256; reiskoste £300 en 50% betaling van assuransiedekking; gratis huisvesting asook water en ligte. Die vergadering het verdaag nadat die nodige dokumentasie afgehandel is.<sup>17</sup> 'n Gemeentevergadering wat op dieselfde datum gehou is, het ook goedkeuring vir sodanige beroep gegee. Die enigste voorwaarde wat gestel is, is dat die gemeente genoeg fondse beskikbaar moes hê.<sup>18</sup> Die feit dat ds. Prinsloo die beroep bedank het, het onwillekeurig aanleiding tot 'n alternatiewe beroep gegee. Op 12 Desember 1951 is ds. J. Joubert van Vliegpoort volgens dieselfde voorwaardes as ds. Prinsloo beroep.<sup>19</sup> Die beroep op ds. Joubert was onsuksesvol en gevolglik is ds. J. P. B.

<sup>12</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 16. 9. 1955.

<sup>13</sup> *Ibid.*, 18. 11. 1955.

<sup>14</sup> *Ibid.*, 23. 01. 1956.

<sup>15</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena.*, 14. 4. 1951.

<sup>16</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 19. 8. 1951.

<sup>17</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 3. 11. 1951.

<sup>18</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 3. 11. 1951

<sup>19</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 12. 12. 1951.

Viljoen van die gemeente Wonderfontein op 26 Januarie 1952 beroep.<sup>20</sup> Dit is duidelik dat ds. Viljoen nie die beroep aangeneem het nie, omdat proponent P.T. Jacobs van die distrik Heidelberg in die Transvaal op 10 Maart 1952 beroep is.<sup>21</sup> Hy het die beroep aanvaar, want in *Die Hervormer van 4 Julie 1952* is van die gemeente se eerste leraar soos volg berig: “St. Helena-gemeente het dan ook op die 18 April die voorreg gesmaak om hul eerste herder en leraar met sy gade hier te verwelkom, dit wil sê, prop. P. T Jacobs en sy gade.”<sup>22</sup>

Ondanks die feit dat prop. Jacobs bewus was van die moeilike omstandighede soos ‘n swak infrastruktuur met slegte paaie en die uitgestrekte arbeidsveld, het hy nogtans die beroep aanvaar.

Die ordeningsplegtigheid is deur ds. T. F. J. Dreyer van Heidelberg in Transvaal waargeneem en waar hy by dié geleentheid vir ds. Jacobs namens die gemeente en kerkraad bedank het vir die aanvaarding van die beroep. Die gemeente het ook hulle dank teenoor ds. Naude, die konsulent van Heilbron uitgespreek, wat as seremoniemeester by die geleentheid opgetree het. Ds. Naude is ook bedank vir die raad en hulp wat hy aan die kerkraad en Sustersvereniging gedurende die afwesigheid van ‘n eie leraar gegee het. “Ons hartlike dank ook aan alle ander wat belang gestel het en wat gehelp het om ‘n sukses van die ontvangs te maak. Ds. Jacobs, ‘n persoon, klein van liggaamsbou, maar ‘n groot hart en baie moed, laat dan ook geen gras onder sy voete groei nie, maar het al sommer dadelik ‘n begin gemaak. Hoewel nog sonder kar, stap hy van huis tot huis om sy gemeentedele op te soek. Dit wys die moed en ywer wat in hom is, en ons as ‘n gemeente voel trots op hom en oortuig dat hy tot groot dinge in staat sal wees.”<sup>23</sup>

Ds. Jacobs het sy eerste kerkraadsvergadering op 3 Mei 1952 as voorsitter waargeneem en dit het gehandel oor verskillende aangeleenthede soos: ‘n Erf vir die kerk en pastorie; eredienstye; die afrol van sensusvorms; die bepaling van datums vir die kerkraadsvergaderings; die beoogde oprigting van ‘n tydelike kerksaal; die vergoeding van reiskoste aan die leraar; die aanwys van ‘n kassier teen ‘n vergoeding van £3 per maand, wat algemeen aanvaar en goedgekeur is. Nadat al die ter saaklike aangeleenthede op die agende bespreek is, is ds. Jacobs se eerste kerkraadsvergadering deur ouderling W. J. Dreyer met gebed afgesluit.<sup>24</sup>

#### 5.4 DIE STRYD OM FINANSIES

Die voorneme van die Kerkraad van St. Helena was om hard te werk om finansies vir die oprigting van ‘n eie kerkgebou te bekom. Intussen moes ook aan ‘n pastorie gedink word.<sup>25</sup>

<sup>20</sup> Ibid., 26. 1. 1952.

<sup>21</sup> Ibid., 10. 3. 1952.

<sup>22</sup> *Die Hervormer*, Jg. 43, no. 4, Julie 1952, p. 8.

<sup>23</sup> Ibid.

<sup>24</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering St. Helena*, 3. 5. 1952.

<sup>25</sup> Coetzer, *Onderhoud*, 12. 01. 2004.

By 'n kerkraadsvergadering van 20 Januarie 1951 is die finansiële verslag van die skriba in oënskou geneem. Volgens die verslag was die inkomste van die gemeente vir die betrokke maand £506-17-8, waarvan £45 vir een of ander uitgawe bestee is. Dit het 'n balans van £461-17-8 in die bank meegebring. 'n Bespreking om fondse te genereer is by die kerkraadsvergadering behandel. Ds. Roos het as toenmalige voorsitter voorgestel dat 'n beroep op die lidmate gemaak word, om elkeen 'n dag se loon aan die kerk af te staan. Hy het verduidelik dat dié wyse van generering van fondse wel by ander gemeentes gewerk het. Die skriba het daarop gewys dat die stelsel in die verlede nie gewerk het nie en dat dit baie ongewild is. Ouderling M. J. Pienaar het die vergadering tot versigtigheid gemaak, indien die vergadering sou besluit om die stelsel te implementeer. Diaken J. Botha het voorgestel dat die aangeleentheid na die gemeentevergadering verwys word en diaken H. J. van Zyl het dit gesekondeer.<sup>26</sup>

By 'n gemeentevergadering wat na die kerkraadsvergadering op 20 Januarie 1951 plaasgevind het, is die aangeleentheid oor die afstaan van 'n dag se loon per maand behandel en algemeen aavaar. Ds. Roos het benadruk dat die besluit van die kerkraad in die wyke verduidelik behoort te word, sodat geen ruimte vir misverstand oor die doel van die bydraes geskep word nie.<sup>27</sup>

Desondanks is allerlei pogings aangewend om fondse vir die jong gemeente in te vorder by wyse van funksies en opeenvolgende kerkbasaars wat gehou word. Op 14 April 1951 is besluit dat wyke van die gemeente soos Hennenman, Virginia en Harmonie, wat ver van mekaar verwyderd is, die reg het om eie reëlings vir die hou van funksies te tref. Die rede daarvoor is dat dié onderskeie wyke te ver van mekaar geleë vir gesamentlike funksies is. Daar is wel vir die naby liggende wyke 'n basaar-komitee verkies, om in die vervolg op 'n gesamentlike wyse vir 'n kerkbasaar te beplan en te koördineer.<sup>28</sup>

Op 14 April 1951 het ds. Roos die kerkvergadering meegedeel dat die gemeente £410.00 in die bank het. Hy het aan die kerkraad verduidelik dat as 'n gemeente nie 'n leraar het nie, die verantwoordelikheid en ywer in die gemeente hoofsaaklik op die kerkraadslede berus. In effek is die onus vir die groei en ontwikkeling van die gemeente op die kerkraad, waarvan die hartklop van die gemeente nie buite rekening behoort gelaat te word nie. Hy het veral daarop gewys dat ouderlinge en diakens in wyksverband ten nouste met mekaar behoort saam te werk, veral as dit vir die diakens weens bepaalde omstandighede nie moontlik is om sy verpligtinge na te kom nie. Desnoods is dit van belang dat die ouderling in dié verband steungewend behoort te wees, sodat die wyksverpligtinge in geen opsig agterweë bly nie. Nietemin het die voorsitter ondermeer verklaar: "Waar kerkraadslede voel dat hulle nie die tyd of die nodige lus het om die werk te doen nie, hulle liever moet bedank."<sup>29</sup>

Die gedagte het by die kerkraad ontstaan om by die kerkkantoor vas te stel of die gemeente op enige jaarlikse geldelike ondersteuning geregtig is: of daar vroeër 'n besluit

<sup>26</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 20. 01. 1951.

<sup>27</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering St. Helena*, 20. 01. 1951..

<sup>28</sup> *Ibid.*, 19. 4. 1951.

<sup>29</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 14. 4. 1951.

geneem is om aan die gemeente van St. Helena £200.00 vir die aankoop van 'n erf af te staan. Indien dit die geval is, is dit as 'n seën vir die gemeente beskou.<sup>30</sup>

Na die verloop van tyd het die voorsitter op 3 Julie 1952 'n tjek van £200.00 aan die skriba oorhandig, wat hy van die Hulpbehoewende Gemeentefonds ontvang het. Hierdie bedrag is aan die gemeente gegee om dit vir die een of ander doel te gebruik.<sup>31</sup>

Op 3 September 1952 het die generering van fondse weer onder die aandag van die kerkraadslede gekom. Die idee was om die maandelikse bydraes vir die lopende uitgawes te gebruik, sodat die opbrengste van die wyksfunksies na die boufonds gekanaliseer word.<sup>32</sup> Die doel hiervan was om genoeg kapitaal vir die bou van 'n kerk en pastorie moontlik te maak.

Vanweë die feit dat die kassier van die gemeente moes verhuis, is 'n voorstel aanvaar en gesekondeer, dat W. J. Dreyer intussen as tydelik kassier optree. Die voorstel is op 8 Oktober 1952 aanvaar. Desnieteenstaande het die voorsitter sy dank uitgespreek vir die werk wat die vorige kassier gedoen het. Die voorsitter het die skriba versoek om skriftelik die voormalige kassier vir sy dienste te bedank.<sup>33</sup>

Op versoek van ds. Jacobs is sy gade tot die kerkraadsvergadering van 10 Desember 1952 toegelaat om namens die Nederduitse Hervormde Sustersvereniging aan die kerkraad 'n tjek van £50 as 'n kersgeskenk te oorhandig. Die voorsitter het namens die kerkraad haar vir die geld bedank en gevra dat die dank en waardering van die kerkraad aan die Sustersvereniging oorgedra word.<sup>34</sup>

Die verkiesing van 'n skriba het ook by die vergadering te berde gekom en die voorsitter het aangevoer dat die meeste van die werk deur hom gedoen word, omdat sekere aangeleenthede van so 'n aard is dat spoedeisende afhandeling onvermydelik is. Gevolglik sou die aangewese skriba slegs besprekings by die kerkraadsvergadering moes notuleer. Nadat die gebruikelike prosedure by die vergadering gevolg is, is ouderling C. L. Steyn as die nuwe skriba en ouderling F. Bellingan as kassier benoem.<sup>35</sup>

Daar is op 8 Oktober 1953 aan die kerkraad meegedeel dat die Algemene Kerkvergadering van die gemeente £203 vir die Hulpbehoewende Gemeentefonds eis. Ds. Jacobs het verduidelik dat die gemeente volgens die statistiese opgawe wat in 1952 ingehandig is, nie langer as 'n hulpbehoewende gemeente geklassifiseer word nie. Na aanleiding van 'n bespreking by die vergadering is dit onmoontlik om aan die eis van die Algemene Kerkvergadering te voldoen. Die kerkraad het besluit dat slegs die rente op die bedrag betaal word, vanweë die gemeente se powere finansiële posisie. Derhalwe is die

---

<sup>30</sup> Ibid.

<sup>31</sup> Ibid., 3. 7. 1952.

<sup>32</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsvergadering St. Helena*, 3. 9. 1952.

<sup>33</sup> Ibid., 8. 10. 1952.

<sup>34</sup> Ibid., 10. 12. 1952.

<sup>35</sup> Ibid., 11. 2. 1953.



gemeente bereid om die totale uitstaande bedrag te vereffen, sodra die gemeente finansiële daartoe in staat is.<sup>36</sup>

Die voortdurende stryd om die gemeente se finansies te verbeter en te konsolideer, veral vir toekomstige ontwikkeling en om vir die afstigting van toekomstige gemeentes voorsiening te maak, het die voorsitter op 24 Junie 1954 voorgestel, dat elke huisgesin versoek word om 'n nominale bedrag van £1 per maand by te dra. In effek het dit soos volg daarop neergekom:

Die wyk Theunissen bestaande uit 5 huisgesinne: £5 per maand; Virginia uit 26 huisgesinne: £26; Harmonie uit 17 huisgesinne: £17; Odendaalsrus uit 30 huisgesinne: £30; Hennenman uit 12 huisgesinne: £12; Allanridge uit 25 huisgesinne: £25; Welkom uit 40 huisgesinne: £40; St. Helena uit 40 huisgesinne: £40

Daar is besluit om die stelsel vir ten minste eenjaar op die proef te stel. Gevoglek is besluit dat die wyke wat met hulle bydraes agter raak funksies moes reël om die agterstallige bedrae te ondervang. Daarbenewens is die huisgesinne van die gemeente versoek om 'n nominale bydrae te maak, met inbegrip die verpligting van die gemeentelede om die doop- en aannemingsgelde van £2.10s te betaal.<sup>37</sup> Die doop- en aannemingsbedrag is slegs ter sprake waar dit van toepassing is.

Die aspek van finansies het 'n wesenlike probleem vir die gemeente gebly, aangesien die ds. Jacobs op 10 Augustus 1956 sy kommer oor die finansiële posisie van die gemeente uitgespreek het. Die uitgawes het die inkomste oorskry, sodat die oortrokke rekening op £500 te staan gekom het. Ds. Jacobs het beklemtoon dat die diakens getrou deur hulle wyke moes gaan, sodat die bydraes by die kassier of skriba inbetaal word. 'n Bydrae van ten minste £1 per maand deur elke huisgesin het weer ter sprake gekom, om die lopende uitgawes van die gemeente te probeer dek. Die kerkraad het om logiese redes besef dat kerkbou buite die kwessie is as die gemeente se finansies nie drasties verbeter nie.<sup>38</sup>

Die finansiële verslag van die gemeente is op 6 Augustus 1959 gedurende 'n kerkraadsvergadering met sekere ontbrekende besonderhede behandel. Die voorsitter het verduidelik dat volgens besonderhede waarin hy insae gehad het, dit duidelik is dat die bydraes van die gemeente vir die betrokke jaar tot op datum nie rooskleurig is nie. Hy het dit toegeskryf aan bydraes wat nie ingevorder is nie en selfs in enkele gevalle waar dit vir drie agtereenvolgende maande nagelaat is. Die voorsitter het die saak in 'n ernstige lig beskou, nie alleen weens die finansiële verliese nie, maar dat selfs van dié lidmate by wie nie gekollekteer word nie vir die kerk verlore kon raak. Die feit van die geestelike komponent is ook benadruk in die uitvoering van die ampspligte en die ouderlinge is versoek om die betrokke huisgesinne gereeld te besoek.<sup>39</sup>

---

<sup>36</sup> Ibid., 8. 10. 1953.

<sup>37</sup> Ibid., 24. 6. 1954.

<sup>38</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena.*, 10. 8. 1956.

<sup>39</sup> Ibid., 6. 8. 1959.

By die spesifieke vergadering is ook vermeld dat die jongmense hulle weeklikse verenigingslewe agterweë laat, deurdat ds. Jacobs met sy veelvuldige verpligtinge nie altyd daar aanwesig kon wees nie. Dit het meegebring dat twee ouderlinge op 'n drie maandelikse basis benoem is, om by die weeklikse byeenkomste van die jeug aanwesig te wees.<sup>40</sup>

##### 5. 5. SOSIAAL-MAATSKAPLIK EN KERKLIKE AANGELEENTHEDE

In gemeentelike verband is daar altyd gewoonlik sosiaal-maatskaplike probleme wat opduik. Derhalwe is so 'n aangeleentheid op 10 Desember 1953 gedurende 'n kerkraadsvergadering bespreek: 'n Lidmaat van Hervormende Gemeente van Delmas, het sy vrou verlaat omdat sy haar aan wangedrag skuldig gemaak het. Die gesin het 6 kindertjies en volgens ds. Jacobs het die vader 'n beroep op die kerkraad gemaak om hom met sy kinders behulpsaam te wees. Die spesifieke hulp waarvoor die vader gevra het, is nie vermeld nie. Derhalwe het ouderlinge W. J. Dreyer en P. J. D. van der Westhuizen die vergadering tot versigtigheid rakende egskeidingsake gemaan. Hulle het van die standpunt uitgegaan dat ds. Jacobs slegs by wyse van huisbesoek die nodige morele ondersteuning behoort te gee.<sup>41</sup>

Intussen het die gemeente gegroei omdat die gemeente in 1954 al 'n sieletal van 754 lede gehad het, terwyl 12 voorgestel en aangeneem is. Daarteenoor is 48 gedoop, teenoor 3 troues wat in die gemeente plaasgevind het. Die lidmate wat met attestate oorgekom het, het op 44 te staan gekom. Eweseer het 119 met attestate vertrek. Die lidmate wat van ander kerke oorgekom het, is op 17 gestel. Daarteenoor het 4 lidmate weer na ander gemeentes vertrek.

Die kerkraadslede van die gemeente was in 1954 onder meer: Ouderlinge Bellingan, D. J. du Preez, C. A. P. van Tonder, C. L. Steyn, H. P. Nice, H. N. J. Moodie, W. J. Nel, P. H. Roux. Die diakens was onder meer: J. J. Roodt, A. S. du Plessis, J. J. Coetzer, T. J. van Rensburg, J. H. Grobler, C. F. Coetzer, W. W. Strydom, L. C. Taljaardt, H. J. Becker, T. E. Coetzer, J. S. J. van Rensburg, P. D. Malan, H. J. B. Swart, N. G. Schoeman, N. J. O. Saaiman, H. P. Holtzhauzen, F. C. Els, M. C. Barnard.<sup>42</sup>

By 'n kerkraadsvergadering van 26 Maart 1953 is kennis geneem van die gemeente Theunissen se afstigting van Bloemfontein. Die ouderling wat die gemeente van Theunissen op die kerkraadsvergadering verteenwoordig het, het die kerkraad meegedeel dat die afgestigte gemeente ongeveer £200 in die bank het. Die geld verdien rente in die bank en die oogmerk was om later 'n erf vir kerkbou aan te koop. Die voorsitter het 'n voorstel gemaak om elke derde Sondag dienste om 3:00 nm. in Theunissen te hou. Ds. Jacobs het voorgestel dat die Ring vir die grensbepaling van Theunissen verwittig word.<sup>43</sup>

<sup>40</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule van St. Helena*, 6. 8. 1959.

<sup>41</sup> Ibid.

<sup>42</sup> *Almanak van die Ned. Herv. Kerk, 1954*, Jr. 48, p.211 - 212.

<sup>43</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 26. 3. 1953.

By die betrokke vergadering het 'n Jongelingsvereniging ter sprake gekom en is besluit om so 'n vereniging op 17 April 1953 te stig. Desgelyks sou die lede na die amptelike stigting van die vereniging vir die doel en aard van hul aktiwiteite op 'n gereelde grondslag in die kerksaal vergader.<sup>44</sup>

Die gedagte van orde by die bediening van die nagmaal het onwillekeurig by 'n kerkraadsvergadering van 30 April 1953 'n belangrike besprekingspunt geword. Gevolglik is besluit dat by die nagmaalbediening 'n ouderling en diaken aan weerskante van die predikant moet sit. Na gelang hiervan het dit die gereelde gebruik by die bediening van die nagmaal geword.<sup>45</sup>

Die voorsitter het op 4 Junie 1953 verduidelik dat die vergaderings korter moet wees, sodat genoeg tyd vir die behandeling van die kerkwet ingeruim word.<sup>46</sup> Selfs van die kerkraadslede het dit verwelkom, omdat by hulle heelwat onkunde oor die kerkwet bestaan het. Die onderlegdheid in die kerkwet is van belang sodat kerklike bestuur effektief toegepas word. Ds. Jacobs het die kerkraadslede laat verstaan dat alle besprekings by die vergaderings as vertroulik behoort beskou te word, omdat sake van die gemeente nie by die algemene publiek tuishoort nie.<sup>47</sup>

In die gewone gang van die gemeente is daar van tyd tot tyd 'n kerkbasaar gehou. Ds. Jacobs het op 11 Julie 1953 by geleentheid van 'n gemeentevergadering verduidelik, dat dit nie moontlik is om gereeld jaarliks 'n kerkbasaar te hou nie, aangesien daar te veel funksies en kerkbasaars van ander kerke en skole gehou word. Hy het kontantlyste voorgestel met die vriendelike versoek dat elke huisgesin nie minder as £5 moet gee nie.

Die voorsitter het daarop gewys dat te veel wyksfunksies aan die orde van die dag is, om vir twee groot kerkbasaars in 'n jaar te reël. Hy was van mening dat die susters in April 'n groot funksie hou, terwyl een groot kerkbasaar in Oktober gehou word. Hy was van mening dat die wyke kon voortgaan om hulle wyksfunksies gedurende die jaar te hou.<sup>48</sup>

Die erns van die sakramente is op 13 Augustus 1953 beklemtoon en 'n versoek is tot die kerkraadslede gerig om hulle te vergewis met die geestelike welstand van die lidmate in hul onderskeie wyke. Die bediening van die sakramente aan lidmate gaan gepaard met die geestelik-kwalitatiewe sowel as toegewyde aard van die lidmate. Gevolglik moet die kerkraadslede daarop bedag wees.

'n Bespreking het ook by die betrokke kerkraadsvergadering gehandel oor 'n kindjie wat in die gemeente te vroeg gebore is. Derhalwe is die morele en sedelike waardes van die ouers bevraagteken, veral in die lig dat hulle die kindjie wou laat doop. Daar was meningsverskil of die kindjie gedoop behoort te word. Uiteraard het die vergadering besluit om die doop van die kindjie toe te laat, omdat die ouers andersins maklik na 'n

---

<sup>44</sup> Ibid., 3. 3. 1953.

<sup>45</sup> Ibid., 30. 4. 1953.

<sup>46</sup> Ibid., 4. 6. 1953.

<sup>47</sup> Ibid.

<sup>48</sup> Ibid., 11. 7. 1953.

sektekerk kon oorgaan. 'n Soortgelyke geval waar die vader aan 'n sektekerk en die moeder aan die Hervormde Kerk behoort, is ook behandel: die ouers was besig om te skei en die kerkraad het besluit om te wag in wie se guns die hof toesig oor die kind sou gee. In die lig hiervan sou die kerkraad besluit of die kindjie gedoop mag word, aldan nie.<sup>49</sup>

'n Verdere besprekingspunt was of katkisanse slegs voor die kerkraad en nie voor die gemeente gedoop mag word nie. Uiteindelik is besluit dat hulle slegs voor die kerkraad gedoop word, veral as hulle nie die vrymoedigheid het om voor die gemeente gedoop te word nie.

Die gemeente het ook Sondagskole in wyksverband gehad, omdat die wyke oor die algemeen wyd verspreid was.<sup>50</sup> Dit wil voorkom dat die wyke 'n eie-aard van gemeente aktiwiteite binne die breë raamwerk van die gemeentelike struktuur beoefen het.

Ds. Jacobs het op 10 September 1953 die belangrikheid van kerklike publikasies vir die lidmate beklemtoon soos: *Die Hervormer*, *Die Christelike Vrou en Die Almanak*. Uiteraard is dit vir verspreiding in die gemeente beoog, mits elke huisgesin ten minste £1 per jaar daarvoor sou gee. Dit het die kerkraad se goedkeuring weggedra.<sup>51</sup>

Die gedagte van 'n kommissie rakende sensuur het op 6 Mei 1954 ter sprake gekom, veral na gelang van die toename van gevalle in die gemeente. Gevolglik is so 'n kommissie saamgestel wat uit die voorsitter en twee ouderlinge bestaan het.<sup>52</sup>

Op 6 Augustus 1954 is daar beswaar teen die gebruik om te staan en sing gedurende die eredienste gemaak. Die algemene opvatting by die kerkraadsvergadering was dat dit nie die gebruik van die Hervormde Kerk is nie. Volgens die voorsitter is dit 'n gebruik wat hy met sy koms na die gemeente leer ken het. Ds. Jacobs het voorgestel dat die bekendmaking sowel as die datum van die verandering van die gebruik eers in die kwartaalblad verduidelik word. Nietemin het die kerkraad besluit om met die bestaande gebruik voort te gaan, omdat die lidmate alreeds daaraan gewoond is.<sup>53</sup>

Ds. Jacobs het andersins op 24 September 1954 'n brief aan die vergadering voorgelees, waarin gevra word om die Pinksterdienste se kollekte aan die Evangelisasieraad af te staan. Die doel van die kollekte was om die geld vir evangelisasiewerk onder die nie-blankes aan te wend. Die kerkraad het in daardie stadium nie sy weg oopgesien om aan die Evangelisasieraad se versoek te voldoen nie.<sup>54</sup>

Die gemeente se sieletal het in 1956 op 1463 te staan gekom, waarvan die gegewens soos volg is: Ledetal 768; die voorstelling en aanneming 18; die dopelinge 45; die

---

<sup>49</sup> Ibid., 13. 8. 1953.

<sup>50</sup> Ibid.

<sup>51</sup> Ibid., 10. 9. 1953.

<sup>52</sup> Ibid., 6. 5. 1954.

<sup>53</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 6. 8. 1954.

<sup>54</sup> Ibid., 24. 9. 1954.

huweliksbevestigings 4; die oorkom van lidmate met attestasie 10 en oorgekom van ander kerke 8.<sup>55</sup>

In dié tyd was ds. Jacobs nog die predikant van die gemeente en ds. T. F. Dreyer van Bloemfontein, die eerste konsulent van die gemeente. Daarteenoor was ds. P. J. J. Venter van Parys die tweede konsulent. Die skriba was C. L. Steyn; die kassier F. N. Bellingan; die Superintendent van Sondagskole ds. P. T. Jacobs; die orreliste mev. J. M. du Plessis; die koster Fanie Bellingan; die voorleser 'n ouderling om die beurt.<sup>56</sup>

Ds. Jacobs het op 4 Oktober 1956 die gebruik van die nagmaal aangeraak en aan die kerkraad verduidelik dat hy niks daarmee verkeerd sien as broers en susters saam om die nagmaaltafel sit nie. Volgens hom is dit 'n eenheidsmaal en 'n geloofsdaad en dat hy geen onderskeid op Bybelse grondslag vind nie.

Daar was egter van die kerkraadslede wat heftig daarteen beswaar gemaak het en geglo het dat die gemeente hom moet bepaal by die Hervormde Kerk se gebruike wat tradisie geword het. Na heelwat besprekinge het die voorsitter die ouderlinge versoek om die aangeleentheid met die lidmate in hulle onderskeie wyke te bespreek en hulle bevinding by die volgende vergadering bekend te maak.<sup>57</sup>

Na aanleiding van 'n voorstel op 7 Desember 1956 is besluit om die oorskot op die begroting van Welkom-wyk in 'n afsonderlike rekening in te betaal. Op dié wyse word daar vir 'n bruidskat voorsiening gemaak indien Welkom sou afstig. 'n Bykomende voorstel het daartoe gelei dat die ou pastorie verkoop word en dat die geld vir die bou van 'n pastorie in Welkom aangewend word. Derhalwe moes dit aanvullend tot die algehele bruidskat vir die afgestigte gemeente wees. Die besluit oor vermelde gedagtegeange was eenparig.<sup>58</sup>

Daarbenewens is ook 'n ooreenkoms ter tafel gelê oor 'n kombinasie tussen St. Helena-gemeente en Kroonstad, wat die kerkraad goedgekeur en onderteken het. In effek beteken dit dat die twee gemeentes op 'n deelbasis van 'n groter geheel in gemeentelike verband sou saamwerk.<sup>59</sup>

Op 'n kerkraadsvergadering van 5 Desember 1961 is bekend gemaak dat ds. Jacobs nie die beroep na Vaalharts-kombinasie aangeneem het nie. Die kerkraad het hul dank teenoor ds. Jacobs uitgespreek en verduidelik dat die gemeente van sy bekwame leiding afhanklik is.<sup>60</sup>

In 1959 was die sieletal 762; die ledetal 430; diegene wat belydenis afgelê het 22; diegene wat die sakrament van die doop ondergaan het 59; met inbegrip van lidmate wat

---

<sup>55</sup> *Almanak*, Jr. 50, 1956, p. 226.

<sup>56</sup> *Ibid.*, p. 227.

<sup>57</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 4. 10. 1956.

<sup>58</sup> *Ibid.*, 7. 12. 1956.

<sup>59</sup> *Ibid.*

<sup>60</sup> G. 156 1/2/1 *Kerkraadsnotule St. Helena.*, 5. 5. 1961.

in die eg verbind is 4; hulle wat oorgekom het met attestate 23; lidmate wat met attestate vertrek het 8; voornemende lidmate wat oorgekom het van ander kerke 6.

In die tyd was ds. Jacobs steeds die predikant en ds. C. J. Viljoen die eerste konsulent van Virginia. Die skriba was M. D. van der Merwe; die kassier F. N. Bellingan; die skriba vir registrasie ds. Jacobs; die Superintendent van Sondagskole ds. Jacobs; die orreliste, J. M. du Plessis; die koster, Jimmy Buys; die voorleser, 'n ouderling om die beurt.<sup>61</sup>

By die kerkraadsvergadering van 18 Junie 1959 het die klem op die besoek van huisgesinne geval. Die voorsitter het 'n ernstige beroep op die kerkraadslede in dié verband gemaak. Eweseer is barmhartigheidswerk in die gemeente geaksentueer wat grotendeels deur die Sustersvereniging in die gemeente gedoen is. Gevolglik het die kerkraad in opdrag van die Algemene Kommissie besluit dat alle gelde rakende die nagmaal vir die doel van barmhartigheid aangewend word. Derhalwe is al die geld wat op dié wyse ontvang is, aan die Sustersvereniging van die gemeente vir hulle barmhartigheidswerk besorg.<sup>62</sup>

Daar is andersins by 'n kerkraadsvergadering van 3 Augustus 1960 besin oor sendingaktiwiteite in die gemeente. Die behoefte daaraan het oor jare gestrek en gevolglik is die aangeleentheid ter tafel gelê om daarmee te begin. Die betrokke leraars is ook deeglik vir hul taak opgelei en dit is slegs by wyse van uitsondering van enkele aspekte waar blanke hulp verleen word. Gewoonlik is die kollekte deur die blankes behartig en streng kontrole is deurentyd gehandhaaf.

Derhalwe het die kerkraad besluit om die noodsaaklikheid van sendingaktiwiteite ook aan die gemeentelike vergadering vir bespreking en goedkeuring voor te lê.<sup>63</sup>

Desondanks al die verwickelinge op gemeentelike gebied is daar tydens 'n kerkraadsvergadering van 3 Oktober 1960 besluit, om 'n dankfees vir die 10-jarige bestaan van die gemeente te hou. Die beoogde fees is vir die eerste naweek in November geskeduleer, wat die Saterdagmiddag van die naweek sou begin. Hierdie fees sou uit 'n gesellige braaivleis en opvoering van die Jeugvereniging bestaan. Na afloop van al die feesverrigtinge is 'n dankdiens vir die daaropvolgende Sondag in die vooruitsig gestel. Die hoop is gekoester dat dit vir prof. Mulder moontlik sou wees, om die dankdiens waar te neem. Desnoods is ook aan dr. Koekemoer van Bloemfontein, as alternatief oorweging gegee.<sup>64</sup>

Die voorsitter het op 17 Januarie 1961 by 'n kerkraadsvergadering verduidelik, dat die geestelike opbou van die gemeente nie genoeg aandag van die kerkraad kry nie. Die kerkbesoek en bywoning van vergaderings deur die kerkraadslede laat veel te wense oor. Derhalwe is besluit dat kerkraadslede ten minste 14 dae voor elke kerkraadsvergadering skriftelik in kennis gestel word. Die kerkraadslede moet ook skriftelike verskoning

---

<sup>61</sup> *Almanak*, Jr.53, 1959, p. 261.

<sup>62</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsvergadering St. Helena*, 18. 6. 1959.

<sup>63</sup> G 156 1/2/1 *Ibid.*, 3. 8. 1960.

<sup>64</sup> *Ibid.*, 3. 10. 1960.

aanbied, indien dit vir hulle onmoontlik sou wees om die betrokke vergadering by te woon. Gevolglik is besluit om alle verskonings by die bepaalde vergadering van afwesigheid te behandel, sodat 'n herderlike skrywe vir elke kerkraadslid opgestel word.<sup>65</sup> Hierdeur is die hoop gekoester dat gemeentelike opbou uiteindelik tot sy reg sou kom.

Die Algemene Kerkvergadering het besluit dat die aflegging van geloofsbelydenis slegs eenkeer per jaar mag plaasvind. Eweseer dat katekisasieklasse van die Sondagskool geskei behoort te word, sodat meer spesiale aandag aan die voorgenome lidmate van die kerk gegee word. Benewens twee uurlikse klasse per week, asook die gewone 14 dae wat die aanneme van die katekissante voorafgaan, gehandhaaf word.<sup>66</sup>

Na aanleiding van 'n moontlike personeel tekort vir die Sondagskole is die saak by die vergadering op 26 April 1961 behandel en daar is wel bevind dat die onderskeie wyke genoeg Sondagskoolpersoneel het. Na aanleiding van die kwartaallikse verslae is die Sondagskole goed georganiseer en spesiale aandag word aan kinders gegee, wat die Sondagskole nie gereeld bywoon nie.<sup>67</sup>

Op 25 Mei 1961 is aan die Jeugvereniging gerapporteer: "Daar is waarlik stof tot dankbaarheid met betrekking tot ons Jeugvereniging, veral as die lidmaattal in aanmerking geneem word en die gees waarin samekoste plaasvind. Tog is daar nog heelwat jongmense wat bearbei behoort te word en dat dit die plig van die ouderlinge is om die jongmense aan te moedig deur belangstelling in die Jeugvereniging te toon. Die kwessie van vervoerprobleme by baie jongmense het veroorsaak dat hulle gereelde bywoning by die Jeugvereniging gekortwiek is."<sup>68</sup>

## 5.6 KERKPERSELE EN AANVERWANTE SAKE

In die beplanningsopset van die gemeente het die kerkrad die aankoop van 'n geskikte perseel vir die oprigting van 'n kerkgebou en pastorie gerade geag. Om daarvoor voorsiening te maak is 'n boukommissie saamgestel, wat uit twee kerkradslede en 'n gemeentelid bestaan het. Die kommissie moes aanvanklik alle toepaslike inligting rakende standplase inwin en ondersoek. Gevolglik moes die kommissie die kerkrad voortdurend op hoogte van sodanige verwickelinge hou.<sup>69</sup>

Op 3 November 1951 is besluit om goedkeuring by die eersvolgende gemeentevergadering vir die aankoop van kerk- en pastorie-erwe te kry. Sodanige goedkeuring het by implikasie beteken dat aan die boukommissie magtiging verleen is, om namens die kerkrad en gemeente erwe aan te koop.<sup>70</sup>

---

<sup>65</sup> Ibid., 17. 01. 1961.

<sup>66</sup> Ibid., 6. 4. 1961.

<sup>67</sup> Ibid., 26. 4. 1961.

<sup>68</sup> Ibid., 25. 5. 1961.

<sup>69</sup> G. 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 19. 8. 1951.

<sup>70</sup> Ibid., 3. 11. 1951.

Na aanleiding van 'n meningsverskil oor die voorneme vir die aankoop van erwe, is daar op 26 Januarie 1952 'n besluit geneem om tydelik daarvan af te sien. Gevolglik is die aangeleentheid na die Administrateur van die Kerkkantoor verwys, ten einde vas te stel of daar nie moontlik ander erwe vir aankope beskikbaar is nie.<sup>71</sup>

In April 1952 is die grootte van 'n erf met afmetings van 140vt. x 170vt. x 130vt. oorweeg, wat op 'n beraamde koste tussen £300 en £400 te staan gekom het. Die oogmerk was vir die oprigting van 'n tydelike kerksaal. Dit het daartoe gelei dat die kerkraad die nodige reëlins en prosedure vir sodanige moontlike aankope verder bespreek het.<sup>72</sup>

Die kerkraadslede wat oor kerklike eiendom van 3 Mei 1952 by die kerkraadsvergadering teenwoordig was, is soos volg: C. L. Steyn, W. J. Dreyer, F. Bellingan, S. P. Nice, P. J. D. van der Westhuizen en H. J. van Zyl. Die voorsitter, ds. P. T. Jacobs, het aan die kerkraadslede verduidelik waar die erf vir die moontlike oprigting van 'n kerkgebou en pastorie geleë is. Na aanleiding van die die kerkraadslede se tevredenheid daarmee, is eenparig besluit om die erf aan te koop.<sup>73</sup> Dit wil voorkom dat die erf volgens die kerkraadslede aan alle praktiese eise voldoen het.

'n Verdere vergadering is op 30 Mei 1952 oor die aankoop van 'n erf vir 'n tydelike of 'n permanente pastorie gehou. Die algemene opvatting was dat geld eerder op die eiendom van die gemeente afbetaal word, as om 'n pastorie teen £15 per maand te huur. Die kerkraad het na gelang hiervan besluit om eerder grond vir 'n tydelike pastorie aan te koop, maar dat dit nie naby die erf wat vir die oprigting van die permanente pastorie aangekoop is, geleë moet wees nie.<sup>74</sup> Hiervolgens wil dit blyk dat die beoogde aankoop van 'n erf vir 'n tydelike pastorie as 'n toekomstige bate vir die gemeente beskou is.

Op 3 Julie 1952 is besluit dat die vorige boukommissie se taak afgehandel is en dat die nuwe saamgestelde kommissie na alle sake soos die bou van die beoogde permanente pastorie moet omsien. Die kommissie het uit 4 lede bestaan, dit wil sê, 3 lede van die kerkraad en 1 gemeentelid.<sup>75</sup>

Dit is nietemin van belang om te weet dat alle relevante en aktuele sake van die gemeente oor die algemeen by kerkraads- en gemeentevergaderings bespreek word. Die hele idee hiervan is om konsensus oor bepaalde sake sonder die miskenning van die gemeentelid te kry. Derhalwe het die voorsitter by so 'n gemeentevergadering van 1 Junie 1952, die vergadering meegedeel dat die beoogde bouwerk van die pastorie eers die daaropvolgende jaar 'n aanvang sou neem. Die rede daarvoor is toe te skryf aan die munisipale diensgeriewe van die munisipaliteit wat by die spesifieke erf ontbreek het.<sup>76</sup>

---

<sup>71</sup> Ibid., 26. 01. 1952.

<sup>72</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsvergadering St. Helena*, 19. 4. 1952.

<sup>73</sup> Ibid., 3. 5. 1952.

<sup>74</sup> Ibid., 30. 5. 1952.

<sup>75</sup> Ibid.

<sup>76</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 1. 6. 1952.



By dieselfde vergadering is 'n moontlike tydelike woning as pastorie bespreek, dit wil sê, 'n beskikbare mynhuis wat teen £15 per maand te huur is. Die voorsitter wou by die gemeentevergadering weet of hulle met die kerkraad se besluit eens is: om 'n ander erf te koop en 'n tydelike pastorie daarop te bou. Ds. Jacobs het aan die vergadering verduidelik dat die gemeente die huis teen ongeveer £3500, dit wil sê, vir £1500 goedkoper kon bou. Na gelang hiervan het die meerderheid by die algemene vergadering toegestem dat 'n standplaas vir die bou van 'n tydelike pastorie aangekoop word.<sup>77</sup>

Intussen wil dit voorkom dat die voorafgaande mynhuis wel deur die leraar tydelik betrek is, aangesien die aangeleentheid van die gehuurde mynhuis weer op 7 Julie 1952 by 'n kerkraadsvergadering ter sprake gekom het. Ds. Jacobs het die kerkraad meegedeel dat hy deur die mynowerheid aangesê is, om die huis teen die einde van Augustus te ontruim. Hy het aangevoer dat die owerheid moontlik hom sou toelaat om in die huis tot aan die einde van September aan te bly. Nietemin volgens inligting wat die voorsitter ingewin het, is die algemene boukoste teen £2. 2s. per vierkante voet bereken. Na gelang hiervan is besluit om vas te stel watter boukontraakteur die bouwerk meer ekonomies, spoedeisend en doelmatig kon verrig. Die kerkraad het ten laaste besluit om alle bou en aanverwante sake aan die boukommissie oor te laat.<sup>78</sup>

Die voorsitter het by 'n gemeentevergadering op 2 Augustus 1952 die vergadering verwittig van die mynbestuurder se brief, waarin ds. Jacobs gevra word om die woning teen die einde van Augustus te ontruim. In die lig hiervan het die kerkraad besluit om onmiddellik met die bou van 'n pastorie te begin. Derhalwe is aan die boukommissie opgedra om met verskillende boukontrakteurs vir die bou van die pastorie te onderhandel.<sup>79</sup>

Op 3 September 1952 het die kerkraad besluit om 'n skrywe aan die N.G. Kerk vir die gebruik van 'n saal langs St. Helena Laerskool te rig. Die oogmerk van die skrywe was om toestemming vir die hou van eredienste in die saal by die betrokke kerkraad te kry. Die kerkraad was van mening dat as die saal nie beskikbaar is nie, hulle verplig sou wees om een of ander skoolsaal vir die doel te gebruik.<sup>80</sup>

Die voorsitter het ook die vergadering meegedeel dat die planne vir die pastorie kosteloos opgestel is en dat hulle slegs £10 aan die bou-inspekteur vir sy werk verskuldig is. Daarby is die vergadering ingelig oor die tender van £5300 wat die boukommissie van ouderling J. J. van Staden as boukontraakteur aanvaar het.<sup>81</sup>

Daar is ook 'n versoek aan die ouderlinge Van Staden en J. C. Fourie gerig om geskikte kerkerwe in Hennenman en Virginia vir die oprigting van 'n kerk en pastorie te probeer

---

<sup>77</sup> Ibid.

<sup>78</sup> G.156 1/1/1 *Kerkraadsvergadering St. Helena*, 3. 7. 1952

<sup>79</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena* 2. 8. 1952.

<sup>80</sup> G.156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 3. 9. 1952.

<sup>81</sup> Ibid.

kry. Indien sodanige erwe beskikbaar is, is die moontlike aankoop daarvan onvermydelik.<sup>82</sup>

Intussen wil dit voorkom dat die kerkraad eerder besluit het om 'n pastorie teen £4200 te koop waarvan die prys van die perseel £450 is. Die bedrag van £450 moes teen die einde van Januarie 1953 betaal word. Eweseer is 'n lening van £2850 van die Building Society verseker waarvan die finansieringsgelde £24 per maand sou beloop. Die restante bedrag van £900 is rentevry aan die boukontraakteur oor 'n tydperk van 12 maande betaalbaar. Die koste en betalingswyse is op 17 Januarie 1953 by 'n gemeentevergadering aanvaar en goedgekeur.<sup>83</sup>

In belang van die kerk se bou en eiendomsbelange is 'n nuwe boukommissie op 11 Februarie 1953 saamgestel. Dit is weens praktiese implikasies en die voortdurende wisseling van kerkraadslede wat aan veranderde omstandighede op die Goudveld toe te skryf is.<sup>84</sup>

Die ontwikkelingsgang van die gemeente was van so 'n aard dat afgevaardigdes vir 'n Ringsitting op 11 Februarie 1953 benoem is. Die afgevaardigdes moes ook die Ringsvergadering versoek om die Algemene Vergadering oor die toesegging van finansiële hulp vir die doel van kerkbou te nader. Sodanige voorsiening van geld sou met rente terugbetaal word. Die fondse was ongetwyfeld 'n faktor, omdat sonder die nodige finansies sou enige bouwerk van die kerk nie teen 1955 'n aanvang kon neem nie. Die voorsitter het die volgende plan voorgestel:

a) Die idee was om die kerksaal met asbestos te bou, sodat as die permanente kerk se bouwerk 'n aanvang neem, die saal weer afgebreek en in een van die wyke van die gemeente gebou word.

b) Om andersins 'n kerk met stene te bou wat etlike duisende rand meer kos en gevolglik nie genoeg geld sou hê om met die bouwerk te begin nie.<sup>85</sup>

Die kerkraad het besluit om min of meer 'n beraming te maak van die koste vir die oprigting van so 'n tydelike gebou, omdat 'n plek vir kerkdienste onontbeerlik is.<sup>86</sup>

Die feit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering belangstel om kerkerwe in die Vrystaat te koop, is in 'n brief vermeld wat die voorsitter aan die kerkraadsvergadering voorgelê het. Die doel was om dit vir die afstigting van toekomstige gemeentes aan te koop en dit op 'n later stadium rentevry aan die kommissie terug te betaal. Die voorsitter het verklaar dat erwe slegs op Hennenman verkrygbaar is en dat alreeds vir 'n erf in Riebeeckstad aansoek gedoen is. Die erf aldaar is gratis

---

<sup>82</sup> Ibid.

<sup>83</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 17. 01. 1953.

<sup>84</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 11. 2. 1953.

<sup>85</sup> Ibid.

<sup>86</sup> Ibid.

verkrygbaar. Die kerkraad het besluit om eers te wag op verdere ondersoek van beskikbare erwe, voordat hulle die kommissie finaal antwoord.

Ds. Jacobs het ook 'n brief aan die vergadering voorgelees waarin prokureur Wessels die afhandeling van die kooptransaksie van die pastorie sonder enige koste gedoen het. Die prokureur het die werk gratis as 'n geskenk aan die Hervormde Kerk van St. Helena gedoen. Die voorsitter het dus opdrag aan die skriba gegee om die prokureur skriftelik vir die mooi gebaar te bedank.<sup>87</sup>

Die kerkraad was op 2 Julie 1953 van mening dat daar nie in dié stadium aan kerkbou in die ander wyke oorweging gegee behoort te word nie, omdat dit tot verdeling en verswakking van die gemeente sou lei. Die gevaar het bestaan dat die onderskeie wyke tot eie voordeel en onafhanklik van mekaar kon funksioneer.<sup>88</sup>

Die gemeente was teen dié tyd angstig om met kerkbou te begin, maar die fondse het steeds 'n inhiberende faktor gebly. Die kerkbouspaarfonds het ineengestort, sodat daar na alternatiewe by die vergadering op 11 Julie 1953 gekyk is. Die voorsitter wou weet of dit nie moontlik is om by die onderskeie gemeentes van die kerk 'n lening aan te gaan nie. Die idee was om 'n bedrag van 'n £100 by elke gemeente van ongeveer 10 of 12 vir 'n periode van 10 jaar te leen. Die gedagte het ook na vore gekom om eerder 'n tydelike monteersaal op te rig, wat later weer vir ander doeleindes aangewend word. Die rede daarvoor is dat dit veel goedkoper as 'n kerkgebou is. Hierdie gedagtegang is as 'n tussentydse maatreël voorgelê totdat die gemeente finansiëel in staat sou wees, om 'n behoorlike kerkgebou te laat oprig.<sup>89</sup>

Die voorsitter het op 10 September 1953 die kerkraad ingelig oor 'n brief, wat hy van Anglo American Corporation oor die aankoop van 'n stuk grond teen £600 vir die doel van kerkbou ontvang het. Die vergadering het besluit dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir die aankoop van kerklike grond in die Vrystaat, onverwyld in kennis gestel word.<sup>90</sup>

Die voorsitter het 'n verslag op 14 Januarie 1955 aan die kerkraad oor die moontlike aankoop van grond in die Goudveld en Hennenman voorgelê. In Odendaalsrus is goeie vordering met die verkryging van kerkgrond gemaak. Die kerkraad is verheug daaroor omdat baie probleme al ondervind is om grond in Odendaalsrus te kry.

Daar is ook gerapporteer dat die proses in Hennenman vir die verkryging van kerkgrond aan die gang is. Daarteenoor het die kerkraad besluit om in die rigting van Virginia vir die verkryging van kerkgrond te werk.<sup>91</sup>

---

<sup>87</sup> Ibid., 30. 4. 1953.

<sup>88</sup> Ibid., 2. 7. 1953.

<sup>89</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering St. Helena*, 11. 7. 1953.

<sup>90</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena* 10. 9. 1953.

<sup>91</sup> Ibid., 14. 01. 1954.

Ds. Jacobs het aan die vergadering meegedeel dat gedurende huisbesoek dit vir hom duidelik geword het, dat die gemeentedele graag 'n eie kerkgebou wil hê. Die erns van die saak is besef en gevolglik is daar besluit om so gou moontlik daarmee te begin. Die proklamasie van dorpsgrond binne die afsienbare tyd het tot die kerkraad se besluit bygedra, omdat die kerkgrond binne die dorpsgebied geleë is. Afgesien van 'n lening wat verkrygbaar is, het die kerkraad toegestem dat Sanlam ook vir die doel van 'n lening genader behoort te word. Die kerkraad was oor die algemeen met die idee tevrede.<sup>92</sup>

Na aanleiding van 'n gemeentevergadering op 6 Augustus 1955 het die kerkraad die bou van 'n kerk bekragtig. Die voorsitter het by die geleentheid sy dank teenoor die gemeente uitgespreek.<sup>93</sup>

Intussen is op 5 April 1958 gemeentedele by 'n gemeentevergadering ingelig oor die hoeksteenlegging van die nuwe kerkgebou, wat op 17 Mei 1958 sou plaasvind. 'n kerkbasaar is vir die betrokke geleentheid beplan en 'n beroep is op die gemeentedele gemaak om hulle ondersteuning in dié verband te gee. 'n Voorstel is gemaak of die hoeksteenlegging nie om praktiese redes op 'n latere datum kon plaasvind nie. Daar is toe besluit op 'n datum van 31 Mei 1958 en almal was daarmee eens.

Die skuld vir die bou van die kerk moes gedelg word en gevolglik kon die kerkbasaar baie daartoe bydra. Derhalwe het die voorsitter dit op hom geneem om aan elke huisgesin 'n skriftelike uitnodiging te stuur, sodat almal daarvan kon kennis neem.<sup>94</sup>

Volgens H. Coetzer is die kerk in 1958 ingewy en is hard gewerk om die skuld af te betaal. In daardie stadium het die gemeente 'n lae inkomste gehad.<sup>95</sup> 'n Eie kerkgebou is vir die eerste keer in die *Almanak* van 1959 vermeld.<sup>96</sup> Hiervolgens is dit duidelik dat die kerkgebou van St. Helena in 1958 voltooi en ingewy is.

Op 5 Oktober 1959 is besluit met die oprigting van die nuwe pastorie, terwyl aansoek vir 'n lening van £6000 met Saambou Bougenootskap teen gewone rentekoers aangegaan is. Derhalwe is besluit om die ou pastorie te verkoop.

Desnieteenstaande is daar ook besluit op die uitlê van tuine op die perseel rondom die kerkgebou uit fondse, waarvoor kollektelyste vir die onderskeie wyke van die gemeente opgestel is.<sup>97</sup>

---

<sup>92</sup> G. 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 25. 3. 1955.

<sup>93</sup> G 156 1/1/2 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering*, 6. 8. 1955.

<sup>94</sup> *Ibid.*, 5. 4. 1958.

<sup>95</sup> Coetzer, *Onderhoud*, 12. 01. 2004.

<sup>96</sup> *Almanak*, Jr.53, 1959, p. 261.

<sup>97</sup> G 156 1/2/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 5. 10. 1959.

## 5. 7 VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

Die kerkraadslede en meer spesifiek die ouderlinge beskik in gemeentelike verband oor die regerende amp, terwyl die diakonale amp van die diakens meer op barmhartigheidswerk en die invordering van aalmoese fokus.

Volgens die toenemende omvang van gemeentelike werksaamhede is die volgende kerkraadslede gekies en voorgestel vir die onderskeie wyke van die gemeente: As tweede diaken M. W. W. Strydom vir Odendaalsrus; diaken M. J. C. Steyn vir Welkom-wyk no. 3. Steyn was bereid om die werk van diaken te doen, maar wou nie in daardie stadium voorgestel word nie; as ouderling is A. C. Roets en diaken M. C. Trollip vir die Uitsigkamp-wyk; as ouderling M. J. P. Botha en diaken vir Western Holdings-wyk.<sup>98</sup>

Weens voortdurende bedankings en vakatures is kerkraadslede op 2 Augustus 1952 vir die onderskeie wyke in die gemeente verkies: J. J. Botha as ouderling en diaken G. Labuschagne vir Western Holdings-wyk; A. C. Roets as ouderling en diaken C. Trollip vir Uitsigkamp; W. W. Strydom as diaken vir Odendaalsrus. Die kerkraad het besluit dat die status quo intussen vir die wyk Odendaalsrus gehandhaaf word, totdat 'n sensusopname bepaal dat die wyk in twee verdeel behoort te word.<sup>99</sup>

Die verskynsel van veranderde omstandighede in die gemeente soos gewone bedankings, verplasings en verhuising van kerkraadslede moes daar van tyd tot tyd nuwe kerkraadslede gekies word. Die kerkraad het by so 'n geleentheid op 8 Oktober 1952 die volgende kerkraadslede gekies: As ouderling D. du Preez vir die wyk St. Helena 2 en diaken J. J. Roodt. Die vergadering het op voorstel van ouderling J. C. Fourie besluit om 'n diaken vir Virginia-wyk te kies, as daar weer 'n erediens in Virginia gehou word.<sup>100</sup>

Nietemin is dit duidelik dat die verkiesingstendens van kerkraadslede 'n voortdurende proses is na gelang van die gemeente se voortstuwing. Derhalwe was die kerkraad by 'n kerkraadsvergadering van 11 Oktober 1952 verplig om 'n kerkraadslid in die plek W. J. Dreyer te verkies, omdat laasgenoemde die Goudveld verlaat het. By dieselfde vergadering is die voorsitter, ds. Jacobs en sy gade hartlik bedank vir die werk wat hulle tot in daardie stadium in die gemeente gedoen het.<sup>101</sup>

Insgelyks wou die voorsitter by die vergadering van 6 November 1952 weet of die tyd nie vir die samestelling van 'n Evangelisasiekommissie aangebreek het nie. Die doel van so 'n komitee was om mense wat glad nie aan 'n kerk behoort nie op te soek en moontlik te begelei. Die kerkraad was in daardie stadium nie daarvoor te vind nie. Die algemene standpunt was dat sodanige evangelisasiewerk die verantwoordelikheid van die kerkraadslede is. Die voorsitter het dit gerade geag om die saak daar te laat en dit moontlik later weer te bespreek.<sup>102</sup>

<sup>98</sup> G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 7. 7. 1952.

<sup>99</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering*, 2. 8. 1952.

<sup>100</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 8. 10. 1952.

<sup>101</sup> *Ibid.*, 11. 10. 1952.

<sup>102</sup> *Ibid.*, 6. 11. 1952.

Op 16 Januarie 1953 het die kerkraad dit goed gevind om die volgende kerkraadslede vir die Ringsitting in Heilbron af te vaardig: primarius ouderling J. C. Fourie en secundus ouderling C. L. Steyn; as diakens J. J. Roodt en H. van Zyl.<sup>103</sup>

Kerkraadslede is andermaal op 17 Januarie 1953 vir ondergenoemde wyke verkies: Ouderlinge M. D. du Preez vir St. Helena-wyk 2 en 'n ene Grobler vir Hennenman-wyk. As diakens: H. J. B. Swart vir Uitsigkamp; F. C. Els vir Rheederspark; H. P. Holthauzen vir Welkom 1; J.J. Pieterse vir Dagbreek-wyk. Laasgenoemde wyk was sonder 'n ouderling en die kerkraad het besluit om by die daaropvolgende vergadering aan die saak aandag te gee.<sup>104</sup>

Die kerkraad moes noodgedwonge weer enkele voornemende kerkraadslede nomineer weens vakatures, wat intussen in sommige wyke ontstaan het soos: Ouderling J. C. W. Francis vir Virginia en diaken P. J. Swanepoel vir die wyk Freddie-suid.<sup>105</sup>

Die verkiesing van kerkraadslede het voortdurend weens veranderde omstandighede in die Goudveld plaasgevind. Dit moet hoofsaaklik aan die mynbou-ontwikkeling toegeskryf word, omdat baie werknemers na ander myne oorgeplaas is.

Vanweë effektiewe gemeentelike werksaamhede is kerkraadslede op 6 Mei 1954 in wyksverband verkies: Ouderling J. Gouws vir blok (b), Odendaalsrus; diakens A. van Aarde vir Odendaalsrus; J. Marais vir blok (a), Odendaalsrus, J. Coetzee vir Harmonie, H. Holtshauzen vir Dagbreek.<sup>106</sup>

Die wyke van die gemeente het gedurig kerkraadslede nodig gehad en op 2 Oktober 1954 is kerkraadslede vir die onderskeie wyke gekies: Ouderlinge G. A. P. van Rooyen vir Odendaalsrus; L. J. Meyer vir Dagbreek; P. van Breda en M. J. Mulder vir Rheederspark; as diakens: J. J. Bronkhorst en G. C. Grové vir Dagbreek; D. H. Swanepoel vir Allanridge.<sup>107</sup>

Die volledige kerkraad het in 1956 uit die volgende kerkraadslede bestaan, nl: ouderlinge: F. N. Bellingan, C. P. J. Botha, P. L. M. van Breda, J. J. Coetzee, P. J. Fourie, J. C. W. Francis, N. J. Joubert, J. C. Krause, J. J. Kleinsmit, J. D. Leonard, L. J. Meyer, St. P. Nice, A. S. du Plessis, D. J. D. du Preez, J. van Staden, C. L. Steyn, J. P. Swanepoel, C. A. P. van Tonder, D. J. Vermeulen, J. H. van der Westhuizen, S. J. van der Westhuizen, F. J. C. Wilson. Die diakens: A. van Aarde, G. P. Benade, C. H. Bezuidenhout, C. J. Bezuidenhout, C. P. C. Beszuidenhout, S. J. Botha, J. J. Coetzer, T. E. Coetzer, F. C. Els, J. J. L. Fourie, J. H. Grobler, J. J. P. Herbst, H. P. Holtshauzen, J. A. Holtshauzen, J. J. Kruger, E. P. Leiman, J. J. Marais, E. P. van der Merwe, D. J. H. Nortje, T. E. van Niekerk, A. S. du Plessis, A. S. Pretorius, M. C. Potgieter, G. A.

---

<sup>103</sup> Ibid., 16. 01. 1953.

<sup>104</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gemeentevergadering*, 17. 01. 1953.

<sup>105</sup> G 156 1/1/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 13. 8. 1953.

<sup>106</sup> Ibid., 6. 5. 1954.

<sup>107</sup> G 156 1/1/1 *Notule: Verrigtinge Gementevergadering St. Helena*, 2. 10. 1954.

Rossouw, F. G. G. Richter, M. G. Schoeman, G. J. B. Steyn, W. W. Strydom, J. P. S. du Toit, L. J. Volschenk.<sup>108</sup>

Die samestelling van ondergenoemde kerkraadslede in 1959 het afgesien van moeilike werksomstandighede in die meeste gevalle nogtans 'n bereidwilligheid getoon om op die kerkraad te dien: Ouderlinge F. N. Bellingan, A. G. Beeslaer, J. J. Coetzer, J. H. van Dyk, L. A. Huysen, S. W. Kruger, H. M. Moodie, St. P. Nice, D. A. Olivier, D. J. Opperman, A.S. du Plessis, D. J. Du Preez, C. L. Steyn, C. Venter, A. H. Venter, B. G. van der Westhuizen, F. J. C. Wilson, M. J. Wilmans, M. D. van der Merwe. Daarteenoor die diakens: J. D. H. Bronkhorst, J. A. Buckle, J. J. Coetzer, O. A. Coetzer, H. G. Botha, P. A. van Jaarsveld, T. C. Kleynhans, N. Kleynhans, J. C. Greyling, J. A. D. Lehman, E. P. Leiman, E. P. van der Merwe, L. D. Minnie, J. H. Mostert, J. P. Prinsloo, T. E. van Niekerk, F. C. W. Stickling, R. J. C. Storbeck, J. J. Snyman, L. P. Swanepoel, L. A. Visagie, G. S. van Rensburg.<sup>109</sup>

Die verandering en omwenteling van kerkraadslede moet aan die uitbreiding in wyke en die ontstaan van nuwe wyke in die geografiese gebied van die gemeente toegeskryf word. Die fenomenale uitbreidingsmoontlikhede wat die gemeente ondervind het, is hoofsaaklik aan die lewenskragtigheid van 'n jong dinamiese mynbougebied toe te skryf. Derhalwe is daar in Oktober 1961 vir dié doel kerkraadslede vir die onderskeie wyke van Bedelia, Reitzpark, Naudeville, Dagbreek, Rheederspark en vir St. Helena gekies.<sup>110</sup> In 'n gebied van groot ekonomiese omwenteling kan geen gemeente sonder die werkkrag en hulp van kerkraads- en gemeentelade groei en ontwikkel nie. Gevolglik was die wisseling van kerkraadslede in dié gebied moontlik minder konstant as in ander gemeentes.

Na alle oorweginge het die afstigting van Allanridge onafwendbaar geblyk.

## 5.8 AFSTIGTING VAN ALLANRIDGE

Namate wyke geografies 'n eie identiteit begin ontwikkel het, het die behoefte des te meer ontstaan aan 'n eie selfstandige gemeente. Derhalwe was dit ook die geval met Allanridge.

Na aanleiding van 'n kerkraadsvergadering op 12 Augustus 1955 het Allanridge se afstigting te berde gekom. By daardie geleentheid het die kerkraad eenparig besluit op afstigting van Allanridge en vir die finale uitklaring daarvan by die daaropvolgende gekombineerde kerkraadsvergadering.<sup>111</sup>

Op 20 September 1955 is die finale reëlings vir die afstigting van die wyk Allanridge in die fynste besonderhede bespreek. Eweseer is by die vergadering melding gemaak van enkele uitnodigings aan ds. W.B. Jansen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die bywoning van die afstigtingsplegtigheid, wat op 28 September 1955 sou plaasvind. In

<sup>108</sup> *Almanak*, Jr. 50, 1956, p. 227.

<sup>109</sup> *Ibid.*, Jr. 53, 1953, p. 261 en p. 262.

<sup>110</sup> G 156 1/2/1 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 20. 10.1961.

<sup>111</sup> G 191 1/2/1 *Ibid.*, *Allanridge*, 12. 8. 1955.

dieselfde verband is J. Theunissen genoem om namens die skole die voornemende gemeente toe te spreek. By dieselfde vergadering het die kerkraad besluit om Allanridge in vier wyke te verdeel en die grense is soos volg bepaal:

- Wyk 1: Buffaloweg, Gamtoosweg, Chulumnastraat, Komati en De Erf-waterwerke;
- Wyk 2: Chalumnastraat, Ifafa, Gamtoos en Caledonweg;
- Wyk 3: Komatistraat, Chulumna, Ifafa, Caledonweg en Jan Smuts;
- Wyk 4: Uitbreiding No. 3 van dorpsgebied, Allanridge.<sup>112</sup>

Die afstigting van Allanridge het op 28 September 1955 by die gekombineerde kerkraadsvergadering van krag geword.<sup>113</sup> Die verteenwoordigers by die vergadering was onder andere: ds. J. H. Naude, Voorsitter van die Ringskommissie; ds. P. T. Jacobs, Skriba van die Ringskommissie; ouderling J. J. Rossouw van Bothaville; ouderling P. F. Smit van Heilbron; ouderling P. L. M. van Breda van St. Helena. Nadat die gebruikelike prosedure gevolg is, is die afstigting van Allanridge op 28 September 1955 goedgekeur. Die gebruik by die afstigtingsvergadering het gepaardgegaan met 'n erediens wat deur die Voorsitter van die Ringskommissie waargeneem is. Sy boodskap het gegaan oor: "Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins" (Fil. 1:2).<sup>114</sup> Nadat die bedankings afgehandel is, is kerkraadslede gekies.<sup>115</sup>

#### 5. 8. 1 DIE REDES VIR AFSTIGTING

Die afstigting van Allanridge is hoofsaaklik aan die uitbreiding van die mynbouwyerheid in die Goudveld toe te skryf. Dit het meegebring dat woongebiede soos Allanridge ontstaan het, sodat die toename van die lidmate aldaar begin dink het aan 'n eie selfstandige gemeente. Vanuit 'n praktiese oogpunt het dit oënskynlik geblyk dat 'n eie gemeente die geestelike bearbeiding opsigself sou vergemaklik. Die kwessie van 'n eie identiteit in gemeentelike verband is 'n natuurlike verskynsel om tot 'n volwaardige gemeente te ontwikkel, veral namate die dorp met 'n eie infrastruktuur begin vorm aanneem het.

Daarbenewens het die wyke in die Goudveld begin uitbrei, sodat effektiewe bearbeiding en gereelde huisbesoek deur die leraar van St. Helena-gemeente bykans onmoontlik geword het. Allanridge het in 1955 kerkordelik gekwalifiseer vir afstigting om tot 'n volwaardige gemeente te ontwikkel. Dié tendens is ook deur wyke soos Odendaalsrus en Virginia gevolg wat vir afstigting gekwalifiseer het. Hierdeur het die nuwe gemeentes van die wykstatus ontslae geraak. Nietemin sou die gestigte gemeentes veral op finansiële gebied groeipyne deurmaak, voordat die stadium van algehele selfstandigheid bereik word.<sup>116</sup>

<sup>112</sup> Ibid., 20. 9. 1955.

<sup>113</sup> Ibid., 28. 9. 1955; *Almanak*, Jr. 51, 1957, p. 225.

<sup>114</sup> Ibid., 28. 9. 1955.

<sup>115</sup> Ibid.

<sup>116</sup> C. H. du Plessis, *Onderhoud*, 19. 7. 2004; J. Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004.



### 5. 8. 2 DIE VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

Ds. P. T. Jacobs het die bevestiging van die ondergenoemde verkose kerkraadslede van Allanridge-gemeente waargeneem: D. J. Vermeulen, P. J. Fourie, J. C. Krause is as ouderlinge wat verkies is en F. G. G. Richter, F. C. Coetzer, G. P. Benade as diakens.<sup>117</sup>

Op 11 Oktober 1955 is die kerkraadslede by die wyke van Allanridge as ouderlinge en diakens ingedeel, nl. In wyk 1: ouderling P. J. Fourie en diaken G. P. Benade; wyk 2: ouderling J. C. Krause en diakonale vakature; wyk 3: ouderling D. J. Vermeulen en diaken F. E. Coetzer; wyk 4: ouderling vakature en diaken vakature.<sup>118</sup>

Die kerkraad het op 4 Oktober 1956 besluit dat drie bykomende diakens vir die gemeente van Allanridge gekies word. Hulle is onder andere: A. Kroon, J. van Vuuren en G. P. Strydom.<sup>119</sup>

Die indeling van kerkraadslede in wyke soos dit op 3 Junie 1957 goedgekeur is, is die volgende: ouderling H. J. Otto in wyk 1 en 'n vakature vir diakenskap; oudl. D. J. Vermeulen en A. Kroon as diaken in wyk 3; oudl. P. J. Fourie en P. J. de Villiers as diaken in wyk 4; oudl. M. J. Mulder en T. E. Coetzer as diaken in wyk 5; oudl. G. P. Benade en 'n vakature vir diakenskap in wyk 6.<sup>120</sup>

'n Verdere nominasie van diakens van 21 Maart 1958 het uit die volgende kandidate bestaan: P. J. de Villiers, T. J. H de Villiers, I. P. Strydom, W. P. G. Moore.<sup>121</sup> Die nominasies is moontlik te wyte aan die groter wordende Goudveld, wat uiteraard 'n effek op gemeentelike verband gehad het.<sup>122</sup>

Volgens die *Almanak* van 1957 word die volgende statistieke van die gemeente aangedui: sieletal van 174; 'n ledetal van 96; die aanneming van katkisanse 5; ten doop gebring 4; teenoor 4 van ander kerke oorgekom.<sup>123</sup>

Om een of ander rede het die kerkraad op 7 April 1959 besluit dat die gemeente van Allanridge, eerder uit 5 wyke en nie uit 6 wyke moes bestaan nie. Derhalwe die grensbepaling van wyk 1 soos onder andere: Caledon en Blesbokstraat; wyk 2: Crocodile, Bushmanstraat, Gamtoos, Commando en Crocodile; wyk 3: Korannastraat, Buffalo, Gamtoos tot by Koranna; wyk 4: Korannastraat, Chalumna, Komati, Bushman, Caledon, Jan Smutsweg tot by Koranna; wyk 5: die hele uitbreiding 3 van Allanridge.<sup>124</sup>

---

<sup>117</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 28.10.1955.

<sup>118</sup> *Ibid.*, 11. 10. 1955.

<sup>119</sup> *Ibid.*, 4. 10. 1956.

<sup>120</sup> *Ibid.*, 3. 6. 1957.

<sup>121</sup> *Ibid.*, 21. 3. 1958.

<sup>122</sup> J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>123</sup> *Almanak*, Jr. 52, 1957, p. 225.

<sup>124</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 7. 4. 1959.

Ouderling P. J. Fourie het in 1960 as voorleser opgetree, terwyl die res van kerkraad as ouderlinge en diakens die kerkraad gevorm het soos: ouderlinge F. J. du Toit en H. J. Otto; die diakens: C. J. Swart, W. Moore, P. J. de Villiers, T. J. H. de Villiers, I. P. Strydom.<sup>125</sup>

Dientengevolge die voortgaande werksaamhede van die gemeente het daar dikwels 'n wisseling van kerkraadslede plaasgevind, sodat die werk van die Here nie sou skade ly nie.<sup>126</sup>

## 5.9 DIE AANGELEENTHEID VAN KERKEIENDOM

Die kerkraad was alreeds op 11 Oktober 1955 die mening toegedaan dat die aankoop van kerkgrond onontbeerlik is. Derhalwe het die kerkraad besluit om tot die aankoop van die kerkgrond oor te gaan. Die standplase waarop die kerkraad besluit het, was in uitbreiding 3 van die dorpsgebied geleë. Die nommers van die standplase was 1196, 1197 en 1198 waarin die kerkraad belang gestel het. Die idee was dat die Algemene Kerkkommissie al die betrokke standplase sou aankoop, indien dit vir minder as die helfte van die prys aangebied word.

Die gemeente van Allanridge sou dan die standplase ter geleger tyd by die Algemene Kerkkommissie aankoop. Volgens die kerkraad was die Algemene Kerkkommissie slegs in standplaas 1196 geïnteresseerd, indien die onderskeie standplase nie teen die helfte van die prys bekombaar is nie. Onder dié omstandighede was die kerkraad bereid om slegs standplase 1197 en 1198 aan te koop. Die gesamentlike koopprys van die standplase het op £2740 te staan gekom.<sup>127</sup>

Op 22 November 1955 is vordering gemaak met die beoogde aankoop van kerkgrond, omdat die kerkraad besluit het om standplaas 1196 wat in uitbreiding drie van die dorpsgebied geleë is, aan te koop. Derhalwe sou die grond deur die gemeente aangekoop word.<sup>128</sup>

Ouderling D. J. Vermeulen het by 'n kerkraadsvergadering van 26 Januarie 1956 die voorsitter om die mededeling insake die vordering oor die aankoop van die kerkgrond versoek. Die voorsitter het verduidelik dat daar nog nie ooreengekom is oor die prys en die bedrag waarvoor die gemeente verantwoordelik sou wees nie.<sup>129</sup>

Daar is op 11 Junie 1956 besluit om onderhandelinge met die Dorpsraad te voer oor die moontlike aankoop van 1196 in die dorpsgebied Allanridge.<sup>130</sup>

---

<sup>125</sup> *Almanak*, Jr. 54, 1960, p. 265.

<sup>126</sup> *Ibid.*, Jr. 55, 1961, p. 207.

<sup>127</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 4. 10. 1956.

<sup>128</sup> *Ibid.*, 22. 11. 1955.

<sup>129</sup> *Ibid.*, 26. 1. 1955.

<sup>130</sup> *Ibid.*, 11. 6. 1956.

Ouderling M. J. Mulder het op 17 Augustus 1956 die vergadering meegedeel dat die Dorpsraad vir die aankoop van die kerkgrond genader is, maar dat hy tot op datum nog geen antwoord ontvang het nie. Derhalwe is 'n voorstel gemaak om die prokureursfirma Hauptfleisch, De Bruine en Rossouw te nader, om onderhandelinge met die Dorpsraad vir die aankoop van die kerkgrond te voer. Die voorstel is algemeen deur die kerkraad aanvaar.<sup>131</sup>

Die aankoop van die beoogde kerkgrond het weer op 27 Junie 1957 by 'n kerkraadsvergadering ter sprake gekom. Die kerkraad het by die spesifieke vergadering voorgestel dat die voorsitter saam met die prokureur onderhandelinge met die Dorpsraad vir die spoedige beskikbaarstelling van die grond moet voer.<sup>132</sup>

Desgelyks is 'n skrywe op 1 Augustus 1957 van die prokureursfirma Hauptfleisch en De Bruine, sowel as 'n afskrif van die Dorpsraad rakende die aankoop van die kerkgrond ontvang. Na aanleiding van dié skrywe het die kerkraad die skriba opdrag gegee, om 'n skrywe aan die Raad van Finansies rakende die aankoop van die betrokke standplaas te rig.<sup>133</sup>

Na aanleiding van die verlore dokumentasie oor die aankoop van die kerkgrond wat gevind is, is daar op 7 April 1959 besluit om die bepaalde stuk grond so gou moontlik te koop. Ondanks die feit dat die grond nie sentraal geleë is vir die oprigting van die kerksaal nie, is die vervoer van lidmate as alternatief voorgehou.<sup>134</sup>

Die kerkraad kon uiteindelik op 21 Maart 1960 verneem dat die kooppriewe vir standplase 1196 en 1197 voltooi is. Gevolglik het die kerkraad besluit om beide standplase te koop.<sup>135</sup>

Die kerkraad het op 6 Junie 1960 die skriba versoek om *O.F.S. Land and Estate Company* oor 'n moontlike prysvermindering van die standplase te nader. Die kerkraad se rede vir die prysvermindering is gebaseer op die feit dat Allanridge se uitbreiding stagnant was.<sup>136</sup>

Ondanks die voornemende aankoop van die kerkgrond het dit baie gou na die gemeente se afstigting geblyk, dat Allanridge alleenlik in kombinasie met ander gemeentes sy voortsetting vir uiteindelige selfstandigheid sou verseker.

Daar is op 24 April 1961 besluit om nie oorweging te gee vir die aankoop van 'n standplaas vir 'n pastorie nie, omdat die gemeente nie die erfbelasting kon bekostig nie. Inteendeel, die kerkraad was van mening dat 'n klein kerkgebou of andersins 'n saal opgerig behoort te word, maar ongelukkig het die finansiële posisie van die gemeente dit

---

<sup>131</sup> Ibid., 17. 8. 1956.

<sup>132</sup> Ibid., 27. 6. 1957.

<sup>133</sup> Ibid., 1. 8. 1957.

<sup>134</sup> Ibid., 7. 4. 1959.

<sup>135</sup> Ibid., 21. 3. 1960.

<sup>136</sup> Ibid., 6. 6. 1960.

nie op daardie stadium toegelaat nie. Gevolglik het die voorsitter die aansuiwering van 'n boufonds as belangrike alternatief vir die generering van fondse vir kerkbou en aanverwante aangeleenthede voorgestel.<sup>137</sup>

Die gemeente het in 1961 by die vergadering nog geen kerkgebou gehad nie, hoewel die kerksaal op 19 Februarie 1972 ingewy is. Ds. D. J. Smith het die verwelkoming en onthulling van die hoeksteen gedoen; die oopsluit van die deure deur mev. J. P. M. Smith; die inwydingsrede en voorbereidingsdiens is deur ds. Smith waargeneem; die groete en gelukwensing namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Ring van Bloemfontein deur di. G. C. van Staden en P. T. Jacobs; die bedankings namens die gemeente deur Oudl. A. B. Ferreira. Hierna is die verrigtinge met verversings beëindig.<sup>138</sup>

#### 5. 10 DIE KOMBINASIE VAN GEMEENTES

Op 11 Oktober 1955 het 'n kombinasie tussen die gemeentes Bothaville en Allanridge ter sprake gekom. Gevolglik sou die realisering van die kombinasie 'n leraar op 'n gesamentlike basis beroep.<sup>139</sup>

Die moontlike kombinasie van Allanridge, Odendaalsrus en Bothaville is op 'n kerkraadsvergadering van 26 Januarie 1955 in beginsel goedgekeur. Hierna is die eredienstye vir die onderskeie gemeentes bepaal: Bothaville en Odendaalsrus sou drie eredienste per maand hê en Allanridge twee per maand. Tydens nagmaal sou in elke gemeente drie eredienste gehou word; dit wil sê, die voorbereidingsdiens op die voorafgaande Saterdagmiddag en twee eredienste op die Sondag. Die sakrament van die doop sou by een van die eredienste bedien word. Desgelyks het die betrokke kerkraad dit goedgekeur.<sup>140</sup>

By 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van 16 Maart 1956 is die kombinasie van Allanridge, Bothaville en Odendaalsrus aanvaar. Daarna is dit aan die Ringskommissie vir aanbeveling voorgelê. Die kombinasie sou vir drie jaar van krag wees, waarna die hernuwing van sodanige kombinasie van die omstandighede van die onderskeie gemeentes sou afhang. Die moontlikheid het bestaan dat die gemeentes na 'n jaar moontlik in staat sou wees om 'n eie leraar te beroep. 'n Besluit is ook by die vergadering deurgevoer dat die predikant in Odendaalsrus woonagtig sou wees. Die traktement van die predikant is op £1500 gestel wat tussen die drie gemeentes verdeel is, soos onder andere: Allanridge £400 per jaar of £33.6s.8d. per maand; Bothaville £500 per jaar of £41.13.4.d. per maand; Odendaalsrus £600 per jaar of £50 per maand. Vanweë die gebrek aan 'n eie pastorie sou van 'n gehuurde huis op 'n tydelike basis gebruik gemaak word.<sup>141</sup>

<sup>137</sup> Ibid., 24. 4. 1961.

<sup>138</sup> Argiefbewaarpark van Ned. Hervormde Kerk: *Inwydingsprogram van Kerksaal, Allanridge*, 20. 2. 1972.

<sup>139</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 11. 10. 1955.

<sup>140</sup> Ibid., 26. 1. 1956.

<sup>141</sup> Ibid., 16. 3. 1956.

Die posisie van die gemeente het op 24 April 1961 onder die vergrootglas gekom en die kerkraad het besluit dat Allanridge 'n konsulent-gemeente moet bly. Die betrokke besluit is slegs van toepassing, terwyl St. Helena-gemeente oor 'n leraar beskik. Eweseer is die besluit onderhewig aan hersiening, sodra 'n kerkgebou of saal opgerig word.<sup>142</sup>

Uiteraard is eredienstyd onveranderd gelaat, sodat die eredienste elke eerste en derde Sondag van die maand om 17:00 begin het.<sup>143</sup>

#### 5. 11 BEROEP VAN 'N LERAAR VIR DIE KOMBINASIE-GEMEENTES

Die gemeentelike verpligtinge in die tyd van ds. Jacobs was enorm. Die toenemende werklading selfs na die afstigting van Allanridge en Odendaalsrus het voortgeduur, omdat die betrokke gemeentes in daardie tyd nie 'n eie leraar gehad het nie. Derhalwe is eredienste en vergaderings deur hom in die onderskeie gemeentes behartig. Alle aanverwante aangeleenthede rakende die afgestigte gemeentes is deur hom gehanteer. Hiervolgens kon die situasie nie onbepaald voortduur nie. Gelukkig het die tyd aangebreek om 'n leraar vir die kombinasie-gemeentes te beroep.<sup>144</sup>

Die gebruiklike prosedure is gedurende die kerkraadsvergadering op 23 Mei 1956 gevolg, om 'n predikant te beroep en die volgende kandidate is genomineer: di. Naude van Heilbron; (i.s.) Oberholzer van Boksburg; (i.s.) Engelbrecht van Delareyville. Die kerkraad het besluit om ds. Engelbrecht van Delareyville te beroep. Ds. Engelbrecht het nie die beroep aanvaar nie en gevolglik by 'n gekombineerde beroepsvergadering die volgende kandidate genomineer: di. P. W. A. Bierman; G .P. J. Grobler; J. P. B. Venter, J. J. Prinsloo, C. J. S. van Niekerk. Nadat die stemmery voltooi is, is ds. Bierman as leraar vir die kombinasie-gemeentes beroep.<sup>145</sup>

Volgens die notule van 4 Oktober 1956 is dit duidelik dat ds. Bierman die beroep aangeneem het, omdat hy die kerkraad op voormelde datum vir die ontvangs en verwelkoming bedank het. Ds. Bierman het die hoop uitgespreek dat die werk van die Here in 'n gees van goeie samewerking mag geskied.<sup>146</sup> Daarna is ds. Jacobs van St. Helena-gemeente deur ds. Bierman bedank vir die werk wat hy in Allanridge gedoen het.<sup>147</sup> Dit in 'n tyd voor die koms van ds. Bierman toe die kombinasie-gemeentes alreeds van St. Helena-gemeente afgestig het, toe ds. Jacobs die onderskeie gemeentes met toewyding bedien het.<sup>148</sup>

Die *Almanak* van 1958 dui ds. Bierman as predikant van die kombinasie-gemeentes aan, maar in die *Almanak* van 1959 is geen opgawe van Allanridge en Odendaalsrus

<sup>142</sup> Ibid., 24. 4. 1961.

<sup>143</sup> Ibid.

<sup>144</sup> *Ongeklassifiseerde kriptiese aantekeninge*: J. J. Coetzer, gedateer 6. 9. 2004.

<sup>145</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 23. 5. 1956; Du Plessis, *Onderhoud*, 19. 8. 2004; Klue, *Onderhoud*, 19. 8. 2004.

<sup>146</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 4. 10. 1956.

<sup>147</sup> Ibid.

<sup>148</sup> J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

gemeentes ontvang nie.<sup>149</sup> Volgens die *Kerkraadsnotule van Allanridge*, 27 Februarie 1959 het ds. Bierman nog as predikant van die onderskeie gemeentes opgetree, hoewel daar nie by nadere ondersoek enige duidelikheid is, wanneer hy die kombinasie-gemeentes verlaat het nie. In die *Almanak* van 1960 word ds. Jacobs as die eerste konsulent en ds. P. J. J. Venter van Parys, die tweede konsulent van die Allanridge en Odendaalsrus aangedui.<sup>150</sup> Desondanks die werklading van ds. Jacobs het hy steeds voortgegaan om die kombinasie-gemeentes te bedien. In 1960 sowel as in 1961 het hy voortgegaan om die gemeentes in sy herderlike plig by te staan.<sup>151</sup>

Alhoewel ds. T. Botha vir ds. Bierman as leraar opgevolg het, is die datum nietemin daarvan onbekend.<sup>152</sup> Ewewel is daar geen geskrewe bewysplaas of respondent wat enige aanduiding van die bepaalde gebeure kon gee nie.

## 5. 12 ALGEMENE SAKE EN AKTIWITEITE VAN DIE GEMEENTE

By wyse van gemeentelike basaars en funksies is gepoog om fondse vir die nuwe gemeente in te win.<sup>153</sup>

Die terugvoering op 26 Januarie 1956 van die basaar wat op 3 Desember 1955 gehou is, het 'n netto opbrengs van £149. 14s. 4d. in die sak gebring. Nietemin is dit as 'n wins beskou en die kerkraad was daarmee tevrede.<sup>154</sup>

Nadat die kerkraad andermaal die kerkbasaar vir 28 April 1956 goedgekeur het, is die skriba versoek om 'n geskikte plek vir die hou van die basaar te vind.<sup>155</sup>

Dit is met die oog op die generering van fondse dat op 7 April 1959 'n gedagtewisseling oor die afskaffing van kerkbasaars en funksies by die vergadering te berde gekom het. Die kerkraad het eerder aangedring op 'n dag se salaris maandeliks as 'n bydrae aan die kerk, in stede daarvan om met basaars en funksies voort te gaan. Die lidmate sou dus vir hulle samewerking in dié verband genader word. Na aanleiding hiervan is 'n klimaat geskep om in die vervolg in dié rigting te werk.<sup>156</sup>

### 5. 12. 1 BYDRAES VAN LIDMATE

'n Beleid is op 11 Februarie 1957 geformuleer om dit aan die gemeentes te verduidelik. Die idee van die beleid was om 'n bydrae van 2, 5% of 6 pennies per £1 van die basiese loon per huisgesin op 'n maandelikse basis aan die kerk af te staan. Die gedagte was dat

<sup>149</sup> *Almanak*, Jr. 52, 1958, p. 210; *Ibid.*, Jr. 53, 1959, p. 262.

<sup>150</sup> *Ibid.*, jr. 54, 1960, pp. 264 - 265.

<sup>151</sup> *Ibid.*, jr. 55, 1961, 206-207.

<sup>152</sup> Du Plessis, *Onderhoud*, 19. 7. 2004; J. Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004; J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>153</sup> *Ibid.*, Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>154</sup> *Kerkraadsnotule Allanridge*, 6. 1. 1956; *Ibid.*, 3. 12. 1956.

<sup>155</sup> *Ibid.*, 26. 1. 1956.

<sup>156</sup> *Ibid.*, 7. 4. 1959.

die ouderlinge en diakens in die onderskeie wyke die beleid aan die lidmate sou verduidelik. Die besluit is algemeen aanvaar.<sup>157</sup>

In 'n poging om die boufonds van die gemeente te verstewig is daar op 25 Julie 1958 besluit dat huisfunksies in die onderskeie wyke onder die leiding van die ouderlinge en diakens gehou word. Die doel daarvan was om fondse vir die bou van die kerk te genereer.

'n Voorlopige begroting is ook vir die wyke opgestel met die bedrag van: £5 per wyk per maand wat 'n somtotaal van £30 per maand sou beteken.<sup>158</sup>

Die voorsitter het by 'n kerkraadsvergadering van 17 Junie 1959 verklaar dat alle ingevorderde fondse slegs vir die oprigting van die kerksaal aangewend behoort te word, omdat die gemeente ongeveer £800 tot 'n £1000 in die bank moet hê, voordat die Kerkkantoor die kerkgrond sou aankoop. Dit is duidelik dat die gemeente in daardie stadium nog nie oor kerkgrond beskik het nie. Die voorsitter het bygevoeg dat 'n kerksaal onontbeerlik is, omdat die gemeente daagliks groter word. Hy is ook van voorneme om die Ringskommissie vir sowat £200 te nader, sodat die geld van die hulpbehoewende fonds vir die vereffening van uitstaande rekeninge verhaal word. Die voorsitter het aangedring op die noodsaaklikheid van 'n volledige verslag rakende die inkomste en uitgawes van die gemeente, wat by elke kerkraadsvergadering voorgelê behoort te word.<sup>159</sup>

Die Jeugvereniging was op sy beurt betrokke by fondsinsameling wat deur middel van 'n filmvertoning sou geskied. Volgens die kerkraadsvergadering van 7 April 1959 sou die datum daarvoor moontlik eers op die vergadering van 13 April 1959 finaal uitgeklaar word.<sup>160</sup>

### 5. 12. 2 EREDIENSGERIEWE

Die eredienste is in skoolsale gehou en later het dit in die Gereformeerde Kerkgebou in Odendaalsrus plaasgevind, in die tyd toe Allanridge en Odendaalsrus nog as wyke van St. Helena-gemeente bekend was. Nadat Allanridge afgestig is, het die lidmate oor die algemeen geglo dat eredienste eerder binne die gemeente grense van die gemeente gehou behoort te word.

Die eredienste is noodgedwonge in skoolsale gehou en die kerkraad het op 13 April 1957 besluit dat 'n ene mnr. Wolmarans vir die gebruik van die kleuterskool in Allanridge genader word.<sup>161</sup>

---

<sup>157</sup> Ibid., 11. 2. 1957.

<sup>158</sup> Ibid., 25. 7. 1958.

<sup>159</sup> Ibid., 17. 6. 1959.

<sup>160</sup> Ibid., 7. 4. 1959

<sup>161</sup> Ibid., 13. 4. 1957; Du Plessis, *Onderhoud*, 19. 8. 2004; Klue, *Onderhoud*, 19. 8. 2004; Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

Op 6 Mei 1957 het ouderling Mulder voorgestel dat 'n skrywe aan 'n nabyliggende klipmeulmaatskappy gerig word, wat tussen Odendaalsrus en Allanridge geleë is. Die doel van sodanige skrywe is om een van die monteergeboue van die maatskappy vir die gebruik van eredienste te bekom.<sup>162</sup>

Volgens die *Kerkraadsnotule* van 3 Junie 1957 is eredienste ook in die N. G. Kerksaal gehou, sodat die skriba 'n skrywe moes rig vir die afkondiging van die betrokke datums en eredienstye daarvoor.<sup>163</sup>

Op 27 Junie 1957 is gedagtes gevoer oor die moontlikheid om selfs eredienste in Odendaalsrus te hou, omdat daar beter geriewe as in Allanridge beskikbaar is. Gevolglik is 'n gemeentevergadering belê vir elke tweede Sondag in Augustus 1957, sodat die kerkraad op hoogte van die gemeentelede se sienswyse kon bly.<sup>164</sup>

### 5. 12. 3 FONDSINSAMELING VIR NIE-GEMEENTELIKE DOELEINDES

Die doel van fondsinsameling het op 10 September 1957 ter sprake gekom. Daar is besluit om 'n kollektelys met die oog op fondsinsameling vir die oprigting van 'n Krugerstandbeeld in Krugersdorp. Die voorstel is gemaak en dit is algemeen aanvaar dat mev. (i.s.) Weilbach die kollektelys vir die insameling van sodanige fondse sou hanteer.

Die kerkraad het ook besluit dat 'n Kersfonds van belang is en dat die betrokke fondsinsameling deur middel van straatkollekte moet geskied. In dieselfde asem is van 'n algemene boufonds vir die vermelding daarvan aan die Algemene Kerkvergadering gemaak. Die doel van sodanige fonds is om afgestigte gemeentes finansiëel vir die oprigting van kerkgeboue en pastorieë te onderskraag. Die generering van sodanige fondse moet deur middel van jaarlikse heffings van gemeentes sowat vyf sjelings wees. Hierdie voorstel is by die kerkraadsvergadering van 10 September 1957 goedgekeur.<sup>165</sup>

Die voormelde besluit rakende die algemene boufonds het weer op 21 Maart 1958 gedurende die kerkraadsvergadering ter sprake gekom. Die kerkraad het die beskrywingspunt as belangrik vir die eersvolgende Ringsvergadering beskou.<sup>166</sup> (Ongelukkig is die Ringsnotule nie verkrygbaar nie)

### 5. 12. 4 HUISBESOEK

Ds. Bierman wat in Odendaalsrus gesetel is en ook Allanridge bedien het, het op 27 Februarie 1959 die kerkraad meegedeel dat hy een week per maand vir huisbesoek aan Allanridge sou afstaan.

---

<sup>162</sup> G 191 1/2/1 *Kerkraadsnotule Allanridge*, 6. 5. 1957.

<sup>163</sup> *Ibid.*, 3. 6. 1957.

<sup>164</sup> *Ibid.*, 27. 6. 1957.

<sup>165</sup> *Ibid.*, 10. 9. 1957.

<sup>166</sup> *Ibid.*, 21. 3. 1957.



Die voorsitter het ook die kerkraad daarop gewys om alle besprekings en besluite van die kerkraad as vertroulik te beskou, sodat dit nie die ore van die algemene publiek bereik nie. Die vergadering het hierna met gebed verdaag.<sup>167</sup>

Die kwessie van huisbesoek deur die voorsitter is weer eens op 7 April 1959 beklemtoon. Die voorsitter het belowe om die gemeente van Allanridge meer te besoek en wel in samewerking met die ouderlinge en diakens van die onderskeie wyke. Eweseer moet die ouderlinge en diakens nuwe intrekkers in hul wyke besoek en besonderhede van lidmate aan die skriba besorg. Die voorsitter moet ook van siek lidmate sowel as van sekte bedrywighede by lidmate in kennis gestel word.<sup>168</sup>

#### 5. 12. 5 SONDAGSKOOL

Die voorsitter het op 7 Desember 1959 sy tevredenheid laat blyk met die Sondagskool en sy hoop uitgespreek dat in 1960 dit hopelik nog beter sal gaan. Dientengevolge is die Sondagskool personeel bedank vir die goeie werk wat gedurende die afgelope jaar gedoen is.<sup>169</sup>

Op 17 Oktober 1961 het die voorsitter verduidelik dat bykomende hulp vir die Sondagskool nodig is, om veral na die jonger kinders om te sien. Die voorsitter het veral klem op lidmate gelê wat alreeds Sondagskool gehou het. Die idee was om hulle eers te vra. Indien hulle nie bereid is om enigsins by die Sondagskool betrokke te raak nie, is die alternatief om ander lidmate van die kerk te nader. Hiermee was die saak afgehandel.<sup>170</sup>

Die interessante is dat die gemeente van Odendaalsrus 'n dag na Allanridge se stigting gestig is, dit wil sê, Odendaalsrus is op 29 September 1955 van St. Helena-gemeente afgestig.

#### 5. 13 AFSTIGTING VAN ODENDAALSRUS

Die ontwikkelingsgang van die Goudveld het ook die kerke in Odendaalsrus geraak, sodat die Nederduitse Hervormde Kerk verplig was om met die heersende uitbreidingstendens van die Goudveld rekening te hou.<sup>171</sup> Namate Odendaalsrus as 'n wyk van St. Helena-gemeente te groot geword het, het dit kerkordelik en volgens gebruikelike prosedures die status van 'n gemeente ontvang.<sup>172</sup> Die Gemeente van Odendaalsrus het op 29 September 1955 van St. Helena afgestig, dit wil sê, 'n dag na die afstigting van Allanridge-gemeente.<sup>173</sup>

---

<sup>167</sup> Ibid., 27. 2. 1959.

<sup>168</sup> Ibid., 7. 4. 1959.

<sup>169</sup> Ibid., 7. 2. 1959.

<sup>170</sup> Ibid., 17. 10. 1961.

<sup>171</sup> J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>172</sup> Ibid.

<sup>173</sup> G 156 vol. no. 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 16. 9. 1955; *Almanak*, Jr. 51, 1957, p. 225.

### 5. 13. 1 DIE REDES VIR AFSTIGTING

Die toename van lidmate in die Goudveld het tot afstigting van gemeentes gelei. Die ontwikkeling en uitbreiding van die mynbousektor het seker die grootste impak op die gang van sake in die Goudveld gehad. Die wyke kon nie behoorlik deur die predikant bearbei of besoek word nie, sodat afstigting na 'n oplossing gelyk het. Derhalwe is die hoop gekoester dat elke afgestigte gemeente uiteindelik 'n eie predikant sou hê.

Die aantal lidmate van 'n wyk het kerkordelik bepaal of 'n wyk tot afstigting kon oorgaan. Benewens die lidmatetal het Odendaalsrus 'n natuurlike hunkering tot selfstandigheid gehad. 'n Eie gemeente identiteit in 'n bepaalde geografiese gebied, is ewewel 'n natuurlike verskynsel om 'n volwaardige en 'n selfstandige gemeente in alle opsigte te wees.

### 5. 13. 2 DIE KERKRAADSLEDE

Die eerste kerkraadslede van Odendaalsrus word eers in die *Almanak* van 1958 aangedui: as ouderlinge G. C. Knoetze, J. P. Jacobs, P. J. A. de Bruine, P. J. J. Gouws, G. C. Knoetze, I. W. Koekemoer; die diakens: J. J. Marais, G. A. P. van Rooyen, F. A. Spies, D. B. van Tonder, L. F. Claassen, P. W. Hurn, G. J. Campher, P. J. Botha.<sup>174</sup>

Die kerkraad van 1961 is soos volg: ouderlinge G. C. Knoetzse, D. J. Koekemoer, I. W. Koekemoer, J. L. d. Croucamp. Diakens: J. J. Marais, D. B. J. J. van Tonder, L. F. C. Claassens, G. J. Campher.<sup>175</sup>

### 5. 14 KOMBINASIE VAN GEMEENTES

'n Moontlike kombinasie tussen die gemeentes van Allanridge, Odendaalsrus en Bothaville het op 'n kerkraadsvergadering van 26 Januarie 1955 ter sprake gekom. Die kerkraad het die kombinasie tentatief goedgekeur, sodat 'n gekombineerde vergadering gesamentlik daarvoor kon besluit.<sup>176</sup> In opvolging van die voorafgaande kerkraadsvergadering het 'n gekombineerde vergadering van 16 Maart 1956 die kombinasie van Allanridge, Odendaalsrus en Bothaville goedgekeur. Insgelyks het die Ringskommissie die finale aanbeveling vir die goedkeuring rakende die gemeentes gemaak.<sup>177</sup> Die doel van die betrokke kombinasie moet teen die agtergrond van die finansiële posisie van die gemeentes begryp word. Die gemeentes sou gesamentlik 'n leraar beroep wat andersins nie finansiël haalbaar is nie en beslag kry as volwaardige funksionele gemeentes.

---

<sup>174</sup> *Almanak*, Jr. 52, 1958, p. 208.

<sup>175</sup> *Ibid.*, Jr. 55, 1961, p. 206.

<sup>176</sup> G 197 1/1/1 *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 26. 1. 1956.

<sup>177</sup> *Ibid.*, 16. 3. 1956.

#### 5. 14. 1 BEROEP VAN DIE EERSTE LERAAR

Nadat al die formaliteite vir die aanwysing van 'n kandidaat afgehandel is, is ds. Bierman as kandidaat aangewys as leraar vir die kombinasie-gemeentes. Ds. Bierman het volgens die *Kerkraadsnotule van Allanridge* van 4 Oktober 1956 die beroep aangeneem.<sup>178</sup> Dit wil voorkom dat hy in die onderskeie gemeentes tot 1959 werksaam was.<sup>179</sup> Soos in die voorafgaande gedeelte oor Allanridge vermeld, het ds. Jacobs van St. Helena die bepaalde gemeentes weer vanaf 1960 bearbei.

#### 5. 14. 2 BOUPLANNE VAN DIE KERK

Daar is op die vergadering van 3 Oktober 1960 besluit dat die bouplanne vir 'n kerksaal voorlopig bewaar word, sodat dit vir toekomstige boudoeleindes beskikbaar gestel mag word. Eweseer om die bouplanne aan Allanridge te besorg teen 'n billike prys indien die betrokke gemeente die oprigting van 'n kerksaal beoog.<sup>180</sup>

#### 5. 14. 3 EREDIENSGERIEWE

Die gemeente het hulle erediens in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk gehou, alhoewel hulle verskillende geriewe soos skoolsale en geskikte lokale gebruik het.<sup>181</sup> Op 5 Desember 1960 is besluit dat 'n donasie van £25 aan die Gereformeerde Kerk van Odendaalsrus as blyk van waardering vir die gebruik van die kerkgebou gegee word.<sup>182</sup>

#### 5. 14. 4 KONSOLIDASIE VAN FONDSE

Benewens die hou van kerkbasaars vir die aansuiwering van fondse, het die gemeente besluit om ongeveer drie wyksfunksies vir die betrokke jaar te hou. 'n Voorstel is ook op 26 Januarie 1961 by die vergadering gemaak vir toestemming by die plaaslike rugbyklub om verversings beurtelings by wedstryde aan te bied.<sup>183</sup>

Die pogings om fondse op velerlei wyse in te vorder was vir die jong gemeente van belang, omdat die verkryging van kerkeiendom in daardie tyd as duur beskou is.

#### 5. 14. 5 EVANGELISASIE

Die aangeleentheid van evangelisasie in gemeentelike verband het op 26 April 1961 gedurende die kerkraadsvergadering te berde gekom. By die vergadering het dit duidelik geword dat die taak van evangelisasiewerk hoofsaaklik by die kerkraad berus. Derhalwe

---

<sup>178</sup> Ibid., 4. 10. 1956.

<sup>179</sup> Ibid., 27. 2. 1959.

<sup>180</sup> Ibid., 3.10. 1960; Du Plessis, *Onderhoud*, 19. 7. 2004.

<sup>181</sup> Ibid., 5. 12. 1960.

<sup>182</sup> Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004; Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>183</sup> G 197 1/1/1 *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 26. 1. 1961.

behoort sodanige evangelisasiewerk eers met 'n bestekneming van die lidmate in die gemeente, voordat sodanige bearbeiding in die gemeente wenslik sou wees.<sup>184</sup>

#### 5. 14. 6 BALLETDANSE

Die kerkraad het op 25 September 1961 met genoeë van Rita-Rion se balletgroep se balletdanse vir 21 Augustus 1961 in die stadsaal van Odendaalsrus kennis geneem, waarvan die winste ten bate van die Nederduitse Hervormde Kerk sou wees. Eweseer die kanalisering van winste na die Kersfonds wat deur die verskaffing van verversings by die betrokke geleentheid behaal word.<sup>185</sup>

#### 5. 14. 7 STATISTIESE GEGEWENS

Die gemeente se statistieke kom in die *Almanak van 1957* vir die eerste maal voor. In dié betrokke Almanak is die sieletal 293 en die ledetal 135, terwyl daar 3 aannemings was.<sup>186</sup>

Daarteenoor het in 1961 die sieletal op 236; die ledetal op 115; die geloofsbelydenis afgelê 6; die dopelinge op 10; diegene wat met attestate oorgekom het 23; asook lidmate wat vertrek het met attestate 8; lidmate wat van ander kerke oorgekom het 2.<sup>187</sup> Die geringe afname van die lidmatetal is moontlik te wyte aan verhuisings of andersins verplasings. In daardie stadium was die mynbounywerheid nog in die kinderskoene van ontwikkeling, terwyl daar nog baie jare van uitbreiding op nywerheidsgebied gewink het.

#### 5. 14. 8 DANKBETUIGING

Die voorsitter het die kerkraad bedank vir die getroue diens die afgelope jaar en aangevoer dat die gemeente van Odendaalsrus hul taak met ywer verrig het. Ten slotte het die voorsitter die kerkraad en hulle gesinne 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toegewens.<sup>188</sup>

In 1961 het die gemeente nog nie oor 'n kerkgebou of saal beskik nie. Ewewel is die kerksaal in 1971 voltooi, terwyl dit op 21 Mei 1971 ingewy is, dit wil sê, na ongeveer 16 jaar van afstigting. Derhalwe is die verkryging van 'n kerksaal 'n mylpaal, omdat die gemeente nooit heeltemal selfstandig was nie.

Benewens die afstigting van Allanridge en Odendaalsrus het Virginia ook in 1955 van die Gemeente St. Helena afgestig. Die betrokke gemeentes het in daardie tyd nog deel van die Ring van Heilbron gevorm.<sup>189</sup>

---

<sup>184</sup> Ibid., 26. 4. 1961.

<sup>185</sup> Ibid., 25. 9. 1961.

<sup>186</sup> *Almanak*, Jr. 51, 1957, p. 225.

<sup>187</sup> Ibid., Jr. 55, 1961, 206.

<sup>188</sup> G 197 1/1/1 *Kerkraadsnotule Odendaalsrus*, 25. 9. 1961.

<sup>189</sup> G 202 9/3/1 Nederduitse Hervormde Kerk, Virginia: *Feesblad*. In *Die stigting van die gemeente Virginia tot Februarie 1956*, p. 8.

## 5. 15 DIE STIGTING VAN VIRGINIA GEMEENTE

Die gemeente is op 30 September 1955 onder die leiding van ds. J. H. Naude, die Voorsitter van die Ring van Heilbron gestig. Ds. Naude het by die geleentheid oor Matt. 5:14 gepreek: “Julle is die lig van die wêreld.” Daarna het die eerste gemeentevergadering plaasgevind waartydens die kerkraadslede verkies is: J. C. W. Francis, J. C. Coetzee, S. J. van der Westhuizen, J. J. du Randt en J. M. Piek as ouderlinge; M. G. Schoeman, J. K.C. Bezuidenhout, S. J. Botha, D. J. H. Nortje, J. J. L. Fourie, G. Rossouw, G. P. C. Bezuidenhout en J. A. Holtzhauzen as diakens.<sup>190</sup>

Derhalwe is die grense van die gemeente ook vasgestel: “Die plaas Napier tussen Virginia en Hennenman, daarvandaan na Winburg, na Theunissen, na Blauwdrift, van Blauwdrift tot by die Wesselbronnepad, daarvandaan die Welkom-Harmonie teerpad en terug tot by die plaas Napier.”<sup>191</sup>

By die eerste kerkraadsvergadering van 12 Oktober 1955 toon die kerkraad belangstelling in standplaas 4628, sodat dit onder die aandag van die Algemene Kommissie vir die moontlike aankoop daarvan gebring is.<sup>192</sup> Hierdeur is die verwagting van die kerkraad dat die Kerk die standplaas moet aankoop, sodat die gemeente dit later kon terugkoop.

### 5. 15. 1 DIE REDES VIR AFTIGTING

Die goudmyne was teen die middel van die vyftigerjare goed op dreef met die produksie van ekonomies-ontginbare goud, sodat die goudmyne aan talle mense werkgeleentheid gebied het. Hierdeur het mense na die Goudveld gestroom en gevolglik het die toename van lidmate ‘n effek op die onderskeie kerke gehad.

Die buitewyke van St. Helena-gemeente wat onder andere ook Virginia, Merriespruit en Harmonie ingesluit het, het algaande hulle eie sake soos finansies gehanteer. Daar is aan ouderling J. C. W. Francis, die skriba, verslag oor die inkomste van Maart 1955 rakende die betrokke maand se inkomste gegee. Die wyke het £20. 2.s 6d weens offergawes en £182. 3s. 3d. vir die hou van ‘n basaar ontvang.

In Mei 1955 het die kerkraadslede van die wyke Virginia, Merriespruit en Harmonie laat blyk dat een erediens per maand nie genoeg is nie en gevolglik is ‘n tweede erediens vir die derde Sondag van die maand om 4:30 gereël. Desondanks het die behoefte aan ‘n eie gemeente na vore gekom, sodat die onderskeie wyke in daardie rigting begin werk het.

Die kerkraad van die drie wyke het op 13 Julie 1955 besluit om aandag aan ‘n standplaas vir die oprigting van ‘n kerk na afstigting te gee. In daardie stadium is ook aandag aan die moontlikheid van ‘n kombinasie met Odendaalsrus en Hennenman na afstigting gegee.

<sup>190</sup> Ibid; G 156 1/1/2 *Kerkraadsnotule St. Helena*, 16. 9. 1955.

<sup>191</sup> Ibid., p. 8.

<sup>192</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 12. 10. 1955.

Hiervolgens het die onderskeie wyke in die rigting van afstigting gewerk wat op 30 September 1955 gerealiseer het.<sup>193</sup>

### 5. 15. 2 BOUKOMMISSIE

Die kerkraad het ook op 12 Oktober 1955 by die vergadering 'n boukommissie saamgestel om die moontlikheid vir die bou van 'n pastorie te ondersoek. Die boukommissie het uit die voorsitter, ouderling Piek en diaken Fourie bestaan. Die vergadering het van die kommissie verwag om by die volgende vergadering verslag oor hulle bevinding te lewer.<sup>194</sup>

Op 16 November 1955 is besluit dat die bespreking oor die moontlike oprigting van 'n pastorie tot Januarie 1956 uitgestel word. 'n Voorstel is gemaak vir die opstel van bouplanne en 'n sekere A. Wessels is vir die moontlike bou van die pastorie vermeld.<sup>195</sup>

Intussen is die pastorie in November 1956 voltooi<sup>196</sup> en het die boukommissies aandag aan die moontlike aankoop van kerkgrond en die uiteindelijke oprigting van 'n aanbiddingsplek begin gee.

Die boukommissie het op 28 Mei 1960 by 'n gemeentevergadering verslag oor die aanvanklike bou van die kerksaal gedoen. Die voorsitter het sy hoop uitgespreek dat die kerksaal nog in dieselfde jaar voltooi sou wees. Sy rede daarvoor moet aan die noodsaaklikheid vir 'n eie aanbiddingsplek toegeskryf word. Hy het ook die lidmate by die vergadering versoek om vir die saak hard te werk.<sup>197</sup>

Die boukommissie onder wie se leiding die kerksaal in 1960 voltooi is, was ouderlinge A. D. van Gent, J. C. W. Francis en W. J. C. Behrens met inbegrip van die volgende broeders en susters: P. Smith, S. J. du Toit en susters (i.s.) Diedericks, (i.s.) Behrens en (i.s.) Van Gent.<sup>198</sup>

### 5. 15. 3 IN KOMBINASIE

By die vergadering van 12 Oktober 1955 het die kerkraad besluit om Kroonstad en Hennenman vir 'n moontlike kombinasie te nader, terwyl in dieselfde asem die noodsaaklikheid vir die bou van 'n pastorie beklemtoon is.<sup>199</sup>

---

<sup>193</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Die stigting van die gemeente Virginia tot Februarie 1956*.

In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, pp. 8 - 9.

<sup>194</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 12. 10. 1955.

<sup>195</sup> Ibid., 16. 11. 1955.

<sup>196</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, p. 9.

<sup>197</sup> G 202 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering Virginia*, 28. 5. 1960.

<sup>198</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 – 1985, p. 11.

<sup>199</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 12. 10. 1955.

Die feit dat Kroonstad nie in 'n kombinasie met Virginia en Hennenman belang gestel het nie, is 'n voorstel toe by die betrokke vergadering van 16 November 1955 gemaak dat Virginia en Hennenman kombineer en gesamentlik 'n leraar beroep. Die kerkraad was daarmee eenparig en die aangeleentheid is verwys na die gemeentevergadering, wat op die derde Sondag van die betrokke maand vir goedkeuring en afhandeling voorgelê is.<sup>200</sup>

Op 28 November 1955 is daar by 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 'n kombinasie tussen Virginia en Hennenman besluit, wat vir drie jaar van krag sou wees.

Die voorsitter het op 2 Maart 1958 bekend gemaak dat die kombinasie tussen Virginia en Hennenman na Bothaville uitgebrei word. Dit is moontlik aan die swak finansiële posisie van die gemeente toe te skryf. In effek het dit beteken dat Virginia en Hennenman opsigself 'n erediens aan Bothaville moes afstaan.<sup>201</sup>

## 5. 16 DIE BEROEP VAN EERSTE LERAAR

Die kerkraadsvergadering het op 28 November 1955 die moontlikheid oorweeg om 'n proponent te beroep wat beroepbaar is. Desondanks het die kerkraad besluit om nie in daardie stadium met die beroep voort te gaan nie.<sup>202</sup>

Prop. C. J. Viljoen is by die daaropvolgende gekombineerde kerkraadsvergadering van 7 Desember 1955 teen 'n traktement van £600 met lewenskoste van £234 en reiskoste van £300, dit wil sê, 'n totaal van £1134 per jaar beroep.<sup>203</sup> Hiervolgens het die vergadering besluit dat Virginia drie kwart en Hennenman een kwart van prop. Viljoen se vervoerkoste moet betaal.<sup>204</sup>

Ds. Viljoen is op 4 Februarie 1956 as die eerste leraar van Virginia georden. Uiteraard was die koms van ds. Viljoen vir die gemeente sowel as vir ds. Jacobs as enigste leraar in die Goudveld van die Ned. Hervormde Kerk 'n groot verligting. Ds. Viljoen was in daardie stadium ongetroud en hy het voorlopig by ouderling Coetzee en sy gesin ingewoon. Sy verblyf aldaar het sowat 'n jaar geduur, omdat die pastorie in November 1956 voltooi is.<sup>205</sup>

Die gemeente neem op 28 Augustus 1959 van ds. Viljoen afskeid wat 'n beroep na Randpoort aangeneem het. Hy het pionierswerk in 'n wyd uitgestrekte gebied gedoen en diep spore getrap waar hy met sy gemeentelike arbeid betrokke was. "As konsulent moes

<sup>200</sup> Ibid., 16. 11. 1955.

<sup>201</sup> Ibid., 2. 3. 1958; G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. Feesblad, van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 – 1985, p. 10.

<sup>202</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 28. 11. 1955.

<sup>203</sup> G 202 1/1/1 Anon., *Die stigting van die gemeente Virginia tot Februarie 1956*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, pp. 8 – 9.

<sup>204</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 7. 12. 1955.

<sup>205</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 tot Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, p. 9.

hy soms selfs eredienste lei in Dordrecht en Queenstown, wat 550 km. vanaf Virginia geleë is.”<sup>206</sup>

Nadat ds. Viljoen die gemeente verlaat het, het ds. Jacobs as konsulent van die gemeente opgetree. Die gemeente het in daardie stadium van sy dienste as die enigste oorblywende leraar van die Hervormde Kerk in die Goudveld gebruik gemaak.<sup>207</sup>

Ds. W. J. Kemp is op 14 Januarie 1961 as tweede leraar van die gemeente Virginia in kombinasie met Hennenman en Bothaville bevestig. Die vroeë sestigerjare is in die Hervormde Kerk deur gebeure rondom prof. A. S. Geysers gekenmerk. Derhalwe het sodanige gebeure ook ‘n impak op die gemeente gehad, wat daartoe aanleiding gegee het dat die kerkraad op 12 Julie 1961 ‘n skrywe aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerig het, waarin hulle oor prof. Geysers se optrede by politieke vergaderings beswaar aangeteken het.<sup>208</sup>

Derhalwe is ds. Kemp se bediening die eerste jaar in die gemeente gekenmerk deur toewyding en stiptelike uitvoering van die Algemene Kerkvergadering se besluite. Eweseer gee hy beslag aan die gemeente deurdat die Jeugvereniging en die N. H. S. V. gereeld verslag aan die kerkraad moet doen. Daarby is die kollekte op die Sondag waarop hervorming gedenk word vir Bybelverspreiding aangewend, asook ‘n verduideliking aan die kerkraad dat die nagmaalsbeker nie geseën mag word nie. Ds. Kemp het selfs uit die staanspoor vir die daarstelling van ‘n eie maandblad onder die titel van “Herder en Kudde” vir gemeentelike inskerping gepoog.

Hy het hom ook streng by die Kerkwet en die besluite van die Algemene Kerkvergadering gehou. Derhalwe is die tug streng toegepas veral ter bestryding van die sektewese. Sy onafwendbare standpuntinneming word onderstreep deurdat hy en ouderling Francis oor die tydsduur van die kerkisasie verskil het, sodat die lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die geskil moes besleg.<sup>209</sup>

Ds. Kemp het in 1967 die beroep na Coligny aangeneem en gevolglik het die gemeente weer eens onder die sorg van ds. Jacobs as konsulent van die gemeente gekom.<sup>210</sup>

Die Ringsvergadering het opdrag gegee dat die gemeente nie ‘n leraar mag beroep, terwyl die kommissie die kombinasies van gemeentes vir ‘n gesonder en meer effektiewe bearbeiding in die Goudveld probeer vasstel nie.<sup>211</sup>

Op 28 September 1967 is ds. Jacobs in kombinasie met die gemeente na Welkom beroep. Die kombinasie-ooreenkoms het slegs voorsiening vir eredienste in Virginia gemaak en ouderling J. C. Coetzee was nie daarmee teverede nie. Na aanleiding van die gemeente se

---

<sup>206</sup> Ibid., p. 10.

<sup>207</sup> Ibid.

<sup>208</sup> Ibid., p. 11.

<sup>209</sup> Ibid., p. 11.

<sup>210</sup> Ibid., p. 12.

<sup>211</sup> Ibid.



finansiële posisie kon die kerkraad nie 'n beter besoldiging aan ds. Jacobs vir die groter omvang van gemeentelike arbeid aanbied nie. Desnoods het ds. Jacobs 'n jaar later op versoek van die kerkraad ingewillig om gedurende sy verlof by lidmate van enkele huisgesinne huisbesoek te doen, 'n bewys van sy gesindheid en toegeneetheid waarmee hy sy roeping in die Goudveld vervul het. In die tyd het die gemeente daarin geslaag om heelwat van die kerkskuld af te betaal, maar in die proses het die geestelike versorging van die gemeente agteruit gegaan. Ouderling A. D. van Gent het op 10 November 1969 na 'n breedvoerige diskussie 'n voorstel gemaak dat 'n leraar vir die gemeente beroep word. Derhalwe is op 'n buitengewone kerkraadsvergadering op 25 November 1969 prop. L. J. Steyn na die gemeente beroep.

Op 8 Februarie 1970 is van ds. Jacobs na 'n verblyf van 18 jaar in die Goudveld afskeid geneem.<sup>212</sup> Hy is onteenseglik bekend as 'n pioniersleraar wie se bediening die waarmerk van heelwat nuwe gemeentes is, wat in die Goudveld onder sy leiding tot stand gekom het. Eweseer is hy in die annale van die geskiedenis van sy kerk se rol in die Goudveld, as 'n toegewyde en hardwerkende dienskneg van die Here onuitwisbaar opgeteken.<sup>213</sup>

#### 5. 16. 1. FINANSIËLE KOMITEE EN ENKELE ADMINISTRATIEWE AMPTE

Op 5 Februarie 1956 is 'n finansiële komitee gestig wat uit komiteede soos: ouderlinge Francis, Piek en Du Randt en diaken Fourie bestaan het. Desgelyks is ouderling Coetsee as skriba van registrasie verkies om die lidmaatregister op datum te bring. Ewewel is ds. Viljoen as die Superintendent van die Sondagskool aanvaar.<sup>214</sup>

Die vergadering van 5 Februarie 1956 is die eerste vergadering wat deur ds. Viljoen in die gemeente waargeneem is. Hy het gepoog om die administrasie van die gemeente meer vaartbelyn te maak.<sup>215</sup>

Op 8 Mei 1957 is verslag oor die gemeente se finansiële posisie gedoen: bedrae vir 2 maande is op £109 gestel; bydrae van Hennenman £62. 10s. Die totaal is op £171. 10s. 0d. Hierteenoor het die uitgawes op £125. 19s. 6d. te staan gekom.

Diaken Behrens het die kerkraad meegedeel dat hy nie bydraes kon invorder nie, omdat hy vir die lidmate in die wyk te jonk is en versoek 'n ouderling om saam met hom deur die wyk te gaan. Die voorsitter het onderneem om saam met hom deur die wyk te gaan, ten einde die probleem die hoof te bied.<sup>216</sup>

Die finansiële verslag van 9 Oktober 1957 is behandel en soos volg uiteengesit: Augustus 'n bankoortrekking van £16-0s-0d en 'n balans van £10-0-0. Inkomste vir die betrokke maand: £171-0s-0d en uitgawes: £161-0s-0d; September se inkomste £102-0s-0d en uitgawes: £100 – 'n balans van £2-0s-0d. Na aanleiding van 'n voorstel is 'n kollektant as

<sup>212</sup> Ibid.

<sup>213</sup> Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004.

<sup>214</sup> Ibid., p. 10; G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 8. 2. 1956.

<sup>215</sup> Ibid.

<sup>216</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 8. 5. 1957.

alternatief voorgedou, waar dit nie vir die ouderling van die wyk moontlik is om bydraes in te vorder nie.<sup>217</sup> Hiervolgens is by sommige wyke nie maandeliks bydraes gekollekteer nie.

Die Sekretaris van die Finansiële Kommissie het op 13 November 1957 'n verslag aan die kerkraad voorgelê waarin die gemeente se inkomste en uitgawes vir einde Oktober uiteengesit is. Die inkomste het op £128 en die uitgawes £110-17s-0d te staan gekom, dit wil sê, 'n balans van plus minus £17-0s-0d is in die bank. Ouderling Francis het om 'n verduideliking oor die uitgawes van die gemeente gevra waarop die voorsitter bevredigend geantwoord het.<sup>218</sup>

Die kerkraad het op 12 April 1959 aan die gemeentevergadering die koevertstelsel verduidelik, sodat die lidmate die geleentheid gegun word om 'n bedrag van 10 sjielings per week as 'n bydrae in die koevert te mag plaas. Dit sou die gemeente in staat stel om teen die middel van 1960 met die oprigting van 'n eie kerkgebou te begin.<sup>219</sup>

Ouderling Behrens het op 18 Maart 1960 die beraamde koste vir die oprigting van 'n kerksaal met 'n sitplekkapasiteit van ongeveer 230 verstrek. Die koste vir die oprigting van sodanige saal sou 'n bedrag van ongeveer £4733 beloop. Die gegewens is gebaseer op inligting waarvoor ouderling Behrens beskik het. Die voorsitter het verduidelik dat sodanige oprigting van 'n saal slegs moontlik is as die gemeente 'n inkomste van ten minste £200 per maand ontvang.<sup>220</sup>

## 5. 16. 2 EREDIENSGERIEWE

Die beginjare het baie van die leraar en kerkraad geveg, omdat momentum vir die ontwikkeling van die gemeente in 'n groeiende gemeenskap onontbeerlik was. Die gemeente is letterlik van die grond opgebou en het oor geen fasiliteite soos kerkeiendom beskik nie. Netemin het die N. G. Kerk vir bykans vier jaar twee kerksale vir erediensdoeleindes tot beskikking van die gemeente gestel. Die een kerksaal is langs die N. G. Moedergemeente in Virginia, terwyl die ander kerksaal langs die nuwe N. G. Kerk in Harmonie geleë is. Die gemeente was innig dankbaar vir die gebruik daarvan.<sup>221</sup>

Op 18 Maart 1960 is 'n gemeentevergadering gehou met die doel om die moontlikheid vir die oprigting van 'n kerksaal te bespreek. Die voorsitter het aan die vergadering verduidelik dat sodanige besluit berus by die gemeente en dat beide die kerkraad en gemeente die verantwoordelikheid daarvoor sou dra.<sup>222</sup>

---

<sup>217</sup> Ibid., 9. 10. 1957.

<sup>218</sup> Ibid., 13. 10. 1957.

<sup>219</sup> G 202 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering Virginia.*, 12. 4. 1959.

<sup>220</sup> Ibid., 18. 3. 1960.

<sup>221</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Die Die beginjare van die gemeente Virginia, 1955 – 1975.* In *Die Kandelaar.* Gemeenteblyd van die Nederduitse Hervormde Gemeente Virginia, 1955 – 1975, pp. 11 – 12.

<sup>222</sup> G 202 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering Virginia,* 18. 3. 1960.

Daar is by bovermelde vergadering besluit dat daar onverwyld met die oprigting van 'n kerksaal voortgegaan word.<sup>223</sup>

Die gemeente het in September 1960 met groot blydskap die kerksaal in gebruik geneem. Eweseer is dank aan die gemeente Ottosdal betuig vir die preekstoel, die doopvont en klok van die ou kerkgebou wat die gemeente aan Virginia geskenk het. Desgelyks is ook 'n kanselbybel deur die gesin Greyvenstein aan die gemeente geskenk. Op sy beurt het ouderling P. Bester die ouderlingskateder gegee.<sup>224</sup>

### 5. 16. 3 KERKGROND

By 'n kerkraadsvergadering iewers in September 1956 het die voorsitter aan die kerkraad meegedeel dat hy weer met die dorpsbestuur oor die verkryging van kerkgrond in aanrakings was, maar dat geen sodanige grond beskikbaar is nie.<sup>225</sup> Daar is verskeie onderhandelings gevoer oor die grond, maar daar is geen resultate verkry nie. Hiervolgens wil dit voorkom dat die gemeente van die dorpsbestuur en provinsiale owerheid geen samewerking kry nie. Die finansiële posisie van die gemeente is ook nie heeltemal op gesonde grondslag nie.<sup>226</sup>

Die moontlikheid vir die verkryging van grond in Harmonie is by die vergadering vermeld, alhoewel die bekikbaarheid van sodanige grond vanweë Virginia se sentrale ligging van groter belang geag is. Intendeel het die voorsitter geglo dat die Algemene Kommissie die aankoop van grond as 'n toekomstige belegging beskou, sodat die moontlike aankoop van die grond in Harmonie ernstig oorweeg behoort te word. Die kerkraad het eenparig besluit dat die grond om verskeie redes gekoop word.<sup>227</sup> Uiteraard is Harmonie, Saaiplaas en Merriespruit wyke van Virginia Gemeente, sodat daar ook met toekomstige gemeentelike ontwikkeling rekening gehou behoort te word.

Die kerkraad het op 20 Februarie 1957 by 'n spesiale kerkraadsvergadering die mededeling oor die moontlikheid van standplaas 1036 vir kerkbou doeleindes behandel. Volgens ouderling Francis is alreeds in Maart 1953 aansoek om 'n standplaas gedoen. In daardie stadium was standplase vir die bou van kerke beskikbaar en gevolglik kon hulle nie met 'n standplaas tevrede wees wat nie hulle goedkeuring wegdra nie. Die voorsitter was van mening dat die saak eers met die Provinsiale Administrateur uitgeklaar word, voordat die kerkraad enige besluit rakende die aangeleentheid neem. Gevolglik het die kerkraad besluit dat 'n afspraak met die Provinsiale Administrateur gereël word.<sup>228</sup>

<sup>223</sup> Ibid.

<sup>224</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederlandse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, p. 11.

<sup>225</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, ?. 9. 1956.

<sup>226</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederlandse Hervormde Kerk Virginia, p. 9.

<sup>227</sup> Ibid.

<sup>228</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 20. 2. 1957.

Die moontlike aankoop van kerkgrond het weer op 13 November 1957 ter sprake gekom. Ouderling Francis verduidelik dat standplase 1498, 1497 en 1496 vir die bou van 'n kerk bekombaar is. Daar is ook ondersoek na die ligging van die standplase ingestel waaroor tevredenheid uitgespreek is. Ewewel het die kerkraad besluit om die standplase aan te koop sowel as om die grond in Harmonie te probeer bekom.<sup>229</sup>

By 'n spesiale vergadering van 25 November 1957 deel ds. Viljoen die kerkraad mee dat 'n ene Matt Wessels, 'n lidmaat van die N. G. Kerk, twee erwe aan die gemeente skenk. Die kerk moet egter die oordragkoste betaal en ook die nodige reëlings vir die herproklamasie tot kerkgrond tref. Die provinsiale owerheid het eers in Augustus 1958 die erwe as kerkgrond geproklameer nadat mnr. Wessels 'n derde erf aan die gemeente gemeente geskenk het.<sup>230</sup>

Op 2 Maart 1958 het die voorsitter aan die kerkraad verduidelik dat hulle baie aan mnr. Wessels verskuldig is oor die erwe wat hy aan die gemeente vir die oprigting van 'n kerkgebou gegee het. Na aanleiding van 'n voorstel is dit duidelik dat standplaas 705 nie geskik is vir die bou van 'n kerk nie, omdat die bestaande geboue op die betrokke standplaas meer bars as die grond wat mnr. Wessels aan die gemeente geskenk het. Gevolglik het diakens A. M. Diedericks en P. Goss voorgestel dat van standplaas 705 afgesien word, sodat eerder aandag aan die standplase van mnr. Wessels vir die bou van 'n kerk gegee word. Die voorstel is algemeen aanvaar.<sup>231</sup>

Die voorsitter het verder aangevoer dat die aangeleentheid rakende kerkgrond in Uitbreiding Vyf onder die Algemene Kommissie se aandag behoort gebring te word. Die moontlikheid het bestaan dat die Algemene Kommissie die grond vir die gemeente sou aankoop.<sup>232</sup>

Ds. Viljoen het op 16 Mei 1959 die vergadering meegedeel dat die grond intussen op die naam van die gemeente geregistreer is, wat mnr. Wessels aan die gemeente besorg het.<sup>233</sup>

#### 5. 16. 4. VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

Volgens die opgawe van die *Almanak van 1957* is die gemeente se kerkraadslede die volgende: ouderlinge W. J. C. Behrens, P. N. H. Bester, J. C. Coetzee, C. J. Matthyser, J. M. Piek, J. H. Snyder, P. A. Swanepoel; die diakens S. J. Botha, G. P. C. Bezuidenhout, D. J. du Preez, S. J. du Toit, J. J. L. Fourie, J. D. Heyns, C. W. H. Pistorius, B. J. N. Roos, J. M. Rossouw, J. M. van der Westhuysen.<sup>234</sup> Op 12 November 1956 is 'n voorstel

<sup>229</sup> Ibid., 13. 10. 1957.

<sup>230</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, p. 10; G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 25. 11. 1957.

<sup>231</sup> G 202 1/1/1 *Notule: Gemeentevergadering Virginia*, 2. 3. 1958.

<sup>232</sup> Ibid.

<sup>233</sup> Ibid., 16. 5. 1959.

<sup>234</sup> *Almanak*, Jr. 51, 1957, pp.225 – 226.

gemaak om meer kerkraadslede te kies ten einde die omvang van die wyke ‘n kleiner formaat te gee.<sup>235</sup>

Na gelang van omstandighede het Theunissen ‘n wyk van Virginia in Oktober 1957 geword, sodat die gemeente ook na sentraal Vrystaat uitgebrei het.<sup>236</sup>

Volgens die *Almanak van 1958* het die kerkraad van Virginia enkele veranderinge ondergaan, soos die ouderlinge: A Bouwer, P. N. H. Bester, W. J. C. Behrens, J. C. Coetzee, J. C. W. Francis, J. J. L. Fourie, J. D. Heyns, J. J. Roodt, P. Schenk; die diakens: W. de Beer, M. J. Behrens, J. D. Kleinhans, W. Kok, G. Oosthuizen, G. M. Rossouw, B. J. N. Roos, D. J. van Staden.<sup>237</sup> Selfs die verandering van kerkraadslede is ‘n bewys dat ‘n gemeente nooit staties is nie, omdat niks so permanent soos verandering is nie.

Uiteraard is dit oor die algemeen die gewone gang van sake vir die voortgang van ‘n gemeente, om na gelang van omstandighede en tydsverloop kerkraadslede te kies. Hiervolgens is die *Almanak van 1959* se opgaaf rakende die gemeente se kerkraad ‘n bewys. Die kerkraad wat vir 1959 aangedui word, is: ouderlinge J. C. Coetzee, J. D. Heyns, A. P. J. Bouwer, D. de Vries, C. J. Coertzer, R. P. Schenk; diakens N. A. van Wyk, H. J. Beker, A. M. Diedericks, P. P. Redelinghuys, P. Goss, J. D. L. Kleinhans, D. J. van Staden.<sup>238</sup>

Die kerkraadslede volgens die opgaaf van die *Almanak in 1960* met die ingebruikneming van die kerksaal is onder andere: ouderlinge J. C. Coetzee, D. de Vries, W. J. C. Behrens, N. A. van Wyk, A. D. van Gent, T. E. van Niekerk; die diakens is P. P. Redelinghuys, J. A. Pretorius, M. Behrens, J. A. Holtzhausen, D. L. Freislich.<sup>239</sup>

#### 5. 16. 5 DIE RAMP

Die oorstroming van die goudmyn van Merriespruit in November 1956 moet as ‘n groot ramp beskou word. Die gemeente is daardeur swaar getref, omdat ‘n lidmaat van die gemeente in die ramp omgekrom het. Die goudmyn is weens die oorstroming gesluit sodat baie lidmate na ander plekke verhuis het. Gevolglik is ‘n groot finansiële las op die sowat 180 oorblywende belydende lidmate van die gemeente geplaas.<sup>240</sup> Die gemeente het alreeds in dié stadium gepoog om die finansies te konsolideer.

<sup>235</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 12 November 1956.

<sup>236</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 – 1985, p. 10.

<sup>237</sup> *Almanak*, Jr. 52, 1958, p. 208.

<sup>238</sup> *Ibid.*, jr. 53, 1959, p. 262.

<sup>239</sup> *Almanak*, Jr. 1960, p. 264.

<sup>240</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 - 1985, p. 9.

#### 5. 16. 6 STIGTING VAN JEUGVERENIGING

Op 9 Oktober 1957 het ouderling Heyns die kerkraadslede versoek om al die adresse van die jongmense in die gemeente aan hom te voorsien. Dit het daartoe bygedra dat 'n Jeugvereniging op 21 Oktober 1957 gestig is. Alle jongmense bo die ouderdom van 14 jaar is uitgenooi om die vereniging by te woon.<sup>241</sup> Hierdeur is die aktiwiteite van die kerk nie alleen tot die volwasse lidmate in die gemeente beperk nie. Trouens, voorsiening is gemaak vir die geestelike ontwikkeling van jongmense, maar terselfdertyd om op 'n gesonde wyse te ontspan.

Die voorsitter het op 1 Junie 1958 die gemeentevergadering ingelig oor die jongmense se samekoms op 2 Junie om 7:30 in die Laerskool van Virginia. Hy het 'n beroep op die jongmense van die gemeente gemaak om nie slegs die Jeugvereniging by te woon nie, maar om veral aktiewe lede van die vereniging te wees.<sup>242</sup>

#### 5. 16. 7 NEDERDUITSE HERVORMDE SUSTERSVERENIGING

'n Afdelingstak van die N.H.S.V. is op 6 November 1954 in Virginia van St. Helena-gemeente tak gestig. Mev. M. Groenewald is as voorsitster gekies; S. Behr as onder voorsitster; M. S. Bezuidenhout as sekretaresse; H. S. Kleinsmit as tesouriere; addisionele lede (i.s.) Pretorius en (i.s.) Lubbe. Die verkose lede is by die stigtingsvergadering daarop attent gemaak om nie met mekaar gedurende die vergaderings te praat nie.

Eweseer dat sub-takke nie onafhanklik mag funksioneer nie, maar mag wel geregtig is om sake te behartig. Die voornemende vergaderings van die tak is vir elke Woensdag, om 3:00 in die maand bepaal.<sup>243</sup>

Die afdelingstak het in 'n sekere sin selfstandig gefunksioneer toe Virginia van St. Helena-gemeente op 30 September 1955 afgestig is. Mettertyd het dit 'n volwaardige tak geword waarvan mev. Behr die voorsitster en mev. H. Botha die sekretaresse was.

Die tak het onmiddellik 'n poging aangewend om fondse deur die hou van funksies in te samel. Die ywer en entoesiasme van die taklede is duidelik te bespeur in die skenkings wat aan die gemeente gemaak is, soos: die nagmaalservies, die nagmaalstafeldoeke, die hoeksteen van die saal, 'n grassnyer, 'n nuwe orrel en bedrae vir die gemeente se skulddelging.

Mev. Kotie Viljoen is op 16 Januarie 1957 as die eerste predikantsvrou van die gemeente tot voorsitster en mev. H. Francis tot sekretaresse verkies. Daarbenewens is ook in Harmonie 'n afdelingstak op 22 Januarie 1957 gestig, waarvan mev. Viljoen die voorsitster en mev. E. Holtzhausen die sekretaresse was. Ongelukkig het die tak aan die

---

<sup>241</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 9. 10. 1957; *Ibid.*, p. 10.

<sup>242</sup> *Ibid.*, 1 Junie 1958.

<sup>243</sup> Ongedateerde byvoegsel: *Kerkraadsnotule Virginia*, 1955 – 1961.

einde van 1958 doodgeloop. Ewewel is weer op 17 Augustus 1966 'n afdelingstak gestig sodat werkende susters in die aand kon vergader.

Mev. M. P. Kemp het sedert Januarie 1961 as voorsitster van die afdelingstak gedien, maar intussen het haar gehoor in so 'n mate verswak dat ds. W. J. Kemp in haar plek as voorsitter verkies is. Insgelyks het hy as voorsitter van die N. H. S. V aangebly totdat hy in 1967 na aanleiding van 'n beroep 'n ander gemeente vertrek het.

Met die oog op die werksaamhede van die N. H. S. V. wil dit blyk dat die tak heel bedrywig was. Desondanks al die ywerige fondsinsamelings en alle bedrywigheide is dit nogtans te betwyfel of die tak nie in sommige gevalle besluite geneem het, wat eerder op die vlak van die kerkraad tuishoort nie. Daar is ondermeer op die aankoop van banke en selfs die nuwe preekstoel besluit sonder om die kerkraad in die saak te ken. Dit het spanning tussen die N. H. S. V. en die kerkraad veroorsaak en gesamentlike vergadering is gehou om die vrede tussen hulle te bewerkstellig. Die irritasie het in 'n mindere of meerdere mate voortgeduur tot in 1981 toe die N. H. S. V. alle beplande funksie en projekte aan die kerkraad vir goedkeuring moes voorlê.

Derhalwe is die aanvanklike voorneme om 'n kerk te bou met alle erns aangepak en dit het groter samewerking in die gemeente bewerkstellig. Desgelyks onder leiding van die N. H. V. S. is die projek om 'n orrel vir die nuwe kerkgebou te koop met ywer aangepak. Die bedrag vir die orrel het op R38000-00 te staan gekom. Derhalwe is die bedrag met die grootste toewyding en inspanning bymekaar gemaak.

“'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.”<sup>244</sup> God het sodanige vroue oor 'n tydperk van dertig jaar aan die gemeente van Virginia geskenk.

#### 5. 16. 8 DIE SONDAGSKOOL

Daar is reeds vermeld dat elke wyk in gemeentelike verband voor afstigting 'n eie Sondagskool gehad het. Derhalwe is by 'n kerkraadsvergadering van 13 Februarie 1957 die volgende kategete verkies: ouderlinge J. C. Coetzee en J. J. L. Fourie vir Harmonie; P. N. H. Bester en W. J. C. Behrens vir Virginia. Die Superintendent vir Sondagskole ouderling J. C. W. Francis.<sup>245</sup>

Die kerkraad het in Januarie 1959 besluit om voortaan Sondagskoolondewysers op 'n kerkraadsvergadering goed te keur. Hierdeur het die gemeente 'n voorloper in die kerk geword.<sup>246</sup>

<sup>244</sup> G 202 9/3/1 *N. H. S. V. – Virginia 1955 – 1985*. Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 – 1985, pp. 20 – 21..

<sup>245</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 13 Februarie 1957.

<sup>246</sup> G 202 9/3/1 Anon., *Februarie 1956 – Januarie 1961*. In Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk, 1955 - 1985, p. 10.

#### 5. 16. 9 WYKSFUNKSIES

Die voorsitter het op 10 April 1957 vermeld dat die susters in die gemeente nie tevrede is, dat wyksfunksies op 'n gesamentlike basis in die gemeente gehou word nie. In die lig hiervan het ouderling Bester andersins daarop gewys dat indien basaars behoorlik georganiseer word, dit wel finansiële voordele vir die gemeente inhou. Benewens die finansiële voordele van die wyksfunksies is dit ook 'n geleentheid vir die lidmate om mekaar beter te leer ken. Desondanks het sommige ouderlinge die inisiatief geneem om wyksfunksies in hulle onderskeie wyke te reël.<sup>247</sup>

#### 5. 16. 10 KINDERDIENSTE

Daar is op 10 Julie 1957 besluit om sowat vier kinderdienste te hou, dit wil sê, twee vir Virginia; asook twee vir Harmonie. Die kinderdienste vir Harmonie moet op die derde Sondag voor die einde van die kwartaal geskied en vir Virginia op die vierde Sondag voor die einde van die kwartaal.<sup>248</sup>

Hiervolgens is die verantwoordelikheid om Gods Woord aan die kindertjies te verduidelik nie nagelaat nie.

Nieteenstaande die feit dat Virginia na 'n periode van 7 jaar 'n opdraende stryd op geestelike en finansiële gebied gevoer het, het die voortstuwing om die gemeente se bestaan te regverdig nooit aan geloof en durf ontbreek nie.

Insgelyks, die noodwendige beskouingswyse van die aard en omvang van die kerk se betrokkeheid en aktiwiteite in die Goudveld.

#### 5. 17 INTERPRETATIEF EN GEVOLGTREKKING

##### 5. 17 1 INTERPRETASIE

Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika het ook weens die mynbou-eksplorاسies in die Goudveld beslag gekry. Namate die lidmate van die kerk hulle in die Goudveld gevestig het, het die kerk na die geestelike welsyn van die lidmate begin omsien. Die kerk se betrokkeheid in die Goudveld is ook aan die mynbou-aktiwiteite toe te skryf.

Ondanks moeilike omstandighede is St. Helena die eerste gemeente van die kerk, wat in die Goudveld gestig is. Die stigting is deur praktiese omstandighede genoodsaak wat

---

<sup>247</sup> G 202 1/1/1 *Kerkraadsnotule Virginia*, 10. 4. 1957.

<sup>248</sup> *Ibid.*, 10. 7. 1957.



veral deur die informele gang van die nie-amptelike gemeente genoodsaak is. Derhalwe moes leraars van ver omliggende gebiede soos Kroonstad, Hennenman en selfs van Bloemfontein na die Goudveld reis om die verkondiging van die Woord en die Sakramente aan die gemeente te bedien. Die gevaar het bestaan dat die nie-amptelike voortgang van die gemeente mettertyd kon weg kwyn. Nietemin het die gemeente onder moeilike omstandighede kerkordelik vir afstigting gekwalifiseer. Die jong gemeente is in die onmiddellike omgewing van die generatiewe kragte van die ekonomie gestig, sodat 'n groter wordende en ontwikkelende gemeenskap in die vooruitsig gestel is. Hiervolgens sou die gemeente op 'n funksionele wyse in staat wees om die lidmate op 'n doelmatige en effektiewe wyse te bearbei.

Die amptelike konstituering sowel as die aard en omvang van die gemeente het die noodsaaklikheid om 'n predikant te beroep onafwendbaar gemaak. Nadat ds. P. T. Jacobs in 1952 predikant van die gemeente geword het, is daar 'n groter mate van organisatoriese doeltreffendheid in gemeentelike verband bereik. Die Sondagskole, die funksies, die basaars en die Jeugverenigings het in wyksverband op 'n meer georganiseerde wyse gefunksioneer.

Namate die wyke in gebiede uitgebrei het, het die omvang van gemeentelike arbeid vir ds. Jacobs te veel geword. Inmiddels het die wyksgebiede algaande 'n groter mate van ekonomiese selfstandigheid getoon, sodat die potensiaal vir die bearbeiding van lidmate in eie gemeentelike verband versterk is.

Die wyke wat kerkordelik vir afstigting gekwalifiseer het, het tot gemeentelike afstigting gekom. Die afgestigte gemeentes soos Allanridge, Odendaalsrus en Virginia het nooit volkome onafhanklikheid bereik nie. Vanweë die finansiële posisie van die nuut afgestigte gemeentes is 'n predikant vir die onderskeie gemeentes beroep. Eweseer het Virginia in kombinasie met Hennenman gesamentlik 'n leraar beroep. As gevolg hiervan is die aantal eredienste, huisbesoeke en allerlei gemeentelike verpligtinge in kongruensie met die praktiese werkbaarheid van die onderskeie gemeentes aangepas.

Die mynbouwyerheid as die ekonomiese sektor in die Goudveld is oor die algemeen bepalend vir die sosio-ekonomiese kurwes en gevolglik het dit noodwendig 'n effek op die plaaslike infrastruktuur van die gemeenskap/pe gehad. Die posisie van die goudmyne is dikwels afhanklik van die ekonomiese konjunktore van die internasionale wêreld, wat noodwendig die ekonomiese ontginingsprosesse van die mynbousektore beïnvloed. Die ekonomiese toestande het dikwels regstreeks of onregstreeks 'n rimpel effek op die mynbouwyerhede gehad, wat uiteraard die mynwerkers se posisie by die myne beïnvloed het. Die fluktuering van die mynbouwyerhede se posisie het dikwels tot die skommeling van die mynwerkers soos in die geval van verplasings of afdankings aanleiding gegee. In die vyftiger en sestigerjare het die tendens in 'n mindere mate voorgekom, hoewel die plaaslike ekonomie deur sektore soos die landbou en sekondêre nywerhede gerugsteun is.

Nietemin was die inwoners se lewensvatbaarheid in die dorpe en gemeenskappe van die Goudveld, hoofsaaklik aan die wisselende ekonomiese gangbaarheid van die

mynbousektor onderhewig. Derhalwe het dit selfs op kerklike gebied in die Goudveld deurgewerk Hierdeur is jong gemeentes se regmatige groei en ontwikkeling dikwels deur finansiële probleme geïnhibeer. Dientengevolge die oorlewing van die gemeentes is noodgedwonge aan die praktiese implikasies van die onderskeie gemeentes aandag gegee. Gevolglik is die sukkelende jong gemeentes verplig om kombinasie-ooreenkomste met bepaalde gemeentes aan te gaan. Die gemeentes in kombinasie het selfs op finansiële gebied gesukkel om die balansstate maandeliks te laat klop. Gevolglik het hulle dikwels voor allerlei probleme soos die aankoop van kerk en pastorie-erwe te staan gekom. Die fondse daarvoor en die prosedures vir die bekikbaarheid van sodanige fondse het oor die algemeen baie hoofbrekens aan die kerkrade besorg. Desondanks kon die afgestigte gemeentes opsigself nie 'n eie leraar bekostig nie. As die leraarspos van die gekombineerde gemeentes vakant geraak het, dan het die gekombineerde gemeentes noodgewonge op die leiding en herdelike onderskraging van ds. Jacobs van St. Helena-gemeente teruggeval.

Die begeerte om as 'n volwaardige gemeente te funksioneer het die kombinasie-gemeentes deurentyd ontbeer, dit wil sê, om nie 'n leraar met eie impak en invloed in gemeentelike verband te kon hê nie. Die selfstandigwording van 'n kombinasie-gemeente sou beteken het, dat die voortgang met 'n mede gemeente op 'n deelbasis nie langer van toepassing sou wees nie.

In konkluderings moet die gekombineerde gemeentes se geringe lidmatetal sowel as die finansiële ontoereikendheid as vernaamste rede vir die stagnante en onselfstandigheid beskou word. Hiervolgens kon die betrokke gemeentes nie die stempel van 'n volwaardige funksionele gemeente afdruk nie, omdat die praktiese realiteite van oorlewing die betrokke gemeentes tot kombinasie-ooreenkomste gedwing het.

## 5. 17. 2 GEVOLGTREKKING

Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika het soos die Gereformeerde kerke op 'n kleinskaal in die Goudveld begin. Die geringer omvang van die lidmatetal het 'n finansiële invloed op die gang van sake in gemeentelike verband gehad. Op allerlei wyse is daar gepoog om finansies vir die voortgang van die kerlike lewe te genereer. Gevolglik is gereeld wyksfunksies en basaars sowel as die verskaffing van verversings by rugbywedstryde voorsien.

Die finansiële posisie in die beginjare het gemeentes verplig om met mekaar te kombineer. Die kombinasie-ooreenkomste het gewoonlik vir 'n tydperk van drie jaar gestrek en kon na afloop van die bepaalde tydperk hernu word. Die gekombineerde gemeentes was nie onafhanklik rakende sekere gemeentelike aangeleenthede soos eredienstye en dikwels ook die plek waar die eredienste gehou word. Desgelyks is kerkraadsvergaderings gesamentlik gehou, sodat die gekombineerde gemeentes oor sake van gemeenskaplike belang uitsluitel kon kry. Dit het ondermeer die beroep van 'n leraar vir die gemeentes ingesluit, omdat die bediening van die voornemende leraar die betrokke gemeentes op 'n gelykvlak van gemeentelike bedrywighede sou raak.

Desondanks het dit ook die verdeling van die vergoedingspakket sowel as die aanverwante aspekte van die leraar ingesluit.

Die doel van die kombinasie-ooreenkomste tussen gemeentes is om die voortgang van die gemeentes, veral op finansiële gebied te verseker. In die geval waar 'n leraar twee of meer gemeentes bedien is dit voor-die-hand-liggend, dat een van die gemeentes dikwels weens die gebrek van die leraar se aandag geneig is om skade te ly. Gevolglik word die ontwikkelingsgang van 'n gemeente geïnhibeer, omdat die invloed en leiding van die leraar rakende gemeentelike sake dikwels van deurslaggewende belang is.

Insgelyks is daar in gemeentelike verband te veel klem op die finansiële aspekte geplaas, alhoewel die belangrikheid daarvan nie geïgnoreer behoort te word nie. Daar is by letterlik elke kerkraads- en gemeentevergadering oor die generering van fondse gepraat: die wyse van invordering; die bedinging met lidmate om maandelikse bydraes en koevertdonasies; die pogings om ander gemeentes vir nominale bedraes te versoek; die kwessie van gereelde gemeentelike wyksfunksies en basaars; die wyse hoe om lenings te verkry en veral die terugbetaling daarvan; die versoekskrifte aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die aankoop van kerkeiendomme en die gemeentes se uiteindelijke terugbetaling van sodanige eiendomme.

Die onderbeklemtoning van die geestelike komponent in gemeentelike verband is nogal opvallend, omdat sendingaktiwiteite 'n ondertoon in die breë gang van gemeentelike bedrywighede gehad het. Nietemin is daar om klaarblyklike redes ernstige doelwitte oor sendingaktiwiteite in die vooruitsig gestel, veral in 'n stadium as gemeentelike groei en bevordering eers gekonsolideer is.

Die Sondagskole het wel in wyksverband doelmatig gefunksioneer en die katkisasie van voornemende lidmate het ook nie agterweë gebly nie. Die twee aktiwiteite rakende die Sondagskool en kakisasie is later van mekaar geskei, alhoewel beide oor die algemeen 'n betekenisvolle en 'n onmisbare vormende effek op die lewens van die jongmense in gemeentelike verband gemaak het. Gevolglik kan die betekenisnuanse daarvan nie in berekende geldwaarde omgeskakel word nie.

Die evangelisasiekomponent is beklemtoon wat slegs tot die verantwoordelikheid van die kerkraad en spesifiek tot die ouderlinge beperk is. Die doelnastrewing hiervan was prinsipieel tot die lidmate van die onderskeie gemeentes gerig. Hoewel die oogmerk daarvan slegs tot die gemeentelike grense beperk is, is sodanige aktiwiteite nie as 'n kousaliteit vir enige regverdigbaarheid vir buite gemeentelike of kerklike aksies beoog nie. Desondanks is die oogmerk van die evangelisasiepoging om lidmate vir die saak van die Here geestelik in te skerp.

Die Jeugvereniging se doelnastrewing is ten diepste om die jongmense van die gemeente met gesonde en geoorloofde dinge van die kerk besig te hou. Gevolglik is allerlei projekte van barmhartigheds- en sendingaktiwiteite van belang, sodat selfs filmaande vir die betrokke gemeente se boufonds gehou is.

Die Nederduitse Hervormde Sustersvereniging (N.H.V.S) se barmhartigheidswerk en gemeentelike bedrywighede soos funksies en basaars het oor die algemeen baie vir die onderskeie gemeentes beteken. Die verskeie projekte vir die doel van fondsinsameling en die befondsing van ondermeer 'n gemeente se kerkkorrel, is 'n prysenswaardige daad van opoffering. Die Sustersvereniging het oor die algemeen in noue kongruensie met die kerkraad gewerk, sodat alle misplaaste konsepsies van teenstrydighede uitgeskakel is.

Die groot leemte van kombinasie-gemeentes in die Goudveld was die gebrek aan 'n eie leraar vir kontinue geestelike bearbeiding van lidmate, waarsonder gereelde skakeling uiteraard tot geestelike verwaarlosing en agteruitgang lei. Eweseer op die lidmate se kerkgang en selfs die geestelike lewe. Die leraar van gekombineerde gemeentes het gewoonlik 'n moeilike taak om deurlopende kontak met die lidmate te behou. Die afstande tussen gekombineerde gemeentes het die taak verder bemoeilik om die goue reël van kommunikasie met lidmate op 'n gereelde basis te handhaaf, sodat sosiaal-maatskaplike en selfs sektariese beïnvloeding die lidmate van die kerk nie vrywaar nie.

Nietemin het die kerk met sy eenvoudige begin nogtans sy stempel in die Goudveld afgedruk, sodat die geestelike versorging van die lidmate behartig is. Die taak is met alle erns aangepak en die geleidelike groei van gemeentes het in afstigtings gekulmineer. Die taak van die kerk is met geloofsmoed aangepak, sodat daar selfs in moeilike omstandighede nogtans aan die besondere roepingsbewustheid uiting gegee is.

Insgelyks mag met reg verklaar word: “Gryp die dag aan” (Carpe Diem) – die dag is voorwaar aangegryp!

## HOOFSTUK 6

### ‘N KORT OORSIG OOR DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK MET VERWYSING NA DIE GEMEENTE VAN WELKOM

#### 6 AGTERGRONDSKETS

##### 6.1 DIE AANLOOP: D J J DE VOS

In die veertigerjare van die vorige eeu was sommige leraars die mening toegedaan dat ‘n algemene geestelike doodsheid in die N. G. Kerk geheers het. Desondanks het Evangeliegesinde predikante soos di. W. C. Malan en C. F. Scheepers nooit daaraan gedink om ‘n skeuring in die kerk te veroorsaak nie. Sodanige predikante het eerder gebid en gewerk vir ‘n geestelike oplewing in die kerk. Ondanks pogings om die kerk volgens bepaalde konseptualiteite te verander, het die onaangename van ‘n skeuring wel onder aanvoering van Dirk de Vos plaasgevind.<sup>1</sup> Derhalwe is dit van belang om kortliks aandag aan sy jong lewe te gee:

##### 6.2 DIE VROEË STADIUM VAN SY LEWE

Hy is op 22 Julie 1904 in die distrik van Sutherland gebore en was die derde oudste van agt seuns en vier dogters. Hy het in ‘n godsdienstige huis grootgeword en sy ouers was lidmate van die N. G. Kerk. Sy moeder het met haar godsdienstige lewe en opvoeding ‘n groot invloed op hom uitgeoefen.<sup>2</sup> Sy moeder het hom van jongs af met die inhoud van Spurgeon se werke ingeskerp. Eweseer het sy hom op ‘n vroeë stadium in sy lewe meegedeel dat hy soos Spurgeon moet wees, sodat hy “‘n nuttelos kerk met ‘n oorblyfsel moes vervang.”<sup>3</sup> Volgens hom het hy dit in sy hart bewaar totdat hy deur die Hoërhand in 1944 daartoe beweeg is.<sup>4</sup>

As gevolg van sy Nasireërskap was hy gedurende sy “skool-, universiteits- en kweekskooljare” baie eensaam.<sup>5</sup> Daarmee gepaardgaande was hy lief vir die natuur en was hy met die Nieuvelsberge, die Koue Bokkeveld en die Bolandse berge goed bekend.<sup>6</sup>

Steeds op persoonlike trant het hy op skool menige keer jonger leerlinge teen ouer leerlinge beskerm en gevolglik in menige vuisgevegte betrokke geraak.<sup>7</sup>

---

<sup>1</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk* (Ongep. DD proefskrif, UP, 1983), p. 87.

<sup>2</sup> D. J. J. de Vos, *Kerkwetenskap*, (Bloemfontein, Andrew en Kie, 1967), p. 139.

<sup>3</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 87.

<sup>4</sup> Ibid.

<sup>5</sup> D. J. J. de Vos, *Kerkwetenskap*, p. 278.

<sup>6</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 88.

<sup>7</sup> Ibid.

Gevolgtlik het hy besluit om by 'n boksklub aan te sluit. Sy geaardheid en temperament was van so 'n aard dat hy nie aan 'n nederlaag geglo het nie. Hy het die mening gehuldig: 'n Ding word aangepak om te wen. Vrees is kontrabande, 'n vreemde inkruipiel in 'n mens,' het hy by geleentheid aangevoer.<sup>8</sup> Derhalwe sou sy veggees dikwels na vore kom, veral as hy 'n eie oortuiging oor 'n aangeleentheid gehad het en teenkanting moes verduur. Op skool het hy aan verskeie aktiwiteite en sportsoorte deelgeneem soos onder andere: kadetoffisier, kringleier van die K S V, Victor Laudorum in atletiek en in die skool sowel as in die eerste dorpspan rugby gespeel. Daarby was tennis ook een van die vele sportsoorte waaraan hy deelgeneem het.<sup>9</sup>

Gedurende die skooljare van dr. de Vos het ds. Jac van der Merwe groot invloed op sy geestelike vorming uitgeoefen. Ds. Van der Merwe was in dié tyd 'n bekende evangelieprediker en dit het moontlik daartoe bygedra dat hy 'n groot invloed op dr. de Vos uitgeoefen het. Op die ouderdom van vyftienjaar het hy onder ds. van der Merwe se prediking tot bekering gekom. Daarby het ds. Van der Merwe opreg belangstelling in dr. de Vos se toekoms getoon, omdat hy by dr. de Vos wou weet watter planne hy na afloop van die laaste matriekvraestel teen die einde van 1923 vir die toekoms beoog het. Na aanleiding hiervan het dr. de Vos geantwoord: 'Dominee ek gaan Spurgeon se werk probeer voortsit en probeer preek soos dominee preek.'<sup>10</sup> Dit is duidelik dat hy sterk deur Spurgeon se werke beïnvloed is, wat sy moeder van kleins af aan hom voorgelees het.

Hy het by geleentheid verklaar dat hy hom van enige iets weerhou wat 'n skadelike effek op sy karakter kon hê. Gevolgtlik het hy hom van sterk drank en rookgewoontes weerhou. Hy het alle vorme van kuisheid beoefen en gepoog om ooreenkomstig die Skrifte sy lewe te probeer inrig. Gevolgtlik was hy sy hele lewe 'n kampvegter teen sosiale ewels. Hy voer aan dat die woorde van Gen. 4:7 in sy hart vir ewig vasgelê is: 'Die sonde lê en loer voor die deur en sy begeerte is na jou, maar jy moet daarvoor heers.'<sup>11</sup> Die uiters streng godsdienstige lewe het noodwendig daartoe aanleiding gegee dat hy meerendeel 'n eensame lewe gevoer het. Die volgende woorde is opvallend: 'Ek is vredeliewend, maar as ek my mond oopmaak is daar oorlog.'<sup>12</sup> Dit het hy op skool, universiteit en in die bediening ervaar. Hiervolgens is dit vir hom duidelik: "Die sonde het die wêreld so ingeneem, so oorweldig, dat daar vir die kind van God geen vrede of rus hier is nie."<sup>13</sup> Hiervolgens wil dit voorkom dat sy lewe deurentyd deur storm en drang gekenmerk is.

<sup>8</sup> D. J. J de Vos, *Kerkwetenskap*, p. 278.

<sup>9</sup> Ibid.

<sup>10</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 88.

<sup>11</sup> Ibid.

<sup>12</sup> Ibid., pp. 88-89.

<sup>13</sup> D. J. J. de Vos, *Kerkwetenskap*, p. 281.

Die gegewens rakende dr. de Vos is slegs by wyse van toeligting hoe hy dinge beskou en vertolk het. Derhalwe is dit nie deel van die historiese ontstaansgeskiedenis en verloop van die Nuwe Protestantse Kerk nie, hoewel dit moontlik in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die wordingsgeskiedenis van die kerk gehad het.

Desgelyks is die bronne rakende die persoon van dr. de Vos hoofsaaklik van hom afkomstig en gevolglik moet dit as subjektief van aard beskou word.

### 6.3 SY VOORBEREIDING VIR DIE BEDIENING

Sy ontnugtering was groot toe hy op Stellenbosch met die teologiese studente en studentelewe kennis gemaak het. Dit word in 'n brief aan sy moeder weerspieël kort nadat hy op Stellenbosch aangekom het. Eweseer sy ondervinding op die trein na Stellenbosch wat hy soos volg verduidelik: 'Ek is skoon dronkgeslaan. Ek kan nie dink dat dit mense is wat vir predikante leer nie. Di. Volsteedt en Van der Merwe is nie so nie. Nou sien ek op Stellenbosch is net 'n paar uitsonderinge – byna almal is eners. Stellenbosch is pragtig, maar die smaak is bitter ... Die treurigste van alles is dat dit lyk my of die admissiestudente die leiers is in die goddeloosheid. Hulle flirt die meeste met die wildste meiseis ... Hulle drink soos hulle wil en gaan bioskoop toe. Ek hoor die vuilste grappe tussen hulle. Ek is so geskok dat ek nie weer sal regkom nie.'<sup>14</sup> Hy bestempel die ontgroening as skokkend wat uit dopery en ongure dinge soos kaaldansery, ensomeer bestaan het.<sup>15</sup>

Hy het na die gebruikelike ongroening al sy tyd en aandag aan sy studies gewy. Gevolglik het hy selfs sy liefde vir sport daarvoor ingeboet. Gewoonlik het hy Saterdag die mooi berge in die omgewing verken. Hy het ook bewus geword van die sosiale wantoestande van die Kleurlinge in Wes-Kaapland en gevolglik opheffingswerk onder hulle gedoen. Daarbenewens het hy ook getrag om die maatskaplike wantoestande onder die aandag van die kabinetministers en selfs onder die aandag van Eerste Minister te bring.<sup>16</sup> Voorwaar 'n man wat nie vir die ekstreme teruggedeins het nie.

Hy het ook aansluiting by eerw. A. Dreyer gevind en hom met opelugdienste en straatwerk gehelp. Sy obsessie met die haglike wantoestande van die Kleurlinge het hom genoop om die volgende brief aan sy vader te skryf: 'Hulle is vlees en bloed soos ons; hulle het onsterflike siele soos ons en ons moet hulle laste dra; ons moet hulle ellende help oplos; ons moet die helse drankduiwel met hand en tand beveg en die verwoestende siektes teengaan.'<sup>17</sup>

<sup>14</sup> Pamflet. D. J. J. de Vos, *Stellenbosch is pragtig met 'n bitter smaak*, p. 12.

<sup>15</sup> Ibid.

<sup>16</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van Die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 91.

<sup>17</sup> D. J. J. de Vos, *Stellenbosch is pragtig ...*, p. 16.

Dit wil voorkom dat hy as jongman hom voortdurend oor die maatskaplike wantoestande van die anderkleuriges en minderbevoorregtes bekommer het. Dientengevolge het dit in 'n groot mate tot sy eensaamheid bygedra, omdat dit vir hom voorgekom het asof niemand daarvoor begaan is nie.<sup>18</sup> Daarby het sommige teologiese studente se lewenswyse soos drankmisbruik hom hewig ontstel. Desnoods skryf hy aan sy vader: 'My oë gaan al meer oop vir die ontsettende goddeloosheid hier. Ek het vir die kweekskool, wat ek as 'n heilige plek voorgestel het, geen respek meer nie ... .Die tokkelokke is die leiers van alles wat boos is.'<sup>19</sup>

Dr. de Vos se onverskrokke geneidheid tot ekstreme optrede soos in die geval van die sosiale wantoestande van die Kleurlinge in die Kaap, is moontlik 'n karaktereienskap wat later op kerklike vlak te voorskyn sou tree. Volgens die voorafgaande uitsprake is dit duidelik dat daar nie 'n korrelasie tussen subjektiwiteit en objektiwiteit te bespeur is nie. Ewewel is sy waardebepalings en beskouingswyse oor sake wat hom na aan die hart is, 'n opvallende geneidheid om te eng na dinge in die oortreffende trap te kyk. Hy het by geleentheid van 'n Polumnia-vergadering (vergadering van teologiese kweekskoolstudente) verklaar dat 'Die satan self oor die drumpel van die kweekskool gekom het en hier, nie student is nie, maar 'n leermeester in alle ongeregtigheid is.'<sup>20</sup> 'n Uiters vergesogte en onverantwoordelike stelling vir iemand wat hom vir die bediening voorberei het en deur hoogs gekwalifiseerde vakkundiges onderrig is. Sommige studente het hom laat probeer afwyk van sy oordrewe nougesetheid, maar hy het onafwykbaar daarmee voortgegaan. Sy eensydige en oormoedige beoordeling van dinge sonder die inagneming van die gebrokenheid van dinge waaruit die loflike dikwels verrys, is 'n ernstige en gevaarlike leemte van 'n godsdienstige beskouingswyse. Die soort onafwykbare lewensuitkyk sou hom later duur te staan kom.

#### 6.4 SY BEDIENING

Dr. de Vos is op 21 Mei 1931 as hulpprediker na die Tweetoringkerk in Bloemfontein beroep en gevolglik is hy op 14 Junie 1931 in die gemeente georden. Hy is na 'n kort tydjie, dit wil sê, op 3 Oktober 1931 na Reddersburg beroep. Dié beroep het hy aanvaar. Op 18 Junie 1937 is hy beroep na Roodepoort wat hy aangeneem het. Ná 'n verblyf van ongeveer twee jaar in Roodepoort, is hy op 16 Februarie 1940 na die gemeente van Durban beroep.

Vervolgens het hy die beroep aanvaar.<sup>21</sup> In die kerkraad se afskeidsadres aan dr. de Vos is daar van hom getuig: 'Onse God was vir ons baie goed gewees toe Hy u na ons gestuur het. Deur u bemiddeling het u groot dinge onder ons tot stand

<sup>18</sup> Ibid.

<sup>19</sup> Ibid.

<sup>20</sup> A. S. van Niekerk, *Die Geskiedenis van Die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 92.

<sup>21</sup> Ibid., p. 94; Feesuitgawe. Evangelies-Gereformeerde Kerkblad: *50 Jaar van Genade, 1944 – 1994*, p. 6; A. J. Prinsloo, *Kerkskisma en Kerkstigting en Dr. Dirk J. J. de Vos*, (Ongep. M. A.- Verhandeling, Universiteit van Natal,



gebring ... . Die liefde wat ons saamsnoer is alleen die liefde van ons Meester ... . Langs hierdie weg wil ons, naas God, u onverskrokke gehoorsaamheid roem, die verkondiging aan die mensdom en die verbreking van goddelose bande en dat die lig van Christus, deur u gehoorsaamheid, vir hierdie gemeente deurgebreek het soos die daeraad.<sup>22</sup>

Die jongmense in die gemeente het die volgende toegevoeg: ‘Van u ons leraar neem ons met smart in ons harte afskeid. U het vir ons die nuwe geluid in die ou Evangelie laat hoor. U het soms vir ons hard geslaan, maar dit was alleen tot heil vir ons eie siele en tot eer van Jesus Christus.’<sup>23</sup>

Dit is met dié woorde dat hy na die gemeente van Durban gegaan het.

#### 6. 4. 1 AS PREDIKANT IN DURBAN

Dr. de Vos en sy gesin het baie alleen met hulle aankoms in Durban gevoel. Daar was niemand om hulle welkom te heet nie. Hy het enkele jare daarna die volgende geskryf: ‘Orals waar ons nog na ‘n nuwe standplaas gegaan het is ons deur die konsulent en gemeente êrens langs die pad verwelkom. Dit is ‘n staande gebruik. Ons moes alleen die pad inkom ten spyte daarvan dat die dag van ons aankoms bepaal is.’<sup>24</sup> Eweseer het hulle ‘n kind in die motor gehad wat ernstig siek was, terwyl hulle na die pastorie van ds. G. C. Van Rooyen gesoek het. Nadat hulle die pastorie van ds. Van Rooyen gevind het, is hulle kil ontvang met die woord van Mev. Van Rooyen: ‘Ons is nou net besig om te eet anders kon dominee vir julle gaan wys het waar julle moet tuisgaan, maar ons sal julle beduie waar dit is.’<sup>25</sup> Hulle is toe daarna weg om na ‘n kinderspesialis en verpleegster te gaan soek.

Volgens dr. de Vos het tien dae verloop sonder dat ds. Van Rooyen hulle besoek het, hoewel sommige van die gemeentelede hulle bygestaan het en van die ouderlinge dr. de Vos en sy gesin by die pastorie verwelkom het. Daarbenewens is by die ontvangs-geselligheid geen welkomsadres aan hom en sy gesin gerig nie.<sup>26</sup>

Eweseer het hy by die eerste nagmaal na hulle aankoms die Sondag ‘n afsydige en vreemdsoortige houding by ds. Van Rooyen bespeur. Dr. de Vos het dit so verklaar: ‘Ds. van Rooyen wink die ouderlinge om plaas te neem aan die tafel en vir my laat hy in die banke sit.’<sup>27</sup>

---

1973, p. 4, p. 14.

<sup>22</sup> A. J. Prinsloo, *Kerkskisma en Kerkstigting ...*, pp. 14 – 15.

<sup>23</sup> Ibid., p. 15.

<sup>24</sup> Ibid., p. 16.

<sup>25</sup> Ibid.

<sup>26</sup> Ibid.

<sup>27</sup> Ibid., p. 17.

Ds. van Rooyen het later ‘n verduideliking oor die ongelukkigheid van dr. de Vos se aankoms in Durban probeer gee en aangevoer dat dit nie die gebruik van die gemeente is om enige verwelkomingsadres aan te bied nie. In stede daarvan is ‘n toespraak van verwelkoming gewoonlik die gebruiklike, terwyl ‘n ruiker of mandjie vrugte aan die predikantsvrou oorhandig word. Volgens ds. van Rooyen het hy en sy vrou las van ‘n hand en voet gedurende dr. de Vos se aankoms in Durban gehad. Gevolglik was dit vir hulle moeilik om tot verdere hulp te wees, wat moontlik onder omstandighede te wagte is. Hy het ook bygevoeg: ‘Ons het maar net so gekom en is deur twee kerkraadslede by die stad ontmoet. Ons het ‘n hele tyd gestaan en wag en toe kom broeder V ... ewe haastig. Hy het glo aan ds. van Rooyen en sy vrou gesê: Dit syp my ek is laat ek kan self nie sê waar julle moet tuisgaan.’<sup>28</sup>

Hoewel ds. van Rooyen ‘n verduideliking vir die betrokke nagmaal probeer gee het, het dit nietemin die effek op dr. de Vos gehad dat hy nie eintlik welkom in die gemeente is nie.<sup>29</sup> Uiteraard sou die gebeure nie bevorderlik vir die verhouding tussen die twee pastorieë wees nie.

Hiervolgens het ‘n situasie van wrywing en tweespalt tussen die twee predikante ontstaan. Dit het ‘n teelaarde van konflik en verwydering tot nadeel van die gemeente in die vooruitsig gestel, die ontkieming van moontlike radikaliteite wat vir toekomstige gebeurlikhede bepalend kon wees.

## 6.5 POLARISASIE TOT BREEKPUNT

Die hoofstuk handel nie oor die ontstaangeskiedenis van *Die Nuwe Protestantse Kerk* nie, maar slegs oorsigtelik as agtergrondskets. Derhalwe is ‘n breedvoerige behandeling daarvan nie gerade nie.

Die verwydering tussen dr. de Vos en ds. van Rooyen het dit vir beide leraars onmoontlik gemaak om so voort te gaan. Ongelukkig het die stryd al hoe hewiger tussen die twee leraars geword.<sup>30</sup> Dit het natuurlik ‘n nadelige effek op die gemeente in die geheel gehad. Desondanks het die jaarlikse ringsitting op 13 April 1944 in Melmoth onder dié gespanne omstandighede plaasgevind.<sup>31</sup>

Dr. de Vos het as uittredende Voorsitter van die Ringsitting uit Jer. 15 en Jer. 23 die volgende woorde ge lees: ‘Valse profete wat die woorde van die lewende God verdraai, Godswoorde die een van die ander steel en wat vir die volk hoegenaamd

---

<sup>28</sup> Ibid.

<sup>29</sup> A. S. van Niekerk, *Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 113.

<sup>30</sup> Feesblad. Evangelies-Gereformeerde Kerk: *50 Jaar van Genade, 1944 - 1994*, p. 6.

<sup>31</sup> A. J. Prinsloo, *Kerkskisma en Kerkstigting ...*, p. 67.

geen voordeel inhou nie.’<sup>32</sup> Volgens dr. de Vos het die ringslede nie gunstig hierop gereageer nie en aangevoer: ‘My gehoor was bloeddorstig en verwoed.’<sup>33</sup>

Op 14 April 1944 is daar agter geslote deure vergader waaroor dr. de Vos beswaar aangeteken het.<sup>34</sup> Na aanleiding van sekere verwickelinge gedurende die Ringsvergadering is onder andere besluit:

‘(a) Die Ring besluit om al die stukke insake die moeilikhede in die gemeente van Durban te verwys na die Ringskommissie vir ondersoek en om daarna na bevind van sake uitspraak te doen.

(b) Met die oog op die verdere ontwikkeling in die toestande in die gemeente Durban sedert die sitting van die Buitengewone Ringsvergadering, besluit die Ring dat, terwyl die bogenoemde saak hangende is en tot tyd en wyl die Ringskommissie uitspraak gedoen het, dat die plaaslike leraar dr. de Vos, hom geheel en al moet onttrek van die uitoefening van sy ampspligte. Gesien die buitengewone omstandighede wat daar in die gemeente geskep word sal die konsulent onderwyl alle reëlings tref i.v.m. die bearbeiding van die gemeente. Art. 324.’<sup>35</sup> Die Ringsvergadering het ook daarop gewys dat die Sondagskool onverwyld op normale wyse moet voortgaan.<sup>36</sup>

Dr. de Vos en sy afgevaardigdes van die gemeente van Durban het nie die volgende oggend hul verskyning by die vergadering gemaak nie. Die Ring het sy misnoë betoon dat hulle sonder verlof na Durban terug is. In die lig van die gebeure by die Ring het dr. de Vos dit soos volg beskryf: ‘Daardie aand, ‘n paar minute voor 9 uur is ek sonder verhoor binne vyf minute geskors.’<sup>37</sup>

Die werklike keerpunt het by ‘n kerkraadsvergadering op 21 April 1944 plaasgevind, toe dr. de Vos en ‘n aantal kerkraadslede die vergadering verlaat het en ‘n nuwe kerk binne die Ned. Geref. Kerkgebou in Durban gestig het. Die afgeskeide groep het dus op 21 April 1944 ‘Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika’ gestig. Hierna het dr. de Vos sy bedanking as leraar en lidmaat van die Ned. Geref. Kerk ingedien. Dit het ook die bedanking van ongeveer vier-en-veertig kerkraadslede ingesluit.<sup>38</sup>

Dit wil voorkom dat dr. de Vos die moontlikheid van kerkstigting voor die kerkraadsvergadering van 21 April 1944 in gedagte gehad het. Die telegram bevestig die vermoede wat hy op 21 April 1944 aan sy twee broers, di J. F. De Vos

---

<sup>32</sup> A. S. van Niekerk, *Geskiedenis van Die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 172.

<sup>33</sup> Ibid.

<sup>34</sup> A. J. Prinsloo, *Kerkskisma en Kerkstigting ...*, pp. 67 – 68.

<sup>35</sup> Ibid., pp. 68 – 69.

<sup>36</sup> A. S. van Niekerk, *Die geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 173.

<sup>37</sup> Ibid., p. 174.

<sup>38</sup> A. J. Prinsloo, *Kerkskisma en Kerkstigting ...*, pp. 72 – 73.

en H. M. De Vos by die Vrystaatse Sinodesitting in Bloemfontein gestuur het. Die bewoording van die telegram lees: ‘Vanaand finale krisis. Moontlik dan die nuwe kerk van Suid-Afrika gegrond op die onfeilbare geïnspireerde Woord van God en die drie Formuliere van Enigheid, ‘n toevlugsoord en rusplek vir die gelowiges. Veroordeel asseblief nie te gou nie. Bid vir ons. Mag ons julle skade berokken, vergewe ons.’<sup>39</sup> Hiervolgens is daar geen twyfel dat hy reeds die stigting van ‘n moontlike kerk voor die kerkraadsvergadering op die aand van 21 April 1944 in gedagte gehad het.

Die woorde: ‘... ‘n toevlugsoord en rusplek vir die gelowiges’<sup>40</sup>, is om klaarblyklike redes duidend op ‘n alternatiewe religieuse instelling. In effek het dit om ‘n veel dieper saak gegaan as die onenigheid tussen twee leraars en die getwis in die gemeente.

Die antwoord lê oor die algemeen nie buite die bestaande instituêre nie, maar juis daarbinne waartoe die gelowige dienskneg geroep is.

Ondanks *Die Nuwe Protestantse Kerk* wat op 21 April 1944 gestig is,<sup>41</sup> het dit nietemin tekens van onenigheid in 1946 begin toon. Kortliks moet dit aan uiteenlopende godsdienstige denkopvattinge binne die bepaalde kerkverband toegeskryf word.<sup>42</sup> Die uiteenlopende denkrigtings tussen dr. de Vos en ds. C. Cronje het uiteindelik meegebring dat die De Vos-broers van *Die Nuwe Protestantse Kerk* weggebreek het. Dit het meegebring dat dr. de Vos en sy broers die H. N. G. Kerk gestig het, wat later die Christelike Gereformeerde Kerk geword het.<sup>43</sup>

Na aanleiding van die gebeure in *Die Nuwe Protestantse Kerk* is ‘n nuwe kerkbestuur op 7 Mei 1949 soos volg saamgestel: di. C. J. Serfontein (voorsitter), S. J. Becker (onder-voorsitter), C. Cronjé (sekretaris), A. Naudé (tesourier) en oudl. M. W. Odendaal.<sup>44</sup>

Intussen het die kerk al hoe meer momentum begin kry, sodat selfs die naam in 1986 na die *Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika* verander is.<sup>45</sup> Die oorweging was om die naamsverandering in ooreenstemming met aard en karakter van die kerk te bring.

---

<sup>39</sup> A. S. van Nieker, *Die geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 176.

<sup>40</sup> Ibid.

<sup>41</sup> A. K. Batt, *Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika gedurende die jare 1944 – 1949*, (Lisensiaatskripsie, Universiteit Stellenbosch, 1973), p. 23.

<sup>42</sup> A. S. van Niekerk, *Die geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk*, p. 253.

<sup>43</sup> Feesblad. Evangelies-Gereformeerde Kerkblad: *50 Jaar van Genade, 1944 – 1994*, p. 7.

<sup>44</sup> Ibid.

<sup>45</sup> Ibid.

Namate die kerk begin groei het, het al hoe meer gemeentes tot stand gekom. Gevolglik word die fokuspunt na die gemeente in Welkom verskuif.

## 6. 6 DIE STIGTING VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA IN WELKOM

Hoewel dit nie die regte plek is om dit te vermeld nie, is dit nietemin van belang om kortliks aan te toon dat daar geen bronne van die bestaande gemeente voorhande is nie. Na 'n deurtastende ondersoek het die navorser bevind dat al die relevante bronne van die gemeente deur 'n oorstroming in die argief vernietig is. Derhalwe is met enkele bejaarde respondente onderhoude gevoer en gevolglik is van alle beskikbare en geverifieerde toepaslike inligting of inligtingstukke gebruik gemaak.

Die gemeente het in 1960 tot stand gekom toe daar geen kerklike instelling van eie aard in die Goudveld was nie. Derhalwe is pionierswerk vir die uiteindelijke stigting van die gemeente in Welkom gedoen.

Die toestroming van mense na die Goudveld het onder andere ook lidmate van die *Evangelies-Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika* ingesluit. Vanweë die geringe aantal lidmate in die Goudveld het 'n sterk groepsgebondenheid op geestelike en kerklike gebied ontstaan.

Die pionierstydperk in die geskiedenis van die voornemende gemeente en daarna was moeilik, omdat vrae oor die erkenning van die kerk sowel as sektariese bewerings nie maklik vir die groepie was om te hanteer nie.<sup>46</sup>

In 1960 het enkele lidmate van die kerk begin om huisdienste te hou en gebid vir 'n eie aanbiddingsplek in gemeentelike verband. In die lig hiervan skryf mnr. L. Fourie: "Ek glo die Here het ons behoefte gesien en het die weg voorberei vir die ontstaan van 'n gemeente. Toe daar planne beraam is vir die hou van 'n reeks dienste het die lidmate wat hier was saam gewerk en gebid."<sup>47</sup>

Mnr. Fourie skryf na aanleiding van 'n reeks dienste wat deur verskeie leraars in Welkom gehou is, die volgende: "Baie mense het tot bekering gekom. Huisgesinne is gered en het van krag tot krag gegaan. Dit was wonderlik om te sien pa, ma en kinders bly agter om die saak met die Here reg te maak."<sup>48</sup>

In Mei 1960 is 'n reeks dienste deur ds. L. Pienaar in die skoolsaal van die Hoër Tegniese Skool gehou. Na afloop van die dienste is 'n gemeente met ongeveer

---

<sup>46</sup> S. Fourie, *Onderhoud*, 18. 11. 04.

<sup>47</sup> Pamflet. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondingwording 3 – 10 Mei 1981, 21 Welkom Gemeente, 1960 – 1981.*

<sup>48</sup> Ibid.

twalf gesinne gestig. Hierna is ‘n kerkraad verkies wat uit sowat agt kerkraadslede bestaan het.<sup>49</sup>

Ds. F. Hugo is die eerste predikant wat die gemeente beroep het, maar hy het dit nie aanvaar nie. Daarbenewens is C. Devenier beroep. In daardie stadium was hy in sy finale jaar op kweekskool. Hy het egter die beroep na die voltooiing van sy studies aanvaar.<sup>50</sup> Ds. Devenier is teen die einde van 1960 deur ene dominee Bekker in die gemeente bevestig.<sup>51</sup>

Mnr. Fourie skryf onder andere: “Dit het in die begin maar baie swaar gegaan omdat daar in skoolsale dienste gehou moes word en baie ander ons teegestaan het. Die Here het egter die werk wat Hy in Welkom begin het nie laat skipbreuk ly nie maar dit het voort gegaan en baie siele is gered.”<sup>52</sup>

In die gemeente is gereeld twee dienste op ‘n Sondag gehou, ‘n oggend en aanddiens. Derhalwe is van skoolsale vir die doel van dienste by die Hoër Tegniese Skool en Reitzpark Laerskool gebruik gemaak. Na gelang van die gemeentelike aktiwiteite is ‘n Sustersvereniging, ‘n Sondagskool en ‘n Jeugvereniging gestig. Daarteenoor is die sustersbidure Woensdagoggende en gemeentebidure Woensdagaande by een of ander lidmaat se huis gehou. Die Jeugvereniging is ook gereeld by ‘n lidmaat se huis gehou.<sup>53</sup>

Volgens ds. Devenier is nooit enige gemeente basaar of enige vorm van fondsinsameling vir die voortgang van die gemeente gehou nie. Hy het onder andere aangevoer: “Die besoekers en mense van Welkom was getrou aan die Woord en het hulle tiendes gegee vir die werk aldaar. Geen koekverkopings of basaars was nodig waar God gewerk het nie.”<sup>54</sup>

Ondanks die moeilike pioniersjare het die gemeente steeds voortgegaan om te bid vir ‘n pastorie en kerkgebou. Mnr. Fourie skryf dat dit moeilike tye in die geskiedenis van die gemeente was en voeg by: “Die Here het eerstens vir ons ‘n erf voorsien deur die persoon van wyle oom Dawid Naude waar ons pastorie gebou is deur ds. Devenier wat persoonlik die bouwerk behartig het.”<sup>55</sup> Volgens ds. Devenier was mnr. Naude ‘n predikant van die Baptiste Kerk, wat grond aan die gemeente vir die oprigting van ‘n kerkgebou en pastorie geskenk het. Die pastorie is eers gebou

<sup>49</sup> S. Fourie, *Onderhoud*, 18. 11. 04.

<sup>50</sup> Ibid.

<sup>51</sup> C. Devenier, *Persoonlike aantekeninge*, 23. 11. 04.

<sup>52</sup> Pamflet. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3 – 10 Mei 1981, 21 Welkom Gemeente, 1960 – 1981.*

<sup>53</sup> S. Fourie, *Onderhoud*, 18. 11. 04.

<sup>54</sup> C. Devenier, *Persoonlike aantekeninge*, 23. 11. 04.

<sup>55</sup> Pamflet. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3 – 10 Mei 1981, 21 Welkom Gemeente, 1960 – 1981.*

en in 1962 voltooi,<sup>56</sup> terwyl ds. Devenier predikant van die gemeente was. Volgens ds. Devenier het die Here in dié tyd vir die leraarspaar en gemeente op 'n wonderbaarlike wyse onderneem. “Die hand van God was duidelik sigbaar in ons werksaamhede in Welkom. Na al die jare sien ons nog die vrug van die werk van God in Welkom. Al die lof en eer kom die Here toe.”<sup>57</sup>

Eweseer het die kerkraad uit sewe lede bestaan en hulle was onder andere: James van Aswegen, Johan Snyman, Louis Fourie, Koos du Plooy, Danie Scheepers, Aubrey Louw, Henning Beukes, Jurie van Niekerk, George de Lange, ene Schroeder. Aldus ds. Devenier was hulle die eerste kerkraad van die gemeente. Derhalwe verklaar hy: “So het die meetsnoere van die Here in Welkom vir ons op lieflike plekke geval.”<sup>58</sup>

Ds. Devenier het in 1963 'n beroep na Frankfort aangeneem en gevolglik is ds. J. A. J. Olwagen van Durban beroep. Hy het die beroep aangeneem en die lang gekoesterde ideaal van 'n eie kerk is gedurende sy bediening voltooi. Dit was 'n heuglike dag in die geskiedenis van die gemeente toe die kerk op 20 April 1968 ingewy is.<sup>59</sup>

Daar is ook diegene in die gemeente wat hulle vir die bediening bekwaam het, nl. di. Corrie Bester, Vic Smit, Wimpie Jacobs, Pieter Russeau. Hieroor is die gemeente met sy nederige begin verheug. Desondanks die moeilike beginjare het die gemeente nietemin gegroei en ontwikkel, sodat Virginia in 1976 van Welkom-gemeente kon afstig.<sup>60</sup>

Die gemeente se vorming is beïnvloed deur verskeie predikante wat die gemeente deur die jare bedien het. Na aanleiding van die mondigwording van die gemeente het di. Devenier verwys na: “Onderhou my Gebooie dan sal jy lewe.” Spr. 7:2; Olwagen (Moderator): “Laat ons saam bou in die huis van God.” Neh. 6:10; L. Van Sittert S. E. K. (Sekretaris van die Evangelies-Gereformeerde Kerk): “Gaan die hele Wêreld in en verkondig die evangelie.” W. Du Plessis: “Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.” 1 Tim. 4:12; J. Mienie (Geen bydrae); J. Kitching: “Wees my navolgers soos ek dit ook van Christus is.” 1 Kor. 11:1.<sup>61</sup>

Die huidige predikant ds. F. Bekker skryf soos volg: “In 2002 word die twee gemeentes weer een en staan voortaan as Goudveld gemeente bekend. Dit is unieke omstandighede omdat albei plekke deur een leraar bedien word. Die nood is groot

<sup>56</sup> S. Fourie, *Onderhoud*, 18. 11. 04.

<sup>57</sup> C. Devenier, *Persoonlike aantekening*, 23. 11. 04.

<sup>58</sup> Ibid.

<sup>59</sup> Pamflet. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3 – 10 Mei 1981, 21 Welkom Gemeente, 1960 – 1981*.

<sup>60</sup> Ibid.

<sup>61</sup> Ibid.

en ons weet dat die Here ons as kanaal wil gebruik om sy seëninge na die Goudveld te bring. Mag ons meer en meer tot sy beskikking wees.

Mag elke gemeente en leser sy beste vir Jesus gee – daar waar hy is. Laat ons voortdurend en volhardend vir mekaar bid.”<sup>62</sup>

Die eie aard en karakter op religieuse gebied is nietemin vir die gemeentede in Welkom ‘n belangrike geestelike komponent van steungewing. Hierdeur is ‘n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die *Evangelies-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* behaal.

## 6.7 INTERPRETATIEF EN GEVOLGTREKKING

### 6.7.1 INTERPRETASIE

Desnoods is dit van belang om iets van die bevindinge van Die Nuwe Protestantse Kerk deur te gee. Die ontstaansgeskiedenis van die kerk is van so ‘n aard, dat dit onwenslik is om slegs op die gemeente twis in Durban te konsentreer. Die roepingsbewustheid van dr. de Vos en sy suiweringsdoel van die N.G. Kerk, is ongetwyfeld ontkiemende kousaliteite vir die uiteindelijke stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk. Desondanks is dit ook van belang om van hom as mens kennis te neem. Sy sterk en vurige persoonlikheid kan nie sondermeer negeer word nie. Daar is ‘n fynbalans tussen die erns van geroepenheid en die verantwoordelike uitvoering daarvan. Derhalwe is die beskouingswyse van geestelike of teologiese sake en die besluite wat gewoonlik daarvoor geneem word, sowel as die uiteindelijke uitvoering daarvan nooit van enige konsekwensies gevrywaar nie.

Die twis en tweedrag wat in Durban ontstaan het, het die gemeente in die geheel onmiskenbaar nadelig beïnvloed. Inmiddels is geen daadwerklike poging tot restitusie daarvan aangewend nie, sodat die oënskynlike van ‘n onafwendbare skeuring as alternatief eerder ten uitvoer gebring is. Die vraag is: of daar nie eerder binne die bestaande domein van die kerkstrukture vir allerlei geestelike of godsdienstige bevordering bewyter behoort te word nie, in stede daarvan om alternatiewe met drastiese gevolge te bewerk. Die kerk is die liggaam van Christus en gevolglik behoort dit voortdurend met ‘n eenheidsband van geestelike toegeneentheid gesmee te word.

Die latere meer bekende Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, het ook sy werksaamhede in die Goudveld soos die ander Gereformeerde kerke aan die goudmynbounywerheid te danke. In die vroeë vyftigerjare toe daar met die ontginning van goud begin is, het baie mense na die Goudveld gestroom om by die goudmyne werksaam te wees. Die mense het om vanselfsprekende redes aan verskillende kerke behoort en gevolglik moes hulle op kerklike gebied

---

<sup>62</sup> Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3 – 10 Mei 1981, 21 Welkom Gemeente, 1960 – 1981.*



geakkommodeer word. Na gelang van die situasie moes die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika ook sy eie lidmate bearbei.

Die geringe aantal lidmate was verplig om in huise kerkdienste te hou, omdat die E. G. K. in daardie tyd oor geen kerklike eiendom beskik het. Daarby het hulle geen gevestigde gemeente of kerk in die Goudveld of selfs nie eens in 'n gevestigde dorp soos Hennenman gehad nie. Namate die lidmatetal in Welkom toegeneem het, het hulle begin dink aan 'n eie selfstandige gemeente. Hierdie ideaal is in 1960 verwesenlik toe die gemeente met ongeveer sestig lidmate gestig is.

Op finansiële gebied het dit nie met die gemeente goed gegaan nie, omdat die omvang van die gemeente klein in verhouding tot ander gevestigde kerke was. Eweseer is geen basaars of funksies gehou om fondse vir die gemeente te genereer nie. Die gemeente was menslik gesproke hoofsaaklik op lidmate se bydraes en tiendes aangewese. Na aanleiding van vermelde inligtingstukke het die gemeente slegs op die Here vertrou vir sy voortbestaan.

Hoewel die lidmatetal van die gemeente gering was, het hulle soos een groot familie die gemeentewerk laat voortstu. Dermate het die gemeente al hoe meer gestalte begin kry en teen die einde van 1960 is die pastorie voltooi. Desgelyks is die kerkgebou op 20 April 1968 met groot vreugde ingewy. Hierdeur is die droom van 'n eie aanbiddingsplek bewaarheid. 'n Groot prestasie as in ag geneem word dat die gemeente toe slegs agt jaar oud was.

Die predikante het gekom en gegaan en elkeen het 'n effek van groei en ontwikkeling op die gemeente gehad. Ondanks die afstigting van die E. G. K. van Virginia-gemeente van Welkom in 1976, het dit desnoods om finansiële redes met Welkom-gemeente in 2002 saamgesmelt.

Desnieteenstaande dat Welkom die enigste E. G. K. in die Goudveld is, is die gemeente steeds besig om die evangeliese boodskap volgens eie kerklike oortuiging te verkondig.

#### 6. 7. 2 GEVOLGTREKKING

Dit is jammer dat gemeentelike geskilpunte soos in die N. G. Gemeente van Durban op kerkskeuring uitgeloop het. Die onenigheid wat verreikende afmetings aangeneem het, is nooit bevordelik vir die saak van die Here nie. Derhalwe is ekstreme tendense van kerkstigting soms 'n tydelike maatreël soos in die geval van Die Nuwe Protestantse Kerk, wat weer tot die stigting van die Hervormde Gereformeerde Kerk aanleiding gegee het. Desondanks is die aanloop tot die stigting van Die Nuwe Protestantse Kerk en die ontstaan van die H. N. G. Kerk, 'n gebeurlikheid wat in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis as 'n groot jammerte bejeën behoort te word.

Die sigbare kerk, dit wil sê, die kerk as instituut is 'n heilige instelling waaroor die onsigbare kerk, die gelowiges moet waak. Hiervolgens is die ware gelowiges nie die subjek van dinge nie, maar die objek. Dikwels word die groot fout gemaak om God as die objek van dinge vir die regverdiging van ons beskouingswyse voor te hou. Daarteenoor is God altyd die subjek omdat ons as Sy handewerk altyd onder Sy magsbeheer is. Hy is die groot argitek van dinge wat die hemel en die aarde geskape het. Ons is en bly Sy objek, want alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom. In die lig hiervan moet Sy heiligheid sover moontlik tot uitdrukking kom vir die bepaling van gedagtes en aksies wat konsonant met Sy volmaaktheid is. Die oomblik as ons begin om die ware religieuse lewe te snap, dan kan ons sin maak van die frases wat met die idees van God verbind is.

Hiervolgens moet die kerk in diepe afhanklikheid van Hom voortdurend trag, om Hom as hoof van die kerk onder alle omstandighede te behaag. Desgelyks is en bly Hy die middelpunt van Sy kerk op aarde. Derhalwe moet die eenheidsband van die kerk altyd vooropgestel wees, alhoewel sekere gedagtegeenge oor *eenheid* weer maklik tot 'n afwaartse verwingheid aanleiding kan gee.

Hoewel die latere Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 'n klein begin in Welkom gehad het, het die kerk nogtans gegroei en tot 'n volwaardige gemeente ontwikkel. Die kerk met sy eie aard en karakter is steeds klein in verhouding tot die ander Gereformeerde kerke in die Goudveld. Hoewel die gemeente van Virginia teen die middel van die sewentigerjare uit Welkom ontstaan het, is die twee gemeentes in 2002 tot een gemeente saamgevoeg. Die redes daarvoor moet aan die ekonomiese konjunktuur in die Goudveld toegeskryf word. Dit het meegebring dat baie lidmate verplaas of andersins verhuis het. Hiervolgens het 'n drastiese afname in lidmatetal plaasgevind, sodat die gemeente van Virginia noodgedwonge met Welkom moes amalgameer.

Daarbenewens het die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika nooit 'n groot aantal lidmate in die Goudveld gehad nie. Die plaaslike gemeente van Welkom het mettertyd lidmate van ander kerke by gekry, maar het nooit 'n noemenswaardige konstante toename van lidmate van ander kerke beleef nie. Derhalwe het die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika in Welkom momentum gekry, maar nooit daarin geslaag om beslag in ander dorpe in die Goudveld te kry nie.

As die gemeente van Welkom aan sy lidmatetal gemeet word, dan is dit steeds klein in verhouding tot ander gevestigde kerke in die gebied. Nietemin word die lidmate op 'n eie selfstandige wyse geakkommodeer, sodat die gemeente besig is om sy geroepe taak te vervul.

Nieteenstaande die feit dat die gemeente van Welkom op 'n nederige wyse begin het, het dit tog tot 'n selfstandige en volwaardige gemeente ontwikkel. 'n Gemeente wat oor 'n eie kerkgebou en pastorie beskik en steeds voortstu om die boodskap van

heil aan sy lidmate te verkondig. Terstond 'n roemryke prestasie waarvoor God al die lof toekom.

Uiteraard staan die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika naas die ander Gereformeerde kerke, ook in die ry waarin baanbrekerswerk in 'n vreemde ongerepte akker verrig is. Gevolglik word daar deur die onderskeie kerke voortgegaan om op spoorslag van die baanbrekerswerk in die Goudveld, die evangelie van ewigheidswaardes te verkondig. Om klaarblyklike redes is dit die prinsipiële taak waarvoor die kerk oor die algemeen geroep is. Na aanleiding hiervan het die onderskeie Gereformeerde kerke en by name ook die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, nie hul verantwoordelike roeping in die Goudveld versak nie.

Hiervolgens het die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, hoe gering ook al, histories meegehelp om 'n Gereformeerde kerkgemeenskap in die Goudveld daar te stel.

## HOOFSTUK 7

### 7. SLOTSOM EN FINALE GEVOLGTREKKINGS

#### 7.1 INLEIDEND

Die ontwikkelende geskiedenis in die Goudveld het 'n ander wending geneem as die voor-die-hand-liggende ontplooiing daarvan. In die verband word na Odendaalsrus verwys waar geen uitbreiding weens mynopsies kon plaasvind nie. Die sienswyse word met die oog op 'n terugskou van gebeure gemaak, hoewel die opvolgende gebeure met die ontdekking en ontginning van goud ander perspektiewe op die gebeure gehad het.

Dit wil voorkom dat die ontginning van goud in die Goudveld op die regte tyd gekom het, veral as in aanmerking geneem word dat die myne op die Oosrand besig was om uitgeput te raak. Opsigself was die goudmyne vir die goudveldstreek sowel as vir die land 'n groot ekonomiese inspuiting, sodat die plaaslike gemeenskappe nie soseer van die landbouprodukte vir hul lewensbestaan afhanklik was nie. Uiteraard het dit ook meer werksgeleenthede vir mense van Suid-Afrika beteken, veral as in aanmerking geneem word dat die groot goudvonds in 1946 op die plaas Geduld in die onmiddellike omgewing van Odendaalsrus gemaak is, dit wil sê, 'n jaar na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog toe werk in die land skaars was. Die oud-soldate moes weer met hul normale burgerlike lewe voortgaan, sodat hulle ook tot die land se ontwikkelende ekonomie kon bydra.

Die ontginning van goud in die goudveldstreek het die landelike atmosfeer in 'n nywerheidsontwikkelende gebied omskep, sodat die gevestigde landbou-georiënteerde inwoners by die snelwordende industrialiseringsprosesse van die gebied moes aanpas. Opsigself het dit wanbeelde van sekularisme by baie van die behoudende elemente van die tyd opgewek, sodat die bedrywighede van die mynbouese met agterdog bejeën is. Derhalwe kon dit as 'n bydraende faktor vir sommige van die boere se uittog in die gebied gedien het, naas die goeie pryse wat hulle vir hul plase gekry het.

Namate die mynbouese algaande die ontginningskurwes van goud hoër begin opstoot het, het dit ook die struktuur en omvang van die Goudveld verander. Dit het gebeur deurdat die plaaslike streek noodwendig deur die ontwikkeling en uitbreiding van die mynbousektor beïnvloed is.

Alhoewel die mynbounywerheid 'n onmisbare skakel vir die Goudveld se ontwikkeling is, is daar nietemin sekere leemtes wat aangespreek behoort te word: die oorheersende rol van die primêre sektor soos die myne het die hoop vir 'n blywende ekonomie geword, terwyl die sekondêre nywerhede agterweë gelaat is. Derhalwe moes die myne as belangrike voedende ekonomiese krag die uitwerking op 'n breër omvang van ekonomieë in die goudveldstreek gehad het.

Hiervolgens wil dit voorkom dat die stadsrade van die onderskeie gemeenskappe in die Goudveld daarvoor te blameer is. Hulle moes die ekonomiese krag van die mynbousektor

vir die vestiging en bevordering van sekondêre nywerhede aangegryp het. In die eerste plek kon hulle begin het om die onderskeie dorpe met die nasionale hoofweë van die land te verbind, asook 'n lughawe vir Welkom as kernpunt van die streek se ekonomie te beding.

In die tweede plek kon aanneembare grondaanbiedinge aan nyweraars gemaak word, asook om spoorverbindings vir die bepaalde nywerhede daarvoor te sentraliseer. Daarby is daar ook ander dinge soos 'n gewilde rus of vakansieoord waarvoor die gebied wel moontlikhede het. Dit wil voorkom dat 'n groot mate van versienheid in die ekonomiese bloeytyd van die streek ontbreek het, sodat die streek vandag nie soseer oor enige noemenswaardige ekonomiese kragte beskik nie.

Daarby moes die opbrengs van die mynboubelasting in die Vrystaat se inkomstebelastingskantoor en nie in Johannesburg inbetaal gewees het nie. Hierdeur is die Vrystaat en by name die Goudveld 'n onreg aangedoen. Die Vrystaat lewer die goud, maar Johannesburg trek groot voordeel daaruit. Opsigself is dit onverklaarbaar deurdat dit tot verdere ontwikkeling van die streek kon bygedra het.

7. 2 In die tyd van die goudmynbou-ontginning het die N. G. Kerk hul geroepe gevoel om na die geestelike belange van hul lidmate om te sien en dit was oor die algemeen geen maklike taak nie. Met die koms van die goudmyne het die gedaante van die Goudveld drasties verander, sodat dit 'n groot werklading by ds. W. R. de Kock van die N. G. Moedergemeente van Odendaalsrus veroorsaak het. Die gemeente is geraak deur die mynbou-ontwikkelinge en gevolglik was die N. G. Moedergemeente van Odendaalsrus op kerklike gebied voor die afstigting van gemeentes vir die geestelike bearbeiding en administrasie in die Goudveldstreek verantwoordelik. Die uitbreiding op kerklike gebied was enorm en te veel vir een leraar om te behartig. Uiteraard het dit die taak van huisbesoek bemoeilik en later het dit heeltemal onmoontlik geblyk.

Desnoods is baie tyd en aandag deur die bekombaarheid van kerklike persele in beslag geneem, hoewel ds. De Kock hierin 'n reuse aandeel gehad het. Ds. de Kock het gelukkig 'n goeie verhouding met die mynbou-owerhede gehad, sodat met hulle hulp persele in nuwe uitbreidings verkry is. Ongelukkig het dit heelwat van sy tyd en aandag in beslag geneem, sodat baie van die gemeentelike verpligtinge nie na behore nagekom is nie. Intussen het afsonderlike gemeenskappe soos Welkom en St. Helena ontstaan wat slegs 'n geestelike verbintenis met die predikant van Odendaalsrus gehad het. Na gelang van die omstandighede het mettertyd die afstigting van Welkom en St. Helena sowel as Allanridge en Odendaalsrus gevolg. Elke afstigting het met rigtinggewende en doelmatige leiding gepaardgegaan wat om vanselfsprekende redes 'n geweldige druk en las op ds. De Kock geplaas het. Die voortdurende druk en spanning het sy tol begin eis sodat ds. De Kock in die laat veertigerjare verplig was om met drie maande siekteverlof na die Boland te vertrek. Derhalwe het die kerkraad dit gerade geag om 'n hulpprediker te beroep wat later mede-leraar van die gemeente geword het.

In die lig van bovermelde afstigtings het verdere gemeentelike afstigtings gevolg, na gelang nuwe uitbreidings en woongebiede ontstaan het. Derhalwe was die Nederduitse Gereformeerde Kerk voortdurend in 'n proses van gemeentebou betrokke.

Ten spyte van al die kerklike en gemeentelike ontwikkelinge is die sendingbewustheid van die kerk nooit agterweë gelaat nie. Die ontwikkelende goudmyne met die kampongs rondom sowel as die getroude swartkwartiere met oorlaaide swart woonbuurtes het die werk vir een gemeente te groot en omvangryk geword. Alternatiewelik is aandag aan 'n sendingraad gegee wat uit die gemeentes van Wesselsbron, Odendaalsrus en Hennenman bestaan het. Hierdeur het die gemeentelike sendingaktiwiteite 'n deel gevorm van die sendingaksie van die Goudveld in die geheel. Op die gemeenskaplike basis is daar ook uiting aan die sendingroeping van die kerk van Matt. 28:19 gegee.

In die konteks van die tyd is dit te begrype dat daar op kerklike gebied 'n voortdurende proses van gemeentelike afstigting en stigting aan die orde van die dag was. Die rede daarvoor moet aan die ontwikkelende gang van gebeure in die Goudveld toegeskryf word, wat andersins nie die geval sou gewees het nie. Hierdie tendens het die geestelike werksaamhede van die N. G. Kerk in die Goudveld bemoeilik, sodat die gewone aktiwiteite in gemeentelike verband dikwels agterweë gebly het.

Nietemin wil dit voorkom dat hulpkrigte in die vorm van mede-leraars die taak in gemeentelike verband kon vergemaklik het, hoewel die finansiële implikasies daarvan dit vir die meeste gemeentes onmoontlik gemaak het. Daar kon alternatiewelik langer met die stigting van gemeentes gewag word, sodat die fondse vir die beroep van 'n medeleraar voorhande sou gewees het. Uiteraard sou dit die bearbeiding in die onderskeie gemeentes vergemaklik het, sodat 'n geleidelike groepsidentiteit vir 'n eie gemeente kon ontstaan. In effek sou dit beteken het dat so 'n gemeente wel teoreties bestaan, hoewel die betrokke wyksgebied nog in breër gemeentelike verband funksioneer. Hiervolgens word 'n groepsgebondenheid gekweek wat by die formele stigting slegs tot voordeel vir die praktiese gangbaarheid en onafhanklikheid van die gestigte gemeentes sou strek. Intussen word die breë omvang van bearbeiding in gemeentelike verband verrig wat andersins sonder 'n medeleraar nie moontlik sou gewees het nie.

Trouens, dit lyk na die gangbare in terme van enige doelmatige funksionering van die gemeentes, hoewel die praktiese realiteite soos voortdurende prysstygings van boukoste en aanverwante aangeleenthede 'n belangrike oorweging vir die kerk onder behandeling was. Daarmee moes ernstig rekening gehou word, omdat fondse nie maklik verkrygbaar was nie. Daarby wou die meeste predikante hulle met hul eie gemeentes identifiseer, sodat die nuwe gemeentes die uitdrukking van 'n eie identiteit en selfstandigheid geïmpliseer het.

Ten laaste het die N. G. Kerk 'n lang pad vanuit die Moedergemeente van Odendaalsrus geloop, sodat dit histories die aanvangspunt vir die partikuliere kerklike ontwikkeling in die Goudveld is, in 'n tyd waar soveel aandag aan kerklike uitbreiding bestee is, wat ongetwyfeld volgens die eise van die tyd onafwendbaar was.

7.3 Dit is duidelik dat die Gereformeerde kerke se taak deur middel van lang afstande in die Goudveld bemoelik is, veral in die wordingstyd van die goudveldstreek toe die gebied oor geen behoorlike infrastruktuur beskik het nie. Vanuit 'n praktiese oogpunt het dit deurlopende kontak met die lidmate by wyse van huisboek onmoontlik gemaak. Daarby moes daar na gelang van die groter wordende Goudveld ook met die bedieningsnood van gemeentes rekening gehou word. Dit was nie altyd maklik om predikante vir gemeentes in die Goudveld te beroep nie, omdat fondse 'n inhiberende faktor in 'n groot mate was. Daarmee gepaardgaande het kerklike eiendomme soos geskikte pastorieë ontbreek en gevolglik is daar dikwels van huur woonhuise gebruik gemaak. Dikwels was sodanige woonhuise aan allerlei behoeftes onderhewig, sodat dit slegs 'n kort termyn oplossing geblyk het. Daarbenewens wil dit blyk dat die Goudveld gedurende die wordingsgeskiedenis nie enige aantreklikheid vir die aanname van 'n beroep gebied het nie, dit wil sê, as daar gelet word op die talle beroepe wat soms uitgebring is op kandidate voordat dit uiteindelik aangeneem is. Soms is die probleem vererger deurdat daar in die geval van 'n betrokke gemeente nie 'n motor vir die predikant kon bekostig word nie.

Die aangeleentheid van fondse in relatiewe klein gemeentes het dikwels aanleiding tot kombinasie-ooreenkomste gegee en dit was nie noodwendig die aangewese weg om te volg nie, hoewel dit as alternatief vir die voortbestaan van die onderskeie gemeentes gedien het. Allerlei praktiese aangeleenthede soos gemeentelike werksaamhede is daardeur gekortwiek, omdat een predikant by meer as een gemeente betrokke was. Die ontbreking van 'n saambindende gemeentelike band van selfstandigheid moet noodwendig 'n ernstige effek op die algemene ontwikkelingsgang van sodanige gemeentes hê, sodat daar dikwels geen daadwerklike vordering by die betrokke gemeentes bespeur word nie. Gevolglik word die kombinansies hernu nadat sodanige ooreenkomste verstryk het, omdat sodanige gemeentes nie die peil van selfstandigheid kon bereik nie. Sodanige gemeentes kom nie tot hul reg nie, omdat die werkslading net eenvoudig vir een predikant te veel is.

Die stigting van gemeentes moet in 'n groot mate aan die oorbrugging van afstande en bepaalde groei van lidmate in 'n bepaalde gebied toegeskryf word, hoewel die praktiese realiteite van fondse en wisseling van lidmate nuwe tendense in gemeentelike verband laat ontstaan het. Die soort omstandighede wat dikwels gefluktueer het, was geen maklike taak vir die uitbreiding en ontwikkeling in die Goudveld nie.

Afgesien van die moeilike veld van bearbeiding het die kerk nietemin daarin geslaag om sy sendingywer in die Goudveld uit te voer. Dit is voorwaar 'n ligpunt veral as die groot aantal swart mense se toestroming na die Goudveld in aanmerking geneem word. Die groot taak van die georganiseerde sendingwerk in Tabong met 'n eie kerk wat in die swart woonbuurt opgerig is, was voorwaar geen maklike taak nie. Hiervan getuig die sierlike kerkie vandag, van die sendingywer wat die Gereformeerde kerke gedurende die ontplooiing van die Goudveld met entoesiame aan die dag gelê het.

In die lig van die voormelde gebeure is dit duidelik dat die snel ontwikkelende Goudveld die taak van die kerk met geringe fondse bemoelik het. Dit is teweeggebring deur die

uitbreiding van dorpsgebiede wat noodwendig die tot standkoming van gemeentes rakende die lidmate geregverdig het, hoewel mede-leraars in wyer bedieningspunte in gemeentelike verband die bearbeiding vir 'n onbepaalde tyd kon behartig het. Die voordeel hieraan verbonde kon toekomstige gemeentelike stigtings eers tot finansiële wasdom laat gedy, sodat die toekomstige gemeentes 'n beter kans op algehele selfstandigheid kon hê. Hierdeur sou die bearbeiding in die onderskeie gemeentes meer partikulier sowel as ten volle gewees het. Na aanleiding hiervan kon meer tyd vir fondse sowel as vir die praktiese werkbaarheid van gemeentelike bearbeiding bewerkstellig word.

Nietemin het die kerk daarin geslaag om sy wortels diep in die Goudveld in te grawe, sodat daar vandag in elke dorp 'n plek van aanbidding is. Die vaandel van geloof is omhoog gehou en die roepingsbewustheid is deur die genade van die Here deurgevoer.

7. 4 Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika was nog altyd sterk in die voormalige Transvaal gesetel, hoewel dit nie die geval in die Vrystaat is nie. Met die nuwe ekonomiese ontwikkelinge wat in die Goudveld plaasgevind het, het die kerk voor 'n geweldige uitdaging te staan gekom om die nuwe akker van geestelike bearbeiding rakende sy lidmate te betree. Trouens, die kerk het geen keuse gehad om tot die nuwe arbeidsveld toe te tree nie, omdat die lidmate se verblyf in die Goudveld die kerk daartoe genoop het.

Gevolglik moes daar in die snelgroeïende gebied gereeld kontak met die lidmate behou word, sodat daar deurentyd aandag aan allerlei fasette van gemeentelike bearbeiding gegee word. Die gevolglike kulminasie hiervan het geleidelik op 'n georganiseerde grondslag in St. Helena, 'n voorstedelike gebied van Welkom, begin plaasvind. Desnoods het die groeipunte op kerklike gebied vanuit die gebeure tot die stigting van verskeie gemeentes in die Goudveld gelei. Opsigself was dit 'n langdurige proses wat met inspanning, geduld en moeisame onderhandelings gepaardgegaan het. Intussen moes allerlei kerklike aspekte in berekening gebring word, ten einde die lewensvatbaarheid van gemeenteprojekte te verseker. Hiervolgens moes demografiese oorwegings, uitbreidingsmoontlikhede, die koste-aspekte van kerklike eiendomme en die verkrygbaarheid daarvan, die kwessie van langtermynlenings, die omvattenheid van lidmate, tentatiewe en beraamde inkomsteberekeninge van voornemende gemeentes, sowel as onafhanklike bearbeidingsmoontlikhede in oënskou geneem word.

Die gemeentelike bearbeiding wat verspreid oor lang afstande gestrek het, het die taak van die predikante in 'n tyd van groot ekonomiese omwentelinge in die Goudveld bemoeilik. Eweseer die ongereelde werksure van lidmate wat veroorsaak het dat die huisbesoeke van die predikante en ouderlinge dikwels sonder die teenwoordigheid van die vaderfiguur plaasgevind het. In sommige gevalle kon huisgesinne weens die lang afstande nie die eredienste op Sondag bywoon nie. Eweseer vrouens wat nie kon bestuur en wie se mans op Sondag gewerk het, sodat selfs die kinders dikwels van die Sondagskole afwesig was. Dit was veral die geval waar die lidmate in verwyderde gebiede van die bepaalde gemeentes gewoon het.



Die ontwikkelingsopset in die beginjare van die Goudveld het groot opofferings van mense en instansies geverg. Hiervan was die kerke of gemeentes ook nie gevrywaar nie. Dikwels kon afsprake weens die swak toestande van die paaie of 'n gebrek aan telefoonverbindings nie betyds nagekom word nie. In die voortgang om gemeentes te konsolideer en die stigting van gemeentes te bewerkstellig waar dit prakties en andersins haalbaar geblyk het, het enorme eise van die kerklike hiërargie vir sodanige oogmerke geverg. Dientengevolge het dit die omvattende inligtinggewende opstel van verslae met voorafgaande instrinsieke ondersoeke rakende alle relevante aspekte behels. Die noukeurigheid waarmee die inligting versamel is en die ter saaklike verslae het gewoonlik baie tyd van predikante en kerkrade in hulle gemeentelike hoedanigheid geverg. Dermate het dit daartoe bygedra dat baie van die gemeentelike verpligtinge soos huisbesoek nie op 'n gereelde basis gedoen is nie.

Alhoewel 'n groot toename van Naturelle na die Goudveld aan die orde van die dag was, het die kerk die sendingaktiwiteite rakende gemeentelike aktiwiteite vir toekomstige aandag gereserveer. Die rede daarvoor moet aan die beplanningsraamwerk van kerklike konsolidasie en die verbreding van gemeentelike werksaamhede in verskillende gebiede in die Goudveld toegeskryf word. Die geringer omvang van die kerklike formaat in die Vrystaat het om vanselfsprekende redes die hiërargie verplig om eers op interne wyse te verstewig, voordat enige eksterne realiteite soos sendingaktiwiteite 'n deelhebbende faktor van die kerk se doelnastrewing word. Die kerk se oogmerke oor sendingaktiwiteite was alreeds gedurende die stadium van kerkbou en konsolidasie as belangrike prioriteit in die vooruitsig gestel. Hiervolgens illustreer die kerk sy sending opdrag soos daar uiting aan al die fasette in gemeentelike verband uitdrukking gegee behoort te word.

Die Nederduitse Hervormde Kerk het soos die Gereformeerde Kerk in die Goudveld ook onder die las van kombinasie-ooreenkomste gebuk gegaan. Dit het die selfstandigheid van die gemeentes, maar veral die volledigheid van gemeentelike bediening en bearbeiding ingeboet. Alhoewel dit 'n noodsaaklikheid vir die voortgang van die onderskeie gemeentes was, het dit nietemin die aard en volledige omvang van gemeentelike funksie en uitdrukking op 'n onnatuurlike wyse gesmoor. Desondanks wil elke gekonstitueerde gemeente in alle opsigte selfstandig funksioneer, sodat daar nie in enige mate 'n inter-afhanklikheid van een of ander gemeente ter sprake is nie. Hierdeur word bepaalde remminge uitgeskakel vir gemeentelike inisiatiewe en oogmerke, sodat die gemeentes op 'n vry en verantwoordelike grondslag volgens die gewete van die Skrif mag voortgaan om uitdrukking aan sy roepingsbewustheid te gee. Derhalwe sal so 'n gemeente om logiese redes binne die raamwerk van die bepaalde kerkorde sy verpligtinge nougeset nakom.

Die proses van kerk en gemeente stigting het oor die algemeen baie van die kerk se tyd en aandag in beslag geneem, sodat die gemeentelike werksaamhede met 'n tekort aan geestelike leiers nie altyd tot sy reg gekom het nie. Afgesien hiervan het die kerk nogtans uiting gegee aan sy roepingsbewustheid onder uiters moeilike omstandighede in die Goudveld, wat altyd as 'n belangrike spoorslag vir die huidige en toekomstige gemeentes in die betrokke gebied sal dien.

Derhalwe gaan die kerk steeds met sy taak voort op die ontkiemende saad wat in die pioniersakker van die kerk in die Goudveld gesaai is, sodat dit as 'n teken van dankbaarheid teenoor die Here vir Sy roemryke genadebewys dien.

7. 5. Alhoewel die Evangelies Gereformeerde Kerk (E. G. K.) klein in verhouding tot die ander Afrikaanssprekende Gereformeerde kerke is, is dit in geen mate 'n diskwalifikasie vir die kerk se voortbestaan nie. Die samesnoering van lidmate deur 'n eenheidsband beteken: *ecclesia*, dit wil sê, dié uitgeroepenes van God wat alleen by Hom bekend is. Derhalwe is dit duidend op die onsigbare kerk waarvan die sigbare kerk die instituut (die plek van samekoms) is. In effek is dit die vergaderplek van die gemeentelede waar die Here aanbid word. Hiervolgens is die versameling van gelowiges op grondslag van die Skrif en van die kerk se reglemente 'n wettige gemeente, al is dit ook hoe klein en gering wat die lidmatetal betref.

Die primêre rede waarom gemeentelede in so 'n gemeente saamgevoeg is, is aan die geestelike opbouing en toerusting vir hul roeping en taak en samespanning van kragte vir die uitbreiding van God se Koninkryk toe te skryf. Gevolglik word die gemeente op so 'n wyse saamgestel ten einde die pastorale versorging van die kudde en die maksimale diensbaarheid van die lidmate vir die saak van die Here in die gemeente te verseker.

Die E G K kon in die Goudveld meerendeel binnewaarts-gerig funksioneer, omdat die kerk nie by die aanhoudende proses van gemeentestigting in die Goudveld betrokke was nie. Derhalwe kon die kerk in 'n klein gemeentelike opset baie tyd aan regstreekse gemeentelike sake wy. Uiteraard beteken dit hoegenaamd nie dat die gemeentelike werksaamhede van die ander Gereformeerde kerke verwaarloos is nie. Inteendeel, dit is juis waaroor die gemeentestigtings gegaan het, sodat die werksaamhede daarvan in alle opsigte funksioneel mag wees.

Daarbenewens is die E G K in die breë by binnelandse en buitelandse sending betrokke, terwyl die gemeente in Welkom vir Job Mohlomu, 'n sendeling in Albanië, finansieel onderhou.

Gevolglik het die kerk in die Goudveld 'n sigbare gemeentevorm aangeneem, waarvan die onsigbare die wesenlike daarvan onder leiding van die Heilige Gees is. Hiervolgens het dit as historiese vertrekpunt die plekke van aanbidding in die huidige tydsgewrig nie alleen moontlik gemaak nie, maar ook geestelik en kultureel as waardevolle erfstuk vir tyd en tye verryk.

BRONNE EN LITERATUUR

**DEEL 1: WELKOM EN DIE GOUDVELD OMGEWING**

**1. Argivale Bronne**

Stadsraad van Welkom

Stadsraadsnotules van Odendaalsrus

Notules Odendaalsrus, 1948 - 1961

Stadsraadsnotules van Welkom

Notules Welkom, 1950 – 1961

Diverse

*Argiefstuk: Welkom Biblioteek (Argiefafdeling) Welkom, 21 Golden Years, 14. 2. 1947 – 29. 8. 1968* (ongeorden met allerlei brokkies inligting)

Diverse

*Ongeklassifiseerde Argieflêer: Welkom Biblioteek (Argiefafdeling)* (ongeordende diverse inligting van byskrifte en aantekeninge).

Versameling

PV 451 lêer 1/266/3/2 *Hertzog Versameling*.

**2. Gepubliseerde bronne**

**(a) Algemeen**

Welkom Biblioteek (Argiefafdeling) AAC Inligtingssentrum, Johannesburg  
Staatsbiblioteek, Pretoria en H. Oppenheimer se privaat biblioteek (Brenthurst)

Mynbou Joernale

Mervis, J., “Oppenheimer’s Fabulous Welkom”, *The Forum*, vol. 5, no. 10, January, 1955.

Oppenheimer, E., “First Welkom Shaft Begun: Important Free State Development”, *The South African Mining and Engineering Journal*, 24 May 1947.

Oppenheimer, H., “The Orange Free State Goldfields”, *The South African Journal of Economics*, vol. 18, no. 2, June, 1950.

Anon., “The Birth of a Town: Development and growth”, *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 60, no. 1, May 1949.

Anon., “Odendaalsrus line opened: Rail link with Free State Gold Field”, *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 59, 12 June 1948.

Anon., “Goudmyne in die Welkomse Gebied”, *Mynwese*, vol. 6 no. 1, Maart 1955.

Anon., “Die Verhaal van Welkom se Sukses”, *Mynwese*, vol. 6. no. 1, Maart 1955.

Anon., “The St. Helena Mine: Pictures of Free State Operations”, *The South African Mining and Engineering Journal*, vol. 57, no. 2. n.d.

Anon., “Welkom – Now And In The Future”, *Municipal Affairs*, vol. 18, no. 211, October 1951.

Anon., *The South African Engineer*, vol. 40, no. 372, May, 1949.

Verslae

Jaarverslag

Oppenheimer, E., *Welkom’s Progress: Annual Statement to Shareholders*, Anglo-American Corporation of South Africa Limited, 1954.

Verslae: Staatsdepartement

*Department of Bantu Affairs*, “The Story of the Place of Joy”, *Report*, July 1985.

*Department of Bantu Affairs*, “Thabong Structure Plan”, *Report*, June 1987.

Verslag van Direkteure

Orange Free State Interest: AAC of South Africa, Limited. In *Report of the Directors with Accounts for the year ended 31 December 1950*.

Jaarlikse verslae

Transvaal and Orange Free State of Mines. *Annual Reports*, vols. 1 / 2, 1953 – 1961.

Algemene verslae

Davis, Bristow, Small and Associates, Towns in the O. F. S. Goldfields. A Study of Past Development and Future Growth Potential, *Report*, September, 1981.

'n Streekopname van die Oranje – Vrystaatse Goudveld deur die raad vir die Ont. Wikkeling van Natuurlike Hulpbronne. *Verslag*, Pretoria, Staatsdrukker, Sept., 1954.

**(b) Letterkundige Werke**

Antrobus, E. S. A., (eds.), *Witwatersrand Gold – 100 Years: A review of the Discovery and development of the Witwatersrand Goldfield as seen from the Geological viewpoint*. The Geological Society of South Africa, 1966.

Bennet., R and Marais, A., *Welkom City of the Future ... 1983*. Johannesburg, Thomson Publications SA (Pty) Ltd.

Davies, Bristow, small and Associates., Development Economists and Property Valuers, *Towns in the O. F. S. Goldfields. A Study of Past Development and Future Growth Potential*, September 1981.

Steyn, A., “Die dorpe van die rondgaande hof van die Oranje-Vrystaat (Odendaalsrus Biblioteek, 1994).

Anon., *Welkom, hoofstad van die Oranje – Vrystaatse Goudveld*.

**(c) Periodieke Publikasies**

Amptelike Offisiële Koerant

O. V. S. 4/59 no. 40, O.V.S. – *Offisiële Koerant – Official Gazette*, Julie – Desember 1948

Algemene Openbare Koerante

*Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

*Die Volksblad*, 10 Januarie 1946 – 28 Desember 1961.

O.V.S. –Eeupeesbylaag tot *Die Vaderland*, 13 Februarie 1954.

*Rand Daily Mail*, Januarie 1946 – Desember 1961.

*The Friend*, 4 Januarie 1946 – 25 Maart 1961.

*Vista Newspaper*, 9 November 1979.

Supplement to *Vista*, 31 May 1988.

*Welkom News*, November 1950 – Oktober 1961

Tydskrifte

*Buurman*, no. 186a, 30 November 1980.

*Die Kerkbode*, 23. 8. 1950, Deel 2.

*IMIESA*, vol. 20 no. 9, September 1985.

*Lantern*, August 1949 – September 1962.

*Municipal Affairs*, vol. 18, no. 211, January 1953.

*Optima*: A quarterly review, 1951 - 1961

*The Forum*, vol. 5, no. 10, January 1955.

*The South African Municipal Magazine*, vol. 41, no. 499, 1959 - 1961.

*Travel in Africa*, vol. 4, 1951 - 1953.

*Tydskrifartikels, pamflette en brosjures*

Gold Mines in the Welkom areas, *Mining Survey*, 6 (1), March 1955.

Le Roux, C. J. P., “Rol van die Naturelle-Adviesraad op plaaslike Bestuursvlak In Bloemfontein, 1923 – 1948, *Contree*, April 1989.

Sir Ernest Oppenheimer’s Village Settlement Plan n the Orange Free State 1946, *South African Outlook*, vol. 77, July 1946.

Brosjures

*Welkom*: Orange Free State. The Spirit of Progress. Johannesburg, Felstar Publishers (Pty) Ltd, ongedateer.

*Welkom Facts*. The Gold Mines of Welkom, Anglo American Corporation Library Department.

*Industry in Welkom.* Municipality of Welkom, Republic of South Africa, ongedateer.

*The Orange Free State Goldfield.* A record of discovery of gold in the Orange Free State, of the establishment of several gold mines there, of the building of New towns, and of the part played in these enterprises by Anglo American Corporation of South Africa, Limited, ongedateer.

Pamflette

President Brand Mine

*WELKOM:* Skatkis van die Oranje – Vrystaat.

**(d) Versamelde Uitknipsels**

Oppenheimer, H., *A Collection of Press Periodicals Cuttings*, 1948 – 1952.

**(e) Persoonlike Onderhoude Gevoer**

J. I. Cronje, *Onderhoud*, 17. 3. 1996

M. G. W. De Kock, *Onderhoud*, 11. 3. 1996

L. B. D. de Jong, *Onderhoud*, 13. 3. 1996, 18. 3. 1996

M. de Wet, *Onderhoud*, 14. 3. 1996

B. du Toit, *Onderhoud*, 9. 12. 1994

L. C. Rudolph, *Onderhoud*, 27. 6. 1995.

M. Sacks, *Onderhoud*, 14. 3. 1994, 11. 3. 1996

H. Styger, *Onderhoud*, 11. 3. 1996, 17. 3. 1996

W. Thorne, *Onderhoud*, 18. 5. 1992

K. van Zyl, *Onderhoud*, 20. 2. 1992, 18. 3. 1996

A. Weeber, *Onderhoud*, 11. 3. 1996, 31. 3. 1996

J. Wessels, *Onderhoud*, 12. 3. 1992

L. Whittle, *Onderhoud*, 11. 3. 1996

**(f) Ongepubliseerde Manuskrip**

Van der Vyver, P. J., *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Odendaalsrus* (Onvoltooide en ongepubliseerde manuskrip), Stadsraad van Odendaalsrus, ongedateer.

**(g) Ongepubliseerde Verhandeling en Proefskrifte**

Chawane, M. H., “Black urbanization on the Orange Free State Goldfields, 1946 – 1957” (Unpub. M. A. –Dissertation, Vista Univ., 1996).

Borchers, R., “The Odendaalsrus – Virginia Goldfield”, (Unpub. D. Sc. Thesis, Univ., of S. A., 1951).

Joubert, L. J., “’n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, (Ongep. M. A. –Verhandeling, UOFS, 1963).

Store, G. T., “ ‘n Hiërargiese afbakening van Welkom se woonwyke met behulp van die faktorekologiese metode”, (Ongep. M. A. –Verhandeling, UOVS., 1979).

Twyman, L. T., “Paul Kruger en Johannesburg 1886 – 1895”, (Ongep. M. A. –Verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 1965).

Viljoen, D. J., “ ‘n Beplanningstudie van Welkom”, (Ongep. M.SC. –Verhandeling, Universiteit Pretoria, 1963).

**(h) Gepubliseerde Werke: Welkom en omgewing - mynbouewese**

Appelgryn, M. S., *Johannesburg, Origins and Early Management, 1886 – 1899*. Pretoria, University of South Africa, 1985.

Cartwright, A. P., *Golden Age: The Story of the Industrialization of South Africa and the Part Played in it by the Corner House group of Companies, 1910 – 1967*. Cape Town, 1968.

Cartwright, A. P., *The Gold Miners*. Cape Town, 1962.

Callinicos, L., *Working Life 1886 – 1940: A People’s History of South Africa*. Braamfontein, 1987.

Davies, K. R., *Towns in the O. F. S. Goldfields: A Study of Past Development and Future Growth Potential*. Johannesburg, 1981.



De Kock, M. G. W., *75 Jaar van God se Genade in die Goudveld: Ned. Geref. Kerk Odendaalsrus, 1905 – 1980*, September 1980. S.n.

Gregory, T., *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa*. Cape Town, 1962.

Hocking, A., *Oppenheimer and Son*. Johannesburg, 1973.

Horwitz, R., *The Political Economy of South Africa*. London, Wiedenfeld and Nicolson, 1967.

Houghton., D. Hobart., *The South African Economy*. Cape Town, Oxford University Press, 1973.

Innes, D., *Anglo: Anglo American and the rise of modern South Africa*. Johannesburg, Ravan Press, 1984.

Jacobson, D., *Maize Turns to Gold*. Cape Town, New York. n. d.

Katzen, H., *Gold and the South African Economy*, A. A. Balkema, Cape Town, 1964.

Leyds, G. A., *A History of Johannesburg*, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth, Nasionale Boekhandel Beperk, 1964.

Roberts, G., *The Story of the Discovery of the Orane Free State Goldfields*. New York, 1984.

Walker, E., *A History of Southern Africa*. London, Longman, 1957.

Wilson, F., *Labour in the South African Gold Mines, 1911 – 1969*. London, Cambridge University Press, 1972.

Wilson, M., and Thompson, L., (eds)., *The Oxford History of South Africa*, Vol. 1 and 11. London, Oxford University Press, 1979.

## **DEEL 2: NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK**

### **1. Argivale Bronne**

#### **Ned. Geref. Kerkargief, Bloemfontein**

Kerkraadsnotules

Notules Allanridge, 1953 – 1961

Boukommissie-notule Allanridge, 26. 6. 1967

Notules Bedelia, 1956 – 1961

Notules Dagbreek, 1955 – 1961

Notules Harmonie, 1956 – 1961

Notules Odendaalsrus, 1907 – 1961

Notules Odendaalsrus-Oos, 1955 – 1961

Notules Reitzpark, 1957 – 1961

Notules Harmonie, 1956 - 1961

Notules St. Helena, 1952 – 1961

Notules Virginia, 1951 – 1961

Notules Welkom, 1950 – 1961

### **Ringsnotules**

RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 1949 – 1965*

RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 1. 2. 1950*

RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 14. 4. 1951*

RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 17. 4. 1952*

RCH 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 11. 4. 1953*

RCh 1/1/3 *Ringsnotule Winburg, 1. 12. 1954*

Ring van Odendaalsrus

RBV 1/1/1 *Buitengewone/Ringskommissie: Ringsnotule Odendaalsrus, 9. 8. 1956*

RBV 1/1/1 *Buitengewone/Ringskommissie: Notules 1956 – 1967*

RBV 1/1/2 *Ring van Odendaalsrus, 1957 – 1962*

## 2. Gepubliseerde Bronne

### (a) Algemeen

Handelinge Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat 1944 - 1961

Kerkorde Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat 1948 – 1960

Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk, 1946 – 1961

### (b) Verslae

Bylae 16: 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Odendaalsrus, 1947 - 1961

Bylae 16: 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. St. Helena, 1953 – 1961

Bylae 16. 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Dagbreek, 1956 – 1960

Bylae 16. 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Bedelia, 1958 – 1961

Bylae 16. 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Allanridge, 1954 – 1961

Bylae 16. 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Harmonie, 1957 – 1961

Bylae 16. 1 *Verslae*. Staat van Godsdiens. Reitzpark, 1958 - 1961

### (c) Letterkundige Werke

Wessels, J. D., *Geskiedenis van die N. G. Gemeente Odendaalsrus: Halfeeu-  
fees, 1905 – 1955*

Gedenkalbum: Meyer, F. en J., *N. G. Kerk St. Helena 1952 – 2002: Halfeeu-  
vieringe*, p. 10 SKK

Gedenkblad (A 350) Anon., *Silwer Jubileum N. G. Gemeente Dagbreek, 1954 –  
1979*

Botes, W., e. a. *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bedelia Welkom OVS  
1956 – 1981: Kwarteeufees*

Van AS, W. J. R., *'n Feesuitgawe van die N. G. Gemeente Allanridge: 50-Jaar,  
4. 6. 1953 – 4. 6. 2003.*

Gedenkblad (B 2031) *Ned. Geref. Kerk Harmonie OVS Kerkgebou ( 10-jarige)  
1982 - 1992.*

**(d) Periodieke Publikasies**

Odendaalsrus Gemeente

De Fakkel, 6. 12. 1905

Die Huisgenoot, 15. 5. 1946

Algemeen: N. G. Kerkgemeentes

Die Kerkbode, 1946 – 1961

Die Volksblad, 1946 – 1961

Die Voorligter, 1946 – 1961

Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke, 1946 - 1961

The Friend, 1946 – 1961

Welkom News, 1950 - 1961

**(e) Brosjure en pampflette**

Odendaalsrus Gemeente

Anon., *Odendaalsrus, 1912 – 1987*

Welkom Gemeente

A 500 Brosjure. Bloemfontein Kerkargief: *Ned. Geref. Kerk Welkom 1957*. S.n.

Bedelia Gemeente

Fourie, E. T., Plegtige Inwyding: Kerk en Saal van die Ned. Geref. Gemeente Bedelia, 6. 6. 1959. S.l. S.n.

Allanridge Gemeente

Feesbrosjure: Anon., Ned. Geref. Gemeente Allanridge, 1953 – 1974. S.l. S.n.

**(f) Diverse**

*Argiefstuk, Welkom-Biblioteek, Welkom, 21 Golden Years, 14. 3. 1968 – 29. 8. 1968* (Ongeordende inligtingstuk wat van toepassing op al die gemeentes is)

Welkom Gemeente

*Die Ramshoring*: Gemeenteblad N. G. Gemeente WELKOM: 50 Jarige Feesuitgawe, 8 – 10 September 2000

Virginia Gemeente

Briewe

Privaatbrief van ds. De Villiers, A. J., aan ds. Möller, J. P., i.v.m. 'n *Historiese oorsig oor Virginia Gemeente*, gedateer 24. 4. 2001

'n Brief van die Skriba van die Ring aan die Redakteur van *Die Kerkbode*, 13. 5. 1951 tot *Kerkraadsnotule van Virginia*, 1951 – 1956 toegevoeg

Ongeklassifiseerde blaadjie

Möller, J. P., 'n historiese oorsig: *Virginia 50 jaar*

Soewenier-program

*Inwyding nuwe Kerkgebou van die Ned. Geref. Gemeente Allanridge*, 28. 10. 1967

Afkondigingsboeke

Virginiagemeente, 1951 – 1961

St. Helenagemeente, 1953 – 1961

Odendaalrusgemeente, 1954 - 1961

Welkomgemeente, 1954 – 1961

Odendaalsrus-Oos, 1955 – 1961

Bedeliagemeente, 1956 - 1961

Allanridgegemeente, 1957 - 1961

Reitzparkgemeente, 1957 - 1961

**(g) Ongepubliseerde Manuskrip**

Ongep. Manuskrip: Anon., *Geskiedenis van die skool op Odendaalsrus, 1916 – 1971*, N. G. Pastorie, Odendaalsrus.

**(h) Ongepubliseerde Verhandeling en Proefskrifte**

Algemeen: Spesifieke N. G. Gemeentes

Chawane, M. H., “Black Urbanization on the Orange Free State Goldfields 1946 – 1957”, (Unpub. M. A. Dissertation, Vista, 1996)

Joubert, L. J., “ ‘n Geografiese analise van die stedelike gebied Welkom”, (Ongep. M. A. –Verhandleing, UOFS, 1963)

**(i) Literatuur**

De Kock, M. G. W., *75 Jaar van Gods Genade in die Goudveld: Ned. Geref. Kerk Odendaalsrus, 1905 – 1980*. S.n.

Hofmeyr, G., (Hoofredakteur). *N. G. Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652 – 2002*. Wellington, Lux Verbi, 2002

Hofmeyr, J. W., et al. *History of the Church in Southern Africa*, vol. 1. A select Bibliography of published material to 1980. A project of the Institute for Theological Research. Pretoria, University of South Africa, 1986.

Oberholster, J. J., e. a. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje – Vrystaat*. Ter herdenking aan die honderdjarige feesviering van die kerk in Sinodale verband (1864 – 1964) en die ingebruinering van die sinodale Sentrum op 8 April 1964, wat as eeufeesmonument dien. O. V. S., N. G Kerk, 1964

Van der Watt, P. B., Deel 4. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975*, N. G. Kerkboekhandel Tvl.

**DEEL 3: DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

**1. Argivale Bronne**

**Jan Lion Cachet-biblioteek: Gereformeerde Kerkargief**

**Kerkraadsnotules**

Notule Odendaalsrus, 1933 – 1954

Notule Virginia, 1956 – 1964

Notule Welkom, 1950 – 1956 .

Notule Welkom, 1957 – 1961

**Notules: Klassis Ventersburg**

( Verw. no.1.1.1) 1946 - 1955

(Verw. no. 1.1.2) 1955 - 1961

**Notules: Partikuliere Sinodes OVS en Natal**

(Verw. no. 1.1.1) Notules 1947 - 1961

**( Verwy. No. 2.1.1) tot ( 2.1) Bylaes Partikuliere Sinodes OVS en Natal**

(Verw. no. 2.2.1 tot 2..4)

(Verw. no. 2.3.1 tot 2.3. 4)

**2. Gepubliseerde Bronne**

**a) Verslae**

( Verw. no. 2. 1) Verslag (2) 1952 – 1959: *Sendingkommissie Odendaalsrus, 13. 3. 1959*

(Verw. no. 2. 1) Welkom Verslag (4) *Sendingrapport: Klassis Ventersburg, 1953 - 1954*

**b) Periodieke Publikasies**

Toepaslike Gereformeerde Gemeentes in die Goudveld

Die Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid – Afrika: *Statistieke Odendaalsrus*, 1 Julie 1934 – 30 Junie 1935

Die Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid – Afrika, 1934, 1946 - 1961

Die Kerkblad, 15. 3. 1933, 2. 12. 1936, 1946 - 1961

Die Vroueblad, 1946 - 1961

**c) Letterkundige werke**

Gemeente Odendaalsrus

Feesblad. Maré, R., e.a. (reds). *Gereformeerde kerk Odendaalsrus, 19 – 20. 2. 1983*

Gedenkuitgawe. Venter, G. J. J., e. a. (reds). *Die Gereformeerde Kerk Odendaalsrus, 1933 – 1985.*

Gemeente Welkom

Feesuitgawe. Anon., *Ons Gereformeerde Gemeentebld, Welkom: Ingebruikneming van Nuwe Kerkgebou, 24. 4. 1954*

**d) Diverse**

Feesprogram. *Die Gereformeerde Kerk Virginia: 25 Jaar (1956 – 1981).*  
Herdenkingsdatum: 27 en 28 November 1982. (Bevat enkele gedagtegeinge in 'n Programformaat)

**e) Ongepubliseerde Manuskrip**

Venter, H. J., *Die Geereformeerde Kerke in die Vrystaatse Goudvelde 1933 – 1983,* (Ongepubl. ThB kandidaatsskripsie, Potchefstroom, Julie 1990)

**DEEL 4: NED. HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

**1. Argivale Bronne**

**S. P. Engelbrecht-Museum: Ned. Hervormde Kerk**

**Algemeen: Onderskeie Gemeentes**

K 1/2 Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. No. 3/31/46 Gemeentes in die Oranje – Vrystaat, 6. 01. 1947 – 17. 5. 1948.

K 1/2 en 1/1/7 Notule van die Kommissie van algemene kerkvergadering, 1948.

R4 1/1/3 Ringsnotule van Potchefstroom, 5. 8. 1950.

**Kerkraadsnotules / Notules: Verrigtinge gemeente vergaderings**

G 191 1/2/1 Notules: Kerkraadsvergaderings Allanridge, 1955 – 1961



Notules Odendaalsrus, 1956 en 1960 – 1961 (Alleenlik beskikbaar) S. P. E. P.

1/1/1 Notules: Verrigtinge Gemeente vergaderings St. Helena, 4. 2. 1950 – 30. 01. 1954.

Ingeslote: Notules: Verrigtinge Kerkraadsvergaderings St. Helena, 20. 01. 1951 – 24 Junie 1954.

1/1/2 Ingeslote. Notules: Verrigtinge St. Helena, 6. 8. 1954 – 2 September 1959.

1/2/1 Notules: Verrigting Kerkraadsvergaderings St. Helena, 1 Oktober 1959 – 19 Oktober 1967

G 202 1/1/1 Ingeslote. Notules: Verrigtinge Gemeente vergaderings / Kerkraads-  
Vergaderings / Spesiale Vergaderings, Virginia, 1955 – 1961. Ingeslote:  
ongedateerde byvoegsel van die N.H.V.S. notule Virginia, gedateer 6 November  
1954

## 2. Gepubliseerde Bronne

### Gemeente St. Helena

#### a) **Korrespondensie**

5/1 Inkomende Korrespondensie, 1954 - 1961

6/1 Uitgaande Korrespondensie, 1958 – 1961

#### b) **Briewe**

7/3/1 Koopbriewe 1958

#### c) **Periodieke Publikasies**

Die Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, 1951 - 1961

Die Hervormer, 1950 - 1961

#### d) **Persoonlike Onderhoude Gevoer**

J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 2. 01. 2004, 12. 01. 2004

E. J. Coetzer, *Onderhoud*, 2. 01. 2004

### Gemeente Allanridge

#### a) **Korrespondensie**

5/1 Inkomende Korrespondensie, 1955 - 1961

6/1 Uitgaande Korrespondensie, 1957 - 1961

**b) Periodieke publikasies**

Die Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, 1956 - 1961

Die Hervormer, 1955 - 1961

**c) Persoonlike Onderhoude Gevoer**

J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004

C. H. du Plessis, *Onderhoud*, 19. 7. 2004

J. Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004

**d) Diverse**

Argiefbewaarplek: Nederduitse Hervormde Kerk van Suid – Afrika. *Inwydings-Program van Kerksaal, Allanridge*, 20. 2. 1972

Ongeklassifiseerde kriptiese aantekening: J. J. Coetzer gedateer 6. 9. 2004

Gemeente Odendaalsrus

**a) Periodieke Publikasies**

Die Almanak, 1956 - 1961

Die Hervormer, 1956 - 1961

**b) Persoonlike Onderhoude Gevoer**

J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004

C. H. du Plessis, *Onderhoud*, 19. 7. 2004

J. Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004

*Gemeente Virginia*

**a) Periodieke Publikasies**

Die Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika, 1956 - 1961

Die Hervormer, 1956 - 1961

**b) Persoonlike Onderhoude Gevoer**

J. J. Coetzer, *Onderhoud*, 25. 8. 2004

J. Klue, *Onderhoud*, 19. 7. 2004

**c) Letterkundige Werke**

G 202 9/3/1 Feesblad van die Nederduitse Hervormde Kerk Virginia, 1955 – 1985.

G202 9/3/1 Anon., *Die Kandelaar*. (Lywige) Gemeentebld van die Nederduitse Hervormde Gemeente Virginia, 1955 – 1975.

**DEEL 5: DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN S.A.**

**1. Argivale Bronne**

Geen

**2. Gepubliseerde Bronne**

**a) Diverse**

Devenier, C. *Persoonlike aantekeninge*, 23. 11. 04. (Kort aantekeninge oor allerlei gebeurlikhede gedurende ds. Devenier se bediening in die beginjare).

Pamflet. de Vos, D. J. J. *Stellenbosch is pragtig met 'n bitter smaak*. ( N. P. K. A.)

Pamflet. Die Nuwe Protestantse Kerk. *Mondigwording 3 – 10 Mei, 21 Jaar Welkom Gemeente, 1960 – 1981*. Nigel E G K Seminarie.

**b) Persoonlike Onderhoude Gevoer**

F. Arpen, *Onderhoud*, 17. 11. 04.

S. Fourie, *Onderhoud*, 18. 11. 04.

**c) Letterkundige Werk**

Feesuitgawe. Evangelies-Gereformeerde Kerkblad: *50 Jaar van Genade, 1944 – 1994*. Nigel E G K Seminarie.

### 3. Ongepubliseerde Lisensiaatskripsie, Verhandeling en Proefskrif

Batt, A. K. “Die Nuwe Protestantse kerk in Afrika gedurende die jare 1944 – 1949”, (Lisensiaatskripsie, Unviersiteit Stellenbosch, 1973).

Marais, T. A., “Gebeure rondom en aanleiding tot die ontstaan van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika (Die De Vos-Kerk)”, (Ongep. Proponetskripsie aan die Teologiese Fakulteit (Afd. B) van die Universiteit van Pretoria, 1971).

Prinsloo, A. J. “Kerkskisma en Kerkstigting en Dr. Dirk J. J. de Vos”, (Ongep. M. A.- Verhandeling, Universiteit van Natal, 1973).

Van Niekerk, A. S., “Die Geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk”, ( Ongep. DD Proefskrif, UP, 1983).

### 4. Gepubliseerde Werke

De Vos, *Kerkwetenskap*, (Bloemfontein, Andrew en Kie, 1967).

Walker, E. A., *A History of South Africa*. London, 1959. Sn.

### 1.3 Ned. Geref. Kerk in die Goudveld

Handelinge Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1940, 1944, 1948, 1952, 1956, 1960, 1964

Kerkorde Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1944, 1948, 1952, 1956, 1960

## OPSOMMING

In 1946 is 'n ekonomies-ontginbare goudrif op die plaas Geduld raakgeboor wat ongeveer 3 myl (4, 8 km) van Odendaalsrus geleë is. In daardie stadium was dit as die rykste goudrif ter wêreld beskou. Na aanleiding hiervan het eksplorasies na goud op grootskaal in die Goudveld plaasgevind, sodat al hoe meer mense na die gebied gekom het. Namate die mynbousektor in ontwikkeling toegeneem het, het die noodsaaklikheid na bepaalde infrastrukture op sosio-ekonomiese en maatskaplike gebied des te meer dringend geword.

Die voortgaande ontwikkeling van die mynbousektor het meegebring dat 'n dorp soos Welkom gestig is, omdat Odendaalsrus nie aan die mynboumagnate soos Ernest Oppenheimer se behoeftes van uitbreiding en die skepping van noodsaaklike infrastrukture kon voldoen nie. Gevolglik is daar met die stigting van Welkom in die beplanningsraamwerk, sowel as die uitleg daarvan voorsiening vir die skepping van sodanige infrastrukture gemaak. Desgelyks het Welkom met die groot omliggende myne van Anglo-American Company, Ltd., die metropool van die Goudveld geword. Eweseer het sekondêre nywerhede wat mynbouverwant is, al hoe meer in die goudveldstreek 'n werklikheid geword.

Daarteenoor het Odendaalsrus in die Goudveld 'n belangrike rol in die stigting en ontwikkelingsprosesse van die N. G. gemeentes vervul, omdat die Volksraad van die O.V.S. alreeds op 26 April 1899 magtiging vir die aanleg van die dorp op die plaas Kalkkuil gegee het. Met inbegrip hiervan het die stigting en ontwikkeling van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, ook gedurende die pioniersjare in Odendaalsrus daadwerklik begin. Op sy beurt het die Ned. Hervormde Kerk van Afrika se kerklike aktiwiteite in alle erns in St. Helena, 'n voorstedelike gebied van Welkom, 'n aanvang geneem. Insgelyks is die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika op Mei 1960 in Welkom gestig, hoewel die lidmate voor die stigtingsdatum op kerklike gebied aktief was.

Desnieteenstaande het die kulminasiefaktor van die ekonomiese drakrag van die mynbouwes die ontwikkeling van die onderskeie kerklike gemeentes in die Goudveld moontlik gemaak. Die toestroming van menige goudmynwerkers na die Goudveld het die kerk onwillekeurig genoop om na die geestelike belange van sy lidmate om te sien. Uiteraard het dit die kerk voor 'n geweldige taak te staan gebring: nie alleen in terme van nuwe uitbreidings van woongebiede nie, maar ook finansies, beplanning, eiendomme, werkkragte, deskundige advies en hulp ensomeer. Daarmee gepaardgaande het die kerk in die beginjare met allerlei sosiale en maatskaplike ewels geworstel, terwyl die werkkragte soms tot 'n enkele predikant vir die omvang van twee gemeentes beperk was. Hiervolgens het die werklading meegebring dat 'n enkele predikant in 'n gemeente dikwels nie sy gemeentelike verpligting na behore kon nakom nie. Die eise van die tyd en die moeilike omstandighede sonder enige behoorlike begaanbare paaie, kommunikasieverbindings soos regstreekse telefoonstelsels, 'n gebrek aan kerkgeboue, pastorieë, die lang afstande tussen die sentrale punt van aanbidding en sommige besoekpunte van lidmate het noodwendig die taak van die predikant bemoeilik.

Desondanks het die kerk voortgegaan en gestalte aan sy roepingsbewustheid gegee, deur die onderskeie gemeentes vir die doelmatige en effektiewe bearbeiding van lidmate moontlik te maak. Hierin het die kerk geslaag omdat die visier van geloof op God ingestel is. Al die lof en dank kom Hom toe.

*Sleutelwoorde*

Goudontdekking

Mynbouwese

Odendaalsrus

Welkom

Virginia

Afrikaansspreekende Gereformeerde kerke: (Goudveld)

a) Stigting

b) Ontwikkeling

Predikante (Goudveld)

Goudveld

## SUMMARY

In 1946 a rich gold reef was discovered on the farm Geduld in the vicinity of Odendaalsrus and approximately 3 miles (4, 8 km) from the town. At that stage it was recognised as the richest gold reef in the world. The discovery led to further and progressive explorations in the Goldfields and finally resulted in the coming of many people to settle in the area. As the mining sector developed, the need for certain infrastructure on socio-economic and the social precinct had deepened.

The proceeding development of the mining sector had led to the establishment of Welkom, because Odendaalsrus could not comply with the expectations of mining magnates like Ernest Oppenheimer. Consequently, the establishment and layout of Welkom made provision for such requirements like infrastructure, etc. Likewise, with the surrounding mining industry of Anglo-American, Welkom had become the metropolis in the Goldfields. Thereby equal to the mining industry, secondary industry developed on an increasing scale in the Goldfields.

Odendaalsrus played on the other hand an important role in the emergence and developing processes of the Dutch Reformed Churches, since the Volksraad of the O.F.S. gave distinct consent on the 26 April 1899 for the layout of the town on the farm of Kalkkuil. Inclusively, the founding and development of the Reformed Churches in South Africa (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika), also started with their church activities during the early years of the gold discovery near Odendaalsrus. None the less, the Reformed Church of South Africa (Ned. Hervormde Kerk van Suid-Afrika) also had been founded and church activities escalated during the same time in the Goldfields, and more specifically in St. Helena, a well-known established suburb of Welkom. In the same way, it is necessary to emphasise the Evangelical Reformed Church of South Africa (Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika) which founded on May 1960 in Welkom, although the members of the church were active with church activities in Welkom long before their congregation was finally established.

The culminating factor of the economic power regarding the mining industry may not be overlooked in its influence on the emergence of the various church congregations in the Goldfields. The constant influx of mineworkers to the Goldfields made the existence of the church inevitable for its member's spiritual well-being. Naturally, the church had to overcome major obstacles, namely: the expansion to new residential areas, the availability of finances, planning schemes for church amenities, the purchase of church estates, the need of ministers, knowledgeable church councillors and general encompassing assistance, etc. Furthermore, the church encountered during the pioneering years all sorts of social disorders, while the minister at times had the working load of approximately two congregations to handle at the same time. Accordingly, it was virtually impossible for the minister to cope with such a strenuous working load effectively, and consequently some issues were at times inevitably neglected in the congregation. The demands of the time and difficult circumstances without proper roads, communication networks like direct telephone systems, the lack of church buildings, manses, the long distances between the central point of worship and some visiting areas



within the confinements of the congregation had necessarily complicated the task of the minister.

Nevertheless, the church continued and gave concrete stature to its calling by virtue of the founding congregations for meaningful and efficacious spiritual care to its members. Herein, the church was successful because the focus of faith remained on God. All the praise and glory is due to Him.

*Keywords*

Gold discovery

Mining industry

Odendaalsrus

Welkom

Virginia

Afrikaans-speaking Reformed Churches: (Goldfields)

a) Founding

b) Development

Ministers (Goldfields)

Goldfields